031

U.O.V.S
Bloemfontein
BIBLIOTEEK

UOVS - SASOL-BIBLIOTEEK

11107154320322000019

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

73/146

DIE "GESUIWERDE" NASIONALE PARTY

1 9 3 5 - 1 9 4 0

deur

JAN HENDRIK LE ROUX, B.A. Hons.

Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad Magister Artium in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte, Departement Geskiedenis, aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

STUDIELEIER: Prof. dr. J.J. Oberholster

BLOEMFONTEIN

1 9 7 2

'n PROJEK VAN DIE

INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS

(U.O.V.S.)

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN
KLAS No. T 329.968 Rou
No. 150548
BIBLIOTEEK

VOORWOORD

Met hierdie verhandeling word gepoog om 'n uiteensetting te gee van die totstandkoming van die "Gesuiwerde" Nasionale Party en sy bestaan gedurende die jare 1934 en 1940 Ten einde die stigting van die Party na behore te begryp, was dit nodig om kortliks die gebeure rondom koalisie en samesmelting in 1933 en 1934 na te speur. Op die stigting van die Party het ses troebele jare gevolg, waarin daar diverse invloede op die Afrikaner en die Party ingewerk het. Die eenheidsideaal wat met soveel ywer nagestreef is, het die Party steeds ontwyk. Na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die sogenaamde Herenigde Nasionale Party of Volksparty tot stand gekom wat, hoewel nie volkome hereniging van die Afrikaner op politieke gebied gebring het nie, tog 'n nuwe era van samewerking ingelui het.

Die tydperk wat deur hierdie verhandeling gedek word, is reeds sydelings in verskeie werke oor die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis belig. Veral het M.P.A. Malan in Die Nasionale Party van Suid-Afrika en G.D. Scholtz in sy biografie van dr. N.J. van der Merwe waardevolle inligting oor die tydperk verstrek.

Dit is egter getrag om veel dieper te delf. Heelwat gebeure kon slegs aan die hand van koerantberigte nagespeur word. Die Burger, Die Volksblad en Die Transvaler wat as partymondstukke van die Nasionale Party gedien het, was in hierdie verband die hoofbronne waaruit stof versamel is. Daarbenewens egter is eerstehandse

kennis verkry uit die private dokumenteversamelings van die E.H. Louw, E.G. Jansen, M.P.A. Malan en die kongresnotules en Nasionale Party stukke wat in die Instituut vir Eietydse Geskiedenis aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat bewaar word. Die N.J. van der Merwe-versameling in die Vrystaatse Argief was van buitengewone belang, maar ongelukkig was die privaat-versamelings van genl. J.B.M. Hertzog en dr. D.F. Malan nie vir navorsing beskikbaar nie.

Dit is vir my 'n besondere voorreg om langs hierdie weg my dank aan my studieleier, prof. dr. J.J. Oberholster oor te dra. Was dit nie vir sy geduld en die leiding wat hy verskaf het nie, sou dit nie vir my moontlik gewees het om hierdie werk te voltooi nie.

My dank en waardering vir hul hulpvaardigheid en hoflikheid bring ek ook aan die personeel van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, die Vrystaatse Argief, Bloemfontein, die Staatsbiblioteek, Pretoria en die Biblioteek van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Aan mev. C. Griesel wat die tikwerk onderneem het, baie dankie vir die netjiese eindproduk.

Dit is ook 'n behoefte van my hart om my vrou te bedank vir die voortdurende inspirasie en opoffering van haar kant. My waardering ook aan my ouers en vriende vir hulle belangstelling.

Ten slotte my dank aan die Gewer van alle Gawes, uit wie, deur wie, en tot wie alle dinge is.

Die geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ten opsigte van hierdie navorsing word hierby erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet in geen geval beskou word as 'n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

J.H. LE ROUX

BLOEMFONTEIN

Desember 1972.

INHOUD

HOOFSTUK I

KOALISIE EN SAMESMELTING 1

I. Koalisie 1

II. Samesmelting 16

HOOFSTUK II

RE-ORGANISASIE EN HEROPBOU VAN DIE NASIONALE PARTY 53

I. Die "Gesuiwerde" Nasionaliste - Stigting van die Party. 53

II. Die Groei van die Nasionale Party. 91

HOOFSTUK III

AFRIKANER-REPUBLIKANISME EN NASIONALISME 107

I. Herlewing van die Republikeinse ideaal na Samesmelting. 108

A. Die Britse verbond versus die Republikeinse ideaal. 123

B. Britse Koningskap. 137

C. Goewerneur-generaal. 140

D. Reg van Appél na die Geheime Raad. 144

E. Nasionaliteitswette. 147

II. Kulturele en Nasionale Ontwaking. 150

A. Afrikaner Broederbond. 151

B. Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings. 158

C. Voortrekkereeufees. 166

HOOFSTUK IV

DIE NASIONALE PARTY EN DIE EKONOMIESE HERSTEL VAN DIE AFRIKANER 204

I. Die Armblankevraagstuk. 204

A. Volkskongres oor die Armblankevraagstuk. 214

II. Die Nasionale Party se Ekonomiese Beleid. 223

A. Die Boerderybedryf. 224

B. Mynbou en Handel. 238

III. Die Reddingsdaad - Eerste Ekonomiese Volkskongres 1939. 257

HOOFSTUK V

DIE NASIONALE PARTY EN NASIONALITEITS-VERHOUDINGE. 278

I. Die Nie-Blankevraagstuk. 278

A. Naturellewetgewing: Naturelleverteenwoordigingswetsontwerp en Naturelletrust- en grondwetsontwerp 1936. 280

II. Die Kleurling en Indiërvraagstuk. 310

III. Die Jodedom. 340

A. Oorsake van die Nasionale Party se verset teen die Jode. 340

B. Die Nasionale Party se Offensief teen die Jode. 343

HOOFSTUK VI

DIE ALGEMENE VERKIESING VAN 1938. 359

HOOFSTUK VII

DIE NEUTRALITEITSVRAAGSTUK EN DIE OORLOGSVERKLARING 423

I. DIE NEUTRALITEITSVRAAGSTUK 423

A. Die Simonstad-ooreenkoms. 428

B. Die Italiaans-Abessiniese veldtog. 435

C. Die Oostenrykse en die Tseggo-Slowaakse krisis. 454

D. Suidwes-Afrika. 463

II. DIE OORLOGSVERKLARING: 6 SEPTEMBER 1939 467

HOOFSTUK VIII

HERENIGINGSPOGINGS EN DIE FINALE BREUK 496

SLOT 568

BIBLIOGRAFIE 573

HOOFSTUK I

KOALISIE EN SAMESMELTING

In die politieke geskiedenis van die Afrikanerdom is die jare 1933 - 1940 'n pynlike tydvak. Dit het 'n kunsmatige nuwe politieke reoriëntering gebring. Die twee groot partye, die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party, het sogenaamd opgehou om te bestaan en 'n nuwe Verenigde Party is gebore. Aanvanklik sou daar slegs koalisie wees, maar weldra sou dit tot samesmelting kom. Eenheid by sulke uiteenlopende elemente en eensgesindheid oor sulke basiese beginsels is ondenkbaar en die proses moes dus noodwendig met bitterheid en wroeging gepaard gaan.
Hier word geen breedvoerige uiteensetting van die verloop van koalisie en samesmelting beoog nie. Slegs 'n oorsigtelike beeld word gegee van die tragiese sameloop van omstandighede wat aanleiding sou gee tot skeuring in die Suid-Afrikaanse politieke geledere en die ontstaan van die "Gesuiwerde" Nasionale Party.

1. KOALISIE

Genl. Hertzog se aankondiging op 28 Februarie 1933 dat hy en genl. Smuts 'n ooreenkoms bereik het om 'n koalisieregering te vorm, het die Suid-Afrikaanse bevolking polities verbysterd gelaat.
Jarelange politieke vriendskappe is oornag verbreek, verwyte en beledigings is oor en weer geslinger. Genl. J.B.M. Hertzog is daarvan beskuldig dat hy teenoor die Afrikanerdom verraad gepleeg het en dr. D.F. Malan dat hy genl. Hertzog in die steek gelaat het.

Sowel genl. Hertzog as genl. Smuts se besluit om 'n koalisieregering te vorm, is nie gebore uit 'n momentele emosionele opwelling nie, maar uit koue politieke berekening. Die haglike ekonomiese toestand van Suid-Afrika het die toekoms van die Nasionale Party as regerende party in gevaar gestel. Hierdie toestande was nie primêr die gevolg van die Nasionale Party se ekonomiese beleid nie, maar hoofsaaklik van omstandighede buite sy beheer. Suid-Afrika, soos die res van die wêreld, was in die wurggreep van 'n ekonomiese depressie en die knellende en uitgerekte droogte wat hiermee gepaard gegaan het, was die oorsaak dat honderde boere hulle plase verlaat het en in die stede en elders 'n heenkome gaan soek het. Dit het die getal werkloses en armblankes in dorpe en stede onrusbarend laat toeneem. Die Suid-Afrikaanse Party het die toestande egter alles gewyt aan die ekonomiese beleid van die Nasionale Party en genl. Hertzog het besef dat die Nasionale Party met die komende algemene verkiesing in 1933 moeilik aan bewind sou kon bly. 'n Koalisieregering sou dus aan die Nasionale Party die geleentheid bied om langer die bewind te voer.

Afgesien van hierdie aanloklike vooruitsig wat koalisie gebied het, was daar by genl. Hertzog onteenseglik hoëre en edeler motiewe. In 1912 het hy van genl. Botha weggebreek hoofsaaklik op grond van drie beleidsverskille: eerstens sy tweestroombeleid waardeur hy die identiteit van die Afrikaner en die Engelssprekende wou behou; tweedens selfbeskikkingsreg vir die Unie binne die Britse Ryk en derdens segregasie as oplossing vir die Bantoevraagstuk. Nou in 1933 was hy oortuig: eerstens, sy tweestroombeleid die Afrikaners se identiteit, taal en kultuur gewaarborg en beveilig

het en dat sy ideaal van 'n verenigde Blanke Suid-Afrikaanse nasie in vervulling kon gaan. Hy het die tyd ryp geag om nader aan die Engelstalige kultuurgroep te beweeg, nouer met hul saam te werk en die twee blanke taalgroepe in een stroom te laat saamvloei. [1]

Ten tweede, die selfbeskikkingsreg van die Unie binne die Britse Ryk is syns insiens deur die Rykskonferensie van 1926 en die Statuut van Westminster in 1931 gewaarborg en hierdie nasionale outonomie van die Unie het sy beleid "Suid-Afrika eerste" verseker. Hy het ook geglo dat dit deur sy politieke teenstanders aanvaar is en dit was voldoende.

Sy derde beleidspunt, segregasie van Blank en Bantoe, het hy besef kon slegs verwesenlik word deur die maksimum samewerking van die Blankes, dit wil sê koalisie tussen die twee groot partye. So kon hy die primêre stap in hierdie rigting, naamlik die verkryging van 'n twee derde meerderheid van die Parlement om die Kaapse Bantoe op 'n aparte kieserslys te plaas nooit verwesenlik anders as deur samewerking met die Suid-Afrikaanse Party nie. Aan die anderkant kon genl. Smuts geensins seker wees van 'n oorwinning in die verkiesing van 1933 nie, terwyl dit vir sy persoonlike prestige sowel as dié van sy party lewensbelangrik was om weer eens 'n seggenskap in die regering te kry nie.

Omdat genl. Smuts niks te verlore gehad het nie, het die inisiatief vir koalisie van hom uitgegaan. Vroeg in die sitting van 1933

---

1. F.A. van Jaarsveld., Van Van Riebeeck tot Verwoerd. p. 244.

het hy 'n mosie ten gunste van 'n koalisieregering ingedien. Dit lyk asof dit vir genl. Hertzog aanvanklik 'n skok was en hy verset hom heftig daarteen. "Laat ons aanneem dat al hierdie koalisiegedoentes opreg bedoel is en dat dit nie louter 'n politieke bedrogspul is nie. Veronderstel dan dat die partye, met al hul verskillende beginsels en ten spyte van al hul onderlinge botsende belange, ideale, strewe en geloofbelydenisse, mekaar sou kom te omhels binne dieselfde koalisie - of "National Government"-kraal. Wat dink u sal oorbly van daardie kraal by die einde van die eerste Parlementsitting? En dan die onderlinge aantuigings en beskuldigings, die onderlinge verdeeldheid en verbittering - sal dit minder wees as vroeër? Nee, langs die weg van koalisie is vir die volk van Suid-Afrika - altans vir daardie doel wat dit eerlik en opreg bedoel - niks te verkry in die rigting van verbeterde samewerking en gevoel tussen die rasse ...." [2] Die saadjie deur genl. Smuts gesaai het egter nie op onvrugbare aarde geval nie. Die gedagte om 'n koalisieregering met genl. Smuts en sy party te vorm, het by genl. Hertzog en sy mees vertroude raadsmanne posgevat. Hier is dit voldoende om aan te stip dat genl. Hertzog veel al in hierdie rigting - soos N.J. van der Merwe later in sy dagboek vermeld het - gestuur is deur ministers Havenga en Pirow.[3] Genl. Hertzog verklaar

---

2. Hansard. Deel 20. kol 52. Vergelyk ook Die Burger, 27/4/1938. Hoofartikel.

3. G.D. Scholtz, Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe. p.226. In die herinneringe van dr. A.J.R. van Rhyn, eertydse redakteur van Die Volksblad, beklemtoon hy dit ook sterk dat Klasie Havenga veel daartoe bygedra het om genl. Hertzog tot koalisie te oorreed. p.44.

soos volg: "Op Saterdag, 28 Januarie, bespreek ek die saak met al my Nasionale Kollegas in die kabinet." [4]

Volgens genl. Hertzog het dr. Malan "..... intussen verskeie van hulle probeer influenseer teen die idee van samewerking en op die vergadering (my kantoor, Parlementstraat) verklaar hy hom weer daarteen met heelwat nadruk. Charlie Malan (nou oorlede) verklaar hom ook teen, maar op twyfelende wyse. Fourie twyfel, hoewel nie daarteen. Jansen twyfel op 'n bange wyse. Die ander - Havenga, Pirow, Grobler, Kemp - is almal beslis ten gunste." [5] Dr. Malan se reaksie op hierdie handelswyse van genl. Hertzog verklaar hy in die volgende woorde: "Generaal, u is ons leier, en die volk glo aan u. Toe u kort gelede die voorgestelde koalisie met genl. Smuts wortel en tak veroordeel het, en u redes gegee het, het die volk u geglo en gevolg. Skielik swaai u nou om en aanvaar wat u kort tevore in die skerpste moontlike taal verdoem het. Is dit sielkundig moontlik om te verwag dat die volk ook ewe skielik sal omswaai en nou sal omhels wat hy 'n paar dae gelede op u gesag nog met beslistheid verwerp het? Ek vrees dat ek dit nie kan doen nie, en baie ander van u volgelinge ook nie." [6]

---

4. C.M. van den Heever., Generaal J.B.M. Hertzog. p. 592, pp. 597 - 598. D.F. Malan., Afrikanervolkseenheid en my ervarings op die pad daarheen. p.23., W.K. Hancock., Smuts, The Fields of Force 1919 - 1950. p. 251., Die Volksblad, 13/9/1934. Hoofartikel.

5. Ibid., p. 592. Volgens dr. Van Rhyn, het minister Attie Fourie later genl. Hertzog se koalisiegedagte gesteun en is dan ook as minister in die koalisiekabinet aangestel. Dr. Malan was dus nou die enigste Kaaplandse Minister wat koalisie teengestaan het. Vergelyk die herinneringe van dr. Van Rhyn, ongepubliseerd, p.41.

6. D.F. Malan., Afrikanervolkseenheid. pp. 153 - 154.

Op die daaropvolgende koukusse van die Nasionale Party, 7 en 14 Februarie 1933, het genl. Hertzog al meer teenstand van dr. Malan ondervind wat openlik teen koalisie gekant was.[7] "Ek het keer op keer gesê dat ek bang is dat hy, die Eerste Minister, deur die Minister van Justisie (Genl. Smuts) en die Suid-Afrikaanse Party sal uitoorlê word." [8]

Naas dr. Malan het ook dr. A.J. Stals, die Nasionale Partylid van Hopetown en voorsitter van die Kaaplandse Hoofbestuur, hom ten sterkste teen koalisie uitgelaat: "Koalisie in die huidige omstandighede kan net een van twee dinge beteken: óf die volk het sy vertroue in die Regering verloor óf die Regering het sy vertroue in sy saak verloor. Die volk vertrou die Regering meer as ooit en die enigste gevolgtrekking waartoe ek geraak het, is dat die Regering sy vertroue verloor het in sy saak en in sy volk."[9]

Hy het dit ook beklemtoon dat samewerking met genl. Smuts se Suid-Afrikaanse Party groot gevare vir die Nasionale Party van-weë beginselverskille inhou. Koalisie sal meebring dat beginsels verwater omdat sekere toegewings gemaak sal moet word.

Die periode van onderhandelinge tussen genl. Hertzog en minister Havenga aan die een kant en genl. Smuts en minister Duncan aan die ander kant, was vir die nasionaalgesinde Afrikaners 'n tydperk van angs en spanning. Die verwarring was groot en oral het nuwe barste begin ontwikkel. Vir genl. Hertzog moes dit toe al 'n

---

7. Die Burger, 15/2/1933.
8. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.226
9. Die Burger, 20/2/1933.

vingerwysing van komende dinge gewees het, want terwyl daar verwarring in die geledere van sy eie party was, was daar die grootste eensgesindheid in die party van genl. Smuts. Koalisie het vir die lede van die Suid-Afrikaanse Party beteken die verwesenliking van 'n ideaal wat hulle nege jaar lank moes verbeur.[10] Die finale koalisie-ooreenkoms, wat uit sewe punte bestaan het, is op Vrydag 24 Februarie 1933 beklink.

1. "Beginsel en Gees van Regering. Die Regering van die land sal gevoer word op 'n basis van Nasionale beginsels en in 'n gees van Suid-Afrikaanse Nasionale selfstandigheid in harmonie met ons Soewereine onafhanklike Status bekragtig deur die Statuut van Westminster.

2. Handhawing van Uniale Basis en Vlag van die Unie. Die Uniale basis van 'n Verenigde Suid-Afrika bly onaangeroerd gehandhaaf soos in die Suid-Afrika Akte neergelê, en geen bevoegdheid of reg in stryd daarmee, of wat in stryd daarmee aangewend kan word, sal aan enige Provinsie of Provinsies mag toegeken word nie. Die gesag en mag van die Unie bly gesimboliseerd deur ons eie selfstandige Nasionale Vlag.

3. Gelyke Taalberegtiging. Die gelyke taalregte ten opsigte van die Afrikaans en Engelssprekende dele van die bevolking sal in die praktyk vir sover die Staat hiermee gemoeid is, uitgeoefen en gehandhaaf word in alle opsigte en in elke deel van die volkslewe binne die Unie.

---

10. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.230., L. Blackwell., African Occasions. p.233

4. Sorg vir die Boerdery. Terwyl die belange van die verskillende volksdele almal gelyklik die aandag en sorg van die Regering sal geniet, sal die bestaan en welvaart van 'n gesonde landelike bevolking die onderwerp vorm van besondere strewe en toewyding.

5. Lewensstandaard en beskaafde Arbeidsbeleid. Aan die Suid-Afrikaanse werksman sal 'n behoorlike lewensstandaard verseker word, en sal deur die Regering voort gegaan word met die bestaande beskaafde arbeidsbeleid.

6. Naturellevraagstuk. 'n Ernstige poging sal aangewend word om 'n bevredigende oplossing te verkry van die Naturellevraagstuk langs 'n weg wat, sonder om die Naturel sy reg van ontwikkeling te ontneem, die vereistes van die blanke beskawing op die voorgrond stel en voorsiening maak vir aparte politieke verteenwoordiging van wit en swart. Met hierdie doel sal die beraadslaging van die Gesamentlike Gekose Komitee oor verteenwoordiging van Naturelle ens. bespoedig word ten einde die nodige wetgewing so spoedig moontlik voor die Parlement te bring.

7. Beskerming van Geldwese en van Kapitaalbates en hulpbronne bestem tot ontwikkeling. Daar sal deur die Regering gesorg word vir die handhawing van vertroue in die toekoms van die Unie op ekonomiese gebied deur beskerming van ons geldwese, asmede van kapitale bates en hulpbronne

wat dien tot die ontwikkeling en vooruitgang van ons land en sy bevolking." [11]

Die eerste artikels van die koalisie-ooreenkoms is deur al die leiers gelate aanvaar, maar dit was artikel ses wat 'n duidelike weerspieëling van die feit was dat genls. Hertzog en Smuts dit nie hier met mekaar eens was nie. Genl. Hertzog was vasbeslote om sy eie beleid vir die Naturellevraagstuk daar te stel "but the most that he got was agreement to make an 'earnest effort' to solve the Native question along lines that would place the requirements of white civilization in the forefront, without depriving the Native of his right to develop ..... The promise merely to make an 'earnest effort' registered a check to Hertzog ....." [12]

Die ooreenkoms is op dieselfde dag aan die koukusse van die twee partye voorgelê. Die koukus van die Suid-Afrikaanse Party het dit eenparig aanvaar. Die koukus van die Nasionale Party het daarenteen lank daaroor beraadslaag, maar dit uiteindelik met 'n meerderheid van stemme aanvaar.

Die eenparige mosie van die Suid-Afrikaanse Party het genl. Smuts onmiddellik in 'n sterk posisie teenoor genl. Hertzog geplaas. Genl. Hertzog het 'n stap geneem waarmee 'n groot deel van sy volgelinge hulle, indien hulle aan hul beginsels en gewete getrou wou bly, nie kon vereenselwig nie. Op die

---

11. Sewe punte van Ooreenkoms soos aangehaal in E.G. Jansen-versameling P.V. 94.

12. W.K. Hancock., Smuts, The Fields of Force. p.251

volgende koukusvergadering van 24 Februarie was dit baie duidelik dat die lede almal graag die eenheid van die Nasionale Party in die groot krisisuur wou behou omdat 'n skeuring in die geledere van die Party 'n skeuring in die geledere van die Afrikanervolk sou beteken. Gevolglik het hulle hul noodgedwonge by genl. Hertzog se koalisie-ooreenkoms neergelê.[13] Solank die beginsels van die Nasionale Party in die koalisieregering gehandhaaf kon word, moes 'n skeuring dus vermy word.[14]

Dr. Malan het namens homself en nege-en-twintig mede-antikoalisie partygenote die besware teen koalisie in 'n manifes uiteengesit. Daarin het hulle hul bereidwilligheid te kenne gegee om hulle ter wille van eenheid by die ooreenkoms neer te lê, maar onder protes en op die uitdruklike voorwaarde dat daar geen inbreuk op die Nasionale Party-beginsels gemaak sal word nie. Koalisie moes slegs as 'n tydelike maatreël beskou word en daar moet nie tot samesmelting oorgegaan word nie.[15]

Op Smithfield het genl. Hertzog in Maart 1933 aan sy kiesers verskillende redes genoem waarom hy hom verplig geag het om die aangebode samewerking van genl. Smuts te aanvaar:

---

13. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p. 232., J.A. Coetzee., Nasieskap en Politieke Groepering in Suid-Afrika. 1652-1968. p.276.

14. Ibid., p.232

15. D.F. Malan., Afrikanervolkseenheid. p.156. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party van Suid-Afrika, Sy Stryd en Sy Prestasies, 1914-1964. p.138. Die Burger, 25/2/1933.

1. Omdat die volk samewerking verlang het en hy genl. Smuts se hand van vriendskap nie kon weier nie;

2. omdat die ekonomiese toestand van die land dit noodsaaklik gemaak het;

3. omdat die belange van Hollandssprekende Suid-Afrika behartig en beskerm moet word teen die aanvalle van die Natalse Jingoes wat die Afrikaner wil vernietig; en

4. "as ons met ons eie krag na die volgende verkiesing moet gaan, sal ons verloor ..., Ons sal 'n nederlaag ly en dan sal dit klaar wees met die Afrikanerdom." [16]

Dr. Malan haal genl. Hertzog se woorde in hierdie verband soos volg aan: "Gaan ons die aanbod afwys, of gaan ons probeer om te sien of daar iets is om te doen wat kan lei tot samewerking tussen die Afrikaner-Sap en ons, en ook die Engelsman wat dit wel meen met ons." [17]

Genl. Hertzog het sy opponent, genl. Smuts, geken en wou hom nie 'n tweede geleentheid gee om hom in te grawe en sy eie idee van 'n holistiese "Empaaier" uit te werk nie. In die stadium het hy dit in belang van die Afrikanerdom geag om liewer saam met Jan Smuts te werk en self aan bewind te bly, as teen hom, maar in die Opposisie.

---

16. Ibid., p.154. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party..... p.138. C.M. van den Heever., Genl. J.B.M. Hertzog. p.597. J.A. Coetzee., Nasieskap..... p.275 G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.235. Die Volksblad, 6/3/1933.

17. D.F. Malan., Afrikanervolkseenheid. p. 154. Interessant is dit om te let op die woorde van Smuts: "All South African politics is a quarrel between Afrikaners on what attitude they shall take to the English." M. Broughton., Press and Politics of South Africa. p.91

Die verklaring wat genl. Smuts in die pers gemaak het dat die groot essensiële beginsels wat die Suid-Afrikaanse Party nog altyd gehuldig het, in koalisie ten volle gewaarborg is, het baie Nasionaliste in hul vrees gesterk: "Smuts sal genl. Hertzog uitoorlê." [18] Dit het dan ook daartoe meegewerk dat die Nasionaliste die eerste spesiale Kaaplandse Kongres van 15 Maart 1933 op De Aar met 'n gees van onderlinge verdeeldheid bygewoon het. Die vete tussen dr. Malan en genl. Hertzog het weer sterk op die voorgrond getree. Koalisie is deur die kongres aanvaar, maar nie met 'n geruste en eensgesinde gevoel nie. Dit blyk baie duidelik uit die verklaring van dr. Malan as provinsiale leier van Kaapland: "Hierdie Kongres, hoewel hy nie sy goedkeuring aan koalisie as sodanig uitspreek nie, lê hom egter neer by die ooreenkoms, soos getref tussen generaals Hertzog en Smuts en verwag dat die Nasionaliste van Kaapland die saamwerkende regering die Nasionale Party-beginsels handhaaf, beskerm en behou. Die kongres spreek sy volle vertroue uit in generaal Hertzog as hoofleier en dr. Malan as provinsiale leier van die Nasionale Party." [19] Die Kaaplandse Nasionale Party het hom dus terwille van die behoud van Nasionale Party-eenheid by die koalisie neergelê, maar beslis nie onvoorwaardelik nie - Nasionale Party beginsels moes die grondslag bly.

---

18. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party. ..... p.139.

19. D.F. Malan., Afrikanervolkseenheid. pp. 166-167. Jan, J. van Rooyen., Die Nasionale Party: sy opkoms en oorwinning - Kaapland se aandeel. p.133. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party. p.139

Die Transvaalse Kongres wat op 21 Maart vergader het, het ook noodgedwonge die koalisie-ooreenkoms aanvaar, alhoewel adv. J.G. Strijdom homself as 'n verbete kampvegter aan die sy van dr. Malan geskaar het.

Op 28 Maart het die Natalse Kongres van die Nasionale Party op Dundee koalisie in beginsel gesteun. Op die kongres het dit aan die lig gekom dat adv. E.G. Jansen wat koalisie blykbaar sonder veel geesdrif en slegs om genl. Hertzog se ontwil aanvaar het, met sy eggenote, mev. M. Jansen, verskil het. Mev. Jansen het verklaar dat sy 'n groot onheil in die ooreenkoms sien: "Dit voel vir my of ek by die graf van die Nasionale Party staan."[20]

Die Vrystaatse Kongres van die Nasionale Party wat op 23 Maart plaasgevind het, het eenparig die volgende besluit geneem: "Hierdie kongres erken veral met die oog op die ekonomiese druk van die land die noodsaaklikheid van samewerking tussen die twee groot politieke partye, keur die handelswyse van ons hoofleier, genl. Hertzog, insake koalisie goed, soos deur hom ooreengekom met die hoofleier van die S.A.P., genl. Smuts, en spreek sy volle vertroue met belofte van volle steun in genl. Hertzog en sy beleid uit ....." [21] Dr. N.J. van der Merwe, provinsiale leier, het op die kongres verklaar dat hy bereid is

---

20. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party p.140
C.J. Botha., Die Geskiedenis van die Nasionale Party van Natal. p.5 soos aangehaal uit die M.P.A. Malan-versameling. P.V. 34.

21. M.C.G.J. (Basie) van Rensburg., Kort oorsig van die geskiedenis van die Vrystaatse Nasionale Party. p.29 Ongepubliseerd. Leer: 185. P.V. 28.

om aan koalisie sy honderd persent steun te gee, maar hy glo nie dat enigiemand, selfs genl. Hertzog, van hom sal verwag dat hy iets minder as 'n honderd persent Nasionalis sal wees nie.[22]

Waar daar sulke groot en diepgaande verskille van mening hom tussen leier en volgelinge openbaar het, het dit vir die Afrikanervolk beslis donker daar uitgesien.

Op Donderdag 29 Maart het genl. Hertzog as Eerste Minister bedank ten einde 'n nuwe kabinet volgens die koalisie saam te stel.[23] Die volgende ministers op die grondslag van ses elk vir elke party, is benoem: Genl. J.B.M. Hertzog (eerste minister en buitelandse sake); genl. J.C. Smuts (Adjunk - premier en minister van justisie); adv. Patrick Duncan (mynwese); mnre. N.C. Havenga (finansies); P.G.W. Grobler (naturellesake); genl. J.C.G. Kemp (landbou); A.P.J. Fourie (handel en nywerheid en arbeid); C.F. Clarkson (posterye en publieke werke); adv. O. Pirow (spoorweë en verdediging); J.H. Hofmeyr (binnelandse sake, volksgesondheid en onderwys); kol. Deneys Reitz (lande en besproeiing); en mnr. R.W. Stuttaford (sonder portefeulje). Dr. D.F. Malan het geweier om op die kabinet te dien, omdat hy koalisie nie gesteun het nie.[24]

---

22. Ibid., p.29

23. Jan, J. van Rooyen., Die Nasionale Party .... Kaapland. p. 133 en M.P.A. Malan., Die Nasionale Party van Suid-Afrika, p.141 verskil hier met betrekking tot die datum.

24. Ibid., p.134

Die algemene verkiesing wat op 17 Mei 1933 plaasgevind het, is op grond van die koalisie-ooreenkoms gevoer. Die Regering het 138 setels verkry, 75 Nasionaliste, 61 S.A.P. en 2 Creswelliete. Daarbenewens is twee Roosiete, 2 Home Rulers, 2 Arbeiders en 6 Onafhanklikes verkies. Vir koalisie het 181 126 gestem en daarteen 138 728. Die verskil in stemme was dus 42 398.[25] Kaapland het 27 Nasionaliste gekies, Natal 1, die Vrystaat 15 en Transvaal 32.[26] 'n Hele aantal Nasionaliste wat afkerig was aan die gedagte om met die hulp van Smuts en sy party 'n regering te vorm, was tydens die verkiesing noodgedwonge koalisiekandidate ten einde hul setels te behou. Hulle was oortuig dat hulle binne koalisie-geledere beter instaat is om te veg vir Afrikaner-ideale as daar buite. Hieroor het Louis Esselen, Organiserende Sekretaris van die S.A.P. die volgende uitlating gemaak: "Entering Parliament under the accommodation wings of the Coalition Agreement, they took advantage of the nation's sounding board to awaken new suspicions and new distrusts in the country at the very time when there was a prospect of those suspicions and distrusts disappearing forever."[27] W.K. Hancock

---

25. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party ..... p.141.

26. Jan, J. van Rooyen., Die Nasionale Party .... Kaapland. p.134.

27. L. Esselen., Professionalism in Politics, vlugskrif. p.1. D.W. Kruger., The Age of the Generals. p.163. O. Pirow., James Barry, M. Hertzog. pp. 159-160. Dat persoonlike ambisies 'n rol gespeel het by sommige Afrikaners wat koalisie en selfs die latere samesmelting teengestaan het, word ook sterk suggereer deur C.M. van den Heever., Genl. J.B.M. Hertzog. pp. 603-604. Die Burger, 17/7/1934.

se opmerking hieroor is soos volg: "Hertzog threw away his only chance of destroying the enemies who in the end destroyed him." [28]

Alhoewel die Regering 'n geweldige meerderheid in die Parlement gehad het, was daar geen eensgesindheid nie. Koalisie was slegs 'n gerieflikheidsooreenkoms en het eerder groter verdeeldheid as samehorigheid gebring. Tereg het dr. N.J. van der Merwe opgemerk: "Die koalisie het 'n verwydering gebring wat nie weer oorbrug sou word nie." [29]

II. SAMESMELTING

Genl. Hertzog het egter nie rekening gehou met die Afrikaner se tradisie om in isolasie politieke veiligheid te soek nie, want spoedig het dit geblyk dat dit net andersom gebeur as wat hy verwag het. Baie Afrikaners het wantrouig gestaan teenoor genl. Smuts en het slegs noodgedwonge die koalisie gesteun as tydelike maatreël en met 'n wakende oog oor die beginsels van die Nasionale Party. Aan die anderkant het genl. Smuts daarin geslaag om in hierdie stadium die hele Suid-Afrikaanse Party, Jingo's inkluis, agter hom te konsolideer. Terwyl die Suid-Afrikaanse Party solied gebly het, was daar as gevolg van koalisie klaar 'n kraak, met rampspoedige gevolge in die Nasionale Party.[30]

Die magtige Britse pers wie se ondersteuning dié twee generaals nou gehad het, het die koalisie toegedig aan sulke grootmoedige

---

28. W.K. Hancock., Smuts, The Fields of Force. p.252
29. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.239
30. J.A. Coetzee., Nasieskap p.276

motiewe soos rassesamewerking, volkseenheid en die verkryging van ekonomiese stabiliteit. Desnieteenstaande was die koalisie 'n gerieflikheidshuwelik en geen vereniging van harte nie.[31] Dit was uit die staanspoor duidelik dat 'n groot deel van die Afrikaners, veral in Kaapland, onverskillig, indien nie antipatiek teenoor koalisie gestaan het nie. Verskeie faktore het egter daartoe bygedra dat hulle stilswygend, hoewel nie sonder gemor nie, by die nuwe skikking berus het. Belangrikste was eerstens genl. Hertzog se geweldige persoonlike invloed as onbetwiste kampvegter vir die regte van die Afrikaner. Ten tweede die sogenaamde "koepon"-reëling waardeur aan sittende lede hul herverkiesing gewaarborg is.[32] "Ons twyfel of vyf persent van die Nasionaliste vandag samesmelters sou gewees het as genl. Hertzog hom in die saak eensydig gehou het en dit aan die vrye oordeel van sy party oorgelaat het. Bloot die feit dat hierdie persoonlike faktor so 'n oorwegende rol speel, bewys reeds die gebrek aan innerlike oortuiging."[33]

Die samesmelting van die twee partye was eintlik 'n logiese uitvloeisel van die koalisie. Genl. Hertzog het reeds op 8 Mei 1933, dit wil sê, nog voor die verkiesing, in hierdie rigting begin voorbrand maak toe hy op Potchefstroom verklaar het: "Die stryd is beëindig met die aanname van die Statuut van

---

31. F.S. Crafford., Jan Smuts: 'n Biografie. p.291.

32. Ibid., p. 291. Jan, J. van Rooyen., Die Nasionale Party ..... Kaapland. p.134.

33. Die Burger, 11/1/1934. Hoofartikel.

Westminster, want daardeur is Suid-Afrika deur die wet as 'n vrye en soewereine volk erken. Albei partye het hul daarby neergelê en die leiers wou dit gelyklik handhaaf. Wat taalgelykheid in die praktyk betref, is dit reeds sedert 1924 deur die Nasionale Party toegepas en daar die Suid-Afrikaanse Party dit as 'n grondbeginsel van samewerking aanvaar, is die stryd finaal besleg, ... Noudat die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party dit omtrent soewereine vryheid en ware taalgelykheid eens geword het, is die weg oop vir toenadering tot mekaar."[34]

Hoe groter die geroep om samesmelting van die twee partye geword het, des te dringender het die waarskuwings daarteen van die kant van sommige nasionale leiers opgeklink. Dr. N.J. van der Merwe het daarop gewys dat die samevoeging van uiteenlopende onnasionale elemente noodwendig die nasionale beginsels moet ondermyn. Dr. Malan wat reeds duidelik laat blyk het dat hy ernstige bedenkinge teen koalisie het, het hom op 21 Julie op Worcester nog sterker teen samesmelting uitgelaat. Soos alle Nasionaliste is hy sterk ten gunste van hereniging, maar dit moet wees hereniging van diegene wat dieselfde oortuigings het en innerlik bymekaar hoort: "Die wat samesmelting bepleit, strewe langs die weg van samesmelting en skeuring uiteindelik na 'n georiënteerde en groter Suid-Afri-

---

34. Die Burger, 9/5/1933, aangehaal by G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. pp.241-242

kaanse Party, so kan die volk nie opgebou word nie, op die wyse kan die eenheid nie verkry word nie. Ons gaan seker nie 'n beweging steun wat 'n groter skeuring gaan teweegbring as wat ons ooit gehad het nie." [35]

Dit het spoedig geblyk dat die poging om die twee partye saam te smelt vir die Nasionale Party 'n ramp sou beteken. Baie Nasionaliste wat teensinnig die koalisie goedgekeur het, was beslis nie bereid om 'n blywende vereniging met al die uiteenlopende en onnasionale elemente van die Suid-Afrikaanse Party te sluit nie.

Die eerste stap tot samesmelting is op 9 Augustus op die Transvaalse Nasionale Party Kongres geneem. Hier het genl. Hertzog dit duidelik gestel dat die Nasionale Party nie durf teruggaan tot sy vorige toestand van isolasie nie. Aan die einde van die kongres is daar met 256 teen 9 stemme besluit dat die twee partye tot samesmelting moet oorgaan.[36] Die stemming was 'n taamlike juiste weergawe van die gevoelens in Transvaal, want soos uit latere gebeurtenisse sou blyk, was dit die enigste provinsie waar die meerderheid van die Nasionaliste ten gunste van samesmelting was.[37]

Die woelinge het die Nasionale Party van Natal ook nie onaangetas gelaat nie. Op 22 Augustus 1933 het die Party vir sy

---

35. Die Burger, 22/7/1933.
36. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party p.143
37. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. pp. 244-245

negentiende kongres in Pietermaritzburg byeengekom en ten gunste van samesmelting besluit. Mev. E.G. Jansen het egter onomwonde haar bedenkinge teen die wenslikheid van samesmelting uitgespreek.[38]

In die Kaapprovinsie en in die Vrystaat was daar weinig entoesiasme vir samesmelting. Selfs in genl. Hertzog se kiesafdeling, Smithfield, het die distriksbestuur van tien takke daarteen besluit.[39] Die gevolg was dat genl. Hertzog 'n reeks vergaderings in elk van hierdie provinsies moes hou om die kiesers tot samesmelting te probeer oorreed. Oënskynlik het hy dan ook daarin geslaag, want oral is besluite ten gunste daarvan geneem.[40]

Te midde van hierdie gespanne atmosfeer het genl. Smuts die toestand verder vertroebel toe hy verklaar het: "It was essential that the whole of the South African Party should follow into union. If any section of the party stood aloof, it would be a matter of the greatest grief to me. A party for which my old Unionist friends are not good enough, is no party for me."[41] Hierdie uitlating van genl. Smuts het 'n ernstige bedreiging vir die Nasionale Party ingehou. Dit was duidelik dat hy al

---

38. C.J. Botha., Die Geskiedenis van die Nasionale Party van Natal, p.4 soos aangehaal in M.P.A. Malan-versameling. P.V. 34.

39. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party. ..... p. 145

40. Ibid., p.145

41. The Star, 15/9/1933. Sien ook D.F. Malan., Afrikanervolkseenheid. p.155

die elemente van sy ou party in die nuwe wou tuisbring. Hy soek dus nie hereniging van enersdenkes nie, maar politieke mag in samesmelting.[42]

Die verhouding tussen dr. Malan en genl. Hertzog het aan die begin van Oktober 1933 tydens die Kaaplandse Nasionale Party Kongres in Port Elizabeth verder versleg. Dr. Malan het hom ten gunste van hereniging, maar heel duidelik en beslis teen samesmelting, uitgespreek. "Die woord 'hereniging' beteken vir my die saambring van wat uit innerlike politieke oortuiging bymekaar hoort en daarvoor is ek hart en siel ..... As genl. Hertzog dié mening toegedaan is, is daar geen fundamentele verskil nie." [43]

Dat genl. Hertzog in sy doelstellinge hemelsbreed van dr. Malan verskil het, blyk uit die volgende voorstel wat genl. Hertzog laat indien het: "Hierdie kongres spreek die mening uit dat vereniging tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party wenslik is, indien daaromtrent ooreengekom word op 'n basis van beginsels wat as program van beginsels vir die verenigde party aanneemlik sal wees en vir die verskillende kongresse van die Nasionale Party in die vier provinsies." [44]

Hierdie voorstel van genl. Hertzog het dus duidelik same-

---

42. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party. p.146

43. Die Volksblad, 5/10/1933; Die Burger, 5/10/1933.

44. Die Burger, 5/10/1933; 6/10/1933 soos aangehaal in G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.257

smelting beoog en van 'n samevoeging van die elemente wat bymekaar hoort, was daar geen sprake nie. Dit het eenvoudig beoog 'n samevoeging van die hele Nasionale Party met die hele Suid-Afrikaanse Party. Om dié rede was dit vir dr. Malan en sy volgelinge heeltemal onaanneemlik. [45] 'n Teenvoorstel deur dr. Malan het soos volg gelui: "Hierdie kongres is daarvan oortuig dat samesmelting of vereniging van die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party, soos dit vandag bestaan, onnatuurlik, ongewens en in beginsel verkeerd is ....." [46]

Die paaie van die twee draers van die nasionale gedagte, te wete genl. Hertzog en dr. Malan, het dus hier uiteengeloop. Genl. Hertzog se beginsel van 'n Suid-Afrikaanse nasionalisme het direk teenoor dr. Malan se opvatting van 'n Afrikaanse nasionalisme standpunt ingeneem, dit wil sê, vereniging versus hereniging. Generaal Hertzog se voorstel op dié kongres is verwerp en 'n besluit is ten gunste van "hereniging" gene em met 140 stemme teen 30. Die Nasionale Party in Kaapland het dus samesmelting verwerp. [47]

Die behoud van eenheid binne die Nasionale Party was vir die Vrystaters 'n saak van erns en daarom is 'n afvaardiging, met dr. N.J. van der Merwe as leier, uit die Vrystaatse Hoofbe-

---

45. Ibid., p. 287

46. Ibid., p.257

47. D.F. Malan., Afrikanervolkseenheid.p.68. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party ..... p.147, verskil hier met betrekking tot die aantal stemme wat hereniging aanvaar het. L. Blackwell., African Occasions. p.238

stuur gekies om met genl. Hertzog en dr. Malan te onderhandel om versoening te probeer bewerkstellig. Die poging was egter vrugteloos. Genl. Hertzog was oortuig dat: "Ons nie meer kan omdraai op die pad van samewerking nie, ons moet vorentoe." [48]

So het dit gekom tot die laaste kongres, die Vrystaatse Nasionale Kongres, wat die smeltersideaal sou toets. Dit is op 11 Oktober 1933 in Bloemfontein gehou. Dr.N.J. van der Merwe, leier van die Vrystaatse Nasionale Party het, net soos dr. Malan, nie geglo in die blote meganiese samevoeging van die twee partye nie. Wat hy wou gehad het, was 'n eenheid, 'n party van mense met dieselfde beginsels, oortuigings en ideale, terwyl dit vir hom onmoontlik was om mense met sulke uiteenlopende beskouings in een party saam te bring.[49]

Genl. Hertzog het die volgende voorstel ingedien: "Hierdie kongres spreek die mening uit dat vereniging tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party wenslik is, indien daaromtrent kan ooreengekom word op 'n basis van beginsels wat as program van beginsels vir die verenigde party aanneembaar sal wees vir die verskillende kongresse van die Nasionale Party in die vier provinsies." [50]

---

48. C.M. van den Heever., Genl. J.B.M. Hertzog. p.606. Sien ook G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.246. O. Pirow., J.B.M. Hertzog, p.166.

49. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe, pp.257-258.

50. M.C. van Rensburg., Kort oorsig ..... Vrystaatse Nasionale Party. p.30.

Die kongres het genl. Hertzog as Hoofleier versoek om met raadpleging van die offisiële leiers van die Nasionale en ander lede van die Federale Raad die nodige stappe te neem om te sien in hoeverre tot 'n aanneembare program van beginsels ooreengekom kan word. Die voorstel van genl. Hertzog is aangeneem, maar 26 afgevaardigdes en vier lede van die Sentrale Komitee naamlik adv. C.R. Swart, mnr. J.J. Haywood, mev. M.H. van Rhyn en mev. E.M. van Schalkwyk, het die sekretaris gevra om hulle name as stemme teen die voorstel van genl. Hertzog aan te teken.[51]

Op 13 Oktober, dit wil sê na afloop van die Vrystaatse Kongres, het die hoogste gesag van die Nasionale Party, nl. die Federale Raad in Bloemfontein vergader. Die vergadering was in alle opsigte 'n mislukking. Allereers het genl. Hertzog die verwagte voorstelle wat in die program van die nuwe party opgeneem sou word, nie gedoen nie. Tweedens het die vergadering nie daarin geslaag om versoening onder die Nasionale Party geledere te bring nie. Trouens dit het die verdeeldheid slegs vergroot.

In die Vrystaat, soos in Kaapland, het dit nou tot openlike verset teen samesmelting en dus teen genl. Hertzog gekom. By wyse van 'n vlugskrif "Nasionalisme in die Krisis" het vier Vrystaters: A.J. Werth, C.R. Swart, L.V., J.J. Haywood, L.V. en J.J. Serfontein, Oud-L.V., hulle onder andere soos

---

51. Ibid., pp.30-31.

volg te en samesmelting uitgelaat: "Samesmelting is geen volksdrang nie .... en die verenigingsbeleid is in beginsel deur die Vrystaatse Kongres aanvaar alleen omdat dit 'n saak van persoonlike vertroue in die leier gemaak is ..... om dus met die beweging voort te gaan, kan alleen beteken 'n vergrote Suid-Afrikaanse Party en 'n verbrokkelde Afrikanerdom en dat Imperialisme en Kapitalisme in hul ou taktiek van "verdeel en heers" weer eens geslaag het." [52] Hierdie verklaring asook die stigting van 'n Waaksaamheidskomitee op 19 Januarie 1934 deur dr. N.J. van der Merwe, adv. C.R. Swart, mnr. A.J. Werth en sen. M.J. Vermeulen het die gramskap van die res van die Vrystaatse Hoofbestuur asook dié van genl. Hertzog op hulle gehaal. Hul optrede is beskou as 'n verkragting van die ooreenkoms en die besluite wat geneem is op die Vrystaatse Nasionale Party Kongres van 11 Oktober 1933.

Op die stigtingsvergadering van die Waaksaamheidskomitee wat op 19 Januarie 1934 onder voorsitterskap van sen. M.J. Vermeulen plaasgevind het, het adv. C.R. Swart die volgende voorstel ingedien en dit is algemeen aanvaar: "Ons verklaar hiermee opnuut ons onwrikbare geloof in die Nasionale Party, sy beginsels sy ideale en sy toekoms ..... Verder ontken ons beslis dat die groot taak wat die Nasionale Party hom ten doel gestel het, volbring is en dat daar dus geen rede meer vir sy voortbestaan is

---

52. Vlugskrif: "Nasionalisme in die Krisis" pp.1-2.

nie. Die doel van die Nasionale Party was en is nog om Nasionalisme in die Volkslewe te bestendig en hierdie werk gaan voort van geslag tot geslag." [53]

Gesien in die lig van hierdie verklaring was dit dus heel duidelik dat genl. Hertzog sterk teenstand van Vrystaatse Nasionale leiers sou ontvang en dat hy hom heeltemal misgis het toe hy tydens die Natalse Kongres verklaar het: "Die dag wanneer die Vrystaat na die ou toestand terugkeer, sal twee-derdes van die Nasionaliste oorstap na die Suid-Afrikaanse Party." [54]

Te midde van onenigheid en verdeeldheid binne Nasionale Partygeledere, het die Parlementsitting van 1934 plaasgevind. Hierdie sitting was merkwaardig vir die aanname van die Statuswetsontwerpe. Daardeur is die Suid-Afrikaanse grondwet in ooreenstemming gebring met die nuwe konstitusionele posisie soos deur die Statuut van Westminster vasgelê, naamlik dat die Vrygeweste gelyke deelgenootskap met Groot-Brittanje en volle selfbeskikking oor hul buitelandse- sowel as hul binnelandse sake gekry het. [55]

Gedurende Februarie 1934 het adv. F.C. Erasmus, sekretaris van die Hoofbestuur van die Kaaplandse Nasionale Party, 'n

---

53. M.C. van Rensburg, Kort oorsig ... Vrystaatse Nasionale Party. p.31 soos aangehaal in Basie van Rensburg-versameling. P.V.28.Die Burger, 20/1/1934.

54. Die Burger, 28/8/1933.

55. F.S. Crafford., Jan Smuts..... p.298; Die stryd rakende die konstitusionele vraagstuk tussen die Nasionale leiers wat samesmelting teengestaan het en genl. Smuts se volgelinge wat dit ondersteun het, word in hoofstuk III volledig behandel.

volgehoue korrespondensie met genl. Hertzog gevoer in 'n poging om versoening tussen Kaapland en genl. Hertzog te bewerkstelling. Dit het in hoofsaak betrekking gehad op die "basis" waarop die nuwe Party sou berus. Die onderhandelinge het so gunstig verloop dat dit gelyk het of die onenigheid tussen die Kaaplandse Nasionale Party en genl. Hertzog uitgestryk sou word. Die geskilpunt waaroor die onderhandelinge gevoer is, was die konstitusionele posisie van die Unie binne die Britse Gemenebes. In die breë het dit op die volgende neergekom: Dr. Malan was nie tevrede met die konstitusionele posisie van die Unie soos dit na 1931 was nie en het meer duidelikheid omtrent die volgende verlang:

(a) die deelbaarheid van die Britse Kroon;

(b) die reg van neutraliteit indien Engeland in 'n oorlog betrokke sou raak;

(c) die reg van afskeiding van die Britse Ryk;

(d) die aanstelling van 'n landsburger as Goewerneur-generaal;

(e) die reg om die appél na die Geheime Raad af te skaf;

(f) die reg om propaganda vir 'n republiek te maak, die insluiting daarvan in dié Party se program van beginsels; en

(g) die bring van die nasionaliteitswette in ooreenstemming met die Unie se soewereine onafhanklike status.[56]

---

56. L. Blackwell., African Occasions. p.239. Die Burger, 16/2/1934.

Genl. Hertzog se antwoord met betrekking tot die reg om republikeinse propaganda te maak, was dat dit enigeen binne die nuwe Party vry sal staan om enige regeringsvorm te propageer, maar hy was beslis daarteen dat die nuwe Party 'n suiwer Republikeinse organisasie sou wees, "for to do so would be to frighten the English, and make fusion in the wider sense an impossibility. The Englishman must be educated gradually to republicanism: it was no use trying to force him to it."[57] Kwessies soos die deelbaarheid van die Britse Kroon, die reg van neutraliteit en die moontlike afskeiding van die Britse Ryk, was volgens genl. Hertzog reeds bygelê "through Parliament's resolution of 1927 recognising the Balfour Declaration, and through a proviso made by him at the Imperial Conference of 1930."[58] Genl. Hertzog het geweier om enigiets te aanvaar wat die twyfel kan laat dat die Unie nie 'n soewerein onafhanklike staat was nie.[59] "..... the British Crown, so far as the Union is concerned is divisible; that we possess the right of neutrality; that we have the right of separation I have never doubted since 1926 ....."[60] Die vraagstukke van die Goewerneur-generaal as landsburger en die afskaffing van die reg op appél na die Geheime Raad was, volgens genl. Hertzog, vir die volk van Suid-Afrika om oor te besluit.

---

57. M. Roberts., A.E.G. Trollip., The South African Opposition. p.9. Sien ook A.C. Cilliers., Generaal Hertzog en Hereniging. Pamflet. p.22.

58. D.W. Kruger., The Making of a Nation. p.170

59. Ibid., p.170

60. L. Blackwell., African Occasions. p.240

Op 16 Februarie 1934 het die Nasionaliste wat vir die behoud en eenheid van die Nasionale Party gestry het, uit die koerante verneem dat die breuk tussen dr. Malan en genl. Hertzog oor vereniging geheel is.[61] Voortaan sou daar met verenigde kragte gewerk word om 'n nuwe party tot stand te bring. 'n Party wat sal bestaan uit alle Afrikaners - Afrikaans- sowel as Engelssprekends- en behorende tot die Nasionale Party, die Suid-Afrikaanse Party en die ander partye wat die beginsels en konstitusie van die nuwe party onderteken en verklaar dat hulle hul daaraan sal onderwerp.[62] Daar is verder ooreengekom dat die grondslag vir die nuwe Party deur genl. Hertzog, en die Federale Raad van die Nasionale Party opgestel sal word. Die "basis" sal daarna aan die verskillende provinsiale kongresse vir goedkeuring voorgelê word.[63]

Die publikasie van hierdie korrespondensie en die versoening tussen dr. Malan en genl. Hertzog het in die Smeltersgeledere 'n opskudding veroorsaak. Genl. Smuts was hoogs ontevrede oor die Malan-Hertzog skikking waarvan W.K. Hancock verklaar: "His (Malan's) aim was to kill fusion or - better still - to turn it into fusion between a reunited National Party and a break-away section of the South African Party."[64] Genl. Smuts het ook

---

61. Die Burger, 16/2/1934. Sien ook Hoofartikel. F.C. Erasmus., Die Nasionale Party weer eens - nou mag ons nie verslap nie. Pamflet. pp.4-15.
62. Die Burger, 16/2/1934.
63. Die Vaderland, 16/2/1934. Publikasie van genl. Hertzog se brief aan adv. F.C. Erasmus met betrekking tot die voorgenome basis.
64. W.K. Hancock., Smuts, The Fields of Force. p.254. G.H. Calpin., There are no South Africans. pp.214-215.

gevoel dat die Hertzog-Malan ooreenkoms tog ook betrekking het op die basiese program van die te stigte Verenigde Party en dat genl. Hertzog hom geensins in aanmerking geneem het nie. Die posisie waarin genl. Hertzog hom bevind het, was glad nie benydenswaardig nie. "He was tossed from Malan to Smuts and back again. Do what he could, he was bound to alienate either the one or the other." [65] In die Smuts-Hertzog onderhandelinge wat gevolg het, het genls. Hertzog en Smuts ooreengekom om, met betrekking tot die vraagstukke van neutraliteit, deelbaarheid van die Britse Kroon en afskeiding van die Britse Ryk te verskil. "Dit is sake van interpretasie, akademiese kwessies, waaroor ons kan verskil en waaroor ons nie geroep is om tot 'n beslissing te kom by die opstelling van 'n program van beginsels nie." [66] In verband met die Unie se burgerskap en status binne die Britse Ryk, het genls. Hertzog en Smuts ooreengekom dat die saak op die laaste Rykskonferensie bevredigend omskryf is en veranderinge nie nodig is nie. Wat die Republikeinse vraagstuk betref, het genl. Hertzog verklaar dat die party as sodanig vir die behoud van die konstitusionele posisie staan soos vasgestel in die Suid-Afrika-Wet en in die Statuut van Westminster. [67]

Die aldus erkende fundamentele verskille tussen die twee hoof-

---

65. D.W. Kruger., The Making of a Nation. p.171

66. D.F. Malan., Afrikanervolkseenheid. p.159. Sien ook L. Blackwell., African Occasions. p.241. M. Roberts., A.E.G. Trollip., South African Opposition. p.9. O. Pirow., J.B.M. Hertzog. p.182

67. Die Burger, 19/2/1934. Sien ook L. Blackwell., African Occasions. pp.241-242

leiers rakende die grondslae van volksbestaan en van volksvryheid, is dus deur hulle onveranderd op die nuwe verenigde Party oorgeplant. Van die begin af was die kiem van verdeeldheid dus aanwesig. "As genl. Smuts se opvatting oor Suid-Afrika se onafhanklikheid waar moet wees, sou dit beter gewees het as daar geen Rykskonferensie van 1926 en geen Statuut van Westminster gewees het nie. Dan sou ons onafhanklikheid bloot oëverblindery wees. Hierdie standpunt is teenoorgesteld van dié van genl. Hertzog en die twee kan nie in een party verenig word nie."[68] "It was the old difficulty of reconciling nationalism and imperialism."[69] Dit was reeds in hierdie stadium duidelik dat daar beslis nie op stewige fondamente gebou is nie en dat die grondslae nie die toets van die tyd sou deurstaan nie.

In die Smuts-Hertzog onderhandelinge het dr. Malan 'n duidelike bewys gesien dat genl. Hertzog bereid was om op kardinale punte in die Nasionale Party se program van beginsels asook op beginsels waaroor hy en genl. Hertzog ooreengekom het, aan genl. Smuts toe te gee. Die kern van die probleem was weer eens die Unie se konstitusionele status.[70]

Toe die onderhandelinge gedurende Mei 1934 tussen dr. Malan en genl. Hertzog voortgesit is, was een van dr. Malan se fundamentele besware dat die beginsels van die nuwe party nie skerp

---

68. Die Burger, 27/2/1934.

69. A. Paton., South African Tragedy. p.155. D.F. Malan., Afrikanervolkseenheid. p.159. Die Burger, 6/1/1934, Dr. Malan se Politieke Rubriek: "Op die Wagtoring."

70. Die probleem word in Hoofstuk III bespreek.

genoeg omlyn was om die Britsgesinde seksie van die Suid-Afrikaanse Party daaruit te sluit nie. Vir dr. Malan was vereniging slegs moontlik indien dit sou plaasvind deur die samevoeging "van daardie Nasionaalgesinde elemente wat deur innerlike oortuiging bymekaar tuishoort."[71] Die nuwe Party, volgens genls. Hertzog en Smuts se ooreenkoms, was vir dr. Malan 'n mengelmoes van uiteenlopende on-nasionale elemente: "the principles on which fusion was to be based, were not sharply enough to scare away the Jingo section of the South African Party, the die-hard remnant of the old Unionist Party with which he had nothing in common."[72]

In dr. Malan se toespraak van 9 Mei 1934 op Moorreesburg, was daar reeds weer die kiem van 'n skeuring met genl. Hertzog aanwesig. Hy verklaar onder andere "Soms word voorgegee dat genl. Hertzog skriftelike beloftes aan genl. Smuts gedoen het wat die ooreenkoms met die Kaaplandse Nasionale Party wysig."[73] In dieselfde toespraak het hy dan ook duidelik laat blyk dat: "Mag dit gebeur dat die hele S.A.P. en die hele Nasionale Party bymekaar gegooi word soos hulle vandag bestaan, dan glo ek nie aan die nuwe party nie."[74]

Op die reeks politieke vergaderings tussen smelters- en anti-

---

71. Die Volksblad, 9/10/1933. Die Burger, 22/5/1934. Hoofartikel. Die Burger, 9/3/1934.

72. D.W. Kruger., The Making of a Nation. p.172.

73. Die Burger, 10/5/1934. O. Pirow., J.B.M. Hertzog. p.184.

74. Die Burger, 10/5/1934.

smelters het die kloof steeds groter geword. In die Paarl het dr. Malan na die uitlating van genl. Smuts dat "die afskeiding van die Britse Ryk so dood as 'n mossie is," verwys as die soort aanmerkings wat 'n atmosfeer geskep het waarin dit vir diegene wat te doen het met die opstel van 'n "basis" vir die nuwe party, byna onmoontlik gemaak het.[75] Dr. Malan het die standpunt van die Kaaplandse Hoofbestuur duidelik gestel, naamlik hulle hul sal hou aan genl. Hertzog se vertolking van die ooreenkoms en so lank hy nie daarvan afwyk nie, sal die Kaaplandse Hoofbestuur ook nie met hom breuk nie.[76]

Die program van beginsels vir die nuwe party, soos deur genl. Hertzog opgestel, is op 6 Junie 1934 gepubliseer. Afskrifte daarvan is reeds op 4 April aan dr. Malan en enkele dae later aan genl. Smuts gestuur.[77] In hierdie stadium was die skeuring reeds 'n voldwonge feit. Terwyl genl. Hertzog nog steeds kans gesien het om saam met genl. Smuts in een party te sit, was samesmelting vir dr. Malan en sy volgelinge op genls. Hertzog en Smuts se beginsels totaal onmoontlik.[78]

Genl. Hertzog se program van beginsels waarop die nuwe Party moes berus, het wydverspreide reaksie uitgelok. Talle Nasionaliste het verklaar dat van die beginsels van die Nasionale Party te veel verwater is. In die Suid-Afrikaanse Party was dit veral

---

75. Die Burger, 25/5/1934.
76. Ibid.
77. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party ..... p.151. C.M. van den Heever., Generaal J.B.M. Hertzog. pp. 631-632.
78. Die Burger, 29/6/1934. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.278.

die Engelssprekendes in Natal wat sterk gekant was te en die artikel wat aan lede die reg gegee het om 'n Republiek vir Suid-Afrika te propageer. Hierdie ontevrede element in Natal onder leiding van kol. C.F. Stallard sou dan ook finaal van genl. Smuts wegbreek en 'n nuwe party, die Dominion Party, stig.[79]

Die artikels van die ontwerpprogram van beginsels van die nuwe party wat die meeste reaksie uitgelok het, het oor die konstitusionele beleid en die Naturellevraagstuk gegaan. Eersgenoemde het onder andere bepaal dat die party hom ten gunste verklaar het vir die handhawing van die bestaande verhouding van die Unie tot die Britse Gemenebes van Nasies en sy samewerking met die ander state daartoe behorende, onderworpe ewewel daaraan dat geen afbreuk geskied aan die status van die Unie en dat ge en buitelandse verpligtinge in stryd met sy belang aanvaar word nie. Terwyl die staatsregtelike posisie egter gehandhaaf word, deur die Party, word aan niemand die vryheid ontsê om sy eerlike oortuiging in verband met enige verandering van regeringsvorm uit te spreek of te bepleit nie. Verder word gesê dat die gesag en mag van die Unie in die eie nasionale vlag gesimboliseer bly, terwyl tweetaligheid praktie s deur die staat uitgeleef sal word.[80]

---

79. D.W. Kruger., The Making of a Nation. p.172. Die party is gestig onder leiding van kol. C.F. Stallard en wat hom ten doel gestel het vir die behoud van die Britse konneksie. "The Dominion Party distrusted Hertzog as much as Malan's Nationalists did Smuts, and both opposed Fusion for opposite reasons."

80. C.M. van den Heever., Genl. J.B.M. Hertzog. p.642. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party .... pp.151-152. W.K. Hancock., Smuts, The Fields of Force. pp.256-258 Die Burger, 8/6/1934.

Betreffende die Naturellevraagstuk het die konsepbeginsels soos volg gelees: [81]

(a) "'n Ernstige poging sal aangewend word om 'n bevredigende oplossing te verkry van die Naturellevraagstuk langs 'n weg wat sonder om die Naturel sy reg van ontwikkeling te ontneem, die hoofsaaklikheid van die Europese beskawing erken en onbetwisbaar op die voorgrond stel.

(b) Dit word erken dat 'n oplossing van die politieke aspek van hierdie vraagstuk op grondslag van afsonderlike verteenwoordiging van Europeane en Naturelle, ... iets fundamenteels is en tot nou toe nog nooit 'n saak van partygeskil was nie, en dit behoort vir sover moontlik gesoek te word langs die weg van ooreenkoms en oorgelaat word aan die vrye oordeel van individuele lede wat die party in die Parlement verteenwoordig."

Interessant is dit om die ontwerp-program van die Federale Raad en die Kaaplandse Nasionale Party met dié van genls. Hertzog en Smuts te vergelyk. Betreffende die konstitusionele posisie, handhaaf die Hertzog-Smuts voorstelle die Britse konnek-sie, terwyl die Hoofbestuur die staatkundige toekoms van Suid-Afrika aan geen bande wil lê nie.[82] Ten opsigte van die Natu-rellebeleid verklaar die Hoofbestuur dat sy party aan die beleid van segregasie gebonde is, terwyl die Hertzog-Smuts-ontwerp,

---

81. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party ..... pp.152-153.
W.K. Hancock., Smuts, The Fields of Force. pp.257-258.

82. Die Burger, 6/6/1934, 8/6/1934. F.C. Erasmus, Pamflet: Die Twee Basisse Vergelyk.

die oplossing van dié vraagstuk aan die vrye wil van die lede van die nuwe party sal oorlaat. [83]

Die Sentrale Waaksaamheidskomitee van die Vrystaatse Nasionaliste het op 13 Junie die volgende verklaring en hoop uitgespreek: "Mag die Federale Raad in geen enkel opsig afwyk van die koers wat die Nasionale Party in die verlede altyd aangewys het. Tensy daar 'n tuiste vir suiwer nasionaliste beveilig word, voel ons nie bereid om die Nasionale Party te ontbind en met 'n nuwe kleurlose beweging saam te gaan nie." [84] Die skrif was aan die muur: samesmelting was gedoem.

Die finale breuk het op 20 Junie 1934 tydens die byeenkoms van die Federale Raad in Pretoria plaasgevind. Na 'n bespreking wat die ganse dag geduur het, het die Federale Raad met dertien teen sewe stemme besluit om "ter wille van die eenheid van die volk, die voorgestelde konsep-program aan te neem en om dit by die Nasionale Party kongresse vir aanname aan te beveel." [85] Hierdie meerderheidsbesluit het egter nóg die eenheid van die volk nóg van die Party verseker. Trouens dr. Malan het onmiddellik na afloop van die Federale Raad byeenkoms verklaar dat die Kaaplandse Hoofbestuur by sy kongres sal aanbeveel om die ontwerpprogram te verwerp en dat die Nasionale Party moet bly voortbestaan. [86]

---

83. Die Burger, 6/6/1934, 8/6/1934.
84. Die Burger, 13/6/1934.
85. Die Burger, 21/6/1934.
86. Ibid.

Op 22 Junie het daar in die pers 'n verklaring van die sewe lede van die Federale Raad wat teen die voorstelle gestem het, verskyn. Hulle was: Dr. D.F. Malan, sen. W.H. Hofmeyr, adv. F.C. Erasmus, L.V., mevv. E.S. Sauer, Emmie du Toit (Kaapland), dr. N.J. van der Merwe (Vrystaat) en mev. M. Jansen (Natal). Die verklaring het ondermeer soos volg gelees: "Ons wil hiermee ons diepe leedwese te kenne gee dat ons strewe om in 'n nuwe party bymekaar te bring wat deur innerlike oortuiging bymekaar hoort, sowel deur die prosedure wat gevolg is as deur die inhoud van die basis van beginsels waarop aangedring word, nie geslaag het nie. Wat die prosedure betref, is ons voor 'n voldwonge feit geplaas omdat daar omtrent die basis van beginsels met genl. Smuts ooreengekom is en dit aan die pers gegee is, voordat die Federale Raad 'n kans gekry het om dit vooraf soos aan die Kaaplandse Hoofbestuur deur genl. Hertzog beloof, openhartig te bespreek. Die gevolg was dat ons welgemeende pogings om veranderinge aan te bring, wat volgens ons mening noodsaaklik is as die verlangde eenheid wil bewerkstillig, deurgaans op dowe ore geval het. Ons beskou dat die basis soos dit daar staan, van die nuwe party 'n vesting gaan maak van imperialisme en kapitalisme ....." [87]

Ander punte wat genoem is, was die volgende: "Ons het tevergeefs aangedring (1) dat die nodige helderheid sal gesoek word

---

87. Die Burger, 22/6/1934.

sodat daar geen tweërlei opvatting binne die nuwe party kan wees omtrent ons soewereine onafhanklikheid nie, daar die verskil van vertolking deur die twee ou party geopenbaar, tot oneindige stryd en tweedrag binne die party sal lei; (2) dat die nuwe party hom nie soos die Suid-Afrikaanse Party was, tot kampvegter sal stel van die Britse Konneksie deur uitdruklik te verklaar dat hy die teenwoordige verhouding tot die Britse Gemenebes sal handhaaf en daarmee die toekomstige staatkundige ontwikkeling aan bande sal lê; (3) dat met die oog op die oorlogswolke wat weer saampak, die nuwe party 'n beleid van strenge neutraliteit sal volg, sodat ons nie binnekort in 'n oorlog gesleep word soos in 1914 geskied het nie." [88]

Om bogenoemde redes "sien ons geen ander heil vir ons volk nie as in die kragtige voortbestaan van die Nasionale Party om met vernude krag en beslistheid die ekonomiese vraagstuk van ons volk in 'n duidelike omlynde program van aksie beet te pad en die handhawing en ontwikkeling van ons soewereine onafhanklikheid te verseker." [89]

Genl. Hertzog se reaksie op hierdie verklaring van dr. Malan en die minderheid was 'n beskuldiging naamlik dat dr. Malan se "omspring" is syns insiens die gevolg van "loutere swakheid: hy was te swak om die druk van sy ekstremistiese ondersteuners te weerstaan. Hulle wil alleen samewerking "op rassebeginsels" aanvaar. Die program van beginsels was so aanneemlik opge-

---

88. Sien in die verband voetnote 66 , 67 en 68.

89. Notule Kaaplandse Kongres: Verslag van Hoofbestuur, 1934 soos aangehaal in M.P.A. Malan., Die Nasionale Party .....p.154. Sien ook Die Burger, 22/6/1934.

stel, dat geen Nasionalis enige gegronde beswaar daarteen kon inbring nie." [90]

Genl. Hertzog, volgens sy verklaring in Die Vaderland, het op 23 April 'n kopie van sy konsep-program aan dr. Malan oorhandig en aan genl. Smuts 'n kopie twee of drie dae later.[91] Hierdie verklaring van genl. Hertzog strook glad nie met wat C.M. van den Heever in sy biografie beweer nie, naamlik dat dr. Malan reeds op 4 April 'n kopie van genl. Hertzog sou ontvang het nie.[92]

Trouens dr. Malan verklaar dat hy reeds in besit was van 'n kopie van die konsep-basis, "in my sak" toe hy op 9 Mei 'n vergadering te Moorreesburg toegespreek het en "die konsep-basis in my sak, was nie dieselfde as dié wat later as die Hertzog-Smuts-basis gepubliseer is nie.[93]

Dr. Malan verklaar verder dat in een baie belangrike opsig was dit beslis meer bevredigend. Dit het toe nog 'n klousule bevat, waarin die deur oopgehou is vir 'n verandering van regerings-vorm langs konstitusionele weg en by implikasie dus ook vir sesessie. Daardie klousule het uit die latere basis spoorloos verdwyn.[94] In sy redevoering is C.M. van den Heever dit

---

90. Die Vaderland, 22/6/1934.

91. Ibid.

92. Sien in dié verband voetnote 77.

93. D.F. Malan., Is die ooreenkoms verbreek. Pamflet. p.11.

94. Ibid.; Ten einde woord te hou met die Kaaplandse Hoofbestuur, "Dat wat sy staatkundige toekoms betref die Unie van Suid-Afrika aan geen bande gelê sal word nie," het Artikel vier van genl. Hertzog se konsep-basis wat hy aan dr. Malan oorhandig het, onder andere die volgende woorde bevat: "word daar geen beperking gestel aan die toekomstige politieke ontwikkeling van Suid-Afrika." Uit die Hertzog - Smuts-basis het hierdie bepaling verdwyn.

eens met Oswald Pirow dat genl. Hertzog geensins verraad gepleeg het nie.[95] Dr. Malan stel dit egter baie duidelik en pertinent. "Hy het ten slotte sy basis, wat hy saam met genl. Smuts opgestel het, bekend gemaak sonder om te wag op die feitlik voltooide formulering van punte deur die Hoofbestuur, nadat hy die opstelling daarvan self eers aangemoedig en verwelkom het. En daarmee het hy die Hoofbestuur self waarmee hy 'n Ooreenkoms gehad het, 'n slag in die gesig gegee - genl. Hertzog het die Ooreenkoms verbreek."[96]

Met die bykans eenparige aanname op 20 Junie 1934 van die Hertzog-Smuts program deur die Uniale Bestuur van die Suid-Afrikaanse Party en die goedkeuring deur die Federale Raad, was dit duidelik dat samesmelting tussen die twee partye 'n werklikheid sou word. 'n Skeuring in die Nasionale Party geledere was eweneens onafwendbaar. Die komende provinsiale kongresbeslissings sou dit dan ook bevestig.

Die dieper liggende oorsaak vir hierdie onversoenbaarheid tussen die twee politieke groepe was die uiteenlopende lewensbeskouinge wat elkeen gehuldig het. Wesenlik gaan dit weer hier om 'n stryd tussen "Boer" en "Brit", "Imperialisme" en "Republikanisme." Die nasionaalgesinde Afrikaner wat hom nie kon losmaak van sy volksgeskiedenis en -tradisies en -instellings

---

95. C.M. van den Heever., Genl. J.B.M. Hertzog. pp. 632 - 642. O. Pirow., J.B.M. Hertzog. pp.185-188

96. D.F. Malan., Is die ooreenkoms verbreek. p.13. Die Burger, 25/6/1934, 29/6/1934. Die Volksblad, 6/9/1934, Hoofartikel.

nie, het gevrees dat sy nasionale vryheidstrewe oorheers en vernietig sou word deur die sterk imperialistiesgesinde Brit in Suid-Afrika. Hulle het hul weg nie oopgesien om in die nuwe party met sy uiteenlopende en on-nasionale elemente opgeneem en verdelg te word nie.

Hierdie groot verskil in lewensbeskouing en opvattings van groot vraagstukke het dit onmoontlik gemaak dat 'n Malan en 'n Smuts, 'n Strijdom en 'n Blackwell, 'n Swart en 'n Hofmeyr en 'n Van der Merwe en 'n Nicholls in een politieke party kon saamsit. En dat genl. Hertzog ooit gepoog het om so iets te doen, moet dan ook aangemerk staan as die grootste politieke flater van 'n loopbaan wat vir die Afrikaanse volk in baie ander opsigte baie beteken het.[97]

Te midde van hierdie gees van politieke verdeeldheid en broedertwis, moes die verskillende provinsiale kongresse byeenkom om die nuwe party sy beslag te gee. In die Vrystaat en Transvaal het die onderskeie Waaksaamheidskomitees van die Nasionale Party geesdriftig georganiseer om die voortbestaan van hierdie party te verseker. In die Vrystaat het dié komitee vir die eerste maal op 19 Januarie en toe weer op 27 Junie 1934, bymekaar gekom. Daar is besluit dat alles gedoen moes word om die voortbestaan van die Nasionale Party te verseker omdat die Hertzog-Smuts-basis onaanneemlik was.[98]

---

97. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe, pp. 282-283.

98. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party .... p.155. Die Volksblad, 27/6/1934. M.C. van Rensburg., Kort Oorsig ... p.32, maak ook melding van 'n byeenkoms wat gehou is op 11 Junie 1934. Volgens G.D. Scholtz., Dr. N.J van der Merwe. p. 280 was die byeenkoms van 11 Junie die Sentrale en nie die Algemene Waaksaamheidskomitee nie. Sien ook voetnote 52 & 53.

In Transvaal het die Waaksaamheidskomitee reeds sedert Januarie 1934 periodiek vergader. Op die byeenkomste van 3 en 4 Julie is daar 'n program van aksie vir die voortbestaan van die Nasionale Party op 'n sterk republikeinse grondslag, opgestel. Adv. J.G. Strijdom het die gevoel van die komitee soos volg weergegee: "Alleen kan samesmelting geregverdig wees as daar geen verskil meer is nie. Maar genl. Smuts het 'n uit en uit imperialistiese beleid aangekondig. Die gewese Nasionale leiers het imperialisties geword. Laat hulle Sap word, dog die Nasionale Party sal op 'n gesuiwerde grondslag gehandhaaf word." [99] Op die Transvaalse Waaksaamheidskomitee was ook teenwoordig mev. Mabel Jansen van Natal en sy het ook verklaar dat samesmelting die verdwyning van die Nasionale Party vooropstel en dat daar in die nuwe party geen plek vir die arm man of die Afrikaner sal wees nie. Mev. Jansen het ook erken dat die grootste gedeelte van die Nasionaliste in Natal die twee generaals heelhartig steun.[100]

In teenstelling met die ander provinsies was die Nasionale Party in Kaapland verenigd. Die grootste deel van die Nasionaliste het geweier om te smelt en het rotsvas by hulle leier, dr. Malan, en die behoud van die Nasionale Party gestaan. Uit die 69 beskrywingspunte wat ontvang is vir die komende kongres, was slegs 9 vir samesmelting.[101]

---

99. Die Burger, 5/7/1934. Die Vaderland, 6/7/1934.

100. Ibid., M.P.A. Malan., Die Nasionale Party ..... p.156.

101. Die Burger, 20/7/1934.

Die Kaaplandse Nasionale Party Kongres het op 26 Julie 1934 in Somerset-Wes plaasgevind. Min. Attie (A.P.J.) Fourie het die stryd vir samesmelting gevoer, maar het hopeloos gefaal. Die volgende voorstel van sen. W.A. Hofmeyr is namens die Hoofbestuur aan die kongres voorgelê en is met die geweldige meerderheid van 164 teen 18 stemme aanvaar: "Die kongres besluit dat hy die meerderheidsbesluit van die Federale Raad verwerp en dat die Nasionale Party bly voortbestaan. Die kongres gee opdrag aan die Hoofbestuur om toe te sien dat in samewerking met die organisasies van die Nasionale Party in die ander Provinsies wat insgelyks bly voortbestaan ons program van beginsels hersien word, sodat dit aanpas by die veranderde landsomstandighede." [102]

Tereg het dr. Malan op min. Fourie se pleidooie vir samesmelting en die behoud van eenheid van die Afrikanerdom, die volgende repliek gelewer: "As ons in die nuwe party gegaan het, sou dit geen oorwining vir die Afrikanerdom gewees het nie, maar sou 'n nog hopeloser nederlaag gely het, want hy sou sy siel verloor het." [103]

Hierdie houding sou ook anti-smelters in die ander drie provinsies vurig begeester, alhoewel nie in sulke groot getalle soos in die Kaapprovinsie nie.

---

102. Ibid.

103. Die Burger, 28/7/1934.

Op die vooraand van die Vrystaatse Nasionale Party Kongres wat op 31 Julie in Bloemfontein plaasgevind het, het dr. N.J. van der Merwe, leier van die Vrystaatse Nasionaliste, hom soos volg op 'n monstervergadering uitgelaat: "Die Nasionale Party sal voortbestaan as 'n gesuiwerde party, as 'n Volks-party."[104] Dit was 'n duidelike bewys dat geen eenparige mosie vir samesmelting tydens die kongres verkry sou word nie.

Ongehoorde tonele van bitterheid het hulle tydens die Vrystaatse kongres afgespeel. In sy openingsrede het genl. Hertzog op die gehoor 'n beroep gedoen om die verlede te vergeet en het hy dit beklemtoon dat geen ander volk meer dankbaarheid en beter samewerking van Suid-Afrika verdien as Brittanje nie. Die boodskap van Kaapland wat deur adv. F.C. Erasmus oorgebring is, was 'n besliste teenspraak met genl. Hertzog se lofrede oor Brittanje. "Die Nasionaliste in Kaapland kan hulle nie versoen met die vorm wat imperialisme en kapitalisme nou aangeneem het nie, omdat hul einddoel 'n vrye soewerein-onafhanklike republiek is - ons weier om die Britse konneksie te handhaaf."[105] Die skeuring in die Vrystaatse Nasionale Party het 'n koldwonge feit geword toe die voorstel dat die program van beginsel vir die nuwe party, soos deur genl. Hertzog opgestel en deur die

---

104. Ibid.

105. Notule Vrystaatse Kongres, 31 Julie 1934.

Federale Raad aanvaar, met 'n meerderheid van 107 teen 27 stemme aangeneem is.[106] Die Vaderland is ook gekies as die mondstuk van die nuwe party weens die vyandigheid van Die Volksblad wat tot die Malaniete se geledere toegetree het.[107] Selfs dr. N.J. van der Merwe se voorstel dat daar afgesien moet word van vereniging, dat koalisie vir 'n verdere vier jaar uitgetoets moes word terwille van die ekonomiese opheffing van die volk, is met 107 teen 27 stemme verwerp. Die minderheid het die kongres verlaat, dit wil sê, ses lede van die Sentrale Bestuur en 21 wettige afgevaardigdes. Hulle het daarop in die Oranje-koffiehuis vergader waar besluit is om die Nasionale Party voort te sit. Dr. N.J. van der Merwe is tot voorsitter gekies en min. J.A. Haarhoff tot sekretaris van die Hoofbestuur onder wie adv. C.R. Swart ook was. Die Waaksaamheidskomitee tesame met meer as honderd bestuurslede van verskillende Vrystaatse Nasionale Partytakke het op 2Augustus byeengekom en die voorneme is uitgespreek om die Nasionale Party se beginsels te handhaaf en dit van nuuts af op te bou. 'n Kongresdatum is vir Oktober van dieselfde jaar bepaal. Tereg het mnr. A.J. Werth tydens hierdie byeenkoms die woorde van genl. C.R. de Wet aangehaal: "Liewer op 'n mishoop met my volk as met konings en prinse in 'n paleis."[108]

---

106. Ibid. Die Burger, 1/8/1934. Die Volksblad, 1/8/1934.

107. Die vyandige aanvalle van genl. Hertzog teen Die Burger en Die Volksblad word in Hoofstuk II bespreek.

108. Die Burger, 3/8/1934. Die Volksblad, 2/8/1934.

In die lig van die voorafgaande gebeurtenisse was een ding baie duidelik en dit was dat die persoon van genl. Hertzog vir die O.V.S.-smelters die bepalende faktor was en nie soseer beginsels nie. "Staan by jou leier" en nie "Staan by jou volk" was dan ook die wesenlike verskil tussen die Vrystaatse smelters en die Kaaplandse anti-smelters.

Van Bloemfontein is genl. Hertzog na die Transvaalse Nasionale Party Kongres wat op 8 Augustus 1934 gehou is. In sy toespraak op dié kongres het genl. Hertzog weer eens die Britse Ryk lof toegeswaai deur onder andere te sê dat Suid-Afrika het alles verkry waarvoor hy geveg het en die stryd met Brittanje is verby. "Byna al die Engelse van die S.A.P. het ons die broederhand toegereik. Hulle is bereid om die regte van die Afrikaanse taal te help handhaaf. Laat ons een party vorm, laat ons een volk opbou, het hulle gesê. Kon 'n mens dit weier."[109]

In teenstelling met genl. Hertzog se verklaring, het sen. A.T. Spies, afgevaardigde van Natal, verklaar dat baie meer "Sappe" as "Nattes" buitekant die nuwe party sal bly en wel omrede die Engelssprekendes grotendeels nog nie Afrikaner geword het nie.

Toe adv. J.G. Strijdom op die kongres wou praat, is dit hom geweier omdat hy nie 'n afgevaardigde was nie, desnieteenstaande het min. J.H. Hofmeyr kans gekry om te praat.[110] Mev. Jansen

---

109. Die Burger, 9/8/1934.

110. Die Vaderland, 10/8/1934. Die Burger, 9/8/1934.

was op die voorpunt in die stryd teen die ontbinding van die Nasionale Party. Sy het daarop nadruk gelê dat die ontwerp-ooreenkoms geen nasionale toekoms waarborg nie. 'n Teen-voorstel is deur haar gemaak wat ondermeer behels het dat die voorgestelde "basis" nie algemene bevrediging gee nie omdat dit in stryd is met die beginsels van die Nasionale Party soos onder andere, die handhawing van die Britse konneksie en die vae beginsels ten opsigte van die ekonomie, landbou- en kleursake.[111]

Ook hier was die meerderheid Transvalers ten gunste van samesmelting. Die voorstel om saam te smelt is met 'n meerderheid van 281 teen 38 stemme goedgekeur. Hier het slegs een Transvaalse leier, adv. Strijdom daarteen standpunt ingeneem.

Op 9 Augustus 1934 het die 38 Nasionaliste wat in die minderheid was, die saal verlaat en die kongres van die Nasionale Party in die Polley's Hotel in Pretoria voortgesit. 'n Voorlopige Hoofbestuur is gekies om in samewerking met die Waaksaamheidskomitee die bestuur voort te sit. Dit het uit die volgende persone bestaan: Sen. T.C. Stofberg, Mev. A.M. Jansen, dr. C.J.H. de Wet, ds. W.J. de Klerk, prof. L.J. du Plessis, adv. J.G. Strijdom, L.V., J.P.Z. Theunissen, C. Smit, L.P.R., M. van der Ahee, dr. Theo Wassenaar

---

lii. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party .... p.158. Die Vaderland, 10/8/1934; A.C. van Wyk., Die geskiedenis van die Nasionale Party in Transvaal. p.7 soos aangehaal in M.P.A. Malan-versameling P.V. 34.

en ander. Mevrou Jansen was die voorlopige voorsitster en mnr. M. van der Ahee die sekretaris. Adv. J.G. Strijdom is gekies as verteenwoordiger op die Federale Raad.

Die voorlopige Hoofbestuur van die (gehandhaafde) Nasionale Party het namens die minderheidskongres 'n verklaring uitgereik wat onder andere soos volg gelees het: "Die Bestuur voel oortuig dat die heil van die volk van Suid-Afrika alleen in die handhawing, suiwering en uitvoering van die ou beproefde beginsels van die Nasionale Party gekry kan word en beskou dit in belang van die volk en vaderland om die kongres te vra om te besluit dat die Nasionale Party moet voortbestaan om met vernude krag en beslistheid, die ekonomiese vraagstukke van die volk in 'n duidelike Program van Aksie beet te pak en die voortbestaan van Blanke Suid-Afrika te verseker."[112]

Verder word verklaar dat die besluit van die meerderheid ooreenkomstig Artikel 2 en 11 van die Program van Beginsels en die Konstitusie van die Nasionale Party van Transvaal hulle nie meer as lidmate van die Nasionale Party kan beskou nie.[113]

Hierop het genl. Hertzog soos volg geantwoord: "Hulle kan doen wat hulle wil, maar hulle het geen reg om hulself die Nasionale Party te noem nie."[114] Die minderheid wat hul verset het teen die meerderheid was klein, maar die toets van die tyd het

---

112. A.C. van Wyk., Die Nasionale Party ... Transvaal. p.8. Die Burger, 10/8/1934, 14/8/1934.

113. Ibid., pp. 7-8.

114. Die Burger, 11/8/1934.

bewys dat hulle gelouter uit die smeltkroes sou tree.

Na wat op die Vrystaatse en Transvaalse kongresse gebeur het, was dit duidelik dat genl. Hertzog ook op die Natalse Nasionale Party Kongres, die laaste van die reeks, 'n groot meerderheid vir samesmelting sou kry. Natal se kongres het op 14 Augustus 1934 op Vryheid plaasgevind. Samesmelting is dan ook hier met 'n meerderheid van 59 stemme goedgekeur.[115] In sy toespraak het hy weer eens na Engeland verwys as Suid-Afrika se beste vriend en dat "ons alles verkry het waarvoor die Nasionale Party hom in die verlede beywer het. Die Nasionale Party het sedert 1924 regeer met behulp van sy Engelssprekende Arbeider-vriende, hoe kan ons hulle nou wantrou."[116] Kaapland was, volgens genl. Hertzog, nie met hart en siel by hul leier, dr. Malan, nie en wat Die Burger en Die Volksblad as mondstukke van die Malaniete betref, kan hulle nie ernstig opgeneem word nie.

Die minderheid in die Natalse Kongres onder leiding van mev. M. Jansen, het aan die kongres bekend gemaak dat "ons samesmelting nie kan steun nie en ons handhaaf die voortbestaan van die Nasionale Party."[117] Hulle het ook soos in die Vrystaat en Transvaal die kongres verlaat en in 'n afsonderlike konferensie byeengekom om planne te beraam om by die Nasionale opposisiegroep onder dr. D.F. Malan aansluiting te soek. Aanvanklik het mev. M. Jansen as voorsitster opgetree, maar

---

115. Die Volksblad, 15/8/1934. Die Burger, 15/8/1934. Die Vaderland, 17/8/1934.
116. Die Burger, 15/8/1934. Die Vaderland, 17/8/1934.
117. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party ..... p.159.

later is mnr. A. Nel as voorsitter en mnr. H.T.W. Tromp van Vryheid as sekretaris van die Natalse "Gehandhaafde" Nasionale Party gekies.[118]

In hierdie skynbare gees van eensgesindheid oor samesmelting het die Unionale Kongres van die Suid-Afrikaanse Party op 23 Augustus 1934 in Bloemfontein byeengekom. Van die ongeveer 460 afgevaardigdes was slegs die klein groepie onder kol C.F. Stallard, later die Dominion Party, teen samesmelting.[119] Die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party het egter eers sy finale beslag op die stigtingskongres van 5 Desember 1934 in Bloemfontein gekry.[120]

Die program van beginsels van die nuwe Verenigde Party was basies dieselfde as die wat genl. Hertzog op 6 Junie 1934 gepubliseer het.[121]

In die nastreef van die gemeenskaplike ideaal van volkseenheid het die weë van genl. Hertzog en dr. Malan dus nou uiteengeloop. Om sy ideaal van volkseenheid te verwesenlik het genl. Hertzog geglo dat sy tweestroombeleid die Afrikaner se identiteit, taal en kultuur gewaarborg en veilig gestel het. Hy het die tyd ryp geag om nader aan die Engelstalige kultuurgroep te beweeg, nouer met hul saam te werk en die twee blanke

---

118. C.J. Botha., Die Nasionale Party .... Natal. p.5. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party ..... p.159.

119. Die Vaderland, 23/8/1934. Vergelyk ook voetnote 79.

120. The Friend, 6/12/1934. Hoofartikel. Genl. Smuts het aangehaal: "Ons is hier vandag getuie nie slegs van die ontstaan van 'n groot party nie, maar in iedere ware sin van die woord ook van die geboorte van 'n nasie."

121. Die Burger, 5/12/1934. Sien ook voetnote 80 en 81.

taalgroepe in een stroom te laat saamvloei. In die nastrewe van sy verenigingsideaal was genl. Hertzog later al hoe meer verplig om sterker op die steun van die Engelssprekendes staat te maak sodat hy steeds meer en meer van 'n groot deel van sy Afrikaanse ondersteuners geïsoleerd geraak het. Daarenteen was dr. Malan slegs te vinde vir hereniging met ander woorde samevoeging van Nasionale gesinde elemente wat deur innerlike oortuiging bymekaar hoort, dit wil sê Afrikanervolkseenheid.

Dr. Malan was oortuig dat die Afrikaanssprekende met sy besondere nasionale beginsels absoluut in die sterk Engelstalige stroom van 'n Verenigde Party opgeneem sou word. 'n Betekenisvolle feit is dat toe genl. Hertzog die samewerking van die Engelssprekendes gekies het en dr. Malan hom vereenselwig het met die Afrikaanse volksgedagte, het genl. Hertzog aan krag ingeboet wat dr. Malan gewen het. Genl. Hertzog se politieke mantel as kampvegter vir die Afrikaanse saak het daarmee oorgegaan op dr. Malan. Soos genl. Hertzog se ou Nasionale Party meer was as 'n politieke party so ook het die nuwe Nasionale Party na samesmelting, die politieke flank van die Afrikaanse volksbeweging geword.[122]

Dit was onmoontlik om plotseling 'n verenigde nasie deur middel van blote samesmelting van die twee groot partye teweeg te bring. Werklike samesmelting moes veel dieper gaan. Dit het

---

122. N.G.S. van der Walt., Die Republikeinse strewe: Dryfvere en Probleme binne die Suid-Afrikaanse Partypolitiek 1902 - 1961. D. Phil. proefskrif P.U. vir C.H.O. 1968. p.135.

150548

U.O.V.S.—U.O.F.S. BLOEMFONTEIN BIBLIOTEEK-LIBRARY

onderlinge eensgesindheid veronderstel. In hierdie geval het dit byna heeltemal ontbreek tussen die twee groepe in die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party, van wie die ideale en belange hemelsbreed verskil het. Dit was 'n byna onbegryplike en sekerlik weergalose poging om ongelyke en uiteenlopende elemente saam te sweis; Smuts en Hertzog: Imperialis en Nasionalis; Brit en Boer; Mynbaas en Arbeider; en selfs in 'n mate Kapitalis en Kommunis.[123] Trouens dr. Malan het self verklaar dat die netto-resultaat van genl. Hertzog se beloofde poging om bymekaar te bring alleen Afrikaners .... van dieselfde innerlike politieke oortuigings, 'n politieke mengelmoes is soos selfs in die ergste dae van die Sap-Unionistiese Party nooit gesien het nie.[124]

---

123. F.S. Crafford., Jan Smuts ..... p.299.

124. D.F. Malan., Is die Ooreenkoms verbreek? Pamflet. p.6

HOOFSTUK II

RE-ORGANISASIE EN HEROPBOU VAN DIE NASIONALE PARTY

"Moet nie bang wees vir opofferings nie. Ek gaan die opoffering wat ek moet maak, met oop oë tegemoet en waar ek opofferings van u vra, daar sê ek nie "Gaan" nie, maar ek sê: "Kom".

Dr. D.F. Malan

Die Burger, 27 Julie 1934

I. DIE "GESUIWERDE" NASIONALISTE - STIGTING VAN DIE PARTY

Die taak van dr. D.F. Malan

Die periode wat gevolg het onmiddellik op die samesmelting tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party, was vir die oorblywende Nasionaliste onder leiding van dr. Malan, 'n tydperk van beproewing. Hierdie sogenaamde 'Gesuiwerdes" het aan die begin werklik nie geweet met hoeveel ondersteuners hulle die opdraende stryd sou voortsit nie.

In Transvaal het die Nasionale Party die grootste terugslag ontvang, want al die Nasionale Party-volksraadslede, behalwe een, adv. J.G. Strijdom, is in die nuwe Verenigde Party opgeneem. Onder die Senatore was daar drie - dr. T.C. Visser en mnre. T.C. Stoffberg en P.W. le R. van Niekerk

wat nie tot die Verenigde Party toegetree het nie.[1]

In Natal waar die Nasionale Party as gevolg van die sterk Britsgesinde element nooit baie stewig gestaan het nie, het onder andere mev. M. Jansen, mnre. A. Nel, H.T.W. Tromp, J.J. Kemp en J.P. van Niekerk, hulle vir die voortbestaan van die Nasionale Party beywer.

In die Vrystaat, net soos in Transvaal, het die Nasionale Party 'n geweldige knou gekry. Soos reeds daarop gewys, het genl. Hertzog as persoon sowel as leier van die eertydse Nasionale Party eerder as beginsels veel daartoe bygedra om die Vrystaatse Nasionaliste tot samesmelting te bekeer. Tereg het dr. Malan verklaar dat die mense wat vandag die Nasionale Party verlaat, dit doen nie uit oortuiging nie en ook nie omdat hulle nou met die vroeëre opposisie van die party ooreenstem nie. Hulle verlaat die party slegs omdat genl. Hertzog hulle daartoe lei.[2] Genl. Hertzog sou in die Oranje Vrystaat egter in dr. N.J. van der Merwe, die leier van die Vrystaatse Nasionaliste, sy grootste teenstander vind. Vrystaatse volksraadslede wat hulle by dr. Van der Merwe geskaar het, was onder andere adv. C.R. Swart, mnre. J.J. Haywood en R.A.T. van der Merwe.[3]

Die Kaaplandse Nasionale Party onder hoofleiding van dr. D.F. Malan het die sterkste teen die samesmeltingsbeweging gestaan. In vergelyking met die ander drie provinsies het dit weinig van

---

1. G.D. Scholtz., Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe. p.296
2. Die Burger, 18/8/1934.
3. J.J. van Rooyen., Die Nasionale Party ... Kaapland. p.137

sy kragte ingeboet. Opposisie nuusblaaie het groot sensasie daaraan verleen en ten regte beweer dat vyftig persent van die Kaaplandse Nasionaliste by die nuwe Verenigde Party aangesluit het. Onder die 48 takke was daar ongeveer 23 waarvan geen lid smelter geword het nie. Daaronder was groot takke soos Porterville, Riebeeck-Wes en Somerset-Wes met onderskeidelik elk 235, 242 en 227 lede.[4]

Dr. D.F. Malan het met sy "Gesuiwerde" of "Gehandhaafde" Nasionale Party die politieke woestyn ingegaan en die taak wat daar op hulle gewag het, was verbysterend. "Die pad van oortuiging is opdraende en langsaam, maar hy is seker. Ons wil niks anders as 'n innerlike eenheid hê nie, waarsonder, soos genl. Hertzog indertyd gesê het, 'n party sielloos is."[5] Dr. Malan het die uiters onaangename taak gehad om die Suid-Afrikaanse volk te oortuig dat genl. Hertzog die saak van die Afrikanernasionalisme versaak het. Selfs van dr. Malan se intiemste volgelinge het dikwels getwyfel oor die uiteindelike sukses van dié taak. Die "Gesuiwerde" Nasionale Party het die eerste paar jaar 'n verbete stryd gevoer omrede so vele Nasionaliste trou aan genl. Hertzog gesweer het en hom blindelings gevolg het. "For the first few years Malan had to fight a desperate rearguard action, exploiting every opportunity of exposing Hertzog's "betrayal" of the principles he had formerly professed

---

4. The Friend, 5/12/1934. Die Burger, 1/12/1934.

5. Die Burger, 14/9/1934.

and trying to sow the seed of discord between Hertzog and Smuts." [6]

Dit is egter belangrik om die strewe en die roeping van dr. Malan in die uitbouing van die "Gesuiwerde" Nasionale Party teen die agtergrond van sy Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing te projekteer, want daaruit het hy die stukrag vir hierdie grootste Afrikanersaak geput.

Dr. Malan se volksbegrip en sy ideaal van volkseenheid was dan ook beperk tot die Afrikanervolk se eie voortbestaan wat as 'n Godsbeskikking tot Gods eer gehandhaaf moet word en nie opgelos mag word in 'n reeds bestaande of nog nie bestaande volk nie.[7] In sy afskeidspreek te Graaff-Reinet op 13 Junie 1915 om redakteur van die pasgestigte Nasionale koerant, Die Burger te word, het dr. Malan die volgende stelling gemaak: "Die volk wat in sy eie wording waarlik God erken en verheerlik en wat daarom aan sy eie voortbestaan groot waarde heg, sal juis daarom ook gereed wees om hom gewillig onder die beskikking van God te buig. Vra die volk om hom in 'n ander bestaande of nog nie bestaande volk te verloor en hy sal antwoord: om die ere Gods, beslis nee."[8] In hierdie verklaring het die sleutel gelê vir sy weiering om die Nasionale Party hom te laat oplos in die nuwe volkseen-

---

6. D.W. Kruger., The making of a Nation. p.186. W.K. Hancock., Smuts, The Fields of Force. p.287.

7. J.A. Coetzee., Nasieskap ..... p.291. Vergelyk ook Die Burger, 29/4/1938.

8. Ibid., pp. 290-291.

heid wat met samesmelting beoog is.

Dr. Malan se hele gesindheid en houding ten opsigte van die beweging tot samesmelting met volksvreemde elemente, was dus 'n besliste uiting van sy diepste in God verankerde, Calvinistiese beskouing oor die roeping en die bestemming van 'n eie organiese Afrikanervolk. So is dan ook die leuse van sy lewe verstaanbaar naamlik "Glo in God! Glo in jou volk! Glo in jouself!"[9]

Ook die begrip van volksvryheid was veranker in sy Calvinistiese volksbegrip, want daarom het hy dit herhaaldelik gestel dat die Afrikanervolk vry moet wees van vreemde oorheersing. Hierin sien ons 'n duidelike weerspieëling van sy reaksie teen die "Britse konneksie" wat as 'n voorbehoud in die nuwe Verenigde Party gestel is.

Heel spoedig was dit duidelik dat dr. Malan die steun van die kern van die Afrikaner Calviniste sou ontvang soos dit geopenbaar is in die verskeie kulturele en intellektuele organisasies wat voorheen kragdadig agter genl. Hertzog gestaan het, onder andere die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings en selfs die Broederbond. Inderwaarheid het hierdie voormalige ondersteuners van genl. Hertzog later sy kragtigste opponente geword. Die kultuurorganisasie se aanvalle soos dit later sal blyk, sou ook meer in besonder teen die persoon van genl. Hertzog as

---

9. Ibid., p.292.

teen genl. Smuts gemik wees. Afrikaner Calvinisme het deur al die jare heen 'n sterk invloed op die politieke en nasionale bewussyn van die Afrikaner uitgeoefen. In wese het Afrikaner Calvinisme, soos deur ons volksgeskiedenis bewys, sy sterkste vyand in Britse imperialisme en liberalisme gevind - twee uiteenlopende elemente wat totaal onverenigbaar en onversoenbaar was, soos die "innerlike" eenheid van die Verenigde Party ook gedurende 1939 sou bewys het.

Uit die aard van die saak, het die Afrikaner nog altyd sy politiek met erns benader, want die behoud van die Afrikanerdom was vir hom voortdurend op die spel en in isolasie het hy hom heel dikwels die veiligste gevoel. Dit was hierdie groepie van isolasioniste wat hulle vierkantig agter dr. Malan geskaar het. In hierdie isolasietradisie het dan ook trouens die krag van die Afrikanerdom gelê. Hierdeur is die suiwer nasionale beginsels van die Afrikanervolk gewaarborg en die eie besondere volksidentitiet ten volle beskerm. "They detested every manifestation of pro-British sentiment as emanating from a spirit false and utterly alien to South Africa." [10]

Dr. Malan sou genl. Hertzog met dieselfde taktiek beveg as wat genl. Hertzog twintig jaar van te vore met welslae teen genl. Botha gebruik het. "The very name of his new party - Purified National Party - contain an indictment of the old leader;

---

10. D.W. Kruger., The Making of a Nation. p.187.

it made him out to be, although not personally corrupt, an errant, a lapsed Afrikaner. This Malan sincerely believed."[11]

Genl. Hertzog het telkens na die "Gesuiwerdes" of "Malaniete" as 'n paddastoel party verwys, na hul strewe net vir eie belang en dat hulle hul nie met die Engelssprekende deel van die bevolking kan versoen of wil saamwerk nie.[12] Hierdie "Nasionale Party" was volgens hom net 'n skaduwee van die ware Nasionale Party en hy was oortuig dat hulle vir die Afrikanersaak niks meer sou bereik nie. Hulle sou die volk slegs verbrokkel omdat hulle in 'n ligledige ruimte wou bou deur sy prestasies te ontken en te verkleineer en deur nasionalisme as die uitsluitlike besit van 'n beperkte groep op te eis.

Teen die geweldige invloed van die twee groot Boeregeneraals was dit vir die Nasionale Partynie moontlik om vinnig te vorder nie.

Re-organisasie en heropbou

Kaapland wat samesmelting die sterkste teengestaan het, het sy partyorganisasie behou. Tydens die Kaaplandse Kongres, 26 Julie 1934 te Somerset-Wes, is die volgende persone tot lede van die Kaaplandse Hoofbestuur gekies: Dr. Karl Bremer, L.V. (ampshalwe); Mev. G. Hofmeyer (ampshalwe); adv.

---

11. W.K. Hancock., Smuts, The Fields of Force. p.253

12. Die Burger, 8/9/1934. 12/9/1934.

F.C. Erasmus L.V. (ampshalwe); mev.(dr.) J.S. du Toit; sen. W.A. Hofmeyer; adv. J.H.H. de Waal, L.V.; mnr. P.O. Sauer, L.V.; mnr. P.J. van Nierop; adv. S.P. le Roux, L.V.; en mev. R. Theron (Suidwestelike Distrikte). Mnr. W.B. de Villiers, L.V. en mev. J. Malherbe (Westelike Provinsie). Ds. C.W.M. du Toit en mev. M.M. Froneman (Middellande). Mnr. D.H. van Zyl, L.P.R. en mej. M. Louw (Noordweste). Mnr. J.C. Dreyer en mev. W. Dempsey (Grens). Mev. C.L. Oosthuizen en mnr. P.J. Grobbelaar. Laasgenoemde twee is gekies as "spesiale verteenwoordigers" van die industriële sentrums en het geskied op grond van die besluit dat twee persone van die arbeidersklas ook verteenwoordiging op die Hoofbestuur sal hê. Veral dr. Malan het dit sterk bepleit omdat dit groot sentimentele waarde sal hê as die arbeiderstand ook in die Hoofbestuur verteenwoordig sal wees - die Nasionale Party is tog die party vir die arm man en die werkersklasse. Om hierdie rede is die aantal lede van die Hoofbestuur van vyftien tot sewentien vermeerder.[13]

Mnr. P.F. Theron en Kie is ook herkies as ouditeure van die Kaaplandse Nasionale Party.

As verteenwoordigers op die Federale Raad, word tesame met dr. Malan (ampshalwe) gekies: Dr. K. Bremer, L.V., adv. F.C. Erasmus, L.V., ds. C.W.M. du Toit, L.V., en sen W.A. Hofmeyer en as secundi: mev.(dr.) Du Toit, mev. P.O. Sauer, mev. M.M. Froneman en mnr. J.C. Dreyer.

---

13. Die Burger, 28/7/1934.

Die eerste taak van die Hoofbestuur van Kaapland, soos bepaal tydens die kongres van 26 Julie 1934 te Somerset-Wes, was om in samewerking met die organisasies van die Nasionale Party in die ander Provinsies die program van beginsels te hersien sodat dit sal aanpas by die veranderde landsomstandighede.[14]

Die heropbou en reorganisasie van die "Gehandhaafde" Nasionale Party in die Vrystaat, Transvaal en Natal, het op 'n baie klein skaal begin, want dit moes uit die grond opgebou word. Dit het alle fondse, partymasjinérie en selfs notuleboeke verbeur.

Die reorganisasie in hierdie provinsies het in werklikheid by elk van die minderheidsgroepies begin wat die Nasionale Party-samesmeltingskongresse verlaat het. In elk van die drie provinsies is 'n voorlopige Hoofbestuur asook afgevaardigdes gekies vir die voorlopige Federale Raad wat op 7 November 1934 in Bloemfontein sou plaasvind.

In die Vrystaat is dr. N.J. van der Merwe tot voorsitter en mnr. J.A. Haarhoff tot sekretaris van die voorlopige "Sentrale Komitee" gekies. Dié benaming is in 1935 tot "Hoofbestuur" verander.[15] As lede vir die Federale Raad is gekies: Dr. N.J. van der Merwe, L.V., adv. C.R. Swart, L.V., sen. M.J. Vermeulen en mevv. E.S. de Villiers en E.M. van Schalkwyk.

---

14. Die Burger, 27/7/1934.

15. M.C. van Rensburg., Kort Oorsig .... Vrystaatse Nasionale Party. p.59 .

Die Waaksaamheidskomitee van die Vrystaatse Nasionale Party wat gedurende Januarie 1934 saamgestel is, het ook op 2 Augustus vergader om die reorganisasie en heropbou van die party te bespreek en 'n datum vir die kongres wat nog in dieselfde jaar sou plaasvind, is bepaal.

In Transvaal het die 38 Nasionaliste wat op die kongres van 1934 teen samesmelting gestem het, ook 'n voorlopige Hoofbestuur en verteenwoordigers vir die Federale Raad van die "Gehandhaafde" Nasionale Party gekies. Die Hoofbestuur het uit die volgende bestaan: Mev. M. Jansen (voorlopige voorsitster), prof. L.J. du Plessis, mev. M. de Klerk, mnre. J. Venter, D. Grobler, G. Smit, prof. C. de Wet, Dr. T.C. Wassenaar, sen. T.C. Stoffberg, mev. Kruger, mnr. M. van der Ahee (sekretaris), mnr. J. Theunissen, adv. J.G. Strijdom, L.V., mnr. J. Smit, L.P.R., ds. W.J. de Klerk, mev.(dr.) Van Zyl en dr. G. Mes.

As verteenwoordigers op die Federale Raad is gekies: Mev. M. Jansen, prof. C. de Wet, dr. Theo Wassenaar en adv. J.G. Strijdom.[16] Interessant is dit om te vermeld dat adv. E.G Jansen, Speaker van die Volksraad en L.V. vir Vryheid, en sy eggenote in twee verskillende politieke kampe verdeel was waar adv. Jansen ten gunste vir samesmelting en mev. Jansen daarteen was.[17]

---

16. Die Burger, 10/8/1934.

17. Die Burger, 14/8/1934.

Die onmiddellike taak van die voorlopige Hoofbestuur van Transvaal was om volgens konstitusie die Nasionale Party te reorganiseer, takke weer op te bou en nuwe takke te stig.

Uit die 14 lede wat die Nasionale Party Kongres van Natal, gehou op 14 Augustus 1934, verlaat het, is 'n voorlopige Natalse Hoofbestuur saamgestel. Mev. Jansen is as voorlopige voorsitster en mev. C.J.S. Lombaard as sekretaresse gekies. Tydens 'n latere kongres, 14 Desember 1934, is mnr. Adriaan Nel tot leier van die "Gehandhaafde" Nasionale Party van Natal en mnr. H.T.W. Tromp van Vryheid as sekretaris gekies. Op hierdie stadium is daar nie afgevaardigdes vir die Federale Raad benoem nie en het die Hoofbestuur van Natal blykbaar direkte verteenwoordiging op die Federale Raad gehad.
Na die samestelling van die Hoofbesture en die benoeming van afgevaardigdes vir die Federale Raad deur die vier provinsies, kon die eerste sitting van die Federale Raad van die "Gesuiwerde" Nasionale Party onder voorsitterskap van dr. Malan op 7 en 8 November in Bloemfontein plaasvind om 'n nuwe program van beginsels op te stel. Adv. F.C. Erasmus is benoem tot sekretaris en 'n kommissie is benoem om die Program van Beginsels van die Nasionale Party te hersien en dit aan die Federale Raad op sy volgende sitting voor te lê.[18]

Die eerste sitting is deur die volgende persone bygewoon:

---

18. The Friend, 8/11/1934. Die Burger, 8/11/1934. Die Vaderland, 9/11/1934.

Dr. D.F. Malan, dr. K. Bremer, L.V., sen. W.A. Hofmeyer, adv. F.C. Erasmus, L.V. en ds. C.W.M. du Toit, L.V. van Kaapland.

Van die Vrystaat was daar die volgende: Dr. N.J. van der Merwe, L.V., adv. C.R. Swart, L.V., sen. M.J. Vermeulen en mevv. E.S. de Villiers en E.M. van Schalkwyk.

Transvaal was verteenwoordig deur: Sen. T.C. Stoffberg, dr. Theo Wassenaar, adv. J.G. Strijdom, L.V., mnr. P.P. Venter en mev. M. Jansen.

Natal: Mnre. A. Nel, H.T.W. Tromp, J.J. Kemp en J.P. van Niekerk.

In direkte teenstelling met die Uniale basis van die Verenigde Party van genls. Hertzog en Smuts, het die "Gesuiwerde" Nasionale Party dus die federale grondslag van die ou Nasionale Party behou.

Hierdie "Federale Raad van die Nasionale Party van die Unie van Suid-Afrika" het dus 'n federasie van die organisasies van die Nasionale Party in die vier provinsies gevorm met die doel vir beter behartiging van hulle gemeenskaplike beginsels en belange. Dit het bestaan uit die leiers van die Nasionale Party in die vier provinsies en vier lede uit elke provinsie wat jaarliks deur elke provinsiale kongres verkies is. Die leier van die Parlementêre Party sal ex officio voorsitter van die Raad wees en sal Leier van die Nasionale Party in die Unie wees. Die doel met hierdie bepaling is om beter voeling te bewerkstellig tussen die Kabinet en die Federale Raad (as daar 'n Nasionale

Regering aan bewind is) en om die Raad se aansien en gesag in die algemeen te versterk.[19] Geen minister sal egter lid van die Federale Raad mag wees nie.[20] Daar is tydens die eerste byeenkoms van die Federale Raad op 7 November 'n voorlopige Konsep-program van Aksie opgestel.[21] Die Hoofbestuur van die Transvaalse Nasionale Party het ook 'n Konsep-program van Aksie met geringe wysiging op die voorbeeld van dié van die Federale Raad opgestel. Dit sou aan die volgende Federale Sitting in 1935 en die Provinsiale Kongresse voorgelê word.[22]

Met die sitting van die Federale Raad afgehandel, moes daar nog twee provinsiale kongresse van die O.V.S. en Natal gedurende 1934 plaasvind. Die verskillende provinsiale kongresse word nog ooreenkomstig die konstitusie van die Nasionale Party soos voor samesmelting uit Hoofbestuurslede en afgevaardigdes van distriksbesture van die provinsie saamgestel.

Oranje-Vrystaat

Die Vrystaatse Kongres het die eerste plaasgevind en wel op 6 en 7 Desember 1934. Op hierdie tweede buitengewone kongres van 1934 is behalwe aan die voorgeskrewe getal afgevaardigdes, nog twee afgevaardigdes van elke tak sittingsreg gegee. Lede

---

19. M.C. van Rensburg., Kort Oorsig .... Vrystaatse Nasionale Party. p.56.

20. Die Nasionale Party van die Kaapprovinsie. Program van Beginsels en Konstitusie 1934 en 1937.

21. Die Burger, 1/12/1934.

22. Verslag van die Hoofbestuur van die Nasionale Party van Transvaal 18 Desember 1934.

van die Sentrale Waaksaamheidskomitee is uitgenooi om die kongres met volle sittingsreg by te woon. By hierdie kongres is besluit om die konstitusie so te wysig dat die kongres sou bestaan uit al die lede van die Sentrale Komitee (dit wil sê Hoofbestuur), twee afgevaardigdes van elke Provinsiale Afdelingskomitee of Sub-Afdelingskomitee, twee afgevaardiges van takke met meer as honderd lede en een afgevaardigde van takke met minder as 100 lede. As gevolg van hierdie besluit het die ledetal van die kongres tot ongeveer 350 in 1936 gegroei, want takke regdeur die Vrystaat het geesdriftig georganiseer om afgevaardigdes na die Kongres te stuur.[23] Waar Nasionale Party-takke bymekaar gekom het, is óf ten gunste van samesmelting óf daarteen besluit. Die liefde en aanhanklikheid wat byna al die Vrystaters vir genl. Hertzog gehad het, het baie takke met 'n meerderheid van stemme laat besluit om genl. Hertzog te volg en dan het die minderheid van voor af begin om 'n tak vir die Nasionale Party te stig.[24] Bykans 300 geesdriftige afgevaardigdes het hierdie kongres van 1934 bygewoon. Die kongres het opnuut sy blywende gehegtheid aan die beginsels en die konstitusie van die Nasionale Party van die Vrystaat betuig en sou hom daaraan as grondslag en as grondwet van sy politieke strewe onderwerp.[25]

---

23. M.C. van Rensburg., Kort oorsig ..... Vrystaatse Nasionale Party. p.66.

24. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party ..... p.164.

25. Die Burger, 7/12/1934. Die Volksblad, 7/12/1934.

Die volgende voorstel met betrekking tot die Republikeinse ideaal is aangeneem: "Die Nasionale Party van die Oranje-Vrystaat verklaar hom beslis ten gunste van die Christelike Republikeinse ideaal en wil doelbewus strewe vir die verwesenliking van die ideaal. Hy versoek die Federale Raad om met die oog daarop artikel 4 duideliker te formuleer. Hangende die verwesenliking van hierdie ideaal langs konstitusionele weg, verklaar die party dit as sy beleid."[26]

Tydens die kongres is Die Volksblad tot partymondstuk in die Vrystaat aanvaar.

Dr. N.J. van der Merwe is ook eenparig as leier van die Vrystaatse Nasionale Party verkies. Hoewel genl. Hertzog sedert 1914 tot en met samesmelting die leier van die Vrystaatse Nasionale Party was, is hy nooit as sodanig deur die kongres gekies nie. In daardie jare wat hy ook nie meer lid van die Sentrale Komitee nie, want volgens die konstitusie kon 'n Minister van die Kroon nie lid van die Sentrale Komitee of Federale Raad wees nie.[27] Vervolgens is daar nou in die konstitusie voorsiening gemaak vir 'n leier toe daar besluit is om 'n nuwe artikel tot die konstitusie by te voeg: "Die kongres kies jaarliks 'n leier vir die party in die Oranje-Vrystaat."[28] Die status

---

26. Die Volksblad, 7/12/1934. Die Burger, 7/12/1934.

27. M.C. van Rensburg., Kort oorsig ..... Vrystaatse Nasionale Party. p.54. Sedert 1935 kon 'n minister wel lid van die Hoofbestuur word, p.59. Sien ook voetnote 20.

28. Ibid., p.55.

van die leier is beskryf as "eerste onder sy gelyke" en hy mag geen stap doen wat in stryd is met die demokratiese grondslag van die party nie.[29] G.D. Scholtz merk hieroor op dat daar in die vervolg gewaak is om aan een persoon te veel mag te gee, want genl. Hertzog het op die kongresse gewoonlik die verrigtinge gedomineer en sy sin gekry, selfs al was die meeste kongresgangers dit met hom nie eens nie.[30] Dr. N.J. van der Merwe sou leier van die party in die Vrystaat tot en met sy dood in 1940 wees.

Die Hoofbestuur van die Vrystaatse Nasionale Party het bestaan uit die volgende wat na 'n jaar moes aftree: Dr. N.J. van der Merwe, L.V., adv. C.R. Swart, L.V., mnr. J.J. Haywood, L.V. en mev. E.M. van Schalkwyk; en die volgende lede wat na 2 jaar moes aftree: sen. M.J. Vermeulen, mnre. J.J. Serfontein, A.J. Werth, Jim Fouché, sen.C.A. van Niekerk, mevv. M.H. van Rhyn, E.S. de Villiers, H. Venter Toerien, D.P. du Toit, J. Muller en B. Becker.

As lede om die Oranje-Vrystaat op die Federale Raad te verteenwoordig is gekies: Dr. N.J. van der Merwe, adv. C.R. Swart, sen. M.J. Vermeulen, mevv. E.S. van Schalkwyk en E.M. de Villiers.

Die hoofleiding van die party in elk van die provinsies, het by hul onderskeie Hoofbesture berus. Die Hoofbesture het voor-

---

29. Die Burger, 8/12/1934; Verslag van die 21ste Jaarlikse Kongres van die Nasionale Party van die O.V.S., 1935. p.29.

30. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.306. Vergelyk ook Die Volksblad, 3/12/1934, 7/12/1934. Hoofartikels.

heen uit 16 lede bestaan, maar gedurende die kongres van 6 en 7 Desember 1934 is bepaal dat die ledetal tot 17 vermeerder word toe die leier van die party ampshalwe lid van die Hoofbestuur geword het.

Natal

Tydens die Natalse Kongres van die "Gesuiwerde" Nasionale Party wat op 13 Desember 1934 te Ladysmith plaasgevind het, is deurgaans sterk klem op die republikeinse ideaal geplaas. Die volgende mosie is dienooreenkomstig eenparig aangeneem: "Die Nasionale Party van Natal verklaar homself beslis ten gunste van 'n Christelike-Nasionale Republiek en streef na die verwesenliking van hierdie ideaal."[31]

Die Burger en Die Volksblad is as die partymondstukke van die Nasionale Party in Natal aanvaar. As ampsdraers van die party is gekies: Mnre. J.J. Kemp (Voorsitter), H.T.W. Tromp (Sekretaris), A.T. Nel as leier en mnr. G.J. Lombard as onderleier. Die keuse van mnr. A.J. Nel tot leier was 'n verrassing, aangesien algemeen verwag is dat mev. E.G.Jansen wat die beweging van die begin af gestuur het en as leier opgetree het sedert samesmelting, tot leier gekies sou word.[32]

Dit was nou nog slegs die Transvaalse Kongres wat moes plaasvind om die Party ook in dié provinsie sy finale beslag te gee.

---

31. Die Burger, 14/12/1934.

32. Ibid.

Transvaal

Voorbrand vir die re-organisasie van die party is reeds tydens 'n vergadering van die Transvaalse Hoofbestuur op 10 Augustus 1934 gemaak. 'n Dagbestuur is gekies met sen. T.C. Stoffberg as voorsitter, mev. M. Jansen (ondervoorsitter) en dr. Theo Wassenaar as sekretaris. Ook is besluit dat met die oog op doeltreffende organisasie Transvaal in kringe ingedeel moet word en dat die kringe onder die Hoofbestuurslede vir bearbeiding verdeel sou word. Hoofbestuurslede sal in hulle kringe saamwerk met lede van die Waaksaamheidskomitee om takke opnuut te laat registreer, nuwe takke te stig en propaganda te maak.[33]

Met die grootste kraginspanning en opoffering is daar gewerk en Transvaal se eerste kongres na samesmelting het op 16 en 17 April 1935 plaasgevind en is deur 150 afgevaardigdes bygewoon.

'n Ontwerp-program van beginsels en 'n konstitusie wat deur 'n spesiale komitee opgestel is, het behalwe artikel vier, nie veel van die ou Nasionale Party se program van beginsels verskil nie. Dit is deur die kongres goedgekeur en die volgende omskrywing met betrekking tot artikel vier is eenparig aangeneem: "Die Nasionale Party is daarvan oortuig dat 'n volk sy hoogste heil en welvaart op geestelike en stoflike gebied alleen kan bereik deur sy eie onafhanklikheid, instellings en beleid te besit

---

33. Verslag van die Hoofbestuur aan die Eerste Kongres van die "Gehandhaafde" Nasionale Party van Transvaal 16-17 April 1935. Die Burger, 11/8/1934.

wat in die volkslewe histories en organies gewortel is ..... die party stel hom ten doel om die selfbeskikkingsreg van die Unie langs konstitusionele weg toe te pas totdat Suid-Afrika 'n vrye en soewereine onafhanklike republiek sal wees, afgeskei van die Britse Kroon en Gemenebes in enige vorm..... [34] Ten opsigte hiervan het adv. J.G. Strijdom verklaar; "Ons kan nie ontrou wees aan daardie historiese ideaal nie en 'n republiek sal vrede bring tussen die rasse. Alleen wanneer ons 'n republiek is, sal ons volk tot volheid ontwikkel."[35]

Die republikeinse beginsel soos deur artikel vier van die Transvaalse program vasgelê en bevestig deur adv. Strijdom se verklaring, is met die oog op die latere verskil oor hierdie beginsel tussen Transvaal en Kaapland van die allergrootste belang. Benewens die Program van Beginsels het die kongres besluit om die leiding van die party in Transvaal aan 'n driemanskap toe te vertrou. Hierdie besluit is met 'n groot meerderheid van stemme aanvaar en dit was duidelik dat die Nasionale Party van Transvaal wou verhoed dat daar te veel mag in die hande van een persoon gegee word, "om die beleid van die party toe te pas, nie om dit neer te lê nie." Die driemanskap was: adv. J.G. Strijdom, dr. C.J.H. de Wet en mev. M. Jansen.[36] Volgens die verklaring van 'n opposisie nuusblad, Die Vaderland skyn dit asof die Transvaalse Nasionaliste mekaar nie vertrou

---

34. Die Volksblad, 17/4/1935.

35. Die Burger, 17/4/1935.

36. Die Burger, 18/4/1935. A.C. van Wyk., Die Nasionale Party ..... Transvaal. p.9.

nie. Ooreenkomstig Die Volksblad is die instelling van die driemanskapleiding in Transvaal 'n sprekende bewys dat die volk se vertroue in leiers, hier bedoelende genl. Hertzog, diep geskok is.[37] Hierdie stap van die Transvalers is moontlik geneem na aanleiding van die besluit van die Vrystaatse Kongres van 6 Desember 1934 om die bevoegdhede en magte van die provinsiale leier van die party duidelik te omskrywe.[38] Die besluit is egter later herroep deur 'n besluit van die Transvaalse Kongres van 29 Oktober 1936 waardeur daar weggedoen is met die driemanskapleiding toe dr. C.J.H. de Wet bedank het. Adv. J.G. Strijdom is eenparig gekies tot leier. Mev. M. Jansen en prof. L.J. du Plessis is as onderleiers verkies. In daardie stadium was daar reeds 250 goed georganiseerde takke.[39] Die amptelike partyorgane was Die Volksblad en Die Republikein.

Samesmelting het 'n geweldige oplewing en verlewendiging in die republikeinse ideaal gebring, soos duidelik blyk uit die omskrywing daarvan deur die kongresse. Die "Gehandhaafde" of "Gesuiwerde" Nasionale Party moes hom, indien hy die steun van die republikeingesindes wou behou, beslis ten gunste van 'n republiek verklaar. Dit het egter heelwat hoofbrekens binne nasionale geledere veroorsaak. Die Kaaplanders, en

---

37. Die Vaderland, 19/4/1935. Die Volksblad, 20/4/1935. Hoofartikel.

38. Sien in die verband voetnote 29 & 30.

39. Die Amptelike Kongres Notule, 1935 - soos aangehaal in M.P.A. Malan, Die Nasionale Party ..... p.165.

veral dr. Malan, het gevrees dat indien die Nasionale Party 'n uitgesproke republikeinse party sou word, baie Suid-Afrikaners wat nie 'n tuiste in die Verenigde Party kon vind nie, van die Nasionale Party vervreem sou raak. Dr. Malan het die Kaaplandse republikeinse standpunt op die kongres van 1934 soos volg verklaar: "Ons wil sonder om die Nasionale Party om te sit in 'n republikeinse party, die deur vir 'n republiek oophou en wil aan nasionaliste die volle vryheid laat om propaganda te maak vir 'n republiek."[40]

Hierdie "loue" republikeinse benadering van die Kaaplandse Nasionale Party het veronderstel dat republikeinse propaganda slegs binne die party toegelaat moet word en 'n strewe na 'n republiek nie as 'n beginsel moet geld nie. Transvaal en die Vrystaat daarenteen het sterk en kragdadig daarop aangedring dat 'n republiek as einddoel in die Program van Beginsels opgeneem moet word.[41] Hierdie onenigheid het 'n groot gevaar vir skeuring in nasionale geledere ingehou en gevolglik die afstigting van 'n party wat uitgesproke republikeins was.

Die daaropvolgende vergadering van die Federale Raad op 5 Julie 1935 het dan ook daadwerklik probeer om die provinsiale verskille in die party met betrekking tot die republikeinse ideaal by te lê. Die komitee wat tydens die Federale Raad sitting van 17 November 1934 aangestel is om 'n Konsep-program van

---

40. Die Burger, 28/7/1934. 6/7/1935.

41. Sien in dié verband voetnote 26, 31 en 34.

Beginsels op te stel, het nou verslag gedoen en die Federale Raad het die Gewysigde Program van Beginsels goedgekeur.

Die poging om 'n formulering met betrekking tot artikel vier te vind, wat almal tevrede sou stel, het soos volg gelui: "Die party is daarvan oortuig dat die republikeinse staatsvorm afgeskei van die Britse Kroon, hom die beste aanpas by die tradisies, omstandighede en aspirasies van die Suid-Afrikaanse volk en hy sal die republikeinse ideaal daarom beskerm en nastreef. Niemand sal egter lidmaatskap van die party ontsê word alleen omdat hy geen oortuigende republikein is nie, tensy die betrokke provinsiale kongresse anders besluit. Hy erken dat 'n republiek tot stand gebring kan word alleen op die breë grondslag van die volkswil en met die getroue inagneming van die gelyke taalregte van die twee seksies van die Blanke bevolking."[42]

Hierdie bewoording van artikel vier was nuut, maar nie die gedagte nie. Dit was 'n weergawe van die staatkundige beleid wat in die beginjare van die Nasionale Party soveel geesdrif verwek het en vir die Nasionaliste oral in die land 'n besieling was. Dit staan in skerp teenstelling naas die "handhawing van die bestaande verhouding tot die Britse Gemenebes" in die program van beginsels van die Verenigde Party.

---

42. Die Burger, 6/7/1935. Die Volksblad, 6/7/1935.

Dit is te vrese dat die opstellers van hierdie artikel die oog te veel op die Kaaplandse groep gerig gehad het. Hulle het te min rekenskap gehou met die gevoelens van die Vrystaters en Transvalers oor die republikeinse ideaal. Spoedig het dit dan ook duidelik geword dat die oorgrote meerderheid van die Nasionaliste hierdie formulering nie slegs as te vaag nie, maar ook as te vol voorbehoude gevind het.[43]

In 'n brief van adv. J.G. Strijdom aan dr. Malan stel eersgenoemde dit baie duidelik dat daar nie die minste kans was om die konsep van die Federale Raad in sy geheel, of deur die Hoofbestuur of deur die aanstaande kongres van die party in Transvaal goedgekeur te kry nie.[44] Adv. J.G. Strijdom beklemtoon verder dat "die Witwatersrand met die toestroming van duisende Afrikaners daarheen dit meer en meer 'n sleutelposisie word, nie alleen op politieke gebied nie, maar ook wat die hele voortbestaan van ons ras en volk betref. Indien die Nasionale Party nie die Afrikaners van die Rand kan behou nie, dan is daar nie veel hoop dat ons ons doel sal bereik nie."[45]

Dr. Malan het in sy antwoord aan adv. J.G. Strijdom die feit betreur dat die Transvaalse Nasionale Party dié houding teenoor die Federale Raad se Program van Beginsels ingeneem het. Dit was vir hom onkonstitusioneel dat 'n provinsiale afdeling 'n

---

43. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.301.

44. N.J. van der Merwe-versameling. Brief van adv. J.G. Strijdom aan Dr. D.F. Malan, 2 September 1935. (Afskrif)

45. Ibid.

eie Program van Beginsels kon opstel en wel met die voorbehoud dat van die aanvaarding daarvan sal afhang of daar geen samewerking en geen algemene Nasionale Party sal wees nie. "Die Nasionale Party is ten slotte nie alleen 'n organisasie om die volksideale en volkswil te vertolk nie, maar dis ook 'n leër wat 'n stryd moet voer met een wil en een plan. Ons kan nie in aparte leërs opbreek wat onafhanklik van mekaar veg nie en ons kan nie gedurig op ons eie spore heen en weer loop nie. Ons is dan gedoem."[46] Dr. Malan het verder aangevoer dat die Federale Raad se Prognam van Beginsels die konstitusionele weg na 'n republiek wil volg deur gebruikmaking van die Unie se soewerein-onafhanklike regte. "Op daardie pad lê die verwydering van al die bekende en nog bestaande ongerymdhede en moontlik algehele uitskakeling van die Imperiale Konferensies, die ontwikkeling van 'n onafhanklike buitelandse beleid, die nasionalisering van die noodsaaklike institusie van 'n staatshoof en gepaard daarmee dan ook die afskaffing van die Koningskap. Op daardie pad, as jy effektief wil optree, mag jy jou soewereine regte nie verkleineer nie, maar moet daarop aanspraak maak in al die volheid van hul betekenis."[47] Die Transvaalse Nasionale Party se optrede, aldus dr. Malan, wil die ander weg volg deur die soewereine regte te wil verkleineer en Suid-Afrika se onafhanklikheid te wil ontken. Daaruit volg logies dat die republiek

---

46. N.J. van der Merwe-versameling. Brief van Dr. D.F. Malan aan adv.J.G. Strijdom, 8 September 1935. (Afskrif) Raadpleeg ook voetnote 35.

47. Ibid.

verkry moet word ten spyte van die feit dat die Unie die konstitusionele reg daartoe nie besit nie, met ander woorde langs die weg van revolusie. "Dit beteken verder die erkenning van 'n nog altyd bestaande Britse of ander Ryksgesag oor ons. Daarin lê ook opgesloten die verwerping van ons hele Nasionale Party-beleid van die laaste twintig jaar."[48]

Uit die voorgaande uiteensetting van dr. Malan oor hoe die republikeinse ideaal verwesenlik moet word, is dit duidelik dat daar slegs twee alternatiewe is om in die Unie 'n republiek tot stand te bring. Eerstens op konstitusionele wyse in ooreenstemming met die algemene volkswil, en tweedens deur 'n revolusie of rebellie, soortgelyk as in 1914, met rampspoedige gevolge.

In sy poging om hierdie onenigheid binne eie geledere te beëindig en om die Transvaalse en ook sommige Vrystaatse ekstremiste van hul verkeerde metodes te oortuig, het dr. Malan tydens die Kaaplandse Nasionale Party Kongres van 17 September 1935 die volgende verklaring gemaak: "As die Nasionale Party republikanisme in sy vaandel gaan sit en 'n beroep op die volk doen, dan moet ons seker wees dat ons handel op 'n verantwoordelike wyse. As die volk die indruk moet kry dat ons op onverantwoordelike manier te werk gaan, dan is republikanisme gedoem en dan is die Nasionale Party ook daarmee gedoem. Die moontlikheid om die ideaal te verwerklik, hang daarvan af of ons die gematigde element in Suid-Afrika met ons kan saam-

---

48. Ibid. Vergelyk ook Die Transvaler, 1/10/1937. Artikel deur D.F. Malan., Die Nasionale Party se Pad na 'n Republiek.

neem. As ons dit nie kan doen nie, kan ons die ideaal nie bereik nie ..... die Federale Raad het ook aanbeveel dat ons nie die Nasionale Party 'n republikeinse party in die toekoms gaan maak nie ..... ons sê in die Program van Beginsels dat ons die republikeinse ideaal gaan uit- en nastreef ..... diegene wat nie oortuigde republikeine is nie, kan om hierdie rede alleen nie van lidmaatskap van die party uitgesluit wees nie."[49]

Dit is egter bekend dat dr. Malan en die Kaaplandse Nasionale Party nooit besonder sterk vir die republikeinse gedagte gevoel het nie. Dit kan egter nooit van dr. Malan en sy party in Kaapland gesê word dat hulle die koele afsydigheid en latere openlike vyandigheid van 'n genl. Hertzog teenoor republikanisme op enige tydstip openbaar het nie. Die gebrek aan geesdrif moet eerder aan die feit toegeskryf word dat Kaapland, nie soos die Vrystaat en Transvaal 'n republikeinse praktyk ervaar en tradisie gehad het nie.[50]

Dr. Malan was egter realisties genoeg om te besef dat die invloed van die Republikeinse Bond, waarvan dr. N.J. van der Merwe die stigter was, binne die Nasionale Party nie langer negeer kon word nie. Die Nasionale Party het na die skeuring in die noordelike provinsie, feitlik net uit republikeine bestaan.

---

49. Die Burger, 18/9/1935.

50. G.D. Scholtz., F.A. van Jaarsveld., Die Republiek van Suid-Afrika. p.174.

Boonop moes dit vir hom duidelik geword het dat genl. Hertzog se pogings om soewereine onafhanklikheid te handhaaf met die aandrang op die erkenning van die reg van afskeiding, maar sonder om dit te wil toepas, op die lange duur nie gehandhaaf sou kon word nie.[51]

Tydens die Vrystaatse Nasionale Party Kongres wat op 29 en 30 Oktober 1935 te Bloemfontein plaasgevind het, het dr. Malan in sy toespraak nie na die republikeinse beginsel verwys nie. Trouens hy het sy standpunt met betrekking tot artikel vier in die afgelope Kaaplandse Kongres duidelik en juis omskrywe. Opposisie nuusblaaie het dit teen sy hoof gegooi dat: "he turned a deaf ear to the importunities of delegates who asked for a clearer and a less equivocal definition of the National Party's attitude towards republicanism."[52] Die Vrystaatse Kongres het sy formulering van die republikeinse beginsel onveranderd gelaat soos tydens die vorige kongres bepaal.[53] Die kongres het egter 'n beroep op die Federale Raad gedoen om 'n gees van absolute eenvormigheid met betrekking tot die herformulering van die program van beginsels vir al die provinsies te verkry.[54] Sen. M.J. Vermeulen is aangestel as voorsitter van die Hoofbestuur en mnr. F.D. du Toit as organiserende sekretaris van die party in die Vrystaat.

---

51. Ibid., p.174

52. The Friend, 31/10/1935. Hoofartikel.

53. Verslag van die 22ste jaarlikse kongres van die Vrystaatse Nasionale Party - 29 en 30 Oktober 1935. Vergelyk voetnote 26.

54. Die Burger, 30/10/1935.

Die daaropvolgende sitting van die Federale Raad van 21 en 22 Februarie 1936 in Kaapstad, het die Program van Beginsels sy finale beslag gegee. Artikels vier tot sewe het bepaal dat die party hom op die ondubbelsinnige grondslag plaas dat die Unie 'n soewerein-onafhanklike staat is en dat hy daarom die reg besit om op eie gesag alle staatsfunksies uit te oefen in terme van die volle internasionale betekenis van die woord. Artikel vyf het bepaal dat die party die onafhanklikheid getrou sal uitlewe en enige optrede in stryd daarmee met alle geoorloofde middels sal bestry. In artikel ses word die reg van die volk erken om sy staatsvorm langs konstitusionele weg te verander as hy dit in belang van die volk ag. Artikel sewe het gelui: "Die party is daarvan oortuig dat die republikeinse staatsvorm, afgeskei van die Britse Kroon, hom die beste aanpas by die tradisies, omstandighede en aspirasies van die Suid-Afrikaanse volk en daarom sal hy die republikeinse ideaal beskerm en hom beywer om 'n republiek in Suid-Afrika tot stand te bring."[55]

Die laaste artikel rakende Suid-Afrika se nasionale selfstandigheid en onafhanklikheid het bepaal dat 'n republiek alleen op die breë grondslag van die volkswil tot stand gebring kan word met die getroue inagneming van die gelyke taalregte van die twee seksies van die blanke bevolking. Hierdie konstitusionele verandering sal alleen ingevolge 'n spesiale en besliste opdrag daartoe van die volk tot stand gebring word.

---

55. Nasionale Party : Program van Beginsels: Artikel sewe.

Toe die Program van Beginsels hersien is, het die Kaaplandse groep, veral dr. D.F. Malan, dr. K. Bremer en adv. F.C. Erasmus nog 'n laaste poging aangewend om die Nasionale Party nie te sluit vir diegene wat nie van die wenslikheid van 'n republiek oortuig was nie, maar die meerderheid was daarteen. Voortaan sou nie-republikeine nie meer lede van die party kon wees nie.[56]

Indien die formulering van die republikeinse beginsel van die Federale Raad van Februarie 1936 met die van Julie 1935 vergelyk word, is die volgende verskil heel duidelik. In laasgenoemde formulering het alleen gestaan dat die Nasionale Party "die republikeinse ideaal daarom (sal) beskerm en nastreef." In die eersgenoemde formulering staan dat die Nasionale Party "die republikeinse ideaal (sal) beskerm en hom beywer om 'n republiek in Suid-Afrika tot stand te bring."[57] Die finale omskrywing van die republikeinse beginsel in 1936 het die Nasionale Party in die toekoms dus heeltemal gebind en verplig om 'n republiek tot stand te bring wat andersyds nie die geval met 1935 se formulering was nie. Die Nasionale Party het nou deur-en-deur 'n uitgesproke Republikeinse Party geword en daarmee is die vernaamste geskille tussen die noordelike provinsies en Kaapland uit die weg geruim.

---

56. M.C. van Rensburg., Kort Oorsig .... Vrystaatse Nasionale Party. p.22. The Friend, 25/3/1936 sê onder andere die volgende van dr. Malan: "He has never liked the downright republicanism of the North, but unlike General Hertzog who fought the extremists so successfully for five years, he lacked the strength of purpose to resist the pressure."

57. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.305.

Die Transvaalse Hoofbestuur van die Nasionale Party het die nuwe beginselprogram met veertien teenoor vyf stemme aanvaar alhoewel sewe lede van die Hoofbestuur bedank het. Hulle is dr. M. Steyn Vorster, mev. M. Brits en mnre. S.P.E. Jacobsz, R.W.P. Meyjes, H.J. Coetzee, M. van der Ahee, P.J. Riekert. Geen redes is vir hulle bedanking vermeld nie, maar in 'n brief wat in Die Republikein verskyn het, verklaar bogenoemde lede dat die Program van Beginsels soos deur die Hoofbestuur goedgekeur, geen besliste sekerheid bied oor die republikeinse strewe van die party nie.[58] Oor die optrede van hierdie klein groepie was adv. Strijdom, leier van die Transvaalse Nasionale Party, "oortuig dat as hulle nie hul sin kan kry nie, weg te breek van die Nasionale Party en dan hul eie klein partytjies te stig.[59]

Die daaropvolgende provinsiale kongresse van 1936 het dan ook die nuwe program van beginsels met 'n beslissende meerderheid in elke provinsie aanvaar.

Ooreenkomstig hierdie nuwe program van beginsels was die Nasionale Party nou vir die eerste keer 'n volwaardige republikeinse party. Vanaf 1927 tot 1935 het die party hom verbind om die soewereine onafhanklikheid van Suid-Afrika te handhaaf soos deur die Imperiale Konferensie van 1926 omskryf. Republikeinse propaganda was wel toelaatbaar, maar nou is die reg van

---

58. Die Burger, 27/6/1936. 29/6/1936. Hoofartikel.
Die Volksblad, 29/6/1936. 30/6/1936. Hoofartikel.

59. Die Burger, 1/7/1936.

afskeiding van die Britse Ryk en hoe dit verwesenlik moes word, duidelik en onomwonde gestel.[60]

Na ruim tien jaar het die Nasionale Party met die opening van die Parlementsitting op 11 Januarie 1935 weer die amptelike opposisie geword. Dr.D.F. Malan is tot parlementêre leier van die Nasionale Party gekies. Sen. T.C. Stoffberg is voorsitter van die koukus en adv. J.H.H. de Waal die ondervoorsitter. Tot sweep vir Kaapland en hoofsweep is dr. K. Bremer gekies. Adv. C.R. Swart sou die sweep vir die Vrystaat en adv. J.G. Strijdom die sweep vir Transvaal wees. Dr. Malan het ook van die Speaker die voorrang gekry by die indien van die voorstelle wat die Leier van die Opposisie toekom. Hy is ook naas die Eerste Minister tot die Drukwerk-komitee benoem, waarvan volgens gebruik, die Leier van die Opposisie lid is.[61]

Die taak van die Nasionale Party as amptelike Opposisie was dan ook nie net bloot om te opponeer en te kritiseer nie, maar het hom ten doel gestel om opbouende kritiek te lewer waar na sy mening 'n maatreël van die Regering verbeter kon word. Waar 'n regeringsvoorstel in belang van die land goed is, sou die Regering op die ondersteuning deur die Nasionale Party kon reken.

---

60. G.D. Scholtz., F.A. van Jaarsveld., Die Republiek van Suid-Afrika. p.174.

61. Die Burger, 11/1/1935. 12/1/1935.

Met die opening van die Parlement, het die Nasionale Party oor negentien Volksraadslede beskik. Uit Kaapland: Dr. Malan, mnr. At Badenhorst (Riversdal), mnr. J.F. van G. Bekker (Cradock), dr. K. Bremer (Graaff-Reinet), mnr. W. Bruckner de Villiers (Stellenbosch), adv. J.H.H. de Waal (Piketberg), ds. C.W.M. du Toit (Colesberg), mnr. F.C. Erasmus (Moorreesburg), mnr. C.H. Geldenhuys (Prieska), adv. S.P. le Roux (Oudtshoorn), mnr. J.H. Luttig (Victoria-Wes), P.O. Sauer (Humansdorp), G.P. Steyn (Willowmore), L.J. Vosloo (Somerset-Oos). Uit die Vrystaat was daar: Dr. N.J. van der Merwe (Winburg), mnr. J.J. Haywood (Bloemfontein-Distrik), adv. C.R. Swart (Ladybrand) en mnr. R.A.T. van der Merwe (Bethlehem). In Transvaal was daar slegs een, naamlik adv. J.G. Strijdom van Waterberg.[62]

Saam met hierdie minderheid van negentien teenoor die meerderheid van vyf-en-sewentig, het die volgende Senatore aan die Nasionale Party getrou gebly: O.A. Oosthuizen, G.F. Zondagh en W.A. Hofmeyr (Kaaplanders), G.G. Munniks, T.C. Stoffberg, T.C. Visser, P.W.le Roux van Niekerk (Transvalers), C.A. van Niekerk, M.J. Vermeulen en J.C. van Rooy van die Vrystaat. Komdt. C.A. van Niekerk was President van die Senaat en T.C. Visser adjunk-President.[63]

---

62. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party p.166

63. Ibid., p.166.

Met die opening van die parlement het die opposisie onder leiding van dr. Malan 'n mosie van wantroue in die Regering gestel. In 'n meesterlike toespraak het dr. Malan onder andere daarop gewys dat aangesien die lede van die Volksraad op die grondslag van koalisie gekies is, hulle nou na die stigting van die nuwe party en die aanvaarding van nuwe beginsels, nie langer hul kiesers verteenwoordig nie. Volgens erkende gesonde gebruik en op grond van die ware demokratiese beginsels, moet die Regering 'n beroep op die volk gedoen het in die vorm van 'n algemene verkiesing. "Die gesonde demokratiese beginsel van 'n beroep op die volk..... is vertrap in die belang van persone en partye, nie in die belang van die land nie."[64]

Die wantroue-debat, wat volgens die gebruik in die Volksraad nie onderbreek mag word nie, is tot drie keer deur ander werksaamhede onderbreek. Die Nasionaliste het genl. Hertzog daarvan beskuldig dat hy sy minagting vir en sy diktatorskap oor hulle op die manier wou demonstreer. Hulle het dit minagting van die regte van minderhede genoem.[65]

Hoof Party-organe

Van groot belang in die re-organisasie en die heropbou van die

---

64. Hansard. Deel 24. kol. 80-98. Die Burger, 16/1/1935.

65. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party ..... p.166. Hansard. Deel 24. kol. 127-128, 144-146. Die Transvaler, 14/2/1938. Hoofartikel. Die Volksblad, 17/1/1935. Hoofartikel.

"Gesuiwerde" Nasionale Party, was die rol wat die party-organe gespeel het. Trouens geen party kan 'n politieke stryd voer tensy hy nie deur goedgesinde dagblaaie ondersteun word nie. Slegs op dié wyse kan hy politieke beeld opbou, kan sy doelstellings en beleid aan die breë publiek bekend word en kan hy die ondersteuning van die volk verkry.

In die stryd vir die behoud van die beginsels en ideale van die Nasionale Party, het veral Die Burger in Kaapland en Die Volksblad in die Vrystaat, hul vierkantig agter dr. Malan en sy klein Gideonsbende geskaar. Die Burger met dr. D.F. Malan as eerste redakteur, was sedert sy ontstaan in 1915 die erkende lyforgaan van die Nasionale Party. As sodanig het dit groot welslae behaal en in geen geringe mate bygedra tot die sukses en volle opkoms van hierdie party nie. Aan die ander kant het die sukses van die party weer gunstig op die koerant ingewerk. "Die party propageer die koerant en die koerant propageer die party."[66] Die Volksblad het na dit deur die Nasionale Pers in 1917 oorgeneem is, die amptelike mondstuk van die Nasionale Party in die Vrystaat geword.

Voor samesmelting het genl. Hertzog dan ook die dienste van die twee dagblaale geloof. Op die 1927-kongres van die Vrystaatse Nasionale Party, het hy met openhartigheid verklaar dat die Nasionale Pers een van die grootste seëninge vir die Hol-

---

66. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party ..... p.175.

landsprekendes in Suid-Afrika is en dat dit die Vrystaatse Hoofbestuur betaam om op dié beleid van Die Volksblad te let.[67] Toe die twee dagblaaie hulle egter nie met koalisie en uiteindelike samesmelting kan versoen nie, het genl. Hertzog in direkte botsing veral met Die Volksblad gekom. Dr. A.J.R. van Rhyn, destydse hoofredakteur van Die Volksblad vertel onder andere dat nadat die Nasionale Pers besluit het om koalisie en gevolglik samesmelting te beveg, genl. Hertzog in 'n onderhoud met hom geweldig ontstoke was: "Ek sal daardie Keeromstraat se kliek wys ek sal Die Burger en Die Volksblad dood maak, want ek bly nog die leier en ek regeer die land en nie hulle nie en as ek dink 'n ding is reg, dan doen ek dit. Ek het in my hele loopbaan my nog nooit laat dikteer nie."[68]

Hierdie twee nasionale nuusblaaie wat alles in die stryd vir die nasionale saak gewerp het, moes dan ook herhaaldelik bitsige aanvalle deur genl. Hertzog verduur. Tydens die Vrystaatse Kongres van 1934 het genl. Hertzog dit duidelik gestel dat die Nasionale Pers, en by name Die Volksblad en Die Burger, die bitterste vyand van samesmelting is. "Die Nasionale Pers moet reg- of doodgemaak word, hulle beveg nie beginsels nie, maar veg onder die dekmantel van beginsels."[69]

---

67. M.C. van Rensburg., Kort oorsig ... Vrystaatse Nasionale Party. p.86.

68. Ongepubliseerde herinneringe van dr. A.J.R. van Rhyn. p.39.

69. Die Burger, 2/8/1934. 8/9/1934. 11/9/1934. Die Volksblad, 11/9/1934. Hoofartikel. Vergelyk ook voetnote 67.

Onder dié omstandighede was dit begryplik dat die Vrystaatse Kongres wat ten gunste van samesmelting besluit het, alle bande met Die Volksblad verbreek het en Die Vaderland as amptelike orgaan gekies het. In 'n hoofartikel, onder die opskrif "Kleinlikheid" het die volgende berig in Die Volksblad verskyn: "Genl. Hertzog behandel die nasionale nuusblaaie vandag slegter as wat hy ooit in die ergste dae van sy stryd teen die S.A.P., die S.A.P. koerante behandel het .... ons moet met die kleinlikste speldeprikke vervolg word om 'n politieke wraakgevoel nog 'n bietjie meer te bevredig."[70]

Uit die voorafgaande is dit heel duidelik dat toe Die Volksblad en Die Burger besluit het om genl. Hertzog te opponeer, hy in sy felste en soms onredelikste uitlatings probeer het om hul skade te berokken. Vergeet was dit wat hierdie twee nuusblaaie in die verlede vir hom en die nasionale saak beteken het: "Die Burger is die bitsigste en smerigste koerant wat nog ooit in die geskiedenis van Suid-Afrika die Hollandsprekendes aangeval het. Die blad se optrede was smeriger as dié van enige ander koerant in die Unie. Die verenigingsmense se bitterste vyand."[71] Hoe harder die strydkrete teen Die Burger en Die Volksblad geklink het, hoe beslister was die Nasionaliste om dié organe te beskerm en te steun. "The chief feature of them ..... is that they are not the product of 'business' enter-

---

70. Die Volksblad, 8/11/1935. Hoofartikel.

71. Die Burger, 2/8/1934.

prise so much as the outcome of a political faith which they pursue with remarkable vigour."[72]

Die grootste ondersteuners van genl. Hertzog en die grootste teenstanders van dr. Malan was die Argus-groep. Dit het onder andere die volgende nuusblaaie ingesluit: The Star in Johannesburg; Cape Argus in Kaapstad; Daily News in Durban en The Friend in Bloemfontein. Voeg hierby nog die Cape Times, die Rand Daily Mail en die Sunday Times. Genl. Hertzog het openlik gesê dat hy niks meer glo wat Die Burger en Die Volksblad van hom sê nie, maar wel die Engelse koerante, omdat hulle sy vriende is en nou sy politiek steun.[73]

In weerwil van genl. Hertzog se pogings om die Nasionale Pers te vernietig, het die groep van krag tot krag gegaan, en uiteindelik 'n onskatbare bydrae tot die heropbou van die Nasionale Party gelewer.

Die behoefte aan 'n nasionale nuusblad in Transvaal is veral in die jare dertig sterk gevoel. Op 30 September 1935 het dr. Malan op 'n byeenkoms te Stellenbosch 'n besielende oproep tot die volk gerig om bydraes vir die stigting van 'n Transvaalse Afrikanerblad. 'n Blad wat uit die volk en vir die volk sal wees: "Dis een van twee, die Witwatersrand sal vir die Afrikanerdom wees sy vernaamste bron van krag of anders sy grootste swakheid en gevaar. Watter een dit sal wees, is nou

---

72. G.H. Calpin., There are no South Africans. p.324.

73. Die Burger, 11/9/1934.

vir u te sê."[74]

Met die oog op die stigting van so 'n blad is 'n uitvoerende komitee saamgestel, bestaande uit sen. W.A. Hofmeyr (voorsitter), mnr. W. Bruckner de Villiers, L.V., adv. F.C. Erasmus, L.V., mnr. P.J.H. Hofmeyr met mnr. H.J. Otto as sekretaris. In Transvaal is ook 'n komitee saamgestel om geldelike steun vir die onderneming te verkry. Die eerste direksie het uit die volgende persone bestaan: sen. W.A. Hofmeyr, dr. D.F. Malan, adv. J.G. Strijdom, dr. N.J. van der Merwe, mnr. W. Bruckner de Villiers, adv. F.C. Erasmus, almal Volksraadslede en mnre. P.J.H. Hofmeyr, H.J. Otto en mev.M. Jansen.
Dr. H.F. Verwoerd is as die eerste hoofredakteur aangestel. Deur die aanstelling van 'n Kaaplandse hoofredakteur het dr. Malan op 'n heel besondere wyse die republikeinse geesdrif en entoesiasme in die Noorde probeer demp. Dr. Malan sou hom egter hierin vergis, want dr. H.F. Verwoerd het hom heelhartig met die Transvaalse republikeinse strewe vereenselwig en dit sou selfs op 'n botsing met die partyleier in 'n direksievergadering uitloop.[75]
Nasionaliste in alle provinsies het geesdriftig meegewerk, sodat die eerste eksemplaar van Die Transvaler op 1 Oktober 1937 verskyn het.

---

74. Die Burger, 22/10/1935. Sien die brief wat adv. Strijdom aan dr. Malan geskryf het. Voetnote 45. Vergelyk ook Die Volksblad, 2/11/1935. Hoofartikel.

75. Dr. H.F. Verwoerd., Herinneringe op die Republikeinse Pad. Die Republiek van Suid-Afrika onder redaksie van F.A. van Jaarsveld & G.D. Scholts. p.7

In sy openingsrede het dr. Malan dit duidelik gestel dat "nie een van die Verenigde Party dagblaaie kan dit waag om die name van hul aandeelhouers te publiseer nie ..... die boeke van die Voortrekkerpers lê vir almal oop. Ons voer die stryd van die Afrikaner met die geld van die Afrikaner en kan en moet dus alleen die Afrikanerdom dien."[76]

In sy eerste hoofartikel het dr. Verwoerd geskryf: "Die Transvaler kom met 'n roeping - hy kom om 'n volk te dien deur die geluid van troue en verhewe nasionalisme te laat weerklink waar sy stem ook reik. Uit hierdie roeping sal sy besieling spruit: die stewe sal sy karakter bepaal."[77]

In 1937 het die behoefte aan 'n koerant in die Oostelike Provinsie so sterk gegroei dat die Nasionale Pers besluit het om ook daar met 'n koerant te begin. So het Die Oosterlig nog dieselfde jaar met twee uitgawes per week verskyn.[78] Hierdie party-mondstukke was dan die grofgeskut van die Nasionale Party, waarmee die Smeltersvesting met welslae bestook is.

II DIE GROEI VAN DIE NASIONALE PARTY

Die "Gesuiwerde" Nasionale Party het allengs in krag begin toeneem. Die party-masjinerie en -organisasie is weer opgeknap en om die verbeelding van sy lede gaande te hou, is op die

---

76. Die Transvaler, 1/10/1937.

77. Die Transvaler, 1/10/1937. Hoofartikel.

78. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party..... p.176.
Die Volksblad, 25/8/1937. Hoofartikel.

Vrystaatse Kongres van 1935 besluit dat die party oor 'n eie besondere vaandel moet beskik. 'n Vaandelkomitee is saamgestel en op sy aanbeveling is in 1939 die bekende blou en wit kruit-horing op 'n oranje veld aanvaar. In 1937 het al die provinsiale kongresse daarbenewens op aanbeveling van die Federale Raad oranje as die amptelike kleur van die party aanvaar.

Die behoefte aan 'n sentrale inligtingsdiens wat die kieserskorps op hoogte van politieke gebeure asook die standpunt van die verskillende party kon hou, is sterk aangevoel. 'n Inligtingsburo het dan ook voor die 1938-verkiesing in Bloemfontein tot stand gekom. Aan die hoof daarvan was mnr. J.J. Haywood, L.V., terwyl die vier provinsiale leiers van die party 'n toesigkomitee uitgemaak het.[79]

Die gevolge van die roepingsbewuste optrede van die nasionale koerante en die deeglike organisasie van die party het nie uitgebly nie. Die talle Nasionaliste wat na die Nasionale Party teruggekeer het, het die grootste verwagtinge van die nasionale leiers oortref. In 'n groot mate was dit beslis 'n politieke wonderwerk en die provinsiale verkiesings van 1936 sou daarvan voldoende bewys lewer.

In Transvaal was dit veral adv. Strijdom as leier en sy klein groepie wat met 'n onwrikbare geloof, taaie volharding en opoffering hulle met oorgawe aan die stryd gewy het. Sy kiesaf-

---

79. Ibid., p.177. Die Volksblad, 20/7/1937. Hoofartikel.

deling, Waterberg, was soos reeds gesê, die enigste in Transvaal wat nie in die smeltingsproses opgegaan het nie en hy het tot 1937 die enigste Nasionale L.V. in Transvaal gebly. In 'n tussenverkiesing op 10 Maart van daardie jaar is mnr. J.L. Brill tot Nasionale Party volksraadslid vir Vrededorp gekies in die plek van maj. F.J. Roberts wat oorlede is. Dit het die Nasionale Party se ledetal in die Volksraad op twintig te staan gebring.[80] Teen 1935 was daar reeds 'n honderd takke vir die Transvaalse Nasionale Party gestig. Dit het gegroei tot 280 in 1936; 380 in 1937; 439 in 1938; 508 in 1939 en 650 in 1940.[81]

In Natal, waar die Dominion Party sterker as die Verenigde Party gestaan het, het die Nasionale Party 'n opdraande stryd gehad. Vir die geskiedskrywer lewer die tydperk 1934 tot 1939 besondere probleme omdat daar geen notules van Hoofbestuursvergaderings of kongresse bestaan nie. Die vroegste notules uit hierdie tydperk is die van die Bo-Klipriviertak, wat op 16 November 1936 gestig is.[82] Dit wil voorkom asof die paar takke wat teen die einde van 1936 gestig is, direk op die Hoofbestuur verteenwoordig was. Die Natalse Hoofbestuur het reeds verteenwoordiging op die Federale Raad van die Nasionale Party geniet. Die ledetal van die Nasionale Party gedurende hierdie worsteljare was klein en takke het selfs uit 15 tot 20 lede bestaan.

---

80. J.J. van Rooyen., Die Nasionale Party ... Kaapland. p.138.
81. Algemene verslag van die sekretaris van die Nasionale Party van Transvaal, 1940; Verslag van die Hoofbestuur aan die Kongres van die Nasionale Party van Transvaal, 6 en 7 Oktober 1937.
82. C.J. Botha., Die Nasionale Party ..... Natal. p.6.

Die Nasionale Party in die Vrystaat, net soos die in Transvaal, het met samesmelting 'n groot terugslag beleef. Notules en verslae van Hoofbestuursvergaderings ontbreek grootliks en geen syfers van die ledetal voor die jaar 1942, kon opgespoor word nie. In die jaarverslag van die Hoofbestuur van 1936 word daar egter gemeld dat daar sedert die 1935-kongres twee-en-sestig nuwe takke gestig is en dat die ledetal van die party met 8 000 vermeerder het.[83]

In Kaapland het die Nasionale Party soos reeds gesê, die meerderheid van sy lede behou. Volgens 'n opgawe op die 1934 kongres te Somerset-Wes was die ledetal 31 426. Die jaar daarop staan dit reeds op 33 117, dit wil sê 'n vermeerdering van 1 691 en die Hoofbestuur rapporteer dat die opbetaalde lede-gelde "tot aller verbasing" hoër is as voor samesmelting.[84]

Die vernaamste voorbeelde van vermeerdering in die ledetalle soos deur distriksbesture verstrek, is Calvinia 590, Worcester 312, Carnavon 252, Mosselbaai 202, Betsjoeanaland 174, Piket-berg 153, Prins Albert 140, Jansenville 131, Middelburg 115, Ugie 105, Aliwal-Noord 93, Beaufort-Wes 88, Villiersdorp 84, Willowmore 74.[85] Twee jaar later in 1937 was die ledetal 35 128.[86] Hieruit blyk dit nou dat 'n geringer aantal Nasionaliste gesmelt het as wat aanvanklik vermoed is en dat daar 'n spon-

---

83. Inventaris van Vrystaatse Nasionale Party-versameling. P.V.21. M.C. van Rensburg., Kort oorsig ..... Vrystaatse Nasionale Party. p.88. Jaarverslag van die Hoofbestuur van die Vrystaatse Nasionale Party 1936. p.13

84. Die Burger, 16/9/1935.

85. Ibid.

86. Die Burger, 17/8/1937.

tane geesdrif vir die Nasionale Party dwarsdeur Kaapland ontstaan het "wat waarskynlik die entoesiasme vir ons saak op enige tyd sedert die eerste kongres oortref."[87]

Selfs Suidwes-Afrika het nie afsydig van die stryd vir die nasionale saak gestaan nie. Vroeër het daar wel 'n Nasionale Party bestaan, want Unieburgers wat daarheen verhuis het, het hul politieke sienswyse behou sodat hulle ook daar in twee groepe verdeel was - "Sappe" en "Nattes." Hierdie twee groepe het later in die Verenigde Suidwes-party saamgesmelt wat toe die politieke tuiste van feitlik alle Unieburgers geword het met die oog op verset teen die Duitse Party. Met hierdie reëling het 'n deel van die Afrikaners in Suidwes so ontevrede geword dat hulle daartoe oorgegaan het om in 1939 onder leiding van mnr. F.J. Jooste opnuut 'n afsonderlike Nasionale Party te stig.[88] Dié stap was veral die gevolg van die Verenigde Party se oorlogsbeleid jeens Duitsland.

Die eerste ware toets of samesmelting werklik uit die volk gebore is, was die tussenverkiesing vir die Volksraad in Senekal op 15 Augustus 1935. Die verkiesing het gevolg op die bedanking van mnr. W.J.M. Visser wat aangestel is as voorsitter van die Boere-Bystandsraad.[89] Albei party het hul verkiesings-masjinerie in hoogste versnelling geplaas. Van smelterskant

---

87. J.J. van Rooyen., Die Nasionale Party .... Kaapland. p.141.

88. Die Burger, 29/7/1939. 31/7/1939. Hoofartikel.

89. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party..... p.166

is geesdriftige en opruiende toesprake veral deur min. Pirow en min. Hofmeyr gelewer. Ook dr. Malan het 'n reis deur die Vrystaat onderneem en op verskillende plekke geesdriftige vergaderings toegespreek. Vraagstukke soos die republikeinse kwessie, die verdeeldheid binne V.P.-geledere oor verskillende aangeleenthede, die swak ekonomiese beleid van die regering waardeur nie genoegsame steun aan die arm man en aan die boere verleen is nie, het voorrang geniet.

Die Verenigde Party was seker van 'n groot oorwinning veral omdat genl. Hertzog 'n sterk persoonlike aanhang in die Vrystaat gehad het. Daarbenewens het hy ook 'n sterk kandidaat in die veld gestoot nl. die sittende Provinsiale Raadslid, komdt. P.A. Froneman.[90] Die Nasionale Party kandidaat was mnr. J.J. Serfontein, oud L.V. vir Edenburg.

Min. Pirow het dit in 'n toespraak te Senekal uitgebasuin dat die Verenigde Party 'n meerderheid van 500 moet behaal anders sou dit 'n morele nederlaag vir die party wees.[91] Verenigde Party nuusblaaie het 'n meerderheid van selfs 700 voorspel.[92]

Die uitslag was soos volg: Komdt. P.A. Froneman het 2 711 stemme teenoor mnr. J.J. Serfontein se 2 532 behaal. Die Verenigde Party meerderheid was slegs 179.

Die uitslag was dus 'n morele nederlaag vir die Verenigde

---

90. Ibid., p.167.

91. Die Burger, 16/8/1935. 14/8/1935. Hoofartikel.

92. The Friend, 14/8/1935.

Party en 'n morele oorwinning vir die Nasionale Party. Genl. Hertzog se bewering dat twee-derdes of tagtig persent van die Vrystaters hom in die samesmeltingsbeweging sou volg, is dus as onwaar bewys. Samesmelting wat uit die volk gebore is, samesmelting wat soos 'n toorslag die rassestryd sou laat ophou en volkseenheid 'n voldwonge feit sou maak, is deur die Senekalse uitslag as 'n mite bewys.

Dr. Malan het hom soos volg oor die uitslag uitgelaat: "Die uitslag ..... is een van die oortuigendste bewyse dat ons 'n kragtige herlewing in die land het en dat die stroom in die rigting van die Nasionale Party gaan en niks daardie stroom kan keer nie ..... met samesmelting is aan die volk se siel geraak en waar die volk dit voel, kom die volk tot ontwaking."[93]

Verenigde Party nuusblaaie het die sukses van die Nasionaliste toegeskryf eerstens, aan hul laakbare verkiesingsmetodes; "constructive policies and reasoned arguments were at a minimum in the conduct of the opposition campaign," en tweedens, aan die feit dat die Vrystaat nog altyd "the spiritual home of Nationalism" was.[94]

Die daaropvolgende tussenverkiesing in Senekal vir die Provinsiale Raad het 'n verdere verrassende bewys gelewer van die groeikrag en vooruitgang van die Nasionale Party. Komdt. Froneman se verkiesing tot Volksraadslid het 'n vakature in

---

93. Die Burger, 17/8/1935.

94. The Star, 16/8/1935. Hoofartikel. The Friend, 16/8/1935. Hoofartikel.

die Provinsiale Raad gelaat. Ofskoon die Provinsiale kiesafdeling vir die Nasionale Party ongunstiger afgebaken was as die Parlementêre setel, is die Verenigde Party se verwagting op 'n groot meerderheid geweldig geskok. Komdt. P.W. Pieterse, die Nasionale Party-kandidaat is op 17 Oktober met 'n meerderheid van 73 stemme tot die Provinsiale Raad verkies.

Dit was die eerste oorwinning wat die Nasionale Party by 'n verkiesing sedert samesmelting behaal het en het as 'n geweldige aanmoediging vir die Nasionaliste gedien om die stryd vorentoe met groter vertroue en ywer aan te pak.[95] Die Verenigde Party daarenteen het so groot geskrik, dat kol. D. Reitz 'n beroep op die Dominion Party gedoen het om die Verenigde Party te steun. Aangesien die Nasionale Party hom vir 'n republiek beywer, behoort die Stallardiete hulp te gee om die gevaar te bestry in plaas van om eenkant te staan en toekyk.[96]

Voordat die algemene provinsiale verkiesing van 1936 sou plaasvind, het die smelters en die anti-smelters in die volgende provinsiale tussenverkiesings kragte gemeet: Pretoria Sentraal, Brakpan, Caledon, Delareyville, Cradock, Ficksburg, Vredefort en die Parlementêre setel Frankfort. In al die bogenoemde

---

95. Verslag van Vrystaatse Nasionale Party Kongres, 29 en 30 Oktober 1935. p.15. Die Burger, 18/10/1935.

96. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party ..... p.167. Die Burger, 19/10/1935.

setels, behalwe Ficksburg, het die Verenigde Party 'n meerderheid van stemme behaal. Merkwaardig is dit egter dat die meerderhede nie baie groot was nie, behalwe in die Parlementêre verkiesing vir die setel Frankfort. In die provinsiale verkiesing vir Vredefort het die Smelterskandidaat slegs 'n meerderheid van vyf-en-twintig behaal.[97]

Die grootste triomf vir die Nasionaliste was die verowering van Ficksburg in Desember 1935. Hier het die Nasionale Partykandidaat, mnr. D.P. van der Merwe 'n meerderheid van 303 stemme behaal, alhoewel die "Smelters" vir hulself 'n meerderheid van 500 voorspel het.[98] Hierdie klinkklare oorwinning het voldoende bewys gelewer van die geloof en vertroue in die Nasionaliste se saak asook die feit dat die Nasionale Party se krag deur samesmelting nie totaal gebreek was nie.

Die eerste algemene provinsiale verkiesing ná samesmelting het in die laaste helfte van 1936 plaasgevind. Die Nasionale Party het in Transvaal, die Vrystaat en Natal 'n opdraande stryd gehad veral omdat die nodige fondse en party-masjinerie hier grotendeels ontbreek het.

Transvaal was die eerste provinsie waarin die verkiesing plaasgevind het. Dr. Malan het in sy verkiesingsveldtog alhier veral die ekonomiese beleid van die regering gekritiseer. Daar is

---

97. Die Burger, 27/9/1935. 22/11/1935. 29/11/1935. 13/12/1939. 16/12/1935. 10/1/1936. 21/2/1936.

98. Die Burger, 16/12/1935. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party ..... p.168 beweer dat die meerderheid 305 was en die Jaarverslag van die Vrystaatse Hoofbestuur 1936 stel dit as 302. p.13.

ooreenkomstig Nasionale Party-beleid, te min vir die ekonomiese opheffing van die armblanke Afrikanerdom gedoen. Hierbenewens het hy die Verenigde Party veral op die volgende drie punte geopponeer: Eerstens die liberalisme van min. J.H. Hofmeyr wat volle stemreg aan die Nie-Blankes in al die provinsies wou toeken. Tweedens die vaskoppeling van Suid-Afrika aan die Britse Ryk wat regstreeks ingedruis het met die Nasionale Party se republikeinse beginsel. Derdens die kapitalisme en ge-organiseerde geldmag van die regering soos dit hom veral in die mynwese geopenbaar het. Die Nasionale Party met sy "botter en boord"-beleid het hom as die party van die arm man laat geld.

Die geweldige opkomste na dr. Malan se vergaderings was 'n bewys dat Transvaal nie die ideale van nasionalisme, van vryheid en nasieliefde afgesweer het nie. Gemoedere op talle vergaderings het wel dikwels so hoog opgevlam dat vuiste spontaan gebruik is om 'n opponent van 'n argument te oortuig.

Die finale uitslag van die provinsiale raadsverkiesing in Transvaal was soos volg: Verenigde Party 48 setels, Arbeiderspary 6 setels, Nasionale Party 2 setels en die Dominion Party 1 setel.[99] Voor die verkiesing het die Nasionale Party egter 6 setels in die Provinsiale Raad gehad. Ten spyte van hierdie vermindering van vier setels, het die Nasionale Party daarin

---

99. Die Burger, 7/9/1936. Die Volksblad, 7/9/1936. Hoofartikel.

geslaag om 35 000 stemme teenoor die 95 000 van die Verenigde Party te trek. Die twee Nasionaliste wat gewen het, was D.J. Naudé (Potgietersrus) met een stem en G.W. Bakker (Waterberg) met 25 stemme.[100] Hierdie swak vertoning van die Nasionale Party in Transvaal was nie onverwags nie. Nasionalisme in Transvaal was wel nie uitgedien nie, maar die gebrek aan 'n doeltreffende party-organisasie, aan 'n koerant en aan fondse, sou verlammend daarop inwerk. Nogtans toon die uitslag dat selfs in Transvaal waar samesmelting die mees volkome was, die Verenigde Party die steun van feitlik maar die helfte van die kiesers gehad het en dit skaars drie jaar nadat die Verenigde Party gestig is met die idee dat die volk nou verenig is.[101]

Dr. Malan het in sy verslag oor dié verkiesing in Transvaal gesê dat die uitslag meer bemoedigend is as ooit. "Die resultaat wat ons onder sulke omstandighede gekry het, spreek boekdele vir die kerngesondheid van ons volk en vir die sekerheid van die toekoms. Twaalf maande gelede kon ons nie van so 'n uitslag gedroom het nie. Die Vloed is klaarblyklik aan die draai."[102]

Adv. J.G. Strijdom, Transvaal se leier, het beklemtoon dat wat die verowering van die setels betref, Transvaal sleg gevaar het: "dat die siel van ons nasie ..... weer ontwaak het en geweldig groei, word ten volle bewys deur die groot aantal

---

100. M.P.A. Malan., Die Nasionale party ..... pp. 172-173.
101. Die Burger, 5/9/1936. Hoofartikel.
102. Die Burger, 7/9/1936.

stemme wat die Nasionale Party se kandidaat oral gekry het."[103]

Die uitslag van die Vrystaatse provinsiale verkiesing wat op 9 September 1936 plaasgevind het, was 'n pragtige vertoning van hoe sterk die Nasionale Party in genl. Hertzog se provinsie gestaan het. Die Nasionale Party het 23 van die 25 setels in die Vrystaat betwis. Dit het ses setels verkry en het dus sy posisie voor die ontbinding van die Provinsiale Raad gehandhaaf. Nasionale Party setels was die volgende: Bloemfontein-distrik (H.W. Kannemeyer), Fauresmith (D.W. Schoeman), Ficksburg (D.P. van der Merwe), Jacobsdal (W.J. Pretorius), Ladybrand (J.N. le Roux) en Reitz (A.J. Papenfus). Die Verenigde Party het negentien setels gekry, een meer as die vorige verkiesing.

Die werklike sterkte van die Nasionale Party word beter weerspieël deur die aantal stemme wat op elke party uitgebring is. Die Verenigde Party het 44 970 stemme op hom verenig'en die Nasionale Party 37 311 stemme.[104] Die smeltersparty het twee setels, Senekal en Harrismith, van die Nasionale Party verower, terwyl die nasionaliste twee setels, Reitz en Ladybrand, van die smelters verower het, eersgenoemde met 80 en laasgenoemde met 303 stemme. Opvallend is dat die Nasionale Party-kandidate in Rouxville en Edenburg wat in genl. Hertzog se Parlementêre kiesafdeling, Smithfield val,

---

103. Die Burger, 8/9/1936.

104. Die Burger, 11/9/1936.

onderskeidelik I 440 en I 588 stemme gekry het.[105]

Die getal stemme soos op die Nasionale Party uitgebring, het duidelik aangetoon dat die meerderheid van die Vrystaatse Nasionaliste nie na die Verenigde Party oorgegaan het nie.[106]

Tereg het dr. N.J. van der Merwe tydens die Vrystaatse Nasionale Party kongres van November 1936 die volgende verklaar: "Die provinsiale verkiesing wat pas verby is, het sonder enige moontlikheid van twyfel aangetoon dat die boom nie ontwortel is nie, dat die oorgrote meerderheid van die ou Nasionale Party nog pal staan en dat genl. Hertzog met behulp van die hele Suid-Afrikaanse Party haas geen setel in die Vrystaat kon win wat vir hom as 'n veilige meerderheid beskou kan word nie."[107]

Op 21 Oktober 1936 het die provinsiale verkiesings in Natal en die Kaapprovinsie plaasgevind. In Natal het die Nasionale Party geen kandidaat gestel nie. Daar moes die Verenigde Party egter twee setels aan die Dominion Party afstaan. Die Verenigde Party het by die ontbinding van die Provinsiale Raad oor sewentien setels beskik en na die finale uitslag het hy slegs vyftien gehad. Selfs in Natal het dit nie goed met die Verenigde Party gegaan nie.[108]

---

105. Ibid.

106. M.C. van Rensburg., Kort oorsig .... Vrystaatse Nasionale Party ..... p.33. Jaarverslag van die Vrystaatse Hoofbestuur 1936. p.14 Die Volksblad, 11/9/1936. Hoofartikel.

107. Die Volksblad, 11/11/1936.

108. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party ..... p.173. Die Volksblad, 22/10/1936. Hoofartikel. Die Burger, 21/10/1936.

Met die provinsiale verkiesing in Kaapland het die Nasionale Party skitterende oorwinnings behaal en talle Smeltersvestings verower. Vir die eerste keer in die geskiedenis is Stellenbosch nou deur 'n Nasionalis in die Provinsiale Raad verteenwoordig: mnr. A.P. Venter is met 'n meerderheid van 32 verkies. Selfs in die kiesafdeling Bellville, is geskiedenis gemaak toe mnr. P. Hofmeyr as die eerste nasionale kandidaat vir 'n Skiereilandse kiesafdeling gekies is.[109]

Die stand van die party by die ontbinding van die vorige Provinsiale Raad was: Verenigde Party 38 setels, Nasionale Party 17 setels en die Onafhanklikes 6 setels. Na die finale uitslag was dit as volg: Verenigde Party 31 setels; Nasionale Party 20 setels, Onafhanklikes 8 setels en die Dominion Party 1 setel. Die Verenigde Party het altesaam elf setels verloor, waarvan agt aan die Nasionale Party, twee aan die Onafhanklikes en een aan die Dominion Party.[110]

Van die Nasionale Party het die Smelters vyf setels verower, terwyl die Onafhanklikes en die Dominion Party slegs setels gewen en niks verloor het nie. Die krag van die Nasionale Party oorwinning blyk duidelik uit die volgende: Die Verenigde Party het in die 45 setels wat hy betwis het, 98 794 stemme op

---

109. Die Burger, 23/10/1936. Hoofartikel.

110. Die Vaderland, 24/10/1936. Die Smeltersblad beweer verkeerdelik dat die Verenigde Party 32 setels in plaas van 31 setels verower het.

hom verenig en die Nasionale Party in die 33 kiesafdelings 83 308 stemme.[111]

Die setels deur die Nasionale Party van die Smelters verower, is Gordonia, wat deur mnr. A.P.J. Fourie in die Volksraad verteenwoordig is, Bellville, Stellenbosch, Worcester, George, Oudtshoorn, Victoria-Wes en Aliwal-Noord. Setels deur die Verenigde Party van die Nasionale Party afgeneem, is Kuruman, Woodehouse, Namakwaland, Prieska en Willowmore. Van die 33 Nasionale kandidate het dus 20 die paal gehaal en hulle het die volgende span uitgemaak: mnre. B. Muller (Ceres), L.P. Fourie (Mosselbaai), A.E.Erlank (Calvinia), P.S. Hayward (Somerset-Oos), mej. H.C. Olivier (Gordonia), mnre. D.J. van Zyl (Hopetown), H.D. van Huysteen (Humansdorp), H.K.J. van der Spuy (Moorreesburg), J.H. Pansegrouw (Aliwal-Noord), S.C. Zondagh (George), J.C. Minnie (Beaufort-Wes), J.E. Terblanche (Oudtshoorn), J.P. Hurter (Graaff-Reinet), S.F. Malan (Malmesbury), H.T. v G. Bekker (Albert), A.P. Venter (Stellenbosch), K.A.A. Sinclair (Victoria-Wes), P.J.H. Hofmeyr (Bellville), M.P.R. de Villiers (Worcester), J.J. Kellerman (Piketberg).[112]

Die uitslag van die Kaaplandse provinsiale verkiesing was vir die Nasionaliste eenvoudig verbysterend veral na die neerslae in die ander provinsies. Dr. Malan het hom soos volg oor die

---

111. Die Burger, 24/10/1936.

112. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party ..... p.174.

verkiesing uitgelaat: "Die wat dieper in die volk se siel gekyk het, was reg. Samesmelting moes misluk en die volk sien dit vandag voor hul oë. Daar is 'n wederopstanding van die Afrikanerdom aan die gang - heerliker, pragtiger en meer doelbewus as ooit tevore. Soos 'n magtige stroom sal dit die hele land oorweldig en niks sal dit kan keer nie."[113]

Hierdie oorweldigende suksesse van die Nasionale Party was 'n grootse skok en terugslag vir die Verenigde Party. Verenigde Party mondstukke het hul gewete probeer sus deur die oorwinnings van die Nasionaliste aan hul rassepropagande toe te skryf.[114] Volgens die Rand Daily Mail het die Verenigde Party sy posisie in Kaapland as die oorheersende party behou en dit is volgens hom maar 'n karige vergoeding vir die intense republikeinse en rassepropaganda wat deur die Malanïete gevoer is in wat 'n blote provinsiale veldtog behoort te gewees het. Was dit nie vir sy bykomende beroep op die kleurvooroordeel en sy kwalik verborge simpatie met die doeleindes van die hemporganisasies nie, sou sy karige voordeel aansienlik minder gewees het.[115]

Genls. Hertzog en Smuts as leiers van die Verenigde Party het rede tot selfondersoek gehad. In Transvaal het die Verenigde Party sterk gestaan. Die stand van die partye in die Vrystaat was taamlik gelykop. In Natal het die Verenigde Party agteruit gegaan en in Kaapland 'n besliste neerlaag gelei. Dit was duidelik dat samesmelting nie so sterk is as wat sommige Verenigde Party leiers voorgegee het nie.

---

113. Die Burger, 24/10/1936. Die Volksblad, 24/10/1936. Hoofartikel.
114. Die Vaderland, 24/10/1936. Hoofartikel.
115. Rand Daily Mail, 24/10/1936. Hoofartikel.

HOOFSTUK III

AFRIKANER-REPUBLIKANISME EN NASIONALISME

Afrikanernasionalisme het na koalisie en samesmelting 'n laagtepunt bereik, maar na gelang die jare dertig gevorder het, het dit geleidelik herleef, in momentum toegeneem om eindelik met die Ossewatrek van 1938 'n hoogtepunt te bereik. Die aanvanklike stimulus tot herlewing van die Nasionalisme moet waarskynlik in die konstitusionele situasie van Suid-Afrika gesoek word.

Die Unie se konstitusionele posisie was inderdaad een van die groot strydpunte tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party. Die Nasionaliste het van die beginsel uitgegaan dat die Unie soewerein onafhanklik is, met ander woorde dat hy onder andere in geval van oorlog die reg op neutraliteit het, dat hy van die Britse Ryk kan afskei, dat die Britse Kroon deelbaar is, dat 'n Suid-Afrikaner as goewerneur-generaal aangestel kan word, dat die Reg van Appél na die Geheime Raad en die dubbele burgerskap afgeskaf kan word.

Die Suid-Afrikaanse Party onder leiding van genl. Smuts het daarenteen die standpunt gehandhaaf dat die Unie se onafhanklikheid beperk was. Dit het nie die reg van neutraliteit en afskeiding besit nie omdat die Kroon een en ondeelbaar is. Die reg van afskeiding is ook afhanklik van die toestemming van die ander dele van die Britse Ryk. Met ander woorde dit was 'n

konflik van die monargale teenoor die republikeinse beginsel. Hierdie republikeinse strewe is dan ook as't ware die gistingselement in die Afrikanernasionalisme gedurende die dertiger jare.

I. HERLEWING VAN DIE REPUBLIKEINSE IDEAAL NA SAMESMELTING

Voordat samesmelting tot stand gekom het, was dit duidelik dat diegene wat ten gunste van samesmelting was, geen erg aan die republikeinse ideaal gehad het nie. Daarenteen het die antismelters dit as 'n voorwaarde vir die totstandkoming van die nuwe Verenigde Party gestel. Die hoofprobleem was, indien die republikeinse gedagte geheel en al verwerp sou word, sou genl. Hertzog talle aanhangers verloor. Andersyds indien die program van beginsels van die nuwe Verenigde Party nie die hegemonie van die Britse Ryk en handhawing van die Britse "konneksie" beklemtoon nie, sou genl. Smuts weer van sy volgelinge verloor.[1]

Terwyl genl. Hertzog die staatkundige posisie van die Unie aanvaar het soos dit deur die grondwet en die Statuut van Westminster van 1931 omskryf is, naamlik 'n monargie, het hy met genl. Smuts verskil in dié sin dat hy volgehou het dat die Unie wel oor die reg van afskeiding en neutraliteit beskik.[2]

---

1. G.D. Scholtz, F.A. van Jaarsveld., Die Republiek van Suid-Afrika. p.171. Vergelyk ook hoofstukke I en II.

2. Ibid., p.171

Om hierdie botsende strydpunte uit die weg te ruim en samesmelting te verwesenlik, het genls. Hertzog en Smuts hulle vermaarde politieke formule aangekondig. Dit het onder andere bepaal dat hulle ooreengekom het om oor die konstitusionele vraagstuk te verskil. Beide genls. Hertzog en Smuts het soos volg verklaar: "Ons het hier te doen met sake van interpretasie waarop ons kan verskil en verskil het en waarop ons nie geroepe is tot 'n beslissing te kom met die opstel van 'n program van beginsels nie."[3]

Voortvloeiend uit die Hertzog-Smuts onderhandelinge is ondermeer bepaal dat: "Die bestuur van die land sal voortgesit word op 'n grondslag en in 'n gees van Suid-Afrikaanse nasionale selfstandigheid en harmonie met ons onafhanklike status soos bekragtig deur die Statuut van Westminster."[4]

Hieromtrent het dr. Malan egter die volgende verklaar: "Genl. Hertzog het die ideaal van algehele onafhanklikheid van Suid-Afrika afgesweer en besluit om die Britse konneksie te handhaaf terwille van eenheid."[5]

Maar selfs die Statuut van Westminster, so is agterna bevind, het nie 'n volkome waarborg vir die blywende onafhanklikheid

---

3. F.C. Erasmus., Die Nasionale Party weer een. Pamflet. p.11.

4. C.M. van den Heever., Generaal J.B.M. Hertzog. p.598.

5. Die Burger, 3/7/1935.

van dié vrygeweste gebied nie. Die bekende Engelse skrywer oor staatsreg, sir Barriedale Keith, het in 1931 oortuigend verklaar dat die Britse Parlement teoreties gesproke, enige tyd die Statuut van Westminster kan herroep en aldus die gesag van die Britse parlement weer oor die vrygeweste herstel.[6] Om 'n gevaar van die aard te voorkom het genl. Hertzog die Statuswette in 1934 deur die Parlement laat aanneem. Die doel was om alle onsekerheid oor die vraag of die status van die Unie wel dié van 'n onafhanklike staat is, uit die weg te ruim.

Die Statuswette

Die wetsontwerpe wat op 28 Maart deur die Minister van Spoorweë, min. Pirow, ingedien is, het verklaar dat die wetsontwerp bepaal die huidige konstitusionele posisie van die Unie en niks anders as die huidige posisie nie.[7] Die aanhef tot die voorstel het soos volg gelui: "Die Regering van die land sal gevoer word op 'n basis van Suid-Afrikaanse nasionale beginsels en in 'n gees van Suid-Afrikaanse nasionale onafhanklikheid in ooreenstemming met ons soewereine onafhanklike status soos bevestig deur die Statuut van Westminster."[8]

---

6. A.N. Pelzer., Die De Wildt-toespraak van Generaal Hertzog in die lig van latere gebeure soos aangehaal in die Gedenkboek van Generaal J.B.M. Hertzog, onder redaksie van P.J. Nienaber en ander. p.272.

7. Hansard. Deel 22. kol. 2059.

8. Hansard. Deel 22. kol. 2060

G.D. Scholtz verklaar hieroor: "Dit was derhalwe enigsins gewaagd van die Regering om met hierdie wetsontwerpe voor die dag te kom, aangesien dit duidelik sou aantoon op welke brose voetstuk die koalisie gestaan het. Daarom is van die kant van die Regering byna angsvallig beklemtoon dat die wette niks nuuts bring nie en dat hulle inteendeel slegs die bestaande posisie bevestig."[9]

Min. Pirow het voorts beklemtoon dat: "In hierdie aanhef sal diegene wat besorg is oor ons posisie ..... en gemeenskaplike trou aan die Koning vind dat die vrygeweste .....met inbegrip van Suid-Afrika, beskryf word as outonome gemeenskappe binne die Britse Ryk verenig deur 'n gemene trou aan die Kroon. Aan die ander kant behoort die gedeelte van ons bevolking wat nog twyfel koester oor die omvang van ons regte as nasie, tevrede te wees met die verklaring en aanhef wat na ons status verwys as die van 'n soewereine onafhanklike staat, as sodanig erken deur die Rykskonferensie en die Statuut van Westminster." [10]

Met die aanname van die Statuswette in 1934 is dit dan ook deur die toedoen van genl. Hertzog dat die gesag van die Britse Parlement aan die wil van die Unie-Parlement ondergeskik gemaak is. Dié wet het beslis verklaar dat die Unie-Parlement

---

9. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.273.

10. Hansard. Deel 22. kol. 2059.

die soewereine wetgewende gesag in en oor die Unie sal wees. Geen wet van die Britse Parlement sal op die Unie van toepassing wees nie, tensy die toepassing aanvaar is deur 'n Unie-wet. Die uitvoerende gesag van die Unie vir sy buitelandse sowel as sy binnelandse sake sal setel in die Koning handelende op advies van die Unie se ministers en nie meer die ministers van Brittanje nie. Dit het die Unie-ministers volle en uitsluitende gesag oor die Unie se sake gegee.[11]
Omdat die Statuut van Westminster in die wetgewing van die Unie deur die Statuswette opgeneem is, het dit deel van die Suid-Afrikaanse reg geword en sou dit geen saak gemaak het as die Britse Parlement die Statuut sou herroep nie. Engeland het nie meer oor daardie bevoegdheid beskik nie en het die Unie-parlement die soewereine onafhanklikheid veilig vir die toekoms deur wetgewing verskans.[12] Na aanname van hierdie wet, het Keith erken dat die Unie-Parlement geheel en al aan die Parlement van die Verenigde Koninkryk ontvoog is.[13]

Waar dit die doel was om slegs die bestaande konstitusionele toestand te omskryf en deur wetgewing te bekragtig en punte van verskil nie op te los nie, het dit aan elkeen vrygestaan om

---

11. M.C.E. van Schoor, Jan J. van Rooyen., Republieke en Republikeine. p.192.

12. A.N. Pelzer., Die De Wildt toespraak ..... p.272.
C.M. van den Heever., Genl. J.B.M. Hertzog. p.623.

13. Vergelyk voetnote 6.

sy eie vertolking van die Statuswette te huldig.[14] Die uiteenlopende menings het meestal gegaan oor die vraag of die Unie die reg van neutraliteit en afskelding van die Britse Kroon besit al dan nie.

Dit is merkwaardig dat nie een Nasionalis wat ten gunste van koalisie was, standpunt oor dié geskilpunte ingeneem het nie. Geen enkele Nasionale minister, insluitende genl. Hertzog wat aan 'n keelaandoening gely het, het aan die besprekings deelgeneem nie, behalwe min. Pirow wat die wetsontwerp ingedien het. In die Suid-Afrikaanse Party-geledere het veral die volgende drie ministers, onder andere Smuts, Hofmeyr en Duncan hulle sterk oor die reg van afskeiding en neutraliteit uitgelaat. Min. Hofmeyr het onder meer gesê: "My sienswyse bly dat ek nie die posisie aanvaar dat die Kroon deelbaar is nie."[15] Hy het verder aangevoer dat die Unie nie die reg van afskeiding besit nie; "ek persoonlik glo dat Suid-Afrika nie die reg het om neutraal te bly nie."[16] Adv. F.C. Erasmus was een van die uitsonderings wat die Nasionaliste se saak in hierdie opsig verdedig het toe hy verklaar het dat daar geen rede

---

14. Vergelyk genl. Smuts se toespraak in die Volksraad, Hansard, Deel 22, kol. 2285-2286. "Ek het van die Eerste Minister die skriftelike belofte dat die vraagstukke waarvoor ons in die verlede van mening verskil het, nie aangeroer sou word nie; dat ons voortgaan om oor daardie mening van sake te verskil." Vergelyk ook voetnote 3.

15. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.274. A. Paton., South African Tragedy. p.157.

16. Ibid., p.274. L. Blackwell., African Occasions. p.249.

tot twyfel oor die Unie se reg tot neutraliteit bestaan nie. Suid-Afrika se soewereine onafhanklikheid is die waarborg vir neutraliteit.[17]

Die strydvraag, naamlik of die Unie die reg tot neutraliteit in 'n oorlog het, het na die aanname van die Statuswette weinig konstitusionele, maar nog geweldige politieke betekenis gehad. Die reg van die Unie om neutraal te bly was in 1914 nie erken nie. Daarenteen kon die Unie nou in die toekoms neutraal bly as die Parlement teen oorlogsdeelname sou stem.[18]

Genl. Smuts het die volgende mening gehuldig: "Volgens my is sake soos afskeiding, neutraliteit ....., onuitvoerbaar en akademies. Ek glo nie dat watter bepalings ons ook in die konstitusie opneem, dit ons houding sal vasstel of dit beïnvloed wanneer die dag van afskeiding aanbreek of die dag waarop ons ons neutraal verklaar. As so iets sou gebeur, dan sou dit die hele Britse Ryk en wellig die hele wêreld tot in sy grondvesting skud. Dit is nutteloos."[19] Met betrekking tot Britse nasionaliteit het genl. Smuts soos volg verklaar: "Ek weet dat vernaamlik my Engelse vriende diep geheg is aan die sogenaamde Britse konneksie. Wat in menslike taal uitgedruk kan word tot bevestiging van die Britse konneksie word in hierdie

---

17. Hansard. Deel 22. kol. 2241-2242.

18. Die neutraliteitsvraagstuk word volledig bespreek in hoofstuk VII.

19. Hansard. Deel 22. kol. 2293.

wetsontwerp gesê."[20]

Genl. Smuts het op 3 Julie 1934 te Port Elizabeth die behoud van Britse bande kragtig beklemtoon toe hy verklaar het dat die Statuswette die fondament gelê het waarop Suid-Afrika die toekoms kan voortbou. "Daar is geen twyfel meer nie; geen kwessie van afskeiding nie. Hier is ons vasgebind, nie alleen deur die aanhef nie, maar in die bepaling van die artikels. Ons is vasgebind aan die Britse stelsel."[21] Hiervan sê A. Paton die volgende: "One thing should have been plain; that Smuts believed that membership of the Commonwealth meant united action in wartime ..... but Hertzog kept silent during the debate." [22]

Die teenstrydigheid in smeltersgeledere het duidelik uit min. Duncan se verklaring geblyk toe hy ondermeer verklaar het dat sesessie nie 'n konstitusionele daad kan wees nie, maar wel 'n daad van rewolusie.[23] Ook ander lede van die Suid-Afrikaanse Party het hul net so sterk oor die saak uitgespreek. Mnr. L. Blackwell het soos volg verklaar: "Ek beweer dat die reg van afskeiding in sigself 'n teenstrydigheid van uitdrukking is .... Ons is verenig in 'n gemeenskaplike trou aan die Kroon en ek sal nie glo dat ons enige reg het om daardie

---

20. Hansard. Deel 22. kol. 2296.

21. Die Burger, 14/7/1934.

22. A. Paton., South African Tragedy. p.158.

23. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.274.

trou te verlaat nie."[24]

Die verklaring wat dr. Malan oor die betekenis van die Statuswette en in die lig van die sterk pro-Britse uitlatings van die Suid-Afrikaanse Partylede gemaak het, was vir die republikeinsgesindes binne die Nasionale Party geen daadwerklike aanmoediging nie. Dit moet in ag geneem word dat dr. Malan hom na 1926 vereenselwig het met die standpunt van genl. Hertzog ten opsigte van die onafhanklikheisvraagstuk, naamlik dat 'n republiek geen groter vryheid kan bring as wat "soewereine onafhanklikheid binne die Britse Ryksverband waarborg nie." [25]

Op 'n vergadering van 9 Mei 1934 te Moorreesburg het dr. Malan verklaar dat vir sover dit die Nasionaliste in die algemeen betref, is met die Statuswette verkry, wat verwag is en waarop aangedring is. "Die onafhanklikheid wat deur die Statuut van Westminster aan ons gegee is, het ons nou aanvaar. Voordat ons die onafhanklikheid wat ons aangebied is, aanvaar het, was ons nog nie soewerein onafhanklik nie ..... Die daad van die Koning van Engeland het ons vroeër gebind; daardie posisie is totaal verwyder. Ons het met die Koning te doen

---

24. Ibid., p.275.

25. N.G.S. van der Walt., Die Republikeinse strewe: Dryfvere en Probleme binne die Suid-Afrikaanse Party Politiek 1902 - 1961. D. Phil. proefskrif. p.127. Vergelyk in hierdie verband die stryd tussen Kaapland aan die een- en Transvaal en die Vrystaat aan die anderkant oor die juiste formulering van die Republikeinse beginsel soos in hoofstuk II behandel. W.H. Vatcher., White Laager. p.56.

alleen in sover hy handel op advies van ons Regering en Parlement." [26] Met betrekking tot die reg van afskeiding het dr. Malan verklaar dat dit beteken dat Suid-Afrika as staat apart staan, gelyk met ander en aan geen ander konstitusioneel gebind nie. "Afskeiding kan in die toekoms alleen beteken dat ons die regeringsvorm verander; dat die koningskap afgeskaf en 'n republiek uitgeroep word."[27]

Die voorbehoud wat dr. Malan vir die totstandkoming vir 'n Republiek gestel het, was naamlik "Die tyd vir 'n Republiek is ryp sodra die volk opgevoed is daarvoor".[28] Uit die aard van die saak was dr. Malan aanvanklik nie 'n oortuigende republikein nie, maar is hy later deur die breë stroom tot republikeinse oorgawe gedwing. D.W. Kruger merk op: "Its conception of independence was republican and the Republican movement caught up with that of Malan and engulfed it, forcing Malan to move with the stream. The trial began to flow as strong in the Cape as in the Northern Provinces." [29]

Oor die vraagstuk van die neutraliteitsbeginsel, het dr. Malan die Statuswette soos volg opgesom: "Na die aanname van die Statuswette is die posisie sodanig dat as daar 'n oorlog sou uitbreek waarin Engeland gewikkel is, ons nie daarin is, tensy

---

26. F.C. Erasmus., Staan Bymekaar. Pamflet. p.3.

27. Ibid., p.3.

28. Die Burger, 3/7/1935.

29. N.G.S. van der Walt., Die Republikeinse Strewe. p.132. Vergelyk hoofstuk II in die verband.

ons verklaar dat ons daaraan wil deelneem. As ons niks doen nie, is ons vanselfsprekend neutraal." [30] Hy het selfs verklaar dat indien Engeland in 'n oorlog gewikkel word en die Unie daarin meegesleur word, dan word Suid-Afrika binne agtien maande 'n republiek.[31] Hierdie verklaring sou beslis nie die toets van die tyd deurstaan nie, maar het nogtans hemelsbreed met dié van genl. Smuts, mnre. Hofmeyr, Duncan en Blackwell en andere verskil. Dr. Malan het die Statuswette van 1934 voorgehou as die skitterendste oorwinning wat Nasionalisme nog in Suid-Afrika gehad het, want selfs genl. Smuts en sy Suid-Afrikaanse Partygenote het vir die wette gestem en verklaar dat Suid-Afrika soewerein onafhanklik is. "The importance of the Bills lie herein, that what others were prepared to concede to us, we have now made our own law. There are no constitutional ties; the ties are only historical, friendly, and with a section of our people sentimental. That is the position created by these statutes."[32]

Uit die voorafgaande bespreking blyk dus duidelik dat daar oor die omvang en betekenis van die Statuswette onderling veel verskil geheers het. Aan die hand van die verklaring van kol. D. Reitz blyk die verskil nog groter te wees: "Dié wetsontwerp is 'n uitdaging aan dr. Malan. Hy is 'n uitgesproke afskeider

---

30. F.C. Erasmus., Staan Bymekaar. Pamflet. p.4.

31. Die Burger, 10/5/1934.

32. O. Pirow., James B. Hertzog. p.181.

en 'n republikein en hierdie Wetsontwerp bepaal vir die eerste keer in die wette van ons land dat Suid-Afrika lid van die Britse Statebond is en dat die Kroon ons Koning sal wees, wie ook al tot koning gekies word ..... vir my is die Britse Statebond groot idealisme. As dit te gronde sou gaan, sal die beskawing daarmee saam te gronde gaan." [33] Selfs dr. Malan se verklaring van 1934 oor die Statuswette wat die Unie juridies absoluut soewerein onafhanklik maak, strook nie heeltemal met dit wat hy in 1936 oor dié wetsontwerpe sê nie, naamlik: "Die Smeltersregering het die Statuswette gebruik om Suid-Afrika vaster aan die Empire te bind. Net soos die toekenning van gelyke taalregte op papier daarop bereken was om die volk aan die slaap te sus en hom van sy vryheid te beroof." [34]

Nasionaliste het gevrees dat die onderlinge verskille in die uitleg van die konstitusionele posisie van die Unie vroeër of later binne die Verenigde Party tot 'n uitbarsting sal kom. Daarom het Nasionaliste sterk daarop aanspraak gemaak dat 'n duidelike verklaring gemaak moet word oor Suid-Afrika se deelname aan toekomstige oorloë. Groter duidelikheid oor die kwessie van afskeiding van die Britse Ryk is ook verlang. Hieroor kon geen besliste helderheid van die twee generaals verkry word

---

33. Die Burger, 3/4/1934.

34. Gesuiwerde Bewerings weerlê. Pamflet uitgegee deur Sentrale Hoofbestuur van die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party. p.43. Vergelyk ook Die Burger, 23/9/1936. 10/5/1934.

nie. Dit was "Akademiese kwessies" waaroor hulle ooreengekom het om te verskil.

Terwyl genl. Smuts die Imperialiste binne die Suid-Afrikaanse Party tevrede gestel het deur die Statuswette te vertolk as 'n bevestiging van die Suid-Afrikaanse Party se ideaal om vir ewig binne die Gemenebes van Nasies te bly, het dr. Malan dit andersyds as 'n bevestiging van die Unie se soewereine onafhanklikheid verwelkom. Toe later aan genl. Hertzog gevra is waarom hy nie deelgeneem het aan die bespreking tydens die Statuswetdebat nie, was sy antwoord: "omdat ek nie my vinger in die oë van genl. Smuts en die S.A.P. wou steek nie." [35]

Genl. Hertzog het, in teenstelling met genl. Smuts, erken dat die Unie wel die reg tot afskeiding het, maar as gevolg van die Unie se verkreë soewereine onafhanklikheid, "is dit nie in ons eie belang om dit te doen nie. Dit sou dwaas wees en ek glo nie as dit voorgestel sou word, vyf persent van Suid-Afrika se bevolking verkry sou word om dit goed te keur nie." [36] Hierdie verklaring was vir die republikeinsgesindes in die Nasionale Partygeledere geen aanmoediging nie maar genl. Hertzog het daardeur bereik waarna hy soveel jare gestreef het, nl. 'n gesaghebbende verklaring teenoor die hele wêreld dat die Unie

---

35. J.J. Haywood., Buitelandse Sake IV. Pamflet. p.7.

36. F.A. van Jaarsveld, G.D. Scholtz., Die Republiek van Suid-Afrika. p.165.

nie aan Brittanje onderhorig was nie en dat hy vry was.

Toe hierdie verklaring bevestig is deur die aanname van die Statuswette was daarmee genl. Hertzog se ideaal van die Unie se konstitusionele ontwikkeling bereik. Die Unie het vryheid binne die Britse Ryk behaal en dit sou nie tot sy voordeel wees om vryheid daar buite te soek nie. Daardeur het vir genl. Hertzog alle rede om na 'n republiek te streef, verval. Om van 'n republiek en afskeiding te praat, was om genl. Hertzog tot teenstander te maak.[37]

Die druk van die depressiejare, het ook by genl. Hertzog die oortuiging laat posvat dat dit in die ekonomiese belang van die Unie was om binne die Britse Ryk te bly. Daardeur het genl. Hertzog veel nader aan 'n nuwe strewe binne die Britse wêreld beweeg, naamlik om die Britse Statebondslande in 'n noue en hegte ekonomiese band met Brittanje te verbind.[38]

Die persoon wat hom die sterkste hierteen sou verset, was dr. N.J. van der Merwe, leier van die Vrystaatse Nasionaliste. Vir hom was die versterking van ekonomiese ryksbande niks anders as die herlewing van imperialisme nie. Slegs as 'n volkome soewereine staat sou Suid-Afrika los van enige ryks-verbintenisse ekonomiese reëlings kon tref wat Suid-Afrika se

---

37. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.82.
D.W. Kruger., The Making of a Nation. pp. 174-175.

38. F.A. van Jaarsveld., G.D. Scholtz., Die Republiek van Suid-Afrika. p.166.

belange só bo die van die groter ryksverband sou stel. "Die Unie moes 'n republiek word wat politiek en ekonomies onafhanklik van Brittanje sou staan." [39]

Net soos genl. Hertzog die Afrikaner oor die jare heen oortuig het dat alle staatkunde en politiek op die grondslag van "Suid-Afrika eerste" bedryf moet word, só sou die republikeine nou die Afrikaner gaandeweg oortuig dat die beginsel van "Suid-Afrika eerste" waarlik eers in 'n republiek in vervulling kon gaan. Dit was hulle oortuiging dat die noue verbintenis met die Britse Kroon 'n ware Suid-Afrikaanse nasionalisme ondermyn.[40]

Voorstanders vir 'n republiek het daarom ook tydens die Statuswetdebat hul baie sterk vir die republikeinse ideaal uitgespreek. So het dr. N.J. van der Merwe hom op 9 April 1934 genoodsaak gevoel om te antwoord op die verklaring van mnr. L. Blackwell, wat oortuig was dat dié wetsontwerp die nekslag van republikanisme beteken. Dr. Van der Merwe het dit ontken en verklaar dat: "Ek persoonlik meen dat 'n republiek die logiese gevolgtrekking van onafhanklikheid is. Ek persoonlik glo dat die logika van die gebeurtenisse 'n republiek in Suid-Afrika sal skep." [41] Volgens hom het die Unie ook wel deeglik die reg van afskeiding besit: "Met betrekking tot die reg

---

39. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.73.

40. F.A. van Jaarsveld, G.D. Scholtz., Die Republiek van Suid-Afrika. p.167.

41. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party van Suid-Afrika. p.161.

van afskeiding, dink ek nie dat daar enige twyfel kan wees dat daardie reg vasgestel is en ook aangeneem is nie." [42]

Adv. J.G. Strijdom se sterk positiewe standpunt was ook in ooreenstemming met die uitleg dat Suid-Afrika absoluut soewerein onafhanklik is. Hy kon hom egter nie versoen met die idees van sommige Engels- sowel as Afrikaanssprekendes dat die ideaal van 'n republiek vergoed vernietig is nie. "Ek kan daarmee nie saamgaan nie, want vir my as republikein bly dit steeds 'n ideaal dat ons eenmaal in Suid-Afrika nie alleen 'n soewerein onafhanklike staat sal hê nie, maar 'n soewerein onafhanklike republiek ..... tot tyd en wyl ons in Suid-Afrika 'n republiek het, sal ons hier nooit werklike rassevrede hê nie." Hy verklaar verder: "As daar werklike rasse-eensgesindheid moet wees in Suid-Afrika, moet ons uiteindelik heeltemal vry staan van die Britse Ryk." [43] Vir hom, adv. Strijdom, was die debat oor die Statuswette 'n klugspel, want die wette is opsetlik so opgestel dat genl. Hertzog die Nasionaliste en genl. Smuts die Sappe kan tevrede stel. [44]

A. Die Britse verbond versus die Republikeinse ideaal.

Terwyl die stryd in die verlede tussen die Nasionale en die Suid-Afrikaanse Party oor die posisie van die Unie binne die

---

42. Hansard. Deel 22. kol. 2135.

43. Hansard. Deel 22. kol. 2315 - 2316.

44. Die Burger, 12/4/1934.

Britse Ryk gegaan het, het samesmelting in hierdie stryd 'n groot kentering gebring. Die samesmeltingsbeleid waarmee genl. Hertzog gehoop het om die grond voor te berei vir uiteindelike samevloeiing van die twee volkstrome, het as stimilus gedien vir die herontwaking van die republikeinse gedagte op partypolitieke gebied. Na samesmelting het die stryd tussen die twee groot party gegaan oor die vraag of die Unie lid van die Britse Ryk sou bly. Dr. Malan het die verskil eenmaal op Rouxville soos volg gestel: "Die Federale Raad het nou die Nasionale Party as party vasgekoppel aan die republikeinse ideaal ..... net soos die Verenigde Party hom aan die Britse konneksie vasgekoppel het. Dit is die twee rigtings van die Nasionale Party en die Verenigde Party." [45] In dieselfde jaar het dr. Malan weer eens op 'n vergadering op De Aar beklemtoon dat: "..... ons is 'n republikeinse party, ons wil 'n Republiek hê. Dit lê op die weg van volkseenheid. Op die grondslag van empire lojaliteit kan jy nooit volkseenheid kry nie." [46]

Die verskil in Die Program van Beginsels van die Verenigde Party en die Nasionale Party met betrekking tot die konstitusionele beleid, is hemelsbreed. Die nuwe party het in artikel 2 (c) van Die Program van Beginsels, wat genl. Hertzog self opgestel het, [47] verklaar: "Die party verklaar hom ten

---

45. Die Volksblad, 9/8/1935. Soos aangehaal in G.D.Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.324.

46. Die Burger, 21/11/1935.

47. Vergelyk hoofstuk I waar dit volledig behandel word.

gunste van die handhawing van die bestaande verhouding van die Unie tot die Britse Gemenebes van Nasies, en sy samewerking met die ander state daartoe behorende ...".[48] Tereg het genl. Smuts op 18 Augustus 1934 op die Natalse Suid-Afrikaanse Party kongres verklaar dat "Artikel 2(c) erken nie net maar ons konneksie met die Britse Statebond nie, maar het hom plegtig verbind om die bestaande verhouding te handhaaf."[49]

Lynreg in teenstelling verklaar die "Gesuiwerde" Nasionale Party in artikel sewe van sy Program van Beginsels dat: "Die Party is daarvan oortuig dat die republikeinse staatsvorms, afgeskei van die Britse Kroon, hom die beste aanpas by die tradisies, omstandighede en aspirasies van die Suid-Afrikaanse volk en daarom sal hy die republikeinse ideaal beskerm en hom beywer om 'n republiek in Suid-Afrika tot stand te bring." [50] Hiermee is geskiedenis gemaak, want dit was die eerste keer dat 'n politieke party hom amptelik tot die verkryging van 'n republiek verbind het, al het hy nog nie verder gegaan as om net van die afskeiding van die Kroon te praat nie. [51] Die republikeinsgesindes het in die republikeinse onafhanklikheid meer as 'n blote staatsvorm gesien. Daarin was vir hulle die voor-

---

48. C.M. van den Heever., Genl. J.B.M. Hertzog. p.642. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party van Suid-Afrika. pp. 151-152. Die Burger, 8/6/1934.

49. J.J. Haywood., Buitelandse Sake IV. p.7.

50. Nasionale Party. Program van Beginsels. (Artikel sewe).

51. N.G.S. van der Walt., Die Republikeinse Strewe...p.137. Vergelyk ook: Nasionalisme bring Oorwinning. Pamflet uitgegee deur M.D.C. de Wet Nel. p.2.

waarde vir volkseenheid en waarborg vir die hoogste Afrikaner-volksvryheid. Die republikeinse ideaal was vir hul ongetwyfeld histories-sentimenteel, want die enigste onafhanklikheid wat Suid-Afrika ooit in die verlede gesmaak het, was 'n republikeinse onafhanklikheid. Daarom het die "Gesuiwerdes" nou 'n republiek en die verbreking van alle bande met Engeland voorgestaan. Die Verenigde Party aan die ander kant het gekies om vir die behoud van Britse konneksie, bestaande veral uit die gemeenskaplike Koningskap, in die bresse te tree.[52]

Die "Gesuiwerde" Nasionale Party het na samesmelting republikeinsgesind geword en ná die aanname van Die Program van Beginsels in 1936 kon alleen republikeinsgesinde persone lid van die Party word. As sodanig kon elke Nasionalis hom nou vryelik ten gunste van 'n republiek uitspreek.[53] Selfs dr. Malan wat ten laaste probeer verhoed het om die Nasionale Party nie vir nie-Republikeine nie gesluit te kry, het gedurende 1937 op Harrismith uitgeroep: "Elke lid van die Nasionale Party moet 'n Republikein wees."[54]

Die nuwe Verenigde Party het wel in Artikel 2(d) van sy Program van Beginsels verklaar dat "aan niemand die vryheid ontsê word om sy persoonlike sienswyse in verband met enige ver-

---

52. Die Transvaler, 1/10/1937. Artikel: D.F. Malan., Die Nasionale Party se Pad na 'n Republiek.

53. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.325.

54. Die Volksblad, 2/8/1937. Vergelyk ook hoofstuk II voetnote 56.

andering van ons regeringsvorm uit te spreek of sy eerlike oortuigings te bepleit nie." [55] In teenstelling hiermee het genl. Hertzog op verskeie geleenthede die republikeinse beginsel en propaganda met hand en tand beveg. Gedurende September 1934 het hy op Trompsburg verklaar: "Binne die nuwe Party kan daar geen propaganda vir 'n republiek gemaak word nie."[56] Volgens genl. Hertzog kon alleen 'n dwaas vir 'n republiek wees. In 1938 het hy op 'n vergadering te Fauresmith verklaar dat "ek het daardie Beginsel nooit gehuldig nie. Dit is net gehuldig deur die lede van die party wat nie die geleentheid gehad het om daarvoor te veg nie." [57] Vir genl. Hertzog was die ideaal van 'n republiek nie 'n praktiese vraagstuk om die volk daaroor te verdeel nie. Daarom het hy dit dan ook duidelik gestel dat hy teen die beginsel van 'n republiek is omdat Engelssprekendes in Suid-Afrika nog te sterk bloedbande met Engeland het.[58] Daarenteen het genl. Hertzog op 15 September 1928 op Hoopstad die republikeinse ideaal soos volg verklaar: "Ek het daar nooit 'n geheim van gemaak nie dat vir ons 'n jong volk in 'n nuwe land ver afgeleë van Europa en vreemd aan monargistiese gebruike en tradisies, die republikeinse

---

55. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party van Suid-Afrika. p.152

56. Die Vaderland, 14/9/1934. Vergelyk ook sy toesprake oor republikeinse propaganda. Die Burger, 11/9/1934. 15/11/1934 31/10/1934. Die Transvaler, 21/10/1937. 20/4/1938. 21/4/1938. Die Volksblad, 28/10/1937.

57. Die Transvaler, 20/4/1938. Die Burger, 20/4/1938.

58. Die Transvaler, 21/10/1937. Vergelyk ook W.H. Vatcher., White Laager. p.54.

regeringsvorm te verkies is bo die van 'n monargie." [59]

Hierdie eertydse verklarings van genl. Hertzog het nou "jeugdige sothede" geword. Die generaal weerspreek nie slegs wat hy voorheen bely het nie, maar hy weerspreek ook dat hy dit ooit bely het. "Een ding is seker, geen volk kan langer vertroue stel in die leiding van 'n politikus wat so herhaaldelik konstateer dat sy eie leiding in die verlede verkeerd was of wat nie meer weet waarheen hy die volk destyds gelei het nie." [60]

Die republikeinse strewe van die "Gesuiwerdes" is nie slegs deur genl. Hertzog alleen en heftig aangeval nie, maar ook Smelter-Nasionaliste het hom kragtig hierin ondersteun. Verenigde Party politici het die republikeinse strewe daadwerklik probeer demp deur aan te haal dat enige afskeiding van die Britse Ryk, Suid-Afrika in die grootste ekonomiese ellende sal dompel. Britse kapitaliste sal hul beleggings in die Unie onttrek en sal Suid-Afrika ook sy beste mark, naamlik Brittanje verloor. Suid-Afrika is ook afhanklik van die Britse vloot ter verdediging teen vyandige volkere. Daarom het genl. Smuts dit vooropgestel dat die republikeinse beginsel wat hom en genl. Hertzog betref, "dood en begrawe is." [61] Min. Pirow het republikeinse propaganda bestempel as 'n "grap en 'n slegte

---

59. Die Volksblad, 28/10/1937. Hoofartikel.

60. Ibid., Vergelyk ook Die Burger, 8/5/1936. Hoofartikel.

61. Die Burger, 3/5/1938.

grap daarby." Tog het onder andere min. O. Pirow, genl. J.C.G. Kemp, adv. H.A. Fagan herhaaldelik verklaar dat hulle republikeine is, maar "daar is geen hoop vir republikanisme in Suid-Afrika nie. Wat is die nut van 'n leer wat geen kans het om tot vervulling gebring te word nie .... Republikanisme is 'n dooie strydvraag en geen praktiese politiek nie. Suid-Afrika sal homself aan buitelandse aanvalle blootstel as hy vandag republikanisme aanvaar." [62]

Kol. D. Reitz, Minister van Naturellesake, het selfs so ver gegaan om op Randfontein te verklaar dat: "In Suid-Afrika sal daar altyd 'n onversoenlike minderheid wees by wie stamoorwegings en die afgod van ras meer geld as die welvaart van die staat of die eenheid van die volk. Hierdie seksie meen dat hy in staat is om onder die minder intelligente deel van die Afrikanerbevolking 'n beweging op te bou vir 'n rasse-republiek ..." [63]

Binne Nasionale geledere het die agitasie van Verenigde Party sprekers oor die republiek kwaai teenstand uitgelok. Daarom het Die Burger in die hoofartikel duidelik gestel dat hoe eerder die oud-Nasionale lede van die Smeltersparty ophou met die storie dat hulle nog republikeine is, des te makliker sal mens hulle as politici respekteer. "Deur hierdie uitlatings probeer oud-Nasionaliste om by die volk van Suid-Afrika 'n minder-

---

62. Die Volksblad, 1/10/1935. 5/8/1936. Hoofartikels.
Die Burger, 7/8/1936. Hoofartikel.

63. Die Volksblad, 24/10/1940. (Kursivering deur myself.)

waardigheidsgevoel, 'n gevoel van afhanklikheid aan Brittanje aan te kweek." [64]

Hoe ernstig genl. Hertzog hom voorgestaan het vir die behoud van konstitusionele bande met Engeland, blyk duidelik in 'n verklaring wat hy in die Volksraad gemaak het. Hierin het hy Brittanje, sy eertydse jeugvyand, 'n grootse lofrede toegedig as Suid-Afrika se grootste vriend en weldoener. "Van die volke is daar nie een wat vir ons sal doen wat Engeland vir ons sal doen nie en daar is nie een wat vir ons gedoen het, wat Engeland vir ons gedoen het nie." [65]

Hierdie grootskaalse "bekering" van genl. Hertzog van Nasionalisme tot Smutsisme het selfs nie in Engeland onopgemerk verbygegaan nie. "With special eagerness" het die London Daily Mail geskrywe, "the crowds welcomed among them that gallant soldier General Hertzog who 35 years ago was in arms against the British Empire and today is counted among its bulwarks." [66]

Vir die "Gesuiwerde" Nasionaliste was dit duidelik en ook na aanleiding van die persverklarings dat genl. Hertzog die onafhanklikheidsideaal van Paul Kruger langs die pad verlaat het en die Britse konneksie wat hy nou nastrewe, 'n verwesen-

---

64. Die Burger, 7/8/1936. Hoofartikel.

65. Hansard. Deel 27. kol. 3134 - 3135. Die Burger, 7/5/1936. 8/5/1936. Hoofartikel.

66. The Friend, 8/5/1935. Hoofartikel. Vergelyk ook F.S. Crafford., Jan Smuts. pp. 294 - 295. Die Burger, 29/4/1938.

liking van die ideaal van Rhodes is. Adv. J.G. Strijdom het dit duidelik gestel toe hy gesê het: "Die ideaal wat genl. Hertzog vandag verwesenlik sien, is soewereine onafhanklikheid binne die ringmuur van die Britse Ryk. Dit is nie die ideaal van Kruger nie, maar dit is 'n nalatenskap van lord Carnavon en Rhodes." [67] Adv. Strijdom het verder aangevoer dat die wil en die begeerte van die Afrikaner om homself te wees, vernietig sal word indien hy sou volhou met die handhawing van die Britse konneksie. Suid-Afrika sal genoodsaak word om sy onafhanklikheid prys te gee en hom te onderwerp aan Engeland se buitelandse beleid. Sodoende sal die Unie verswelg word in die gemeenskap van Britse Nasies.'

Die taak van die "Gesuiwerdes" is dus om die volk te bekeer tot die republikeinse standpunt en om af te skei van die Britse Ryk en Kroon, want daarin alleen lê die heil van die Afrikanernasie in die toekoms. [68]

Op die vooraand van die Voortrekker-Eeufeesvierings het dr. Malan op Heidelberg die nasionale stryd in Suid-Afrika verklaar as 'n stryd tussen die ideale van Paul Kruger en Cecil Rhodes; tussen republikeinsgesindes en imperialiste; nasionalisme en anti-nasionalisme: "Een ding wat nie by die Afrikaner doodgemaak kan word nie, is sy vryheidsin. Dit beteken dat die

---

67. Die Burger, 12/10/1935.

68. Die Burger, 22/4/1936.

Afrikanerdom hier wil hê 'n eie nasie wat sal praat van "my land" en "my volk." Hierdie vryheid kan alleen verkry word in 'n onafhanklike republiek." [69]

In die nastrewe en uitvoering van die republikeinse ideaal het dr. Malan dit herhaaldelik vooropgestel dat die Nasionale Party demokraties te werk sal gaan. Hy is nie bereid om die nuwe konstitusie in te voer sonder dat hy eers seker gemaak het dat hy daarvoor 'n meerderheid van die volk agter hom het nie. Buite die konstitusionele weg, is geweld die enigste alternatief en sowel vir die republiek as vir die volk is geweld noodlottig. Hierdie bedekte waarskuwing was ongetwyfeld vir die radikale republikeinsgesindes in Transvaal bedoel. [70] Die Nasionale Party sou dus ooreenkomstig sy beginselprogram 'n republiek tot stand bring "alleen ingevolge 'n spesiale en besliste opdrag daartoe van die volk." Die volk moet spesiaal en afsonderlik oor 'n republiek stem. [71] Dr. Malan verduidelik in die artikel dat waar daar nog soveel duisende republikeine binne die nuwe party vasgeketting sit, sou dit voorbarig wees om in besonderhede te bepaal wanneer en op welke wyse daardie volksopdrag verkry moet word. "Die gesonde verstand van die

---

69. Die Transvaler, 17/10/1938. Die Burger, 29/4/1938.

70. Raadpleeg hoofstuk II. Die brief van Malan aan Strijdom. Voetnote 44 - 48.

71. Die Transvaler, 1/10/1937. Artikel: D.F. Malan., Die Nasionale Party se Pad na 'n Republiek.
Die Burger, 4/1/1937. Dr. Malan se Nuwejaarsboodskap.

volk onder gegewe heersende omstandighede kan veilig daarmee vertrou word." [72]

In die vervulling van die republikeinse beginsel is die "Gesuiwerdes" dikwels as "rassehaters" en anti-Engels voorgehou. In 'n toespraak wat genl. Hertzog op Smithfield gehou het, het hy gesê dat die Dominion Party van kol. Stallard geweier het om met die Verenigde Party saam te gaan omdat hulle hul voet op die nek van die Afrikaanssprekendes wou hou. Andersyds wou die nasionale "skeurders van 1933" op hul beurt weer nie met die Engelssprekendes saamwerk nie omdat "hulle wil domineer. Destyds kon en wou hulle dit nie sê nie, maar vandag sê hulle dit." [73]

In teenstelling met genl. Hertzog se siening van die republikeinse strewe van die "Gesuiwerdes" as rassehaat, het dr. Malan dit soos volg verklaar: "Daar is mense wat dink dat die Republiek 'n Boererepubliek moet wees waarmee bedoel word dat die Engelse taal en kultuur onderdruk moet word. Hoewel Afrikaans lank onderdruk is, is hy beslis nie daarvoor dat dit ook met Engels sal gebeur nie." Die enigste weg om volkseenheid te bewerkstellig is "gelyke en billike behandeling" vir altwee seksies. [74] In die bymekaarbringproses tussen die twee taalgroepe was die ideaal dat elke skakel wat met

---

72. Die Transvaler, 1/10/1937.

73. Die Vaderland, 18/11/1938.

74. Die Burger, 29/8/1936. 4/1/1937.

Engeland verbreek is, 'n nuwe skakel tussen die twee taalgroepe in die Unie gesmee word. Alleen 'n republiek kon vir Malan die twee volksgroepe nader aan mekaar bring. "So lank die Britse konneksie daar is en 'n deel van die volk hul imperialistiese oorwegings laat geld in die land se ekonomiese sake en nie Suid-Afrika se belange eerste stel nie, sal ons eenheid van die twee Blanke seksies nooit kry nie." [75]

Die verwysing na 'n sogenoemde "Boererepubliek" deur dr. Malan was 'n teregwysing aan die radikale republikeinsgesindes veral in die Noorde. Hier geld dit veral vir die Steyn-Vorstergroep en selfs dr. C.J.H. de Wet wat nadat hulle van die Nasionale Party weggebreek het, die ideaal van 'n republiek voorgehou het as slegs vir Afrikaanssprekendes. [76] Die eis om 'n Afrikaanse volkstaat is steeds sterker en sterker deur hulle beklemtoon: "Suid-Afrika behoort aan die Afrikanervolk!" [77]

In die Nasionale Partygeledere was daar, soos reeds aangetoon, 'n onderlinge verdeeldheid oor die juiste nastrewe van die republikeinse ideaal. Dit is waar dat 'n aansienlike aantal Engelssprekendes gewillig was om onder sekere voorwaardes 'n republiek te aanvaar, maar dit was nie die geval met die meerder-

---

75. Die Burger, 29/8/1936. 30/4/1938. Vergelyk ook Die Burger, 12/2/1938. Brief van leser F.G. Olivier wat dit duidelik stel dat volkseenheid alleen verwesenlik kan word indien die Engelssprekendes "die foptepeltjie van Ouma Engeland los en saam stem: Suid-Afrika Eerste."

76. Vergelyk hoofstuk II.

77. Die Transvaler, 16/12/1938 soos aangehaal in N.G.S. van der Walt., Die Republikeinse strewe ..... p.139.

heid nie.[78] Daar was geen gesaghebbende aanduiding wat hierdie republiek sou wees nie en die aanduidings wat daar was, was ontstemmend, nie net vir Engelssprekendes nie, maar ook vir groot getalle onder die Afrikaanssprekende groep.[79] Die uitlatings wat deur die radikaalgesinde republikeine gemaak is, het 'n verontrustende uitwerking op die Engelssprekende deel van die bevolking gehad. Daar was aanduidings dat die "toekomstige" republiek op die model van die ou Boererepublieke soos in Transvaal en die Vrystaat sal wees. Adv. Strijdom het dit baie duidelik gestel dat die republiek in die eerste plek vir die Boerenasie sal wees. Daaronder word Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners verstaan.[80] Die teendeel hiervan het ds. C.W.M. du Toit op 'n vergadering te Pretoria duidelik verklaar: "Die Nasionale Party is nie rassehaters nie. Die Nasionale Party wil nie 'n Afrikanerblok aan die een kant en 'n Engelse blok aan die anderkant skep nie, maar hy wil 'n skeidslyn trek tussen imperialis en nasionalis."[81]

---

78. Die Volksblad, 19/9/1936 soos aangehaal in N.G.S. van der Walt., Die Republikeinse strewe .... pp. 147 - 148.

79. P.V. Pistorius., Die Trek is Verby. p.18.

80. Ibid., p.19. Vergelyk ook Die Transvaler, 29/12/1938. Adv. Strijdom se Nuwejaarsboodskap.

81. Die Transvaler, 23/2/1939. Adv. E. Louw verklaar ooreenkomstig dat die N.P. geen rasseparty is nie, maar dat hy wel 'n verskil maak tussen jingo's en die reggeaarde Engelssprekende Suid-Afrikaners. E.H. Louw-versameling. P.V. 4. Koerantberig onbekend. Maart 1938.

Die standpunt van die "Gesuiwerdes", veral byname dr. Malan, was dus eens dat daar geen volkseenheid kan wees solank as die stryd tussen die nasionaal- en imperialistiese gesindes voortduur nie. Volkseenheid kon alleen bereik word indien die oorgrote meerderheid van die burgers van Suid-Afrika een word van volksgees, besiel is met 'n onverdeelde Suid-Afrikaanse vaderlandsliefde wat vir imperialisme geen plek het nie. Daarom was die grondslag van dr. Malan se herenigingsoproep steeds "bring bymekaar wat deur innerlike oortuiging bymekaar hoort." [82] Daarenteen "op die pad van verbastering van ideale en die sameflansing van teenstrydige politieke elemente is geen eenheid nie, maar verdeeldheid en verswakking." [83]

Die rol van die twee taalgroepe in die totstandkoming van 'n republiek word deur A.C. Cilliers soos volg verklaar: "Genl. Hertzog sê: Soek eers samewerking van beide rasse op die gelykheidsbasis in diens van Suid-Afrika, en dan sal ons die Republiek kry." Dr. Malan sê egter: "Kry eers die Republiek en dan kan ons samewerking van die rasse soek en kry." [84] Malanisme is dus die omkering van Hertzogisme. M. Roberts en A.E.G. Trollip merk op: "It is clear, then, that in regard

---

82. Die Burger, 4/1/1937. Vergelyk ook hoofstukke I en II.

83. Die Burger, 9/5/1938. Hoofartikel.

84. A.C. Cilliers. Pamflet. 'n Nuwe Belofte - 'n Vyfpuntbasis vir Volkseenheid. p.13

to party politics, Malan must aim at a different goal from Hertzog. Hertzog had succeeded in breaking down the old Nationalist Afrikaner bloc ..... Malan, on the contrary must endeavour to reverse the process, to reform the bloc, to drive a wedge between Smuts' followers and the Hertzogites. If he could do that, the way would be open for a reintegration of parties on purely racial lines - the only realistic and honest lines of cleavage, in his opinion." [85]

Deur die republikeinse ideaal as einddoel te stel, het die "Gesuiwerde" Nasionale Party aan homself 'n nuwe krag en politieke invloed verleen. Afrikaners sou as gevolg van die republikeinse propaganda van die Party al hoe meer van die betekenis en wenslikheid van 'n republikeinse einddoel bewus raak en meer as ooit tevore sou Afrikaners hulle vryelik en oral vir 'n republiek, afgeskei van die Britse Ryk en Kroon, uitspreek.

B. Britse Koningskap

In die nastrewe van die republikeinse ideaal was daar vir die Nasionale Party nog konstitusionele ongerymdhede wat verset uitgelok het. Die eerste was die Britse koningskap. Die Britse Kroon waarvan die koning die draer is, is aan Suid-Afrika uitheems, maar weens die geskiedenis en tradisie wat

---

85. M. Roberts, A.E.G. Trollip., The South African Opposition 1939-1945. p.16.

daaraan verbonde is, het dit vir baie mense in Suid-Afrika 'n soort simbool van aanbidding geword waaraan hulle in die eerste plek trou verskuldig is - selfs bo Suid-Afrika.[86] Dr. H.F. Verwoerd verklaar in 'n hoofartikel in Die Transvaler dat: "Die Afrikaner van die negentiende eeu was net soos sy nasaat van die twintigste eeu republikein in hart en niere. 'n Monargale regeringsvorm, waarin hy 'n vreemde koning as staatshoof sou moes erken, was en is nie vir die ware vryheid nie, waarna hy gestreef het of streef nie." 87 Die verskil met betrekking tot die volksvryheidsideaal verklaar dr. Verwoerd is die verskil tussen 'n republiek en die monargale regeringsvorm: ".... vir genl. Hertzog bestaan volksvryheid in 'n monargale regeringsvorm gepaard met 'n menigte bande aan 'n vreemde land." [88]

Voordat samesmelting finaal bekragtig is, het dr. Malan ook baie sterk standpunt teen die Britse koningskap ingeneem. Tydens 'n vergadering op Potchefstroom het hy op 'n vraag geantwoord dat: "Die koningstelsel is on-Suid-Afrikaans en dit pas nie hier nie. Dit stryk nie met die Afrikaanse tradisie nie .... 'n republiek is Suid-Afrika se bestemming en die volk sal al hoe meer tot daardie standpunt kom." [89].

---

86. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe 1888-1940. p.326.

87. Die Transvaler, 20/10/1938. Hoofartikel.

88. Ibid.

89. Die Burger, 15/9/1934.

Die erns van die Nasionaliste word duidelik weerspieël in hul optrede toe genl. Hertzog 'n adres aan koning Eduard VIII, opvolger van George V, voorgestel het. Daarin is die gelukwensing van die volk van die Unie van Suid-Afrika hom aangebied en is hom verseker "van ons troue gehegtheid as 'n vrye volk in die Britse Gemenebes van Nasies aan U Majesteit se Troon en Persoon." [90] Hierop het al die Nasionaliste onder dr. Malan die Parlementshuis verlaat. 'n Groot deel van die Suid-Afrikaanse bevolking was ontevrede oor hierdie optrede van die Nasionaliste. Dr. Malan het op 'n vergadering op Caledon verduidelik dat die mosie van gelukwensing aan koning Eduard in die Volksraad so opgestel was dat dit medegehegtheid aan die Kroon bely het en daarmee kon die Nasionaliste hulle nie vereenselwig het nie. "Suid-Afrika se bestemming lê nie in die koningskap nie. Dit is on-Suid-Afrikaans. Dit hou ook ras en ras van mekaar. Ons sal nooit nasionale eenheid in Suid-Afrika kry tensy Suid-Afrika 'n republiek word nie." [91] Adv. Eric Louw het dr. Malan heelhartig in sy optrede gesteun toe hy twee jaar later verklaar het dat solank die koningsband bestaan, sal daar nie rassevrede in Suid-Afrika wees nie, omdat "daar nog altyd mense sal wees wat 'n verdeelde lojaliteit het." [92]

---

90. Hansard. Deel 26. kol. 9 soos aangehaal in G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. pp.326 - 327.

91. Die Burger, 3/2/1936.

92. E.H. Louw-versameling. P.V.4. Koerantberig onbekend. Maart 1938.

Die beweging om afskaffing van die koningskap het binne Verenigde Party geledere kwaai teenstand uitgelok. Nasionaliste is selfs van verraad teenoor die grondwet beskuldig. Daarenteen het Die Transvaler in 'n hoofartikel verklaar dat die koningskap nog altyd in die weg van die so seer begeerde volkseenheid gestaan het en dat 'n republiek met 'n eie president as staatshoof, deur die volk gekies, die aangewese middel is om die verdeelde liefde en trou van baie mense te verwyder, sodat Suid-Afrika alleen hul trou deelagtig word. [93]

C. Goewerneur-generaal

'n Konstitusionele faktor wat ten nouste aan die Britse koningskap verbonde is, is die vraagstuk rakende die Goewerneur-generaal as Suid-Afrikaanse burger. As die amptelike verteenwoordiger van die Britse koning, het Nasionaliste reeds voor samesmelting op die verskillende provinsiale kongresse op die aanstelling van 'n Suid-Afrikaanse burger as Goewerneur-generaal aangedring.

In sy briefwisseling met die Kaaplandse Nasionale Party oor die stigting van 'n Nuwe Party, het genl. Hertzog die vraagstuk van die Goewerneur-generaal verklaar dat dit 'n saak vir die volk was om te besluit. Indien dit sou blyk dat dit die wens is dat die volgende Goewerneur-generaal 'n landsburger moet

---

93. Die Transvaler, 12/8/1938. Hoofartikel.

wees, sal die regering daaraan voldoen.[94]

Gedurende die eerste Parlementsitting na samesmelting, 1935, het dr. Malan dié vraagstuk na vore gebring. "Laat my sê dat vir 'n geruime tyd is reeds gevoel in Suid-Afrika dat dit alleen ooreenkomstig die status van Suid-Afrika sal wees as 'n soewerein onafhanklike land dat die goewerneur-generaal, die hoof van die staat, 'n burger van die land self sal wees."[95]

Genl. Hertzog het hierop geantwoord dat indien die volk dit wil hê, sal die volk dit kry, maar op die gepaste tyd.

Genl. Hertzog het egter nie met dr. Malan saamgestem dat die benoeming van 'n Goewerneur-generaal uit die Unie in noue verband met die Suid-Afrikaanse soewereine onafhanklikheid staan nie. Dit het volgens hom niks met die Unie se onafhanklikheid te doen nie. "Ek is nie gereed om daarop te staan nie as ek mag vind dat daar ander belange van 'n groter aard is."[96] Wat hierdie belange van groter aard was, het genl. Hertzog nie aangevoer nie. Ooreenkomstig 'n verklaring van Die Burger is die verdeeldheid in die Verenigde Party die hinderpaal; "die bewaring van die oppervlakkige eenheid is die belange van groter aard."[97]

In sterk taal het dr. Malan die aanstelling van 'n oorsese

---

94. Vergelyk hoofstuk I. Die Burger, 13/11/1936. Hoofartikel.

95. Hansard. Deel 24. kol. 2769.

96. Hansard. Deel 24. kol. 2769 - 2770.

97. Die Burger, 8/3/1935. Vergelyk ook Die Burger, 11/3/1935. Hoofartikel.

Goewerneur-generaal voorgehou as 'n verklaring van armoede en minderwaardigheid aan die kant van Suid-Afrika. "As 'n onafhanklike land soos ons ..... nie een van sy eie seuns tot staatshoof mag hê nie, dan word sy onafhanklikheid 'n bespotting." [98] In dr. Malan se woorde het die Nasionale Party uitgesien na die dag wanneer Suid-Afrika sy eie president sal hê en nie 'n Goewerneur-generaal nie, want elke volk, afgesien van verdeeldheid tussen politieke partye vind sy eenheid in sy een staatshoof. 'n Staatshoof wat uit die volk en met die volk een is en die volk aanmekaar bind. Hy alleen beliggaam die eenheid en ideale van die volk en so alleen kan volkseenheid verkry word. Hierin is hy ondersteun deur dr. N.J. van der Merwe wat gesê het: "Ons verlang na die dag wanneer ons nie meer die instelling van 'n goewerneur-generaal in ons land sal hê nie, maar ons eie gekose hoof en ek hoop dit sal 'n president wees." [99]

Toe die ampstermyn van die Graaf van Clarendon in 1937 verstryk het, het die Regering 'n Suid-Afrikaanse burger, naamlik adv. PatrickDuncan as nuwe Goewerneur-generaal benoem. Die Nasionaliste het dit vertolk as 'n stap in die regte rigting, maar hulle sou liewers wou gesien het dat iemand wat buite die partystryd staan, die benoeming gekry het. Nasionale

---

98. Die Burger, 11/3/1935. 15/6/1935. Vergelyk ook Hansard. Deel 24. kol. 2769.

99. Hansard. Deel 24. kol. 2770-2771. Vergelyk ook Die Burger, 15/4/1935.

nuusblaaie het hierdie stap van die regering as 'n groot welslae vir die Nasionale Party beskou. [100] Daarenteen het die Cape Times in 'n hoofartikel opgemerk: "Suid-Afrika het so 'n gelukkige ondervinding met sy reeks ingevoerde Goewerneur-generaals opgedoen dat dit nie maklik is om te sien waarom ons hoef af te wyk van 'n tradisie wat vir ons volk so waardevol en hulpvol was nie." [101]

Toe adv. Duncan tot ridder deur die Britse koning geslaan is, was die Nasionaliste hewig ontsteld. Dr. Malan het beweer dat genl. Hertzog 'n groot deel van die volk geskok het deurdat hy toegelaat het dat die "sir"-skap aan adv. P. Duncan toegeken word. Volgens hom het genl. Hertzog hier in stryd met die Volksraadsbesluit van 1925 gehandel deur 'n eretitel toe te ken - 'n instelling waarvan hyself destyds self gesê het dat dit die volk "verpes en verrot". [102]

Die toekenning van die onderskeiding "Grand Cross of the Most Distinguished Order of St. Michael and St. George" aan adv. Duncan, het genl. Hertzog verklaar: "is geen blote eretitel nie, maar wel 'n onderskeiding wat verleen word om bewese of toekomstige dienste." [103] Daar kan volstaan word met

---

100. Die Volksblad, 17/11/1936. Hoofartikel. Die Burger, 13/11/1936. Hoofartikel.

101. Cape Times, 12/11/1936. Hoofartikel soos aangehaal in Die Burger, 13/11/1936. Hoofartikel.

102. Hansard. Deel 28. kol. 2178-2187.

103. Die Volksblad, 10/2/1937. Hoofartikel.

die opmerking van C.M. van den Heever nl. "Die aanstelling van 'n Engelssprekende Suid-Afrikaner was nodig om van die oorseese Engelse aanstelling die eerste stap vir Suid-Afrika makliker te maak." [104].

D. Reg van Appél na die Geheime Raad

Ook ander konstitusionele bande wat Suid-Afrika aan Engeland gebind het, het die Nasionale juk al hoe meer begin skaaf. Onder artikel 106 van die Zuid-Afrika Wet van 1909 kon daar steeds van die Appélhof na die Geheime Raad in Brittanje geappelleer word. Dit was werklike 'n ou uitgediende anachronisme wat slegs kwaad gedoen het en wat derhalwe afgeskaf kon word. [105] Onder die Nasionaliste was daar 'n baie sterk gevoel dat die onderhorigheid van die Unie se hoogste regbank aan 'n Britse Hof strydig was met die Unie se status en dat daaraan 'n einde gemaak moet word. Prof. L.I. Coertze het dié saak soos volg opgesom: "Van die dinge wat ons aan die dae van kolonieskap en afhanklikheid op die gebied van Reg en Staat herinner, staan die appél na die Geheime Raad nommer een." Hy verklaar verder: "Behalwe dat dit onaangename herinneringe oproep, is die Appél ook nog soos prof. Keith dit gesê het, 'n "badge of inferiority." [106]

---

104. C.M. van den Heever., Generaal J.B.M. Hertzog. p.65.

105. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.331.

106. L.I. Coertze., 'n Pleidooi vir die Afskaffing van die Appél na die Geheime Raad. p.1

In sy reeds aangehaalde briefwisseling met die Kaaplandse Nasionale Party het genl. Hertzog skriftelik onderneem dat dit 'n saak van beleid sal wees dat die reg van appél na die Geheime Raad afgeskaf sal word.

In die Parlementsitting van 1935 het adv. C.R. Swart 'n voorstel ingedien dat die reg van appél na die Geheime Raad afgeskaf moes word. [107] In die debat wat daarop gevolg het, was die onderlinge verdeeldheid in regeringskringe baie duidelik. Dit het die Verenigde Party in 'n ongemaklike posisie geplaas en om die eenheid te bewaar, moes selfs oud-Nasionaliste teen die voorstel stem. Hierop het dr. N.J. van der Merwe veral in sy toespraak gewys: "Waarom kan die Regering nie besluit dat die appél na die Geheime Raad afgeskaf word nie? ..... Dit is nie omdat ons nie die reg het nie of dat dit op die meriete van die saak so waardevol is nie. Daar is een rede en dit is 'n politieke rede, naamlik dat dit die sentiment sal seermaak van 'n aantal mense en nou moet ons wag tot ons nie meer enige politieke sentiment met so 'n voorstel kan seermaak nie. ....." [108]

Selfs genl. Smuts het die mening gehuldig dat die afskaffing van die appél na die Geheime Raad meer voordele as nadele vir die Unie inhou. [109] Die Burger verklaar in 'n hoofarti-

---

107. Hansard. Deel 24. kol. 2157-2161.

108. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. pp.322-333.

109. Die Burger, 19/8/1936. Hoofartikel. The Friend, 19/1/1937. Hoofartikel.

kel dat die Regering durf nie die appél afskaf nie omdat die imperialiste binne sy geledere dit nie sou duld nie, want "daar is twee sigbare bande tussen Engeland en die Vryge-weste. Die een is die Koning, die ander is die appél na die Regterlike komitee van die Geheime Raad." [110] Die Nasionaliste was egter vasbeslote om hierdie hinderlike Rykskakel te verbreek terwyl die Verenigde Party verplig was om in die bestaande toestand, terwille van die eenheid van die Party, te berus. Twee jaar later het adv. C.R. Swart weer eens 'n voorstel in die Parlement tot afskaffing van die appél na die Geheime Raad ingedien. Die Verenigde Party het soos een man, met uitsondering van mnr. P. Martins, die wetsont-werp van die Nasionaliste afgestem. [111] Nasionale nuusblaaie het dit as 'n tragedie beskou dat manne wat tot aan die "Groot Bolmakiesie vir afskaffing van die reg van appél na die Geheime Raad geywer het, soos een man teen die afskaffing stem - so maak smeltery." [112] Die teenstrydighede blyk duidelik in die verklarings van regeringswoordvoerders dat hulle erken dat die afskaffing van die appél in belang van die land sou wees, maar solank dit 'n politieke strydpunt bly, kan dit nie oorweeg

---

110. Die Burger, 19/8/1936. Hoofartikel. The Friend, 10/2/1936. Hoofartikel verklaar dat die hele aangeleentheid om die afskaffing van die appél na die Geheime Raad vir die volk is om te besluit. Die Malanïete se betoog hiervoor spruit uit motiewe soos selfsug en egoïsme en hulle beleid is een van "racial and mischief making."

111. Hansard. Deel 28. kol. 257.

112. Die Burger, 18/1/1937. Hoofartikel.

word nie. [113] Waarom die Regering die reg van appél laat voortbestaan, is volgens Die Burger baie duidelik. "Dit is omdat hy na die pype van die Unionistiese deel van sy party moet dans. Laat hy dit afskaf, loop van daardie Unioniste oor na die Dominion Party en om hulle te behou, word hulle hul sin gegee en word die reg van appél behou. Die Regering is magteloos om te doen wat hy self verklaar in belang van die land te wees." [114]

Die Nasionaliste was vasbeslote dat wanneer die party eenmaal geroep word om die bestuur van die land oor te neem, sal die afskaffing van appél na die Geheime Raad een van sy eerste dade wees. "Hiermee sal dan weer een van die baie bande met Brittanje op konstitusionele wyse verbreek wees en sal die party weer 'n stappie nader aan sy doel wees, naamlik 'n onafhanklike Republiek." [115]

E. Nasionaliteitswette

Die laaste, maar wel belangrike Rykskakel wat verbreek moes word, was die hersiening van die Unie se Nasionaliteitswette, ten einde alle sweem van dubbele nasionaliteit daaruit te verwyder. Die misleidende benaming "Britse Onderdaan" moes afgeskaf word. Die Nasionaliste het veral te velde getrek

---

113. Die Transvaler, 5/1/1938. Hoofartikel. Die Volksblad, 4/6/1937. Hoofartikel.

114. Die Burger, 18/1/1937. Hoofartikel. Die Transvaler, 6/1/1938. Hoofartikel.

115. Die Transvaler, 5/1/1938. Hoofartikel.

teen die verouderde Nasionaliteitswet wat die twee benamings "Britse Onderdaan" en "Burger van die Unie" gebruik het asof hulle dieselfde betekenis gehad het. Hierdie gemeenskaplike status van dubbele burgerskap het regstreeks teen hul onafhanklikheidsbeginsel gebots, want geen soewerein onafhanklike land kan 'n dubbele nasionaliteit vir sy burgers toelaat nie omdat dit 'n verdeelde trou veronderstel. Daarom het dr. Malan, reeds voor koalisie verklaar: "Die ou dominion-status bestaan nie meer nie; die Statuut van Westminster is aangeneem. Nou word die bestaan van 'n dubbele nasionaliteit 'n onding .... die stap wat nou gedoen moet word, is om weer terug te keer tot een nasionaliteit en dit is 'n eie Suid-Afrikaanse nasionaliteit." [116] Vir dr. Malan was die dubbele burgerskap niks anders as 'n vorm van verraad, want 'n burger van die Unie kan ook nie terselfdertyd 'n burger van Brittanje wees nie.

In die genoemde briefwisseling van Februarie 1934 met die Kaaplandse Nasionale Party, het genl. Hertzog ooreengekom dat dit 'n aangenome saak van beleid van die Nuwe Party sal wees dat die Unie se nasionaliteitswette in ooreenstemming met die land se soewerein onafhanklike status gebring sal word. Hy het verseker dat dit vanself spreek en die saak aan sy regsadviseurs opgedra. Gedurende die parlementsitting van 1935 is die vraag aan genl. Hertzog gestel wanneer die verandering

---

116. Die Transvaler, 25/2/1938. Hoofartikel.

sou kom. Sy antwoord was dat volgens sy regsadviseurs die dubbele burgerskap geen afbreuk doen aan die soewereine status van die Unie nie. "..... volgens die informasie wat ek van Departement ontvang het, daar niks is in ons eie nasionaliteitswette wat in beginsel onverenigbaar is met ons soewerein onafhanklike status nie, sodat geen prinsipiële veranderings nodig is nie." [117] Hierdie optrede van genl. Hertzog wat in wese 'n skending van sy ooreenkoms met die Kaaplandse Hoofbestuur was, kan moontlik aan die innerlike verdeeldheid oor die aangeleentheid binne Verenigde Party geledere toegeskryf word. Die Transvaler merk tereg op dat: "Die Nasionalis wil nie bekend staan as 'n Britse onderdaan nie en hierdie grief kan deur genl. Hertzog nie verwyder word nie weens die druk van sy imperialistiese vriende." [118]

Uit die voorafgaande blyk duidelik, wat konstitusionele vraagstukke betref, daar tussen die Nasionale en Verenigde Party diepgaande verskille geheers het. Samesmelting sou op hierdie vlak noodwendig moes misluk het.

Die samesmeltingsbeweging het soos aangetoon, 'n herlewing van die republikeinse ideaal op partypolitieke gebied meegebring. Dié kunsmatige verdeeldheid onder Afrikaners sou ook die drang na Afrikanervolkseenheid opnuut laat opvlam en op sy

---

117. Hansard. Deel 24. kol. 2189.

118. Die Transvaler, 4/4/1938. Hoofartikel.

beurt weer het dié drang die nasionale idee steeds sterker op die voorgrond gedwing.

II. KULTURELE EN NASIONALE ONTWAKING

Die Afrikaner-republikanisme en nasionalisme is nie slegs die produk van die Suid-Afrikaanse politieke situasie nie, maar is in 'n hoë mate deur die Afrikaner kultuurorganisasies gevoed. Trouens die Nasionale Party was vir die grootste gedeelte van sy bestaan nie slegs die draer van die Afrikaner politieke denke nie, maar ook van sy kultuur.

Die nasionale kultuurgedagte het dr. N.J. van der Merwe duidelik omskryf, toe hy verklaar het: "Die kultuurstryd van die Afrikaner is 'n stryd om homself te wees en sy eie selfstandigheid te handhaaf ..... Die grondslag van ons hele optrede is die erkenning van die feit dat daar in Suid-Afrika 'n Afrikanernasie is, onderskei van ander volkseenhede wat ook deel uitmaak van die bevolking van Suid-Afrika. Ons glo dat hierdie Afrikanernasie 'n eie Godsgedagte dra. Ons glo dat sy selfstandige voortbestaan deur God gewil is. Ons is bewus van 'n dure roeping om hierdie Godsgedagte uit te leef." [119]

Die verskil in geestelike volkseenheid tussen die Afrikaans- en Engelssprekendes blyk duidelik in die verklaring van mnr.

---

119. Die Volksblad, 1/7/1936. Dr. N.J. van der Merwe se voorsittersrede by die stigting van die Nasionale Kultuurraad te Bloemfontein. Vergelyk ook Die Burger, 2/7/1936.

Heaton Nicholls naamlik "Die Britse Ryk is vir my 'n geestelike eenheid soos die Christendom dit is en die Union Jack is die simbool van die imperialisme soos die Kruis die simbool van die Christendom is." [120]

In hierdie verklarings blyk dus duidelik die verskil tussen dié twee bevolkingsgroepe se handhawing van hul geestelike bestaan in lynreg teenoor mekaargestelde rigtings. Die een wil sy verband met Engeland handhaaf en versterk en die ander wil alle bande met Brittanje verbreek.

A. Afrikaner Broederbond.

Dit is reeds by vorige geleentheid gestel dat na samesmelting van die twee groot partye, het dr. Malan die steun geniet van die grootste deel van daardie kulturele en intellektuele kringe wat voorheen so sterk agter genl. Hertzog gestaan het. In hierdie opsig was die steun van die Broederbond en F.A.K. van die allergrootste belang. Die grondslag van hierdie kultuurorganisasies was Afrikaner Calvinisme en dit het altyd in die rigting van 'n eksklusiewe Afrikanernasionalisme gewerk as die waarborg vir die handhawing van die volkstradisies en godsdienstige oortuigings.

Die gedagte van 'n aparte Afrikanernasie teenoor genl. Hertzog se Suid-Afrikaanse Nasie het na samesmelting sterk na vore getree. Met ander woorde die gedagte van Afrikanervolkseen-

---

120. Die Volksblad, 29/4/1935. Artikel: Dr. N.J. van der Merwe., Die groei van die Nasionale gedagte.

heid teenoor Suid-Afrikaanse Volkseenheid. Hierdie gedagte van 'n Afrikanerfront is veral baie sterk deur dr. N.J. van der Merwe beklemtoon: "In die eerste plek veg ons vir die bestaan van die Afrikanernasie. Ons verset ons teen die sogenaamde eenstroom-politiek wat die Afrikanernasie verbrits. Hierdie eenstroom-politiek is die grondslag van die sogenaamde volkseenheid waarop die Smeltersparty hom beroep. Die Nasionale Party gun ander volksdele ten volle hul reg van bestaan, dog beveg tot die uiterste toe alle magte wat die selfstandige ontwikkeling van die Afrikaner ondermyn." [121]

C.J. Juta skryf die gedagte van 'n suiwer Afrikanerfront soos deur die "Gesuiwerdes" nagestreef, toe aan die invloed van die Afrikaner Broederbond. [122] Die Afrikaner Broederbond is 'n geheime kultuurorganisasie wat in 1918 gestig is. Weinig is amptelik van sy grondwet, oogmerke of lidmaatskap bekend, behalwe dat dit intiem met die "Gesuiwerde" Nasionale Party in verband gestaan het en dat dit sterk seksioneel was. "The Broederbond's standards were rigid and unbending. An Afrikaner had to be a republican, a nationalist, and a Calvinist and he had to subscribe to the ideology of Christian-Nationalism." [123]

---

121. Die Burger, 9/5/1936 soos aangehaal in G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.316.

122. C.J. Juta., Aspects of Afrikaner Nationalism., 1900-1964. D. Phil. proefskrif. p.27.

123. Ibid., p.27.

Dr. Malan het na koalisie lid van die Afrikaanse Broederbond geword. [124] Die volgende nasionale leiers was ook lede: Prof. L.J. du Plessis, dr. N.J. van der Merwe, adv. C.R. Swart, adv. J.G. Strijdom, ds. C.W.M. du Toit, mnre. J.J. Haywood, A.J. Werth en dr. A.J.R. van Rhyn, hoofredakteur van Die Volksblad. [125]

In 'n toespraak op Smithfield, 8 November 1935, het genl. Hertzog kwaai teen die Broederbond te velde getrek. Hy het die Broederbond verantwoordelik gehou vir die verdeeldheid op volksgebied hoofsaaklik as gevolg van die seksionele partybelange van die "Gesuiwerdes" wat hy doelbewus probeer bevorder het. Ooreenkomstig genl. Hertzog het die volgende verklaring van die Broederbond op 16 Januarie 1934 verskyn, onderteken deur die voorsitter, prof. J.C. van Rooy en sekretaris mnr. I.M. Lombaard: "Ons toetssteen van Broederskap en Afrikanerskap is nie partypolitieke rigting nie, maar persone wat die ideaal nastreef van 'n afsonderlike Afrikaanse volk met sy eie kultuur .... Broeders ons oplossing vir Suid-Afrika se kwale is nie dat die of daardie party die oorhand sal verkry nie, maar dat die Afrikaner Broederbond Suid-Afrika sal regeer." [126]

Hiervolgens is dit vir genl. Hertzog duidelik dat dit die Broederbond se doel is om die Afrikaanssprekende Afrikanerdom se

---

124. Adamastor., White Man Boss. p.46. Vergelyk ook W.H. Vatcher., White Laager. p.81.

125. C.J. Juta., Afrikaner Nationalism ... p.57.

126. Die Burger, 8/11/1935.

"baasskap" in Suid-Afrika te bevestig. Vir hom blyk dit 'n verheerliking van Afrikaner jingo's wat die Engelssprekende deel van die bevolking totaal wil uitsluit.[127] Deur hierdie verklarings is die Broederbond voortaan omgesit in 'n geheime "gesuiwerde" Nasionale Party. Vir hom was die Broederbond, sedert 1933, so goed as uitsluitend in die hande van die "Gesuiwerde" Nasionaliste met die uitskakeling van so veel moontlik van alle broeders wat nie tot die Nasionale Party behoort het nie. "Dr. Malan het lid van hierdie Bond geword sedert Koalisie en is dit duidelik waarom hy so skielik omgeswaai het van voorstander tot teenstander van Afrikanervolkseenheid. Sy aansluiting by hierdie geheime anti-Engels-Afrikaansbeweging moes hom noodwendig verplig om af te sien van die politiek van volkseenheid met die insluiting van die Engelssprekende Afrikaner en aldus is hy verder deur sy verbond met die Broederbond verplig geword om die weg van volksverdeeldheid en twis in te slaan." [128]

Genl. Hertzog het ook die volgende stellings gemaak: "(1) dat lidmaatskap van hierdie geheime vereniging gans en al onbestaanbaar is met samewerking tot die totstandkoming van 'n verenigde Afrikanerdom van Engels- en Afrikaanssprekendes; (2) dat dr. Malan deur lid te word van die Broederbond noodwendig moes ontrou word aan sy vroeëre leer van 'n verenigde volk en noodwendig samewerking met die Verenigde

---

127. Hansard. Deel 26. kol. 274-277.

128. Die Burger, 8/11/1935.

Party moes weier, soos hy gedoen het en, (3) dat wanneer dr. Malan ontken dat hy sy weiering om met die Verenigde Party tot volkseenheid saam te werk, hy beïnvloed was deur rassegevoel en deur die sug om oor die Engelse deel van ons bevolking te domineer, hy hom aan onwaarheid skuldig maak."[129]

Genl. Hertzog verklaar verder: "Dit lyk geen twyfel dus dat die geheime Broederbond niks anders as die "Gesuiwerde" Nasionale Party is wat heimlik onder die grond besig is en dat die "Gesuiwerde" Nasionale Party niks anders is as die Geheime Afrikaner Broederbond wat sy bedrywighede voortsit bo die grond nie. Tussen die twee word die eenheid van die Afrikanerdom verkwansel vir 'n Republikeinse cum Calvinistiese Bond."[130] D.W. Kruger merk op: "Hertzog did not pause to consider that he was scornfully repudiating the very forces which had in the past helped him to achieve political victory and which had since been his Party's mainstay."[131]

Dr. Malan het op 'n vergadering te Victoria-Wes grotendeels genl. Hertzog se uitlatings oor die Broederbond gerepudieer. Vir hom, Malan, was die Broederbond niks anders as 'n niepolitieke Afrikaanse vereniging wat, waar dit nodig is, vir

---

129. Die Burger, 8/11/1935. Sien ook Adamastor. White Man Boss. pp. 46-47.

130. Die Burger, 8/11/1938. Vergelyk ook C.J. Juta., Afrikaner Nationalism ..... p.57. W.K. Hancock., Smuts, The Fields of Force. p.288.

131. D.W. Kruger., The Age of the Generals. p.182.

Afrikaanse belange wil optree. "Net die feit dat ek lid geword het, verander die hele organisasie tot glad iets anders as wat dit was." [132] Dr. Malan het sy lidmaatskap van die Broederbond met trots erken en "in Malan's eyes, Hertzog stood self-revealed and self-condemned as an enemy of the Afrikaner nation." [133]

Dr. Malan het genl. Hertzog se bewerings dat die Nasionale Party 'n suiwer seksionele en rassehaatparty is, ten sterkste ontken. "Die Nasionale Party is minder 'n rassehaatparty as toe genl. Hertzog hom gelei het .... ons het nie, soos hy die Union Jack 'n stinkende lap genoem of Afrikaanssprekendes as mense sonder siel en verraaiers bestempel nie. So het genl. Hertzog van die Afrikaanssprekende Sappe gepraat. Die rassehaatstories is 'n ou storie in Suid-Afrika." [134] Die opsweep van die rassegevoel by Engelssprekendes deur hulle vir die Nasionaalgesinde Afrikanerdom bang te maak, was vir Malan, 'n lae politieke spel.

Die onderlinge verhouding tussen die Broederbond en die "Gesuiwerde" Nasionale Party het genl. Hertzog baie duidelik gestel en dat die twee liggame intiem saamgewerk het, is nie te betwyfel nie. Die geloofwaardigheid van genl. Hertzog se gegewens kan moontlik betwyfel word, maar geeneen van die persone wat hy as broeders van die Bond genoem het, het

---

132. Die Burger, 16/11/1935.

133. W.K. Hancock., Smuts, The Fields of Force. p.288.

134. Die Burger, 16/11/1935. 9/11/1935.

dit ontken nie. Daarenteen het dr. N.J. van der Merwe 'n paar dae na die Broederbond onthullings op Boshof verklaar: "Die Afrikaner is nie bestem vir knegskap nie. Sy bestemming is om selfstandig te wees in Suid-Afrika. Die strewe van die Broederbond om die Afrikaner van hierdie knegskap te red en tot Baasskap terug te voer, word deur genl. Hertzog bestempel as rassehaat." [135]

Binne Engelssprekende kringe het genl. Hertzog se aanval op die Broederbond en die "Gesuiwerdes" se ideaal van 'n Afrikanerfront nie ongehoord verbygegaan nie. In 'n brief aan die redakteur van die Natal Mercury verklaar 'n leser: "General Hertzog's new bogey, the Afrikaner - Broederbond, leaves the English-speaking section as little affected as did his "Black-Peril" one of 1929. We are perfectly well aware that, had this Bond continued to support him as it did from 1918 until the time of Fusion, no word of disapproval would have been expressed; though its aims were the same then as now." [136] Die Afrikaner Broederbond was onteenseglik 'n magtige faktor van groepsverdeling tussen Afrikaans- en Engelssprekende Suid-Afrikaners.

Die ekonomiese herlewing na die depressiejare, het in 1936 gepaard gegaan met 'n ontwaking van kulturele aktiwiteite. Met die sogenaamde "trek na die stad" het 'n nuwe geslag

---

135. Die Burger, 18/11/1935.

136. Natal Mercury, 16/11/1935. Brief van leser G. Virgo aan Redakteur.

Afrikaners in die stede ontstaan en het hulle hul republikeinse en nasionale oortuigings met hul saamgedra. Daar was 'n steeds sterker neiging by baie stedelike Afrikaners om die kultuurstryd met die politieke stryd te vereenselwig en onbewus is die bande tussen die twee versterk, want die nasionale gees van die Afrikaners het albei omvat.[137]

Die toenemende Afrikanergetalsoorwig is deur die sensus van 1936 bewys. Van die totale blanke bevolking van 2 miljoen het 1 121 000 Afrikaans as huistaal gebruik teenoor slegs 783 000 Engelssprekendes. Hulle het ses-en-vyftig persent van die blanke bevolking uitgemaak en veral in die ouderdomsgroepe onder een-en-twintig jaar het hulle oorwig gedurig toegeneem.[138] Hierdie Afrikaanssprekende jongmense sou in die jare wat kom, al hoe meer van die Afrikaanse nasionale ideale bewus raak en veral die republikanisme, wat op die herinneringe van die verlede gebou is. Dit is tot hierdie jong Afrikanerdom wat dr. Malan die volgende oproep gerig het: "U moet honderd persent Afrikaner wees; die Engelsman kan nooit meer Suid-Afrikaner wees as die Afrikaner self nie ....." [139]

B. Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings

In sy openbare bekendstelling van die Broederbond as werktuig

---

137. A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid, Geyer A.L., Die Geskiedenis van Suid-Afrika. p.540.

138. Ibid., p.541. Sien ook W.H. Hancock, Smuts The Fields of Force. pp. 288-289. wat verskil met betrekking tot die statistieke. Laasgenoemde beweer dat die Afrikaanssprekendes 48% van die bevolking uitgemaak het. D.W. Kruger., The Making of a Nation. p.189-190.

139. Die Transvaler, 17/6/1938.

van die "Gesuiwerdes" het genl. Hertzog ook teen die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (F.A.K.) te velde getrek as 'n kultuurorganisasie wat vir "gesuiwerde" politieke doeleindes aangewend word. Volgens hom het die Broederbond se voorsitter van die Uitvoerende Komitee verklaar dat die Bond so ver gevorder te wees op die weg van 'n politieke vereniging dat: "Ons as Afrikaner Broederbond mag sy hand nie aftrek van die kultuurwerk nie .... dat die Bond stadigaan die kultuurwerk self oordra aan sy soveel groter seun, die F.A.K. Die nasionale kultuur en volkswelvaart kan nie ten volle ontbloei nie as die volk van Suid-Afrika nie ook staatkundig alle uitlandse bande verbreek nie." Die Bond se doelwit sal wees "'n geheel selfstandige, eg Afrikaanse staatsbestuur vir Suid-Afrika .... wat deur sy beliggaming in 'n eie persoonlike staatshoof ons sal inspireer en samesnoer tot onweerstaanbare eendrag en mag." [140]

Die Nasionale Party is herhaaldelik deur die Verenigde Party daarvan beskuldig dat hulle die kultuurorganisasie vir politieke doeleindes gebruik. Kultuurleier en politieke leier, was volgens dr. N.J. van der Merwe dikwels een en dieselfde persoon. Vir die Nasionaliste was die kultuurstryd nie 'n politieke stryd nie, maar wel 'n nasionale stryd in die breedste sin van die woord. Oorvleueling moes daar noodwendig wees, want "as

---

140. Die Burger, 8/11/1935.

die kultuurstryd die strewe tot uiting van die volksiel is, dan is die verband tussen volksbewussyn en die waardering van eie kultuurgoedere vanselfsprekend." [141]

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings wat in 1929 tot stand gekom het, was die regterhand van die Afrikaner Broederbond. Dit was 'n suiwer kultuurorganisasie wat die Afrikanerdom in 'n gemeenskaplike kultuurstrewe wou verenig. In 1937 verklaar dr. N.J. van der Merwe, voorsitter, op die F.A.K. kongres te Bloemfontein: "Die F.A.K. is gebore uit stryd en is self 'n produk van die worsteling waar die Afrikaner 'n eenheidsfront soek teenoor vyandelike kragte wat hom verdeel en sy siel versmoor." [142] Tydens hierdie kongres het ook dr. A.J.R. van Rhyn, redakteur van Die Volksblad, verklaar dat die kultuurlewe van 'n volk elke gebied van sy maatskaplike lewe raak. "As jy jou kultuur nie indra in elke deel van die samelewing nie .... dan kan jy nie krag uitoefen nie." [143]

C.J. Juta merk op: "The F.A.K. was created by the Broederbond for doing publicity what the Bond, a secret society, was unable to do because of its secret nature." Hy verklaar verder: "The F.A.K. would bring under its control all the Afrikaans cultural organisations and then mould the developing culture of the Afrikaner people into its own image." [144]

---

141. Die Burger, 8/7/1937. Hoofartikel.
142. Die Burger, 7/7/1937. Jaarkongres van F.A.K.
143. Die Volksblad, 6/7/1937.
144. C.J. Juta., Afrikaner Nationalism. p.77.

Die F.A.K. het gedurende die moeilike dertigerjare 'n grootse bydrae gelewer om die verskeurde Afrikanerdom weer eens bewus te maak van sy eie identiteit as volk. Dit het veel bygedra tot konsolidering van die Afrikanergedagte en het die Afrikaner sy trots in "ons eie" laat herwin.

'n Nasionale Kultuurraad wat alle Afrikaanse volksbedrywighede in een kragtige liggaam saamgetrek het, is deur die F.A.K. in 1936 te Bloemfontein gestig. Op die eerste vergadering, onder voorsitterskap van Dr. N.J. van der Merwe, het hy verklaar dat die liggaam gebore is uit die groei en ondervinding van die F.A.K. "Daar is 'n behoefte aan 'n breër bestuursliggaam wat namens die organisasies optree; wat waak oor die geestesgoedere van die Afrikaner volk .... en 'n liggaam wat so verteenwoordigend is dat die hele Afrikanervolk die gesag daarvan sal erken. Ek is oortuig daarvan dat hierdie stap 'n belangrike ontwikkeling beteken tot bevordering van ons nasiestryd." [145]

Die grondslag van die Nasionale Kultuurraad se hele optrede is die erkenning van die feit dat daar in Suid-Afrika 'n Afrikanernasie is, onderskei van ander volkseenhede wat ook deel uitmaak van die bevolking van dié land. "Ons glo dat hierdie Afrikanernasie 'n Godsgedagte dra. Ons glo dat sy selfstandige voortbestaan deur God gewil is. Ons is bewus van 'n dure roeping om hierdie Godsgedagte uit te leef." [146]

---

145. Die Volksblad, 1/7/1936. Die Burger, 2/7/1936.

146. Die Burger, 2/7/1936.

Op die eerste byeenkoms was die volgende organisasies teenwoordig: Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (F.A.K.), Suid-Afrikaanse Taalbond, Uniale Kunswedstryde - Komitee, Oranje Vrystaatse Onderwysersvereniging, Suid-Afrikaanse Onderwysers-Unie, Transvaalse Onderwysersvereniging, Afrikaanse Nasionale Studentebond, Nederduits Gereformeerde Kerk (O.V.S. en Transvaal), Gereformeerde Kerk, Hervormde Kerk, Christelike Jongeliedevereniging, Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, Oranje Vroueverenigings, Natalse Christelike Vrouevereniging, Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (S.A.S.&H), Die Spoorbond, Handhawersbond, Helpmekaar (O.V.S.), Suid-Afrikaanse Vroue Federasie, Saamwerk-Unie, Kultuur-unie van Rhodesia - 'n totaal van twee-en-twintig organisasies.[147] Die Nasionale Kultuurraad het na hierdie kongres van 1936 die belangrikste kulturele organisasie van die Afrikaners geword. "It serves as the mouthpiece of the Afrikaner's religious, cultural and economic struggle." [148]

Die stigting van die "Afrikaner Bond van Mynwerkers" was die gedagte van die Nasionale Kultuurraad toe daar gevoel is dat die arbeidende Afrikaner nie in die organisasie van die F.A.K. ingeskakel is nie. Met hierdie eerste vergadering van die Nasionale Kultuurraad is daarop gewys dat die arbeider-

---

147. C.J. Juta., Afrikaner Nationalism. p.84. Sien ook Die Volksblad, 2/7/1936. Die Burger, 3/7/1936.

148. Ibid., p.83.

stand van 'n volk nie die "kultuurdraers en kultuurskeppers" is nie, maar die "draers van die lewe van die volk" en daarom moet hulle in die eerste plek in die volksbeweging ingevoeg word. Die noodsaaklikheid van Afrikanervakunies wat grotendeels ontbreek het, is deeglik besef veral na aanleiding van die verklaring van dr. Albert Hertzog: "Twee-derdes van die Afrikanervolk bevind hul vandag in die stede; dit is dus die sleutelposisie van die Afrikaner wat vandag in die stede geleë is. Die helfte van die bevolking van die stede behoort aan vakunies waarvan die meeste beheer word deur uitlanders, kommuniste, wat ons volk vyandig gesind is. Uit die 112 vakverbonde in ons land, word minstens 100 deur vyande van die volk regeer."[149]

Die Burger verklaar onomwonde dat die voorsitter van die liggaam "South African Trades and Labour Council," terselfdertyd 'n aktiewe lid is van die organisasie "Vriende van die Sowjet Unie."[150] 'n Groot aantal van die geaffileerde vakunies, waarvan sommige naturelle en kleurlinge verteenwoordig het, was in wese sterk kommunisties georiënteerd en nie een van hulle het die Christelike Nasionale grondslag van die Afrikanervolk erken nie. Baie van dié vakunies het trouens direk vyandig teenoor die godsdiens en tradisies van die Afrikaner-

---

149. Die Burger, 17/5/1938, Dr. A. Hertzog was verplig om in 1937 as redakteur van Die Vaderland te bedank na aanleiding van sy kritiek op die Regering toe hy verklaar het: "Die mynmagnate is nie meer geregtig op die ekstra winste as enig mynwerker nie, omdat daardie winste nie deur die mynbase veroorsaak is nie, maar deur 'n Regeringsdaad toe die staat van goud afgestap het." Die Volksblad, 14/4/1937. Hoofartikel.

150. Die Burger, 17/5/1938.

volk gestaan en hul sterk beywer vir die uitwissing van die kleurskeidslyn. Om hierdie denasionaliseringsproses by die verstedeliking van die Afrikaner te stuit het die F.A.K. ingetree om voorsiening vir Christelike Nasionale vakbonde vir die Afrikaner te maak. "Die Afrikanerbond van Mynwerkers" was die eerste Christelike Nasionale vakbond wat in die lewe geroep is. Ook is 'n Raad van Trustees saamgestel met dr. A. Hertzog (voorsitter) en dr. N. Diedericks (Ondervoorsitter), wat die organisasie van Afrikanervakbonde moes onderneem.

Vanuit Smelterskringe, Die Kamer van Mynwese, die "Trades and Labour Council" is die stigting van die Afrikanerbond van Mynwerkers voorgehou as 'n werktuig van die Nasionale Party om die klassestryd in Suid-Afrika aan te wakker. Afrikaanssprekende mynwerkers is selfs met ontslag gedreig indien hulle hul lidmaatskap van "South African Mine Workers Union" sou weier.[151]

Die bewerings dat die Nasionale Party verantwoordelik was vir die stigting van dié Bond, het dr. Malan op 'n vergadering te Stellenbosch ten sterkste ontken en verklaar: "Hierdie beskuldigings is 'n poging om die Bond te vernietig deur daaraan 'n eksklusiewe en politieke kleur te gee ... Dit is die vrees vir Afrikaner nasionalisme." [152] Die optrede en heel-

---

151. Die Burger, 12/4/1937. Hoofartikel. Die Volksblad, 1/6/1937. Hoofartikel.

152. Die Burger, 12/4/1937.

hartige ondersteuning van die Nasionale Party aan die Bond, is aldus Malan, nie op politieke oorwegings gebaseer nie. "Ons tree so op alleen omdat ons ons plig besef as Afrikaners. Ons tree in hierdie saak op nie as 'n politieke party nie, maar as Afrikaners en ons het die volste reg om op alle Afrikaners 'n beroep te doen om saam te staan vir Afrikanerbelange."[153]

Dit was nie slegs die "Afrikanerbond van Mynwerkers" wat onder die skelkrete van rassehaat en party-politiek gebuk gegaan het nie, maar ook die Spoorbond. Laasgenoemde organisasie is as die Afrikaanse Spoorwegpersoneelvereniging in 1933 gestig. In 'n verklaring wat deur die Uitvoerende Raad van die Spoorbond uitgereik is, verklaar die Bond homself as 'n organisasie wat geheel en al buite die politiek staan. "Bloot omdat hy Afrikaans as sy voertaal aanvaar het, word hy van rassehaat beskuldig. Reeds gedurende 1935 het 'n Engelse leser die volgende bedenkinge teenoor die Spoorbond in The Star gelug. "Will you say ..... if there is any possible reason for the existence and encouragement of this particular union of railwaymen, beyond a racialistic one."[154] Die Spoorbond het die Afrikanerbond van Mynwerkers heelhartig as 'n Christelike nasionale vakunie gesteun, en ooreenkomstig verklaar dat: "Hierdie stryd is terselfdertyd 'n stryd om die beginsels van 'n organiese Afrikaner nasionale eenheid wat nie op 'n basis

---

153. Die Burger, 12/4/1937.

154. The Star, 8/10/1935.

van afsonderlike en indiwiduele groepsbelange opgebou kan word nie." [155]

Gepaardgaande met die kulturele ontwaking van die Afrikanervolk was die weg op die vooraand van 1938 dan ook reeds voorberei vir die eksklusiewe Afrikanernasionalisme wat op die Voortrekkerfeeste gevolg het. Dit sou so 'n suigkrag in die Afrikaanse geledere veroorsaak dat dit die samesmeltingsoogmerke heeltemal sou verydel. [156] Waar die kultuurbeweging 'n bondgenoot van dr. Malan en die Nasionale Party in die stryd om nasionale voortbestaan was, het die Eeufeesvierings vir die emosionele krag gesorg wat by die Verenigde Party ontbreek het. D.W. Kruger merk op: "It gained in inspiration and idealism and in the end this force proved to be irresistible." [157]

C. Die Voortrekkereeufees

Die Voortrekkereeufees, waarvan die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (A.T.K.V.) se simboliese Ossewatrek die kern en betekenisvolste deel was, het ten doel gehad die herdenking en verering van die Voortrekkerideale en dade op "Die Pad van Suid-Afrika."

Dit het 'n luisterryke fees geword wat 'n vlammende Afrikanernasionalisme nagelaat het met die republikanisme as grondslag. Dit was die aanskouing, die werklike belewing van 'n

---

155. Die Transvaler, 26/2/1938.

156. N.G.S. van der Walt., Die Republikeinse Strewe. p.150

157. D.W. Kruger., The Age of the Generals. p.184.

gemeenskaplike verlede van pionierswerk, van stryd en opoffering, swaarkry en nederlaag vir die ideaal van 'n eie volk en 'n eie staat, wat die Afrikaner weer bewus gemaak het van 'n onsigbare eenheidsband.

Die "wonderjaar", 1938, kan tereg as die nasionale wedergeboorte van die Afrikanervolk beskou word. In Afrikanergeledere was daar by die aanbreek van dié jaar vertwyfeling en neerslagtigheid as gevolg van verskeurdheid op staatkundige gebied. 'n Geestesgesteldheid van ongeloof in sy toekoms en frustrasie oor sy kulturele, ekonomiese en politieke gebreke of tekortkominge het gedreig om by die Afrikaner pos te vat.

In Meimaand van daardie jaar het die Afrikanervolk se moraal tot 'n laagtepunt gedaal toe Afrikaner teen Afrikaner in 'n Parlementêre verkiesing te staan gekom het. 'n Paarmaande later, met die honderdjarige herdenking van die simboliese Ossewatrek, kom daar egter 'n ontwaking wat die Afrikanervolk soos 'n orkaan uit die dieptes van verstoflking en verdeeldheid opruk na die hoogtes van idealisme en samehorigheid.[158] Dit was die magtige wederopstanding van die Afrikanervolk, die "Risorgimento" van die Afrikaner van die twintigste eeu.[159]

Die herdenking van die honderdjarige Eeufees was aanvanklik 'n staatsonderneming. Reeds in 1935 het die Hertzogregering

---

158. N.G.S. van der Walt., Die Republikeinse Strewe. p.151.

159. P.H. Kapp., Artikel: Die Voortrekkereeufees. Aangehaal in Die Taalgenoot, Desember 1938. p.8.

ingestem tot 'n geldelike bydrae vir die oprigting van die voorgenome Voortrekkermonument. 'n Sentrale Volksmonumentkomitee met adv. E.G. Jansen as voorsitter, is saamgestel om die organisasie te behartig. Dus sou die onthulling van die monument en selfs die hoeksteenlegging 'n staatskarakter moes dra wat sou meebring dat die Goewerneur-generaal as verteenwoordiger van die Britse Kroon uitgenooi sal word. Die speel van "God save the King" moes noodwendig plaasvind.

Daarenteen het die leiers van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging, mnre. H.J. Klopper en M.C. van Schoor, 'n simboliese Ossewatrek van Kaapland tot in Transvaal georganiseer. Die doel was om van die Eeufees 'n suiwer Afrikanervolksfees te maak. 'n Konfrontasie met die regering om die Eeufees, "op die grootse breedste nasionale wyse te vier sodat alle dele van die volk daaraan kan deelneem" [160] was dus onvermydelik.

Op 8 Augustus 1938 het die Ossewatrek vanaf die voet van Jan van Riebeeck se standbeeld 'n aanvang geneem. "Die Trek het begin. Hy is in die naam van God begin" het mnr. H.J. Klopper aan 'n skare van nagenoeg 20,000 verklaar." [161] Plegtig het dr. N.J. van der Merwe, voorsitter van die

---

160. N.G.S. van der Walt., Die Republikeinse Strewe. p.151. Hierdie geskil word volledig in die verloop van die hoofstuk bespreek.

161. Die Volksblad, 9/8/1938. Die Burger, 8/8/1938.

F.A.K., in sy toespraak by die geleentheid, verklaar: "Vanaand dank ek God dat ek 'n Afrikaner is. Wie kan by die Voortrekkerwa staan sonder dat dit met hom praat van geloofsmoed en volharding op die trekpad na vryheid en nasiewording." [162] Dit was nie slegs 'n simboliese voorstelling en herlewing van Voortrekkerideale nie maar ook "to link the past with the present and that past included not only the desperate struggle against Native barbarians but against British imperialism also."[163]

Soos die waens op die trekpad, "die pad van Suid-Afrika", gevorder het, het 'n bykans ongekende en ongehoorde gees van vaderlandsliefde en patriotisme die Afrikanervolk oorval. Die herlewing van die roemryke Voortrekkerverlede het emosioneel meegewerk dat die nasionale geesdrif bykans tot 'n massa histerie gedryf is. 'n Spontane beweging het in die noorde ontstaan om Voortrekkerbaarde en snorre te kweek. Vrouens het orals in Voortrekkerdrag gekleed gegaan. Vlae van die gewese Republieke in Suid-Afrika, Natalia, O.V.S. en Z.A.R. het 'n plegtige deel van alle feesverrigtinge uitgemaak. Met die simboliese voorstelling van Swellendam se republikeinse verklaring van 1795 was uitroepe soos: "Lank lewe die Republiek" oorheersend.[164] Selfs die ou gewoonte

---

162. Die Burger, 9/8/1938.

163. D.W. Kruger., The Making of a Nation. p.190. Vergelyk ook die boodskap van die Administrateur van Kaapland, mnr. J.H. Conradie, Die Burger, 6/8/1938.

164. Die Burger, 22/8/1938.

om mekaar as "oom", tante, neef en niggie" aan te spreek, het op elke plek waar die waens aangedoen het, herleef. Perdekommando's van etlike honderde het dikwels die waens vergesel en tegemoet gery. Talle aangrypende tonele het dikwels op die trekpad afgespeel. Wa-ghries is selfs aan sakdoeke as aandenkinge gesmeer. Sakdoeke is in die vlamme van fakkels geskroei om die herinneringe te bewaar. Kinders is by kampvure gedoop en talle paartjies, geklee in Voortrekkerdrag, is op plekke waar die waens bymekaar gekom het, in die huwelik bevestig.

Dit het algemene gebruik geword dat waar die waens aangedoen het, straatname na Voortrekkerfigure vernoem is. Met die aankoms van die Ossewatrek in Bloemfontein het die Burgemeester van die Vrystaatse hoofstad, mnr. W.F. Prophet geweier om soortgelyke straatname na Voortrekker- en Andries Pretoriusstraat te verander. Hiervolgens het oom Tienie van Schoor, leier van die hooftrek, verklaar: "Dit is jammer dat die Afrikaner hom nog 'n vreemdeling in sy eie stad moet voel ..... In die agterbuurtes word ons toegelaat, maar in die dele waarop ons met reg kan aanspraak maak, word ons geweier ..... Ons was lank genoeg die houthakkers en waterdraers." [165]

Hierdie simboliese daad van heldeverering het die volksverbeelding op 'n onweerstaanbare wyse meegevoer. Die Afri-

---

165. Die Transvaler, 24/10/1938. Die Volksblad, 22/10/1938

kanervolk is tot in sy diepste siel geroer. Feesredenaars het die feesgangers selfs aangemoedig om terug te keer tot instellings en die erwe van hul voorvaders, "which were by implication not the ways of those belonging to the United Party ..... slowly but surely the foundations of the United Party were undermined." [166]

Die vryheidsgees het in alle toesprake opgebruis. "Ek dra hierdie baard nie omdat hy mooi is nie, ook nie om allerlei ander redes nie. Daar is net een rede: Dit is my land en in my land doen ek wat ek wil," roep prof. S.P.E. Boshoff op Kroonstad uit. "Dit is die gees wat ek vandag by die Afrikaner gewaar." Hy sê hy het lank genoeg in sy eie land met sy hoed in sy hand gestaan ...., "Ons moet ophou om ekskuus te vra dat ons Afrikaners is!! As ons weet wat ons wil, kan ons onsself regeer soos ons wil." [167] Hierdie soortgelyke gedagte is ook deur dr. Malan by 'n vorige geleentheid uitgespreek naamlik "..... raak ontslae van die minderwaardigheidskompleks teenoor ander nasies en teenoor ons voorouers en Voortrekkers. Glo in God, glo in u volk, glo in uself." [168] Afrikaners dwarsdeur die land het so in opstand gekom teen die besluit van die Regering dat die Eeufees 'n staatskarakter

---

166. D.W. Kruger., The Age of the Generals. p.185. Vergelyk ook toesprake: Die Burger, 10/8/1938. Die Volksblad, 13/12/1938. Die Transvaler, 11/10/1938.

167. Die Transvaler, 1/10/1938 soos aangehaal in N.G.S. van der Walt., Die Republikeinse Strewe. p.152.

168. Die Volksblad, 3/5/1937. Die Burger, 3/5/1937.

moet dra en dat die Britse volkslied by geleentheid van die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument gespeel moet word, dat die hele plegtigheid gedreig het om op 'n mislukking af te stuur. Die algemene mening was dat die Britse volkslied juis die gesag simboliseer waarvan die Voortrekkers weggetrek het. Die speel van die Britse volkslied, sou dus 'n ontering en bespotting van die nagedagtenis van die Voortrekkers wees.[169]

Om die grootskaalse ontevredenheid onder Afrikanergeledere na behore te verstaan, is dit nodig om in die verlede terug te gryp. Gedurende die eerste vergadering van die pasgestigte "Nasionale Kultuurraad" is algemeen aanvaar dat "Die Stem" Suid-Afrika se nasionale volkslied sal word en dat die saak by die Regering aanhangig gemaak sal word.[170]

Tydens die Parlementsitting van 1937 het adv. F.C. Erasmus verklaar dat wanneer die Parlement geopen word, "dan word glo tot drie keer toe God save the King gespeel, maar daar word nooit enige volkslied gespeel wat daaraan herinner dat ons in Suid-Afrika is nie."[171] Genl. Hertzog het hom met die Nasionale standpunt vereenselwig en saamgestem dat die Unie 'n eie volkslied behoort te hê. Hy het egter die bedenking gelug dat die Afrikaners dit nog nie eens is of die

---

169. Die Volksblad, 22/7/1938.

170. Die Burger, 3/7/1936, Die Volksblad, 4/7/1936. Hoofartikel.

171. Hansard. Deel 29. kol. 4305.

volkslied "Die Stem van Suid-Afrika" of dan wel "Sarie Marais" behoort te wees nie. [172] Die Burger het na aanleiding van hierdie uitlating van genl. Hertzog verklaar dat: "Wie voorgee dat onder die Afrikaner enige ernstige begeerte vir die keuse van 'n pieknieliedjie tot volkslied is, bewys hoe uit voeling hy met die volk is." [173] G.D. Scholtz merk op: "Deur so 'n uitlating te doen, het genl. Hertzog getoon dat hy taamlik buite voeling met die volk se sienswyse oor hierdie saak geraak het, want elkeen wat selfs 'n oppervlakkige kennis van sake dra, het reeds in 1937 geweet dat daar vir die Afrikaner slegs een volkslied was en dit is "Die Stem van Suid-Afrika." [174]

Toe die Parlement in 1938 geopen is, is naas "God save the King" ook "Die Stem van Suid-Afrika" gespeel. In die Verenigde Party-geledere het dit groot opskudding veroorsaak. 'n Verklaring van genl. Hertzog oor die erkenning van "Die Stem" as volkslied, het in die Volksraad 'n langdurige bespreking meegebring. Dit het gevolg op 'n vraag van kol. Stallard of die speel van "Die Stem" by die opening van die Parlement bedoel was om dit as volkslied vir Suid-Afrika te erken. Genl. Hertzog het geantwoord dat dit nie die bedoeling was nie: "Dit mag miskien eendag daartoe kom, maar dit was nie die bedoeling waarmee goedkeuring verleen is vir die speel van

---

172. Hansard. Deel 29. kol. 4307. Die Transvaler, 22/6/1938. Hoofartikel.

173. Die Burger, 7/4/1937. Hoofartikel.

174. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.316.

"Die Stem" ter geleentheid van die opening nie." Genl. Hertzog het bygevoeg dat die Unie van Suid-Afrika het geen volkslied wat wetlik of amptelik erken word of algemeen as sodanig eerbiedig en aanvaar word deur die Raad of die volk van die Unie nie." [175] Die speel van "Die Stem" was aldus Hertzog, 'n tegemoetkoming aan die sentiment van die Afrikaners wat dit as hulle eie volkslied aanvaar het. 'n Afvaardiging van Engelse Volksraadslede onder leiding van adv. L. Blackwell het genl. Hertzog persoonlik by sy woning oor die saak gaan spreek om hul ontevredenheid te kenne te gee oor sy verklaring dat "God save the King" geen volkslied in Suid-Afrika is nie. [176]

In 'n amptelike verklaring van genl. Hertzog na bogenoemde onderhandeling het hy gesê: "daar kan geen kwessie wees van die vervanging van "God save the King" deur "Die Stem van Suid-Afrika" nie. By sodanige geleenthede ..... sal "God save the King" soos vantevore gespeel word, maar aangevul deur "Die Stem van Suid-Afrika" en al wat ek verlede Vrydag te kenne wou gee, was dat vir my sowel as vir die res van die Afrikaanssprekende Suid-Afrika en andere "Die Stem" die karakter sal hê van ons volkslied en "God save the King" dié van 'n smeekbede aan die Almagtige om Sy beskerming van ons Koning." [177] Die Burger verklaar in 'n hoofartikel: "Weer

---

175. Hansard. Deel 31. kol. 302-305. Vergelyk ook Die Transvaler, 19/2/1938. Die Burger, 19/2/1938. The Star, 20/2/1938.

176. Die Burger, 21/2/1938.

177. Hansard. Deel 32. kol. 97 soos aangehaal deur dr. Malan.

eens het die imperialiste die bewys gelewer dat dit hulle is en nie die Eerste Minister nie, wat die Smeltersparty lei. Hy moes maar weer voor hulle terugkrabbel." [178]

Dr. Malan het soos volg verklaar: "Hy (genl. Hertzog) verneder "Die Stem van Suid-Afrika" weer tot 'n seksionele lied en die ergste van alles dat hy "Die Stem" beskou as 'n aanvulling van "God save the King." [179]

G.D. Scholtz merk op: "Deur hierdie verklaring het genl. Hertzog eensklaps al die werk vernietig wat die F.A.K. jare lank probeer doen het. Hy het verder in verband met die vraagstuk van 'n volkslied ook daardie dualisme gewettig wat al soveel onheil en wrywing in Suid-Afrika veroorsaak het." [180]

Voortaan sou Engelssprekendes daarop aandring dat "God save the King" by alle amptelike Regeringsaangeleenthede erkenning moes geniet.

Die storm oor die volksliedvraagstuk het weer eens losgebars toe "Die Stem van Suid-Afrika" op Uniedag in 'n paar stede op die militêre parades alleen gespeel is. Engelssprekendes wat die Britse volkslied as hul eie beskou het, het dit as 'n belediging vir hul sentiment geag dat "God save the King" ook nie gespeel is nie. Engelse nuusblaaie het 'n heftige aanval op die Regering gedoen. Die Cape Times het die weglating

---

178. Die Burger, 22/2/1938. Hoofartikel. Die Transvaler, 23/2/1938. Hoofartikel.

179. Hansard. Deel 32. kol. 97-98.

180. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.318.

van die tradisionele Britse volkslied as 'n ernstige flater bestempel, ..."die doel waarvan is om eer te bewys aan Sy Majesteit as opperbevelhebber van ons magte en dit is en behoort 'n essensiële deel van elke parade te wees." [181] Min. R. Stuttaford het as minister bedank, maar is deur genl. Smuts en min. Hofmeyer oorreed om sy bedanking terwille van die eenheid van die Kabinet terug te trek. Aan die pers het hy verklaar: "Dit kan my nie skeel wat julle sing nie, maar julle moet nie aan "God save the King" vat nie." [182] Mnr. Heaton Nicholls het ook in 'n persverklaring bekend gemaak dat hy onmiddellik sou bedank indien "Die Stem" "God save the King" as volkslied sou vervang." [183] Daarenteen het genl. Hertzog verseker dat hierdie misverstand nie weer sal plaasvind nie.

Hierdie gebeure was weer 'n duidelike aanduiding dat samesmelting 'n kunsmatige, saamgeflanste "eenheid" was. Hierdie optrede van Engelssprekendes binne die Verenigde Party verraai meer as die gehegtheid aan die volkslied en aan die nasionale vlag van 'n ander land. Dit dui aan dat hul lojaliteit nie Suid-Afrikaanse vaderlandsliefde is nie, maar wel Britse lojaliteit. Dr. Malan het op 'n vergadering te Stellenbosch die Nasionaliste se ideaal van onverdeelde vaderlandsliefde duidelik gestel toe hy verklaar: "As jy ooit in Suid-Afrika die rasse byme-

---

181. Cape Times soos aangehaal in Die Volksblad, 1/6/1938.

182. Die Burger, 3/6/1938.

183. The Star, 3/6/1938.

kaar wil hê, dan moet daar wees een land, een liefde vir daardie land en daar moet ook wees, nie vir elkeen 'n aparte volkslied nie, maar vir almal een volkslied, een vlag - dit is nie die weg van volkseenheid nie, maar van blywende volksverdeeldheid." [184]

Die krisis oor die volksliedvraagstuk het 'n hoogtepunt bereik toe die pers bekend gemaak het dat die Regering besluit het om "Die Stem van Suid-Afrika" sowel as "God save the King" by die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument te speel, aangesien die Regering ook by die saak betrokke was.[185]

In sy kragtige pleidooi vir 'n enkele, eg Suid-Afrikaanse en amptelike erkende volkslied as simbool van Afrikanernasieskap, het dr. Malan bogenoemde besluit van die Regering soos volg verklaar: "dit sal wees 'n wrede bespotting van die Afrikaner se tradisies en gevoel. Dit sal net so onvanpas wees as om "God save the King" by die Monument te speel as dit sou wees as die Union Jack vasgemaak word aan die top van die Vrouemonument op 'n feesdag van die Afrikaner .... indien dit gebeur .... sal die feesviering by voorbaat gedoem wees tot mislukking." [186]

Om die eenheid binne sy Party te handhaaf en om by sy be-

---

184. Die Burger, 16/6/1938.

185. Die Transvaler, 21/7/1938.

186. Hansard. Deel 32. kol. 103. Sien ook kol. 88.

loftes van vroeër aan die Engelssprekendes gestand te doen, was genl. Hertzog tot die volgende beslissing gedwonge en het hy op 26 Julie in die Volksraad verklaar: "Tot tyd en wyl die volk van Suid-Afrika ooreengekom het omtrent die erkenning van 'n gepaste volkslied, het die Regering besluit om die prosedure neer te lê dat by alle formele geleenthede onder toesig van die Regering waar óf "God save the King" óf "Die Stem van Suid-Afrika" gespeel word, albei gespeel sal word." [187] Genl. Hertzog het die versoeke van Nasionaliste in die Volksraad om 'n eie nasionale volkslied, gestel as: "Hulle, die gesuiwerdes, is daarop uit om tweedrag en haat te saai." [188]

Proteste teen die besluit van die Regering om "God save the King" by die hoeksteenlegging van die monument te speel, het landswyd spontane reaksie uitgelok. Dit is as 'n ontering en bespotting van die dooies se Vryheidsideaal beskou. [189] Die Nasionale Kultuurraad het die aandag van die Sentrale Volksmonumentekomitee daarop gevestig dat die speel van die volkslied van Engeland by die Voortrekkermonument, die volksfees tot algehele mislukking sal doem. [190] Verskeie kultuurleiers en kultuurorganisasies het hul voorgeneem om alle steun aan die feesvierings te onttrek as die Kabinetsbesluit uitgevoer sou

---

187. Hansard. Deel 32. kol. 111.

188. Hansard. Deel 32. kol. 109.

189. Die Burger, 22/7/1938. Sien briewe van S. Oosthuizen en "Afrikanerseun" aan redakteur.

190. Die Volksblad, 1/7/1938. Die Burger, 2/7/1938.

word. Prof. Jan F.E. Cilliers het gesê: "Ek sal daar nie wees nie." Dr. T.E. Dönges verklaar: "Die genoemde besluit is myns insiens 'n klap in die gesig van die Afrikanerdom." Mnr. D.P. de Klerk, voorsitter van die Handhawersvereniging, "Die Regering kan ons gerus die vernedering spaar .... dieselfde volkslied te moet aanhoor en dieselfde vlag te sien wapper wat vir die Voortrekkers simbole van verdrukking en vernedering was." Mnr. M.C. van Schoor, ondervoorsitter van die A.T.K.V. is oortuig: "..... die Voortrekkerwaens van die A.T.K.V. sal sonder belangstelling en geesdrif deur die land trek." [191]

Tydens 'n reuse protesvergadering te Stellenbosch het dr. N.J. van der Merwe en prof. E.C. Pienaar die besluit van die Regering in krasse taal as minagting van die Afrikaner se sentiment en nasionale volksverlede veroordeel. "Die Afrikaner gaan nie 'n skending van die Voortrekkertradisie duld nie ..... die Afrikanervolk word ook vol. "God save the King" is die volkslied van Engeland. Dit het na hierdie land gekom saam met die Union Jack as simbool van die Britse Imperialisme ..... Vir die Afrikaner is die Voortrekkertradisie die direkte teenstelling van die Britse imperialisme ....." [192]

Die grootste verontwaardiging onder Afrikanergeledere en die krag van Afrikanerproteste het die Regering daartoe gedwing

---

191. Die Burger, 22/7/1938. 23/7/1938.

192. Die Burger, 25/7/1938.

om sy besluit te herroep. Die Regering het besluit dat die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument nie meer as 'n staatsfunksie beskou moet word nie. Dit het geïmpliseer dat by die geleentheid "God save the King" nie gespeel sal word nie. Hierdie besluit van die Regering het gevolg op 'n afvaardiging van Engelssprekende Volksraadslede wat genl. Hertzog versoek het dat "God save the King" by die hoeksteenlegging weggelaat moet word. Die geleentheid moes, terwille van die vrede, liefs beskou word as 'n godsdienstige plegtigheid waar geen volksliedere gespeel word nie. Hierdie afvaardiging het ingesluit: maj. G.B. van Zyl (voorsitter van Smelterskoukus), sen. Blaney, adv. Blackwell, mnre. Heaton Nicholls, Payn en Waterson. [193]

Hierdie gebeure het weer eens die wesentlike eenheid in die harte van die oorgrote meerderheid van die Afrikanernasie getoon. 'n Eenheid wat tegelyk dieper en hoër as partyverdelings gesetel het. Hierdie was 'n geleentheid waar Afrikaner, van watter party ookal, kon saamstem op grondslag van hul gemeenskaplike Afrikanerskap. Daarom het dr. Malan ook verklaar: "Ek hoop dat 'n nuwe periode vir die Afrikaner aangebreek het, dat hy sy gevoel van minderwaardigheid van hom sal afgooi en moedig en sterk sal staan en eis waar sy regte ten nadele aangeraak word. [194]

---

193. Die Volksblad, 27/7/1938. Die Burger, 27/7/1938. Die Transvaler, 25/7/1938. 27/7/1938. Hoofartikel. Die Vaderland, 27/7/1938 verklaar onder andere "Die Regering kan nie anders dan die grootmoedigheid van hierdie houding erken en baie hoog op prys stel nie."

194. Die Burger, 30/7/1938.

Oral waar die ossewaens in dorpe of stede aangekom het, het die opstuiwende nasionalisme "Die Stem van Suid-Afrika" as volkslied aangehef. Langenhoven se lied het inderdaad met die waens saamgetrek. Soos die waens, die osse en die remskoene die volk aan sy verlede herinner het, so het "Die Stem van Suid-Afrika" hom telkemale aan sy toekoms herinner.[195] Die hoogtepunt sou bereik word toe by die eerste klink van die silwertroffels op die hoeksteen die magtige skare "Die Stem van Suid-Afrika" spontaan aangehef het. 'n Eenparige besluit is deur die massa aanvaar om die Regering te versoek om "Die Stem van Suid-Afrika" tot volkslied te verklaar.[196] Hierdie versoek van die Afrikanervolk is egter nie deur die Regering aanvaar toe dr. Malan se voorstel op 7 Februarie 1939 in die Volksraad met 'n hoofdelike stemming verwerp is nie.[197]

Ooreenkomstig die besluit van die Regering dat die hoeksteenlegging nie meer 'n staatsfunksie sou wees nie, het die Regering die wens uitgespreek dat die geleentheid deur 'n vrou, 'n nasaat van die Voortrekkers waargeneem moet word. Adv. E.G. Jansen, voorsitter van die Eeufeeskommissie, het egter 'n versoek aan genl. Hertzog as eerste burger van die land gerig om die plegtigheid waar te neem.[198] Dit het 'n gewel-

---

195. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.323.

196. Die Transvaler, 19/12/1938. 22/12/1938. Hoofartikel.

197. Die Transvaler, 8/2/1939. Hoofartikel.

198. Die Volksblad, 18/10/1938. Publikasie van die briefwisseling tussen dr. Malan en adv. Jansen. Vergelyk ook Die Transvaler, 18/10/1938. Hoofartikel.

dige reaksie van die kant van die Nasionaliste uitgelok. Die Transvaler, Die Burger en Die Volksblad het reekse briewe ontvang waarin lesers hulle misnoeë te kenne gegee het oor die besluit om die generaal uit te nooi om die hoeksteenlegging waar te neem.[199] Die Transvaler verklaar in 'n hoofartikel dat die voorstel dat genl. Hertzog die hoeksteen moet lê, nie die goedkeuring van die meeste Nasionaliste in Transvaal sal wegdra nie. "Dit sal by hulle alleen bitterheid en teenstand wek. Dit het onmoontlik geword sedert hy as die groot kampvegter opgetree het vir die byhaal van "The King" en die "Union Jack" by die Eeufeesvieringe self ..... Dis ook die man wat so min waarde daaraan heg dat hy gesê het: "Ons kan sommer nou gou soontoe ry en die steen lê."[200]

Adv. J.G. Strijdom het in 'n persverklaring verklaar dat hyself geheel en al daarteen gekant is dat genl. Hertzog die hoeksteenlegging moet waarneem. "As buitestaander sou ek amper wil sê dat 'n poging aangewend word om hierdie grootste volksfees van die Afrikaner vir partypolitieke doeleindes, dit wil sê vir Verenigde Party, uit te buit."[201]

Hierdie reaksie van 'n groot deel Afrikaanssprekendes was 'n duidelike bewys dat genl. Hertzog op die weg van same-

---

199. Die Burger, 4/7/1938. P.R. de Villiers aan Redakteur.

200. Die Transvaler, 12/10/1938. Hoofartikel.

201. Die Transvaler, 14/10/1938.

smelting meer en meer van sy eertydse ondersteuners verwyderd geraak het. Vir hulle was hy nie meer die persoon wat die gedagtes en tradisies van die Voortrekkers verpersoonlik het nie en daarom kom die eer van die hoeksteenlegging nie aan hom toe nie. W.K. Hancock stel dit duidelik: "Hertzog, the main political creator of nationalist Afrikanerdom now found himself totally an outcast from it." [202]

Genl. Hertzog het dus die versoek van adv. E.G. Jansen van die hand gewys omdat hy "nie 'n struikelblok wil wees in die weg van 'n enkele Afrikaner wat aan die Eeufeesvierings wil meedoen nie." [203]

Die hoeksteenlegging is deur die volgende drie vroue waargeneem: Mev. ds. K.F. Ackermann (gebore Potgieter) van Bethlehem as verteenwoordigster van komdt.-generaal A.H. Potgieter. Mev. J.C. Muller (gebore Pretorius) van Winterton, Natal as verteenwoordigster van komdt.-generaal A.W.J. Pretorius en mev. dr. Gustav Preller (gebore Pretorius) van Pretoria as verteenwoordigster van Piet Retief.[204]

Genl. Hertzog en Sir Patrick Duncan was nie by die hoeksteenlegging teenwoordig nie. [205]

---

202. W.K. Hancock., Smuts, The Fields of Force. p.297.

203. Die Volksblad, 18/10/1938. Die Transvaler, 19/10/1938. Hoofartikel .... "'n Besluit wat Transvaal verwelkom."

204. Die Volksblad, 28/10/1938. Die Transvaler, 19/12/1938. Eersgenoemde dui die voorletters van mev. Ackermann as D.P. aan.

205. Die Volksblad, 16/12/1938.

Selfs Smelterspolitici en voormalige Republikeine wat die republikeinse ideaal as onprakties afgesweer het, is deur die opstuiwende, emosionele, nasionale volksgevoel in hierdie dae meegesleur. 'n Geweldige toejuiging het genl. J.C.G. Kemp begroet toe hy as waarnemende minister van verdediging op 15 Desember in die Piet Retiefiaer aangekondig het dat Robertshoogte voortaan as Voortrekkerhoogte bekend sou staan.[206] Die verwagte publieke en politieke reperkussies het ook nie uitgebly nie. Afkeurende artikels in redaksionele kolomme, berigte in nuuskolomme oor die verontwaardiging van Engelssprekendes en ook Afrikaanssprekendes was aan die orde van die dag. Die Rand Daily Mail sien hierdie verandering as: "It would hardly be reasonable to expect the English-speaking people of South Africa to welcome the change in the name of Roberts Height with enthusiasm for Lord Roberts, whose personal bravery was matched by the most distinguished qualities of leadership .... and a great Englishman ....." [207] The Star verklaar ooreenkomstig: "To rename the place is unhistorical as well as unnecessary and ungracious. It has no Voortrekker associations and had no direct connection with the celebrations....." [208] 'n Engelssprekende burger van Johannesburg het genl. J.C.G. Kemp se optrede soos volg

---

206. Die Transvaler, 16/12/1938.

207. Rand Daily Mail, 19/12/1938. Hoofartikel.

208. The Star, 19/12/1938. Hoofartikel.

in 'n brief verklaar: "When you rechristened "Roberts Heights" that horrible name "Voortrekkerhoogt" were you drunk or near drunk? You have seen fit to stab the Britisher in this Country in the back? Don't forget, there may be a reaction to the change if it does take place." Hy verklaar verder: "you must not forget, that the Dutch Nationalists are a stupid lot, uncultured and ignorant of the ways of the world with that "worm in the brain" Dr. Malan as their head." [209]

Daarenteen was die Nasionaliste oortuig dat dergelike voorstanders wat nie begryp waarvan die Vrouemonument in Bloemfontein getuig nie, seker ook nie kan besef dat die Afrikanerdom dankbaar is: "om die naam van sy bodem te sien uitvee van iemand wat hy onthou as 'n veroweraar en juis die skepper van die moorddadige konsentrasiekampe....." [210]

Die ontevredenheid binne Verenigde Party kringe het die Regering genoodsaak om in 1939 te beslis dat die poskantoor en radiosender die naam Robertshoogte behou. Voortrekkerhoogte sal alleen van toepassing wees op die militêrehoofkwartier. Binne Afrikanergeledere is hierdie besluit vertolk as verraad teenoor "die heilige volksgevoel bloot omdat 'n imperialistiese groep onder die naam "patriotic societies" die naam Voortrekkerhoogte

---

209. J.G. Kemp., Die Pad van die Veroweraar. p.414.

210. Die Transvaler, 2/12/1938. Hoofartikel.

aan die Afrikaner nie wil gun nie." [211]

Die begeerte tot politieke herstel van die Afrikanervolkseenheid het hom kragtig in hierdie tyd van nasionale oplewing openbaar. Die gevoel dat Afrikaners bymekaar hoort op kulturele en politieke gebied was oorweldigend. Afrikaanssprekendes binne die Verenigde Party en veral die wat voorheen Nasionaliste was, is deur die gevoelstroming van 'n gemeenskaplike erfenis uit die verlede beetgepak. Terwyl die Ossewatrekleiers die Afrikanereenheid bo-oor partygrense heen beklemtoon het, vind die beweging ook sy neerslag in die partypolitiek. Daar kon dit nie oral onderskei word van oorwegings van partybelang nie. [212] D.W. Kruger merk op: "Afrikaner members of the United Party felt the tug and many began to listen to Republican propaganda which insidiously infiltrated into their ranks. Again the poignant past was destined to influence the course of political development." [213]

Die ossewaens se wekroep van soek en vind mekaar het ds. F.J. Naude te Graaff-Reinet baie duidelik gestel: "Mag die ossewa op sy kronkelende pad deur die vaderland die wewerspoel wees wat verwyderde harte weer aanmekaar snoer met die goue draad van verdraagsaamheid, eensgesindheid en liefde." [214] Dr. J.D. Kestell het op Reddersburg gesê:

---

211. Die Transvaler, 23/7/1939. Hoofartikel.

212. N.G.S. van der Walt, Die Republikeinse strewe... p.153.

213. D.W. Kruger., The Age of the Generals.p.185.

214. Die Volksblad, 19/9/1938.

"Daarom is my boodskap dat ons Afrikaners aan onsself kans moet gee om meer en meer bewus te word van ons eenheid as volk. Ons is een. Dit vertel die ossewaens ons."[215] Dit kan nie ontken word nie dat daar 'n nuwe gees in geheel die land vaardig geword het nie. Die ossewaens het die Afrikanervolk na 'n gemeenskaplike verlede teruggevoer wat 'n geweldige nasionale vuur laat opvlam het. So aansteeklik het hierdie nuwe gees gewerk dat dit 'n gevoel van volkseenheid onder die Afrikaners geskep het wat talle van toesprake en dosyne van kongresse nooit sou kon regkry nie. Hierdie stygende vloed van nasionale bewussyn onder die Afrikaners het ontwikkel tot die mag van 'n vloed wat nie gestuit kon word nie.

Gedurende November 1938 het genl. Hertzog in 'n toespraak op Boshof 'n beroep gedoen om met die oog op die Eeufeesvieringe 'n politieke wapenstilstand te handhaaf. Sy toespraak het ook die moontlikheid van 'n versoening tussen die twee groot partye impliseer. "Ek doen veral 'n beroep op die Verenigde Party ... maar op alle koerante en op alle partyorganisasies, dat ons ons politieke verskille vir een maand .... op sy sit en alle woorde wat kwaaivriendskap kan veroorsaak ....." [216] Die moontlikheid dat adv. E.G. Jansen veel bygedra het tot hierdie verklaring van genl. Hertzog, is baie

---

215. Die Volksblad, 6/10/1938. Die Transvaler, 7/10/1938.

216. Die Transvaler, 25/11/1938. The Friend, 25/11/1938.

groot.[217]

Dr. Malan het genl. Hertzog se beroep om 'n politieke wapenstilstand heelhartig gesteun, maar oor 'n moontlike versoening tussen die Nasionale Party en Verenigde Party, het hy verklaar dat so 'n versoening onmoontlik is. "Dit is egter moontlik tussen Afrikaners en Afrikaners wat dieselfde doel nastreef en met dieselfde politieke oortuigings afgesien van leiers."[218]

Adv. J.G. Strijdom onderskryf die gedagte van 'n wapenstilstand, maar twyfel: "Wanneer genl. Hertzog praat van "Hereniging van ons Volk" wie presies bedoel hy dan? Die Afrikanervolk wat uit innerlike oortuiging op die grondslag van die Voortrekkerideale en -tradisie bymekaar hoort? So ja, dan sal elke Nasionalis dit toejuig, want dit is die groot saak waarna ons strewe."[219] Hereniging met die vreemde, onnasionale elemente in die Verenigde Party, was aldus vir Strijdom onmoontlik. Slegs op die grondslag van die Voortrekkerideale en Voortrekkertradisie kon so 'n hereniging blywend en tot seën van die volk wees.

---

217. E.G. Jansen Versameling. P.V.94. Brief van adv. E.G. Jansen aan genl. Hertzog, 11 November 1938.

218. Die Transvaler, 30/11/1938.

219. Die Transvaler, 30/11/1938. Op 'n vroeëre geleentheid het adv. Strijdom dit gestel dat die Afrikanervolk wel diep in sy hart na eenheid verlang, maar: "Nimmer as te nooit sal die Afrikaner toelaat dat sy ideale van 'n vrye republiek, van skeiding tussen wit en swart, verwater soos die Verenigde Party tans probeer doen nie." Die Transvaler, 21/11/1938.

Dr. N.J. van der Merwe het sy honderd persent steun aan hierdie versoeningsgedagte gegee wat 'n einde aan die onnatuurlike verdeeldheid en bitterheid in die politieke stryd sou maak, maar: "Dit beteken egter nie dat ons vir 'n enkele oomblik mag verswak in die groot beginselstryd waartoe die Nasionale Party hom aangegord het nie."[220] Adv. Eric Louw het op 'n vergadering te Beaufort-Wes verklaar dat daar slegs een gesonde basis vir hereniging is, naamlik "....op die basis van suiwere Nasionalisme; die basis van die beginsels en ideale waarby die Voortrekkers gestaan het."[221]

Die wapenstilstand tussen die twee partye en hul leiers is aanvaar, maar vir Nasionale nuusblaaie was enige gedagte aan 'n moontlike samesmelting wat hieruit mag voortvloei, totaal verwerplik. Die uitlatings van sommige Smelterspolitici dat daar nie een groot vraagstuk tussen die twee groot partye is wat onoorbrugbaar is nie, het Nasionaliste as propaganda vir 'n verdere samesmelting van die partye beskou. "Wie vandag vir verdere samesmelting pleit, vertolk na ons mening die gevoel van die Afrikanervolk volkome verkeerd. Die geweldige sterke drang na Afrikanereenheid is beslis nie 'n drang na die voltooiing van die smeltery van 1933 nie. Dit is die teenoorgestelde. Dit is 'n drang om almal wat in een party byme-

---

220. Die Volksblad, 21/10/1938.

221. E.H. Louw Versameling. P.V.4. Koerantberig vermoedelik Die Burger, 5 of 6/11/1938.

kaar hoort omdat hulle dieselfde ideale en beginsels huldig, in een party saam te bring....." [222]

J.H. Hofmeyr slaan die spyker op die kop wanneer hy sê dat die gedagte om van die Eeufees 'n geleentheid te maak om 'n enge, suiwer Afrikaanse nasionalisme te bevorder, geseëvier het en dat dit die Malan-nasionaliste grootliks ten goede gekom het. [223] In 'n personderhoud het hy verklaar dat: "I do not hesitate to say that by all or many of the Nationalist Party politicians this celebration has come to be regarded as, in the first instance, a heaven-sent opportunity to strengthen the position of their party." [224] Engelse nuusblaaie het die Eeufeesvieringe as 'n Suid-Afrikaanse tragedie bestempel naamlik "..... What could have been a wide-spread act of national homage to the memory of the Voortrekkers has by the deliberate and mischievous machinations of religious and political partisans become a deplorable piece of propaganda." [225]

Die gees van Afrikanereenheid het, soos reeds gesê, ook in die Smeltersgeledere ingesypel. 'n Sprekende bewys hiervan is die gesamentlike besluit van die Verenigde- en Nasionale Party

---

222. Die Burger. Hoofartikel soos aangehaal in Die Transvaler, 22/12/1938.

223. N.G.S. van der Walt., Die Republikeinse strewe. p.154.

224. The Friend, 31/10/1938.

225. The Friend, 29/10/1938. Hoofartikel. Sien ook Die Volksblad, 5/12/1938 na aanleiding van 'n berig in Indian Views wat verklaar: "Hul opvatting van die Voortrekkertradisie is een van onderdrukking, rassehaat, diskriminasie en verheerliking van 'n klein seksie deur metodes wat nie anders bestempel kan word as fasisties nie."

takke te Skeerpoort om die Regering te versoek om 'n volkstemming oor 'n republiek te hou. "U beweer dat ons die reg het om ons regeringsvorm te verander, om propaganda te maak vir 'n republiek ... gee aan die volk die kans om by wyse van 'n volkstemming daaroor te besluit." [226]

Die Eeufees het die Afrikaner se strewe na 'n republiek in so 'n mate versterk dat dit ernstige onrus in Verenigde Party kringe veroorsaak het en die Verenigde Party pers het doelbewus hierdie steeds groeiende republikeinse gevoel by die Afrikaner probeer teengaan. Aan Skeerpoort se voorstel van 'n volkstemming oor 'n republiek is die kwalifikasie vasgekoppel dat die republikeinse ideaal prysgegee moet word indien die resultaat van so 'n volkstemming negatief is. [227] Vir die Nasionale Party was bogenoemde voorbehoud haas ondenkbaar, want "die Afrikanernasie het helderder as miskien ooit te vore nou as doel vir hom gestel; die skepping van 'n vrye republiek van Suid-Afrika sowel konstitusioneel as ekonomies onafhanklik. Dit is die volgende taak: om Suid-Afrika vry te maak en wel op so 'n wyse dat hy waarlik vry sal wees." [228]

Die geweldige emosionele oplewing wat die Eeufeesverrigtinge op nasionale vlak te weeg gebring het, laat die vraag ontstaan hoe anders sou die algemene verkiesing van dieselfde jaar nie

---

226. Die Transvaler, 28/12/1938.

227. Die Transvaler, 31/12/1938.

228. Die Transvaler, 19/12/1938.

daar uitgesien het indien dit moontlik na hierdie verrigtinge sou plaasgevind het nie. Die wapenstilstand was niks minder as 'n middagslapie waaruit die volk werklik tot nasionale lewe begin ontwaak het. Die Afrikaner het homself nie slegs gevind nie, maar ook sy mede-Afrikaner.

Binne die Arbeidersparty het hierdie nuwe gevoel ook sy inslag gevind, want tien vooraanstaande lede van die Arbeidersparty aan die Rand het by die Nasionale Party aangesluit. Hieronder was dr. G.C. Venter Odendaal, voormalige voorsitter van die Party in Transvaal. Hulle het onder andere verklaar dat hulle tot die slotsom geraak het dat die Nasionale Party die enigste party in Suid-Afrika is waarin die Afrikanerarbeider 'n politieke tuiste kan kry en kan voortgaan om te stry vir die belange van die werkers sonder om sy Afrikanerskap prys te gee. "Ons gaan gehoor gee aan die roepstem uit die verlede wat met die Eeufees deur die ossewa aan ons oorgebring is ...." [229]

Adv. Strijdom se verwelkoming was dit eens dat: "Ons is oortuig daarvan dat die Afrikaners van die Arbeidersparty wat hierdie stap gedoen het, dit gedoen het uit werklike oortuiging." [230]

Aangevuur deur die verlange om in die voetspore van die Voortrekkers die ideaal van volkome vryheid en onafhanklikheid te

---

229. Die Transvaler, 2/1/1939.

230. Die Transvaler, 9/1/1939. Vergelyk ook Hoofartikel.

verwesenlik, het 'n aantal invloedryke Afrikaanse liggame namens dr. Albert Hertzog 'n grondslag van samewerking, waarop die Afrikanerdom verenig kon word, aan genl. Hertzog en dr. Malan voorgelê. Dr. A. Hertzog wat die beoogde punte van samewerking aan die pers oorhandig het, het daarop gewys dat die beweging tot vereniging van die Afrikanerdom sy ontstaan in die Ossewatrek en die Eeufees gehad het. "Dit sou die diepste tragedie wees as die geesdrif wat by die Eeufeesvieringe so hoog opgevlam het en die innige begeerte van die volksiel wat daar openbaar geword het ..... gesmoor en uitgedoof moet word." [231]

Die basis van samewerking het onder andere die volgende punte behels: "Eerstens dat eenheid onder Afrikaners bewerkstellig moet word en dat samewerking met ander bevolkingsgroepe in geen omstandighede ten koste van die Afrikanervolk mag plaasvind nie. Deur so 'n eenheid sal die samewerking met ander bevolkingsgroepe wat dieselfde strewe huidig, vergemaklik word. Tweedens, die handhawing en bestendiging van die blanke beskawing in Suid-Afrika deur middel van 'n doeltreffende segregasiebeleid. Derdens moet deur middel van strenge en regverdige immigrasiebeleid en die verwydering van die faktore

---

231. Die Transvaler, 20/1/1939.

wat doeltreffende rehabilitasie van die verarmde burgers van die land verhoed, uitvoering gegee word aan die Afrikaner se besluit om hulself as volk op geestelike en stoflike gebied te handhaaf. Vierdens word as onmiskenbare vereiste, wat moet dien om die vryheidstrewe van die Afrikaner sonder versuim te bevredig, gestel: onverdeelde trou aan die land, één landsvlag en één volkslied; 'n openbare onsydigheidsverklaring betreffend oorloë in Europa en ander wêreldele; die inrigting en opbou van ons verdedigingsteisel alleen vir die verdediging van ons eie vaderland en die verwesenliking van die Voortrekker-ideaal van 'n onafhanklike republiek so gou as moontlik." [232]

Dr. Malan het in sy aanvaarding van bogenoemde grondslag van hereniging dit verklaar as 'n getroue vertolking en toepassing van die ideale en beginsels van die Voortrekkers en van die innerlike oortuiginge van die Afrikanervolk soos die Eeufeesvierings dit geopenbaar het. "Self aanvaar ek dit ..... en verklaar ek my bereid om saam te werk met almal wat dit ook saam met my in alle opregtheid aanvaar." [233] Ooreenkomstig het dr. Malan dit op 'n latere geleentheid op 'n vergadering te Porterville gestel dat hy nie bereid is om met die Verenigde Party enige onderhandelinge, onder enige omstandighede te

---

232. Die Transvaler, 23/1/1939. Sien ook Hoofartikel: "Teen die beginsels soos uiteengesit in die voorgestelde grondslag, durf geen Afrikaner, aan watter party hy ookal hoort, beswaar te maak nie."

233. Die Transvaler, 21/1/1939.

voer nie. Hy is teen die stigting van 'n nuwe party en hy steek die hand uit na diegene binne die Verenigde Party wat self erken dat hulle van die res van die party verskil. "Ons wil geen samesmelting hê nie, ons wil as 'n Afrikanervolk hereniging hê."[234]

In die brief wat genl. Hertzog aan sy seun Albert geskryf het, was dit duidelik dat die voorgestelde basis van samewerking vir hom geheel en al onaanvaarbaar was. Met die duidelike skeidslyn tussen die Afrikaans- en Engelssprekende volksdeel van die Afrikanervolk, kon hy hom nie versoen nie. Hy verklaar dus: "Onder geen omstandighede, wil ek julle verseker, sal ek ooit in die politiek my samewerking verleen aan persone, die nie gereed is om te erken en te aanvaar die beginsel van volkome gelykheid en gelyke beregtiging tussen ons Afrikaans- en Engelssprekende volksdele op die grondslag as neergelê in die program van beginsels van die Verenigde Party."[235] Genl. Hertzog verklaar verder in sy skrywe dat ook hy hartstogtelik na die eenheid van Afrikaanssprekendes verlang. Hy is egter nie bereid om daardie eenheid te koop teen 'n prys wat noodwendig die hele Afrikanerdom in die toekoms moet doem tot 'n eindelose toestand van twis en tweedrag met uiteindelike selfvernietiging nie. "Langs die weg van volksverdeeldheid tans deur julle bewandeld, is siegs volksvernietiging

---

234. Die Transvaler, 25/1/1939.

235. D.J. Potgieter-Versameling. P.V. 107. Afskrif van genl. Hertzog se brief aan A. Hertzog, 26/1/1940. Vergelyk ook Die Transvaler, 30/1/1939. C.M. van den Heever., Genl. J.B.M. Hertzog. p.686. The Friend, 31/1/1939. Hoofartikel.

te vind." [236] W.K. Hancock som genl. Hertzog se optrede baie mooi op as hy verklaar: "Hertzog when he took his stand on a principle, no matter whether he was right or wrong - sometimes came close to greatness." [237]

Genl. Hertzog se teenkanting teen die daarstelling van 'n suiwer Afrikanerfront, moes noodwendig reaksie van die Nasionaliste uitgelok het. Daarom verklaar Die Transvaler in 'n hoofartikel: "Die Eerste Minister beweer dat die begeerte om die Afrikanervolk bymekaar te bring soos uiteengesit in die hereenigingsgrondslag, die onderdrukking van die Engelse en ander bevolkingsdele bedoel. Dat genl. Hertzog as Afrikaner so 'n valse beskuldiging teen sy mede-Afrikaner kan inbring, kan alleen verklaar word uit die feit dat hy sy volk nie meer ken nie." Hy verklaar verder: "Dr. Malan het trouens tog verklaar dat hy nog nooit die standpunt ingeneem het dat die Nasionale Party daar is net vir Afrikaanssprekende Afrikaners nie, maar dat hy daar is vir almal wat Nasionaal voel en Nasionaal wil handel." [238]

Dit was duidelik dat die Nasionale Party nou sy voet op die pad gesit het om die Afrikanereenheid polities rondom hom te organiseer. Een ding was egter baie duidelik, naamlik "For

---

236. Ibid., Vergelyk ook The Friend, 30/1/1939. Briewe van G.J. Bekker en Senator C.J. van R. Smit aan die Redakteur. Eersgenoemde beveel aan dat op die weg van die hereniging van die Afrikanerdom moet geld: "... tolerance and human regard for the feeling of others be our watchword. Then we will be able to live and let live, and then we can march along the "Road of South Africa" linked in unison...."

237. W.K. Hancock., Smuts, The Fields of Force. p.297.

238. Die Transvaler, 30/1/1939. Hoofartikel. Vergelyk ook Malan se toespraak op Porterville, Die Transvaler, 25/1/1939.

the next few years Dr. Malan's Party is going to concentrate intensively on Afrikaner unity in the separatist sence and for the purpose of this new policy, which is practically dictated by organisations behind the political scenes, a drive will be made throughout the country in which political and .... non-political bodies will combine." [239] Die versoeningsbeleid tussen Afrikaans- en Engelssprekendes sou, soos later sal blyk, die belangrikste faktor wees waarom hereniging met genl. Hertzog in 1940 misluk het.

Daar moes egter ook onthou word dat genl. Hertzog met sy tweestroombeleid dit eerlik bedoel het om gelyke regte aan twee bevolkingsgroepe te laat toekom solank die twee strome langs mekaar gevloei het. Die uiteindelike ineenvloeiing moes as 'n natuurlike proses aan die toekoms oorgelaat word. Dit is egter 'n feit dat genl. Hertzog in sy politieke ywer om die twee strome deur die samesmeltingsbeweging bymekaar te bring geleidelik verder van sy volk weggedryf het. Gevolglik moes hy sy eie optrede nie net regverdig nie, maar moes hy steeds meer en meer as kampvegter van die Engelssprekendes optree. [240]

Die ideale van Afrikanereenheid en Afrikanervryheid soos aangevuur deur die massabeweging in die Eeufeesjaar, sou ook

---

239. The Friend, 3/2/1939.

240. N.G.S. van der Walt., Die Republikeinse Strewe. p.155. Vergelyk ook Hoofstukke I en II waar die saak reeds volledig bespreek is.

daadwerklik meewerk om hierdie wondergees in 'n nuwe volks-organisasie vas te lê, naamlik die Ossewa Brandwag. Dit is in Bloemfontein in November 1938 gestig. [241] Die stigterslede was almal van Bloemfontein en die omliggende distrikte. Die eerste voorsitter was ds. C.R. Kotze. Die organisasie was op die Boerekommandostelsel gebaseer en kol. J.C.C. Laas is as die eerste Kommandant-generaal en leier van die Ossewa-Brandwag aangestel. [242] Op 4 Februarie 1939 toe die eerste byeenkoms van die Ossewa Brandwag-offisiere plaasgevind het en die konstitusie saamgestel is, het kol. Laas in 'n onderhoud met Die Volksblad die doel en strewe van dié beweging soos volg uiteengesit: "Die doel wat met die Ossewa Brandwag beoog word, is: die bestendiging van die ossewagees in Suid-Afrika, die handhawing, die uitbouing en die uitlewing van die tradisies en beginsels van die Dietse Afrikaner, die beskerming en die bevordering van die Godsdienstig-, kulturele en stoflike belange van die Afrikaner, die aankweek van vaderlandsliefde en nasionale trots, en die uitskakeling en samesnoering van alle Afrikaners, manne sowel as vroue, wat hierdie beginsels onderskryf en gewillig is om hulle kragdadig daarvoor te

---

241. Ds. C.R. Kotze,, Die Ossewa Brandwag: Sy ontstaan, Ontwikkeling en Botsing. Pamflet. p.3. Vergelyk ook Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en Waarheen. Pamflet. Skrywer anoniem. p.9. M. Roberts en A.E.G. Trollip., The South African Opposition. p.73., beweer dat die Ossewa Brandwag in Oktober 1938 gestig is. Dié gedagte tot so 'n beweging was toe reeds gevestig maar die stigting het wel in November plaasgevind. N.G.S. van der Walt., Die Republikeinse Strewe is dus verkeerd as hy verklaar dat die Ossewa Brandwag op 5.2.1939 gestig is, want op 4.2.1939 is die eerste offisier in die O.V.S. reeds ingesweer. Vergelyk Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en Waarheen. p.9.

242. Ds. C.R. Kotze., Die Ossewa-Brandwag. Pamflet. p.3.

beywer....." [243]

Met sy leuse "My God, my Volk, my Land, Suid-Afrika" het hierdie organisasie soos 'n veldbrand deur die land versprei en was dit spoedig in al vier die provinsies gevestig. Daar bestaan geen twyfel dat die Ossewa Brandwag die herlewingsgees onder die Afrikaners kragtig saamgesnoer en verder uitgebou het nie. Die groot aantrekkingskrag van hierdie beweging was die feit dat dit aan elke Afrikaner, man sowel as vrou, die geleentheid gebied het om sy of haar deeltjie tot die hereniging van die Afrikanerdom by te dra. As volksbeweging het die Ossewabrandwag die trek van die Afrikanerdom na volksvryheid en volkswelvaart voortgesit. Dit het homself beskou as die "soldatedom van die Republiek, want naas sy Godsdiens, is dit die hoogste volksideaal van die Afrikanerdom." [244]

"The O.B. indeed, aspired to embrace the whole Volk. Where parties divided, quarrelling over sordid personal issues the O.B. united. It was to be the Highest Common Factor of Afrikanerdom ...." [245]

Die Ossewa Brandwag was 'n suiwer kultuurbeweging met die groot ideaal om die tradisies en beginsels van die Boerenasie

---

243. Die Volksblad, 6/2/1939 soos aangehaal in M. Roberts, A.E.G. Trollip., The South African Opposition. p.74. Vergelyk ook: Die Ossewa Brandwag - Konstitusie., Die Transvaler, 31/3/1939. kol. Laas se toespraak op Dewetsdorp: "Ons voel een volk en een bloed ... enige lid van die Ossewa Brandwag moet deur en deur Afrikaner wees."

244. Die Ossewa Brandwag, Vanwaar en Waarheen. Pamflet. p.1. Die Transvaler, 10/10/1939.

245. M. Roberts, A.E.G. Trollip., The South African Opposition. p.74.

te handhaaf, uit te bou en uit te leef en dit sou 'n aantal jare intiem met die Nasionale Party tot konsolidering van die Afrikanerdom meewerk.[246] Dr. Malan was oortuig dat die Ossewa Brandwag groot moontlikhede as 'n volksbeweging gehad het, maar dat dit in veilige kanale gelei moes word. Dit moes geskied veral ten opsigte van die ander goed georganiseerde, maar direk aan die volk verantwoordelike organisasie, naamlik die Nasionale Party. Aan Afrikanerkant moes die Nasionale Party en die Ossewabrandwag ten nouste saamwerk, maar wel elkeen op sy eie afsonderlike terrein om oorvleueling noodwendig uit te skakel. Onderhandelinge tussen dr. Malan en die Ossewa Brandwag leiers het daartoe gelei dat dr. Malan op die Kaaplandse Partykongres wat in 1940 op Cradock plaasgevind het, kon aankondig dat tot 'n vergelyk tussen die twee organisasies gekom is.[247]

Hoewel die nodige samewerking tussen die Nasionale Party en die Ossewa Brandwag sou voortbestaan, sou eersgenoemde op die politieke terrein en laasgenoemde op die nie-politieke terrein beweeg, byvoorbeeld die voortplanting, beskerming en uitlewing van die Voortrekkerbeginsels en -ideale, insluitende die godsdienstige, morele en ekonomiese opbou van die Afrikanervolk. Die Ossewa Brandwag sou hom ook beywer om volkseenheid te bevorder en te bestendig en sou hom van onder-

---

246. Die Volksblad, 31/5/1939.

247. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party...p.204.

grondse revolusionêre bedrywighede onthou.[248]

Hoe heg die bande tussen die Ossewa Brandwag en die Nasionale Party tot en met 1940 was, blyk duidelik uit dr. Malan se verklaring op die Transvaalse Partykongres: "Vereenselwig julle met die O.B.en doen dit op so 'n uitgebreide skaal dat jy kan sê: die O.B. is die Afrikanervolk en die Afrikanervolk is die O.B. As hulle (genl. Smuts) die O.B. aantas, tas hulle die Afrikanerdom aan. Niks is so magtig as 'n volksbeweging nie. Daarteen sal ons politieke vyande hulle soos 'n muur vasloop." [249]

Hierdie suiwer Afrikanerbeweging het gevolglik binne Regeringskringe sterk teenstand uitgelok. Die Vaderland beskou die Ossewa Brandwag as 'n "skerpioennes" binne die Nasionale Party. Hy verklaar verder: "Sonder om dr. Malan in die saak te ken, het 'n klomp politieke jeughoofde in sy party van wie 'n paar bekend is vanweë hul Nazibeskouinge hierdie Lemetford-kultuurvereniging gestig. Dit was van die eerste oomblik af duidelik dat hierdie semi-militêre beweging geen gewone kultuurvereniging is nie...." Die hoofartikel verklaar dan verder dat die lede van die "Gesuiwerde" Party Duitse Nazi-metodes en -leerstellings ophemel ten koste van ons eie Afrikaanse tradisies en lewensbeskouing ..... [250] Die teendeel hiervan het mnr. P.W. Botha op Hopefield duidelik gestel

---

248. Ibid., p.204. Vergelyk ook D.F. Malan., Afrikanervolkseenheid. pp.188-189.

249. Die Transvaler, 4/12/1940.

250. Die Vaderland, 14/8/1939. Hoofartikel.

toe hy die doelstellinge van die Ossewa Brandwag soos volg geformuleer het: "Ons stry nie vir die oorheersing van die een ras oor die ander nie, maar ons stry vir die oorheersing van Christelike Nasionalisme oor uitlandsisme in Suid-Afrika." [251] Hy het met dié verklaring in raak bewoording aan die strewe van elke nasionaalvoelende burger van Suid-Afrika uiting gegee.

Genl. Smuts het sy bedenkinge oor die Ossewa Brandwag as volksbeweging soos volg uitgespreek: "Though it insist that it is nothing but a cultural organization, it is clear that it is an organization of precisely the same character as the organization which brought Hitler into power in Germany. Its methods come straight from Germany and its purpose is nothing less than to introduce into this country the system that has flourished in Germany." [252]

Hierdie bewerings is grotendeels toe te skryf aan die feit dat die Ossewa Brandwag gedurende die veertiger jare 'n sterk semi-militêre organisasie geword het. Die belangrikste oorsaak moet egter gesoek word in die feit dat die Afrikaner hierdie sterk nasionalistiese oplewing ondervind het op 'n tydstip toe Europa deur militante nasionalisme geskud is. In Europa, het as gevolg van die invloed van Duitsland en Italië, nasionalistiese

---

251. Die Burger, 24/9/1940. Hoofartikel.

252. G.H. Calpin., There are no South Africans. p.303.

bewegings posgevat wat 'n nuwe sosiale en ekonomiese orde beplei het. Dit is net natuurlik dat hierdie gedagterigtings van nasionaal-sosialisme en fascisme ook in Suid-Afrika invloed sou uitoefen. Die emosies wat deur die Eeufees losgemaak is, die verwagtinge wat geskep is en die begeerte van 'n nuwe geslag om die daad te verrig, het 'n gunstige teelaarde vir hierdie nuwe gedagterigtings gebied. [253] Daarom kon nuwe organisasies soos die Gryshemde, die Swarthemde, die Nuwe Orde en ook die Ossewa Brandwag, vinnig ontwikkel en groei. Elkeen wou die Voortrekkerideaal op sy eie manier verwesenlik. [254]

Samevattend kan gekonstateer word dat die onmiddellike uitwerking van die "wonderjaar" 1938 op die Afrikanerdom hoofsaaklik drieërlei van aard was. In die eerste plek was daar die kragtige strewe na volkseenheid wat veral op politieke gebied tot uiting moes kom. Tweedens die ingrypende herwaardering van die kultuurbesittinge van die Afrikaner. In die laaste plek die strewe om die Afrikaner ook ekonomies selfstandig te maak soos bewys is deur die stigting van die Reddingsdaadbond. [255]

---

253. Die Taalgenoot, Desember 1968. Artikel: P.H. Kapp., Die Voortrekkereeufees. p.9.

254. Ibid.

255. Ibid. Die stigting van die Reddingsdaadbond word in die volgende hoofstuk volledig bespreek.

HOOFSTUK IV

DIE NASIONALE PARTY EN DIE EKONOMIESE HERSTEL VAN DIE AFRIKANERDOM

1. Die Armblankevraagstuk

Vir die Nasionale Party was die allesoorheersende ekonomiese probleem in die jare dertig die armblankevraagstuk. Hierdie vraagstuk het reeds voor die Tweede Vryheidsoorlog sy ontstaan gehad, maar het veral daarna ernstige afmetings begin aanneem. Die gevolge van dié oorlog is jare daarna gevoel, want in die konsentrasiekampe was daar duisende Afrikaners wat geen bestaansvooruitsigte gehad het nie. Hierdie vraagstuk het in besonder met die geweldige ekonomiese en sosiale agteruitgang van 'n aansienlike deel van die blanke bevolking van Suid-Afrika te doen gehad veral op die platteland, maar ook in die sterk groeiende stedelike gebiede.

Vroeër was die grootste deel van die Afrikaanssprekende bevolking hoofsaaklik grondbesitters. Daarenteen het die vinnige toename van die boerebevolking die onderverdeling van plase noodsaaklik gemaak, want vir die plattelandse Afrikanerseun was daar geen ander alternatief as om te gaan boer nie. Dit kan in hoofsaak toegeskryf word aan die gebrek aan onderwysfasiliteite wat 'n ongeskoolde of swakgeskoolde werker van hom buite die boerdery gemaak het. Talle boere wat nie 'n bestaan op hul klein plasies kon maak nie, weens verouderde boerderymetodes en terugslae deur droogtes, het bankrot

geraak. Die stroom van grondloses, boere wat hul plase verlaat het, het geleidelik groter en sterker geword. Dié stroom het gevolglik na dorpe en stede begin vloei en die platteland het gaandeweg ontvolk geraak. Die omvang van hierdie proses word duidelik deur die volgende syfers illustreer: Tussen 1911 en 1921 was daar in vier-en-negentig distrikte 'n absolute vermindering van byna 35,000 in die blanke bevolking. Terwyl ongeveer twintig persent van alle Afrikaners met Uniewording stedelinge was, het die persentasie in 1936 tot meer as veertig persent gestyg.[1]

Die hele armblankevraagstuk was ten nouste verbonde aan die gedaanteverwisseling wat Suid-Afrika binne sowat 'n halwe eeu ondergaan het. Die Unie het van 'n suiwer landbou- tot 'n mynbou-en later tot 'n industriële staat ontwikkel. Die ongeskoolde boer van die platteland, gewoond aan 'n eenvoudige selfversorgende ekonomiese en maatskaplike stelsel, is eenvoudig in sy wêreldsvreemheid in die stad deur die gewetenlose kapitalistiese stelsel verswelg om verdere armoede in die hand te werk. Die armblankeprobleem het gevolglik geweldig in momentum toegeneem toe die ekonomiese welvaart wat die Westerse wêreld sedert 1925 beleef het, in Oktober 1929 skielik tot 'n einde gekom het met die ineenstorting van

---

1. E.P. du Plessis., 'n Volk staan op - Die Ekonomiese Volkskongres en Daarna. p.32. L.L.N. Botha., Die Maatskaplike Sorg van die N.G. Kerk in Suid-Afrika, 1928-1953. pp.154-164.

die aandelemark in New York. Die jare van depressie wat hierop gevolg het, was die ergste in menseheugenis en ook Suid-Afrika sou die noodlottige gevolge van die ekonomiese insinking nie vryspring nie. Die handel het begin krimp; fabrieke moes hul produksie inkort of staak omdat daar haas geen afsetgebied meer was nie. Die boere kon hul produkte nie meer verkoop nie en die werkloosheidssyfers het onrusbarend gestyg. Boonop het die jaar 1930 een van Suid-Afrika se grootste droogtes gebring waardeur die boere des te swaarder deur die depressie getref is. Honderde moes hul plase verlaat en in die stede en elders 'n heenkome gaan soek het. Dit het meegewerk dat die getal armblankes in dorpe en stede onrusbarend toegeneem het.

Die verarmde Afrikaner, die man van die platteland, het sy toevlug na die stad geneem. Daardeur word hy losgeruk uit 'n lewensomgewing waarin hy opgegroei en gewortel het en word hy deur die nood in 'n nuwe en totaal vreemde wêreld geplaas. Tot dusver het hy vir sy stoflike bestaan slegs 'n kennis van die aarde en van sy vee nodig gehad. Sy ekonomiese bestaan was gebaseer op die eenvoudige, selfversorgende landbou en veeteelt. Sy taal was Afrikaans en sy gewoontes, lewenswyse, sedes en norme is bepaal deur 'n organiese familiale lewenswyse gegrond op die patriargale Calvinistiese lewensbeskouing.[2] Sy oorplasing na die stad het beteken

2. J.H. Coetzee., Verarming en Oorheersing. p.93.

dat hy oorgeplant is as ongeskoolde werker na die nywerheidslewe in 'n omgewing met 'n vreemde taal, met onbekende en botsende sedes en lewenseise. As ongeskoolde werker het dié Afrikaner 'n werkgebied betree waar sy eertydse mededinger, die werkgewer en kapitalis was en hierdie georganiseerde geldmag in die handel en nywerheid was hoofsaaklik deur die Engels-georiënteerde bevolkingselement verteenwoordig.

Volgens die Carnegieverslag is die hoofoorsaak vir die trek van die landelike armes na die dorpe en stede die begeerte na 'n verbetering van hul ekonomiese toestand. Die ongunstige ekonomiese toestand van die besitlose landelike Blanke het in hoë mate die kern van die vraagstuk uitgemaak.[3] Die armblankes het hoofsaaklik bestaan uit mense wat aan die boerdery verbonde was of is: trekboere, arm bywoners, huurlinge op plase en arm nedersetters. Daarbenewens was daar 'n toenemende groep ongeskoolde of swak geskoolde arbeiders buite die boerdery, sommige, byvoorbeeld as pas verstedelikes en ander as spoeldelwers.[4] Volgens 'n konserwatiewe skatting is bereken dat van die totale blanke bevolking van ongeveer 1 800 000 in 1931, meer as 300 000 baie arm was.[5] In 1941 het prof. Gray van die Universiteit van

---

3. Verslag van die Carnegie-kommissie van ondersoek oor die Armblankevraagstuk in Suid-Afrika. Deel V. pp. xxi - xxii.

4. Ibid., pp. v-vi. Vergelyk ook E.P. du Plessis., 'n Volk staan op. p.82.

5. Ibid., p.vii.

Witwatersrand in Die Transvaler verklaar dat nagenoeg 12 000 blanke gesinne in die stede en tussen 40 000 en 50 000 plattelandse gesinne ontsettende armoede ondervind, hoewel, volgens sy mening, armoede sedert 1931 oor die algemeen heelwat afgeneem het. Hy is egter van mening dat die skatting van die Carnegie-kommissie te konserwatief was, aangesien dit nie kinderloses en oues van dae in berekening gebring het nie.[6]

Die hoofoorsaak vir die geweldige ekonomiese agteruitgang van die Afrikaner was ongetwyfeld die "onvoldoende aanpassing aan moderne ekonomiese voorwaardes by 'n deel van die ouer Suid-Afrikaanse blanke bevolking. Hierdie bevolking was grotendeels vir vele generasies van die Europese ontwikkeling afgesonder gewees en het hoofsaaklik 'n eenvoudige, selfversorgende pionierslewe gelei, met min verskil in lewenswyse tussen ryk en arm."[7] Dr. J.D. Kestell merk op: "Ons mense kon hul nie aanpas by wat so skielik op hulle afgekom het nie en wat so skielik op hulle afgekom het, het hulle oorweldig, hulle meegesleur in 'n situasie waarin hulle absoluut die minderes was."[8] Die onvermoë van die plattelandse Afrikaner met sy selfversorgende landbou-ekonomie om by

---

6. Die Transvaler, 31/5/1941 soos aangehaal in J.H. Coetzee., Verarming en Oorheersing. p.28.

7. Verslag van die Carnegie-kommissie. Deel II. p.viii.

8. J.D. Kestell., My Nasie in Nood. pp. 51-52.

die nuwe kapitalistiese stelsel aan te pas, was dan ook die gevolg dat duisende op die ekonomiese trekpad uitgeval het. In die sakewêreld, die handel en nywerheid, die geld- en bankwese was hulle so goed as totaal uitgesluit.

Statistieke toon aan dat in 1936 'n totaal van 65,34 persent van die blanke bevolking in stedelike gebiede woonagtig was en slegs 34,76 persent op die platteland. [9] In 1936 is vir die eerste keer sensussyfers in verband met die huistaal van die blanke bevolking opgeneem. Dit het getoon dat in stedelike gebiede 53 persent Engelssprekend was en 41 persent Afrikaanssprekend, terwyl op die platteland was slegs 14 persent Engels- en 83 persent Afrikaanssprekend. Van die totale blanke bevolking was 55,93 persent of 1 120 770 Afrikaanssprekend terwyl 2,52 persent albei tale as huistaal aangegee het. [10] In hierdie stadium het sowat 25 persent van die seuns wat jaarliks die skool verlaat het, nie eers 'n volledige laerskoolopleiding gehad nie en was hulle gevolglik almal potensiële Armblankes. [11]

Die steeds toenemende armblankedom het allerlei maatskaplike euwels in die hand gewerk. Trouens geen terrein van die samelewing is daardeur onaangetas gelaat nie, want armoede was die vrugbaarste teelaarde vir verdere armoede. Armoede

---

9. J.H. Coetzee., Verarming en oorheersing. p.34.

10. Ibid., p.35.

11. Die Taalgenoot, Desember 1938. Artikel: J.A. Hurter., Die Ekonomiese bewuswording van die Afrikaner. p.13.

self het 'n demoraliserende uitwerking op die Afrikanervolk gehad. Volgens die Carnegieverslag veroorsaak armoede veral "'n verlies van selfrespek en laat 'n bewussyn van minderwaardigheid ontwikkel. Die armoede het ook maklik 'n ongunstige invloed op die eerlikheid, die vertroubaarheid en die sedelikheid. Langdurige armoede word menigmaal as iets onvermydeliks opgevat en met dooie berusting gedra. Hiertoe dra ook by die minderwaardigheidsbewussyn wat veel al by die arme aanwesig is." [12]

Hierbenewens moet nog in berekening gebring word die uitwerking van die aanwesigheid van die groot Nie-Blanke bevolkingsgroep op die verarmingsvraagstuk. Meer en meer Bantoes het na 'n geldverdienste binne die ekonomiese struktuur van die Blankes gesoek. Deur hul lae lewensstandaard het hulle vir sekere vorme van ongeskoolde werk 'n lae loonpeil bepaal wat ook weer die loonpeil van die ongeskoolde Blanke nadelig beïnvloed het. Dit het onbeperkte konkurrensie tussen die Nie-Blanke en ongeskoolde Blanke in die hand gewerk wat op sy beurt 'n besliste demoraliserende uitwerking op laasgenoemde groep gehad het.[13]

Ook op armblanke-families wat in oorwegende naturelle-omgewings gewoon het, het die langdurige kontak in sommige opsigte

---

12. Verslag van Carnegie-kommissie. Deel I. p.xviii.

13. Ibid., p.xix.

'n nadelige maatskaplike uitwerking gehad. Die sosiale isolering van die verarmde van sy welgestelde volksgenote, veral waar dit met 'n saamgroepering van Nie-Blankes in dieselfde woonbuurt gepaard gegaan het, het 'n soort van sosiale intimiteit veroorsaak wat geleidelik alle verskille tussen Blank en Nie-Blank uitgewis het. J.H. Coetzee merk op: "Die rassetrots van die verarmde, uitgestoot uit die gemeenskap van sy volksgenote, oorskadu, verstomp en verswak deur die geweldige ekonomiese behoefte aan sosiale omgang, al is dit dan met wesens van 'n ander kleur en 'n laer beskawingspeil as wat hy geken het." [14]

Hierdie toestande van gebrek aan sosiale verskille en die afstomping van rassetrots sou op die lange duur bloedvermenging in die hand moes werk. Dit sou weer op sy beurt 'n ernstige bedreiging vir die blanke beskawing inhou en die identiteit van die Afrikanervolk sou daardeur ernstig geskaad word. Daarom het die Carnegie-kommissie aanbeveel dat vermeerderde staatsondersteuning en staatstoesig op die behuisingstoestande van armes in die stede en veral op die platteland dringend nodig geword het. [15]

Die kommissie meen dat beskerming deur werkreservering net as 'n blote oorgangsmaatreël beskou moet word. Die beskerming moenie van so 'n aard wees dat dit die armblanke se vermoë verminder om op die arbeidsmark met die Nie-Blanke

---

14. J.H. Coetzee., Verarming en Oorheersing. p.40.

15. Verslag van die Carnegie-kommissie. Deel I. pp.xviii - xix.

mee te ding nie. "Met die oog op die welsyn van die armblankes sal die periode van beskerming vir hulle 'n leertyd moet wees waarin hulle 'n hoër bekwaamheid ... ontwikkel .... en veral, waarin kinders opgelei word om geskoolde arbeidskragte te word." [16]

Die gevaar van denasionalisasie van die verstedelike arm Afrikaner het in noue verband met die armblankevraagstuk gestaan. Die toename van verarming het meegewerk dat die armblanke van sy taal, kultuur en godsdiens losgeraak het. Sonder dat daar enige godsdienstige of kulturele vyandigheid ontstaan, verval die armblanke in blote moedeloosheid en moet die belangstelling in die geloofs- en kultuurlewe noodwendig daaronder gely het. Die stryd om siel en liggaam aan mekaar te hou,het swaarder as die nasionale stryd geword. Die nasionale stryd waar hy teen die steeds sterkerwordende stroom van verengelsing en oorheersing deur vreemde nasionaliteite wat onsimpatiek teenoor sy saak gestaan het, moes waak, is geleidelik op die agtergrond gestoot. Hierdie afvalligheid van volkstradisie en -instellinge het 'n vrugbare teelaarde vir onnasionale strominge geskep. Die armblanke het dikwels die prooi van die Kommunis en sy leerstellinge geword. Sy afgestompte oordeelsvermoë het hom verhinder om die leerstellinge op meriete te beoordeel of die taktiek daaragter te ontmasker. So ontstaan vyandskap teenoor die eie volksgenoot

---

16. Ibid., p.xx. Vergelyk ook E.D. du Plessis., 'n Volk staan op. p.83.

wat daarin geslaag het om ekonomies en maatskaplik sy voete te behou en word 'n nog groter volksverdeeldheid in die hand gewerk.[17]

Die armblanke het nie slegs die prooi van onnasionale elemente geword nie, maar is ook dikwels deur politieke partye uitgebuit waar hulle die "stemvee" uitgemaak het. "Die arme word die speelbal van partypolitieke stryd en uitbuiting." Aldus J.H. Coetzee, "hy word heen en weer geslinger en verloor mettertyd sy selfstandigheidsgevoel en gesonde oordeelsvermoë terwyl die onuitvoerbare beloftes hom totaal kritiës en skepties stem teenoor die nasionale strewe." [18]

Die ekonomiese opheffing van die plattelandse Afrikaner in sy nuwe stedelike omgewing was dus 'n uiters belangrike taak vir die Kultuur- en Kerklike organisasies.

As in gedagte gehou word dat armblankedom op die platteland hoofsaaklik Afrikaanssprekendes was, dan was dit duidelik dat die verarmingsvraagstuk 'n Afrikanervraagstuk geword het. Die Afrikaanse susterskerke in die vier provinsies het besef dat die vraagstuk om hul lidmate gedraai het en het dus ernstige aandag daaraan geskenk. Die verslag van die Carnegiekommissie wat in 1932 verskyn het, was in werklikheid die resultaat van 'n besluit van die N.G. Kerk se Sinodale Kommis-

---

17. J.H. Coetzee., Verarming en Oorheersing. p.48.

18. Ibid., p.46. Vergelyk ook die Carnegie-verslag. Deel I. p. xxxiii. Die verskil in politieke beleide teenoor die armblankevraagstuk word in die verloop van die hoofstuk volledig bespreek.

sie in 1927 om 'n kommissie te benoem om die armblanke-vraagstuk te ondersoek.[19] Ook die Afrikaanse vrouevereniginge en die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad het hulle met die vraagstuk bemoei. Pogings is aangewend om die publieke belangstelling op te wek en planne te beraam vir 'n oplossing en om praktiese hulp aan hulpbehoewendes te verleen.[20]

A. Volkskongres oor die Armblankevraagstuk

Die bevindinge en aanbevelings van die Carnegie-kommissie is veral deur die Nederduits Gereformeerde Kerk ter harte geneem. In Oktober 1934 het die Armesorgraad van die Gefedereerde Nederduits Gereformeerde Kerk in Kimberley 'n volkskongres gereël om weer eens die armblankevraagstuk te bespreek.[21]

Die Uitvoerende Bestuur van dié kongres het uit die volgende persone bestaan: J.R. Albertyn (Kaapland, voorsitter), A.D. Luckhoff (Kaapland), P.J. Pienaar (O.V.S.) en P. du Toit (Transvaal, Sekretaris). Bogenoemde bestuur het die samewerking van die hoofde van verskillende Studiekomitees gehad, te wete dr. R.W. Wilcocks (Sielkundig - opvoedkundig), ds. J.R. Albertyn (Maatskaplik - godsdienstig) en dr. H.F. Verwoerd (Sosiologies - ekonomies).

---

19. E.D. du Plessis., 'n Volk staan op. p.81.

20. J.H. Coetzee., Verarming en Oorheersing. p.37.

21. E.D. Du Plessis., 'n Volk staan op. p.84.

Ds. J.R. Albertyn het in sy inleidende toespraak die armblankeprobleem soos volg verklaar: "Daar bestaan geen towermiddel waardeur die euwel besweer kan word nie. Armoede met sy gevolge - soos siekte - sal altyd by ons wees. Vir geen van beide is daar 'n permanente oplossing nie." [22] Hy het egter bepleit dat met geduld en volharding steeds betere pogings aangewend moet word om die leed van dié groep minderbevoorregtes te versag. Hy het 'n ernstige beroep op al die groot sosiale instellinge van die land; die staat, die onderwys, die Kerke en individuele burgers gedoen om 'n verenigde front teen die gemeenskaplike vyande van armlastigheid, ellende en verval te vorm.

Ds. Wm. Nicol, voorsitter van die kongres, het in sy verwelkomingswoord vermeld dat die aantal armblankes sedert 1917 verdriedubbel het en dat 'n kwartmiljoen van die volk armblankes is.[23] Hy het dit ook sterk beklemtoon dat die oplossing van die armblankeprobleem voorrang bo die naturellevraagstuk moet geniet, want die Blankes is die "Draers van die Beskawing" in Suid-Afrika terwyl die naturelle oor die algemeen nog die is wat leë hande na die voordele van die beskawing uitsteek. "Ons moet instem dat hoe sterker die Blanke op hulle voete staan hoe beter kans het hulle om die

---

22. Verslag van die Volkskongres oor die Armblankevraagstuk gehou te Kimberley 2 tot 5 Oktober 1934. Saamgestel P. du Toit. p.2.

23. Ibid., p.11.

naturel op sy beurt te help." [24]

Min. A.P.J. Fourie, Minister van Arbeid, het in sy openingsrede die kongres namens die Regering toegespreek. Hy was oortuig: "Dat as die volk hierdie vraagstuk met maar die helfte van die ywer waarmee politieke en konstitusionele kwessies aangepak word, ons nie anders dan goeie resultate daarvan behoort te verwag nie." [25] Min. Fourie was oortuig dat die oplossing van die armblankeprobleem noodwendig 'n stadige proses moes wees en dat die herstel van hierdie volkseuwel nie in 'n jaar of twee kan geskied nie. Die besluite van die kongres, was sy versekering, sal die ernstige oorweging van die Regering geniet insoverre die uitvoerbaarheid daarvan moontlik en prakties is. Min. Fourie het bevestig dat daar vyf Regeringskommissies is wat besig is om in verband met maatskaplike aangeleenthede ondersoek in te stel na: (a) Verligting aan Nedersetters, (b) Kaapse Kleurlingbevolking (c) Loonwet, Nywerheid Versoeningswet en Vakleerlingwet, (d) Mynteringlyers en die moontlikheid van werkverskaffing op Myne, en (e) die uitwerking van die doeanetarief. [26]

Hy het 'n uiteensetting gegee van hulp wat die Regering aan die verarmde deel van die bevolking verleen het. In die periode

---

24. Ibid., pp. 12-13.

25. Ibid., p.15.

26. Ibid., p.17.

van agtien maande, dit wil sê sedert koalisie, het die Regering die boere met ongeveer £20 miljoen gehelp.[27] Hy het verklaar dat daar in Junie 1934 4 000 blanke arbeiders in permanente regeringsdiens en omtrent 15 000 in diens van die Spoorweë was. By onderstands- en ander tydelike regeringswerke was daar 20 768 arbeiders in diens.[28] Met betrekking tot laasgenoemde groep het hy verklaar dat die Regering sy bes doen om weg te kom van onderstandswerk wat uit die aard van die saak slegs 'n tydelike heenkome kan verskaf en wat 'n ongewenste en nadelige invloed op die samelewing uitoefen.[29] Een van die mees praktiese maatreëls, aldus Fourie, was die bywoners-rehabilitasieskema waaronder plaaseienaars aangemoedig word om bywoners en plaashelpers in diens te neem tot tyd en wyl hul lone hul in staat stel om 'n redelike bestaan te voer. Min. Fourie het samevattend verklaar dat dit hier gaan om die redding van die blanke beskawing van totale ondergang aangesien "ons omring is deur miljoene naturelle wat self ontwikkel .....daar kan geen stilstand wees nie. Dit moet of vooruitgang óf agteruitgang wees. Tot dusver vrees ek was dit 'n gewisse agteruitgang." [30]

Uit die gegewens en uitsprake van min. Fourie was dit duidelik dat die koalisieregering wel veel gedoen het en dit hul erns was om die versonke volksdeel op te hef en te herstel.

---

27. Ibid., p.17.
28. Ibid., p.19.
29. Ibid., p.19.
30. Ibid., p.22.

Dr. H.F. Verwoerd het in sy referaat: "Die Bestryding van Armoede en die Herorganisasie van Welvaartswerk" verklaar dat hoewel een kwart van die Afrikaanssprekende bevolking blanke armes is, met uitsondering van die vier vroue-verenigings, die meeste vrywillige organisasies wat hulle met die verarmdes bemoei, Engels georiënteerd is. "Hierdie byeenkoms moet die begin van die nuwe era beteken in ons deelname aan die maatskaplike opheffingswerk," [31] aldus dr. Verwoerd. Dat dié Volkskongres op 'n baie sterk nasionale grondslag berus het, is dus geensins te betwyfel nie. Hy het opgemerk dat die verband tussen blanke armoede en die teenwoordigheid van kleurlinge en naturelle in die land, ten nouste verbonde is. Die blanke arme moet meerdere welvaart verkry sonder dat die kleurling- en naturelle vraagstukke onoplosbaar gemaak word.[32]

Dr. Verwoerd het nagegaan watter maatreëls getref kan word in belang van persone wat werkloos is en noem onder meer arbeidsburo's, 'n permanente werkloosheidsfonds met 'n vooruitbeplanning van openbare werke vir tye van werkloosheid, 'n goeie reëling van die pagter- en bywonerstelsels, nedersetting, gesondheidsdienste, siekte- en werkloosheidsversekering. In verband met diegene wat reeds verarm is, lê hy nadruk op die belangrikheid van maatskaplike opheffings-

---

31. Ibid., pp. 30-31.

32. Ibid., p.31. Sien ook verslag van sy toespraak in Die Burger, 3/10/1934.

werk deur die staat, die kerke en die burgery. 'n Eerste vereiste daarvoor is behoorlike behuising en 'n organisasie vir leiding aan al die kragte in die veld van sosiale werk. Behoorlike voorsiening van vermaaklikheids- en ontspanningsgeleenthede vir armes in stede, is noodsaaklik in die stryd teen veragting. Dr. Verwoerd het die noodsaaklikheid van 'n staatsorganisasie vir maatskaplike werk ernstig bepleit. 'n Sentrale liggaam wat leiding aan die land in verband met welvaartswerksaamhede kan gee. 'n Afsonderlike staatsdepartement in die verband is volgens hom, dringend noodsaaklik.[33] As uitvloeisel van die Volkskongres het die Departement van Volkswelsyn op 1 Oktober 1937 tot stand gekom.

Dr. D.F. Malan het in sy toespraak op die voorlaaste dag van die Kongres verklaar dat daar met die oog op 'n oplossing van die armblankevraagstuk in die laaste tyd reusagtige vorderings gemaak is.[34] Voordat daar 'n ekonomiese, sosiale en sielkundige omwenteling by die armblanke kan plaasvind, aldus dr. Malan, moet daar eers 'n omwenteling by die volk as geheel plaasvind. Die volk moet glo in die toekoms van sy land. "So dikwels word gepraat van die rykdomme van ons land. Die volk is nie daar om die land nie, maar die land vir die volk. Suid-Afrika is landboukundig arm, maar die Skepper

---

33. Ibid., pp. 32-40.

34. Ibid., p.122.

het rykdomme onder die aarde gelê vir die volk. Die rykdomme is daar vir die Volk." Dr. Malan verklaar verder: "Ons is besig om met die rykdom wat sommige kry te dans op die honger en ellende van 'n groot deel van ons volk." [35] Dr. Malan het voorts ernstig gepleit vir die opheffing van die geestelike isolasie van die armblanke. Dit kon alleen plaasvind indien die volk die armblanke as mens en volksgenoot aanvaar. Sodoende kan die armblanke van sy minderwaardigheidsgevoel losgemaak word en uit sy geestelike isolasie gelig word. "Ons vernaamste taak in Suid-Afrika is om ons armblankes te inspireer deur hul weer in te bring in die lewende stroom van ons volksbestaan." [36] Hy het opgemerk dat dit pateties is om te sien hoe die armblanke besef dat hy nog 'n kind van Suid-Afrika is en hoe lief hy nog sy land het en daarom: "moet ons die beste gebruik maak van daardie eienskap wat nog in die armblanke is. Laat ons die vraagstuk aanpak met 'n hart wat deurdring is van liefde, ... wat groot genoeg is om almal in te sluit, ook die armblanke." [37]

Mnr. S.J. Bezuidenhout, bestuurder van "Ons Eerste Volksbank", het verklaar dat die tyd aangebreek het dat krediet ook binne die bereik van die arm man gestel word. Staatshulp

---

35. Ibid., p.124. Sien ook verslag van dr. Malan se toespraak in Die Burger, 5/10/1934. Die Volksblad, 4/10/1934.

36. Ibid., p. 125. Die Volksblad, 4/10/1934.

37. Die Burger, 5/10/1934. Genoemde nuusblad het dr. Malan se toespraak as die indrukwekkendste van die kongres beskou.

alleen is onbevredigend en dit maak die verantwoordelikheids-gevoel dood. Hy beveel koöperatiewe krediet as die enigste uitweg aan en volksbanke beantwoord uitmuntend aan hierdie doel en het reeds duisende armes gehelp. Hy het voorgestel dat deur wetgewing, status aan volksbanke verleen moet word.[38] Ooreenkomstig het prof. C.G.W. Schuman die oprigting van 'n nywerheidsbank vir finansiering van nuwe nywerhede voorgestel.

Verskeie ander sprekers het ook referate oor aspekte rakende die armblankevraagstuk gelewer. Die kongres het sy werksaamhede met 'n aantal besluite afgesluit. Die staat moet die inisiatief neem in die bestryding van verarming, nl. deur 'n definitiewe Staatsdepartement vir Maatskaplike werk in te stel. Daar moet beter beheer oor huisvesting wees en 'n spesiale soort nedersetting vir arbeiders moet naby skole opgerig word. Daar moet ook "'n beskaafde arbeidsbeleid binne redelike grens as 'n oorgangsmaatreël by openbare liggame" wees. Besluit 49 van die Kongres is veral van besonder aktuele klank: "Die Kongres is van mening dat stam-naturelle uit die reserwes onbillik kompeteer in stedelike bedrywe met blanke mans, kleurlinge en ontstamde naturelle omdat hulle werk deur besitting in die reserwes as't ware "gesubsideer" word en hulle gevolglik vir geringer lone kan werk en beveel

---

38. Verslag van die Volkskongres. pp. 118 - 121.

aan die ontwikkeling van die reserwes soos deur die Ekonomiese Natureile-kommissie aanbeveel." [39] Daar is ook gevra dat ondersoek ingestel word na die moontlikhede van nywerheidsontwikkeling, ook dat die wenslikheid van die oprigting van 'n industriële bank ondersoek word. Daar moet maatreëls kom ter bevordering van die landbou, staatsnedersettings en -besproeiingsskemas. Meer kerklike nedersettings soos Kakamas moet met staatshulp gestig word en landbou-onderrig moet uitgebrei word.[40] 'n Voorsettingskomitee en Uitvoerende Bestuur met ds. P. du Toit as voorsitter en dr. H.F. Verwoerd as ondervoorsitter is benoem om die belange van die armblanke en werksaamhede van die kongres verder uit te bou en voort te sit.

Ds. D.P. van Huyssteen het in sy afsluitingsrede spesiale melding gemaak van die rol wat Die Burger in verband met die Volkskongres gespeel het. "Hierdie kongres sou nooit plaasgevind het as Die Burger nie die inisiatief gehad het vir die hou van so 'n kongres nie. Nadat die Carnegie-kommissie sy verslag oor die Armblankevraagstuk uitgebring het, was daar vir 18 maande lank stilte, totdat Die Burger een oggend met 'n artikel te voorskyn gekom het waarin hy gepleit het dat 'n volkskongres belê moet word oor die Armblankevraagstuk. Met mag het hy daarvoor propaganda gemaak

---

39. Ibid., p.275. E.D. du Plessis., 'n Volk staan op. p.87.

40. Ibid., p.87.

en dit is as gevolg daarvan dat hierdie merkwaardige kongres plaasgevind het." [41] Hierdie erkentlike verklaring is 'n sprekende bewys van wat reeds genoem is, naamlik dat dit die erns en eerlike oortuiging van die Nasionaliste was om die minderbevoorregte volksgenote maatskaplik en ekonomies op te hef uit minderwaardige isolasie en hulle weer eens in die volksgeledere op te neem waar hul tuishoort. Daarom het Die Burger in 'n hoofartikel verklaar: "Op die weg van die Afrikanervolk, sê ons, word daar vandag in Kimberley 'n mylpaal opgerig. Naas die naturellevraagstuk is daar geen ander wat in so 'n mate die hele toekoms, die hele bestaan, van die Afrikanervolk aantas as hierdie vraagstuk van die "blanke arme" van agteruitgang en verarming nie .... Die vraagstuk word nie in een dag of deur 'n toormiddel van die aarde weggeveeg nie. Dit gaan jare van inspanning kos." [42]

II. Die Nasionale Party se Ekonomiese Beleid

Dit was nie slegs die Kultuur- en Kerklike organisasies wat hulle vir die opheffing van die armblankes beywer het nie, maar tesame en byna onafskeidbaar verweefd met hul optrede en aksies was die strewe van die Nasionale Party om 'n oplossing vir hierdie vraagstuk te vind. Die Nasionale Party se ekono-

---

41. Verslag van die Volkskongres. p.263.

42. Die Burger, 2/10/1934. Vergelyk ook Die Volksblad, 6/10/1934. Hoofartikel.

miese beleid ten opsigte van die Boerdery, Mynbou en Handel moet trouens teen hierdie agtergrond van die oorkoepelende en oorheersende armblankevraagstuk gesien word. In sy voorlopige Program van Beginsels het dit die armblankeprobleem soos volg omskryf: "Hy erken dat dit 'n volksvraagstuk geword het en dat die staat sy volle verantwoordelikheid op hom moet neem, sodat daar voortdurende ondersoek en bestryding van die armoede en agteruitgang kan wees. Hy wil die vraagstuk nie langer aan private inisiatief oorlaat nie."[43]

A. Die Boerderybedryf

Vroeër is dit duidelik gestel dat dr. Malan aanvanklik die koalisieregering van genis. Hertzog en Smuts gesteun het omdat dit ten doel gehad het om die sinkende deel van die volk ekonomies te red.[44] Dr. Malan en die Nasionaliste kon hulle egter nie met die samesmeltinggedagte van genis. Hertzog en Smuts versoen het nie, veral toe dit geblyk het dat die koalisieregering nie volkome daartoe in staat was om die land se ekonomiese probleme op te los nie. Nasionaliste het veral kwaai teen die ekonomiese lapmiddels van die koalisieregering te velde getrek.

---

43. Die Burger, 8/6/1934. Vergelyk ook Die Volksblad, 27/11/1934. Hoofartikel. Vergelyk ook voetnote 46.

44. Vergelyk hoofstuk I waar die koalisie- en samesmeltingsbeweging uiteengesit is.

Mnr. A.J. Werth het die Nasionale standpunt duidelik gestel toe hy verklaar het dat die maatreëls wat aangewend is om die volk ekonomies op te hef, net van tydelike aard is en nie die wortel van die kwaad geraak het nie. "Daar is niks blywends gedoen om die boerestand uit sy ellende te red nie. Ons kan nie saamsmelt omdat die ekonomiese beleid van die Regering vandag onnasionaal is." [45]

Na die breuk met genl. Hertzog het die Kaaplandse Hoofbestuur van die Nasionale Party 'n voorlopige Program van Beginsels in Junie 1934 gepubliseer, waarin die ekonomiese beleid van die Nasionaliste uiteengesit is. Eerstens die landboubeleid: "Hy beoog 'n selfstandige en welvarende boerestand. Die Van der Horst-skema en ander dergelike verbandaflossingskemas moet dadelik ondersoek word. Die boer moet op dieselfde gunstige voorwaardes geld kan leen as die staat en die mag en ondersteuning van die staat moet daartoe aangewend word. Daar moet geen onredelike verskil tussen die prys wat die boer vir sy produkte kry en wat die verbruiker daarvoor betaal, bestaan nie. Die grondbelasting in die Kaapprovinsie moet afgeskaf word. Die belastingdruk op die primêre produsent moet ook so laag moontlik gehou word." Tweedens die goudmynbelasting: "Hy wil die ontwikkeling van die minerale hulpbronne aanmoedig met behoorlike inagneming van die welvaart van die werker en van die

---

45. Die Burger, 29/8/1934.

aanspraak van die staat op sy regmatige aandeel in die land se minerale rykdom." Derdens die arbeidsbeleid: "Hy staan 'n beskaafde arbeidsbeleid en 'n behoorlike lewensstandaard voor deur vir die arbeider 'n gelukkige en versekerde werkskring te verskaf en hom teen konkurrensie van arbeidskragte van buite die Unie en teen uitdrukking deur onbeskaafde arbeid te beskerm." [46]

Nasionaliste se besware teen die onbevredigende ekonomiese en landboubeleid van die koalisieregering het al hoe sterker geword. Op die Kaaplandse Kongres van die Nasionale Party wat Samesmelting finaal verwerp het, het dr. Malan verklaar: "Die doel waarmee die koalisie gevorm is, altans soos dit voorgestel is, naamlik die ekonomiese redding van die volk, die oplossing van ons ekonomiese vraagstukke, op 'n pynlike teleurstelling uitgeloop het." [47] Vir hom was dit duidelik dat die koalisieregering nie tot die wortel van die ekonomiese vraagstuk wou teruggaan nie. Dit was volgens dr. Malan die oorgekapitaliseerde plase en die verbeterde pryse op die produktemark kon die boer alleen nie red nie. "Die boerestand se probleem is dat daar te veel verband- en ander skulde is, meer as wat die boer ooit uit die grond kon haal en wat die boer en sy nageslag tot slawerny doem." [48] Die

---

46. Die Burger, 8/6/1934. Vergelyk ook Die Volksblad, 27/11/1934. Hoofartikel.

47. Die Burger, 27/7/1934.

48. Die Burger, 11/9/1934.

Regering het wel aan die boere hulp verleen in die vorm van rentesubsidies en uitvoersubsidies.

Genl. Hertzog het op 'n vergadering te Smithfield op die voorstelle van Nasionaliste dat die verbandskulde van die boeregemeenskap deur die Regering oorgeneem moet word, soos volg geantwoord: "As ek mense hoor pleit dat die Regering die verbandskulde van die boeregemeenskap moet oorneem wat £110 miljoen beloop, dan is die minste wat ek verplig is om daaroor te sê dat daardie mense dit nie ernstig bedoel nie."[49]

Genl. Hertzog het verder daarop gewys dat die Regering reeds £20 miljoen spandeer het om die boere te help in die ander halfjaar wat hy aan bewind is.[50]

Nasionaliste was egter oortuig dat met die fenomenale groei van die goudproduksie, die koalisieregering meer geld aan reddingswerk vir die boer en armblankes kon bestee het. So byvoorbeeld het dr. Malan en mnr. A.J. Werth aangehaal dat terwyl die salarisse van staatsamptenare na die depressie herstel is, is die lone van die armstes onder die armes nie herstel nie. Dit is trouens eerder verminder hoewel die lewenskoste skerp gestyg het. "Die boswerkers wat vroeër 5s per dag gekry het, se loon is later verlaag tot 4s 3d en toe Ministers se salarisse opgeskuif is, is besluit om nuwe

---

49. Die Burger, 8/9/1934. Die Volksblad, 23/4/1934. Hoofartikel.
50. Ibid. Vergelyk voetnote 27.

boswerkers teen 4s 3d in te neem ..... Die nuwe party is nie die party vir die arm man nie." [51]

Dr. Malan het ook die mening uitgespreek dat die Regering 'n liggaam tot stand moet bring waarvolgens die verkoop van landbouprodukte deur een kanaal moontlik gemaak sal word. Daardeur sal produsent sowel as die verbruiker beskerm word en sal dit verhoed word dat een deel van die volk die ander deel uitbuit. "Die parasiet, die bosluis moet uitgeskakel word." [52]

Genl. Kemp, minister van Landbou, het nie die noodsaaklikheid hiervan ingesien nie en die Nasionaliste se pleidooie het gevolglik op dowe ore geval. Hy het self gedreig om te bedank indien dit toegelaat sou word. [53]

Uit voorgaande bespreking blyk dus hoe die Nasionaliste die koalisieregering se ekonomiese beleid vertolk het. Volgens die verskillende uitsprake het genls. Hertzog en Smuts dus nie daarin geslaag om die armblanke en boer ekonomies op te hef nie en is hierdie pogings dan ook as blote lapmiddels beskou. Hierdie dikwels te enge siening van die koalisieregering se ekonomiese beleid, blyk duidelik na aanleiding van min. A.P.J. Fourie se toespraak wat hy op die Volkskongres oor die armblankevraagstuk, gelewer het. [54]

---

51. Die Burger, 29/8/1934. 27/7/1934. 11/9/1934.

52. Die Burger, 14/7/1934. 27/7/1934.

53. Die Burger, 10/7/1934.

54. Vergelyk voetnote 26, 27 en 28.

Op 12 Februarie 1935 het adv. S.P. le Roux, L.V., vir Oudtshoorn, namens die negentien Nasionaliste in die Volksraad voorgestel onder andere dat weens die boere se swaar verliese tydens die depressie, die onnodige hoë rentekoers wat oor die algemeen nog heers en die gevaar dat 'n groot deel van die bevolking as gevolg van hul swaar skuldelas ten gronde sal gaan, die Regering versoek word: (a) Om persone te beskerm teen onsimpatieke krediteure; (b) om 'n verband-aflossingskema daar te stel; (c) om die landelike en stedelike bevolking in staat te stel om te deel in die voordele van die verlaagde rentekoers; en (d) om die verkoop van landbouprodukte deur een kanaal te bevorder en sodoende die onredelike prysverskil tussen wat die boer kry en die verbruiker betaal, te voorkom.[55] Adv. Le Roux het vervolg en gesê dat: "As ons ons volk van ekonomiese ondergang wil red, dan moet ons in die eerste plaas stappe doen om die boerestand op 'n gesonde grondslag te plaas."[56] Dit was vir hom en die Nasionaliste die ruggraat van die land se ekonomie en nie soos genl. Smuts verklaar het dat wel die goudmyne en nie die landbou die land se ekonomiese slagaar is nie.[57]

As middel om die boerestand te rehabiliteer en weer op die been te bring het adv. Le Roux die Van der Horst-skema aanbeveel. "Ons het 'n skema nodig van die aard soos aan die

---

55. Hansard. Deel 24. kol. 1486 - 1487.

56. Hansard. Deel 24. kol. 1488. Vergelyk ook Die Transvaler, 25/8/1938. Hoofartikel.

57. Ibid. Vergelyk ook Die Transvaler, 5/4/1938. Malan se toespraak op Porterville.

hand gegee is deur mnr. Van der Horst. Ek pleit nie juis vir daardie skema in besonder nie, maar ek sê die Regering versaak sy plig as hy nie daardie skema deeglik ondersoek en stappe doen om te help in die rigting soos daardeur aan die hand gegee. Daar het u 'n reddingsplan waaronder die boere sy rente sal verlaag kry en mettertyd op sy eie bene sal staan ..... As ons praat van die Van der Horst-skema, dan lyk dit asof ons die rooivlag hou voor die Minister van Finansies.[58]

Verder het adv. Le Roux aangevoer dat die Regering se bydrae van £20 miljoen aan die boere en ook £5 miljoen volgens die Boere-onderstandwet slegs tydelike hulpmiddels is: "Hierdie hulpmiddels wat ons nou het, kan nie anders bestempel word as lapmiddels nie en as ons met die lapmiddels aangaan, sal dit beteken dat ons daarmee moet aankom wat op die lange duur dan baie meer sal kos as wat 'n behoorlike uitgewerkte ingrypende redmiddel sou gekos het." [59]

Adv. Swart het hierdie belangrike voorstel van adv. Le Roux gesekondeer en die erns van 'n doeltreffende landbou-rehabilitasieskema beklemtoon toe hy verklaar dat die ontvolksproses van die suidwestelike dele van die Vrystaat geweldig vinnig toegeneem het. So byvoorbeeld is daar in dié geweste drie-en-twintig plase, sommige van 2 000 morg groot, wat totaal onbewoon en

---

58. Hansard. Deel 24. kol. 1492 - 1493. Ooreenkomstig die Van der Horst-skema sou die staat die boere se verbandskulde oorneem en dit sou, volgens Regeringswoordvoerders £100 000 000 bedrae, vandaar min. N.C. Havenga se teenkanting. Vergelyk ook wat genl. Hertzog vroeër hiervan op 'n vergadering in Smithfield gesê het.

59. Hansard. Deel 24. kol. 1494.

verlate is.[60] Hy het in sy pleidooi die volgende versoek tot die Regering gerig nl. "Ons wenke mag swak wees, ons rigting mag verkeerd wees, maar ons lê hier op ons manier die saak voor en vra die Regering om iets in die rigting te doen .....[61]

Min. N.C. Havenga het in sy betoog die hulp wat die Regering aan die boere verleen het, duidelik gestel. Hy het die aanbevelings van die Nasionaliste nie as konstruktiewe kritiek en maatreëls van 'n praktiese aard beskou nie.[62] Volgens hom sou en kon dit nie op die pogings verbeter wat die Regering reeds tot redding van die boere en die bedryf se probleme aangewend het nie. Dr. N.J. van der Merwe was oortuig dat hierdie verklaring van die Minister van Finansies, 'n bittere teleurstelling vir die boerebevolking sal wees. Die oplossing van die landbouprobleme was vir dr. N.J. van der Merwe 'n nasionale vraagstuk en het hy onder meer gesê: "Ons kan in die besondere omstandighede van Suid-Afrika 'n saak uitmaak dat dit van die allergrootste belang is vir die bevolking as geheel dat hy moet bydra tot 'n deeglike skuldaflossingsplan vir die boerebevolking. As dit nie gedoen word nie; as die hele bevolking nie bymekaar staan om die boerderyvraagstuk op te los nie, dan gaan die hele bevolking op die ou end ly en dan gaan die hele bevolking miskien bankrotskap tegemoet." [63]

---

60. Hansard. Deel 24. kol. 1497.
61. Hansard. Deel 24. kol. 1502.
62. Hansard. Deel 24. kol. 1514.
63. Hansard. Deel 24. kol. 1516 - 1517.

Die Nasionale Party het geglo dat die redding van die boerestand in 'n verbandaflosskema geleë was; die Verenigde Party het nie daaraan geglo nie.[64] So het dit gekom dat die twee party mekaar oor hierdie saak heftig bestry het. Trouens The Friend het in 'n hoofartikel verklaar: "If the "policies" of the National Party were put into practical effect, South Africa would be completely bankrupt within a few years."[65]

Dit was egter nie alleen die Nasionaliste wat vir 'n meer doeltreffende oplossing van die boerderyprobleem gepleit het nie, maar onder die boerebevolking was daar selfs groot ontevredenheid. Die meulsteen van oorgekapitaliseerde plase het nog net so swaar om die hals van die boeregemeenskap gehang terwyl die wortel van die euwel, die swaar verbandlas onaangeroer gelaat is. Die algemene opvatting was dat die bystand van die Regering se rentesubsidies aan die boer bloot tydelike verligting meegebring het. Die Burger verklaar soos volg in 'n hoofartikel: "Hierdie maatreël bring .... tydelike verligting aan die boere tot 'n bedrag van £1 572 141 per jaar, dit wil sê £647 644 wat die vermindering van die rentekoers deur die verbandhouer tot vyf persent verteenwoordig en £924 497 wat die anderhalf persent verteenwoordig wat deur die Regering bygedra word. Wat baat hierdie geskenk van £1 500 000 per jaar aan

---

64. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.360.

65. The Friend, 5/3/1938. Hoofartikel.

die boeregemeenskap as geen pennie van die kapitaalskuld gedelg word nie? Wat beteken £1 500 000 vir die rehabilitasie van die boerderybedryf uit 'n oorvloeiende landskas wat nog verder gevul kan word deur die florerende mynbedryf?"[66]

Tydens die 1936 jaarkongres van die Transvaalse Landbou-unie het maj. E.W. Hunt hom soos volg oor die Smeltersregering se landboubeleid uitgelaat: "Ek was verlede jaar teen hierdie tyd vol hoop dat 'n groot verbetering hom in die landboubedryf sou voordoen. Helaas, my hoop is nie verwesenlik nie. Daar is geen algemene verbetering merkbaar nie. Nieteenstaande die hooggewaardeerde staatsrentesubsidies word plaasverbande nie in enige merkbare mate verminder nie." [67]
Op die vooraand van die algemene verkiesing het dr. Malan op 'n vergadering te Porterville die landboubeleid van die Regering soos volg omskrywe: "Rehabilitasie is gans iets anders. Dis die verlossing van die ekonomiese verbandskuldelas. Dis die blywende versekering van lae rentekoerse. Dis die terugsetting van die landelose boerebevolking op eie grond." [68] Daarom dat Malan uitgeroep het: "Dit help nie om met 'n lap water op die vloer op te vee as die kraan nog altyd oop is nie" en in hierdie woorde het die Nasionale leier die Regering se ekonomiese beleid geskets.[69]

---

66. Die Burger, 12/8/1936. Hoofartikel.

67. Ibid.

68. Die Transvaler, 5/4/1938. Die Burger, 5/4/1938.

69. Die Burger, 2/3/1938. Hoofartikel.

Die Nasionale Party se stryd om die Boerderyvraagstuk en sy probleme op te los, het egter nie met hul pleidooie om 'n Verbandaflossingskema geëindig nie. Op die politieke terrein het hulle veelal gepleit vir sake soos 'n vaste waarborg vir die pryse van landbouprodukte; meer geld aan die Landbank om die boere van lenings te kan voorsien; tegemoetkoming in verband met verliese wat deur droogtes, springkaanplae, ens. gely is en die beskikbaarstelling van meer grond aan boere. Die landbouvraagstuk was een van die sake waarvoor die Nasionaliste die meeste verskil met die beleid van die Regering geopenbaar het. Ooreenkomstig het dr. N.J. van der Merwe op 19 Augustus op Theunissen verklaar: "Die Regering het nog nooit bewys gelewer dat dit hom werklik erns is om die landbouvraagstuk op afdoende wyse aan te pak nie." [70]

Die Burger was dit ook eens toe hy opgemerk het dat met die rehabilitasie van die armes het dit net soos met die rehabilitasie van die boere gegaan. "Die ekstra reuse-profyte wat nou vyf jaar lank as gevolg van die afstap van die goudstandaard uit Suid-Afrika se goudrykdom gemaak word, het aan hierdie Regering 'n geleentheid geskenk soos daar nog nooit was om die groot vraagstuk van verarming en agteruitgang aan te pak en op te los. Hy het daardie kostelike geleentheid onbenut gelaat. In plaas daarvan volg hy 'n beleid van verryking van die skatrykes en krummels vir die armes." [71]

---

70. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.360.

71. Die Burger, 3/5/1938. Hoofartikel: "Volksverarming."

Dr. Malan het dit eens op Swellendam duidelik gestel dat indien die Nasionale Party weer aan bewind sou kom, sal hy aan die hand van die Carnegie-verslag en in medewerking met die Afrikaanse Kerke daadwerklik probeer om die armblankevraagstuk op te los. Die Nasionale Party sal ook trag om die boerebevolking permanent welvarend te maak, want hy besef dat 'n mens geen voorspoedige volk kan hê sonder 'n welvarende boerebevolking nie. Hy het opgemerk: "Die teenswoordige Regering kom alleen met lapmiddels." [72]

Op politieke terrein het die Nasionaliste ook voortdurend vir 'n verbetering van die toestand van sy minderbevoorregte volksgenote gepleit. Op 22 Junie 1936 het dr. N.J. van der Merwe op Lakeview gesê: "Een van die vernaamste redes waarom die Nasionale Party in stand moes gehou word en waarom ons nie kon toelaat dat dit met samesmelting sou verdwyn nie, was om 'n erger skeuring onder Afrikaners te verhoed as wat ons nog ooit gehad het. Dit was van die begin af baie duidelik dat die nasionale arbeider en arm man hul nooit veilig sou voel in 'n saamgesmelte party waar die groot kapitalis die drade trek en waar die Sir Ernest Oppenheimers en Abe Baileys die toon aangee. Die Nasionale Party was nog altyd die kampvegter van die arbeider en die arm man en as die Nasionale Party sou verdwyn dan sou hierdie Afrikaners 'n ander vesting moes soek ..... Ons sal hulle in die arms

---

72. Die Burger, 15/6/1935.

van vreemde sosialistiese en selfs kommunistiese leiers soos 'n Burnside gedrywe het. Dit sou die Afrikaners op klasselyne verdeel het, wat noodlottiger vir ons volkseenheid is as enige betreurde skeuring van die verlede. Dit is die roeping van die Nasionale Party om die skeuring te verhoed en om meer as ooit tevore op te tree om arbeidsmoeilikhede en die armblankevraagstuk op nasionale grondslag op te los." [73] As iemand wat 'n studie van die Christelike standpunt teenoor maatskaplike vraagstukke gemaak het, was dr.N.J. van der Merwe by uitstek die persoon om doel en rigting aan die maatskaplike beleid van die Nasionale Party te gee. Dit blyk duidelik na aanleiding van wat hy op Tweevlei in sy eie kiesafdeling gesê het: "Die roeping van die Nasionale Party is om die volk te red van die magte wat hom uitbuit. Die Nasionale Party staan beslis vir 'n minimum loon van 8/- per dag. Ons staan vir die onmiddellike instelling van werkloosheidsversekering. Ons staan vir direkte regeringsteun om behoeftige dorpsbewoners in staat te stel om teen lae rente hul eie huise te bou. Ons staan vir die beginsel van industriële segregasie om die Blanke arbeiders te beskerm teen onbillike kompetisie van die naturel. Ons staan vir siekte- en onbekwaamheidsversekering. Ons staan vir 'n stelsel van bemarking wat die middelman sal uitskakel en die lewenskoste sal verlaag." [74] In hierdie verkla-

---

73. Die Volksblad, 22/7/1936 soos aangehaal in G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.362.

74. Die Volksblad, 27/7/1936 soos aangehaal in G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.363.

ring van dr. Van der Merwe word dus 'n baie duidelike en besliste program van hoe die Nasionale Party die blanke arme en werkersklasse wou beskerm en tegemoet kom, gevind.

Ongeag die hulp deur die Regering aan die boer op die platteland gebied, het die verstedelikingsproses onverpoosd voortgeduur. Die aanvanklike beleid van die Regering om die verstedelike Afrikaner na die platteland terug te voer, sou nie die armblankeprobleem oplos nie en het misluk. Van die 4 928 ongeskooldes wat in die paar jaar voor 1939 by die Kaapstadse Arbeidsburo om werk aansoek gedoen het, was nie minder as 57.3 persent van plattelandse herkoms nie. Van die Afrikaanssprekendes onder hulle was 83.8 persent op die platteland gebore.[75] Die meeste van hulle was reeds te oud om 'n belowende begin in die stedelike beroepslewe te kan maak. Daar was geen hulp, geen beroepsleiding en arbeidsopleiding vir hulle nie; hulle moes maar self hul pad probeer baan in 'n omgewing waar daar vir mense soos hulle geen toekoms was nie. S. Pauw merk tereg op: "Selfs waar hul ele pogings daartoe lei dat hulle hul na die stad begeef, waar daar tog nog moontlikhede bestaan, word die staatsbeleid daarop gerig om hulle meer uit die stad weg te kry na doodloopbaantjies daarbuite."[76]

---

75. E.D. du Plessis., 'n Volk staan op .... p.88.

76. S. Pauw., Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad. Aangehaal in E.D. du Plessis., 'n Volk staan op. p.88.

G.D. Scholtz verklaar ooreenkomstig dat indien 'n terugblik gewerp word op die jare van welvaart wat van 1934 tot 1939 geheers het, moet erken word dat daaruit niks van permanente aard tot stand gebring is nie. Gedeeltelik het die daaropvolgende oorlog dit onmoontlik gemaak, maar vir die grootste gedeelte moet dit tog toegeskryf word aan die feit dat die Regering planloos was.[77] Daar is wel probeer om verligting aan die boerestand te skenk, maar 'n poging om die hele boerderybedryf op 'n gesonde voet te plaas en die boere van hul skuldelas te bevry, is nie gedoen nie. Wat geskenk is, was tydelike hulp en geen daadwerklike oplossing van die probleem nie.

B. Mynbou en Handel

Die ineenstorting van die wêreldekonomie het meegewerk dat Engeland gedurende September 1931 van die goudstandaard afgestap het. Die Nasionale Party en veral genl. Hertzog, het gevoel dat Suid-Afrika as die wêreld se grootste goudprodusent nie hierdie voorbeeld kon volg nie en nie aan sterling gekoppel kon bly nie. Om geld in die land te hou en binne te bring en om 'n kapitaalvlug te keer, is spesiale belastings gehef op goedere uit lande wat van die goudstandaard afgestap het en is uitvoerders gesubsidieer. Hierdie en talle ander maatreëls kon egter die geweldige uitvloei van kapitaal uit die land nie verhoed

---

77. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.358.

nie. Tussen 31 September 1931 en die einde van 1932 het nagenoeg R36 miljoen aan spekulatiewe kapitaal die land verlaat.[78] Die rede was dat spekulante en makelaars voordeel uit die moontlike depresiasie van die Suid-Afrikaanse pond of die waardeverhoging van die Engelse pond wou trek.
Die geldskaarste het al hoe erger geword en die eise van mynmagnate, die opposie sowel as ondersteuners van genl. Hertzog dat Suid-Afrika van die goudstandaard moet afstap, het al hoe sterker geword. Dit sou die goudpryse laat styg en aan die ekonomie van die land nuwe lewe gee. Die terugkeer van adv. Tielman Roos tot die politiek in hierdie stadium en die heelhartige steun wat hy aan die beweging gegee het om van die goudstandaard af te stap, was 'n belangrike faktor wat genl. Hertzog in 1932 genoodsaak het om die goudstandaard te verlaat en die pond te depresieer. Die goudprys het dadelik gestyg en geld het volop geword. Die aandelebeurs het 'n "boom" beleef.[79]

Hieruit is dan ook die koalisieregering tussen genls. Hertzog en Smuts gebore om partyverdeling op die agtergrond te skuiwe en gesamentlik tot die ekonomiese opheffing van die Suid-Afrikaanse volk mee te werk.[80]

---

78. E.D. du Plessis., 'n Volk staan op - Die ekonomiese Volkskongres en Daarna. p.80.

79. Ibid., p.81.

80. Vergelyk hoofstuk I waar dié vraagstuk bespreek is.

Nadat die Unie in 1932 van die goudstandaard afgestap het, het die prys van goud geweldig gestyg en het die goudmyne se winste die hoogte ingeskiet. Suid-Afrika het gevolglik in die jare vanaf 1934 tot 1939 'n ongekende bloeitydperk in die goudmynbedryf belewe. Dit was voorwaar die goue jare in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die volgende voorbeeld is 'n sprekende bewys hiervoor. Tussen 23 Oktober 1932 en 23 Oktober 1934 het die aandele van drie-en-dertig Transvaalse goudmyne met £125 800 000 in waarde gestyg.[81] Oor die aanwending van die myne se groot winste in algemene landsbelang en die aandeel wat die Regering vir homself moes toeëien, was daar tussen die twee partye diepgaande verskille. Daarom het mnr. A.J. Werth op 'n vergadering te Pretoria soos volg verklaar: "Die myne sal vanjaar wins maak van tussen vyf-en-twintig en dertig miljoen, waarvan die Regering net £9 miljoen neem. Die myne kry 'n subsidie van £15 miljoen, terwyl mense wat broodsgebrek ly, nie 'n pennie kry nie .... Op ekonomiese gebied is lank genoeg gepeuter en geld uitgegee aan lapwerk ... Die parasiete wat vet word van die Afrikanervolk se bloed moet weg." [82]

Nasionaliste was dit eens dat slegs die mynmagnaat en die kapitalis die voordele van 'n koalisieregering gesmaak het. Deur die afstapping van die goudstandaard het die myne 'n ekstra wins van £30 miljoen per jaar gemaak, aldus dr. Malan. [83]

---

81. Die Burger, 1/11/1934. Hoofartikel.

82. Die Burger, 27/4/1934.

83. Die Burger, 3/9/1934. Malan se toespraak op Caledon.

Daarenteen het min. Havenga voor koalisie gesê dat die hele goudpremie vir die volk geneem moet word na 'n tegemoetkoming in verband met ekstra produksiekoste, verhoging van lone ens. Nadat koalisie finaal bekragtig is, het die regering die belofte aan die goudmyne gemaak dat nie meer as £7 400 000 van die winste ingevorder sal word nie,[84] selfs nie indien die prys van goud bo 120s per ons sou styg nie. Die prys van goud het egter in die loop van 1934 tot oor die 140s per ons gestyg, maar die Regering was aan sy waarborg gebind. "Vir elke sjieling wat die prys van goud bo 120s per jaar styg, maak die mynbedryf 'n addisionele wins van £577 000 as daar geen styging in produksiekoste plaasvind nie ... die ekstra winste kom uit die sakke van die volk maar hulle keer nie terug nie omdat genl. Hertzog afgewyk het."[85] Daarom verklaar Die Burger in 'n hoofartikel, naamlik "Die Donker Geldmag is 'n gewas in die liggaam van die kapitalistiese stelsel, 'n gewas wat dreig om daardie stelsel te gronde te rig."[86]

Dit was egter duidelik dat hierdie tydvak van skynwelvaart diep afhanklik van die prys van goud was, want indien die goudmark weer eens in duie sou stort, sou 'n ekonomiese ramp, soos die depressie, die Unie tref. Om dit te verhoed, het Nasionaliste voortdurend daarop aangedring dat die goudmyne 'n

---

84. Ibid. Vergelyk ook Die Volksblad, 28/2/1934. Hoofartikel.

85. Hoe Generaal Hertzog verander het - Toe en Nou. pp. 21-22. (Pamflet). Skrywer onbekend.

86. Die Burger, 15/11/1934. Hoofartikel.

groter deel van hul winste aan die Regering moes afstaan. Daardeur sou die Unie se ekonomiese reserwes opgebou word en kon die belange van die land as 'n geheel bevorder en bestendig word. Die Regering het wel 'n deel van die goudmynwinste vir hom toegeëien, maar volgens Nasionale standpunt was dit nie genoeg nie.[87] Ooreenkomstig het dr. Malan op 'n vergadering te Swellendam verklaar dat: "Die mynbeleid wat die huidige Regering in stryd met die beleid van die Nasionale Party-regering gevolg het, sal Suid-Afrika nog duur te staan kom. Deurdat hy so 'n groot deel van die oorwins aan die mynmagnate gelaat het ....."[88]

Wat die opvatting van die Nasionaliste oor hierdie strydvraag was, het dr. N.J. van der Merwe op 4 April 1935 in die Volksraad uiteengesit. Dit was na aanleiding van sekere belastingvoorstelle van die Minister van Finansies. Dr. Van der Merwe het verklaar: "Ons erken almal wat die myne vir ons beteken, maar ons staan daarop dat die buitengewone winste van die myne sodanig is dat Suid-Afrika daaruit sekere voordele moet kry. Dit is 'n kans soos Suid-Afrika nooit weer sal kry nie en ons sê dat Suid-Afrika as 'n geheel 'n voordeel uit die oorwinste moet trek. Dit is onbillik dat aandeelhouers alleen ryk gemaak sal word deur die oorwinste. Die grondslag van ons mineralewette is dat die mineralerykdom van die land

---

87. Vergelyk voetnote 82, 83, 84 en 85.

88. Die Burger, 15/6/1935.

in die eerste plaas aan die staat behoort en dat die staat slegs sekere voorregte gee aan die mense wat geld insteek vir die ontwikkeling van daardie rykdom. Dit is in hoofsaak ons standpunt wat die mynbelasting betref." [89] In Nasionale Party geledere was dr. Van der Merwe een van die vernaamste woordvoerders insake die goudmynvraagstuk. Na aanleiding hiervan het The Friend soos volg in 'n hoofartikel verklaar: "Dr. Van der Merwe, M.P., minister of religion and politician, is now posing as an expert on mining revenue and taxation. He is not any safer a guide in his latest role than in the others - when, then a political parson ventures into the field of financial guidance, one cannot expect too much." [90] Die herhaaldelike stekies van Regeringsnuusblaaie teen die sogenaamde politieke predikante in die Nasionale Party, het bly voortduur.

Dr. N.J. van der Merwe het steeds daarop aangedring dat die mynmaatskappy 'n groter deel van hul winste in die vorm van belastings aan die staat moes afstaan. Dit het hy as die woordvoerder van die Nasionale Party op die gebied van finansies van 1935 of jaar na jaar gedoen, maar sonder gevolg.[91] Van die kwaaiste aanvalle wat hy op die beleid van die Regering gedoen het, het dan ook gegaan oor die houding van laasgenoemde

---

89. Hansard. Deel 24. kol. 4452 soos aangehaal in G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.355.

90. The Friend, 17/6/1935. Hoofartikel.

91. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.356.

teenoor die goudmyne. Op 25 Julie 1936 het hy op 'n vergadering te Bethulie soos volg verklaar: "Die volk kry nie sy regmatige aandeel van die winste nie en die goudmynmaatskappye kry gunstiger terme van die staat vir die huur en ontwikkeling van die myne as ooit in die verlede. Selfs die sogenaamde oorwinsbelasting is in die geval van verskeie welvarende huurmyne pure oëverblindery, daar dit in hul kontrak staan dat, as die staat die belasting verhoog .... dit van die huur self sal afgaan. In hierdie gevalle betaal die staat dus self die belasting vir die myne uit die huur wat hy ontvang. Nuwe myne sal in die toekoms een-tiende van hul kapitaaluitgawe vir myn-ontginning van hul belasbare inkomste aftrek waar hulle vroeër net ongeveer een-dertigste kon aftrek. Daarby kry hulle nog spesiale vergunning om tot £20 000 van hul belasbare inkomste af te trek totdat hul wins £100 000 oortref. Verbeel jou, dat die goudmynmaatskappye in hierdie tyd van ongehoorde goudpremies spesiale tegemoetkoming van die staat moet kry soos nog nooit te vore nie. Daar is aanmoediging genoeg vir enorme uitbreiding, al sou die staat 'n aansienlike groter som neem van die geld wat vandag vir meer as twee-derdes oorsee gaan."[92]

Daarom het Nasionaliste dit pertinent in hul toesprake gestel dat die Smeltersregering die volksbelange opgeoffer het om die mynmagnate en aandelespekulante te behaag. Koalisie en same-

---

92. Ibid., p.356.

smelting was nie vir die redding van die volk as geheel nie, maar wel die sogenaamde "georganiseerde geldmag" wat agter dié hele beweging gesit het en die grootste voordeel daaruit behaal het. Hierdie sukses van "Hoggenheimer" is nie te betwyfel as daar op die woorde van genl. Hertzog op 24 Januarie 1933 in die Volksraad gelet word toe hy verklaar het dat die Regering uitvoering aan 'n beleid moet gee "wat berekend is om te belet dat die rowers meer buit met hulle sal meevoer as verhelp kan word." [93]

Op dieselfde datum het min. Pirow verklaar dat die beskerming van die spekulante en die myne "waarskynlik die vernaamste rede is waarom daardie party (die S.A.P.) nou sy heil soek in koalisie." [94] Die Burger is dus oortuig as hy sê dat beide genl. Hertzog en min. Pirow skuldig en mede-verantwoordelik is dat koalisie en samesmelting tot stand gekom het. "Al die lede van die Kabinet verdien blaam omdat die mynmagnate en spekulante miljoene en miljoene meer kon wegvoer as wat verhelp kon word." [95] Hy verklaar verder: "Die kans wat die Nasionale regering hulle nie gegun het nie, het die mynmagnate en die beursspekulante inderdaad van die Smelterregering gekry - die kans om ongehoord reusagtige winste te maak, om hulself te verryk terwyl die volk van Suid-Afrika verarm ....

---

93. Die Burger, 1/11/1934. Hoofartikel.

94. Ibid.

95. Ibid. Vergelyk ook Die Burger, 25/2/1935, 3/5/1938. Hoofartikels.

Vir die mynmagnaat en vir die Empire is die smeltery 'n ongeëwenaarde seën gewees, vir die volk egter 'n ramp."[96]

Dr. D.F. Malan het op die vooraand van die 1938 algemene verkiesing in 'n meesterlike toespraak op Porterville die eensydige welvaart van die land soos volg opgesom: "In plaas daarvan dat die verhoogde inkomste van ons goudmyne gemaak was tot die geleentheid en die middel om ons primêre en sekondêre produksie op 'n gesonde ekonomiese voet te plaas en verder uit te brei, het hierdie magnaat-beheerste Regering toegelaat dat die reeds hoë goudmyn-diwidende meer as verdubbel het, dat daar gevolglik 'n "boom" op die aandelemark veroorsaak is soos Suid-Afrika nog nooit tevore beleef het nie, gepaard met 'n bykans kranksinnige spekulasie; dat parasitiese uitbuiters deur hul manipulasies die geleentheid gekry het om die armer en meer ongekunstelde dele van die volk van hul spaarpennings te beroof ..... Uit hierdie oogpunt beskou het die volk van Suid-Afrika nie ryker geword nie, maar is ons land as gevolg van die kruiperige onderdanigheid van sy Regering aan die Mynbase in werklikheid ontsettend armer gemaak."[97]

Die voorgestelde beleid van die Nasionale Party waarvolgens die goudmyne hoër belas moes word, het noodwendig skerp reaksie van Regeringnuusblaaie uitgelok. So onder andere het

---

96. Die Burger, 5/4/1938, 24/9/1940. Hoofartikels.

97. Die Transvaler, 5/4/1938.

Die Vaderland aangehaal dat dr. Malan nie nog 'n addisionele £10 000 000 belasting uit die myne kan haal nie al staan hy op sy kop. Dit sou dan meebring dat sommige goudmyne dadelik sal moet sluit en dat dié werkverskaffingsgeleenthede prysgegee moet word. "Sonder oordrywing kan verklaar word dat die Randse goudmyne die hoogste belaste bedryf in die wêreld is. Ons daag enige Malan-deskundige uit om die teenoorgestelde te bewys." [98] Die Transvaler het na aanleiding van hierdie berig die standpunt van die Nasionale Party dat die staat tot 'n groter aandeel in die opbrengs van die goudmynnywerheid geregtig is, duidelik uiteengesit. Die waarde van die totale opbrengs van die Transvaalse goudmyne in 1936 het volgens die verslag van die Staatsmyningenieur, £79 487 330 beloop.[99] Die goudpremie wat by hierdie bedrag ingesluit is, dit wil sê die waarde wat aan die goudopbrengs toegevoeg is bloot as gevolg van die handeling van die staat met die afstapping van die goudstandaard, beloop £31 338 21.[100] Die diwidende wat die Transvaalse goudmyne in 1936 uitgekeer het, bedra £17 433 371. Daarenteen is die totale inkomste wat die staat vir die belastingjaar 1936-37 uit die goudmynnywerheid verkry het, ongeveer £14 800 000.[101] Die totale belegging in pro-

98. Die Vaderland, 26/10/1937. Hoofartikel. Vergelyk ook The Friend, 17/5/1935, 17/6/1935. Hoofartikels. 5/3/1938. Laasgenoemde verklaar in 'n berig dat indien die Nasionale Party aan bewind sou kom: "South Africa would be completely bankrupt within a few years."

99. Die Transvaler, 2/11/1937. Hoofartikel.

100. Ibid.

101. Ibid.

duserende goudmyne van Transvaal het in 1936 by die £47 000 000 bedra en die diwidende op hierdie bedrag het gemiddeld 37 persent beloop. Hy voeg daaraan toe dat "indien die staat argumentshalwe selfs 'n verdere £10 000 000 uit die goudmynbedryf moes haal, die diwidende van 1936 sou neerkom op 'n opbrengs van byna 16 persent op die oorspronklike kapitaal belê. Aan die hand van bogenoemde syfers is dit duidelik dat die staat nog heelwat meer van die goudmynbedryf kan invorder sonder om die ontwikkeling van die nywerheid enigsins te skaad." [102]

Die hele optrede en beleid van die Nasionaliste was voortdurend daarop ingestel dat die voorspoed van die goudmyne gebruik moes word om iets blywens tot stand te bring en tot algemene voordeel van die land moet geld. Die grootse invloed en mag van die georganiseerde geldmag, het die vrees by die Nasionaliste laat posvat, dat hierdie besondere groepsbelang die Regering later totaal kan oorheers. Daarom was die voortdurende pleidooie van die Nasionale Party dat die Regering 'n groter aandeel in die mynbelange moes verkry om so 'n gevaar die hoof te kan bied.

Dit was egter nie slegs die oplossing van die landbouvraagstuk en die goudmynwinste wat 'n onoorbrugbare kloof tussen die Regering en die Nasionale Party geplaas het nie, maar ook die vraagstuk hoe die Unie sy buitelandse handel tot beste

---

102. Ibid.

voordeel van Suid-Afrika moet inrig. Om die juiste optrede van die Nasionaliste reg te vertolk, is dit noodsaaklik om kortliks na die Ottawa-ooreenkoms van 1932 te verwys. In hierdie ooreenkoms is bepaal dat daar aan die Britse Ryk en sy Dominiums handelsvoorkeur bo ander lande gegee sal word. Dit moes noodwendig die Unie en veral die Nasionaliste se strewe na ekonomiese onafhanklikheid buite die Britse Ryk geweldig beïnvloed het. Na hierdie ooreenkoms was die Unie ekonomies nouer aan die Britse Ryk vasgeknoop as ooit tevore. G.D. Scholtz merk tereg op: "... daarmee was die strewe van die Nasionale Party om handelsbetrekkinge nie net met die Britse Ryk aan te knoop nie, maar met die hele wêreld, in aansienlike mate prysgegee."[103]

Die druk van die depressiejare wat sou volg, het ook by genl. Hertzog die oortuiging laat posvat dat dit in die ekonomiese belang van die Unie was om binne die Britse Ryk te bly. Daardeur het genl. Hertzog veel nader aan 'n nuwe strewe binne die Britse wêreld beweeg, naamlik om die Britse Statebondslande in 'n nouer en hegte ekonomiese band met Brittanje te verbind.[104]

Die persoon wat hom die sterkste hierteen sou verset het, was dr. N.J. van der Merwe. Vir hom was die versterking van die ekonomiese ryksbande niks anders as die herlewing van

---

103. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.217.

104. F.A. van Jaarsveld., G.D. Scholtz., Die Republiek van Suid-Afrika, pp. 165-166.

imperialisme nie. Slegs as 'n volkome soewereine staat sou Suid-Afrika los van enige ryksverbintenisse ekonomiese reëlings kon tref wat Suid-Afrika se belange bo die van die groter ryksverband sou stel.[105] "Die Unie moes 'n republiek word wat politiek en ekonomies onafhanklik van Brittanje sou staan.[106]

Op handels- en nywerheidsgebied was die Regeringsbeleid nog steeds gefundeer op die "Buy British"-kreet wat Suid-Afrikaanse belange grotendeels oor die hoof gesien het. Kapitaal is nie belê in die ontginning van Suid-Afrikaanse nywerhede wat enigsins kompetisie vir die Britse industrieë sou bring nie.[107] Die buitelandse handel is grotendeels daardeur beïnvloed. In vele gevalle is Ryksgoedere teen hoër pryse gekoop as waarvoor ander lande dit kon lewer, nie omdat die Ryksgoedere van beter kwaliteit was nie, maar bloot uit sentimentsoorwegings.
Die voorbeeld wat mnr. J.J. Haywood in die Volksraad aangehaal het, was 'n sprekende bewys van die voorkeur wat Rykshandel geniet het. Tenders is vir 'n sekere soort van lokomotief gevra. Die Duitse tender was £9 250 per lokomotief en die Britse tender vir dieselfde soort lokomotief was £11 435. Die verskil in prys was dus £2 185.[108] Min. Pirow het ongeag die veel laer Duitse tender, wel veertig van die Engelse lokomotiewe gekoop en £99 000 meer betaal omdat "Great

---

105. Ibid., p.166.

106. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.73.

107. J.H. Coetzee., Verarming en Oorheersing. p.114.

108. Hansard. (Engels). Deel 31. kol. 475.

Britian was such a good client of ours, and that that was why he was placing the order there." [109]

Mnr. Haywood het vergelykende syfers aangehaal wat 'n duidelike beeld van Engeland se in- en uitvoere van en aan Suid-Afrika geskets het. Volgens die verslag van Engeland se Sekretaris van Buitelandse Handel het Engeland in die laaste nege maande van die periode 1932 - 1934 vir 'n totaal van £20 000 000 meer van die ander Dominiums, maar £1 000 000 minder van Suid-Afrika gekoop. [110] Daarenteen het Suid-Afrika vir dieselfde periode vir £8 400 000 van Engeland gekoop, terwyl die ander Dominiums slegs vir £7 100 000 van Engeland gekoop het. [111] Suid-Afrika se Hoë Kommissaris in Brittanje, mnr. C. te Water, het die buitelandse handelstoestand kernagtig opgesom toe hy in 'n persgesprek met Die Burger verklaar het dat: "Indien Brittanje nie genoeg van ons produkte koop in ruil vir die groot aankope wat Suid-Afrika in Brittanje doen nie ..... ons ander buitelandse markte sal moet soek." [112]

Dr. N.J. van der Merwe het gevolglik met die eerste Parlementsitting na samesmelting, sterk standpunt ingeneem teen die gedagte dat die Unie sy buitelandse handel slegs op Brittanje

---

109. Hansard. (Engels). Deel 31. kol. 476

110. Ibid.

111. Ibid.

112. Die Burger, 11/10/1934. Hoofartikel. Vergelyk ook Die Volksblad, 2/10/1934. Hoofartikel.

alleen moes toespits. Hy het onder meer 'n kwaai aanval op die Regeringsbeleid gedoen toe hy verklaar het: "..... ons het hier 'n regering wie se empirekompleks op ekonomiese gebied 'n wesenlike gevaar is vir ons volk in Suid-Afrika ..... Die politiek van imperiale verbroedering wat gevolg word, is 'n voortsetting van 'n beleid waaruit die Nasionale Regering met die grootste gesukkel probeer het om los te kom, ... maar vandag word ons weer meer en meer daaraan vasgeknoop. En dit is 'n beleid wat vir die primêre produsent, afgesien van die myne, ek bedoel veral die produsente van ons vernaamste produkte soos wol, mielies, vrugte en selfs vlees .. dit al meer onmoontlik maak vir hierdie produsente om 'n behoorlike mark te vind in die verskillende lande van die wêreld. Daar is nie die minste twyfel dat die ekonomiese politiek van die huidige Regering aan 'n empirekompleks ly nie ... As ons kyk na die syfers vir uitvoer en invoer na en van Engeland, en dan van die lande wat aangewese lande is vir afset van ons primêre produkte, dan kan ons sien waar hierdie dinge heengaan. Dan is daar geen twyfel dat Suid-Afrika nog in 'n groot mate die melkkoei van Engeland is nie."[113]

Nasionaliste en Nasionale nuusblaaie het herhaaldelik die Regeringsbeleid van voorkeur aan Rykshandel aangeval. Na aanleiding van die boikot van Duitse en Italiaanse produkte verklaar Die Burger: "Italië en Duitsland is die twee lande van die

---

113. Hansard. Deel 25. kol. 3392 - 3393.

Europese vasteland wat groot afsetmoontlikhede vir Suid-Afrikaanse produkte in die vooruitsig gestel het ..... Maar die Smeltersregering het eenvoudig heengegaan en die belange van ons boere op die altaar van Empire-verheerliking gelê. Ons handel met Italië is deur sanksies morsdood gemaak en ons handel met Duitsland het 'n geweldige knou gekry deur die georganiseerde boikot van Duitse goedere wat deur die Regering toegelaat word. En die ergste van alles is dat in albei gevalle dit nie Italië en Duitsland is nie, maar die Suid-Afrikaanse boer wat die gelag moet betaal." [114]

Dit was veral die wolhandel wat ernstig deur hierdie optrede van die Regering geskaad is. Die onvermoë van die Regering om die wolhandel met Duitsland te herstel, is deur Nasionaliste op openbare vergaderings pertinent beklemtoon en daar is op gewys dat die wolpryse met meer as veertig persent gedaal het sedert dié mark met Duitsland opgesê is. "Duitsland wil nie meer van ons koop nie omdat sy goedere in ons land geboikot word en ons wolhandel ly baie daaronder." [115] Die belastingstariewe op die invoer van Duitse goedere was wel ook veel hoër as op dié van goedere uit Engeland ingevoer. Dr. N.J. van der Merwe het die voorkeurbeleid van die Regering insake die wolhandel soos volg omskryf: "Duitsland is een van die

---

114. Die Burger, 4/8/1936. Hoofartikel. Vergelyk ook Die Volksblad, 26/7/1934. Hoofartikel.

115. Die Burger, 14/7/1934. 3/9/1934.

vernaamste kopers van ons wol en as goed uit Duitsland ingevoer word, dan moet vyf persent meer daarop betaal word as op die wolgoed wat uit Engeland ingevoer word ..... Dit is een van die oorsake waarom die wolboer benadeel word."[116] Min. Havenga se antwoord aan dr. Van der Merwe se betoog was slegs: "U praat van dinge waarvan u niks af weet nie."[117] Hierdie niksseggende antwoord was 'n bewys van die magteloosheid waarin die Regering soms verkeer het om selfs teen sy beterwete te handel.

Die Nasionale Party se kritiek op die buitelandse handelsbeleid van die Regering was daarop gemik om aan te toon dat dit nadelig vir Suid-Afrika was om hom grotendeels net op een land, nl. Engeland, toe te spits. In sy herhaalde pleidooie vir die verbreking van die handelsmonopolie wat Engeland ten opsigte van Suid-Afrika geniet, het die Nasionale Party geensins bedoel om 'n monopolie met enige ander land te bewerkstellig nie. Die bedoeling was slegs om die Unie se handel min of meer eweredig oor verskeie lande te versprei en sodoende die ekonomiese selfstandigheid te bevorder.

Handel en Nywerheid

Dit is reeds genoem dat die handel en nywerheid hoofsaaklik in die hande van die Engelssprekendes was en Afrikaans-

---

116. Hansard. Deel 25. kol. 3394.

117. Hansard. Deel 25. kol. 3395.

sprekendes in groot getalle in ondergeskikte posisies werksaam was. A.C. Cilliers merk op dat aan die landbou-ekonomiese kant was die Afrikaners goed verteenwoordig. Op die K.W.V. die Koringraad, die Mielieraad en die Wolraad het Afrikaanssprekendes 'n leidende rol gespeel. Ook in die Assuransiewese, die Yster- en Staal Nywerheid, die Reserwebank en die Landbank het Afrikaanssprekendes die vernaamste poste beklee. [118] Daarenteen in die handelswêreld, het die klein- en veral groothandel meestal in Engelse en Joodse hande berus. Van 35 000 handelslisensies in Kaapland was slegs 7 000 in Afrikaanse hande. [119] Die fabriekswese as vernaamste afdeling van die nywerheid en veral die mynbedryf, was hoofsaaklik onder beheer van Engelse en Joodse kapitaal, in soverre die Staat nie daarby betrokke was nie.

Samevattend is dit dus duidelik dat op die gebied van die handel en nywerheid dit vernaamlik in die winkeliersbesigheid, die fabriekswese en die mynbou is waar die Afrikaanssprekende 'n groot agterstand teenoor die nie-Afrikaanssprekende landsburger gehad het. Van die drie is die fabriekswese en die mynbou verreweg die mees oorwegende. [120] Dit is op laasgenoemde vlak waar Hoggenheimer, die georganiseerde geldmag, so 'n geweldige onnasionale rol vervul het, aldus die Nasiona-

---

118. A.C. Cilliers., Hertzogisme en die Handel. (Pamflet). p.7.

119. Ibid., p.7.

120. Ibid., p.8.

liste. Dr. D.F. Malan het ooreenkomstig in 'n artikel, "Op die Wagtoring" verklaar dat: "Die voortbestaande armblankedom is vir 'n groot gedeelte die tol wat 'n arm volk in 'n ryk land aan Hoggenheimer (die georganiseerde geldmag) betaal .... die boer en die arm man behoort bymekaar ..... en in 'n vernude en verjongde Nasionale Party ..... moet hul ook mekaar vind." [121] "Dit is ons taak om langs die politieke weg en ander weë te sorg dat die Afrikaner sy regmatige aandeel in die enorme rykdom van Suid-Afrika sal kry .... Om homself te handhaaf teen vyandige Joodse en Engelse elemente is dit nodig dat die Afrikaner tot die handelsgebied sal toetree," het adv. J.G. Strijdom op 'n vergadering te Maitland verklaar.[122]

Die doel en strewe van die Nasionale Party het adv. E. Louw mooi saamgevat toe hy opgemerk het: "Te lank reeds het vreemde fortuinsoekers ons land uitgebuit. Die tyd het gekom dat aan Suid-Afrikaners die geleentheid verskaf word om in hul eie land 'n ordelike bestaan te maak. Dit moet die hoofdoel en strewe van die Nasionale Party wees." [123]

Ook op veleriei ander ekonomiese terreine het daar 'n diepgaande verskil tussen die Nasionale Party en die Regering geheers. Nasionaliste het deurgaans vir die oprigting van fa-

---

121. Die Burger, 27/1/1934.

122. Die Burger, 16/4/1937.

123. E.H. Louw-Versameling. P.V.4. Toespraak op Beaufort-Wes, 18 Junie. Koerantberig onbekend.

brieke en nywerhede gepleit om landbouprodukte plaaslik te verwerk om sodoende die geweldige invoer van oorsee te verminder. Die stigting van 'n Staatsbank en 'n eie muntstelsel is ernstig deur hulle bepleit, want die krediet van die land moet gebruik word om in sy eie behoeftes te voorsien en Suid-Afrika se geld moet nie aan waarde verloor deurdat dit aan Brittanje se geldtitel vasgekoppel is nie. 'n Nywerheidsbank moet deur die Regering gestig word wat nyweraars geldelik kan help net soos die Landbank aan boere geld voorskiet om hul boerdery voort te sit. Sedert 1935 het die Nasionale Party die stigting van 'n Sentrale Ekonomiese Raad bepleit, wat tot planmatige ontwikkeling van die rykdomme en vooruitsigte van Suid-Afrika in belang van sy inwoners en werkers moes mee help. Sewe jaar later het die Verenigde Party egter 'n soortgelyke Raad in die lewe geroep.[124]

III. Die Reddingsdaad - Eerste Ekonomiese Volkskongres 1939.

Die ekonomiese posisie van die Afrikaner in die handel en nywerheid was, soos uit voorafgaande bespreking blyk, beslis nie rooskleurig nie. Mev. M. Jansen het by geleentheid die ekonomiese posisie van die arm Afrikaner soos volg opgesom: "Terwyl die Afrikaner met die pik en graaf op ons paaie werk, sweef die uitlander in sy motor verby, die Asiaat staan in sy winkel en die Kaffer ry op sy fiets by sy eertydse baas verby.

---

124. J.D. Jerling-Versameling. P.V. 158. M.D.C. de W. Nel., Nasionalisme in die Krisis. Pamflet. p.9.

Die redding is nodig anders verval ons tot ekonomiese slawerny. Ons Afrikaners moet leer om die helpende hand na ons mede-Afrikaners uit te steek. Die vreemde magte moet gebreek word en dan sal die Afrikaner herstel word in sy eersgeboortereg wat hom ontneem is." [125]

Gedurende die dertigerjare kry ons 'n gestadigde ekonomiese bewuswording van die Afrikaner. Dit was dan ook in hierdie tydvak dat verskeie Afrikanerondernemings die lig gesien het. Afgesien van sy gebrek aan kapitaal, tegniese kennis, sakevernuf, het die Afrikaner spoedig uitgevind dat sy verskyning as sakeman op die ekonomiese terrein nie altyd welkom was nie. In die afwesigheid van individuele ondernemers wat oor die nodige finansiële vermoë, kennis en ervaring beskik het om die sakewêreld te betree, moes daar noodwendig volksondernemings geloods word. Dit wil sê ondernemings wat uit die Afrikanervolk ontstaan het en waarvan hulle die aandeelhouers en ondersteuners was.[126] Die stigting van eie Afrikaanse sake was die vinnigste manier om die Afrikaner as ondernemer eers in die handel self en daarna in die nywerheid en mynbou te loods. In hierdie ekonomiese bewuswording van die Afrikaner het 'n deel van hulle na die koöperatiewe vorm gegryp om daarmee sy

---

125. Die Burger, 25/1/1934.

126. J.A. Hurter., Die Ekonomiese Bewuswording van die Afrikaner. Artikel aangehaal in Die Taalgenoot, Desember 1968. p.13.

regte te verkry, te verower en te behou.[127]

Die leuse: "Die Afrikaanse saak eerste!" het al gaandeweg sterker geword. Adv. E. Louw het die volgende vermaning tot die Afrikanervolk gerig toe hy gewaarsku het: "Die beste vorm van aanmoediging is om mekaar te ondersteun ... Onthou dat 'n suksesvolle Afrikanerbesigheid 'n aanwins is vir die volk en 'n bevordering van die volksaak. Ons Nasionalisme moet ook in die praktyk toegepas word." [128]

Die stigting van Volkskas met 'n aanvangskapitaal van £600 op 3 April 1934, was 'n daadwerklike mobilisasiemiddel vir Afrikanerkapitaal.[129] Soos uit die benaming volkspaarbank afgelei kon word, het die bank se bedrywighede bestaan uit die lewering van volksbankdienste, dit wil sê fasiliteite om op spaar- of depositorekening geld te belê en om aan kliënte paaiementelenings te gee. Afrikaners regdeur die land het hierdie bank as hul eie aangevoel en die groei van takkantore was gevolglik vinnig. W.H. Vatcher merk op: "... Volkskas, the Afrikaner bank, ... has made impressive advances despite competition from the London-dominated Barclays Bank and the Standard Bank which has been the principal South African banking institutions for a number of years." Hy verklaar ook: "English-speaking South Africans insist that its rapid rise has been

---

127. J.J. Bosman., Koöperasie. Artikel aangehaal in Die Volkshandel. Maart 1940. p.5.

128. Die Burger, 22/6/1938.

129. E.D. du Plessis., 'n Volk staan op.... p.90.

the result of devious methods - and that political pressure has been put on churches and even municipalities to transfer funds to Volkskas." [130] Op 15 Julie 1940 is Volkskas ook as handelsbank met 'n opbetaalde kapitaal van £30 000 erken.[131]

Die groei van Afrikaanse ondernemings gedurende 1936-37 is veral deur die stigting van Uniewinkels in Pretoria, Sonop in Bloemfontein en die Voortrekkerpers in Johannesburg gekenmerk.[132]

Die Eeufeesjaar was 'n hoofmoment in die Afrikaner se ekonomiese ontwikkeling. Die jaar 1938 het 'n tydperk van kollektiewe volksoptrede in die Afrikaner se ekonomiese lewe ingelui. Terwyl die Afrikanervolk besig was om fees te vier en om met steeds stygende geesdrif sy hulde aan die voorgeslag te bring, is daar 'n nuwe gedagte by die feesvierende volk gebore. Die vader van hierdie gedagte was die groot volksfiguur dr. J.D. Kestell. Hy het in 'n ernstige pleidooi die versoek tot die volk van Suid-Afrika gerig om die hande saam te snoer in 'n kragtige volksdaad waardeur die volk van verdere verarming en die kinders van die Voortrekkers van ekonomiese ondergang gered kan word. Op 17 Februarie 1938 het hy in 'n toespraak op die Blaaukrans-eeufees uitgeroep: "Ons bring vandag hulde aan 'n voorgeslag en daar is 300 000 van ons eie vlees en

---

130. W.H. Vatcher., White Laager. p.92.

131. E.D. du Plessis., 'n Volk staan op.... p.90.

132. Ibid., p.92. Vergelyk hoofstuk II met betrekking tot die stigting van Die Transvaler.

bloed wat in hopelose armoede versink het. Stoflik, maar ook sedelik en geestelik ..... Die reddingshand moet tot redding uitgestrek word ... Helpmekaar. As hierdie gees van helpmekaar elkeen in besit neem, die hele volk aangryp, dan is die probleem van die armblankedom opgelos." [133] Hierdie reddingsdaadgedagte het weer eens helder weerklink toe "Vader" Kestell in 'n openingsrede by die Vrouemonument te Bloemfontein verklaar het:".... by die Eeufees, waar ons hulde bring aan die Voortrekkers, ons ook bepaald moet dink aan dié wat versonke is..... en daarom moet ons oorgaan tot 'n groot reddingsdaad. Dit moet wees, red mekaar, saamstaan en saamwerk" [134]

Hierdie treffende oproep van dr. J.D. Kestell het 'n weerklank in die hart van alle opregte Afrikaners gevind. Hy was diep bekommerd oor die sinkende deel van die Afrikanervolk en waar die Ossewatrek gekom het om die eenheid en die samehorigheidsgevoel van die Afrikaner te versterk, het hierdie groot volksvader gevoel dat daaruit iets groot gebore moet word. Dit moes 'n reddingsdaad wees wat net soos die "Helpmekaar" in 1915 moet dien om die meer gegoede Afrikaner sy hand na sy armer volksgenoot te laat uitsteek. As middel hiertoe het hy voorgestel, die oprigting van 'n groot fonds, die Reddingsdaadfonds, wat sou dien as wapen in die stryd teen volksver-

---

133. Die Transvaler, 18/2/1938.

134. Die Volksblad, 7/10/1938.

arming en as hulpmiddel in die strewe na ekonomiese self-standigheid. Tydens die besoek van die ossewaens aan Bloemfontein, het by hierdie geleentheid sy oproep soos volg gelui: "Dit is 'n Reddingsdaad. Daar moet ingesamel word nie honderde nie, maar duisende ponde .... Na die oë van ander moet ons nie sien nie. Die volk moet homself red. Na die wat hulp nodig het, moet ons omsien, nie om weldadigheid aan hom te bewys nie, maar om hom te help om homself te red."[135]

Nasionale pleidooie vir bydraes tot die Reddingsdaadfonds het regdeur die land weerklink. Die vinnige groei van die fonds, was 'n klinklare bewys dat die Afrikanervolk dit eens was om die versonke deel van die volk te probeer red. Dr. D.F. Malan het in sy kragtige toespraak en oproep tot eenheid vir volksdiens op 16 Desember 1938 op Bloedrivier die erns, die omvang en die noodlottige gevolge van die armblankevraagstuk vir Suid-Afrika, baie duidelik geskets: "Kan u nog stene gooi na u mede-Afrikaner as u hom vind in die agterbuurt van u groot stede, huis aan huis en soms selfs kamer aan kamer met Kleurlinge en Asiate en stemgeregtigde naturelle en as u sy kind lustig-onskuldig, op straat sien speel in 'n bonte mengeling van alle kleure ... Omdat Afrikaner-armoede nie luidrugtige armoede is nie, maar swygende armoede, het u nie geweet hoe wyd en diep dit was nie .... weet u dit nou." [136] Hy het

---

135. Die Transvaler, 26/10/1938. Hoofartikel. Die Transvaler, 13/12/1938. Vergelyk ook Gedenkboek van die Ossewaens op die Pad van Suid-Afrika uitgegee deur Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging. pp. 384-385.

136. S.W. Pienaar., Glo in u Volk - D.F. Malan as Redenaar. pp. 126-127.

verduidelik dat: "die Afrikaner van vandag wat op die voorposte in die bres moet staan vir sy volk, is van almal die swakste toegerus vir die stryd. Die swaarste las, rus op die swakste skouers." [137]

Die volk as geheel, sou na aanleiding van die diep godsdienstige inslag en beslag van die Trek op die pad van hul voorouers aan die Woord gehoor gee naamlik om die laste van die swakkeres op die sterkeres se skouers te neem en so die hand van hulp en opheffing na sy naaste en volksgenoot uit te steek. A.C. Cilliers merk op: "In sy oorspronklike idee om die gesonke deel van die Afrikanervolk op te help deur 'n groot Reddingsdaad, is die nodige ideologiese agtergrond gevind vir 'n omvattende skema om die posisie van die Afrikaner op alle gebiede te versterk en te konsolideer." [138]

Vir elke provinsie was daar twee trustees vir die "Reddingsdaad" benoem wat die insameling van die fondse beheer het. Hulle was onder meer, Transvaal: Ds. Wm. Nicol en mnr. I.M. Lombaard. Vrystaat: Mnr. H.S. Pellissier en dr. J.F.J. van Rensburg. Kaapland: Mnr. M.S. Louw en dr. T.E. Dönges. Natal: Mnr. C.M. Booysen en dr. P.C. Schoonees.[139] Die belegging van die Fonds is aan 'n liggaam van kuratore toevertrou, wat uit 'n aantal deskundiges op finansiële gebied bestaan het.

---

137. Ibid., p.125.

138. A.C. Cilliers., Pamflet: Hertzogisme en die Handel. p.10.

139. Die Transvaler, 2/2/1939. Vergelyk ook Die Transvaler, 3/2/1939. Hoofartikel.

Die omvattende "Reddingsdaad" wat geloods is, het van die standpunt uitgegaan dat die Afrikaner sy regmatige aandeel in die ekonomiese lewe van die land verloor het. Om hom stoflik te red, moet die verlore terrein herwin word. Die grondgedagtes van die "Reddingsdaad" kan soos volg saamgevat word: (a) Dit is 'n strewe om die Afrikaner ekonomies te versterk deur vir hom 'n groter aandeel in die ekonomiese lewe van Suid-Afrika te verwerf. (b) Dit is geen liefdadigheids- of welsynonderneming nie. Dit beoog nie die uitdeling van aalmoese nie en dit is nie die drenkeling wat dit in die eerste plek probeer red nie, maar wel die stroom self wat dit probeer stuit. (c) Om die Afrikaner ekonomies te versterk was veral nodig: (i) dat sy eie kapitaal in 'n groter mate vir die oprigting en bevordering van eie ondernemings gebruik word; (ii) dat deur die bevordering van spaarsin en spaarkrag steeds meer en meer tot hierdie kapitaal bygedra sal word; (iii) eie koopkrag moet ook meer vir dieselfde doel aangewend word; (iv) dat sy arbeidskrag beskerm., geskool en opgelei word sodat dit met meer doeltreffendheid in handels- en nywerheidsondernemings gebruik kan word; (v) dit wil navorsing op ekonomiese gebied onderneem en deskundige voorligting met betrekking tot die strewe na volkswelvaart verskaf.[140]

---

140. N. Diederichs., Pamflet. Die Reddingsdaadstrewe. p.6.

Na aanleiding van bogenoemde grondgedagtes verklaar J.H. Coetzee soos volg: " 'n Volk kom eers op die weg van werklike welvaart as hy self die gebruik van al sy werklike en potensiële kragte beheer in eie belang." [141]

Die taak van die "Reddingsdaad" was dus een wat nie binne enkele jare afgehandel kon word nie. Dit moes noodwendig 'n langsame proses wees waarvan die toekomstige geslagte eers die volle vrugte sou kon pluk. Die Reddingsdaadfonds was daarom vir Totius 'n Volksofferande en dr. J.D. Kestell het gemaan: "Die Reddingsdaad moet gedurig herhaal word. Ons moet geen oomblik dink dat alles klaar is met die groot poging wat nou aangewend word nie .... en dit om te voorkom dat toestande waaraan ons nou 'n end wil maak, opnuut geskep word." [142] Tot hierdie sienswyse en tot sy nasionale verantwoordelikheid het die Afrikanervolk tydens die Eeufeestrek ontwaak en die Ekonomiese Volkskongres wat 'n jaar na die Eeufees gevolg het. Die Reddingsdaadbeweging het die spyker op die kop geslaan, want nie genesing alleen nie, maar wel voorkoming - daarin het die oplossing van die probleem en die redding van die verarmde deel van die bevolking gelê.

Dr. J.D. Kestell se oproep dat fondse ingesamel word orals waar die ossewaens hul aangedoen het, het ook weerklank in

---

141. J.H. Coetzee., Verarming en Oorheersing. p.128.

142. N. Diederichs., Pamflet. Die Reddingsdaadfonds. Sy doel, vordering en werksaamhede tot op 30 September 1942. p.3.

'n oord gevind waar organisasie en talent saamgetrek sou word wat op die Eerste Ekonomiese Volkskongres sou uitloop. Die Nasionale Kultuurraad het op 'n vergadering in Bloemfontein die volgende besluit geneem: "Die Uitvoerende komitee van die F.A.K. word opgedra om 'n volkskongres by een te roep, waarvan die sentrale tema sal wees "Die Toekoms van die Afrikaner" en dit sal handel oor: (a) Christelike-Nasionale onderwys (b) Rassevraagstukke in Suid-Afrika en (c) Ekonomiese vraagstukke, insluitende die bestryding van die kommunisme." [143] Die begeerte van die Kultuurraad was dat dié kongres op 'n grootse reddingsdaad in belang van die Afrikaner moes uitloop. Die raad het die ekonomiese komitee van die F.A.K. opdrag gegee om 'n praktiese skema uit te werk wat die grootskeepse deelname van die Afrikaner in die handels- en bedryfslewe van Suid-Afrika beoog het en om dit aan die Volkskongres wat in 1939 gehou sou word, voor te lê. Die Nasionale Kultuurraad het ook besluit dat die F.A.K. sal voortgaan om intensiewe propaganda vir die ondersteuning van Afrikaanse ondernemings te maak. Aan die bestuur van die F.A.K. is opgedra om op 'n stelselmatige en grondige wyse pogings aan te wend om die Afrikaanse volksbewussyn kragdadig te laat ontwikkel en te versterk, veral met die oog op die ekonomiese opheffing van die verarmde volksgenote.[144]

---

143. Die Burger, 4/7/1938.

144. Ibid.

In opdrag van die Nasionale Kultuurraad op sy tweede vergadering in Julie 1938, het die ekonomiese komitee van die F.A.K. die Ekonomiese Volkskongres vir 3, 4 en 5 Oktober 1939 in Bloemfontein gereël.[145] Die kongres wat die ekonomiese opheffing van die Afrikanerdom as kernvraagstuk behandel het, is deur etlike honderde afgevaardigdes uit al vier provinsies bygewoon. Dr. J.D. Kestell wat die kongres as beskermheer en vader van die Reddingsdaad geopen het, het in 'n treffende boodskap saamgevat dat: "Ons moet ons oog hou die een op die ander, omdat ons bloed van mekaar se bloed is. Ons behoort aan mekaar,ons, die klein Boerevolk hier in Suid-Afrika, en dit dryf ons uit om toe te snel tot hulp van ons broers en susters wat in die nood is, om hulle te help om hulself te help. Ons doen dit in vaste oortuiging dat ons as volk onsself moet red." [146] Die Burger het dié kongres as die ekonomiese offensief van die Afrikanerdom bestempel. [147]

Ds. Wm. Nicol was die voorsitter: Die ere-voorsitter was: genl. J.J. Pienaar, J.H. Conradie, mev. pres. M.T. Steyn, prof. J.D. du Toit, ds. F.X. Roome, ds. J.J. Prinsloo, ds. A.J. van Wyk, sen. C.A. van Niekerk, ds. W.M. Odendaal en dr. J.F.J. van Rensburg.[148]

---

145. Die Volksblad, 3/10/1939. Die Transvaler, 4/10/1939.

146. Die Transvaler, 4/10/1939.

147. Die Burger, 4/10/1939.

148. E.D. du Plessis., 'n Volk staan op .... p.97.

Die Ekonomiese Kongreskomitee het bestaan uit: prof. L.J. du Plessis (voorsitter), dr. P.J. Meyer (sekretaris), I.M. Lombard, W. van Heerden, dr. H.F. Verwoerd, prof. C.G.W. Schumann, S.H.Pellissier, dr. A.J.R. van Rhyn, dr. A. Hertzog, G. Lotz, prof. J.C. van Rooy, dr. T.E. Dönges, M.S. Louw, J.J. Bosman, prof. G. Cronje, dr. A.J. Stals, H.J. Klopper, J.J. de Kock, R.P. Botha, C.J. Schlebusch, dr. L. Steenkamp en dr. J.R. Albertyn.[149] C.J. Juta merk op dat die persone soos hierbo genoem, die Broederbond op die kongres baie sterk verteenwoordig het.[150]

In sy voorsittersrede het ds. Nicol die gedagte uitgespreek dat: "Ons hoop dat hierdie kongres sal help om die ekonomiese bewustheid van ons volk te wek ..... Die feit is egter dat die Afrikaner nog nie genoeg selfvertroue of vertroue in sy volksgenote op hierdie gebied het nie. Ons volk was so lank afhanklik van ander om sy sake vir hom te bestuur dat dit hom nog steeds ontbreek aan moed en selfvertroue." Hy noem onder meer "Hierdie ekonomiese kongres moet ook help om ons ekonomiese strewe doel en grondslag te gee ... Ons verlang slegs om vir die Afrikaner 'n plekkie, sy regmatige plek in die sakewêreld te vind. Kan iemand ons dit misgun?"[151]

---

149. Ibid. Vergelyk ook DieBurger, 4/10/1939.

150. C.J. Juta., Aspects of Afrikaner Nationalism. p.101. Hy verklaar onder andere dat beide dr. J.D. Kestell en ds. Wm. Nicol "has been Bondsmen of long standing."

151. Die Volksblad, 3/10/1939.

Dr. N.J. van der Merwe het in sy openingsrede kragdadig gepleit dat die kongres tot 'n reddingsdaad moet lei. Dit moet 'n daad wees wat geheel die Afrikanerdom insluit. Voorts het hy ook verwys na die innerlike verdeeldheid van die Afrikanerdom as gevolg van die partypolitieke burgeroorlog wat ook verlammend op die ekonomiese reddingsdaad inwerk. Die volgende referate is ook op die kongres gelewer: (a) Prof. L.J. du Plessis., Die Doel van ons Ekonomiese strewe. (b) Prof. C.G.W. Schumann., Die Huidige Posisie van die Afrikaner op Ekonomiese Gebied. (c) Dr. T.E. Dönges., Die Mobilisering van die Kapitaal- en Spaarkrag van die Afrikaner. (d) M.S. Louw., Die Aanwending van die Kapitaalkrag van die Afrikaner. (e) J.H. van Vuuren., Volksbanke. (f) Dr. G.E.N. Ross., Die Fabriekswese in Suid-Afrika, met Spesiale Verwysing na die Afrikaner se Aandeel Daarin. (g) C.F. de Wet., Die Betekenis van die Koöperatiewe Organisasievorm in Besonder, met betrekking tot die Bankwese. (h) J.J. Bosman., Die Koöperatiewewinkel. (i) J.J. de Kock., Landboukoöperasie. (j) P. Hamersma., Landbousake. (k) D. Mostert., Spaarkragorganisasie. (l) J.G. van der Merwe., Organisasie van Vryetyd en Ontspanning. (m) Dr. H.F. Verwoerd., Verbruikersverenigings. (n) Dr. A. Hertzog., Arbeidsorganisasie.[152]

Die werk van dié Ekonomiese Volkskongres wat as 'n weg-

---

152. E.D. du Plessis., 'n Volk staan op. pp. 103-125.

springplek vir die Afrikaner se ekonomiese stryd gedien het, sou deur 'n Ekonomiese Instituut voortgesit word. Die kongres het op voorstel van prof. L.J. du Plessis eenparig soos volg besluit: "Die kongres dra dit aan die F.A.K. se bestuur op om 'n Ekonomiese Instituut daar te stel om gevolg te gee aan sy besluite en om sodanige verdere stappe te doen as wat hy bevorderlik ag vir die ekonomiese opheffing van die Afrikaner" [153]

Verteenwoordiging in die Ekonomiese Instituut sou aan die F.A.K. se bestuur en sy ekonomiese kommissie gegee word. Hierby sou ook Afrikaanse finansiers, nyweraars, handelaars, landbouers, arbeidsorganisasies, universiteite en die armesorg-organisasies van die Kerk ingesluit word. Die Sekretariaat van die F.A.K. het ook as sodanig vir die Ekonomiese Instituut gedien en laasgenoemde sou jaarliks aan die F.A.K. verslag doen.[154]

Die Volkskongres het ook die volgende aantal besluite geneem wat hier kortliks weergee word:[155]

(a) By die Regering sal aangedring word om meer voorsiening vir grondige tegniese, handels- en vakkundige opleiding van die jeug te maak.

(b) Die kongres spreek homself ten gunste uit vir die organi-

---

153. Die Burger, 6/10/1939. Die Transvaler, 6/10/1939.

154. Ibid. Vergelyk ook Die Volkshandel Maart 1940. p.10.

155. E.D. du Plessis., 'n Volk staan op. pp. 125-133. Vergelyk ook Die Transvaler, 5/10/1939.

sering van die spaarkrag van die Afrikaner en die aanwending van sy kapitaal tot versterking van sy aandeel in die handel en nywerheid. Die stigting van 'n Afrikaanse finansieringsmaatskappy naamlik "Sentrale Volksbeleggings Beperk" is aangeneem. Dit sou Afrikanerkapitaal in die handel en nywerheid bevorder. 'n Beroep is ook op die volk gedoen om hierdie onderneming te steun.

(c) Die kongres het dit as sy mening uitgespreek dat die koöperatiewe beweging vir die algemene ekonomiese en handelsontwikkeling van die land onontbeerlik is. Daarom het hy die stigting van koöperatiewe banke, handelsverenigings sterk bepleit.

(d) Meer aandag moet aan die stigting van Afrikaanse fabrieke geskenk word. Die kongres het dit as wenslik beskou dat doelbewuste pogings aangewend word om die Afrikaanse koopkrag te organiseer deur die stigting van Afrikaanse klein- en groothandelsbesighede hoofsaaklik op koöperatiewe grond. Met die oog hierop sal 'n Afrikaanse Kamer van Koophandel en Nywerheid gestig word.

(d) Die landbouwese moes ook kragdadig tot 'n hegte onderstruktuur en ruggraat van die volkshuishouding opgebou word. Die vraagstuk van die verbandlaste en oorkapitalisasie van nedersettingsgronde, moet deur afdoende maatreëls met regeringsteun opgelos word. 'n Sentrale Ekonomiese Raad moet deur die Staat gestig word om alle ekonomiese bedrywighede te koördineer en rigting in ooreenstemming met 'n vooruit-

strewende landbou- en nywerheidsbeleid te gee. Doeltreffende, koöperasies vir boere moet gestig word en hulle moet in een sterk sentrale koöperatiewe organisasie georganiseer word om voorligting te verskaf. Beheerrade vir 'n doeltreffende bemarkingsbeleid is dringend noodsaaklik om pryse te stabiliseer.

(f) 'n Landswye organisasie van Afrikaner-kopers moet gestig word met die bedoeling om hierdie koopkrag op so 'n wyse aan te wend dat dit die vooruitgang van die Afrikaner op handel- en nywerheidsgebied in Afrikaner- en Afrikaner-gesinde ondernemings sal bevorder.

Na aanleiding van die voorstel wat deur mnr. S.H. Pellissier ingedien is, het die kongres sy dankbaarheid teenoor dr. J.D. Kestell uitgespreek vir sy oproep aan die Afrikanervolk tot 'n reddingsdaad wat die ekonomiese opheffing van die volk beoog het. Daar sou met die opbouing van die Reddingsdaadfonds voortgegaan word totdat daar genoegsame fondse vir die verwesenliking van die ekonomiese strewe van die Afrikaner bymekaargemaak is. 'n Ernstige beroep is ook op die volk gedoen om hierdie groot saak te ondersteun. Dié besluite en aanbevelings van die Kongres was 'n duidelike weerspieëling van die sterk Nasionale grondslag waarop dit berus het.

Met hierdie Eerste Ekonomiese Volkskongres van 1939 was die grondplan van die Afrikaner se toekomstige ekonomiese bouwerk dan geteken. Die bouers moes nou oorneem.[156] Vervolgens het dr. H.F. Verwoerd op 'n latere geleentheid uit-

---

156. Ibid., p.133.

geroep: "Die belangrikste verandering wat moet plaasvind, is dat ons van die knelband van die vreemde geldmag bevry moet word .... ons moet van die baasskap van vreemdes in ons handel en nywerheid los kom."[157]

In opdrag van die F.A.K. en na aanleiding van die besluite van die Ekonomiese Volkskongres het die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. die stigting van 'n omvattende volksorganisasie wat as die Reddingsdaadbond bekend sou staan, goedgekeur. Die organisering daarvan is aan die Ekonomiese Instituut opgedra wat as die voortsettingsorganisasie van die Ekonomiese Volkskongres saamgestel is. Op 12 Februarie 1940 is die eerste tak van die Reddingsdaadbond in Bloemfontein gestig.[158] Dit is deur 'n groot aantal stigtings op ander plekke regdeur die land gevolg. Die Reddingsdaadbond was die eerste organisasie van sy soort wat deur 'n groot volkskongres in die lewe geroep is met die doel om alle Afrikaners tot 'n hegte eenheid saam te snoer ter bevordering van hul kulturele en veral ekonomiese belange. Dr. N. Diedericks wat die eerste hoof-organiseerder van die Bond was, het daarom soos volg verklaar: "Terwyl ons as Afrikaners op baie maniere as gevolg van beroepe, kerklike beskouing, politieke oortuiging, ens. van mekaar geskei is, wil die Reddingsdaadbond alle Afrikaners afgesien van beroep, kerk, politieke party,

---

157. Die Transvaler, 1/4/1940. Toespraak op Klipkoppies.

158. N. Diedericks., Die Reddingsdaadstrewe. Pamflet. p.7. Vergelyk ook Die Volkshandel Maart 1940. p.11.

ens. saamvat tot 'n eenheid ter verwesenliking van ons stoflike en geestelike ideale." [159]

Die Reddingsdaadbond, as 'n volksorganisasie, het duidelik gestel dat hy die konsolidering van die Afrikanerkrag op Christelike Nasionale grondslag beoog ter bevordering van die Afrikanersaak in die algemeen en meer in besonder ter versterking van die aandeel van die Afrikaner in die sakelewe van Suid-Afrika. W.K. Hancock merk tereg op: "The Reddingsdaadbond took shape in close association with the F.A.K. and as an exclusively Nationalist institution."[160]

Die opbouing van die Reddingsdaadfonds is ook aan die Ekonomiese Instituut toevertrou. Die groei en stimilus wat die Reddingsdaadbond aan die ekonomiese ontwaking van die Afrikaner gegee het, blyk duidelik as W.H. Vatcher aanhaal dat: "Throughout South Africa, it has persuaded farmers to pool their money and invest it, with the result that a considerable amount of business has been transferred to Afrikaner control. In 1940, business interests in small South African towns were almost entirely in the hands of Jewish or Englishspeaking South Africans; ten years later a substantial part of them were controlled by Afrikaners." [161]

---

159. Ibid., p.7. Vergelyk ook Die Transvaler, 11/12/1939. 5/9/1940.

160. W.K. Hancock., Smuts, The Fields of Force. p.296.

161. W.H. Vatcher., White Laager. p.94.

Die strewe van die Reddingsdaadbond om die Afrikanervolk bewus te maak van die noodsaaklikheid van ekonomiese self-standigheid sowel as sy konkrete aksies in die verband, het ook die goedkeuring van 'n deel van die Engelssprekende bevolking weggedra. Die Natal Witness het die Bond verwelkom en verklaar: "Die Reddingsdaadbond het 'n groot geleentheid en 'n groot verantwoordelikheid. Ons hoop en glo dat hy sal voortgaan om sy doel en juiste beoefening van landsbestuur te reël op 'n grondslag wat net so opbouend is as wat sy huidige vooruitgang laat verwag, terwille van homself en op voorbeeld aan diegene wat meen dat die politiek gegrond is op woorde en nie op werk nie." [162] Die teendeel was egter ook daar toe mnr. J.S. Marwick (Dominium Party) die Reddingsdaadbond bestempel het as 'n Afrikanerhandelsblok wat gepredik word. Vir hom was dit bloot 'n rasse-ekonomiese beweging.[163] Hier-die verklaring was vir Die Transvaler 'n treurige openbaring van die gees wat teen die Afrikaner geheers het. "Die Engelsman mag adverteer, "Buy British" waarom mag die Afrikaner met soortgelyke sentiment kreet "Koop by Afrikaners" nie ook strewe om homself te bevoordeel nie." [164]

Die besluit van die Ekonomiese Volkskongres dat 'n Sentrale Beleggingsmaatskappy met Afrikanerkapitaal gestig moet word wat moes toesien dat meer Afrikaner winkels, -fabrieke,-bou-genootskappe opgerig word, is met die stigting van Federale

---

162. Natal Witness, datum onbekend, soos aangehaal in Die Volksblad, 7/10/1940.

163. Hansard. Deel 39. kol. 5577.

164. Die Transvaler, 26/4/1940. Hoofartikel.

Volksbeleggings Beperk verwesenlik.[165] Die doelstelling van dié liggaam was, aldus dr. M.S. Louw: "Die finansieringsmaatskappy sal aan die spits staan van die stryd wat voorlê om die Afrikaner sy regmatige aandeel in die handel en nywerheid te besorg. Die doel is om 'n groot deel van die Afrikaner-kapitaal in een maatskappy saam te vat, dit te beveilig deur 'n behoorlike verspreiding van beleggings, dit onder beheer van ervare Afrikaner-handelaars en finansiers te plaas en dit sodoende beskikbaar te stel vir die oprigting en oorname van handels- en nywerheidsondernemings." [166]
Die verklaring het die doel van Afrikanerbesigheid met Afrikanergeld dus baie duidelik gestel. Die Ekonomiese Instituut het ook tot die stigting van Sasbank Beperk, Saambou Permanente Bouvereniging meegewerk. 'n Eie Afrikaanse maandblad, in diens van die Afrikanerstrewe na ekonomiese selfstandigheid, het onder die naam "Volkshandel" in Maart 1940, sy eerste verskyning gemaak. In die eerste uitgawe het die redaksie dit duidelik laat blyk dat die blad hom uitsluitlik op 'n sterk positiewe Afrikaanse standpunt stel.[167]
Gedurende die veertigerjare was die Afrikaner dus slaggereed om sy regmatige aandeel in die handel- en nywerheidswêreld op te eis. Prof. L.J. du Plessis het soos volg verklaar:

---

165. Die Vaderland, 4/10/1939. Die Transvaler, 4/10/1939. Sien die referaat van mnr. M.S. Louw, bestuurder van Sanlam, oor die oprigting van 'n Sentrale Beleggingsmaatskappy.

166. Die Burger, 22/7/1940. Hoofartikel. Vergelyk ook Die Burger, 2/8/1940.

167. Volkshandel Maart 1940. p.2.

"Die doel van ons ekonomiese volksbeweging is nasionaal, selfs Christelik Nasionaal. Ons wil as georganiseerde Afrikanerdom bewus deelneem aan die ekonomiese ontwikkeling van ons land." [168] In hierdie opsig is vier kragtige instrumente vir die uitoefening van die ekonomiese opheffingsprogram gesmee, naamlik die Ekonomiese Instituut, die Reddingsdaadbond, die Reddingsdaadfonds en Federale Volksbeleggingsbeperk. Die grondslag van 'n kragtige ekonomiese nasionalisme was bevestig en daarop sou met rasseskrede voortgebou word. Die besef is baie sterk gevoel dat die Afrikaner hom alleenlik op politieke gebied kan laat geld indien hy ekonomies selfstandig en sterk was. Daar kon ook geen staatkundige vryheid sonder ekonomiese selfstandigheid wees nie en in hierdie stryd het die "Gesuiwerde" Nasionale Party 'n groot bydrae gelewer. Baie jare van harde werk, opoffering en 'n vaste geloof in 'n eie, waardige volksbestaan sou die Afrikanervolk motiveer om sy ekonomiese agterstand uit te wis en die verlore terrein te herwin.

---

168. Die Transvaler, 4/10/1939.

HOOFSTUK V

DIE NASIONALE PARTY EN NASIONALITEITS-VERHOUDINGE

1. Die Nie-Blankevraagstuk.

Die Nasionale Party het hom 'n vrye verenigde Afrikanervolk, geestelik en stoflik welvarend en gesond, ten doel gestel. Dit was egter duidelik dat nóg vryheid, nóg kulturele rykdom of ekonomiese welvaart op die duur moontlik sou wees, tensy ook 'n ander vraagstuk tot 'n suksesvolle einde gevoer word, naamlik die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in Suid-Afrika. Die oplossing van die rassevraagstuk was inderdaad 'n voorvereiste tot die voortbestaan en behoud van die Blanke Christelike beskawing in Suid-Afrika.

As daar van Suid-Afrikaanse rassevraagstukke gepraat word, dan word in die reël allereers aan die Bantoevraagstuk gedink. Margaret Ballinger het tereg verklaar: "All Union politics are Native Affairs." [1] Omdat die Bantoe so 'n geweldige getalleoorwig teenoor die Blanke het, is dit begryplik dat laasgenoemde so sterk op die voorgrond staan. In 1936 het die Suid-Afrikaanse bevolking uit 2 003 857 Blankes, 6 596 689 Naturelle, 219 691 Asiate en 769 661 Kleurlinge bestaan.[2] Van die totale bevolking van 9 589 898 was 7 586 041 Nie-Blankes.[3] Die

---

1. L. Marquard., The Peoples and Policies of South Africa. p. 146.
2. G. Cronje., 'n Tuiste vir die Nageslag - Die Blywende Oplossing van Suid-Afrika se Rassevraagstukke. p.91.
3. Ibid., p.91.

bevolkingsamestelling en die oorwig van die Bantoe word des te sprekender indien daarop gelet word dat die Bantoe in 1936 'n totaal van 68.8 persent van die totale bevolking uitgemaak het, terwyl die Blankes 20.9 persent, die Kleurlinge 8.0 persent en die Asiate 2.3 persent van die bevolking was.[4] Benewens hierdie getalle-oorwig van die Bantoe het die grootskaalse ekonomiese en industriële ontwikkeling wat Suid-Afrika sedert 1934 ondergaan het, meegebring dat duisende Bantoes na die stede gestroom het. Oral het die geroep om meer werkkragte opgeklink en die geloof dat naturelle-arbeid goedkoper as Blanke-arbeid is, het die naturellevraagstuk in direkte verband met die armblankevraagstuk gebring. Dit het op sy beurt ernstige maatskaplike gevolge sowel as 'n bedreiging vir die identiteit van die Blankedom ingehou.[5]

Adv. J.G. Strijdom het die Nasionale beleid in dié verband kernagtig saamgevat: "Ons beleid is kortliks dat die Blanke beskawing in Suid-Afrika gehandhaaf moet word sonder om noodwendig onreg te pleeg teenoor die Nie-Blanke rasse. Om dit te kan doen, moet die Blanke sy heerskappy behou en dit kan alleen gebeur as die Nasionale Party se beleid van skeiding tussen Blank en Nie-Blank op politieke, industriële en sosiale gebied op doeltreffende wyse toegepas word."[6] Volgens Nasionale standpunt, sou daar geen sprake van enige onder-

---

4. Ibid., p.91.

5. Vergelyk die Armblankevraagstuk waar die maatskaplike gevolge bespreek is.

6. Die Transvaler, 1/10/1937. J.G. Strijdom., Artikel, Handhawing van die Blanke Beskawing.

drukking van die Nie-Blanke rasse wees nie, maar sal hulle billik en regverdig behandel word. Daar sal aan die Nie-Blanke alle kanse en geleenthede gebied word om onder voogdy van die Blanke op hul eie terreine en in Naturellereserwes ooreenkomstig hul natuurlike aanleg en aard te ontwikkel.[7]

A. Naturellewetgewing: Naturelleverteenwoordigingswetsontwerp en Naturelletrust- en -grondwetsontwerp 1936.

Om die verskil van opvatting tussen die Nasionale Party en die Verenigde Party ten opsigte van die Bantoevraagstuk na behore te verstaan, is dit nodig om verder terug te gryp. Onmiddellik na sy bewindsaanvaarding in 1924 het genl. Hertzog sy volle aandag aan die bevolkingsvraagstukke gegee en dadelik 'n aanvang met die formulering van sy naturellebeleid gemaak. Op 13 November 1925 het hy op 'n vergadering te Smithfield vir die eerste maal 'n uiteensetting van sy breë naturellebeleid gegee.[8] Sy beleid het kortliks daarop neergekom dat die Kleurlinge dieselfde politieke voorregte as die Blanke sou geniet, dat die stemgeregtigde naturelle in Kaapland op 'n aparte kieserslys geplaas sou word, dat hul eie verteenwoordigers in die Volksraad en Senaat sou kies, en dat 'n Verteenwoordigende Naturelleraad gestig sou word. Ook sou daar vir die aankoop van grond vir die Bantoe in sekere gebiede voorsiening gemaak word.[9]

---

7. Ibid.

8. B.S. van As., Enkele Beskouings oor die Naturellebeleid van wyle Generaal J.B.M. Hertzog. p.184. Aangehaal in Gedenkboek: Generaal J.B.M. Hertzog; onder redaksie van P.J. Nienaber.

9. Ibid., pp. 184-186. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. pp. 363-364. O. Pirow., James Barry Munnik Hertzog. p.197.

In die jare 1926 - 1935 het genl. Hertzog 'n onafgebroke stryd binne en buite die Parlement gevoer om die teenstanders van sy segregasiegedagte te probeer oortuig dat sodanige beleid die enigste moontlike en regverdige oplossing vir die naturellevraagstuk is.

Genl. Hertzog het in 1929, ooreenkomstig die bepalings van die Grondwet, 'n gesamentlike sitting van die twee Huise van die Parlement laat byeenroep. Hy het twee wetsontwerpe, naamlik dié op Naturelleverteenwoordiging en Kleurlingkiesreg ingedien.[10] Dit het hom egter nie geluk om 'n twee-derde meerderheid te verkry soos deur die konstitusie voorgeskryf is nie. Tydens hierdie debat het genl. Hertzog met die bitterste opposisie van die kant van genl. Smuts te doen gekry. A. Paton merk op: "In 1929, it was Smuts who has prevented Hertzog from securing the two-thirds majority which was necessary before the franchise enjoyed by Africans in the Cape could be altered."[11] Oswald Pirow se verklaring vir genl. Smuts se teenkanting teen genl. Hertzog se beleid om afskaffing van die Nie-Blanke stemreg was dat die Nie-Blankes oorwegend Smutsondersteuners was. "In fact General Smuts had no native policy and was a little interested in political rights of natives as the Man in the Moon ..... After Fusion and the

---

10. Generaal Hertzog se Bolmakiesie-Naturelle Behou stemreg. Pamflet. Uitgegee deur Federale Raad van die Nasionale Party.

11. A. Paton., South African Tragedy - The Life and Times of Jan Hofmeyr. p.168. Vergelyk ook W.K. Hancock., Smuts The Field of Force, p.259., wat verklaar: "Within strictly defined limits, Smuts personally had been their champion."

splitting of the National Party he was no longer interested in the native vote. It has served its purpose and could therefore disappear." [12]

In 1930 is 'n Gesamentlike Komitee bestaande uit Volksraadslede en Senatore onder leiding van genl. Hertzog aangestel om 'n oplossing vir die naturellevraagstuk te probeer uitwerk. Hulle het tot 1935 aan die plan gewerk.[13]

Dit was vir genl. Hertzog nou baie duidelik dat sy beleid van segregasie slegs verwesenlik kon word deur die maksimum samewerking van die Blankes in Suid-Afrika en dit sou hy slegs kon verkry deur koalisie tussen die twee groot partye.[14] Dit sou hom in staat stel om die eerste stap in hierdie rigting te neem, naamlik die verkryging van 'n twee-derde meerderheid in die Parlement om die Kaapse Bantoe op 'n aparte kieserslys te plaas.

Die onderhandelings wat koalisie voorafgegaan het, het herhaaldelik gedreig om te misluk omrede genl. Smuts volstrek geweier het dat die naturellestemreg afgeskaf word. "In 1933, it was Smuts who nearly brought the coalition negotiations to an end because he would not consent to the abolition of the Cape African franchise. It was eventually agreed that the whole matter would be decided after coalition," [15] verklaar Alan Paton.

---

12. O. Pirow., J.B.M. Hertzog. p.192-199. Vergelyk ook F.S. Crafford., Jan Smuts: 'n Biografie. p.300.

13. J.J. Haywood., Pamflet, Naturellesake. p.2 aangehaal in M.P.A. Malan-versameling. P.V. 34.

14. Vergelyk hoofstuk I in die verband.

15. A. Paton., South African Tragedy. p.168. Vergelyk ook O. Pirow., J.B.M. Hertzog. p.199.

Artikel ses van die koalisieooreenkoms het dan ook bepaal dat: " 'n Ernstige poging sal aangewend word om 'n bevredigende oplossing te verkry van die Naturellevraagstuk langs 'n weg wat, sonder om die Naturel sy reg van ontwikkeling te ontneem, die vereistes van die Blanke beskawing op die voorgrond stel en voorsiening maak vir aparte politieke verteenwoordiging van wit en swart. Met hierdie doel sal die beraadslaging van die Gesamentlike Gekose Komitee oor verteenwoordiging van Naturelle ens. bespoedig word ten einde die nodige wetgewing so spoedig moontlik voor die Parlement te bring."[16] Hiervolgens was dit duidelik dat daar tussen genls. Hertzog en Smuts geen eenstemmigheid oor die naturellevraagstuk was nie. Daarom verklaar W.K. Hancock: "The promise merely to make an "earnest effort" registered a check to Hertzog, but the specification of its direction gave him cause to hope that the check would prove temporary."[17] Deur middel van uiteindelike samesmelting van die twee partye, het genl. Hertzog gehoop dat die aanname van die Wetsontwerp op Naturelleverteenwoordiging moontlik gemaak sal word.[18]

Na samesmelting het die verskil tussen die "Gesuiwerde" Nasionale Party en die Verenigde Party oor die oplossing van die naturellevraagstuk steeds groter geword. Die sogenaamde "Gesuiwerdes" het die mening gehuldig dat die kiesreg van die Bantoe weggeneem moes word, dat die Kleurlinge op aparte

---

16. Vergelyk hoofstuk I, voetnote 11.

17. W.K. Hancock., Smuts, The Fields of Force. p.251.

18. F.S. Crafford., Jan Smuts. p.300. Vergelyk ook D.W. Kruger., The Making of a Nation. p.175.

kieserslyste moes kom en dat daar nie groot bedrae aan die aankoop van grond vir die Bantoe bestee moes word nie.[19] Dr. Malan het reeds in 1932, dus voor koalisie, op die Kaaplandse Kongres van die Nasionale Party voorgestel dat aan die Kaaplandse Kleurlinge aparte politieke verteenwoordiging verleen moet word. Die kongres het die voorstel aanvaar en na samesmelting was dit nog steeds die beleid van die Nasionale Party.[20] In teenstelling hiermee was die beleid van die Verenigde Party om beide Blankes en Kleurlinge op dieselfde kieserslys te plaas.[21] Binne Verenigde Party-geledere was daar groot verdeeldheid oor dié vraag. Daar was diegene wat teen die wegneem van die Bantoekiesreg was en wat slegs bereid was om hulle op aparte kieserslyste te plaas sodat hulle hul eie verteenwoordigers vir die Parlement kon aanwys. Daar was ook diegene wat dit met die Nasionaliste eens was dat die kiesreg van die Bantoe heeltemal weggeneem moet word en hulle was ook voorstanders vir die grootskaalse aankope van grond vir die naturelle.[22] Daarenteen was hierdie groep teen die wegneem van die stemreg van die Kleurlinge. Dit was dan die agtergrond waarteen die stryd gesien moet word wat in 1936 tussen die Nasionale Party en die Verenigde Party in verband met die oplossing van die naturellevraagstuk ontbrand het.

---

19. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.364.
20. Die Burger, 27/1/1936. Hoofartikel.
21. Ibid.
22. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.364.

In April 1935, dit wil sê na samesmelting van die twee partye, het die Gesamentlike Komitee wat reeds in 1930 aangestel is, verslag gedoen.[23] Twee Konsepwetsontwerpe is deur die Komitee opgestel, naamlik 'n Naturelle Trust- en -grondwetsontwerp en 'n wetsontwerp op Naturelleverteenwoordiging.[24] Die Komitee het in sy verslag voorgestel dat naturellestemreg afgeskaf moet word en dat geen Naturelle meer as kiesers geregistreer mag word nie, behalwe die 11 000 Naturelle wat reeds op die gemeenskaplike kieserslys was.[25] Die voorstel dat die naturellestemreg afgeskaf word en om die Naturelle in die toekoms van hul stemreg te onteien, het veral van die kant van ministers J.C. Smuts, J.H. Hofmeyr en R. Stuttaford en sen. F.S. Malan sterk teenstand uitgelok. Sen. Malan en min. Stuttaford het selfs daarop aangedring dat die naturellestemreg na die ander provinsies uitgebrei moet word.[26] Die Komitee het met vyftien teen agt stemme ten gunste van die afskaffing van die naturellestemreg besluit. Adv. Patrick Duncan het ook ten gunste hiervan besluit.[27]

Die bevindinge van die Komitee was, aldus D.W. Kruger, "a great disappointment for, in regard to the vital question of the Cape Bantu franchise, it still revealed the old differences

---

23. Vergelyk voetnote 13.

24. C.M. van der Heever., Generaal J.B.M. Hertzog. p.660.

25. J.J. Haywood., Naturellesake. p.3.

26. Die Volksblad, 13/1/1936. Hoofartikel. Vergelyk ook D.W. Kruger., The Making of a Nation. p.175. Dr. N.J. van der Merwe het in 'n vlugskrif, Waarskuwing teen Party wat huigel met Kafferboeties, na aanleiding hiervan onder meer opgemerk: "Samesmelting het niks gedoen om hul van hart te laat verander nie en daar sit nog baie ander in dieselfde party wat saam met hulle stem."

27. A. Paton., South African Tragedy. p.168.

between the opposing schools of thought." [28] G.D. Scholtz verklaar hieroor: "Genl. Hertzog se strewe om die Bantoe-vraagstuk op te los het 'n stryd oor die kiesreg geword en niks meer nie. Daarin lê dan ook die kiem van die mislukking van sy beleid." [29]

Na die amptelike bekendmaking van die Gesamentlike Komitee se bevindinge is naturellemening oor die wetsontwerpe vrylik uitgespreek en deur die Regering ingewin. Op 16 Desember 1935 het prof. D.D.T. Jabavu 'n "All African Convention" in Bloemfontein gereël ter oorweging van die 1935-verslag van die Gekose Komitee.[30] Die konvensie van sowat 400 afgevaardigdes het politieke segregasie verwerp en 'n beleid "based on the principle of partnership" voorgestel.[31] Die konvensie het ook versoek dat óf die Kaaplandse naturellestemreg na die ander provinsies uitgebrei word, óf dat die voorgestelde wetontwerpe teruggetrek moes word. B.S. van As merk onder andere op: "Hertzog het terloops hierdie versoek as 'n ultimatum beskou en dit later, voor blanke gehore, ten gunste van sy wetsontwerpe uitgebuit."[32]

Naturellekonferensies het gedurende 1935 in talle dorpe en stede

---

28. D.W. Kruger., The Making of a Nation. p.175.

29. G.D. Scholtz., 'n Swart Suid-Afrika. p.52.

30. B.S. van As., Die Naturellebeleid van generaal Hertzog. p. 196. Vergelyk ook C.M. Tatz., Shadow and Substance in South Africa - A Study in Land and Franchise Policies Affecting Africans. 1910-1960. pp.75-76.

31. Ibid., p.196. Vergelyk ook P.S. Joshi., The Tyranny of Colour. pp.24-25. A. Paton., South African Tragedy. p. 170.

32. Ibid., p.196.

vergader om die inhoud van die twee wetsontwerpe te bespreek. Verskeie vlugskrifte is by duisende oor die land versprei waarin die openbare mening teen die afskaffing van die naturellestem opgesweep is.[33]

Die twee wetsontwerpe, naamlik die Naturelleverteenwoordigingswetsontwerp en die Naturelle Trust-en -grondwetsontwerp is in Februarie 1936 by die Parlement ingedien. Nog eens is beklemtoon dat die twee wetsontwerpe 'n eenheid vorm en dat altwee aangeneem moet word of albei verwerp moet word. Genl. Hertzog was nou klaarblyklik vasbeslote om die naturellevraagstuk, waarmee hy sedert 1925 besig was, finaal af te handel, "'n modus operandi moes gevind word om die toekomsverhoudinge te bestendig." [34]

Op Vrydag 14 Februarie 1936 het genl. Hertzog in die Verenigde Vergadering van albei Huise van die Parlement verlof gevra, "vir die indiening van 'n wetsontwerp om die registrasie as kiesers vir die Parlement of 'n provinsiale raad van Naturelle wat nog nie so geregistreer is nie, te verbied; om besondere voorsiening te maak vir die verteenwoordiging van Naturelle in die Senaat en in die Provinsiale Raad van die Provinsie Kaap die Goeie Hoop; om 'n Naturelle Verteenwoordigende Raad vir die Unie in te stel en om sy werksaamhede te bepaal; ..." [35]

---

33. J.J. Haywood., Naturellesake. p.3.

34. B.S. van As., Die Naturellebeleid van generaal Hertzog. p. 197.

35. Verenigde Vergadering van albei Huise van die Parlement, 13 Februarie tot 7 April 1936. kol. 5.

Kol.-kmdt. Collins het genl. Hertzog se voorstel gesekondeer.[36]

In hoofsaak het hierdie wetsontwerp die verdere registrasie van Naturelle verbied wat nog nie as kiesers vir die Parlement of die Provinsiale Rade geregistreer is nie. Die bedoeling was dat die stemreg van die Bantoe in Kaapland ontneem sal word, met die uitsondering dat die ongeveer 11 000 Naturelle wat reeds op die Kaaplandse kieserslys is, daarop sal bly tot hul dood.[37]

Vir hierdie wetsontwerp was daar meer as 'n twee-derde meerderheid te vinde.[38] Hierdie was 'n maatreël wat die heelhartige ondersteuning van die Nasionaliste geniet het, maar 'n maatreël wat met die beskouinge van sommige lede van die Verenigde Party wat die naturellestemreg in Kaapland wou behou, ernstig gebots het.

Mnr. C.W.A. Coulter het 'n teenvoorstel ingedien dat die voorgestelde wetgewing eers voldoende aan die volk bekend gemaak moet word en daarna aan die Unie-naturellekongres kragtens Wet nommer 23 van 1920, voorgelê moet word.[39] Hy is in sy betoog grootliks ondersteun deur mnre. M. Alexander, R.W. Bowen, J. Chalmers, R.M. Christopher, J.G. Derbyshire, F.S. Malan, C.F. Stallard, S.F. Waterson, J.S. Marwick.[40] Mnr. Coulter se teenvoorstel is egter met

---

36. Ibid.
37. Genl. Hertzog se Bolmakiesie..... p.3.
38. Ibid., p.3.
39. Verenigde Vergadering ..... kol. 5.
40. Ibid., kol. 5-47.

128 teenoor 11 stemme verwerp.[41]

Die druk wat genl.Smuts en 'n paar oud-Suid-Afrikaanse Partylede op genl. Hertzog uitgeoefen het, het vir hom te sterk geword en hy was genoodsaak om die gemelde wetsontwerp terug te trek. Dr. A.J.R. van Rhyn, hoofredakteur van Die Volksblad skryf soos volg: "Net wat ons gevrees het, het gebeur. Genl. Hertzog het geswig voor die Kafferboeties in sy eie party."[42] P.S. Joshi merk op: "Meanwhile a fire was smouldering against the Bill. Even General Smuts and ..... Mr. Hofmeyr, along with the members of the Cape Province were against the disfranchisement of the natives. The position now was that, if General Hertzog insisted on it, the Bill would not get the requisite two-thirds majority at the time of its second reading and it would be dropped. The Government members found a new way out of this impasse. General Hertzog decided to replace the first Bill by another."[43] Die moontlikheid om 'n skeuring in sy eie partygeledere te verhoed, het genl. Hertzog laat besluit om van sy oorspronklike wetsontwerp af te sien.

Groot was die verbasing van die Nasionaliste toe genl. Hertzog op 17 Februarie 'n gewysigde wetsontwerp op Naturelleverteen-

---

41. Ibid., kol. 47.

42. Die Volksblad, 18/2/1936. Hoofartikel. Genl. Hertzog se Bolmakiesie..... p.3. Vergelyk ook A. Paton., South African Tragedy. p.170. D.W. Kruger., The Age of the Generals. p.171. Die Burger, 18/2/1936. Hoofartikel.

43. P.S. Joshi., The Tyranny of Colour. p.25.

woordiging by die Verenigde Vergadering ingedien het. Hierdie gewysigde wetsontwerp het al die bepalings van die vorige wetsontwerp behou, maar het daaraan toegevoeg dat die Naturelle in die Kaapprovinsie hulle politieke regte sal behou deur as kiesers op 'n afsonderlike kieserslys geregistreer te word, "waarop Naturelle ook geregistreer sal word wat in die toekoms die nodige kwalifikasies sal verwerf."[44] Die Kaaplandse naturellekiesers sou ook geregtig wees om drie blanke lede as naturelleverteenwoordigers vir die Volksraad en vier lede vir die Senaat en twee vir die Provinsiale Raad te kies. 'n Naturelleverteenwoordigende Raad van twee-en-twintig lede sal in die lewe geroep word. Laasgenoemde sou as raadgewers vir die naturelleverteenwoordigers in die Parlement optree.[45]

Hierdie onverwagte wysiging deur genl. Hertzog van sy oorspronklike naturelleverteenwoordigings-wetsontwerp het baie skerp reaksie van die kant van die Nasionaliste, binne sowel as buite die Volksraad, uitgelok. Oor hierdie nuwe verwaterde wetsontwerp het die Redakteur van Die Burger in 'n hoofartikel soos volg geskryf: "Weer eens het die Unionistiese seksie binne daardie party voorgeskryf wat die party se houding sal wees. Al die aanduidings was daar dat die nodige meerderheid gevind sou word vir die wetsontwerp soos verlede week

---

44. Verenigde Vergadering ..... kol. 49.

45. Ibid. Vergelyk ook J.J. Haywood., Naturellesake. p.8.

deur die Eerste Minister ingedien."[46]

Dr. Malan het op 19 Februarie 'n voorstel ingedien dat ook die Kaapse Kleurlinge, soos die Naturelle, op 'n aparte kieserslys geplaas moet word.[47] Dit was 'n voorstel wat die goedkeuring van al die Nasionaliste weggedra het. Die saamgroepering van Blankes en Kleurlinge op een kieserslys is deur 'n groot meerderheid van die blanke kiesers afgekeur.[48] Dr. Malan se voorstel is egter met 136 teen 22 stemme verwerp.[49] Algehele politieke segregasie soos deur die Nasionale Party voorgestaan, het dus geen kans op sukses gehad nie.

Dr. N.J. van der Merwe het hierdie voorstel van dr. Malan gesekondeer en dit betreur dat "die Eerste Minister weggehardloop het van die eerste wetsontwerp ten gevolge van politieke pressie wat op hom uitgeoefen is." Hy het vervolg: "Daarop wil ek met nadruk sê dat die rede waarom ons hierdie soort wetgewing wat 'n kleurlyn beoog, indien, tog uit gronde daarvan is dat die vrees in die land bestaan dat, as ons hierdie vraagstuk nie langs hierdie lyn oplos nie, dit die voortbestaan van die Blanke ras as sodanig in Suid-Afrika in gevaar sal stel. Dit is 'n stryd om die selfbehoud van die Blanke ras in Suid-Afrika. Dit is nie 'n stryd om die

---

46. Die Burger, 24/2/1936, 18/2/1936. Hoofartikels. Die Volksblad, 18/2/1936. Hoofartikel.

47. Verenigde Vergadering ..... kol. 51-53.

48. Die Burger, 20/2/1936. Hoofartikel. Die Volksblad, 25/2/1936. Hoofartikel.

49. Verenigde Vergadering ..... kol. 146.

naturel te verdruk nie of om die kleurling die voet om die nek te sit nie, maar dit is 'n stryd om die bestaan van die Blanke ras in Suid-Afrika te handhaaf. Daar word gevoel dat as daar eenmaal politieke gelykstelling is, dit nie daar sal bly nie. Dit sal verder gaan en deurwerk op ekonomiese gebied en sosiale gebied .... kry jy later vermenging van bloed en die ondergang van die Blanke ras." [50] Na aanleiding van hierdie verklaring van dr. N.J. van der Merwe maak C.M. Tatz die volgende opmerking: "The circular, argument, that political equality meant social equality, which meant miscegenation, had become proverbial in the context of Native policy..... it became an excellent medium and instrument for maintaining White supremacy. In this instance it served the Opposition with a useful pretext for differing from Government policy."[51]

Genl. Hertzog het op 25 Februarie met die tweede lesing van dié wetsontwerp erken dat: "Die eerste wetsontwerp wat ek op die tafel gelê het, wys aan wat ons beskou as wat wenslik sou wees om aan te neem, verkiesbaar bo wat ons vandag het." [52] Hy het sy nuwe wetsontwerp veral op drie gronde geregverdig: "(a) die publiek en die Naturelle het hierdie wysiging verlang; (b) hy wou die wetsontwerp met die groots moontlike steun van sowel Blankes as Naturelle deur-

---

50. Verenigde Vergadering ..... kol. 60-61.

51. C.M. Tatz., Shadow and Substance in South Africa. p.76 Vergelyk ook O. Pirow., J.B.M. Hertzog. p.199, wat soos volg aanhaal: "Once the Native Legislation was on the Statute Book, it became one of their favourite targets for carping crititism."

52. Verenigde Vergadering ..... kol. 156-157.

voer en sodoende die kern van die "naturellevraagstuk" op die grootste, die beste wyse probeer oplos; (c) indien hierdie toegewing nie gemaak is nie, sou die Blanke bevolking in twee geskeur het. Hieraan kan toegevoeg word dat genl. Hertzog daarvan bewus was dat hy deur hierdie toegewing niks kon verloor nie, maar sy lank gekoesterde ideaal trouens veel nader aan verwesenliking kon bring."[53]

Die Nasionale Party het in die Paarl 'n groot protesvergadering gereël om aan hul misnoeë oor genl. Hertzog se tweede wetsontwerp uiting te gee. Die vergadering is toegespreek deur dr. D.F. Malan, dr. N.J. van der Merwe en adv. J.G. Strijdom.

Dr. Malan het in sy redevoering aangetoon dat die twee ideale waarvoor die Nasionale Party gestaan het, naamlik dat die Naturelle se stem vir die Volksraad moet verdwyn en dat die Kleurlinge aparte verteenwoordiging moet kry, deur genl. Hertzog se tweede wetsontwerp prysgegee is. "Pleks dat koalisie en samesmelting party-politieke oorweging uitgeskakel het in die behandeling van die vraagstuk, het genl. Hertzog nou die voorbeeld van genl. Smuts gevolg. Hy het begin dink aan die eenheid van sy Smeltersparty. Daar is al tien, vyftien barste en hy wil nie nog meer hê nie, aangesien dit kan lei tot 'n ineenstorting of 'n reoriëntasie van partye".[54]

---

53. B.S. van As., Die Naturellebeleid van generaal Hertzog. pp. 200-201. Vergelyk ook Die Burger, 5/3/1936. Hoofartikel.

54. Die Burger, 26/2/1936.

Dr. Van der Merwe, wat hom sterk oor dié verandering van front uitgespreek het, het gesê dat as die land ooit 'n voorbeeld gehad het van 'n politikus wat chaos geskep het, dan het dit nou. Die klag wat hy teen genl. Hertzog gelê het, was dat laasgenoemde die naturellevraagstuk nie as 'n staatsman, maar wel as partypolitikus aangepak het. "Aan hierdie onsmaaklike produk sal die volk kan oordeel oor die politieke set van koalisie en samesmelting. Die strydkreet van samesmelting in die binneland was om die Naturel en die Kleurling op sy plek te sit. Wat het gebeur? Die kleurvraagstuk is nie aangeraak nie en die oplossing van die naturellevraagstuk is nie uitgestel nie, maar verongeluk. Die daad wat nou gepleeg is dra al die tekens van 'n politieke set, sonder die blik wat gevestig is op die belang van die volk as geheel." [55]

Adv. J.G. Strijdom het in sy verklaring beklemtoon dat genl. Hertzog deur genl. Smuts uitoorlê was. Genl. Smuts, was volgens hom, die man wat agter die agitasie teen en die mislukking van die oorspronklike wetsontwerp gesit het. "Al wat die wetsontwerp doen, is om die naturellestem in beperkte kring te beteuel. As dit hierby gelaat word, is dit geen oplossing van die naturellevraagstuk nie." [56]

Die vergadering het ten besluite 'n eenparige mosie aanvaar, waardeur die nuwe wetsontwerp ten sterkste afgekeur is om-

---

55. Ibid.

56. Ibid.

dat (a) dit 'n repudiasie is van die segregasiebeleid ten opsigte van die naturellestemreg; (b) omdat dit geen oplossing van die bestaande ongerymdhede in verband met die naturellestemreg bevat nie en die deur vir verdere agitasie vir die uitbreiding van die stemreg na die ander provinsies daardeur oopgelaat; (c) omdat dit klaarblyklik deur party-politieke oorwegings gemotiveer is en (d) die vergadering spreek sy leedwese daaroor uit dat die Eerste Minister ook afgesien het van die beginsels wat nog steeds die kardinale punt in sy en die Nasionale Party se segregasiebeleid was, naamlik die vraagstuk van die naturellestemreg en dié van die kleurlingstemreg wat van mekaar afhanklik en onafskeidbaar aan mekaar verbonde is.[57]

Na aanleiding van bogenoemde verklarings en uitsprake maak C.M. Tatz die volgende interessante opmerking: "In principle the non-White policy of the two groups was identical: the political circumstances of the time made it necessary to differ in detail in order to demonstrate their dissimilarity."[58]

Genl. Hertzog se biograaf, C.M. van den Heever, het ook sy sterk afkeur teenoor dr. Malan en die Nasionaliste uitgespreek oor die houding wat hulle teen genl. Hertzog se tweede wetsontwerp ingeneem het. "Dit was te betreure dat na al die gesukkel wat genl. Hertzog gehad het om eindelik sy wetsontwerpe aangeneem te kry, die party-politiek weer sy

---

57. Ibid.

58. C.M. Tatz., Shadow and Substance in South Africa. p.76.

skadu oor alles sou werp - hierdie keer egter van die kant van dr. Malan se volgelinge, wat vroeër ook alles in hulle vermoë gedoen het om dit aangeneem te kry."[59] Pirow verklaar hieroor: "The fact that it was Hertzog who proposed the Bills was enough to arouse their antagonism."[60]

Hierdie siening van laasgenoemdes is onteenseglik eensydig. Dit was nie die werklike motief vir die optrede van die Nasionaliste nie. Die kern van die naturellevraagstuk was volgens hulle die kwessie van die naturelle- en kleurlingstemreg. Dit was nie in die eerste plek die kiesreg van die Bantoe wat soos genl. Hertzog beweer het soos 'n swaard oor die hoofde van die Blankes gehang het nie, maar die Nie-Blanke se getalsterkte. 'n Strewe tot die oplossing van die naturellevraagstuk moet as vernaamste doel hê om algehele skeiding tussen Blank en Nie-Blank te bewerkstellig, want daarin alleen lê die behoud van die blanke beskawing. Die Burger het vervolgens in 'n hoofartikel verklaar: "'n Halwe eier is beter as 'n leë dop. As ons moet kies tussen die voortbestaan van die huidige stelsel van naturellestemreg aan die een kant en genl. Hertzog se nuutste wetsontwerp aan die ander kant, kies ons laasgenoemde. Dan maak ons egter geen illusies dat die politieke sy van die naturellevraagstuk daarmee opgelos is nie; dit is alleen vir 'n aan-

---

59. C.M. van den Heever., Generaal J.B.M. Hertzog. p.661.

60. O. Pirow., J.B.M. Hertzog. p.199.

tal jare minder ernstig gemaak."[61]

Nieteenstaande die aanvalle van die Nasionaliste op die wetsontwerp, tydens die tweede lesing, het adv. Swart as sweep van die Nasionale Party aan genl. Hertzog die versekering gegee dat hulle wel vir die wetsontwerp sou stem, want dit was ten minste 'n verbetering op die bestaande toestand.[62]

Op 4 Maart 1936 is daar met 131 teen 11 stemme ten gunste van die wetsontwerp besluit.[63]

Uiteindelik op 6 April 1936 is die kroon op genl. Hertzog se werk geplaas toe die wetsontwerp op naturelleverteenwoordiging met 'n twee-derde meerderheid in die derde lesing aangeneem is. Die uitslag was 168 stemme ten gunste van die wetsontwerp en 11 stemme daarteen.[64] F.S. Crafford verklaar tereg: "Hertzog kon dus op sy sewentigste verjaardag met bevrediging die verwesenliking aanskou van wat hy meer as tien jaar lank nagestreef het in verband met die vraagstuk van naturelleverteenwoordiging."[65]

Opmerklik was dat genl. Smuts en die meerderheid van die Verenigde Party vir die wetsontwerp gestem het. Die ou Kaapse "liberaliste" onder meer mnr. J.H. Hofmeyr en sen. F.S. Malan het nie hul steun hieraan toegevoeg nie. Trouens D.W. Kruger beweer: "Some of Smuts' followers may have

---

61. Die Burger, 24/2/1936. Hoofartikel.

62. Verenigde Vergadering..... kol. 532-534.

63. Ibid. kol. 549 - 550.

64. Ibid. kol. 1247. Vergelyk ook Die Volksblad, 7/4/1936. Hoofartikel wat opmerk dat hierdie wetsontwerp "niemand tevrede stel nie."

65. F.S. Crafford., Jan Smuts: 'n Biografie. p.300. Vergelyk ook C.M. van den Heever., Generaal J.B.M. Hertzog. p.663.

had heartburnings, but as in 1908 they wanted to save the chances of Union, so now they wanted to save the United Party as the visible symbol of unity." [66] G.D. Scholtz is oortuig dat dié wetsontwerp hom op genl. Hertzog gewreek het, want toe daar oor die oorlogsverklaring in 1939 gestem is, het die drie naturelleverteenwoordigers wat sedert 1937 sitting in die Volksraad gehad het, teen hom gestem en dat hulle wel in die Volksraad gekom het, was sy werk.[67]

Uit die voorafgaande blyk tegelykertyd dat daar uiteenlopende menings was oor die mate van sukses wat genl. Hertzog met dié tweede wetsontwerp behaal het. Trouens, vir die Nasionaliste was dit 'n besliste teleurstelling dat genl. Hertzog onder die druk wat op hom uitgeoefen is, geswig het en dat hy weggedoen het met sy oorspronklike wetsontwerp van algehele afskaffing van die naturellestemreg en dat hy as kompromis 'n veel meer verwaterde wetsontwerp in die plek daarvan gestel het. "Dit het gelei tot 'n minder bevredigende oplossing van 'n vraagstuk ten opsigte waarvan slegs die heelbeste goed genoeg kon wees. Samesmelting het gelei tot een kompromie na die ander" [68] verklaar M.P.A. Malan.

---

66. D.W. Kruger., The Making of a Nation. p.177. Vergelyk ook C.M. van den Heever., Generaal J.B.M. Hertzog. p.663. W.K. Hancock., Smuts, The Fields of Force. p.266. O. Pirow., J.B.M. Hertzog. p.199.

67. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.367.

68. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party van Suid-Afrika - Sy Stryd en sy Prestasies 1914 - 1964. p.172.

Die Nasionale Party se aanvalle en kritiek op die aanname van die Naturelleverteenwoordigings-wetsontwerp sou egter nie daar eindig nie. Tydens die 1938-verkiesingsveldtogte sou hy die naturellevraagstuk weer eens baie sterk onder die soeklig bring.

Die Naturelletrust en -grond-wetsontwerp wat in April 1936 deur mnr. P.G.W. Grobler,[69] Minister van Naturellesake, by die Volksraad ingedien is, het duidelik aangetoon dat daar oor die aankoop van grond vir Naturelle, heelwat verskil van mening tussen die twee partye bestaan het. Minister Grobler het 'n historiese oorsig gegee van die beleid om skeiding tussen Blank en Nie-Blank te bewerkstellig en verklaar dat die doel van die wetsontwerp is om verdere gebiede beskikbaar te stel waar Naturelle "'n redelike lewensstandaard kan handhaaf en hulle eie instellings kan ontwikkel, en 'n betere skikking van die verhouding tussen Blanke en swart kan verseker."[70] Gebiedskeiding was geen nuwe beginsel nie en is van die vroegste tye erken. Die aanname van die "Naturelle Grond Wet" van 1913 was 'n stap in die praktiese toepassing daarvan. Hierdie wet het onder andere bepaal dat sekere streke as naturelle-gebiede beskou sal word, waar 'n Blanke nie grond mag koop nie en sekere streke sal blanke-gebiede wees waar 'n Naturel nie grond mag koop nie. Die ingediende wetsontwerp was

---

69. Hansard. Deel 26. kol. 2798.

70. Ibid. kol. 2799.

die resultaat van die bevindinge van verskeie kommissies wat in die loop van jare moes vasstel watter verdere gebiede vir bewoning deur Naturelle afgesonder kon word. Min. Grobler het gesê dat van die totale grootte van die Unie van 143 128 954 morg, daar reeds 10 422 935 morge by die onderskeie naturellegebiede ingesluit is. Die huidige wetsontwerp beoog om voorsiening te maak dat nog 7 250 000 morge vir of deur Naturelle verkry moet word en dit moes binne vyf jaar aangekoop word.[71] Dit sou 12 persent van die totale grootte van die Unie beslaan en sou volgens hom in goeie vrugbare reënvalgebiede geleë wees.[72]

Op 'n vraag van adv. J.G. Strijdom wat die totale bedrag vir die aankope van die addisionele naturellegrond sal wees, het min. Grobler verklaar dat dit volgens skatting tussen £10 miljoen en £15 miljoen sal wees.[73] Adv. Strijdom het die debat met 'n pertinente vraag geopen: "of die grond aan die Naturelle beskikbaar sal gestel word op grondslag van segregasiebeginsel", of word dit alleen gedoen "as vergoeding vir die Naturelle omdat hulle met die aanname van die wetsontwerp op Verteenwoordiging van Naturelle wat hul stemreg aanbetref, sekere regte moes prysgee."[74] Hy het ook gesê dat indien hierdie Naturelle

---

71. Ibid. kol. 2804.
72. Ibid. kol. 2804.
73. Ibid. kol. 2805.
74. Ibid. kol. 2806.

Grond Wetsontwerp ten doel het om gebiedssegregasie te bewerkstellig, sal die blanke bevolking dit steun, maar as dit bloot bedoel word as "lokaas ten einde hul toestemming te verkry tot sekere stappe wat gedoen is, dan voel ek oortuig daarvan dat dit seerseker nie 'n gesonde stap sal wees nie." [75]

Adv. Strijdom het die besware van die Nasionaliste oor hierdie wetsontwerp duidelik laat blyk toe hy verklaar het: "Waar dit nou die plan is dat daardie enorme hoeveelheid grond binne vyf jaar vir naturelle aangekoop moet word, wil ek vra of ons nie daardeur veel verder gaan met naturellenedersetting as wat ons bereid is om met blanke nedersetting te gaan nie."[76] Sy ernstige beswaar teen die Naturelle Grond Wetsontwerp was dat dit te hoë uitgawes sou meebring wat tot groter voordeel vir die mindergegoede Blankes aangewend kan word. Met verwysing na die steeds knellende armblankevraagstuk, het adv. Strijdom gesê: "Ek is hoegenaamd nie teen die beskikbaarstelling van die grond nie, maar ek is alleen daarteen dat daardie grond dadelik aangekoop moet word."[77] Daar was volgens hom veel meer Blankes wat grond nodiger as die Nie-Blankes gehad het.

Dr. N.J. van der Merwe het ook teen die wetsontwerp beswaar gemaak want dit was vir hom duidelik dat die Rege-

---

75. Ibid. kol. 2806.

76. Ibid. kol. 2809.

77. Ibid. kol. 2809.

ring te veel hooi op sy vurk neem. Sy kritiek het daarop neergekom dat van die 143 000 000 morge wat die Unie beslaan, is sowat 43 persent produktief, dit wil sê naasteby 61 000 000 morge. "As hierdie wetsontwerp aangeneem word en as dit uitgevoer word, dan kry die naturel daarvoor ongeveer sewentien en 'n kwart miljoen morge .... Dit beteken dus naasteby dat die naturelle een derde van die produktiewe grond van Suid-Afrika kry."[78] Hy was dus oortuig: "Hierdie wetsontwerp sal nie die naturellevraagstuk van die toekoms oplos nie."[79]

Adv. F.C. Erasmus het 'n amendement voorgestel dat die tweede lesing van die wetsontwerp opgehef moet word "as gevolg van die algemene ontevredenheid in die Raad en elders" en dat dit na 'n Gekoste Komitee vir ondersoek verwys moet word.[80] Mnr. J.J. Haywood het sy heelhartige steun hieraan gegee en verklaar: "Soos die wetsontwerp hier staan, voel ek dat ek nie daarvoor kan stem nie .... My rede daarvoor is dit, dat ons 'n jaar of wat gelede nie genoeg geld kon kry om grond te koop vir boere in die Vrystaat wat uit hul grond geraak het nie. Ons kon nouliks £25 000 kry onder die Landnedersettingswet om vir hulle grond te koop. Nou is daar egter £15 miljoen om vir naturelle grond te koop."[81] Hierdie amendement van die

---

78. Ibid. kol. 2827.
79. Ibid. kol. 2829.
80. Ibid. kol. 2853, 2856.
81. Ibid. kol. 2860.

Nasionaliste is egter verwerp. Nasionaliste in die Volksraad het gevoel dat 'n groot deel van die blanke bevolking verontreg word deur die voorgestelde wyse waarop naturellegrond aangekoop sou word. Genl. Hertzog het in sy redevoering die aandag daarop gevestig dat die Nasionaliste wat hierdie wetsontwerp nou so kwaai aanval, hulle volle steun in 1927 en in 1929 daaraan gegee het.[82] Hy het verder gesê dat dit nie wenslik is om dadelik al die geld wat nodig is vir die aankoop van die aangewese naturellegronde deur die Volksraad te stem nie en het verklaar: "dat die Regering van voornemens is: (a) dat met die aankoop van genoemde gronde so spoedig moontlik 'n aanvang gemaak sal word; (b) dat gelde ten bedrae van tien miljoen gestem sal word binne die volgende vyf jaar en wel in jaarlikse bedrae soos beskou mag nodig te wees vir die aankoop binne elke jaar; (c) dat enige verdere gelde wat te enige tyd mag nodig blyk te wees vir die aankoop van bedoelde gronde gedurende die loop van gesegde periode van vyf jaar of daarna dadelik beskikbaar sal gestel word vir die doel."[83]

Op 9 Junie 1936 is die wetsontwerp deur sowel die Volksraad as die Senaat aangeneem en staan tans nog, met minder belangrike wysigings wat sedertdien aangebring is, in die wetboek van Suid-Afrika as die Naturelletrust en -grond Wet, 1936.[84]

---

82. Ibid. kol. 2881.

83. Ibid. kol. 2882-2883.

84. B.S. van As., Die Naturellebeleid van generaal Hertzog. p.199.

Met die aanname van die wet het die Nasionale Party sy verset daarteen nie gestaak nie. Op die sitting van 1937 het dr. N.J. van der Merwe weer die saak te berde gebring. Op 24 Maart het hy in die Volksraad voorgestel dat 'n bedrag van ten minste tien miljoen pond volgens 'n vyfjaarplan bestee moet word vir die aankoop van grond vir blanke nedersetters wat Unie-burgers is en vir die doeltreffende vestiging van huurders, deelsaaiers en bywoners op die grond.[85]

In 1938 het die Nasionale Party in sy Verkiesingsmanifes vir die Algemene Verkiesing pertinent standpunt ingeneem teenoor genl. Hertzog se Naturelletrust en -grond wet van 1936. Artikel vyf (b) van die manifes het soos volg gelui: "Die party sal die huidige grootskaalse aankoop van grond vir naturelle deur die Staat beëindig en die verkry van grond deur naturelle laat geskied meer op hul eie inisiatief en ooreenkomstig hul werklike behoeftes."[86]

Tydens die verkiesing is in nasionale nuusblaaie veel gewag gemaak van wat genl. Hertzog vroeër oor die aankoop van dié gronde sou gesê het. Die Transvaler merk op: "In teenstelling hiermee het genl. Hertzog in 1925, as Minister van Naturellesake, hom baie beslis uitgelaat dat dit nog nooit die beleid van enige regering was om grootskaalse grondaankope vir naturelle te oorweeg nie, aangesien dit

---

85. Hansard. deel 29. kol. 3831.

86. Die Nasionale Party se Verkiesingsmanifes. Algemene Verkiesing 1938. Art. V (b).

sou beteken dat miljoene en miljoene ponde grotendeels vermors sou word." [87] Die Transvaler is oortuig: "Die huidige Regeringsbeleid van aankoop van naturellegronde op ongekende grootskaal staan dus veroordeel in geni. Hertzog se eie woorde toe hy in 1925, naas die Eerste Ministerskap, ook die belangrike portefeulje van Naturellesake beheer het ..... Wat in 1925 in sy eie woorde vermorsing was, word in 1936 die uitgesproke beleid van die Regering." [88] Die geskilpunte tussen die twee partye blyk duidelik uit Die Volksblad se uiteensetting van die aankoop van naturellegronde: "Die beswaar wat die Nasionale Party teen die Regering inbring, bestaan in die feit dat die Regering die reuse som van £10 tot £15 miljoen gaan spandeer ten einde daardie grond vir die naturelle aan te koop .... dit was nooit die bedoeling dat die staat miljoene uit die blanke belastingbetalers se sak moet neem om daardie grond vir naturelle aan te koop nie. Die Nasionale Party het bedoel dat die naturelle dit self moes koop."[89]

In 'n toespraak wat geni. Hertzog op Smithfield gelewer het, het hy na aanleiding van die Nasionaliste se agitasie teen sy naturellebeleid die vraag gestel: "Van waar en wanneer daardie Gesuiwerde beleid, wat daar opsetlik op aangelê is

---

87. Die Transvaler, 1/4/1939. Die Burger, 11/5/1938. Hansard. 5 Januarie 1925. kol. 4567aangehaal in pamflet. Grondverskaffing aan Naturelle: die twee beleide, opgestel deur J.J. Haywood.

88. Die Transvaler, 1/4/1939.

89. Die Volksblad, 15/10/1936. Hoofartikel.

om te belet dat die naturelle van die vier provinsies sal verkry die grond wat hulle sedert 1917 en vroeër toegesê is, 'n toesegging wat sedert 1924 herhaaldelik deur die lede van die Nasionale Party, ingesluit dr. Malan en al sy Gesuiwerde voormanne in die Parlement, bevestig is." [90] Genl. Hertzog het vervolg en verklaar dat hierdie houding van die Nasionaliste niks anders as troubreuk in die ergste sin van die woord was nie. "Erger troubreuk dan dié waaraan hierdie Gesuiwerde voormanne van 'n Gesuiwerde Party hulle skuldig maak in hierdie saak, is nouliks te bedink. Hul ontrou aan die gegewe woord, is niks minder dan 'n skandvlek op die goeie naam van die witman in Suid-Afrika....." [91]

Basies het die nie-Blanke beleid van die twee partye weinig van mekaar verskil. Altwee wou territoriale segregasie tussen Blank en Nie-Blank verwesenlik. Die verskil het egter gelê in die metodes waardeur hierdie gemeenskaplike doel bereik moes word. In perspektief gesien, skyn dit asof die benadering van 'n generaal Hertzog groter staatsmanskap aan die dag gelê het. Hy het die Bantoevraagstuk van die kant van die Bantoe benader met die uiteindelike oogmerk om die Blanke se voortbestaan te verseker. Hy was diep onder die indruk van die gevaar wat die Bantoe oormag op politieke gebied vir die Blanke ingehou het en daarom was hy vasbeslote om hul

---

90. Die Vaderland, 5/4/1938.

91. Ibid.

die politieke regte wat hulle binne blanke gebied besit, te ontneem. Maar indien hul hierdie regte ontneem word, moet hul die geleentheid gegun word om dit uiteindelik binne hulle eie gebiede uit te oefen. Om egter lewensvatbaarheid aan so 'n politieke ontwikkeling te gee, moes genoegsame grond aan die Bantoe beskikbaar gestel word om ook hulle bestaansreg te waarborg. Daarom kan dan ook nie met prof. F.A. van Jaarsveld akkoord gegaan word nie, as hy sê: "Genl. Hertzog het gedink dat die ontneming van die kiesreg die hele Naturellevraagstuk gedek het."[92] Dat genl. Hertzog miskien verder gesien het, word bewys deur die huidige Nasionale Party beleid van afsonderlike ontwikkeling en Bantoetuislande wat eintlik die logiese ontplooiing en konsekwente voortsetting van sy beleid van territoriale skeiding is. Teenoor genl. Hertzog se benadering om die gemeenskaplike ideaal van territoriale segregasie te verwesenlik, het dié van die "Gesuiwerdes" gestaan. Hulle het die vraagstuk direk uit die staanspoor van die Blanke benader: voorsien eers in die behoeftes van die Blankes en laat dit aan die Bantoe oor om "op hul eie inisiatief en ooreenkomstig hul werklike behoeftes" vir hulself te sorg. Hierdie houding is sonder twyfel deur die armblankevraagstuk ingegee. Dit het gevoelens in hierdie tyd so hoog laat opvlam dat die werklike doel en betekenis van die aankoop van naturellegrond totaal uit ver-

---

92. F.A. van Jaarsveld., Van Van Riebeeck tot Verwoerd. 1652 - 1966. p.355.

band geruk is. Tereg skryf C.M. van den Heever: "In Suid-Afrika is dit nie baie moeilik om mense op te sweep in verband met die Naturelle nie, juis omdat die kleurgevoel so sterk is ..... As daar een vraagstuk was wat met die nodige objektiwiteit betrag moes word, dan was dit hierdie een. Dit het egter nie gebeur nie, en gevoelens is ontketen by mense wat nouliks die inhoud van die wette geken het ....."[93]

Die "Gesuiwerdes", hoe eerlik en opreg hulle dit ook al binne die tydsomstandighede gedoen het, het genl. Hertzog se Bantoebeleid bewustelik en onbewustelik in die wiele gery. O. Pirow skryf hieroor: "Any step which General Hertzog took to carry out promises which he had made on behalf of the whole Nationalist Party was condemned as favouring the native while our own poor whites can hardly keep body and soul together."[94]

Afgesien van die opposisie van die Nasionale Party het talle ander faktore egter die verwesenliking van genl. Hertzog se beleid dwars in die weg gelê. Allereers, die Party wat hy nou as eerste minister verteenwoordig het, was nie hart en siel met hom ten opsigte van die uitvoering van die beleid nie. Sy party het trouens die kapitaliste en industrialiste verteenwoordig en daar is niks gedoen om die toenemende vloei van die Bantoe na industriële gebiede te keer nie.

---

93. C.M. van den Heever., Generaal J.B.M. Hertzog. pp. 662-663.

94. O. Pirow., J.B.M. Hertzog. p.199.

Tereg skryf prof. F.A. van Jaarsveld dus: "Sy beleid van gebiedskeiding is dus nie prakties uitgevoer nie, miskien omdat die Blankes nog nie besef het hoe dringend die probleem werklik was. Daar is in die eerste plek aan onmiddellike ekonomiese voordele en nie aan die toekoms gedink nie."[95]. Hieraan voeg prof. D.W. Kruger toe: "Hertzog's Bills were not able to stem a tide flowing so strongly .... The white men amongst whom the Bantu came to live desired their presence for economic reasons as much as they hated it for social reasons. And meanwhile the plural character of South African society became ever more apparent." [96]

Tweedens was die £10 miljoen wat deur genl. Hertzog vir die aankoop van naturelletrustgebiede belooof is, onvoldoende. Ten derde het die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog 'n einde aan sy bewind gebring. Toe was daar nog weinig grond aangekoop. Teen 1962 moes 'n balans van nog sowat twee miljoen morg verkry word om die kwota van 7 250 000 morg vol te maak.[97] Tans is die beleid van afsonderlike ontwikkeling en Bantoetuislande eintlik die logiese ontplooiing en konsekwente voortsetting van genl. Hertzog se beleid van segregasie.

---

95. F.A. van Jaarsveld., Van Van Riebeeck tot Verwoerd. p. 355. Vergelyk ook G.D. Scholtz., 'n Swart Suid-Afrika. p.53.

96. D.W. Kruger., The Making of a Nation. p.178.

97. B.S. van As., Naturellebeleid van genl. J.B.M. Hertzog. p.176.

II. DIE KLEURLING EN INDIëRVRAAGSTUK.

Die kleurlingprobleem was uiteraard hoofsaaklik 'n Kaaplandse vraagstuk. In Wes-Kaapland het die grootste aantal Kleurlinge gewoon. In 1936 was daar 682 248 Kleurlinge, dit wil sê 88.64 persent van die totale kleurlingbevolking van 769 661.[98]

Die Kaapse kleurlingbevolkingsgroep is van die vroegste tye as deel van die Europese beskawing beskou. As sodanig het hulle dan ook politieke gelykstelling met die Blankes geniet. Trouens hierdie regte van hulle is in die Suid-Afrika Wet van 1909 verskans. Artikel 35 het bepaal dat die stemregkwalifikasies vir die Nie-Blankes in die Kaap alleen gewysig kan word deur 'n meerderheid van twee derdes in 'n gesamentlike sitting van albei huise van die parlement.[99]

Genl. Hertzog en dus die Nasionale Party het aanvanklik die beleid dat die Kleurlinge dieselfde politieke regte as die Blanke sou geniet, onderskryf en daar is selfs voorsien dat hierdie regte ook na die ander provinsies uitgebrei sou word. "He," so skryf D.W. Kruger, "had always held that they were a part of the European community culturally, even though they were socially apart."[100]

Die snelle nywerheidsontwikkeling in die Unie het meegebring dat baie Kleurlinge na die stede getrek het om in die fabrieke te werk. Die getal kleurlingkiesers op die gemeenskaplike

98. G. Cronje., 'n Tuiste vir die Nageslag. p.91.

99. J.A. Coetzee., Oppergesag van die Parlement en die Verskanste Artikels. p.2.

100. D.W. Kruger., The Making of a Nation. p.179.

kieserslyste het algaande vermeerder. Die gevolg was dat in ongeveer die helfte van Kaapland se kiesafdelings die kleurlingstemreg die magsewewig tussen die twee hoofpartye bepaal het. D.W. Kruger skryf hieroor: "The result was that during election time these simple folk were wooed by European candidates for their vote and afterwards they were conveniently forgotten ... and many Europeans began to think that the Cape Coloured vote was an evil thing, an apple of discord amongst the White people who cared very little about the Coloured people but indeed, feared them as their numbers increased. There was a growing desire to place them on a separate voters roll like the Natives."[101]

Die strewe van die Nasionaliste om politieke segregasie tussen Kleurling en Blanke te bewerkstellig, is nie slegs deur beskawing en kleur gemotiveer nie, maar hang ten nouste saam met die armblankevraagstuk. Die nadelige inwerking van die Kleurling op die armblanke is veral deur die Carnegieverslag van 1932 en die daaropvolgende Volkskongres van 1934 in Kimberley beklemtoon.[102] 'n Baie groot deel van die blanke bevolking moes onder sulke ongesonde sosiale toestande lewe dat dit beslis nie vir hul rassetrots en die behoud van hul bloedsuiwerheid bevorderlik was nie. Die ekonomiese nood van die tyd het van die stedelike blanke armes gedwing om in

---

101. D.W. Kruger., The Age of the Generals. p.173. Vergelyk ook D.W. Kruger., The Making of a Nation. p. 179. Sien ook dr. N.J. van der Merwe en adv. Swart se toesprake in die Verenigde Vergadering. kol. 65, 94.

102. Vergelyk hoofstuk oor die Armblankevraagstuk.

die swakste buurte, dikwels tussen Kleurlinge, Asiate en Naturelle te gaan woon. Hierdie toedrag van sake het probleme soos rassevermenging meegebring. Nasionaliste het dan ook eerstens aangedring op wetgewing wat gemengde huwelike belet het en wat voorsorg gemaak het vir volkome segregasie tussen Blank en Nie-Blanke woonbuurtes. Tweedens het die "Gesuiwerde" Nasionale Party ekonomiese en nywerheidsegregasie bepleit. Die verwagting is gekoester dat grootskaalse rassevermenging deur eersgenoemde gestuit sou kon word en dat met laasgenoemde 'n oplossing vir die verontrustende armblankevraagstuk gevind sou word.[103]

Reeds voor samesmelting het die Nasionale Party op sy partykongresse op Stellenbosch en Bloemfontein gepleit dat die segregasiebeleid ook op die Kleurling van toepassing moet wees en is daar besluit om vir aparte verteenwoordiging van Kleurlinge te vra. Die Stellenbosch-besluit wat deur dr. Malan self voorgestel is, het onder meer gelui: "Aangesien deur die invoering van algemene stemreg vir Blanke mans en vroue daar in Kaapland 'n stemreg onderskeiding daargestel word tussen Blanke en Nie-Blanke kiesers ..... versoek die kongres die Gesamentlike Parlementêre Kommissie oor die Naturellewetsontwerpe en die Regering om ernstig te oorweeg die wenslikheid van aparte kiesafdelings sowel vir Blankes as gekleurdes, as onderskeie van naturelle."[104]

---

103. F.S.Crafford., Jan Smuts. p.301.

104. Notule van die Nasionale Party Kongres, Stellenbosch, 1932 soos aangehaal in vlugskrif, Arbeidersparty se verwyte en die Kleurvraagstuk opgestel deur C.W.M. du Toit. Herdruk uit Die Transvaler, 5/4/1938.

Die besluit van die Nasionale Party Kongres op Bloemfontein op 20 Oktober 1932 het soos volg gelui: "Die kongres is van oordeel dat in die Naturellewetsontwerpe van genl. Hertzog voorsiening gemaak moet word vir aparte kiesafdelings vir Kleurlinge maar dat hulle in die Parlement verteenwoordig moet word deur Blanke verteenwoordigers."[105]

Die strydvraag oor die politieke gelykstelling van die Kleurling en Blanke het na samesmelting van die twee partye steeds in intensiteit toegeneem. In 'n hoofartikel in Die Volksblad het adv. C.R. Swart in Januarie 1936 verklaar dat daar 24 793 geregistreerde kleurlingkiesers in Kaapland was. Hierdie Kleurlinge stem saam met Blankes en in die meeste gevalle gee hulle die deurslag by die verkiesing van 'n Volksraads- of Provinsiale Raadslid.[106] "Hierdie toestand is ongesond en dit is uiters onwenslik om dit maar so te laat voortduur. Die Nasionale Party se beleid is om hieraan 'n end te maak: In sy Nuwe Grondwet en sy Program van Aksie is duidelik en beslis neergelê dat die party staan vir aparte politieke verteenwoordiging van die kleurling."[107]

Hierdie houding van die Nasionale Party het daartoe gelei dat dr. D.F. Malan op die gesamentlike vergadering van altwee

---

105. Ibid. Notule van die Nasionale Party Kongres, Bloemfontein. 1932. Vergelyk ook voetnote 20, 21. Die Volksblad, 14/1/1936. Hoofartikel.

106. Die Volksblad, 14/1/1936. Hoofartikel. Vergelyk ook Die Burger, 15/5/1935. 27/1/1936. Hoofartikels.

107. Ibid.

huise op 19 Februarie 1936, waarop genl. Hertzog die Naturelleverteenwoordigingswetsontwerp voorgelê het, pertinent met 'n amendement navore gekom wat die Kleurling saam met die Bantoe wou ontkieser. Dit het onder meer gelui: "Om in reël 2 na "naturelle" in te voeg "en vir die aparte verteenwoordiging van Kleurlinge"; en in reël 5 na "naturelle" in te voeg 'en kleurlinge'." [108] Nasionale pleidooie om die Kleurlinge op 'n aparte kieserslys te plaas het egter misluk en dr. Malan se amendement is met 'n meerderheid van stemme verslaan.[109]

Genl. Hertzog het dit die Nasionaliste verwyt dat deur by hulle 'n "beskamende gebrek aan trou en getrouheid" in verband met die kleurlingbeleid is.[110] Op 'n vergadering te Smithfield het hy verklaar dat die Nasionale Party in die verlede 'n beleid voorgestaan het wat die Kaapse kleurling polities op gelyke voet met die Blankes behandel het. "Die Gesuiwerde Nasionale Party wyk nou af van hierdie oorspronklike beleid deur die kleurlinge op aparte lyste te wil registeer, en ook met aparte verteenwoordiging in die Volksraad".[111] Die Nasionaliste het volmondig erken dat hulle in die verlede die beleid van politieke gelykheid voorgestaan het, maar hulle het egter gaandeweg oortuig geraak dat vir

---

108. Verenigde Vergadering..... kol. 51. Vergelyk ook Voetnote 47, 48, 49 en 50.

109. Ibid. kol. 146. Die kwessie om kleurlingstemreg moet in samehang gesien word met dit wat reeds vooraf gestel is.

110. Die Volksblad, 9/12/1936. Hoofartikel.

111. Ibid.

die behoud van die blankedom en as die enigste oplossing vir die kleurvraagstuk, 'n beleid van algehele segregasie deurgevoer moet word. Hiervan getuig die kongresbesluite wat voor samesmelting geneem is.[112] Hierdie veranderde houding wat by sommige Nasionaliste oor die kwessie van kleurlingstemreg posgevat het, kan grotendeels aan genl. Hertzog se optrede toegeskryf word toe hy sedert 1928 ook die belofte van stemreg aan kleurlingvroue gemaak het.[113]

Die Volksblad som hierdie frontverandering van die "Gesuiwerdes" soos volg op: "Die Party het gesien hoe onhoudbaar en onwenslik daardie beleid was. Hy het besef dat 'n mens die kleurling nie op gelyke voet kan stel met die witman nie, en meer en meer het die party tot die oortuiging gekom dat ook hier 'n beleid van politieke segregasie nodig was net soos in die geval van die naturelle."[114] Dr. N.J. van der Merwe het die beleid van die Nasionaliste in 'n vlugskrif, Waarskuwing teen Party wat huigel met Kafferboeties soos volg omskryf: "Die standpunt van die Nasionale Party, ook in Kaapland nog voor koalisie deur die kongres bekragtig met die volle steun van dr. Malan, was en is nog altyd om die naturellestemreg stop te sit en

---

112. Vergelyk voetnote 104 en 105.

113. Die Volksblad, 25/2/1936. Hoofartikel. Vergelyk ook Die Burger, 21/2/1936. 8/4/1938. Hoofartikels.

114. Ibid. Vergelyk ook Die Burger, 20/2/1936. Hoofartikel.

om die kleurlingkiesers van die Blankes af te skei. Dit wil 'n Christelike voogdyskap oor die gekleurde rasse uitoefen, dog die voortbestaan van die Blanke beskawing in Suid-Afrika waarborg."[115]

Die Verenigde Vergadering van albei Huisevan die Parlement wat sedert Februarie 1936 byeengekom het, het die kleurlingvraagstuk onopgelos gelaat. Die Kleurlinge in Kaapland kon dus in die toekoms net soos in die verlede saam met Blankes vir dieselfde kandidaat stem. "Dit is die uitgesproke beleid van hierdie regering om die kleurling gelykop te behandel met die witman op industriële sowel as politieke gebied en die versekering is reeds deur etlike Ministers aan die kleurlinge van Kaapland gegee dat hierdie regering nie van plan is om aan hul kiesreg te raak nie." Die Volksblad verklaar verder dat: "Hulle sal die kiesreg behou, en daardie ongesonde toestand waar wit en gekleurd deurmekaar stem, sal bly voortwoeker in Kaapland, totdat die volk 'n Nasionale regering aan bewind het."[116] Ooreenkomstig verklaar G. Cronje: "Die politieke gelykstelling van die kleurling met die witman is een van die ergste wantoestande wat betref die rasseverhoudings van ons land. Dit is een van die gevare wat nie alleen die suiwere voortbestaan van die Blanke ras bedreig nie, maar onder andere ook die oppergesag van die

---

115. N.J. van der Merwe., Vlugskrif: Waarskuwing teen Party wat huigel met Kafferboeties.

116. Die Volksblad, 7/4/1936. Hoofartikel.

witman in gevaar stel."[117]

Die kleurlingvraagstuk was nie slegs 'n uiters delikate geskilpunt tussen die twee partye nie, maar ook wel binne die Verenigde Party. Trouens die kleurlingvraagstuk het 'n groter mate van verdeeldheid binne die Verenigde Party te weeg gebring as die naturellevraagstuk. Daar was aan die regter flank geni. Hertzog en sy ou tradisionele ondersteuners wat nie wou toelaat dat die Kleurlinge se stemreg aangetas word deur aparte kieserslyste nie; maar wat hulle nie kon versoen met rassevermenging nie. In hul stryd om wetgewing teen gemengde huwelike het hulle dus die steun van die Nasionale Party gehad. Hierteenoor het gestaan min. J.H. Hofmeyr en sy liberalistiese flank, wat hulle vierkant teen enige skeiding tussen Blank en Kleurling verklaar het. Laasgenoemde se standpunt moet gesien word teen die agtergrond dat Kleurlinge lede van die Party kon word, en dat die Regering versigtig moes wees om nie stappe te neem wat die Kleurling se misnoeë kon wek nie, want soos reeds gesê, was die kleurlingstem in talle Kaapse kiesafdelings, 'n beslissende faktor.

Dit was nou veral die vraagstuk van gemengde huwelike wat die onenigheid tussen hierdie twee flanke van die Verenigde Party weerspieël het; 'n onenigheid waarvan deur die Nasionale Party deeglik gebruik gemaak is.

---

117. G. Cronje., 'n Tuiste vir die Nageslag. p.52.

Op 10 Maart 1936 het majoor F.J. Roberts, Nasionale Party Volksraadslid vir Vrededorp, in die Volksraad voorgestel dat gemengde huwelike deur wetgewing verbied moes word. Hierdie voorstel is afgestem.[118] Die vraagstuk van gemengde huwelike en alles wat daarmee saamgehang het, het nou 'n saak geword wat ver buite die politiek begin uitkring het. Met die groeiende belangstelling van die Afrikaner in die maatskaplike en rassevraagstukke, het die probleem van gemengde huwelike spoedig ook die aandag van die Afrikaanse kerke, vroueverenigings en welsynorganisasies geniet.[119] Met die gevolg dat maj. Roberts verskeie telegramme onder andere van die Christelike Jongeliedevereniging, die A.C.V.V. en die Reddingsbond in die Volksraad voorgelees het. Daarin is die Regering ernstig versoek om hierdie euwel deur wetgewing te bekamp.[120] Almal het hul ten gunste van aparte woonbuurtes, ekonomiese en industriële segregasie, en 'n verbod op gemengde huwelike uitgespreek. Daar is besef dat die blanke ras in die Unie hom op die duur slegs kon handhaaf, indien geen bloedvermenging toegelaat word nie en dit kon slegs deur wetgewing gedoen word.[121] Met betrekking tot laasgenoemde het adv. Strijdom die Nasionale standpunt duidelik gestel, naamlik "Om hierdie gevaar af te weer, wil ons dus nie alleen op politieke gebied skeiding teweegbring nie, maar ook op elke ander gebied, omdat

---

118. A. Paton., South African Tragedy. p.187.
119. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.369.
120. Hansard. Deel 26. kol. 2692 - 2693.
121. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.370.

ons daar oortuig van is dat ons daardeur en daardeur alleen ons heerskappy kan handhaaf ..... en dat daardie verwoestende kanker wat ons blanke beskawing en ons volkslewe ondermyn, vernietig sal word."[122]

Op 28 April 1936 is maj. Roberts se voorstel van 10 Maart 1936 gevolg deur één deur mnr. J.H. Grobler, Verenigde Party lid vir Brits, dat deur die Volksraad 'n komitee aangestel moet word om ondersoek in te stel na: "die mate waarop die verbod op grondbesit in Transvaal deur Asiate ontduik word deur middel van huwelike tussen Blankes en Asiate ....."[123] Hy het aangevoer dat in die tydperk van 5 jaar, 1929 - 1934, daar sewe en twintig sulke huwelike tussen Indiërs en Blankes in Transvaal was.[124] Volgens hom het dit nie hier om die kwessie van getalle gegaan nie, maar wel om die beginsel van die saak. "Of daar een geval is en of daar honderd of duisend gevalle is - dit is 'n kwessie van beginsel ..... dat ons nie gemengde huwelike toelaat nie."[125] Met hierdie verklaring het mnr. Grobler ook 'n juiste vertolking van die Nasionaliste se gevoelens weergegee.

J.H. Hofmeyer se reaksie hierop was dat die vraagstuk van gemengde huwelike nie deur wetgewing opgelos kon word nie. "Teenoor ons maatskaplike euwels behoort ons eerste verdedigingslinie te wees die publieke mening, 'n goeie

---

122. Die Transvaler, 1/10/1937. Artikel deur adv. J.G. Strijdom., Handhawing van die Blanke beskawing in die Unie.

123. Hansard. Deel 26. kol 2679.

124. Ibid., kol. 2682 - 2683.

125. Ibid., kol. 2683.

sterke, opgeleide publieke mening en alleen in die laaste instansie moet gebruik gemaak word van verpligting onder die wet in verband met die maatskaplike euwels."[126] Alan Paton maak die volgende opmerking: "He was attacking the whole concept of segregation, which was as much part of Afrikaner Nationalism as was sovereign independence."[127]

Maj. Roberts het tydens dieselfde debat weer eens 'n voorstel geloods waarin hy die Regering versoek het om sonder versuim wetgewing in te dien om huwelike tussen Blankes en Nie-Blankes te verbied.[128] Hy het gesê daar was vir die tydperk van tien jaar 517 gemengde huwelike en indien dit nie gestop word nie, sal daar binne die volgende agt jaar 'n toename van ongeveer 2 000 gekleurde kinders wees.[129] Maj. Roberts het die heelhartige steun van al die Nasionaliste geniet. So onder andere het ds. C.W.M. du Toit verklaar: "Daarom hoop ek stellig dat die Staat sal saamwerk waar hier nou 'n duidelike versoek aan hom gerig word, om deur middel van ons Regering die huwelike tussen Blankes en Nie-Blankes in Suid-Afrika stop te sit."[130] Hierin is laasgenoemde ook deur mnre. J.G. Strijdom en P.J.H. Luttig ondersteun.[131]

---

126. Ibid. kol. 2690.

127. A. Paton., South African Tragedy. p.187.

128. Hansard. Deel 26. kol. 2691.

129. Ibid., kol. 2692.

130. Ibid., kol. 2697.

131. Ibid., kol. 2925 - 2928.

Min. J.H. Hofmeyr het dit egter duidelik gestel dat bogenoemde voorstel om 'n algehele verbod op gemengde huwelike te plaas, vir die Regering onmoontlik en onaanvaarbaar is. Sentimentsoorweginge moet volgens hom op die agtergrond geskuiwe word. "Dit is onmoontlik om dit te aanvaar, eenvoudig omdat dit so heeltemal onprakties en ondoenlik moet beskou word."[132] As redes vir hierdie houding het hy aangevoer dat dit moeilik is om in verskeie dele van die land die skeidslyn tussen Blank en Nie-Blank vas te stel. Indien gemengde huwelike deur wetgewing verbied sou word, sou dit tot 'n toename van buite-egtelike verhoudings tussen Blank en Nie-Blank aanleiding gee.[133] Ds. C.W.M. du Toit se reaksie en ook die van ander lede van die Volksraad is soos volg deur hom weergee: "Ek is nog nie baie jare in die Raad nie, maar..... het ek nog nooit 'n meer teleurstellende houding gehoor as wat ek vanmiddag gehoor het van hom nie. Ek het so iets nog nooit van 'n Afrikaanssprekende Minister gehoor nie."[134] Hierdie voorstel is egter deur min. Hofmeyr en die liberalistiese vleuel van die Verenigde Party afgestem.[135]

Die Burger sien die kleurbeleid van die Regering soos volg: "Die enigste kleurlingvraagstuk wat die Smelters nog erken en waarmee hulle wanhopig worstel, is 'n vraagstuk binne-

---

132. Ibid., kol. 2928.

133. Ibid., kol. 2929 - 2930.

134. Ibid., kol. 2934.

135. Ibid., kol. 2940.

kant hul party. In watter skrikwekkende mate die mengelmoesparty deur slegs een ideaal besiel en aanmekaar gehou word, blyk besonder treffend uit sy behandeling van die kleurlingvraagstuk."[136]

Aan die begin van 1937 is daar van die kant van 'n Verenigde Partylid weer eens 'n poging aangewend om gemengde huwelike deur wetgewing te voorkom. J.J. Pienaar, Verenigde Partylid vir Marico, het 'n private wetsontwerp voorgestel om gemengde huwelike te verhoed. Tydens die tweede lesing van die wetsontwerp op 22 Januarie 1937 het die here Alexander, Lawrence, Coulter, Derbyshire voorgestel dat dié wetsontwerp uitgestel moet word. Hierdie groep was ook van die grootste ondersteuners van min. Hofmeyr se beleid insake gemengde huwelike.[137] Min. J.H. Hofmeyr het dit weer eens duidelik laat blyk, as gevolg van die "geringe" aantal gemengde huwelike en die duidelike afname daarvan, wetgewing tot so 'n stap nie geregverdig is nie.[138] Die teendeel het mnr. J.J. Pienaar bewys toe hy aangehaal het dat vir die tydperk van tien jaar, 1925 - 1935, daar volgens statistiek 44 huwelike tussen Blankes en Asiate plaasgevind het en vir 'n tydperk van vyf jaar, 1931 tot 1935, was daar 'n totaal van 351 huwelike tussen Kleurlinge en Blankes, dit wil sê 'n gemiddeld van 70 per jaar.[139]

---

136. Die Burger, 23/6/1936. Hoofartikel.

137. Hansard. Deel 28. kol. 524 - 528.

138. Ibid., kol. 541.

139. Ibid., kol. 538 - 539.

Die Nasionaliste in die Volksraad het mnr. Pienaar hul heelhartige ondersteuning aangebied toe mnr. J.J. Haywood namens die Nasionale Party verklaar het: "Dit was 'n egte nasionale toespraak en ek wil hom namens die Nasionale Party en namens myself alle steun belowe om sy wetsontwerp deur te kry." [140]

Dr. N.J. van der Merwe het in sy toespraak oor min. Hofmeyr se beleid dat dié vraagstuk deur die opvoeding van die openbare mening opgelos kan word, soos volg verklaar: "Dit is nie net die morele gevoel van die volk en publieke opinie alleen wat met die saak te doen het nie. Daar is ook die ekonomiese faktor in verband met hierdie saak. As die arm man moet werk vir 'n loon wat hom op die peil van 'n kaffer laat lewe, dan is dit een van die oorsake wat aanleiding gee tot gemengde huwelike." [141] Die voorstel van wetgewing om 'n verbod op gemengde huwelike te plaas, is egter vir 'n tweede keer afgestem. Adv. Swart se verklaring dat die Nasionaliste teen 'n verdaging van die debat sal stem, is deur 'n groot aantal Verenigde Party lede ondersteun. [142]

In 1934 het die Regering 'n kommissie aangestel om die Kleurlingvraagstuk te ondersoek. Dit het onder meer uit prof. J. du Plessis, prof. R.W. Wilcocks, dr. W. de V. Malan,

---

140. Ibid., kol. 542.

141. Ibid., kol. 550.

142. Ibid., kol. 568 - 569.

dr. J.P. de Villiers, mnr. H.C. Fowler en dr. A. Abdurahman bestaan. Toe prof. Du Plessis in 1935 oorlede is, is adv. D.M. Buchanan in sy plek aangestel en dr. Wilcocks tot voorsitter gekies.[143] Hierdie kommissie het in 1937 sy verslag uitgebring. Tussen die lede van die kommissie het daar blykbaar groot meningsverskille bestaan en op baie van die vernaamste geskilpunte is die kommissie in twee skerp omlynde groepe verdeel. Aan die een kant was dit prof. Wilcocks, dr. W. de V. Malan en dr. De Villiers en aan die ander kant mnre. H.C. Fowler, D.M. Buchanan en dr. Abdurahman.[144]

In verband met rassevermenging word syfers aangehaal om aan te toon dat die huwelike van Blankes met Kleurlinge minder as 0,5% van die aantal huwelike van Blankes met Blankes uitmaak. In 1935 is een-en-tagtig gemengde huwelike gesluit.[145] Drs. Wilcocks, Malan en De Villiers het die volgende mening uitgespreek: "Die vraagstuk van rassevermenging kan blykbaar nie direk deur wetgewing opgelos word wat huwelike tussen Kleurlinge en Blankes verbied nie, maar dit wil voorkom dat rassevermenging eerder bestry moet word deur die invloed van die openbare mening ....."[146] Die ander drie lede het egter uitdruklik aanbeveel dat geen wetgewing ingedien moet word om huwelike tussen Blankes en gekleurdes te belet

---

143. Die Transvaler, 16/2/1938.

144. Ibid.

145. Ibid.

146. Ibid.

nie. Die kommissie het ook aanbeveel dat die stemreg wat Kleurlinge in Kaapland besit, uitgebrei moet word om ook Kleurlinge in te sluit wat in die ander drie provinsies woonagtig is.

Uit die aard van hul aanbevelings, moes die bevindinge van dié kommissie noodwendig met die beleid van die "Gesuiwerde" Nasionale Party gebots het. Trouens Eric Walker merk op: "The Commission's recommendations were on the whole liberal though the three Afrikaner members favoured restrictions under some major heads." [147] Die geskil van die kleurvraagstuk het geleidelik in intensiteit toegeneem, nie slegs tussen die twee partye nie, maar ook van die kant van die Kleurlinge. "The coloured people, left in the air between white and black, became restless and demanded the extension of their rights as recommended by the Commission."[148] So som D.W. Kruger hul posisie op. Adv. Eric Louw het op 'n vergadering te Zoutrivier aangehaal dat politieke leiers die gekleurde gemeenskap aangepor het om protes aan te teken omdat hul oogmerke 'n politieke doel het: "Die aanwassende liberale element onder leiding van die groot liberalis, min. J.H. Hofmeyr, kan ook as een van die groot oorsake wat tot protes gelei het, aangewys word."[149] Die Nasionaliste was nou meer as ooit te vore vasbeslote dat die kleurvraagstuk op 'n besliste wyse aangepak en opgelos moet word. Om die

---

147. Eric, A. Walker., A History of South Africa. p.651,

148. D.W. Kruger., The Making of a Nation. p.179.

149. E.H. Louw-versameling. P.V. 4. Koerantberig onbekend.

daad by die woord te voeg het dr. Malan op 1 Maart 1938 met die bespreking oor die aanvullende begroting voorgestel dat dit nie toegestaan word nie alvorens die Regering belowe om die beleid van segregasie konsekwent deur te voer en onder meer voorsiening te maak vir: (a) aparte woonbuurtes vir Blankes en Nie-Blankes in stedelike gebiede, gepaard met behoorlike en voldoende nasionale behuisingskema, (b) aparte werkterreine vir albei bogenoemde seksies, sover moontlik, (c) die beperking van werkverskaffing in bepaalde rigtings tot Blanke arbeid ..... (d) wetgewende maatreëls teen gemengde huwelike en teen die indiensneming van Blankes deur Nie-Blankes en (e) aparte verteenwoordiging in die wetgewende liggame van die stemgeregtigde Kleurlinge."[150]

Die algemene verkiesing van Mei 1938 het ook die kleurvraagstuk as een van die brandende strydpunte gehad.[151] Na die algemene verkiesing het die Nasionale Party in November van dieselfde jaar 'n Uniale Kongres in Bloemfontein belê wat in besonder die kleurvraagstuk behandel het. Hierdie kongres kan as een van die belangrikste in die geskiedenis van die Nasionale Party beskou word. Hier het hy sy geloofsbelydenis oor die behoud van die blanke beskawing vir alle tye geboekstaaf.[152]

---

150. Hansard. (Engels). Deel 31. kol. 754.

151. Die kleurvraagstuk word in die volgende hoofstuk weer bespreek veral na aanleiding van 'n besondere verkiesingsplakkaat.

152. J.J. van Rooyen., Die Nasionale Party: sy opkoms en oorwinninge - Kaapland se aandeel. p.264.

Dit is reeds genoem dat die Kleurlingvraagstuk in besonder 'n Kaaplandse vraagstuk was en as sulks het dr. Malan reeds op 18 Junie per brief aan dr. N.J. van der Merwe meegedeel dat so 'n kongres "baie sal help om die Noorde omtrent die dringende kleurwantoestande en gevare in te lig en die aandag van die land vir 'n oplossing pertinent sal opeis."[153]

Dit was die tweede Uniale kongres wat deur die Nasionale Party gehou is. Die eerste is in 1919 gehou toe Nasionaliste van al vier die provinsies bymekaar gekom het om vir 'n republiek te stry en om vir dié doel 'n vryheidsafvaardiging na Europa te stuur.[154] Net soos die kongres van 1919 'n historiese gebeurtenis in die lewe van die volk was, het die tweede Uniale kongres van 1938 'n allerbelangrikste plek in die geskiedenis van die Afrikaner ingeneem. By hierdie geleentheid moes die volk 'n beslissing vel wat sy hele toekoms sou bepaal nl: "Moet die Unie vir die Blanke beskawing gered word, of moet hierdie beskawing by gebrek aan toepassing van die kleuronderskeid op politieke, ekonomiese en selfs maatskaplike gebied ten onder gaan."[155]

Dr. Malan het sy openingsrede begin deur te sê: "Ons het hier bymekaar gekom met een groot doel voor oë en dit is om Suid-Afrika veilig te maak vir die Blanke ras en om die

---

153. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.371.

154. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party van Suid-Afrika. p. 185.

155. Die Transvaler, 8/11/1938. Hoofartikel.

Blanke ras suiwer en bewus van sy roeping, veilig te bewaar vir Suid-Afrika."[156] Daarna het hy die volgende voorstel ingedien wat soos volg gelui het: "Hierdie kongres beskou die oorheersende posisie van die Blanke ras in die gees van voogdyskap as lewensbelangrik vir die toekoms en heil van Suid-Afrika. Hy verklaar daarom dat dit die ernstige en doelbewuste strewe van daardie ras moet wees om sy eie rasse-suiwerheid te bewaar, om die daarstelling van 'n gesonde verhouding tussen hom en die Nie-Blanke rasse te verseker en om ook met die oog daarop, sy eie ekonomiese ondergang te voorkom."[157] In sy kragtige toespraak het dr. Malan 'n duidelike beeld van die gevare wat die getalle oorwin van die kleurvraagstuk vir die Blankedom inhou, geskets. "Die Blanke bevolking van ons land tel nou iets oor die twee miljoen. Daarteenoor staan daar 'n Nie-Blanke bevolking van byna 7 600 000 .... Die druk van getalle op ons is swaar. Maar die ernstigste feit is nog dat dit al swaarder word. Tussen 1911 en 1936 het die Blanke bevolking ten spyte van versterking van buite toegeneem met gemiddeld slegs 1.86 persent per jaar. Maar daarteenoor het die Asiatiese bevolking, ten spyte van repatriasie en verbod op immigrasie, toegeneem met

---

156. Die Federale Raad van die Nasionale Party, Pamflet: Die Groot Beslissing: Die Afrikanerdom en die Kleurvraagstuk. Dr. D.F. Malan se Rede op die Nasionale Party se UnIale Kongres te Bloemfontein op 8 November 1938. p.3.

157. Ibid., p.5. Vergelyk ook Die Transvaler, 9/11/1938. S.W. Pienaar., Glo in u Volk: D.F. Malan as Redenaar. p.112.

gemiddeld 1.90 persent per jaar, terwyl die Naturelle toegeneem het met 2.29 persent en die gemengde rasse met 2.31 persent per jaar."[158]

Die hele vraagstuk was soveel ernstiger weens die toenemende skoolopvoeding van Nie-Blanke kinders want om "as 'n Blanke minderheid te staan teenoor 'n geweldige oormag van beskaafde en opgevoede Nie-Blankes wat ons lewensbestaan met ons wil deel, en wat in alle opsigte na gelykheid met ons strewe, is gans iets anders. Dit maak die stryd om 'n Blanke Suid-Afrika vir die geslag van vandag oneindig swaarder as wat dit was vir die geslag van Piet Retief en Sarel Cilliers."[159]

Hoe aktueel klink hierdie besondere woorde van dr. Malan van 1938 nie.

Dr. Malan het die imperialis en liberalis in die Regering, wat aan die Naturelle en Kleurlinge stemreg toegeken het, "gelyk-op met die witman, nie op meriete of beginsel nie", kwaal aangeval. "Vriendskap met die imperialis het in Suid-Afrika nog altyd geblyk te wees vyandskap teen die Blanke heerskappy en onverskilligheid teenoor die voortbestaan van die Blanke ras."[160] Hierdie onbedekte aanval op die liberaliste en imperialiste in die Verenigde Party laat sonder twyfel duidelik blyk op wie dit bedoel was, naamlik min. J.H. Hofmeyr en genl. J.C. Smuts.

---

158. Ibid., p.7.

159. Ibid.

160. Ibid., p.10 - 12.

Die gelykstellingsidee van Blank en Nie-Blank het Malan ook aan die steeds groeiende georganiseerde Jodedom toegeskryf. "In alle beskaafde, demokratiese lande van die wêreld volg die Jood die liberalistiese of die kommunistiese pad ..... hy is orals 'n nie-assimileerbare element ..... Hy soek sy eie veiligheid in politieke rigtings wat die deure van die land wyd wil oopsit en wat alle rasse- en kleurskeidslyne wil uitwis."[161] Hy het ook by wyse van vergelykende syfers aangetoon hoe sterk die invloed van die kleurlingkiesers in sommige Kaaplandse setels was. Die beleid van gelykstelling op industriële vlak was vir hom ook 'n grootse euwel waar Blank en Nie-Blank op dieselfde arbeidsmark moet kompeteer. Dit was met onverbiddelike gevolge dat "die armblanke wat u naam dra en in wie se are u bloed vloei, in die agterbuurte beland om daar huis aan huis en selfs kamer aan kamer te lewe en te swoeg tussen gekleurd en swart, wat dit beter het as hy. Suid-Afrika verwag van sy arm mense dat hul wit sal bly en wit sal lewe."[162] Dr. Malan het 'n ernstige beroep op die Blankes van Suid-Afrika gedoen om ongeag partyverskille die hande saam te snoer en "die veilig gemaakte voortbestaan van die Blanke ras in Suid-Afrika"[163] te eis.

Dr. N.J. van der Merwe het die kleurbeleid van die Nasionale

---

161. Ibid., pp.10 - 11.

162. Ibid., p.12.

163. Die Transvaler, 9/11/1938.

Party kernagtig saamgevat toe hy die tweede beskrywingspunt ingedien het: "Die kongres verklaar dat geen oplossing van Suid-Afrika se kleurvraagstukke bevredigend sal wees nie, tensy dit berus op die grondslag van 'n goed oorwoë en konsekwent deurgevoerde segregasiebeleid. Hy verwerp daarom sowel die liberalistiese as die kommunistiese leer van kleurgrensuitwissing en gelykstelling."[164] Ander beskrywingspunte het oor rassesuiwerheid, afsonderlike woonbuurtes en werkskringe, gemengde huwelike en politieke en ekonomiese segregasie gegaan.

Ten slotte is op voorstel van mnr. J.A. Moller van Burgersdorp besluit dat 'n versoekskrif opgestel word waarin gevra word dat die Parlement wetgewing in ooreenstemming met die kongresbesluite sal aanneem.[165] Die versoekskrif, met die besluite van die Uniale kongres sal dwarsdeur die land onderteken word en aan die Volksraad voorgelê word.[166] Die versoekskrif het soos volg gelui: "Die petisie van die ondergetekene volwasse Blanke ingesetenes van die Unie gee met verskuldigde eerbied te kenne dat hulle die oorheersende posisie van die Blanke ras in die gees van voogdyskap as lewensbelangrik vir die toekoms van die Unie van Suid-Afrika beskou. Hulle versoek derhalwe dat wetgewende stappe sonder versuim gedoen word, onder andere: (a) om alle ge-

---

164. Ibid.

165. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party van Suid-Afrika. p.186.

166. Die Transvaler, 11/11/1938.

mengde huwelike tussen Blankes en Nie-Blankes te belet (b) om alle bloedvermenging tussen Blankes en Nie-Blankes strafbaar te maak, (c) om die deurmekaar woon van Blankes en Nie-Blankes te beëindig en om (d) ekonomiese sowel as politieke segregasie tussen Blankes en Nie-Blankes deur te voer."[167]

Die reaksie op die Nasionale Party se kleurversoekskrif, was oorweldigend. Altesame 230 619 blanke volwassenes het dit onderteken. In Kaapland 132 855; in Transvaal 56 010; in die Vrystaat 36 795 en in Natal 4 959.[168] Byna 13 000 meer blanke volwassenes het die versoekskrif onderteken as die ongeveer 120 000 wat gedurende 1938 in die algemene verkiesing hul stem op kandidate van die Nasionale Party in Kaapland uitgebring het.[169] Merkwaardig was veral dat Verenigde Partylede, Afrikaans- sowel as Engelssprekendes in groot getalle hul stem en handtekening vir die versoekskrif toegestaan het. Dié mooi resultaat is bereik ondanks 'n vurige agitasie wat dwarsdeur die land deur kwaadwillige kringe teen die versoekskrif georganiseer is.

Die Nasionale Party se veldtog vir verpligte segregasie van Blankes en Nie-Blankes het veral onder die kleurling bevolking 'n groot beroering gebring. In Maart 1939 het etlike duisende Kleurlinge voor die Parlementshuis op geweldadige wyse betoog om gelykstelling met Blankes te eis.[170] Genl.

---

167. Die Volksblad, 7/1/1939. Hoofartikel. Vergelyk ook Die Transvaler, 1/6/1939.

168. Die Volksblad, 1/6/1939.

169. Ibid.

170. Die Transvaler, 28/3/1939.

Smuts het na aanleiding hiervan die Nasionaliste se veldtog van verpligte segregasie as 'n gevaarlike agitasie bestempel. Op 'n vergadering in Kaapstad het hy onomwonde verklaar: "Ons is van plan om by die Kleurlinge te staan en die politieke regte wat hulle nog altyd in hierdie provinsie geniet het, te verdedig." In teenstelling met die Nasionale Party beleid, het hy vervolg: "Daar sal geen politieke segregasie wees nie. Daar sal geen poging aangewend word om die Kleurlinge af te baken of weg te jaag of die regte wat hulle die afgelope 80 jaar geniet het, te ontneem nie." Met betrekking tot die eis van die Nasionaliste om weg te doen met gemengde woonbuurtes,het genl. Smuts verklaar: "Waar Kleurlinge hulle vandag in gemengde woonbuurtes gevestig het, meen ek dat dit ondenkbaar is om te doen wat die Nasionaliste voorstel om te doen - om hulle uit te dryf en uit die omstandighede waarin hulle baie jare gewoon het, te ontwortel."[171]

Hierdie gebeurtenis het egter ook 'n naklank in die Volksraad gehad toe dr. Malan aangetoon het dat die protes van die Kleurlinge gemunt is teen die segregasie-beleid van die Regering en ook dié van die Nasionale Party. "Die optog" het hy gesê "is blykbaar gehou om invloed by die Volksraadslede uit te oefen."[172] Dr. N.J. van der Merwe wat die saak met eweveel erns behandel het, het die Regering se beleid in hierdie opsig as 'n misdadige swakheid bestempel. "Dis

---

171. Ibid.

172. Die Transvaler, 29/3/1939.

die geheul met die Kleurlingstem wat verhinder dat die Regering optree ..... Afgesien egter van die agitators is dit ook mense soos genl. Smuts wat die Kleurlinge opsweep oor hul onregte en hulle die maklike prooi maak van die opruiers."[173]

'n Dag na die Kleurlingbetoging het genl. Hertzog 'n afvaardiging van die "African People's Organization" onder leiding van dr. A. Abduraham te woord gestaan. Laasgenoemde het aan die Eerste Minister meegedeel dat volgens 'n berig wat in The Star verskyn het, vertrou die kleurlinggemeenskap dat genl. Hertzog die beleid wat hy in 1917 en weer in 1924 neergelê het, sal uitvoer. Dit het onder meer behels dat die Kleurling op dieselfde voet as die Blankes op politieke, ekonomiese en opvoedkundige gebied geplaas sou word.[174] Genl. Hertzog het hierop geantwoord dat "hy staan by wat hy in die verlede gesê het." Hy het ook verklaar dat "daar nie enige noodsaak vir verdere vrees by die Kleurlinge hoef te bestaan nie, aangesien hy geen wetgewing oorweeg wat die kleurlingbevolking van Kaapland van enige bestaande regte in enige opsig sou ontroof nie."[175]

Gesien teen hierdie agtergrond van gebeure, het die kleurvraagstuk die kloof tussen die twee groot partye steeds groter geskeur wat versoening haas ondenkbaar gemaak het. Nasio-

---

173. Ibid.

174. Die Transvaler, 1/4/1939. Vergelyk ook The Star, 29/3/1939. Hoofartikel.

175. Ibid.

nale en Opposisienuusblaaie het die vuur van verdeeldheid verder aangeblaas. So onder andere het The Star in 'n hoofartikel gesê: "..... the major responsibility rests upon the Nationalists. Dr. Malan seems bent on abandoning what remains of his former reputation for statesmanship. He and his followers are carrying on a racial crusade which, if successfull, will work incalculable and irreparable harm, and which is the more to be condemned because it is directed against those section of the population which are politically defenseless."[176]

Die verdeeldheid het groter geblyk te wees toe dr. Malan op 1 Junie 1939 die kleurpetisie van die Nasionale Party by die Volksraad ingedien het. Die Regering het egter die voorstel van dr. Malan dat die versoekskrif in die Volksraad gelees sal word, geweier.[177] Die hoofswepe van die twee Partye het oor die saak onderhandelinge gevoer. Mnr. P.O. Sauer, hoofsweep van die Nasionale Party, het mnr. Tom Naudé gevra of die Regering tyd beskikbaar sou stel vir die lees van die segregasiepetisie. Die antwoord van mnr. Naudé, namens die Regering het soos volg gelui: "..... spyt dit my dat dit nie vir die Regering moontlik is om Regeringstyd af te staan vir die lees van gemelde petisie nie."[178] Daar is verder

---

176. The Star, 29/3/1939. Hoofartikel. Vergelyk ook Die Burger, 12/4/1939. Hoofartikel, na aanleiding van die Cape Times se verklaring oor die Nasionale Party se kleurlingbeleid as: "... die onderdrukking van die kleurling omdat hy die astrantheid het om in dieselfde land te woon wat deur witmense bewoon word."

177. Die Transvaler, 6/6/1939.

178. Ibid.

aangevoer dat die Regering te veel amptelike werk op die agenda het wat afgehandel moes word. Hierdie vraagstuk is nie weer na vore gebring nie, maar dit was die Nasionale Party se werkplan van die kleurvraagstuk vir die toekoms en waarop daar voortgebou sou word.
Die Tweede Wêreldoorlog het kort daarna uitgebreek. Die kleurvraagstuk is vir eers op die agtergrond geskuiwe.

Asiate

Die aanwesigheid van so baie Asiate in die Unie, moes ook noodwendig die kleurvraagstuk beïnvloed.[179] Van die totale bevolking van 9 589 898 in 1936 was 219 691 Asiate.[180] Soos die Kleurlinge hoofsaaklik 'n Kaaplandse probleem was, so was die Indiërs 'n Natalse vraagstuk want gedurende 1936 was daar 183 661 (83,60%) Asiate in Natal woonagtig.[181] Inteenstelling met die Kleurlinge wat dieselfde kulturele bande as die Blankes gehandhaaf het, openbaar die Indiërs die besondere eienskap dat hul in Suid-Afrika tot op 'n groot hoogte 'n landsvreemde, nie-geassimileerde bevolkingsgroep is. Die Indiërs is te onderskeie van die Naturel sowel as die Kleurling deurdat hulle aanspraak maak op volkome ge-

---

179. Die Indiërvraagstuk word slegs in breë trekke behandel veral waar dit aansluit by wat reeds oor die Segregasiebeleid van die Nasionale Party gesê is.

180. G. Cronje., 'n Tuiste vir die Nageslag. p.91.

181. Ibid.

lykstelling met die Blankes, maar met ernstige besware as hulle met die Naturelle en Kleurlinge gelykgestel word.[182]

Die Nasionale Party het sy standpunt insake die Indiërvraagstuk baie duidelik in sy Program van Beginsels omlyn: "Hy wil sowel die blankebevolking as die Kleurling en die Naturel beskerm teen Asiatiese immigrasie of konkurensie, deur 'n doelmatige skema vir Indiër-segregasie in die lewe te roep en deur te belet dat enige uitbreiding van hul regte plaasvind."[183]

Die segregasiebeleid van die Nasionale Party op politieke, ekonomiese en maatskaplike gebied, soos hierbo bespreek, was ook direk op die Indiërbevolkingsgroep van toepassing. Sedert 1932 kon Indiërs in Transvaal geen vaste eiendom in stedelike gebiede besit nie. Indiëragitasie teen hierdie beperkinge het soveel besware uitgelok dat 'n kommissie aangestel is om die Indiërvraagstuk te ondersoek. Die verslag en aanbevelings van die Feethamkommissie is aanvaar en is in 1936 in 'n wysigingswet op Indiër-grondbesit in Transvaal deurgevoer.[184] Volgens die bepalings van hierdie wysigingswet kon Indiërs nou vir die eerste maal in Transvaal grond besit en bewoon. Mnr. J.H. Hofmeyr wat hierdie wetsontwerp deur die Parlement geloods het, het die onte-

---

182. G. Cronje., Afrika sonder die Asiaat. Die Blywende oplossing van Suid-Afrika se Asiatevraagstuk. p.8. Vergelyk ook Die Burger, 8/2/1938. Hoofartikel.

183. Program van Beginsels. Artikel 14.

184. D.W. Kruger., The Age of the Generals. p.174. Vergelyk ook P.S. Joshi., The Tyranny of Colour. p.212.

vredenheid van 'n groot aantal Blankes en veral Nasionaliste op sy hoof gehaal.[185] Vir die Nasionale Party was mnr. Hofmeyr se liberale beleid jeens die Indiërs, totaal onaanvaarvaar. Die Burger is oortuig: "Dit word verwerp deur die oorgrote meerderheid van die blankes in die land ..... dit sal niks verander aan die vasberadenheid van die Afrikanerdom om die blanke beskawing in Suid-Afrika teen alle bedreigings te vrywaar nie."[186]

Nasionaliste was veral bekommerd, ten spyte van die Regeringsondersteunende repatriasiebeleid, oor die geweldige toename van Indiërs in die Unie. Gedurende die vyf jaar 1928 - 1932 het die aantal Indiërs in die Unie deur emigrasie met 1 326 verminder. Daarenteen het die Indiërbevolking gedurende 1933 - 1937 deur immigrasie met 1 522 vermeerder.[187] Die Transvaler verklaar hierdie tendens soos volg: "Dit ly geen twyfel nie dat hierdie toename in die volkstrekaanwas van Indiërs in die Unie, 'n definitiewe verband het met die liberalistiese beleid wat vandag in die land gepropageer word en nie deur die huidige Regering teengewerk word nie."[188]

Die toenemende indringing van die Indiërs op handelsgebied het 'n omvangryke, aktuele probleem geword. Gedurende

---

185. D.W. Kruger., South African Parties and Policies, 1910-1960. A select source book. pp. 263 - 266. Vergelyk ook Hansard. Deel 27. kol. 5855 -5862.

186. Die Burger, 8/2/1938. Hoofartikel.

187. Die Transvaler, 20/1/1939. Hoofartikel.

188. Ibid.

1936 was reeds sowat 71 persent van die Transvaalse Asiate in die handel betrokke.[189] Die Asiatiese handelsgroep het in sterk mededinging met die blanke handelsgroep gestaan omdat hulle soveel klandisie getrek het wat anders die blanke handelaar ten goede sou gekom het. Die Nasionale Party was wel deeglik bewus van hierdie gevaar en van die feit dat die Blankes self in 'n groot mate hiervoor verantwoordelik was waar hulle direk by die Asiaat gekoop het. Om hierdie probleem die hoof te bied, het die Reddingsdaadbond 'n skema beoog om alle Afrikaanssprekendes wat Asiate-handelaars ondersteun, op alle moontlike gebiede van die samelewing te boikot om hul sodoende te oortuig dat die Afrikanersaak eerste kom.[190]

Die Nasionaliste het voortdurend daarop aangedring dat die belange van die blankebevolking dit vereis dat die Regering moes toesien dat die toenemende Indiërindringing in die stede en platteland beëindig moet word. Die Indiërvraagstuk het in vergelyking met die ander rassevraagstukke die minste wrywing tussen die twee blanke politieke partye veroorsaak. Die Nasionale - sowel as die Verenigde Party het die gemeenskaplike beskouing gehuldig dat die Indiërs 'n vreemde en onassimileerbare bevolkingsgroep was.

---

189. G. Cronje., Afrika sonder die Asiaat. p.141.

190. Die Transvaler, 23/2/1939.

III. DIE JODEDOM.

Die teenwoordigheid van kosmopolitiese bevolkingsgroepe in Suid-Afrika het die onderlinge nasionaliteitsverhoudinge ernstig beïnvloed. Uit die voorafgaande bespreking het geblyk die besondere probleme wat elk van die rassegroepe teweeggebring het. Die verhoudinge tussen die nasionaliteite was egter nie slegs tot die Nie-Blanke en Blanke bevolkingsgroepe beperk nie. Die aanwesigheid van 'n groot aantal Jode wat deel van die Suid-Afrikaanse blanke bevolking uitgemaak het, was ook in hierdie jare 'n belangrike faktor in die Suid-Afrikaanse politiek.

A. Oorsake van die Nasionale Party se verset teen die Jode.

Veral gedurende die jare dertig het 'n sterk anti-Joodse gevoel sy invloed op politieke terrein laat voel. Weens allerlei buitelandse internasionale reperkussies was daar reeds sedert 1919 'n sterk immigrasiestroom van Jode uit alle dele van Europa na die Unie. Om hierdie instroming te beperk, het dr. Malan reeds in 1930 'n immigrasiewet deur die Parlement geloods waarvolgens slegs 'n beperkte aantal immigrante uit bepaalde lande jaarliks in die Unie toegelaat is. Aan emigrasie uit Duitsland is deur hierdie wet egter geen perke gestel nie.[191] Met die bewindsaanvaarding van Hitler

---

191. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.373.

In 1933 het die immigrasiestroom van Jode na Suid-Afrika geweldig toegeneem sodat teen 1936 die Jode 4,5 persent van die totale blanke bevolking uitgemaak het.[192] Die Joodse getalle het so vinnig toegeneem dat dit by die nasionaalgesinde Afrikaners groot onrus verwek het. G.D. Scholtz verklaar in hierdie verband: "Daar is gevoel dat aan die immigrasie van Jode 'n einde moes kom, omdat hulle onassimileerbaar is en probeer om die ekonomiese lewe van die oorspronklike bevolking te oorheers."[193] Die Joodse bevolkingsgroep het 'n groot houvas op die ekonomiese lewe van Suid-Afrika. Op finansiële, industriële en handelsgebied het hulle ongeag hul klein getal, 'n merkwaardige invloed uitgeoefen. Die stryd van die Nasionale Party om die verdere instroming van Jode in die land te beperk, moet dus ook in samehang met die ekonomiese ontwaking van die Afrikanervolk gesien word. Gedurende en veral na die depressie is die Afrikaanssprekende bevolking van die platteland deur ekonomiese omstandighede gedwing om in die stede 'n toevlug te soek. Die handel en nywerheid was vir hulle die aangewese heenkome, maar hulle het ge-

---

192. D.W. Kruger., The Making of a Nation. p.181. Kruger meld egter in sy ander werk, The Age of the Generals, p. 175, dat die Joodse bevolking 17% van die totale blanke bevolking uitgemaak het. Eric A. Walker in A History of South Africa, p.655, stem hiermee ooreen as hy sê dat die Jode 17% van die bevolking uitgemaak het. A.J.H. van der Walt, en ander., Die Geskiedenis van Suid-Afrika, p.536, stel die persentasie op 4,5 P.S. Joshi., The Tyranny of Colour, p.34, stel die getal Jode op 90.645. L. Marquard., The Peoples and Policies of South Africa, p. 218 gee die getal as 105 000. Wat die presiese getal of persentasie was, is dus onseker.

193. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.373.

vind dat handelsondernemings en nywerhede in die hande van vreemdelinge - Engelssprekendes en veral Jode - was. Die Afrikanervolk het al hoe meer besef dat dit veral die Joodse gemeenskap is wat die houvas op bedrywe het wat die vernaamste kanse op finansiële voorspoed gebied het. Dit het dan ook saamgeval met die nasionale stryd om vir die Afrikaanssprekende se regmatige posisie in die handel en nywerheid te stry. Die mededinging wat hierop gevolg het, was dan ook die grondslag van die stryd tussen die Nasionale Party, die Joodse groep, en die Verenigde Party.

Dr. H.F. Verwoerd het die Joodse indringing in die ekonomiese lewe van die Suid-Afrikaanse volk soos volg beskryf: "Hierdie bevolkingsgroep, wat homself steeds binne die bevolking afsonder as 'n aparte eenheid, en wat taamlik onverskillig of selfs vyandig staan teenoor die nasionale aspirasies van die Afrikanerdom is dus gesien as die groep wat ook die Afrikaner se ekonomiese welvaart in die weg staan. Geen wonder dus dat die Afrikaner begin voel dat die Jood 'n wurggreep het op sy voortbestaan nie."[194]

Na aanleiding van bogenoemde aanhaling het die Joodse vraagstuk ook in noue verband met die nasionale vryheidsideaal van die Nasionale Party gestaan. Dr. Verwoerd het dit duidelik gestel dat die Jode onverskillig en vyandig teen-

---

194. Die Transvaler, 1/10/1937. Artikel deur H.F. Verwoerd. Die Joodse Vraagstuk besien vanuit die Nasionale standpunt.

oor die nasionale aspirasies van die Afrikanerdom staan, met ander woorde hulle leef nie saam met die Afrikaner in sy toekomsideale vir land en volk nie. Dit kan egter nie betwyfel word dat die Joodse kapitaal in die Engelse pers en politiek deeglik sy invloed laat geld het nie. Dr. Verwoerd is dus oortuig: "Hul politieke aktiwiteite, wat steeds gerig is teen die saak van nasionalisme, kan geen Afrikaner onderskat nie, sodat dit die botsing van belange moet verskerp!"[195] Nasionale nuusblaaie, veral Die Burger het in sy politieke spotprente herhaaldelik na "Hoggenheimer" as verpersoonliking van die Joodse kapitalis en imperialis verwys.[196]

B. Die Nasionale Party se Offensief teen die Jode.

Gesien teen hierdie agtergrond van omstandighede het dr. Malan op 16 Junie 1936 in die Volksraad die grootskaalse Joodse instroming opgehaal. Hy het daarop aangedring dat die Regering stappe moes neem om dit stop te sit. By wyse van vergelykende syfers het hy uit die South African Jewish Chronicle van April 1936 aangehaal dat tussen 12 000 en 20 000 Jode Duitsland jaarliks verlaat om elders 'n heen-kome te vind.[197] Baie van hierdie Jode het na Suid-Afrika gekom. Dr. Malan het dit ook beklemtoon dat die Jode as bevolkingsgroep nie assimileerbaar is nie "en waar dit so

---

195. Ibid.

196. Die Burger, 23/5/1938.

197. Hansard. (Engels). Deel 27. kol. 6248 -6249.

is, kan 'n volk nie meer as 'n sekere persentasie Jode opneem nie. Daar is volke wat die persentasie reeds bereik het en ek dink dat Suid-Afrika al oor die persentasie gekry het."[198]

Dr. Malan het die Joodse immigrasievraagstuk weer behandel toe hy in 1936 die Vrystaatse Nasionale Party Kongres in Bloemfontein toegespreek het. Hy het dit duidelik laat blyk dat die Nasionale Party 'n wetsontwerp in die Volksraad gaan indien om te bepaal dat alleen persone wat in die blanke bevolking geassimileer kan word, as immigrante toegelaat mag word.[199] Dié kongres het 'n eenparige besluit aanvaar om by die Regering aan te dring "om so spoedig moontlik die ongewenste immigrasie van Jode uit Duitsland, asook van ander dele na Suid-Afrika stop te sit."[200]

Op 25 Desember 1936 het Die Burger dr. Malan se beoogde wysigingswetsontwerp op die Wet op Reëling van Immigrasie, Wet 22 van 1933, gepubliseer.[201] Dit het onder andere bepaal dat immigrante wat nie maklik met die Afrikaans- en Engelssprekende elemente van die blanke bevolking kan assimileer nie, verbode immigrante sal wees; dat Jiddisj, die amptelike Joodse taal, nie as 'n Europese taal beskou kan word nie en op grond daarvan sal enige Jood wat nie 'n ander Europese taal kan lees of skryf nie, 'n verbode immigrant wees. Artikel vyf van dr. Malan se

198. Die Burger, 27/11/1936. Hoofartikel.
199. Die Burger, 13/11/1936. Vergelyk ook Die Vaderland, 12/11/1936.
200. Die Nasionale Party van die O.V.S., Verslag van die 22ste Jaarlikse Kongres. 11 en 12 November 1936. p.30.
201. Die Burger, 25/12/1936.

wetsontwerp was veral daarop gemik om die posisie van die Afrikaner op die handels en nywerheidsgebied te beveilig. Volgens hierdie artikel sal die Regering kan proklameer dat sekere besighede, beroepe, professies of ambagte nie deur vreemdelinge beoefen mag word nie.
Dit was ook die vaste oortuiging van Nasionaliste, toe die Parlement in 1937 byeengekom het, om enige verdere Joodse immigrasie stop te sit. Die Nasionaliste is deur die Regering voorgespring toe min. Stuttaford op 11 Januarie 'n Vreemdelinge Wetsontwerp ingedien het.[202] Die volgende dag het dr. Malan 'n mosie van sensuur ingestel en voorgestel dat: "die Raad sy afkeuring uitspreek oor die versuim van die Regering om tydige en doeltreffende maatreëls te neem om die verdere instroming van Joodse immigrante ..... te belet en om verder sekere beperkings te lê op vreemdelinge."[203] Dr. Malan het onomwonde verklaar dat sy amendement uitsluitlik daarop gemik is om Joodse immigrasie te bekamp. "Maar laat ek daarby ook sê dat as jy Suid-Afrika effektief wil beskerm teen daardie spesiale instroming van buite, dit onvermydelik gedoen moet word. Daar is geen keuse nie. Daarvoor is daar verskillende redes. Die eerste is omdat Suid-Afrika klaarblyklik 'n Joodse probleem het ... Suid-Afrika sit met 'n Joodse probleem en ons kan daarmee nie

---

202. Hansard. Deel 28. kol. 9-10.

203. Ibid., kol. 33-34.

op effektiewe manier handel nie, tensy ons dit noem en dit vierkant in die gesig kyk. Daar is 'n Joodse probleem en dit kom duidelik uit die anti-Semitisme wat daar in die land is."[204] Dr. Malan het 'n uiteensetting gegee van die handel wat uitsluitlik in Joodse hande berus het en gevolglik die deure vir Afrikanerdeelname op die gebied grotendeels gesluit hou. "Sluit jy die handel vir die Afrikanerdeel van die bevolking, dan sluit jy een van die vernaamste deure waardeur jy die armblankes sal kan rehabiliteer,"[205] het hy gesê. Na aanleiding van laasgenoemde verklaring blyk dit weer duidelik dat die Malanïete dit as hul plig en roeping beskou het om die deel van die volk wat dit die nodigste gehad het, eerste te help en te red. Dit was nodig in belang van die hele volk. Wat die onassimileerbaarheid van die Joodse bevolkingsgroep betref, het Malan aangevoer dat daar geen volk ter wêreld is wat so 'n aaneengeslote rassegemeenskap soos die Jode vorm nie. "In sekere mate is dit waar wat gesê word, naamlik dat hulle ..... 'n staat binne die staat vorm. Dit is 'n teken dat hulle onassimileerbaar is."[206] Suid-Afrika het genoeg Jode en "daarby verklaar ek graag dat volgens my oortuiging dit nie betaamlik is om die brood van die kinders van jou volk te neem en dit aan vreemdelinge te gee nie."[207]

---

204. Ibid., kol. 40.

205. Ibid., kol. 41.

206. Ibid.

207. Ibid., kol. 52.

Min. Stuttaford het dr. Malan se voorstel as "onbeskaamde rassehaat" bestempel.[208] Min. Hofmeyr het dr. Malan as "die erkende leier van die anti-semitisme in al sy onverdraagsaamheid en al sy kinderagtigheid,"[209] gesien. W.K. Hancock merk op: "Malan was not personally anti-Semitic, but politically he drew profit from anti-Semitic feeling."[210] Dr. Malan se voorstel is egter afgestem toe die debat verdaag is.

Tydens die tweede lesing van die Vreemdelinge Wetsontwerp het min. Stuttaford verklaar dat die maatreël nie teen die Joodse instroming gemik is nie, maar teen vreemdelinge in die algemeen. Hier bedoelende Spaanse kommuniste en ander bevolkingsgroepe wat as gevolg van beroeringe in Europa, na Suid-Afrika mag stroom. "Die grondbeginsel van hierdie wetsontwerp," het min. Stuttaford verklaar, "is dat alle Britsgebore onderdane welkom is om te voldoen aan die wet van 1913 en dat wat betref vreemdelinge, staan ons op ons reg om persone te kies wat ons volk sal versterk en wat binne 'n redelike tyd een sal word met ons."[211]

Dr. Malan het die vernaamste besware van die Nasionaliste teen hierdie wetsontwerp duidelik gestel. Eerstens was dit nie direk daarop ingestel om Joodse immigrasie stop te sit

---

208. Ibid.

209. Ibid., kol. 63. Vergelyk ook A. Paton., South African Tragedy. p.195.

210. W.K. Hancock., Smuts, The Field of Force. p.290.

211. Hansard. Deel 28.kol 109.

nie. Dit het veral nog aan Britse onderdane, dit wil sê ook Jode, die reg gegun om ongehinderd na die Unie te emigreer. Tweedens het dr. Malan beswaar aangeteken dat die Jood wat binne die Britse Ryk gebore is, 'n definitiewe voorkeur bo Hollanders en Duitsers kry, terwyl laasgenoemdes wat nou verwant is met die bevolking van Suid-Afrika, swaar beperk word.[212]

Dr. Malan het 'n amendement op die regering se wetsontwerp voorgestel naamlik dat die wetsontwerp eers na 'n gekose komitee verwys word ten einde duidelik vas te lê dat dié maatreël teen die Joodse instroming is en sodanige instroming wil belet.[213] Dr. Malan se amendement is verwerp met 91 teen 18 stemme. Slegs die Nasionaliste het in die minderheid gestem.[214] Die derde lesing van min. Stuttaford is ook met 'n groot meerderheid van stemme aanvaar.[215]

Genl. Smuts het sy leedwese oor die Nasionale Party se beleid "as verfoeilik en afskuwelik" uitgespreek. Dit was vir hom geheel en al eensydig en rassisties.[216] Dr. N.J. van der Merwe het hierop geantwoord: "Ons verwerp met veragting die beskuldiging dat dit eenvoudig 'n saak van rassehaat is. Die volk het 'n reg van selfbehoud .... om te kyk na die toekoms en ook te dink aan die toekomstige same-

---

212. Ibid., kol. 115-118.
213. Ibid., kol. 120-121.
214. Ibid., kol. 342-343.
215. Ibid., kol. 763 - 764.
216. Ibid., kol. 157.

stelling van die volk ....."[217]

Daar was 'n tyd toe die beskuldiging van rassehaat teen die Nasionale Party ingebring is toe hy in botsing met die Engelssprekende gekom het in die nastreef van sy belange. Genl. Hertzog het die "Gesuiwerdes" as rassehaters voorgehou wat "hul voet op die nek van die Engelsman wou hou" toe hul nie sy samesmeltingsgedagte wou steun nie.[218] Weer eens word dieselfde aanklag van rassehaat teen die Nasionaliste ingebring waar ook 'n botsing van belange op die spel is. Hierdie keer sou haat egter 'n ander bevolkingsgroep tref, naamlik die Jode.

Dr. H.F. Verwoerd het hierdie aanklag van suiwere rassehaat weerlê toe hy die Nasionale Party se standpunt soos volg omskrywe het: "Die Nasionalis haat nie die Jood nie ..... Die opvatting en beleid van die Nasionale Party is in hierdie vraagstuk soos in alle ander bepaal deur slegs een groot dryfkrag - die liefde van sy lede tot hul volk. Dit dwing die Nasionalis tot 'n positiewe optrede oral waar sy volk se belange bedreig word. En hierdie liefde - nie 'n negatiewe gemoedstoestand van haat nie - bring hom in botsing met die ander groepe."[219] Adv. C.R. Swart se verklaring in die verband dra 'n besondere betekenis:

---

217. Ibid., kol. 175.

218. Vergelyk wat reeds in die verband gesê is.

219. Die Transvaler, 1/10/1937.

"Ons volstaan met die mees besliste ontkenning van ons kant dat in die positiewe en doelbewuste optrede vir wat ons eie is, Nasionaliste deur haat of teensin aangespoor of besiel word. Nasionalisme is en bly eenvoudig liefde vir wat jou eie is."[220]

Die Nasionale Party het dus nie daarin geslaag om verdere Joodse immigrasie te verhoed nie en die vraagstuk is onopgelos gelaat. Die ontevredenheid oor die aangeleentheid het egter voortgeduur en veral in openbare toesprake het Nasionaliste hul baie sterk hieroor uitgelaat. Adv. J.G. Strijdom het op 'n vergadering te Alberton gesê: "Ons het twee rasse in Suid-Afrika, die Engelsman en die Afrikaner wat genoeg moeilikheid gee; ons kan nie toelaat dat daar nog 'n derde ras, die Joodse ras, moeilikheid maak nie ..... Die Nasionale Party se standpunt is dat ons genoeg Jode het."[221] Daarenteen het min. J.H. Hofmeyr gesê: "As die Jode nie in Suid-Afrika gekom het nie, dan sal hy vandag baie armer gewees het as wat nou die geval is en as die Jood meteens deur 'n wonderwerk hier weggeneem moet word, sal dit 'n ramp vir Suid-Afrika wees."[222]

Die Joodse vraagstuk het gedurende die laaste maande van

---

220. Ibid.

221. Die Transvaler, 18/11/1937.

222. Ibid. Toespraak op 'n vergadering van die "Vereniging van Jode en Christene."

1937 so in intensiteit toegeneem dat Nasionale nuusblaaie openlik "oorlog" teen die Jodedom verklaar het. Dit het gevolg op 'n berig in Die Transvaler dat die "Joodse Raad" 'n besluit geneem het, waarvolgens alle Nasionale nuusblaaie se advertensies geboikot sou word. Die reaksie hierop was verbasend. Dr. N.J. van der Merwe het op Vrede verklaar: "Ons sal ons nie deur die Joodse handelsmag laat vertrap nie. Die Nasionaalgesinde deel van Suid-Afrika beskik oor soveel koopkrag dat hy kan terugslaan. As ons die dag oorlog verklaar, sal dit 'n stryd tot die bitter einde wees."[223] Die sterk anti-Joodse gevoelens het meegewerk dat beide die Transvaal en Vrystaatse Nasionale Party kongresse van 1937 besluit het dat geen Jood voortaan lid van die party mag wees nie.[224] Na aanleiding van hierdie besluit, maak D.W. Kruger die volgende opmerking: "It was hinted that they were Communists and responsible for much of the racial unrest in the country. Anti-Jewish feeling became fairly widespread and it ultimately gave South Africa a bad name in a world which was to reject Hitler so dramatically and emphatically."[225]

---

223. Die Transvaler, 25/11/1937. Vergelyk ook Die Volksblad, 25/11/1937. Die Transvaler, 27/11/1937.

224. Transvaalse Nasionale Party-versameling. P.V.2. Inligtingstuk: Veranderings van en byvoegings tot die konstitusie van die Nasionale Party van Transvaal, soos vasgestel deur die Kongres van 1937. Vergelyk ook W.K. Hancock., Smuts, The Fields of Force. p.290. L. Marquard., The Peoples and Policies of South Africa. p.220.

225. D.W. Kruger., The Making of a Nation. p.181.

Die uitgesproke anti- Joodse beleid van die Nasionale Party het tot gevolg gehad dat geheel die Jodedom met die algemene verkiesing van 1938 hul steun aan die Verenigde Party en die Arbeiders Party toegesê het. Genl. Smuts het hieroor gesê: "Dr. Malan is die man wat vir die eerste keer die anti-semitiese kreet in Suid-Afrika laat hoor het. Malan is anti-Engels en daarom moet hy ook anti-Joods wees. Die Verenigde Party staan vir regverdigheid teenoor die Jood en genoemde Party is die enigste waarborg teen anti-semitisme."[226]

Die Nasionale Party het ongeag die groot teenstand van die Regering, volhard in hul pogings om die Joodse vraagstuk op te los. Die gespanne toestand rondom dié vraagstuk het 'n hoogtepunt bereik toe adv. Eric Louw in Januarie 1939 aangekondig het dat hy 'n private wetsontwerp oor Joodse immigrasie by die komende Parlementsitting gaan indien. Toe dié inhoud van die wetsontwerp as wysiging op die Vreemdelinge wet van 1937 bekend gemaak is, het dit 'n geweldige reaksie veral onder Verenigde Party nuusblaaie ontketen. Die Sunday Times het onder die opskrif: "Our Eric, appoints himself Head of S.A. Jew-Baiter," 'n giftige aanval op adv. Louw geloods. "Members of Parliament with liberal sympathies have already dubbed Mr. Eric Louw, M.P., The 'Streicher' of South Africa ...

---

226. Die Transvaler, 14/4/1938. Genl. Smuts se toespraak op Doornfontein.

As a result of this activity Tuesday's order paper looks like the agenda of a Nazi conference."[227]

In die wetsontwerp word uitdruklik as beginsel neergelê dat die Jood nie assimileerbaar is nie en derhalwe nie deur die Immigrasie-keurraad binnegelaat mag word nie. Trouens geen applikant van Joodse ouers afkomstig, is as geredelik assimileerbaar beskou nie.[228] Kommuniste en voorstanders van die kommunistiese leer is in besonder ook as ongewenste immigrante genoem. "Kommunisme" het adv. Louw gesê "is sedert sy vroegste dae vasgekoppel aan die Jodedom."[229] Hy het onder meer verwys na die twee leiers van die Kommunistiese groepe in Suid-Afrika, naamlik mnre. Solly Sachs en Weinberg, wat albei Jode was.[230]

The Star het in 'n hoofartikel opgemerk: "For the good name of the Union let us hope that wiser counsels may prevail and that Dr. Malan will induce his exuberant lieutenant to withdraw a Bill which might almost have been drafted by Herr Streicher himself."[231]

Nasionaliste is deurgaans deur die Engelse nuusblaaie as Nazi's, Fasciste, anti-Semiete en pro-Duits, bestempel.

---

227. Sunday Times, 15/2/1935 aangehaal in E.H. Louw-versameling. P.V.4. Julius Streicher was die redakteur van die Nazi-nuusblad, "Der Sturmer" wat bekend was vir sy militante anti-Joodse beleid.

228. Hansard. Deel 33. kol.838 - 848.

229. Ibid., kol. 843.

230. Ibid.

231. The Star, 10/1/1939. Hoofartikel.

Die Rand Daily Mail het hierdie wysigingswetsontwerp van adv. Louw, as 'n openbaring van "Malanite anti-Semitism" voorgehou.[232] The Cape Argus het volgens 'n berig wat in The Forum verskyn het, gesê dat: "Mr. Eric Louw's contemptible private Bill directed against the Jews, and the Nationalist Party petition in favour of the still more drastic segregation of all non-Europeans, point to a carefully-planned attempt to foster a Nazi spirit in the Union for politico-Party purposes."[233] The Forum het in 'n hoofartikel die beleid van die Nasionale Party met betrekking tot adv. Louw se wetsontwerp soos volg uiteengesit: "The Nationalist Party is imbued with one desire: To make South Africa a Nationalist Party State, with every section of the community, bar its own adherents, merely allowed to remain on sufferance and we have not the slightest doubt that the discrimination now alleged against certain classes of immigrants would speedily be applied in every conceivable direction were South Africa unfortunate enough to suffer the catastrophe of a Malan Cabinet."[234] Die amptelike nuusblad van die Joodse bevolkingsgroep, The Zionist Record het by wyse van verskeie uittreksels uit Regeringsnuusblaaie ook sy misnoeë en afkeuring oor hierdie wetsontwerp uitgespreek. "The tendency of the whole measure" het hy ge-

---

232. Rand Daily Mail, 11/1/1939.

233. The Forum, 21/1/1939 aangehaal in E.H. Louw-versameling. P.V. 4.

234. The Forum., 4/2/1939. Ibid.

skryf, is "an acceptance of the foreign Nazi principle of racial difference between Europeans and an example of naked Jew-hatred."[235].

Die geweldige agitasie wat deur die Verenigde Party pers teen hierdie wetsontwerp geloods is, was ook in 'n groot mate daarvoor verantwoordelik dat met behulp van die meerderheid, waaroor die Verenigde Party en die Volksraad beskik het, die maatreël verwerp is. Nasionale sprekers het egter voortdurend in hul openbare toesprake die verbod op verdere Joodse immigrasie bepleit. So onder andere het adv. Louw in 'n toespraak aan die Rand vergelykende syfers aangehaal om aan te toon tot watter hoogte 'n groot aantal nywerhede en beroepe reeds deur Jode in die Unie beheer word. Hy het vervolgens die Regering gewaarsku dat: "tensy verdere Joodse immigrasie belet word, onluste soortgelyk aan die wat in die afgelope jare in Europese lande waargeneem is, ook binnekort in die Unie sal volg."[236]

Ooreenkomstig die beleid van die Engelse pers was die reaksie op hierdie toespraak van adv. Louw dus geensins verrassend toe die Rand Daily Mail opgemerk het: "That speech ought to have been delivered in Berlin, where it would have won tumultous applause as an expression of German aims. Dr. Goebbels might have written it..."[237]

---

235. The Zionist Record. 20/1/1939. Ibid.

236. Die Transvaler, 8/8/1939.

237. Rand Daily Mail, 9/8/1939. Hoofartikel.

Na aanleiding van wat in voorafgaande bespreek is, blyk dus duidelik dat die Nasionale Party se beleid teenoor die Jode veral vanuit 'n ekonomiese en nie soseer uit 'n anti-semitiese standpunt verklaar moet word nie. Die Afrikaner, het in die ekonomiese ontwakingsproses, van die gevaar bewus geword wat die geweldige Joodse kapitaalkrag vir die volksaak ingehou het. Dit was stadig maar seker besig om die Afrikanerbelange in die handel en nywerheid dood te wurg. W.H. Vatcher merk tereg op: "Afrikaner attacks on the Jews can be explained by Afrikaner fear of the threat of Jewish economic competition."[238] Teen hierdie agtergrond moet dan ook verklaar word waarom die Nasionale Party daarvoor gestry het om die instroming van Jode te beperk en later selfs heeltemal te verbied. Hulle optrede in hierdie verband is dus heeltemal geregverdig, want dit het berus op die positiewe dryfkrag, naamlik, liefde vir die Afrikanervolk en beskerming van Afrikanerbelange. Die Transvaler verklaar vervolgens: "Hierdie kreet van anti-semitisme is bloot 'n propagandamiddel om die gevoel van die volk te keer teen die opwaartse strewe van die Afrikaner. Dit is gebore uit vrees van diegene wat weet dat die Afrikaner deur sy koopkrag die sleutel het om op sulke ekonomiese gebiede vooruit te gaan. Hierdie strewe moet verneder en verkleineer word deur dit anti-semitisme te noem"[239]

---

238. W.H. Vatcher., White Laager. p.61.

239. Die Transvaler, 12/3/1938. Hoofartikel.

Dit is sterk te betwyfel of die houding wat die Nasionale Party teen die Jode ingeneem het van die besondere tydsomstandighede losgemaak kan word. Ongelukkig moes dit met 'n periode saam val toe anti-semitisme in die Nasionaal-Sosialistiese Duitsland hoogty gevier het. In Suid-Afrika het dit ook sy invloed laat geld toe 'n aantal "politieke" organisasies onder meer die Gryshemde, die Bruinhemde, die Swarthemde en gedurende die veertiger jare selfs die Ossewa Brandwag en die sogenaamde Nuwe Orde, anti-semitisme en nasionaal-sosialisme in hul vaandel gevoer het. Hierdie invloede het ook op 'n subtiele wyse binne die Nasionale Party ingewerk en daarom is Nasionaliste deur die Engelse pers as rassehaters en anti-Semiete bestempel.

Die Joodse vraagstuk het ook in noue verband met die vryheidsideaal van die Afrikaner gestaan. Die Jood was, soos herhaaldelik deur nasionale nuusblaaie aangedui is, die verpersoonliking van die imperialis en kapitalis, met ander woorde die aardsvyande van die Republikeinse strewe. Omrede hy onassimileerbaar was en gevolglik onsimpatiek teenoor die nasionale en republikeinse gevoelens van die Afrikanervolk gestaan het, was 'n verenigde Jodedom in Suid-Afrika 'n ernstige struikelblok in die weg na republiekwording. Des te meer moes die instroming van Jode na Suid-Afrika beperk word. "It seems probable that this political antagonism between Jews and Nationalist Party

Afrikaner will continue," verklaar L. Marquard, "It is normal for nationalism to regard those who are not for it as against it, and this tendency is being strengthened by developing Calvinist theories."[240]

Soortgelyk aan die kleurlingvraagstuk, kon die Nasionale Party met sy uitgesproke anti-Joodse en pro-Afrikaanse beleid nie op Joodse ondersteuning reken nie. Daarenteen het al hoe meer Afrikaners hul rug op die Verenigde Party gekeer en die Nasionale Party gesteun, soos die algemene verkiesing van 1938 bewys gelewer het.

---

240. L. Marquard., The People and Policies of South Africa. p.220.

HOOFSTUK VI

DIE ALGEMENE VERKIESING VAN 1938

In die Suid-Afrikaanse geskiedenis word die jaar 1938 gewoonlik as buitengewoon belangrik aangemerk omdat die simboliese Ossewatrek in Afrikanergeledere 'n eenheid gebring het soos nog nooit te vore nie. Dit was egter slegs waar van die einde van daardie jaar. Aan die begin daarvan was daar inteendeel by die Afrikanerdom vertwyfeling en neerslagtigheid as gevolg van politieke verdeeldheid. Hierdie toestand het juis in Mei 1938 'n laagwatermerk bereik toe Afrikaner teen Afrikaner in 'n parlementêre verkiesing te staan gekom het.

Die "Gesuiwerde" Nasionale Party, hoewel sy ledetal klein was, het die verkiesing met 'n duidelik omlynde program van beginsels en met die grootste vertroue tegemoet gegaan. Daarteenoor het die Verenigde Party, ongeag die onenigheid binne eie geledere, op die voorsaand van die algemene verkiesing alle rede tot tevredenheid gehad veral wat betref sy positiewe bydrae tot die stoflike welsyn van die land. Suid-Afrika het trouens 'n tydperk van ekonomiese voorspoed belewe. Die lewenspeil het aanhoudend gestyg en die Nasionale Party sou buitengewone oorredingsvermoë aan die dag moes lê om die breë kieserskorps te oortuig dat die Smeltersregering die algemene landsbelange versaak het. Na aanleiding van die voorafgaande hoofstukke, was dit aan die begin van 1938 egter baie duidelik dat die twee partye op alle terreine standpunte lynreg teenoor mekaar ingeneem het.

Toe die Volksraad voor die algemene verkiesing van 1938 ontbind het, het die Nasionale Party twintig lede en die Verenigde Party honderd-en-sewentien lede in dié Raad gehad. Die Dominiumparty, wat in Oktober 1934 op die toneel verskyn het en wat hoofsaaklik op die "Empire"-beginsels van die ou Unionisteparty gegrondves was, het vyf lede gehad, die Arbeiders vier, die Onafhanklikes drie en Sosialiste een.[1] Hoewel die Nasionale Party, geoordeel volgens die aantal setels, baie swak daaraan toe was, word die werklike krag van die Nasionaliste beter weerspieël deur die aantal stemme wat dit met die algemene provinsiale verkiesing van 1936 op hom verenig het. Die Verenigde Party het toe 261 982 stemme gekry en die Nasionale Party 156 009 stemme.[2]

Dr. Malan en die Nasionaliste het geen hoop op 'n oorwinning vir die komende verkiesing gekoester nie, maar dit het vir hulle egter 'n vrugbare geleentheid gebied om die Nasionale Party te versterk en uit te bou. Dr. Malan met sy besondere diplomasie en taktiek het dan ook hierdie geleentheid gunstig benut en die Verenigde Party op sy kwesbaarste plek, naamlik die Hertzog-Smuts-verhouding, aangeval.

Die algemene verkiesing van 1938 is voorafgegaan deur twee belangrike tussenverkiesings, naamlik Piketberg en Bethal. In die kiesafdeling Piketberg het 'n Volksraadsetel vakant geraak as gevolg van die dood van die bekende dr. J.H.H. de

---

1. J.J. van Rooyen., Die Nasionale Party: Sy opkoms en oorwinninge - Kaapland se aandeel. p.141. Vergelyk ook E.A. Walker., A History of South Africa. p.676.

2. Die Volksblad, 21/5/1938.

Waal. Die Nasionale Party kandidaat, mnr. A.J. van Zyl het hier 'n meerderheid van 2 743 stemme behaal.[3] Die ander twee kandidate wat die setel betwis het, was mnr. P.E. Kriel, Onafhanklike, en mnr. L.T. Weichardt, leier van die Suid-Afrikaanse Nasionale Party. Die afwesigheid van 'n Verenigde Party-kandidaat het dit moeilik gemaak om uit hierdie meerderheid van die Nasionale Party afleiding te maak, te meer daar die Verenigde Party met die provinsiale verkiesing van 1936, 1 323 stemme gekry het. Toe het mnr. J.J. Kellerman, Nasionalis, slegs 'n meerderheid van 1938 stemme behaal.[4]

Die uitslag van die provinsiale tussenverkiesing in Bethal het daarenteen 'n politieke verrassing in Transvaal veroorsaak. Die Nasionale Party-kandidaat, mnr. J.G.W. van Niekerk en die Verenigde Party-kandidaat, mnr. T.C.J. Erasmus het onderskeidelik 1 392 en 1 371 stemme op hul verenig. Die Nasionaliste het dus dié setel met 'n meerderheid van een-en-twintig stemme verower.[5] Die "Gesuiwerdes" se oorwinning was 'n grondige rede vir onrus binne Verenigde Party-geledere omdat Bethal as één van die veiligste plattelandse setels van die Verenigde Party in Transvaal beskou is. Met die provinsiale ver-

---

3. Die Burger, 4/2/1938. Vergelyk ook Die Waarheid, 11/2/1938, amptelike nuusblad van die Suid-Afrikaanse Nasionale Party (Gryshemde) wat die verkiesingsveldtog van die Malaniete as "a filthy campaign of lies and slander" beskryf het.

4. Ibid.

5. Die Burger, 18/2/1938. Vergelyk ook Die Volksblad, 22/2/1938. Hoofartikel.

kiesing in 1936 het die Regeringsparty 'n meerderheid van 1 207 stemme in dié kiesafdeling behaal.[6] Altwee hierdie uitslae was sprekende bewyse dat die Nasionale Party se groeikrag en sterkte toegeneem het.

Met die oog op die algemene verkiesing in 1938 was daar reeds in 1937 sprake van samewerking tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Nasionale Party of Gryshemde. Hierdie toenadering tussen die twee partye het beslis geskied as gevolg van hul ooreenstemmende beleidsrigtinge ten opsigte van die Joodse vraagstuk. Trouens mnr. L.T. Weichardt het in 'n toespraak in Kaapstad dit onomwonde gestel dat dit die Gryshemde se invloed was wat die Nasionale Party daartoe gedryf het om so 'n drastiese houding teenoor die Jode in te neem.[7] Op 'n kongres van sy party in 1937 verklaar hy dat die Nasionale Party hom met die versoek genader het om 'n ooreenkoms vir samewerking te tref. Dr. Malan, dr. N.J. van der Merwe en adv. J.G. Strijdom se reaksie hierop was egter dat die bewering van alle gronde ontbloot is.[8]

In Julie van dieselfde jaar het daar 'n voorstel van die kant van die Gryshemde gekom dat 'n verkiesingsooreenkoms met die Nasionale Party gesluit moet word op voorwaarde egter dat nie een van die partye sy beginsels prys gee nie.[9] As rede vir die voorstel is aangevoer dat die twee partye 'n gemeenskaplike

---

6. Ibid.

7. Die Waarheid, 4/3/1938.

8. Die Burger, 14/4/1937, 17/5/1937.

9. Die Volksblad, 3/11/1937. Die Transvaler, 3/11/1937.

belang het in die bekamping van die anti-nasionale front bestaande uit die Verenigde Party-liberalisme en Arbeiderkommunisme.[10]

Die Hoofbestuur van die Kaaplandse Nasionale Party het by monde van adv. F.C. Erasmus sy bereidwilligheid te kenne gegee om met die Suid-Afrikaanse Nasionale Party te onderhandel op voorwaarde dat daar eers vasgestel sou word wat die punte van verskil tussen die twee partye was. Die onderhandelinge wat hierop gevolg het, het juis op grond van beginselverskille skipbreuk gely. Adv. Erasmus het in sy briefwisseling met mnr. W.R. Laubser, organiserende sekretaris van die Gryshemde, dit duidelik gestel dat die Nasionale Party nie sy weg oopgesien het om met hulle saam te werk nie, aangesien die Gryshemde se beginsel van 'n eenparty diktatuurstaat regstreeks teen die demokratiese beginsel van die Nasionale Party indruis. "Dit wil voorkom dat in vorm en wese die Party nie te onderskeie is van die Nasionaal-sosialistiese Party in Duitsland nie, waar die leier die party en die party die staat is."[11]

Mnr. L.T. Weichardt, die leier van die Gryshemde, het gevolglik op 'n vergadering te Goodwood verklaar dat sy party die Nasionaliste met die algemene verkiesing sal beveg net waar hy kan, "daardie politieke jakkalse gaan ek die hardste slaan."[12] Die Suid-Afrikaanse Nasionale Party het dan ook

---

10. Ibid. Vergelyk ook Die Volksblad, 3/11/1937. Hoofartikel.

11. Die Transvaler, 4/11/1937. Die briefwisseling tussen die Nasionale Party en die Gryshemde.

12. Die Transvaler, 3/11/1937.

'n reeks kandidate in verskeie kiesafdelings teen die Nasionale Party in die veld gestoot. Mnr. Weichardt het hom in die kiesafdeling Piketberg teen dr. Malan verkiesbaar gestel.[13] Hierdie optrede van mnr. Weichardt het dr. Malan ernstig veroordeel, want volgens hom het hy daarop gemik om die Nasionale Party te verbrokkel. Binne die Gryshemde-party was daar egter verskeie splintergroepe soos onder andere die De Waalgroep, die Von Moltke-groep en die Swarthemde wat hul steun aan die Nasionale Party in die algemene verkiesing toegesê het.[14] Op 'n vergadering te Redelinghuys het dr. Malan na aanleiding van hierdie verdeeldheid binne die Gryshemde-geledere opgemerk: "As 'n leier 'n party het, dan moet hy eenheid agter hom hou anders kan hy niks uitvoer nie. Maar daar was nog nooit 'n party wat soveel dinamiet in sy maag omdra as die Gryshemde nie."[15]

Later het die Suid-Afrikaanse Nasionale Party egter as gevolg van 'n besluit van mnr. Weichardt alle kandidate, behalwe in vier kiesafdelings, uit die algemene verkiesing onttrek. Mnr. Weichardt self het in Piketberg vir dr. Malan teruggestaan.[16]

Die vier kandidate wat hulle nie onttrek het nie, was mnr. C. Adendorf (Newcastle), kapt. C. Cherry (Weenen), mnr. W.R.

---

13. Die Waarheid, 4/3/1938. Met die parlementêre tussenverkiesing in Piketberg het mnr. Weichardt ook die Nasionale Party-kandidaat, mnr. A.J. van Zyl geopponeer. Laasgenoemde het hom nie weer verkiesbaar gestel vir die algemene verkiesing wat in dieselfde jaar plaasgevind het nie.
14. Die Burger, 22/1/1938, 27/1/1938. Malan se toespraak op Piketberg.
15. Die Burger, 25/1/1938.
16. Die Waarheid, 1/4/1938.

Laubser (Kaapse Vlakte) en dr. T. Stoffberg (Vryheid).[17] Dr. Malan het in 'n verkiesingstoespraak op Vryheid, dit dr. Stoffberg verwyt dat hy ongeag die besluit van mnr. Weichardt om nie 'n kandidaat vir die Gryshemde teen die Nasionale Party te stel nie, dit hom nie kon beweeg om terug te staan nie.[18] Vir alle praktiese doeleindes sou die Gryshemde egter die Nasionale Party in die verkiesing steun.

Wat die Verenigde Party betref, was veral die samewerking met die Arbeidersparty van besondere belang. Mnr. W. Costello, sekretaris van die Arbeidersparty in Kaapland, het in 'n personderhoud met Die Burger duidelik laat blyk dat die Verenigde Party in Kaapland op die steun van die Arbeidersparty kon staatmaak in kiesafdelings waarin die twee nie teen mekaar te staan sou kom nie.[19] Die rede waarom die party liewer die Verenigde Party in plaas van die Nasionale Party sou steun, is as gevolg van die toenemende invloed van die Nasionaliste in stedelike kiesafdelings wat 'n gevaar vir die Arbeiders geword het. Volgens 'n berig wat in die Cape Argus verskyn het, het mnr. Costello verklaar dat die Arbeidersparty die Nasionaliste as openbare vyand nommer een beskou en gevolglik alles in sy vermoë sal doen om die Nasionaliste te verpletter. "Ons is gekant teen die Verenigde Party as kapitalistiese party ..... maar die Nasionale Party is 'n voorstander van die fascisme en die Nazi-

---

17. Die Waarheid, 18/3/1938.

18. Die Burger, 30/4/1938.

19. Die Burger, 12/1/1938.

isme en as sodanig beskou ons hom as openbare vyand nommer een."[20] Die Burger het na aanleiding van bogenoemde verklaring soos volg opgemerk: "Die Arbeidersparty wat die mond vol daarvan het dat hy die armes en die werkers se belange op die hart dra, gaan by hierdie algemene verkiesing handlangers speel vir die party van Hoggenheimer en die grootkapitaliste."[21] Dr. Malan het ten opsigte hiervan verklaar dat die Verenigde Party se doel blykbaar was om die Arbeiders die sterkste opposisie-party te maak, maar hy is oortuig dat die Arbeiders nooit in Suid-Afrika aan bewind sal kom nie, want hulle bly en is die werktuig van die georganiseerde Jodedom en die kommuniste.[22]

Die intensiteit waarmee hierdie algemene verkiesing gevoer sou word, het duidelik geblyk toe die nominasie van kandidate op 26 April 1938 plaasgevind het. Eerstens is in twee kiesafdelings vyf kandidate, in nege, vier kandidate, in agt-en-dertig, drie kandidate en in sewe-en-negentig, twee kandidate benoem.[23] Die nominasies is veral gekenmerk deur die verbasende groot aantal driehoekige, vierhoekige en selfs vyfhoekige gevegte. Vyfhoekige gevegte is in Germiston-Noord en Durban Punt gelewer. Die Nasionale Party het egter slegs in eersgenoemde 'n kandidaat, naamlik mnr. H.J. Zwanepoel gestel.[24]

---

20. Die Burger, 13/1/1938.

21. Ibid. Hoofartikel. Vergelyk ook Die Transvaler, 26/4/1938. Hoofartikel.

22. Die Burger, 28/4/1938. Malan se toespraak in Pretoria.

23. Die Burger, 27/4/1938.

24. Die Transvaler, 27/4/1938.

Oor die hele Unie is 357 kandidate vir die algemene verkiesing benoem. Tweedens is alleen vier kandidate onbestrede verkies, sodat daar slegs 353 kandidate vir die 146 setels was.[25] Die vier onbestrede kandidate was te wete mnre. A.O.B. Payn vir Temboeland, A.C.V. Baines vir King William's Town, S.F. Waterson vir Suid-Skiereiland en T.W. Bowker vir Albanie.[26] Al vier was lede van die Verenigde Party. Drie kandidate het hulle in twee kiesafdelings verkiesbaar gestel, naamlik ds. C.W.M. du Toit (Nasionaal, Johannesburg-Wes en Krugersdorp), mnr. J.F. van G. Bekker (Nasionaal, Cradock en Wodehouse) en mnr. P. v.d. M. Martins (Onafhanklik, Wakkerstroom en Standerton.)[27] Onder die kandidate was daar sewe vroue waarvan een 'n Nasionalis was, naamlik mev. M.M. Jansen, eggenote van die Speaker, wat die Noord-Rand setel betwis het. Derdens is nie een minister onbestrede verkies nie, en is al die ministers in hul onderskeie kiesafdelings deur een of ander party geopponeer. Genl. Hertzog se teenkandidaat in Smithfield was mnr. J.J. Fouché, Nasionaal en genl. Smuts is in Standerton deur mnr. P. v.d. M. Martins, Onafhanklike, geopponeer.[28] Min. F.C. Sturrock het op Turffontein nie minder as drie teenstanders gehad nie, onder andere kandidate van die Nasionale Party, Arbeidersparty en Dominiumparty.

---

25. Die Burger, 27/4/1938.

26. Die Transvaler, 27/4/1938.

27. Die Burger, 27/4/1938.

28. Ibid. The Friend, 27/4/1938.

Die Verenigde Party het elk van die 150 setels opponeer. Daarenteen het die Nasionale Party 105 setels in die algemene verkiesing betwis.[29] Transvaal het vyf-en-veertig Nasionale Party-kandidate genomineer, terwyl daar in Kaapland twee-en-veertig was. Die Nasionaliste het al vyftien die Vrystaatse setels betwis, terwyl drie Nasionaliste in Natal genomineer is.[30] Die ander partye het die volgende aantal setels beveg: Arbeidersparty, ses-en-dertig; Dominiumparty, drie-en-dertig; Onafhanklikes, agt-en-twintig; Sosialistiese Party, drie; Gryshemde, drie en die Boere- en Werkersparty een setel.[31]

Dr. Malan is in die Piketbergse kiesafdeling deur dr. J.H. Loock, Verenigde Party-kandidaat geopponeer. Dr. N.J. van der Merwe, leier van die Vrystaatse Nasionale Party het die kiesafdeling Winburg teen die Verenigde Party-kandidaat, mnr. H.J. Edeling, betwis. Adv. J.G. Strijdom, leier van die Transvaalse Nasionale Party het in sy setel, Waterberg, teen die Verenigde Party-kandidaat mnr. W.I.S. Driver te staan gekom.[32] Die drie Nasionaliste in Natal wat hul in die kiesafdelings Kliprivier, Newcastle en Vryheid verkiesbaar gestel het,

---

29. Die Transvaler, 27/4/1938 en Die Burger, 27/4/1938 verskil hier ten opsigte van die aantal setels. Laasgenoemde haal aan dat die Nasionale Party 103 setels betwis het. Die verskil is moontlik daaraan toe te skryf dat twee Nasionaliste twee setels betwis het. Vergelyk voetnote 27. Die Rand Daily Mail, 27/4/1938 en The Friend, 27/4/1938 dui die aantal Nasionale setels onderskeidelik as 104 en 102 aan.

30. Ibid.

31. Rand Daily Mail, 27/4/1938. Vergelyk ook The Friend, 27/4/1938. Die Burger, 27/4/1938.

32. The Friend, 27/4/1938. Die Transvaler, 27/4/1938.

was onderskeidelik mnre. J.A. Beneke, C.A. Pienaar, D.D. du Toit.[33] In laasgenoemde provinsie het die stryd hoofsaaklik tussen die Dominiumparty en die Verenigde Party geheers.

Die benoeming van oud-appélregter F.W. Beyers as Nasionale Party-kandidaat vir die kiesafdeling Fauresmith, het die grootste verrassing opgelewer. Hy het in 1929 om gesondheidsredes uit die Nasionale kabinet en politiek getree en het nou met die algemene verkiesing weer tot die politiek toegetree. Min. N.C. Havenga was toe die huidige Verenigde Party-kandidaat en Volksraadslid vir Fauresmith. Adv. Beyers se verklaring aan die pers het soos volg gelui: "Die Regeringsparty en die Regering self bestaan uit heterogene elemente, en die gevolg is, dat wat betref naslebou en verbroedering, ons slegter daaraan toe is as voor 1933."[34]

Die algemene verkiesingsveldtogte van die verskillende partykandidate is voorafgegaan deur 'n intensiewe en grootskaalse propagandastryd in die verskillende partyorgane. Hierdie partymondstukke het die saak van hul partye aktiewer as gewoonlik probeer bevorder. Die magtige Verenigde Party-pers wat oor Engelse sowel as Afrikaanse nuusblaaie beskik het, het 'n besliste voorsprong bo die Nasionale Party-pers gehad. Die Nasionaliste het op hierdie stadium slegs oor vier amptelike dagblaaie beskik, naamlik Die Burger, Die Volksblad, Die Transvaler en Die Oosterlig. Dit is reeds genoem dat na

---

33. Ibid.

34. Die Burger, 10/1/1938.

samesmelting die Nasionale Party feitlik vanuit die grond opgebou moes word. Gevolglik het hy vir verkiesingsdoeleindes nie oor soveel fondse en kapitaal as die Verenigde Party beskik nie. So byvoorbeeld het die Verenigde Party-pers gratis nuusblaaie en duisende pamflette versprei wat die Nasionale Party-pers nie kon gedoen het nie. Adv. F.C. Erasmus het op Stellenbosch verklaar dat daar by hierdie verkiesing meer geld in omloop was as nog ooit tevore. Hy was jammer dat die partye nie deur wetgewing verplig word om die bronne van verkiesingsfondse openbaar te maak nie, want dan sou die Verenigde Party sy hoed in die oë moes trek.[35]

Dr. Malan het ook telkens na die Verenigde Party se verkiesingsmetodes verwys en gesê dat hy al sewe algemene verkiesings meegemaak het, maar nog nooit die Opposisie harder teen die Nasionale Party sien veg het nie. "Hul magtige pers is aangevul deur Afrikaanse koerante wat die Afrikanersaak in sy eie taal moet beveg. Nog nooit is pamflette met so 'n kwistige hand rondgestrooi as nou nie."[36] Dr. K. Bremer het ten opsigte hiervan verklaar dat die Nasionale Party nie sy toevlug tot pamflette hoef te neem nie, want "pamflette is 'n aanduiding van politieke bankrotskap .... Ons sien nie met angs en bitterheid uit na die verkiesing nie, maar met opgewektheid omdat dit die volk 'n geleentheid gaan bied om 'n oordeel te

---

35. Die Burger, 27/4/1938.

36. Die Burger, 18/5/1938. Malan se toespraak in Piketberg.

vel oor landsake."[37]

Ongeag die besware en kritiek van die Nasionaliste teen die Verenigde Party se verkiesingsmetodes, het laasgenoemde se organisasie baie doeltreffend gewerk. Nasionaliste, veral in Transvaal, het erken dat hul party aan gebrekkige organisasie mank gegaan het.[38] Die Nasionale Party het hom in hoofsaak op openbare vergaderings toegelê aangesien dit die doeltreffendste middel was om groot getalle kiesers te betrek. Daarenteen het die Verenigde Party wat oor soveel meer sprekers beskik het, ook hul aandag gekonsentreer op huisbesoek, met ander woorde die kiesers is individueel besoek en op die vervoer van kiesers na die stembusse toegespits. In hierdie opsigte kon die Nasionaliste nie met hul wedywer nie en veral intensiewe huisbesoek was vir die Nasionaliste as gevolg van beperkte middele, ondoenlik.

Die Nasionale Party het die verkiesing met 'n duidelike manifes tegemoet gegaan wat deur dr. D.F. Malan, dr. N.J. van der Merwe en adv. J.G. Strijdom namens die Federale Raad uitgereik is. Daarin is die Party se oogmerke en beleid kernagtig saamgevat en dit is in duisendtalle oor die land versprei. Dr. Malan het hierdie manifes op 5 April 1938 op Porterville bekend gemaak.[39] Sy oproep tot die kiesers het onder meer gelui: "Veg hard; veg skoon; veg in die geloof."[40] 'n Ken-

---

37. Die Burger, 4/1/1938. Dr. Bremer se toespraak in die Strand.

38. Die Burger, 23/5/1938.

39. Die Transvaler, 5/4/1938. Die Volksblad, 5/4/1938.

40. Die Burger, 5/4/1938.

merk van die manifes was dat dit die Unie se selfstandige onafhanklikheid op alle gebiede beklemtoon het. Dit het gehandel oor: (a) Buitelandse beleid en verdediging, (b) die republikeinse strewe, (c) politieke en ekonomiese selfstandigheid, (d) immigrasie en die Joodse vraagstuk, (e) die kleurvraagstukke, (f) algemene ekonomiese hervorming, (g) hervorming van die bankwese, (h) landbou, (i) landnedersetting, (j) mynbedryf, (k) staatsdiens, (l) spoorweë, (m) ongeskoolde arbeid en ander belangrike sake in verband met die volkshuishouding.[41]

Dr. Malan wat die verkiesingsveldtog van die Nasionale Party op Porterville van stapel gestuur het, het betoog dat die verkiesing wat voorgelê het, sonder twyfel die belangrikste en die mees kritieke in Suid-Afrika se hele politieke geskiedenis sal wees. "Suid-Afrika sal vir sy hele toekoms sy pad, en daarby sy regte pad moet kies of anders jare lank vir sy onbeslistheid en sy ontrou moet boet." Hy het onder meer verklaar dat die Verenigde Party "met sy teenstrydige en botsende ideale en met die magteloosheid waartoe hy homself gedoem het, sal hemel en aarde probeer beweeg om u aandag af te trek van Suid-Afrika se werklike en dringende vraagstukke, wat hulle om hul eie lewe te red, self teen elke prys moet vermy."[42] Dr.

---

41. Die Nasionale Party se Verkiesingsmanifes. Pamflet. Uitgegee namens die Federale Raad van die Nasionale Party deur dr. D.F. Malan, dr. N.J. van der Merwe en adv. J.G. Strijdom.

42. Die Transvaler, 5/4/1938.

Malan het onder meer 'n breedvoerige uiteensetting van die vier hoofpartye se beleidsrigtings gegee.

Die Dominiumparty het hy gesê, kan die Afrikanervolk nie help nie, want dit is openlik en eerlik imperialisties. In die kultuur, handel en in die algemene politieke lotsbestemming is Suid-Afrika vir die Dominiumparty niks meer as 'n vlieg op die Empire-wiel nie. In alle sake wat Suid-Afrika se onafhanklike volksbestaan raak, soos onder andere eie burgerskap, 'n nasionale volkslied, onafhanklike regspraak, tweetaligheid en die aanknoop van handelsbetrekkinge met nie-Britse lande, is dit die Dominiumparty wat vir die "vormlose Smeltersparty as 'n imperialistiese ruggraat dien. Deur die Smeltersparty te beveg, beveg ons daarom tegelyk ook vir hom."[43]

Die Arbeidersparty kon ook geen toekoms vir Suid-Afrika bied nie, was Malan se eerlike oortuiging. Dit het mank gegaan aan vele gebreke wat regstreeks teen die Afrikanervolk se nasionaal-christelike beginsels ingedruis het. Dit het onder meer gepleit dat rasse- en kleurgelykstelling in alle opsigte verkry moet word. Die party het hom ernstig verset teen alle doeltreffende maatreëls om Joodse immigrasie te bekamp en bowenal was dié party sterk kommunisties georiënteerd.

"Die Smeltersparty," het Malan verklaar, "kan op sy beurt Suid-Afrika ook geen stap verder bring nie. Sy kabinet bestaan uit 'n groep lustelose en deels afgeleefde politice met

---

43. Die Burger, 5/4/1938. Die Transvaler, 5/4/1938.

vermufte idees en sonder visie. Hulle self en hul party is op feitlik alle groot vraagstukke wat 'n beginsel bevat, hopeloos verdeel."[44]

Hy het beklemtoon dat die sogenaamde volkseenheid waarop die Verenigde Party roem een van die grootste tragedies in die Afrikanerdom se politieke geskiedenis geword het, want hulle kon dit binne eie geledere nie eers tot stand bring sonder om nasionale beginsels prys te gee nie. Hierdie siening van dr. Malan was besonder tiperend want soos reeds aangetoon, het samesmelting tot een kompromis na die ander gely. "Samesmelting is die bedrog wat die ou bekende groep van imperialistiese en kapitalistiese uitbuiters agter die skerms reggekry het om vir hul eie verryking op die trouhartige en goedgelowige Afrikanerdom af te speel,"[45] het hy gekonstateer.

Die beeld van die Nasionale Party as enigste alternatiewe keuse en waarborg, het dr. Malan duidelik geskets toe hy die Nasionaliste se verkiesingsmanifes voorgelees het.

Die Verenigde Party het in teenstelling met die Nasionaliste, nie 'n verkiesingsmanifes gepubliseer nie, maar genls. Hertzog en Smuts het in 'n persverklaring 'n verkiesingsoproep tot die volk gerig om die Regeringsparty te steun. Daarin is aangevoer dat die Regering se bewind die afgelope vyf jaar politieke vrede, samewerking en 'n ongekende herstel op ekonomiese gebied aan Suid-Afrika gebring het. Die vrede wat die koalisie en same-

---

44. Ibid.

45. Ibid.

smelting bewerkstellig het, was volgens hulle, 'n werklike en duursame vrede en daar kon nie tot die verdeeldheid en bitterheid van die verlede teruggekeer word nie. "Daar mag geen agteruitgang wees nie; ons moet steeds vorentoe streef tot nasionale eenheid."[46] Die Burger het hierdie verkiesingsoproep in sterk bewoording aangeval: "Die Smeltersleiers van 1938 het dieselfde boodskap as die Smeltersleiers in 1920. Hul Verenigde Party van vandag dien dieselfde belang as die S.A.P.-Unionistiese Party van destyds. Die publiek ken Jan Smuts deur en deur. 'n Politieke oproep wat hy saam met genl. Hertzog onderteken, oefen op die nasionaal-voelende min invloed uit. Samesmelting is tot ondergang gedoem."[47] The Friend het 'n teenaanval op die Nasionale Party se verkiesingsmanifes geloods: "The Malanite election manifesto is a thing of shreds and patches, a coat of many colours, whose fabricaters, try as they may, cannot conceal the nakedness of their disruptive political creed."[48]

Genl. Hertzog het onmiddellik op dr. Malan se toespraak reageer toe hy die Nasionale Party-manifes op 'n vergadering in sy kiesafdeling, Smithfield, heftig aangeval het. Hy het 'n beeld van die welslae en suksesse van die Verenige Party geskets en onder meer genoem dat die Regering 'n tydperk van vyf jaar agter hom het waarop dit met eer en trots kan terug-

---

46. Ibid. The Friend, 5/4/1938. Die Vaderland, 5/4/1938.

47. Ibid.

48. The Friend, 6/4/1938. Hoofartikel. Vergelyk ook Die Vaderland, 5/4/1938. Hoofartikel.

kyk. "Die Status en Seëlwette, die Naturellewette, die Vreemdelinge-immigrasiewet, die Boere-Bystandswet sal in ons geskiedenis bly staan as monumentale prestasies ....."[49] Teenoor die Opposisie se beleid van "anti-alles waaruit nie politieke munt geslaan kan word nie - 'n beleid van wanhoop, gedra op die vleuels van selfsug en haat,"[50] het genl. Hertzog die opbouingswerk van die Verenigde Party-regering gestel. Die slotsom waartoe hy geraak het, was: "Die resultate van samewerking as 'n Verenigde Party behaal, getuig tans tot oorvloed nie alleen hoe noodsaaklik dit toe was dat Vereniging sou plaasvind, maar ook eweseer, hoe noodsaaklik dit vandag is dat die Regering van die land sal rus op die skouers van 'n Verenigde Party geïnspireer deur 'n verenigde volk."[51]

Besondere kenmerke van al genl. Hertzog se verkiesingstoesprake was sy veroordeling van die Nasionale Party in die bitterste moontlike woorde en sy venynige aanvalle op die leierspersoonlikhede van die Nasionale Party, sy wapenbroers van weleer. "Die Gesuiwerde beleid is vanaf sy ontstaan nog steeds in gebreke gebly om 'n beleid van sy eie gegrond op beginsels, of op die een of ander nasionale doel te formuleer. Die sogenaamde beleid van die Gesuiwerde Party bestaan uit niks meer as uit propagandabewerings en stellinge oor geleentheidsonderwerpe, of oor ondergeskikte sake en toestande van geïsoleerde

---

49. Die Burger, 6/4/1938. Die Transvaler, 6/4/1938.

50. Die Vaderland, 5/4/1938.

51. Ibid.

en tydelike aard - dit is slegs 'n lokaas om stemme te vang."[52] Die Burger het in genl. Hertzog se toespraak niks anders gesien as bloot die optrede van 'n uitgebakte politikus wat woedens is omdat sy opportunistiese spel nie daarin kon slaag om die Nasionale Party te vernieting nie.[53] Die Volksblad verklaar dat genl. Hertzog se toespraak gekenmerk is deur 'n stortvloed van skeldwoorde oor die Nasionale Party en grof persoonlike aanvalle op ou strydmakkers..... "'n uitskellery wat byna woordelik oorgeneem is uit die Sap-Unionistiese woordeskat van die laaste twintig jaar."[54] Met die aanvang van die verkiesingsveldtog was dit dus duidelik dat die stryd tussen die partye 'n ongekende hoogtepunt sou bereik, ook wat die persoonlike vètes betref.

Die belangrikste strydpunte waaroor die verkiesing gegaan het, kan die beste aan die hand van die Nasionale Party se verkiesingsmanifes bespreek word.[55]

In verband met die Buitelandse beleid en Verdediging het artikel een van die manifes soos volg gelui: "Die Party sal vashou aan sy beleid sedert 1914 verkondig, van nie-intervensie in buitelandse twiste en oorloë en sal ons verdediging inrig suiwer met die oog op ons eie veiligheid en die beskerming van ons neutraliteit." Die gespanne internasionale toestand na aanleiding van die Oostenrykse Anschluss-kwessie en Hitler se byna gelykty-

---

52. Die Burger, 6/4/1938. Die Transvaler, 6/4/1938.
53. Die Burger, 6/4/1938. Hoofartikel.
54. Die Volksblad, 6/4/1938. Hoofartikel.
55. Die Nasionale Party se Verkiesingsmanifes. Algemene Verkiesing 1938.

dige aankondiging waarin hy aanspraak gemaak het op alle voormalige Duitse kolonies, het die neutraliteitsvraagstuk tydens die algemene verkiesing sterk op die voorgrond laat tree.[56]

Dr. Malan en ander Nasionaliste het by verskeie geleenthede hierdie vraagstuk te berde gebring en geëis dat die Regering amptelik moet verklaar of Suid-Afrika neutraal sou bly indien Engeland in 'n oorlog betrokke sou raak. Aan hierdie versoek van die Nasionaliste is nie gehoor gegee nie, alhoewel dit tydens die verkiesing duidelik geblyk het dat Regeringwoordvoerders hieroor ernstig verdeeld was.

Genl. Smuts het op 'n reeks vergaderings beklemtoon dat die Unie as 'n onafskeidbare en onvervreembare deel van die Britse Ryk moreel verplig is om Brittanje op elke gebied van internasionale optrede te ondersteun. Die regering sou volgens hom sorg dat Suid-Afrika gereed is om te voldoen aan die toenemende eise wat deur sy strategiese belangrikheid gestel word en sou die Simonstadooreenkoms beslis instand hou.[57]

Op 'n vergadering in Oos-Londen het genl. Smuts onomwonde verklaar: "Ons sal Engeland help in 'n oorlog."[58] Kol. D. Reitz het in Johannesburg gekonstateer: "Ek is oortuig daarvan dat as Engeland in gevaar kom, ons dieselfde rigting sal inslaan as in 1914."[59] Min. F.C. Sturrock het die seël op die Unioniste kreet geplaas deur te sê: "Die Unie sal vir

---

56. Die neutraliteitsvraagstuk word in die volgende hoofstuk bespreek.

57. Die Burger, 28/4/1938. Verslag van sy toespraak in Kaapstad.

58. Die Burger, 4/5/1938.

59. Die Burger, 10/5/1938.

Engeland help, deur die verdediging van sy vlootbasis afgesien van wat die gevolge vir hom mag wees."[60] Genl. Smuts het selfs so ver gegaan om te beweer dat: "Die Nasionale Party praat oor die beskerming wat die Britse vloot ons bied, soos kranksinniges, soos kinders, soos mense wat in gestigte vir sielsiekes moet wees."[61] Laasgenoemde uitlating was kenmerkend van die venyn wat politici se verkiesingstoesprake deursuur het.

Hierdie openlike verklarings van genl. Smuts en min. Sturrock het geen twyfel gelaat dat Suid-Afrika nie op neutraliteit sou kon aanspraak maak indien Engeland weer eens in 'n oorlog betrokke sou raak nie. Tog was daar binne die Verenigde Party-geledere onenigheid oor hierdie vraagstuk. Genl. Hertzog het in 'n groot mate die stilswye bewaar want volgens hom sou die Parlement daaroor besluit indien die saak hom sou voordoen. Ook min. O. Pirow het in Pretoria gesê dat indien oorlog in Europa sou uitbreek, die Unie nie die minste daardeur geraak sou word nie.[62] Daarom het dr. Malan die Regeringsparty as 'n uiterlike eenheid beskou wat innerlik te allesomvattend was om koers te hou. "Die Verenigde Party is innerlik so verdeeld en verrot dat hy op een of ander tyd inmekaar moet sak."[63]

---

60. Ibid.

61. Die Burger, 22/4/1938. Verslag van sy toespraak op Trompsburg.

62. Die Burger, 11/5/1938.

63. Die Burger, 13/5/1938. Die Transvaler, 13/5/1938. Verslag van sy toespraak op Stellenbosch.

Onafskeidbaar verbonde hiermee was die tweede punt van die Nasionaliste se verkiesingsmanifes wat die republikeinse strewe pertinent gestel het, naamlik: "Die stigting van 'n republiek afgeskei van die Britse Kroon en Ryk is en bly die doelwit van die Party se strewe." Verder het dit verklaar dat so 'n konstitusionele verandering alleen totstand gebring sal word ingevolge 'n spesiale en besliste opdrag van die volk. Dr. Malan het veral laasgenoemde stelling beklemtoon toe hy die manifes amptelik aangekondig het. Op sy eerste vergadering in Transvaal, naamlik Rustenburg, het hy 'n kragtige uiteensetting van die republikeinse strewe van sy party gegee en die onderlinge verskil tussen die twee partye duidelik aangetoon. Die Verenigde Party strewe deurgaans vir die behoud van konstitusionele bande met Engeland in teenstelling met die Nasionale Party se beleid van 'n republiek, afgeskei van die Britse Ryk.[64] Alhoewel die republikeinse gedagte nie een van die grootste verkiesings strydpunte was nie, is dit tog herhaaldelik na vore gebring en dit het vir sommige Regeringswoordvoerders 'n gunstige platform gebied om dr. Malan se persoon as "oortuigde" Republikein aan te val. Dr. Malan het dit egter duidelik gestel toe hy op Vryheid verklaar het dat die kwessie van 'n republiek nie by dié algemene verkiesing betrek word nie. "Die Republiek moet bo die partypolitiek gehou word en moet deur die volkswil gebring word ..... As 'n persoon wat anti-

---

64. Die Transvaler, 26/4/1938.

republikeins is vir die Nasionale Party stem terwille byvoorbeeld van sy kleurbeleid of Joodse beleid, dan sal daardie stem nie misbruik word nie. Oor die republiek sal afsonderlik gestem word."[65] Die beginsel dat die blanke bevolking van Suid-Afrika eers genoegsaam vir hierdie ideaal opgevoed moet word, het dus nog gegeld. In hierdie toespraak het dr. Malan hom in besonderheid tot die Engelssprekende bevolkingsgroep gerig toe hy duidelik uiteengesit het dat die Nasionale Party beleid nie anti-Engels georiënteerd is omdat hul 'n eie republiek en volkslied wil hê nie, maar slegs pro-Suid-Afrikaans. Dit sluit ook alle Engelssprekendes in en 'n republiek sal alleen die twee bevolkingsgroepe nader aan mekaar kan bring. Genl. Hertzog het veral sterk teen die republikeinse beginsel te velde getrek. Dit is reeds vroeër beklemtoon dat hy sy republikeinse verlede gerepudieer het. Dit was trouens "jeugdige sothede" en "alleen 'n dwaas kan vir 'n republiek wees," het hy op Boshof gesê.[66] Gevolglik het genl. Hertzog in sy toespraak op Smithfield die Nasionaliste se republikeinse beleid beskryf as: "..... 'n stuk "Gesuiwerde" propaganda waarmee hul besig is om te smous met die republikeinse sentiment van die Afrikaner .... en uit te buit tot eie politieke eer en voordeel."[67] Genl. Hertzog het in besonder ook verwys

---

65. Die Burger, 30/4/1938.

66. Die Burger, 21/4/1938.

67. Die Vaderland, 5/4/1938. Die Burger, 6/4/1938. Die Transvaler, 6/4/1938.

na oud-regter F.W. Beyers as die "swart skaap onder die Gesuiwerde trop." Laasgenoemde, sou volgens hom, toe hy iets vir 'n republiek kon gedoen het, Transvaal tydens die Tweede Vryheidsoorlog verlaat het om na Kaapstad "te vlug."[68] Die Eerste Minister se toesprake was veral ook gekenmerk deur die "waar was jy" vraag aan dr. Malan as hy die republikeinse beginsel van die Nasionale Party bespreek het. Dr. Malan het by verskeie geleenthede hierdie aanvalle op sy persoon dat hy 'n "verraaier" was toe daar vir 'n Republiek geveg is, sterk afgekeur.[69] Op 'n vergadering te Boksburg het hy genl. Hertzog se anti-republikeinse veldtog in die Vrystaat as 'n skitterende oorwinning vir genl. Smuts as uitgesproke anti-republikein beskou.[70] "Die toesprake van genl. Hertzog in die Vrystaat het geopenbaar dat die ou Hertzog dood is, en die Hertzog van vandag ken ons nie ..... Vandag het genl. Hertzog vergeet hoe hy in die Nasionale Party gestreef het na 'n republiek. Hierdie prysgewing van Nasionale ideale is die prys wat samesmelting die Afrikaner kos."[71] Adv. F.C. Erasmus het hierdie houding van genl. Hertzog diep betreur toe hy gesê het: "Groter bitterheid as in die ou dae van die S.A.P. tydperk kenmerk hierdie stryd ..... Daar is groter bitterheid in die hart van die Eerste Minister as wat genl. Hertzog teenoor die

---

68. Ibid. Vergelyk ook Die Burger, 22/4/1938 wat genl. Smuts hieroor gesê het.

69. Die Burger, 27/4/1938. 29/4/1938. 3/5/1938.

70. Die Transvaler, 29/4/1938.

71. Die Burger, 13/5/1938. Die Volksblad, 14/5/1938. Verslag van dr. Malan se toesprake te Stellenbosch en Worcester.

ou S.A.P. in hom omgedra het."[72] Genl. Smuts het prontuit in Kaapstad verklaar dat republikeine in die Verenigde Party onwelkom is en die minister van landbou, kol. D. Reitz het beweer: "Daar is geen werklike Republikanisme in die Verenigde Party nie."[73] Die strydvraag oor republikanisme het nie soseer gegaan oor die beginsels van die saak nie, maar is meer en meer op persoonlikhede toegespits. So onder andere het dr. N.J. van der Merwe vir mnr. N.C. Havenga gekritiseer oor sekere onwaarhede wat laasgenoemde in 'n pamflet kwytgeraak het, naamlik dat die Nasionaliste nie die republikeinse strewe tot 'n strydpunt wil maak nie omdat hulle daardeur hoop om 'n aantal Engelssprekende stemme te trek.[74]

Die derde artikel van die Nasionaliste se verkiesingsmanifes het oor die politieke en ekonomiese selfstandigheid van die Unie gehandel. Dit het bepaal dat die volgende konstitusionele ongerymdhede afgeskaf sal word, onder andere die reg van appél na die Geheime Raad, Britse onderdaanskap, die hersiening van die nasionaliteitswette en die daarstelling en erkenning van 'n eie Suid-Afrikaanse volkslied.

Dr. Malan het op verskillende vergaderings aangetoon hoe genl. Hertzog van die nasionale koers afgedwaal het ten opsigte van sy standpunte teenoor die kapitaliste, die "sir"-skap vir die Goewerneur-generaal, die volksliedkwessie en die onderhorig-

---

72. Die Burger, 27/4/1938.

73. Die Burger, 28/4/1938. 3/5/1938.

74. Die Burger, 2/5/1938.

heid van die Unie se regspraak aan Brittanje.[75] Dit was egter nie slegs genl. Hertzog wat 'n metamorfose van persoonlikheid ondergaan het nie, maar ook wel genl. Smuts, so het Malan betoog. Laasgenoemde het, volgens hom, onder die druk van die verkiesingsveldtog en die Dominiumparty nie geskroom om die masker af te ruk nie. "Hy is die ou Smuts van die Sap-Unionistiese Party, wat van die Dominium Party op geen punt verskil nie."[76] Hierdie sienswyse van dr. Malan word gestaaf deur genl. Smuts self toe hy in Kaapstad verklaar het dat die Britse onderdaanskap nooit afgeskaf sal word nie.[77] Dienooreenkomstig het min. R. Stuttaford op 'n vergadering te Claremont onomwonde verklaar:" So morsdood as wat republikanisme is, net so springlewendig is die Unie se bondgenootskap met die Empaaier en so onaantasbaar is die Britse Koningskap en Britse Onderdaanskap."[78]

'n Kenmerk van genl. Smuts se verkiesingsreise in Natal was veral sy beroep op die Dominiumparty-lede om by die Verenigde Party aan te sluit. Volgens hom het die Dominiumparty geen bestaansreg nie, want die Verenigde Party bied hulle 'n tuiste waarin hul ideale volkome uitgeleef kan word. So onomwonde het hy dit gedoen dat kol. Stallard, leier van die Dominiumparty hom feitlik beskuldig het dat hy sy party se politieke klere gesteel het.[79] Daarenteen het min. O. Pirow, min. N.C.

---

75. Die Transvaler, 26/4/1938. 28/4/1938 Die Volksblad, 14/5/1938.
76. Die Burger, 13/5/1938.
77. Die Burger, 28/4/1938.
78. Die Burger, 4/5/1938.
79. Die Volksblad, 13/5/1938. Hoofartikel.

Havenga en genl. Hertzog hul bes, veral in die Vrystaat, gedoen om die Nasionaliste te oortuig dat daar feitlik geen verskil tussen die Nasionale Party en die Verenigde Party is nie.[80] Die skynbaar roekelose verkondiging van onvervalsde imperialisme deur veral genl. Smuts en ander regeringswoordvoerders asook die dikwels teenstrydige verklaringe binne die Verenigde Party, het gaandeweg vir diegene wat die nasionale gedagte in Suid-Afrika wou uitleef, oortuig dat daar binne die Verenigde Party vir hul geen tuiste is nie. Dr. Malan het hierdie situasie raak omskrywe: "Genl. Smuts versamel vandag weer die ou party wat hy gehad het. Die Verenigde Party moet inmekaar sak en dan is genl. Smuts daar as erfgenaam van die insolvente boedel!"[81]

Die Joodse vraagstuk is ook as 'n verkiesingstrydpunt opgehaal. Die Nasionale Party beleid met betrekking tot die Jodedom is reeds voor die algemene verkiesing duidelik geformuleer.[82] Die Nasionaliste se verkiesingsmanifes het bepaal: "Terwyl die Party in die algemeen die immigrasie van geskikte, assimileerbare, blanke elemente verwelkom, sal hy met die oog op Suid-Afrika se spesifieke probleme maatreëls neem om verdere immigrasie van die Jode te beëindig."[83] Nasionale sprekers het in hoofsaak aangevoer dat die Vreemdelinge-wetsontwerp van die

---

80. Ibid.

81. Die Volksblad, 14/5/1938. Verslag van sy toespraak te Worcester.

82. Raadpleeg hoofstuk V in dié verband.

83. Die Nasionale Party se Verkiesingsmanifes. Artikel IV.

Regering nie daarop ingestel is om juis die instroming van Jode te verbied nie. "As 'n mens die oostewind wil keer, gebruik jy nie 'n sif nie,"[84] het Malan op Vryheid gesê. Dit was uiters noodsaaklik dat sekere beroepe en professies vir die Afrikaner deur wetgewing verskans moet word om hom sodoende te beskerm teen Joodse konkurrensie in die handel en nywerheid, maar dit kon die Regering nie doen nie, omdat hy te veel van Joodse ondersteuning afhanklik was.[85] Verenigde Partysprekers het dan ook onomwonde verkondig dat hul party die enigste ware tuiste vir die Jood in Suid-Afrika bied. "Die Verenigde Party is die enigste party waarin die Jode kan tuis voel en wat die aspirasies van die Joodse gemeenskap uitvoer,"[86] het dr. H. Gluckman op 'n vergadering in Yeoville verklaar. Adv. R. Blackwell wat ook op dié vergadering 'n spreker was, het verklaar dat sy Joodse ondersteuners hom verseker het dat hy nie net die meerderheid van die Joodse stemme in Kensington sal kry nie, maar honderd persent daarvan.[87] Weer eens het bogenoemde verklarings aangetoon in hoe 'n groot mate die beleidsrigtinge van die twee party uiteengeloop het en het die verdeeldheid tussen die twee hoofpartye al hoe meer intens geword namate die verkiesingstryd gevorder het. Dit was dan ook heel duidelik dat die Nasionaliste met hul uitgesproke anti-Joodse beleid nie op een Joodse stem sou kon reken nie, terwyl die

---

84. Die Transvaler, 30/4/1938. Vergelyk ook Die Burger, 3/5/1938.

85. Ibid.

86. Die Transvaler, 29/4/1938.

87. Ibid. Vergelyk ook Genl. Smuts se toespraak in Doornfontein. Die Transvaler, 14/4/1938.

Regeringsparty alles in sy vermoë gedoen het om die stemkrag van die Joodse bevolkingsgroep op hom te verenig.

Die belangrikste strydvraag waarom die verkiesing egter gewentel het, was ongetwyfeld die kleurvraagstuk. Dit was dan ook die Achilleshiel in die Regeringsbeleid veral weens die onderlinge verskille daaroor en die Nasionaliste het dit tot groot voordeel, veral by plattelandse gehore, benut. Ten opsigte van die naturellevraagstuk het die Nasionale Party se verkiesingsmanifes onder meer bepaal dat die bestaande Naturelle-wetgewing in verband met naturellestemreg vir die Volksraad en die Kaaplandse Provinsiale Raad afgeskaf sal word; dat die grootskaalse aankoop van naturellegronde deur die Staat beëindig moet word; dat die segregasie-beginsel op politieke, maatskaplike en ekonomiese gebied konsekwent deurgevoer moet word. Die Nasionale Party het onderneem om wetgewing in te dien in verband met (a) aparte woonbuurtes, vak-organisasies, werksterreine, (b) vir die voorbehoud van werkverskaffing in bepaalde rigtings vir blanke arbeid, (c) aparte verteenwoordiging in wetgewende liggame vir die stemgeregtigde Kaapse Kleurlinge en (d) die uitbreiding van die Ontugwet van 1926 tot alle nie-blankes; die verbod op gemengde huwelike en van die indiensneming van Blankes deur nie-blankes.

Hierdie duidelik omlynde Naturelle-beleid van die Nasionale Party was vir genl. Hertzog 'n toonbeeld van "troubreuk" en 'n "skandvlek op die goeie naam van die witman in Suid-Afrika; te meer wanneer in aanmerking geneem word dat wat hulle nou besig is om aan die naturelle te onthou, niks minder is as wat

aan die naturelle verskuldig is....."[88] het hy op Smithfield gesê. Genl. Hertzog het tot die slotsom geraak dat dié beleidsverklarings van die Nasionaliste berus op roekelose en ligsinnige beloftes aan die deel van die bevolking waarmee hul hoop om die meeste stemme te vang.[89]

Die beleid van die Nasionale Party oor die kleurvraagstuk is hierbo reeds bespreek.[90]

Die Nasionale oproep tot die breë kiesersmassa het veral die behoud van die blanke beskawing in Suid-Afrika vooropgestel. So onder andere het dr. Malan op 'n reuse vergadering te Heilbron verklaar: "Daar is net een manier om die blanke beskawing in Suid-Afrika te beveilig, en dit is om die segregasiebeginsel konsekwent deur te voer, nie alleen tussen blank en naturel nie, maar tussen blank en nie-blank .... Dis alleen die Nasionale Party wat sulke sake kan aanpak en wat kan verseker dat Suid-Afrika 'n witmansland bly."[91] In hierdie verband is veral veel gemaak van gemengde huwelike. Dr. K. Bremer het te Richmond 'n ernstige waarskuwing tot die kiesers gerig oor die vraagstuk van gemengde huwelike en 'n beeld geskets van die onmagtigheid van die Regering om as gevolg van innerlike verdeeldheid, die vraagstuk deur wetgewing te bekamp.[92]

---

88. Die Burger, 6/4/1938. Die Transvaler, 6/4/1938. Hoofartikel.

89. Ibid.

90. Raadpleeg hoofstuk V.

91. Die Burger, 3/5/1938. Vergelyk ook sy toespraak op Pretoria, Die Transvaler, 28/4/1938.

92. Die Burger, 10/5/1938. Vergelyk ook Die Burger, 29/4/1938 met betrekking tot Dr. T.E. Dönges se toespraak oor gemengde huwelike.

Die Nasionale politici het nou ook van hierdie gulle geleentheid gebruik gemaak om van die politieke platform die onvermoë van die Regering om die kleurvraagstuk op te los, sterk aan te val. Adv. J.G. Strijdom het op Nylstroom gesê: "Die Verenigde Party se naturellebeleid sal die Afrikaner weer Nasionalis maak."[93]

In die twee maande wat die verkiesing voorafgegaan het, het nasionale dagblaaie dikwels op sensasionele wyse die kleurgevaar en die bedreiging wat dit vir die blankedom ingehou het, uiteengesit. Die Transvaler het in 'n reeks artikels en berigte die euwels van gemengde huwelike breedvoerig uiteengesit.[94] Daar is onder meer aangehaal dat in 'n voorstedelike laerskool in die Kaapse Skiereiland een derde van die sewehonderd leerlinge die produk van gemengde huwelike is.[95] Amptelike statistieke het die aantal gemengde huwelike vir die tydperk 1926-1937 op 1 072 gestel.[96] Die Voortrekkerpers in Transvaal het 'n verkiesingsplakkaat oor gemengde huwelik gepubliseer wat soos 'n bom sou ontplof het. Die besondere plakkaat het 'n blanke vrou met 'n swart baba en 'n gekleurde vrou met 'n blanke baba daarop vertoon. Dit was trouens 'n voorstelling van die gevolge van 'n gemengde huwelik. Die opskrif het gelui: "Die hoop van Suid-Afrika spreek tot U en sê: Stem vir die Nasionale Party en beskerm my volk en my nageslag teen Gemengde Huwelike wat

---

93. Die Transvaler, 23/4/1938.

94. Die Transvaler, 4/5/1938. 5/5/1938. 6/5/1938. 7/5/1938. 9/5/1938. 10/5/1938. 11/5/1938.

95. Die Transvaler, 13/5/1938.

96. Die Burger, 9/5/1938. Hoofartikel.

die Verenigde Party nie wil belet deur Wetgewing nie."[97] Die Verenigde Partypers het heftig hierteen beswaar aangeteken omdat hierdie voorstelling glo die blanke vrou se eer aangetas het. The Friend het onder andere in 'n hoofartikel opgemerk: "The Malanite mixed-marriage poster..... will rankle deep in the memory of many South Africans long after the election itself is forgotten."[98] Daarenteen het Die Burger verklaar: "Wat 'n mens ook al van die plakkaat mag dink, die werklikheid is nie minder afgryslik nie as die beweerde voorstelling op die plakkaat nie."[99] Die Volksblad was dit ook eens toe dit opgemerk het dat die vretende kanker van gemengde huwelike uit die volkslewe uitgesny moet word, maar die Regering is te papbroekig en te innerlik swak om dit te doen en al wat vir hulle oorbly, is om teen die plakkaat te protesteer om sodoende hul eie swakheid te verdoesel.[100] Dat die Regeringspers hierdie plakkaat tot voordeel vir hulself uitgebuit het, is nie te betwyfel nie. Min. Pirow het onder andere op 'n vergadering 'n beroep op die blanke vrouekiesers gedoen om ernstig hierteen te protesteer en 'n Verenigde Party-organiseerder het dit aan Die Transvaler gestel: "Nou het julle 'n politieke fout gemaak. Ons gaan dit uitbuit en met niks anders veg tot by die verkiesing nie."[101] Vervolgens het Die Suiderstem, die Afrikaanse

---

97. Die Transvaler, 6/5/1938.

98. The Friend, 4/5/1938. 7/5/1938. 12/5/1938. 19/5/1938. Hoofartikel.

99. Die Burger, 5/5/1938. Hoofartikel.

100. Die Volksblad, 4/5/1938. Hoofartikel.

101. Die Transvaler, 6/5/1938.

Regeringsblad in Kaapstad, sy eie voorstelling van die Transvaalse plakkaat publiseer en hierteen het Die Burger ernstig beswaar aangeteken. Laasgenoemde het onder meer geskryf dat dit "'n valsheid is dat op die plakkaat 'n aantreklike jong boere-nooi voorgestel word as getroud met 'n naturel. Wel vertoon dit 'n aantreklike boere-nooi wat 'n beroep op haar volk doen, en dan 'n skets waarop 'n naturel en 'n verwaarloosde blanke vrou, met 'n blanke en gekleurde kind, voorgestel word."[102] Ongeag die verskillende interpretasies van die plakkaat was dit 'n sprekende bewys tot welke laagtepunt hierdie verkiesingstryd gedaal het. Blanke vrouekiesers het selfs protesoptogte teen en vir die plakkaat geloods. Op talle vergaderings regdeur die land het Nasionale vroue protesteer teen die wyse waarop die Verenigde Party die werklikheid van die plakkaat tot sy eie politieke voordeel wou uitbuit.[103] Binne Verenigde Party-kringe het soortgelyke protesvergaderings gevolg, alhoewel met die teenoorgestelde motief. Op 'n vergadering wat dr. Malan en adv. Beyers in Bethulie toegespreek het, het hy soos volg geantwoord op 'n vraag of die kleurplakkaat van die Nasionale Party nie 'n beskuldiging teen die Afrikanermoeder is nie: "Nee, dit is 'n beskuldiging teen die Verenigde Party, wat in plaas van die gevaar van gemengde huwelike af te weer, te velde trek teen 'n plakkaat."[104]

---

102. Die Burger, 10/5/1938. Die Transvaler, 13/5/1938. Hoofartikel.

103. Die Burger, 11/5/1938. Die Transvaler, 11/5/1938.

104. Die Burger, 9/5/1938. Vergelyk ook Die Volksblad, 14/5/1938. Verslag van sy toespraak op Worcester.

Dit is moeilik om te bepaal wat die werklike invloed van die kleurplakkaat op die algemene breë kiesersmassa was. Te oordeel na die reaksie wat dit, veral onder die blanke vroue-kiesers gehad het, ontstaan die vraag onwillekeurig of die Nasionale Party in Transvaal hiermee nie 'n taktiese flater begaan het nie. Die uitslag van die verkiesing in Transvaal kan moontlik 'n aanduiding wees in hoeverre die Nasionaliste hul saak bevoor- of benadeel het.

Op die laaste vergadering wat dr. Malan op Piketberg voor die verkiesing toegespreek het, het hy weer eens die tragiese gevolge van gemengde huwelike en sosiale vermenging tussen Blank en Nie-Blank geskets.[105] Hierdie toespraak het so 'n geweldige beroering onder die aantal kleurlingaanwesiges veroorsaak dat 'n grootskaalse bakleiery op die vergadering ontstaan het. Trouens dit het 'n algemene kenmerk van vele politieke vergaderings geword dat die gehoor handgemeen geraak het.

Benewens gemengde huwelike het die Nasionale Party die Regeringsbeleid ten opsigte van naturelle- en kleurlingstemreg sterk aangeval. Die onvermoë van die Verenigde Party om die beleid van politieke segregasie konsekwent deur te voer, was vir die Nasionale Party 'n uiters doeltreffende verkiesingsmiddel. Genl. Hertzog se uitsprake op verskillende vergaderings dat stemreg in die toekoms ook aan kleurlingvroue gegee sou word,

---

105. Die Burger, 18/5/1938.

was soos vet in die Nasionaliste se vuur. Hy het egter die voorbehoud gestel dat dit eers sou geskied wanneer die Kleurling dieselfde beskawingspeil as die Blanke bereik het en selfs dan sou dit slegs in individuele gevalle geskied. Min. N.C. Havenga het na aanleiding van 'n vraag van dr. N.J. van der Merwe op 'n vergadering te Senekal erken dat hy en genl. Hertzog nog staan by wat hulle in 1928 gesê het, naamlik om ook die stemreg aan die kleurlingvrou te gee.[106]

Die Nasionale Party het daarenteen die gevaar van sô 'n beleid beklemtoon. Dr. Malan het onder andere gesê dat die Verenigde Party voorgee dat die Bantoe-stemreg van die algemene kiesersiyste verwyder is omdat dit glo in dertien kiesafdelings die deurslag kon gee, maar daar is 28 000 kleurlingkiesers wat in agt-en-dertig kiesafdelings in Kaapland die deurslag kan gee.[107] In plaas van aparte verteenwoordiging in hierdie opsig teen te staan, was die Verenigde Party nie alleen ten gunste daarvan dat die Kleurling op dieselfde kiesersiys as die Blanke moet bly nie, maar hy het selfs sy kleurlinglede en blankelede by partynominasies in een en dieselfde lokaal laat stem.[108] Daarenteen was die segregasie-beginsel van die Nasionale Party tussen Blank en Nie-Blank op politieke, maatskaplike en ekonomiese gebied onversoenbaar met die Regeringsbeleid van politieke maar nie maatskaplike gelykheid nie. Die Nasionaliste was bevrees dat geheel die kleurbeleid van die Regering ook sou lei tot gelyk-

---

106. Die Burger, 2/5/1938.
107. Die Transvaler, 26/4/1938. Die Volksblad, 14/5/1938. Verslag van sy toesprake op Rustenburg en Worcester.
108. Die Burger, 4/3/1938. Hoofartikel.

stelling op ekonomiese en maatskaplike gebied tussen Blank en Nie-Blank, want om 'n definitiewe lyn tussen politieke en maatskaplike gelykheid te trek, was onmoontlik. Op die lange duur moes dit 'n proses van algehele gelykmaking in die hand werk wat die ondergang van die blanke beskawing sou meebring. Daarom het die Nasionale Party hom as die enigste waarborg vir 'n blanke Suid-Afrika gestel en die enigste wat die volk van 'n vergroting en verergering van die kleurvraagstuk kon red.[109]

Kort voor die verkiesing het dr. Malan weer in 'n oproep tot die kiesers die volslae onmag van die Regering geskets om Suid-Afrika as 'n "witmansland" te beskerm en te beveilig, ..."met sy botte weiering om die segregasiebeginsel deur te voer tot aparte politieke verteenwoordiging vir kleurlinge, en met sy uitgesproke beleid om in sommige opsigte selfs op die bestaande politieke segregasie terug te gaan, is die Smeltersparty vir Suid-Afrika niks minder as 'n politieke gevaar nie."[110] Vandaar die Nasionale kreet: "Stem Nasionaal indien u Suid-Afrika blank wil hou."

Ook die beleid van die Regering met betrekking tot die aankoop van naturellegronde en die ontwikkeling van naturelleskemas, het die kritiese aandag van die Nasionaliste geniet. Dr. Malan het bogenoemde beleid as 'n daadwerklike verwaarlosing van en diskriminasie teen die blanke landelose bevolking beskrywe.[111] In 'n

---

109. Die Volksblad, 19/4/1938. Hoofartikel.

110. Die Burger, 12/5/1938.

111. Ibid. Vergelyk ook Die Transvaler, 29/4/1938.

vlugskrif, Waarom u Nasionaal moet stem, het die Nasionale Party aangetoon dat die Regering binne vyf jaar ongeveer £10 miljoen gaan spandeer om gronde vir Naturelle aan te koop en die Blankes wat betref die aankoop van grond vir hulle skromelik sou afskeep: "Nog verlede jaar het 1 138 Blankes aansoek gedoen om grond onder artikel 11 van die Nedersettingswet te koop. Daarvan is net 108 se applikasies toegestaan en 1 030 is geweier."[112] Verder is aangehaal dat die Regering 8 000 morg van die Vaalhartz-besproeiingskema gratis vir die Naturelle besproei terwyl dit die blanke bevolking £120 per morg kos om die water daar te bring.[113] Die Transvaler het bereken dat aan naturellelandbou-ontwikkeling en naturelle-onderwys gesamentlik 'n totaal van £2 522 611 vir een boekjaar bestee is.[114] Indien die inkomste van die naturelle-belasting hiervan afgetrek word, laat dit 'n oorskot van £1 496 611 per jaar wat die blanke belastingbetaler moet voorsien. Laasgenoemde bedrag het egter niks te doen met die £10 miljoen wat boonop vir die aankoop van naturellegrond bestee word nie.[115] Daarteenoor staan die uitgesproke beleid van die Nasionale Party om enersyds onmiddellik aan hierdie buitengewone "verkwisting" 'n einde te maak en om andersyds daadwerklik in die behoeftes van die blanke beskawing te voorsien.

---

112. J.J. Haywood., Waarom u Nasionaal moet stem. Vlugskrif.

113. J.J. Haywood., Grondverskaffing aan Naturelle: Die Twee beleide. Pamflet. p.1. Vergelyk ook Die Volksblad, 6/4/1938. Die Burger, 11/5/1938.

114. Die Transvaler, 1/4/1939.

115. Ibid.

Verkiesingstrydpunte wat ten nouste met die kleurvraagstuk saamgehang het, was die landbou-armblankevraagstuk en die algemene beleid van ekonomiese hervorming wat die Nasionale Party voorgestaan het. Met betrekking tot die landbouvraagstuk het die reeds bekende beleid van die Nasionaliste in breë bepaal dat die party belowe om die boerebedryf kragdadelik te ondersteun en te beskerm, deur die uitvoering van 'n Verband-las-aflossings- en rentesubsidie-skema; doeltreffende maatreëls vir die bemarking van landbouprodukte en die beveiliging van die binnelandse markte teen nadelige mededinging van buite.
Dr. Malan het by verskeie geleenthede na die "ekonomiese hulpmiddels" van die Regering en sy onvermoë om die boerderybedryf op 'n gesonde grondslag te plaas, verwys. Die enigste en doeltreffende oplossing en redmiddel vir die boer en die arm man was volgens hom die verwydering van die verband-las op oorgekapitaliseerde plase, 'n doeltreffende bemarkingskema en laer skeepsvragtariewe na buitelandse markte. Veral met betrekking tot laasgenoemde het Nasionaliste kragtig beklemtoon dat dit die groot euwel is wat meebring dat die pryse van in- en uitvoerprodukte menigmaal op onbestaanbare peil vasgestel word. Sodanige monopolie, het hulle geredeneer, moet verbreek word deur die ontwikkeling van 'n eie handelsvloot.
Vervolgens het dr. Malan verklaar: "Ons uitvoerders sit vandag in die wurggreep van die skeepsvaartmonopolie van die Union-Castle-linie. Dit is alleen 'n Nasionale regering wat nie afhanklik is van die steun van die imperialiste nie,

wat daardie skeepsvaartmonopolie kan breek."[116] Op 'n vorige geleentheid het hy die Regering se maatreëls wat aangewend is vir die herstel van die boerderybedryf as 'n wrede sinsbedrog beskryf. Met die verkiesing wat op hande is sal: "Suid-Afrika moet kies of hy sy boere-stand, wat altyd die rotsfondament en die krag van sy volksbestaan was, in hul selfstandigheid en hul selfrespek wil herstel of anders hul tot ekonomiese en geestelike slawerny verdoem wil sien."[117] Adv. E. Louw het in verband hiermee gesê dat die Regering nie iets van standhoudende aard vir die boere en die gemiddelde man kan doen nie, want dan bots hulle met die mynmagnate en die kapitalistiese seksie in hul party wat dit uitmekaar sal laat spat.[118]

Met betrekking tot die armblankevraagstuk het Nasionale sprekers beklemtoon dat die deel van die bevolking wat die grootste gros van die ongeskoolde werkersklas uitmaak van owerheidskant geheel en al onbeskermd in die nywerheid en industrieë gelaat word. Dit was vir hulle die grondliggende oorsaak van die armblanke-probleem en daar was slegs een manier om dié proleem op te los naamlik deur wetgewing wat sou bepaal dat sekere beroepe slegs vir Blankes beskerm en verskans sou word. Dit alleen sou die ongeskoolde werkers van 'n behoorlike werk en loon verseker. Daarom het dr. Malan dit kragtig beklemtoon: "Die blanke man word ten gunste van goedkoper

116. Die Burger, 18/5/1938. Verslag van sy toespraak op Piketberg. Vergelyk ook Die Transvaler, 17/5/1938. Adv. J.G. Strijdom se verkiesingsoproep.

117. Die Transvaler, 5/4/1938. Die Burger, 5/4/1938. Verslag van sy toespraak op Porterville.

118. Die Burger, 4/5/1938. Verslag van sy toespraak op Sutherland.

arbeid in die pad gesteek en na die agterbuurte gedryf. Jy kan alleen die arm man red deur die Nasionale Party se beleid van 'n kwota toe te pas .... Dan kan jy ook 'n einde maak aan die wegtrek van plaasarbeiders."[119] Deur die Regering se weiering om die ongeskoolde blanke arbeider doeltreffend te beskerm, aldus dr. Malan, stel hy sy volslae onmag ten toon om die armblankevraagstuk in sy wortels te raak. Daardeur het die Regering rasseverhoudinge geskep waarvoor Blankes en Nie-Blankes, ieder op sy manier in die toekoms swaar sou moes boet. "Deur 'n gedetermineerde groep van ou Unioniste en Liberaliste gedomineer, staan die ruggraatlose Smeltersparty in Suid-Afrika al vinniger na die afgrond - alleen die duidelike en vaste beleid van die Nasionale Party kan ons volk red,"[120] was Malan se slotsom.

Ooreenkomstig die Nasionale Party beleid het die hele ekonomiese struktuur van die land aan talle gebreke mank gegaan. In besonder het die Nasionaliste te velde getrek teen die spandabelrigheid en die verkwisting van die belastingbetaler se geld deur die Regering. Voorbeelde wat van Nasionale kant aangehaal is, het onder meer ingesluit: die £20 000 wat vir die besoek van prins George bestee is, die bou van 'n "paleis" van £25 000 vir genl. Hertzog, die geweldige verhoging van regters se salarisse terwyl die arm en die gewone amptenare niks ontvang het nie.

---

119. Die Burger, 5/4/1938. 18/5/1938. Verslag van sy toesprake te Porterville en Piketberg.

120. Die Burger, 12/5/1938. Dr. Malan se verkiesingsboodskap.

Die Regering het onder meer £8 miljoen oorlogskuld aan Engeland betaal wat nie nodig was omdat ander lande, Engeland, Duitsland, Italië en Frankryk ooreengekom het om nie verdere oorlogskulde te betaal nie. Hierdie daad is deur die Nasionale Party ten sterkste afgekeur as in stryd met die volksbelang. "Geen Regering wat, 'Suid-Afrika eerste' in die praktyk handhaaf, sou Brittanje op dié wyse bevoordeel en die Unie-belange so veronagsaam het nie,"[121] het Die Burger verklaar. Nasionale kritiek het onder andere ook betrek die uitgawes verbonde aan Ministers se besoeke oorsee, die blanke belastingbetaler wat £960 000 moet betaal vir die 8 000 morg besproeiingsgrond wat gratis aan die Naturelle verskaf word.[122] Adv. Louw het op 'n vergadering te Springfontein verklaar dat hierdie optrede van die Regering toe te skrywe is aan die feit dat: "..... die Regering word beheer deur Unionistiese en kapitalistiese belange en die volk moet ly ..... Kenmerkend van hierdie Regering is dat hy skynbaar nie belang het by die klein man nie. Dink aan die klein boer, die laagbetaalde staatsamptenaar en spoorwegwerker."[123]

In teenstelling met hierdie wanbestuur het die "Gesuiwerdes" verklaar dat hulle sal sorg dat die opbrengste van die minerale rykdomme op 'n meer eweredige grondslag verdeel sal word en

---

121. Die Burger, 4/5/1938. Hoofartikel.

122. J.J. Haywood., Verkwisting sonder End. Vlugskrif.

123. E.H. Louw-versameling. P.V. 4. Koerantberig onbekend. Verslag van sy toesprake op Springfontein en Villiersdorp.

allermins sal toelaat dat die uitbuitery wat op grootskaal onder die huidige bewind plaasvind, sal voortduur.[124] Dr. Malan het dit duidelik gestel dat samesmelting die land miljoene gekos het tot voordeel van wisselkoersspekulante en die mynmagnate. "Samesmelting het gekos ons landskas waaruit die volk die moontlikheid van oplossing vir sy vraagstukke moes kry."[125] Die Nasionale standpunt het in hoofsaak daarop neergekom dat die reuse-profyte wat Suid-Afrika se goudmyne as gevolg van die afstapping van die goudstandaard gemaak het, aan die Regering 'n geleentheid geskenk het om die groot vraagstuk van verarming aan te pak en op te los. Hy het daardie kostelike geleentheid onbenut gelaat. In plaas daarvan het hy 'n beleid van verryking van die skatrykes en krummels vir die armes gevolg.[126] By geleentheid van sy grootste verkiesingsvergadering te Pretoria het dr. Malan veral beswaar gemaak teen aantygings in pamflette wat deur die Verenigde Party versprei is, onder andere dat indien die Nasionale Party ooit die bewind sou voer, die goudmynbedryf sal wegkwyn, kapitaal die land sal verlaat en Suid-Afrika bankrotskap in die oë sal staar. "Veral in 1924 is dieselfde argument gebesig. Dat dit weer gebruik word is 'n duidelike bewys dat die Smeltersparty voel dat hy op swak bene staan."[127] Adv. Louw het ook in rake beskrywende

---

124. Die Volksblad, 6/4/1938. Hoofartikel.

125. Die Volksblad, 14/5/1938. Die Burger, 5/5/1938. Verslag van sy toesprake te Worcester en Clocolan. Vergelyk ook Die Transvaler, 5/4/1938.

126. Die Burger, 3/5/1938. Hoofartikel.

127. Die Transvaler, 28/4/1938. Die Burger, 28/4/1938.

woorde hierdie "bloed en trane"-storie van genl. Smuts dat kapitaal die land sal verlaat, die vertroue geskok sal word en dat dit weer eens tot 'n depressie sal lei, weerspreek. Hy het enersyds verklaar dat genl. Smuts self nie hierdie "kaf" glo wat hy verkondig nie, want 'n depressie is slegs die gevolge van wêreld-ekonomiese toestande en geen kapitaal sal die Unie verlaat solank as wat goud sy waarde behou nie.[128] Dit is bloot taktiek van die Verenigde Party om vrees by die kiesers in te boesem en sodoende stemme te vang. Die Rand Daily Mail het hierdie vrees by sy lesers probeer inskerp toe dit kragtig beklemtoon het dat elke stem wat die Malaniete verwerf: "..... is a vote for economic insecurity - a vote for depression."[129] Die Volksblad het onder meer aangehaal dat Suid-Afrika ryk genoeg is om 'n welvarende bevolking te dra, maar omdat al die rykdom byna op een hoop gekonsentreer is, heers daar in hierdie rykste land ter wêreld, die grootste armoede en dit is alles te wyte aan sy kapitalistiese regering. "Suid-Afrika is daar om 'n gelukkige bestaan te bied aan die ganse volk .... en nie net aan die kapitaliste nie - dis die leuse van die Nasionale Party. Hierdie leuse gaan hy prakties uitleef sodra hy aan bewind kom."[130]

'n Opvallende kenmerk van die Nasionale Party se verkiesingsmanifes is hoe sterk die Party hom op die arbeidersgroep toege-

---

128. Die Burger, 12/5/1938. Verslag van sy toespraak op Beaufort-Wes.

129. Rand Daily Mail, 18/5/1938. Hoofartikel.

130. Die Volksblad, 6/4/1938. Hoofartikel.

spits het. Trouens Nasionaliste het herhaaldelik na hul Party verwys as die enigste Party wat die belang van die arm man en arbeider op die hart dra.

Die Nasionale Party se beleid het gevolglik bepaal dat alle salarisse en lone veral van die laerinkomste-groepe hersien en verbeter sal word. Die Party het die vasstelling van 'n minimum loon van agt tot tien sjielings per dag vir ongeskoolde en halfgeskoolde blanke arbeiders beoog. Trouens dr. Malan het plegtig belowe dat ondersoek ingestel sou word na verbeterde salarisskale vir staatsamptenare en spoorwegwerkers asook met betrekking tot die stygende lewenskoste sodra die Nasionale Party aan bewind sou kom.[131] Die tweetaligheidsbeginsel sal ook konsekwent toegepas word by aanstellings en bevorderings van staatsdiensamptenare. Die Nasionale Party het ook onderneem om meer doeltreffende mediese dienste vir arbeiders, beter pensioenskemas en 'n behoorlike nasionale behuisingskema in werking te stel.[132]

Die reaksie wat die Nasionaliste se verkiesingsmanifes ten opsigte van die algemene ekonomiese hervorming en met die klem op die arbeidersklasse, in Regeringsnuusblaaie ontlok het, was 'n duidelike bewys dat die Nasionale Party hier 'n baie sterk verkiesingsplank beet gehad het. Die Vaderland het byvoorbeeld in verskeie hoofartikels die "Gesuiwerde manifes" ontleed en

---

131. Die Burger, 28/4/1938. Verslag van Malan se toespraak in Pretoria.

132. Die Nasionale Party se Verkiesingsmanifes.

uitmekaar probeer skeur. In die breë het dit beweer dat die Nasionaliste hoegenaamd nie op die algemene ekonomiese beleid van die Regering kan verbeter nie. "Dit is een en al goedkoop nonsens. Dit is nie die skuim op 'n glas bier werd nie. Inderdaad, dit is vrot propaganda."[133]

Met al die bogemelde politieke argumente het die Nasionaliste 'n baie geslaagde veldtog van stapel gestuur wat die Smeltervesting tot in sy fondamente sou skud en dit is nie te betwyfel dat die "Gesuiwerdes" wel daarin geslaag het om tot talle oud-Nasionaliste binne die Regeringsparty deur te dring nie. Dr. Malan het in 'n persverklaring opgemerk dat veral een ding hom op sy verkiesingsreis in Transvaal getref het, naamlik dat daar so 'n groot stroom Afrikaners is wat by die geledere van die Nasionale Party aansluit.[134] Dit was volgens hom 'n duidelike bewys dat samesmelting misluk het en nie uit die hart van die volk gegroei het nie.

Die grootste aantal persone wat as groep die Verenigde Party verlaat het om by die Nasionale Party aan te sluit, was die honderd ses-en-sewentig lede van die kiesafdeling, Delarey.[135] As vernaamste redes vir hul bedanking is onder andere aangevoer: die verwaarlosing van die boere-belange deur die Regering; die ontkennings en repudieering van genl. Hertzog oor sy

---

133. Die Vaderland, 12/4/1938. 14/4/1938. Hoofartikels.

134. Die Burger, 2/5/1938.

135. Die Burger, 9/5/1938. 'n Volledige lys van die aantal name het in die pers verskyn.

republikeinse verlede; die vervalsde segregasiebeleid en die onvermoeë van die Regering om gemengde huwelike deur wetgewing te bekamp. Dit is veral merkwaardig as in gedagte gehou word dat dit juis Transvaal was waar die samesmeltingsbeweging die meeste sukses gehad het. Hierdie ommeswaai kan grotendeels aan die invloed van Die Transvaler toegeskryf word toe dit laat in 1937 op die toneel verskyn het om die party-saak van die Nasionaliste in dié provinsie te bevorder.

In die Oranje-Vrystaat was daar kort voor die verkiesing ook 'n aanmerklike groei by die Nasionale Party te bespeur. So byvoorbeeld het daar in Die Volksblad 'n reeks briewe verskyn waarin lede van die Verenigde Party uit dié party bedank het. Onder andere het mnre. B.H. Pieters en D.J.N. Pieters dit duidelik gestel dat hulle vir altyd klaar is met die "versmelte mengelmoes. Ons sien dat daar geen redding en heil vir blanke Suid-Afrika is in die Verenigde Party nie waar soveel liberaliste sit....."[136] Ooreenkomstig Die Transvaler het dit op min. N.C. Havenga en genl. Hertzog se politieke reise deur die Vrystaat duidelik geword dat samesmelting in die Vrystaat die kreeftegang gaan; dat die Vrystaat op politieke gebied middeldeur gesplits het en dat die politieke krag van genl. Hertzog in hierdie provinsie aan die taan is.[137]

Adv. F.C. Erasmus het na sy terugkeer van sy verkiesings-

---

136. Die Volksblad, 23/3/1938. 24/3/1938. 25/3/1938. 26/3/1938 soos aangehaal in Die Burger, 29/3/1938.

137. Die Transvaler, 6/5/1938. Die Burger, 5/5/1938.

veldtog in Noordoos-Kaapland en die Vrystaat in 'n personderhoud met Die Burger verklaar dat die vordering wat die Nasionale Party in die twee streke sedert die Provinsiale Raadsverkiesing van 1936 beleef het, byna ongelooflik is. "Die persoonlike invloed van genl. Hertzog, wat vroeër enigermate in die pad van die Nasionale Party gestaan het, is onteenseglik aan die verdwyn. Die kiesers begin beleid teen beleid opweeg. Die Unionistiese beleid wat genl. Smuts nou sonder teenspraak verkondig, is hard besig om die nasionaalvoelende kiesers na hul ou party terug te dryf."[138] Hierdie verklaring van adv. Erasmus dra 'n besondere betekenis as daar gelet word op die aantal kiesers wat die Regeringsparty in die Vrystaat verlaat het om hulle by die Nasionale Party te voeg. Die Burger het bekend gemaak dat 153 Verenigde Party-lede in die Vrystaat by die Nasionale Party aangesluit het. Hiervan was daar meer as sewentig van die kiesafdeling Smithfield wat genl. Hertzog betwis het.[139] Op 'n vergadering wat adv. C.R. Swart in Thaba Nchu toegespreek het, het die sekretaris van die Verenigde Party-tak, Steynspruit, naamlik mnr. T. Fourie in die openbaar aangekondig dat hy sy party verlaat om by die Nasionale Party aan te sluit.[140] Na aanleiding van die Nasionale nuusblaaie se periodieke aankondigings van vele oud-Nasionaliste wat weer by die Nasionale Party aangesluit het, het die Verenigde Party soortgelyke strategie toegepas waar "Smelters" op vergaderings "geplant" is om dan in

---

138. Die Burger, 10/5/1938.

139. Ibid. Die Burger, 13/5/1938.

140. Ibid.

die openbaar aan te kondig dat hulle altyd Nasionaal was en nou Smelter geword het. Dit moes dan genl. Hertzog se bekeringskrag en die groei van die Verenigde Party in die Vrystaat aantoon.[141]

Geleidelik het hierdie hewige verkiesingstryd ten einde geloop. 'n Stryd wat algemeen gekenmerk is deur die neerhaal van persoonlikhede waaraan die meeste van die sprekers op politieke vergaderings hulle skuldig gemaak het. Nasionaliste het dikwels na die Verenigde Party as die sogenaamde "kafferboeties" verwys.[142] Genl. Smuts het byvoorbeeld na die "Gesuiwerdes" as "kranksinniges .... mense wat in gestigte vir sielsiekes moet wees" verwys.[143] Genl. Hertzog het eweneens die Nasionaliste as rassehaters beskuldig. "Hulle is 'n kliek wat bedrog pleeg," het hy op Rouxville gesê.[144] Genl. E.A. Conroy het aangehaal: ".... die hoenderluise het die skeurders opgevreet."[145] 'n Regeringswoordvoerder het na adv. T.E. Dönges as die "Kaapse advokaatjie" verwys wat nie eens weet "of 'n koei se spene tussen haar agter- of voorbene sit nie."[146] Genl. J.C.G. Kemp het op Wolmaranstad na dr. Malan verwys as 'n "politieke leuenaar en 'n verraaier van die vertroue wat in hom gestel is."[147]

---

141. Die Burger, 22/4/1938.

142. Die Burger, 4/5/1938. Dr. N.J. van der Merwe se beroep op kandidate om nie van hierdie skeldwoord gebruik te maak nie. Voorheen het hy egter self 'n vlugskrif onder die opskrif, Waarskuwing teen Party wat huigel met Kafferboeties, versprei.

143. Vergelyk voetnote 61.

144. Die Burger, 3/5/1938.

145. Die Transvaler, 4/4/1938. Verslag van sy toespraak op Odendaalsrus.

146. Ibid.

147. Die Burger, 3/5/1938.

Gepaardgaande hiermee was daar die woeste tonele van geweldpleging, georganiseerde lawaaimakery, en dies meer, wat die politieke vergaderings in die verkiesingstryd gekenmerk het. Adv. C.R. Swart is onder andere op Clocolan, wat een van die kwaaiste vergaderings in die Vrystaat opgelewer het, bewusteloos geslaan.[148] Die politieke stryd het 'n besliste laagwatermerk bereik met die algemene verkiesing wat op 18 Mei 1938 plaasgevind het. Dit sou in 'n groot mate 'n kragmeting tussen eertydse partygenote wees.

Die hele verloop van die verkiesingstryd het dit aanvanklik moeilik gemaak om definitiewe voorspellings oor die uitslag te waag. Die Transvaler het op die vooraand van die verkiesing verklaar dat hy nie bereid is om aan die optimistiese voorspellingsveldtog van die Verenigde Party-pers mee te doen nie. Dié nuusblad het verwys na voorspellings wat The Star en Sunday Express gemaak het. Eersgenoemde het verwag dat die Verenigde Party 100 tot 108 setels in die Volksraad sal kry. Daarenteen sou die Nasionale Party slegs met 30 setels tevrede moet wees.[149] The Star het dus erken dat die Nasionale Party op 'n vermeerdering van sy Volksraadslede kon reken. Die Sunday Express het die posisie vir die Nasionale Party nog ongunstiger gestel alhoewel hy ook erken het dat die Nasionaliste sterker in die Volksraad verteenwoordig sou wees. Die Sunday Express het onder meer aangegee dat die Verenigde Party 105 setels en die Nasionale

---

148. Die Burger, 18/5/1938.

149. Die Transvaler, 19/5/1938. Hoofartikel.

Party 25 setels sal verower.[150] Die Rand Daily Mail het opgemerk: "The close of the compaign finds the United Party quietly confident of securing a spectacular triumph for the cause of racial co-operation. Of all the provinces, the Transvaal has responded most enthusiastically to the call of national unity."[151] Min het die koerant geweet hoe juis hy die ware toedrag van sake beskryf het. Dit het beweer dat die Verenigde Party moontlik slegs ses setels in Transvaal aan die Nasionale Party sou moes afstaan, naamlik Waterberg, Wonderboom, Potgietersrus, Pretoria-Wes, Lydenburg en Carolina. Wat die Rand se setels betref, was dit veral Johannesburg-Wes en Vrededorp wat vir die Verenigde Party gevaar ingehou het. Die Nasionale Party-kandidate in bogenoemde twee setels was onderskeidelik, ds. C.W.M. du Toit en mnr. D.A.J. de Flamingh. In laasgenoemde geval is daar op die vooraand van die verkiesing 'n groot aantal naamlose pamflette versprei waarin ernstige laster teen die persoon van mnr. De Flamingh gerig is.[152] Die Suiderstem het bekend gemaak dat indien ds. C.W.M. du Toit die setel Johannesburg-Wes sou verower, hy waarskynlik die leier van die Nasionale Party in Transvaal sou word en dit sou 'n ope breuk in die Party veroorsaak.[153] Die Rand Daily Mail het onder andere verklaar dat die Verenigde Party in Natal van minstens die helfte van die sestien setels verseker kan wees.[154] Daarenteen was die posisie

---

150. Ibid.

151. Rand Daily Mail, 18/5/1938.

152. Die Burger, 17/5/1938.

153. Die Suiderstem, 16/5/1938, soos aangehaal in E.H. Louw-versameling. P.V.4

154. Rand Daily Mail, 18/5/1938. Hoofartikel.

in Kaapland baie onseker alhoewel die Verenigde Party moontlik 20 setels kan verower, terwyl die Nasionaliste van 12 setels verseker is.[155] Die koerant het egter nie 'n voorspelling van die uitslag in die Vrystaat gewaag nie. Die Burger het in 'n verslag veertien dae voordat die verkiesing sou plaasvind, 'n voorspelling van die politieke situasie in die Vrystaat gewaag. Ongeag die feit dat beide genl. Hertzog en min. N.C. Havenga dit pertinent op hul vergaderings gestel het dat die Nasionale Party, "'n verpletterende nederlaag" toegedien sal word, was die koerant oortuig dat die Vrystaatse kiesers grotendeels van genl. Hertzog vervreemd geraak het.[156] Setels waarvan die Nasionale Party besonder seker was, was onder meer Bloemfontein-Distrik, Boshof, Bethlehem, Heilbron, Senekal, Kroonstad, Harrismith, Winburg en Ladybrand.[157] Laasgenoemde twee setels is besonder sterk deur die Verenigde Party betwis, aangesien dit onderskeidelik deur dr. N.J. van der Merwe en adv. C.R. Swart verteenwoordig is. Daarenteen is Frankfort, Bloemfontein-Stad, Hoopstad, Fauresmith en Smithfield as bolwerke van die Verenigde Party beskou. Laasgenoemde twee setels was dié van min. N.C. Havenga en genl. Hertzog.[158]

Die meerderheid van die Nasionaliste het die verkiesingsuitslag met oordrewe optimisme afgewag. Hulle het dit uit die oog verloor dat dit die eerste werklike toets na die smeltery was en was

---

155. Ibid.
156. Die Burger, 5/5/1938.
157. Ibid.
158. Ibid. Vergelyk ook Die Suiderstem, 16/5/1938.

te geneig om die uitslae van die Provinsiale Raadsverkiesing van 1936 as termometer te neem.[159] Na die bekendmaking van die laaste uitslag, Waterberg in Transvaal, was die finale stand van die verskillende partye soos volg: Die Verenigde Party 111, Nasionale Party 27, Dominiumparty 8, Arbeidersparty 3 en die Sosialiste een setel. Geen Onafhanklike is verkies nie.[160] Die totale aantal stemme wat uitgebring is, was 829 224 teenoor 1 018 568 geregistreerde kiesers.[161]

In totaal het die Nasionale Party 7 setels bygekry, want hy het 12 setels gewen en 5 verloor. Die Verenigde Party het 10 gewen en 18 verloor. Dus kon die Nasionaliste met die sterkste groei gespog het. Die Dominiumparty het ook 'n wins getoon. Sy setels het van 5 tot 8 gestyg, terwyl die Arbeidersparty één setel verloor het.

In die 103 setels wat die Nasionale Party in die algemene verkiesing beveg het, is 247 947 stemme op sy kandidate uitgebring teenoor 309 132 stemme op die Verenigde Party in dieselfde kiesafdelings.[162] Hoewel daar in dié kiesafdelings in die geheel 61 085 meer stemme op die Verenigde Party uitgebring is, het laasgenoemde party nie minder as 74 van die 103 kiesafdelings

---

159. Vergelyk voetnote 2.

160. Die Transvaler, 21/5/1938. Die Burger, 21/5/1938. Die Volksblad, 21/5/1938. The Friend, 21/5/1938. The Star, 20/5/1938. Rand Daily Mail, 21/5/1938.

161. Ibid. The Friend verskil in hierdie opsig deur aan te haal dat 'n totaal van 825 183 stemme uitgebring is.

162. Die Transvaler, 21/5/1938.

verower, teenoor 27 van die Nasionale Party nie.[163] Die verskillende nuusblaaie, Regerings- sowel as Opposisiekoerante het grootliks verskil met betrekking tot die aantal stemme wat die verskillende partye op hul verenig het. Die totale aantal stemme wat op die verskillende partye in die verskillende provinsies uitgebring is, was soos volg: Die Verenigde Party het in Transvaal 186 070, die Vrystaat 51 148, Natal 35 063 en in Kaapland 176 084 stemme behaal met ander woorde 'n totaal van 448 982.[164] Daarenteen het die Nasionale Party in Transvaal 75 432, die Vrystaat 46 231, Natal 4 135 en in Kaapland 121 967 stemme op hom verenig, dit wil sê 'n totaal van 247 765 stemme.[165] Die Dominiumparty het die volgende aantal stemme op hom verenig: Transvaal 13 141, die Vrystaat geen, Natal 24 780 en in Kaapland 19 640, dit wil sê 'n totaal van 57 561. Die Arbeidersparty: Transvaal 29 809, Vrystaat 521, Natal 7 008 en Kaapland 6 259. Die onafhanklikes en ander: Transvaal 12 880, Vrystaat 453, Natal 7 520 en Kaapland 12 020. Die totale aantal stemme wat teen die Regeringstem uitgebring is, het 381 343 beloop.[166]

In sy geheel gesien was die uitslag van die verkiesing vir die Nasionale Party in baie opsigte teleurstellend. Die grootste teleurstelling was ongetwyfeld in Transvaal. Die Transvaalse

---

163. Ibid. Genl. Hertzog se biograaf, C.M. van den Heever is dus verkeerd as hy aanhaal dat die "Gesuiwerde" Nasionaliste 29 setels verower het. Hy het onder meer opgemerk dat dié verkiesing in Junie 1938 plaasgevind het, wat ook foutief is. p.679.

164. Die Volksblad, 21/5/1938. Die Transvaler, 21/5/1938. The Friend, 21/5/1938, verskil onderling met betrekking tot die aantal stemme wat op elke party uitgebring is.

165. Ibid.

166. Ibid.

Nasionaliste kon net een setel, naamlik Waterberg verower wat die vesting van adv. J.G. Strijdom was. Teenoor die 75 605 stemme wat die Nasionale Party gekry het, het die Verenigde Party in Transvaal in die 45 setels, waar daar Nasionale kandidate was, 128 070 stemme op hom verenig. Hoewel die Verenigde Party in daardie kiesafdelings 'n meerderheid van 53 465 stemme bo die Nasionaliste gehad het, het hulle 42 uit die betrokke 45 setels verower.[167] Ongeag die feit dat die Nasionaliste in Transvaal slegs een setel kon verower, was dit egter geen aanduiding van die ware krag van die Party of van sy toekomsmoontlikhede nie. Die groei van die Nasionale Party in Transvaal blyk duidelik as daarop gelet word dat gedurende die provinsiale verkiesing van 1936, ongeveer 30 000 stemme op die Party se kandidate uitgebring is en gedurende 1938 het hierdie totaal 75 000 oorskry.[168] Hierdie getalle het beslis getoon dat minstens die helfte van die Afrikaanssprekendes op die Transvaalse platteland hul rug op die Regeringsparty gekeer het.

Die Volksblad skryf die terugslag van die Nasionale Party in Transvaal hoofsaaklik toe aan die skade wat die plakkaat oor gemengde huwelike berokken het. Dit verklaar o.a. dat hierdie plakkaat die Nasionale Party in die Vrystaat in etlike kiesafdelings 'n aansienlike aantal stemme gekos het. "Die opposisie het die geleentheid met albei hande aangegryp en dit uitgebuit so veel as wat hy kan."[169]

---

167. Die Transvaler, 21/5/1938.

168. Die Transvaler, 20/5/1938. 21/5/1938. Hoofartikels.

169. Die Volksblad, 21/5/1938. Hoofartikel.

Ongeag die teleurstelling in Transvaal was die uitslag van die verkiesing in die Vrystaat en Kaapland vir die Nasionaliste besonder bemoedigend. In die Vrystaat, dikwels genoem die barometer van die Nasionale Party, het die skaal baie duidelik in die guns van die Nasionaliste geswaai. Hoewel die Verenigde Party in die Vrystaat nege setels teenoor die ses van die Nasionale Party verower het, het hy in werklikheid selgs 4 917 stemme meer as die Nasionale Party gekry. Die totale aantal stemme was onderskeidelik 51 148 en 46 231.[170] Die Volksblad merk tereg op: "Samesmelting het 'n gekonsolideerde Afrikanerdom in die Vrystaat in twee byna gelyke dele verdeel .... een feit staan soos 'n paal bo water, en dit is, die toekoms behoort aan die Nasionale Party in die Vrystaat."[171] Na aanleiding van bogenoemde verklaring blyk dit waar te wees as daarop gelet word dat genl. Hertzog in sy kiesafdeling, Smithfield, slegs 'n meerderheid van 526 stemme bo die Nasionale kandidaat, mnr. J.J. Fouché kon behaal het.[172] Die feit dat 'n jong boer, 'n onbekende persoon in die politieke wêreld, dit kon regkry om meer as drie duisend stemme teen genl. Hertzog te kry, was bepaald 'n morele nederlaag vir die Eerste Minister. "Sy oorwinning in Smithfield moet nie beskou word as 'n goedkeuring van sy politieke beleid deur sy kiesers nie, dit moet eerder toegeskryf word aan die gehegtheid wat talle van nasionaal-voelende Afrikaners nog aan sy persoon toon,"[173] was die beslissing van Die Volksblad.

---

170. Die Volksblad, 20/5/1938. Hoofartikel.
171. Ibid.
172. Die Burger, 20/5/1938.
173. Die Volksblad, 20/5/1938.

Min. N.C. Havenga het eweneens 'n skrale meerderheid van 331 stemme bo die Nasionale Party kandidaat adv. F.W. Beyers in Fauresmith behaal.[174] Andersyds het Nasionaliste ook 'n opdraende stryd gevoer veral waar die Verenigde Party sterk kandidate gestel het. Adv. C.R. Swart, onderleier van die Vrystaatse Nasionale Party, het byvoorbeeld sy setel, Ladybrand, verloor waar mnr. J.C. de Wet van die Verenigde Party 'n meerderheid van 364 stemme behaal het. Dr. N.J. van der Merwe het met 'n naelskraap meerderheid van 41 stemme Winburg vir die Nasionaliste behou.[175] Na afloop van die verkiesing het hy in 'n persverklaring gesê: "Samesmelting is vir goed gebreek in die Vrystaat .... Vir genl. Hertzog is die uitslag van Smithfield, en trouens van die hele Vrystaat verpletterend. Hy sal swaar sluk aan sy smalende voorspelling dat hulle die Vrystaat gaan suiwer van die Gesuiwerdes. Die kern van die Vrystaat is rotsvas Nasionaal."[176]

In Natal kon die Nasionale Party nie een setel verower nie. Die Nasionaliste het wel daarin geslaag om in drie kiesafdelings wat hulle beveg het, 4 135 stemme teenoor 7 591 stemme van die Verenigde Party te kry.[177] Die Dominiumparty en die Verenigde Party het egter sewe setels elk ingepalm en die Arbeidersparty en Sosialiste een elk.[178]

In Kaapland was die uitslag besonder interessant. Hier het die Verenigde Party daarin geslaag om 176 084 stemme op hom te

174. Die Burger, 20/5/1938.
175. The Friend, 20/5/1938. Vergelyk ook Die Volksblad, 20/5/1938. Hoofartikel.
176. Die Transvaler, 21/5/1938. Die Volksblad, 20/5/1938.
177. Ibid.
178. The Friend, 21/5/1938.

verenig, met uitsondering van die vier onbestrede setels, teenoor 120 981 van die Nasionale Party, wat 40 setels betwis het. In dié 40 setels is die totale aantal stemme wat op die Verenigde Party uitgebring is, 122 324 wat slegs 1 343 meer is as die aantal Nasionale stemme.[179] In Kaapland het die Verenigde Party 38 setels teenoor die 20 van die Nasionaliste ingepalm.[180] Die groeikrag van die Nasionaliste in Kaapland word duidelik weerspieël as dit in ag geneem word dat die Party in 1929, toe die Nasionale Party op sy hoogtepunt was, 24 setels verower het. Samesmelting het Kaapland se Nasionale Party onaangetas gelaat.[181] Trouens min. A.P.J. Fourie was die enigste minister wat in die verkiesing verslaan is en dit juis in Kaapland. Die Nasionale Party kandidaat, adv. J.H. Conradie, het min. Fourie in Gordonia met 'n meerderheid van 739 stemme verslaan.[182] Kaapland het oor 'n besonder groot aantal stedelike setels beskik. Hoewel die Nasionale Party nie daarin geslaag het om enige stedelike setels te verower nie, het dit wel in sekere stedelike kiesafdelings sy krag openbaar, byvoorbeeld in Maitland en Port Elizabeth-Noord, waar die Nasionale kandidate 'n groot aantal stemme op hul verenig het. In ongeveer twintig setels het die Nasionaliste 'n uiters moeilike stryd gevoer. In 'n setel soos Stellenbosch, byvoorbeeld, waar adv. H.A. Fagan, mnr. W.B. de Villiers (die Nasionale Party kandidaat) met 30 stemme verslaan het, was daar 1 140 gekleurde kiesers.[183]

---

179. Die Transvaler, 21/5/1938. Vergelyk ook Hoofartikel.
180. The Friend, 21/5/1938.
181. Die Volksblad, 21/5/1938. Hoofartikel.
182. Die Burger, 20/5/1938. The Friend, 20/5/1938.
183. Die Burger, 23/5/1938.

So ook het die Paarl wat deur die Verenigde Party met 427 stemme verower is, 1 107 gekleurde kiesers gehad. Die blanke bevolking van die Boland was dus oorwegend sterk Nasionaal, maar in sommige setels het die gekleurde stemreg die deurslag gegee. Die gekleurde stemme het hoofsaaklik na die Verenigde Party gegaan, want die Nasionale Party met sy uitgesproke segregasiebeleid kon beslis nie op die ondersteuning van die Kleurlingkieserskorps reken nie.

Die Nasionale Party wie se krag hoofsaaklik op die platteland geleë was, het in die stedelike kiesafdelings grotendeels gefaal. Die Burger het dit dan ook duidelik gestel dat die stedelike uitslae nie anders as teleurstellend vir die Nasionaliste beskou kan word nie. Die enigste stadsetel wat die Nasionaliste vóór die ontbinding van die Volksraad gehou het, naamlik Vrededorp, het hy nou ook verloor. Dit was teleurstellend dat die Party nie daarin kon slaag om meer stemme op hom in die stede kan verenig nie en dit het hoofsaaklik vir die Rand met sy groot Afrikaanssprekende bevolking gegeld.[184] Die koerant beveel dus ten sterkste aan dat die Nasionale Party sy posisie in die stede ernstig in oënskou moet neem omdat die stede met hul magtige Engelse pers nog steeds die vestings van die Sap-Unionisme is. "In soverre as die verkiesing 'n oorwinning vir die Smelterspparty is- en in die stede is dit beslis die geval - is dit 'n oorwinning, nie vir volkseenheid nie, maar vir Sap-Unionisme, vir

---

184. Die Burger, 20/5/1938. Hoofartikel.

die anti-nasionale magte in ons land."[185]

Die Engelse pers het genoeg rede gehad om te juig oor die uitslag van die verkiesing. Die Rand Daily Mail skryf: "In every respect it has been a record-smashing election. Never before has a party secured a majority even remotely approaching that which the United Party will have in the New House of Assembly."[186] Vir die Friend was die belangrikste gevolg van die verkiesing "... the overwhelming endorsement of Fusion by English-speaking South Africa ..... The verdict has come; and it has proved beyond a doubt that the principle of Fusion expressed the will of the great majority of the South African people. The United Party, as its embodiment, has consolidated within itsself the national aspirations and hopes of all South Africans of moderation and goodwill. General Hertzog and Smuts may rest content with the work they have begun."[187] Die sewe-en-twintig setels wat die Nasionaliste verower het, was volgens The Star, "a poor showing after years of systematic political campaigning in the platteland."[188] Vir hierdie Johannesburgse nuusblad was dit egter 'n raaisel, "why the Nationalist should derive their main support from the Cape Western and Midlands areas ....."[189] Dit het verder opgemerk dat Kaapland vir meer as 'n eeu 'n Britse kolonie was voordat dit 'n provinsie van die Unie geword het en afgesien van sekere voorvalle gedurende die Suid-Afrikaanse

---

185. Ibid. Sien ook Die Volksblad, 23/5/1938. Hoofartikel.

186. Rand Daily Mail, 21/5/1938.

187. The Friend, 20/5/1938. Hoofartikel.

188. The Star, 20/5/1938. Hoofartikel.

189. Ibid.

Oorlog, was daar nooit enige ernstige rassewrywing of diep gewortelde griewe of ontevredenheid oor die Britse konneksie nie. Buitendien is daar 'n groot deel van die Kaapse Nasionaliste wat nie aan politieke emosionalisme ly nie en nie in die minste geinteresseerd is in sake soos neutraliteit, die reg van afskeiding en ander konstitusionele vraagstukke nie.[190] Die Burger het na aanleiding van hierdie bewerings opgemerk dat wat vir The Star so duister is, is vir die Kaaplandse Nasionaliste self so helder soos daglig, want dit is juis 'n deeglike kennis van die politieke toestande in Suid-Afrika wat ten grondslag lê van die Kaaplandse getrouheid aan die Nasionale Party.[191] Dit is volgens Die Burger onjuis wanneer The Star beweer dat die Kaaplandse Nasionaliste nie in die minste geïnteresseerd is in die neutraliteitsvraagstuk nie. Trouens hulle is wel deeglik bewus daarvan dat dit vir Suid-Afrika 'n saak van lewensbelang is. "Hulle wil nie 'n herhaling hê van die ramp van 1914, toe die Suid-Afrikaanse Party met heelhartige Unionistiese steun in stryd met die volksbelange en veronagsaming van die leuse, "Suid-Afrika Eerste," die Unie in 'n Empire-oorlog ingesleep het nie. Hulle het die volste rede om die Smeltersregering in hierdie opsig te wantrou."[192] Hierdie wantroue is grotendeels versterk toe genl. Smuts in Oos-Londen dit onomwonde gestel het dat Suid-Afrika sy lot by Engeland sal ingooi, indien laasgenoemde in 'n oorlog betrokke sou raak.[193] Hierdie sienswyse van imperia-

---

190. Ibid.

191. Die Burger, 30/5/1938. Hoofartikel.

192. Ibid.

193. Vergelyk voetnote 58.

lisme het gevolglik baie bygedra tot die verwerping van Regeringskandidate in so baie van die plattelandse kiesafdelings van Kaapland. A. Paton het die volgende interessante opmerking gemaak: "It is one of the remarkable facts of South African history, that while it is commonly accepted that today we are ruled by the ideology of the North rather than of the South, of the Transvaal rather than of the Cape, it was in the Cape that modern Afrikaner Nationalism was born and nurtured."[194]

Dr. Malan het in 'n boodskap aan die Nasionale kieserskorps na afloop van die verkiesing opgemerk dat hoewel die Nasionale Party in sommige opsigte teleurgestel is, hy met vasberadenheid en vertroue die toekoms tegemoet sal gaan. "Met twintig lede in die vorige Volksraad het ons wondere verrig. Met 27 moedige kampvegters vir ons Nasionale ideale kan ons nog berge versit. Die feit dat 'n kwartmiljoen kiesers hulle agter ons geskaar het ..... maak die Nasionale Party by toeneming die bewaarder van ons volksiel en die toevlugsoord en hoop van die Afrikanerdom."[195] Dr. Malan het onder meer verklaar dat die georganiseerde geldmag andermaal getriomfeer het want nog nooit in die politieke geskiedenis is daar soveel geld aan 'n verkiesing spandeer nie en is daar soveel gebruik gemaak van metodes van omkopery, skrikaanjaging en selfs geweldpleging nie. "Nog nooit het sy taktiek om met die Afrikaner self die Afrikaner te breek,

---

194. A. Paton., South African Tragedy. p.220.

195. Die Volksblad, 21/5/1938. Die Transvaler, 21/5/1938.

om met die republikein self republikanisme te beveg en om met die Voortrekkerkind self die Voortrekkerideale van 'n witmansland te dwarsboom, so goed geluk nie."[196] Genl. Hertzog het daarenteen die kiesers wat die Regeringsparty ondersteun het, bedank vir hul samewerking ten opsigte van die beslissende oorwinning in belang van nasionale eenheid en vooruitgang. Genl. Smuts het aangehaal: "The people as a whole have endorsed Fusion and thereby have given a great impetus to the forward movement to stability and security in South Africa."[197]

Ten spyte van die welslae wat die Verenigde Party met die algemene verkiesing behaal het met 'n meerderheid van 111 uit die 150 setels het die totale aantal stemme wat op die Regeringsparty uitgebring is, tog duidelik bewys dat die samesmeltingsbeweging aanvanklik nie so sterk was as wat die twee generaals voorgegee het nie. Daarenteen het die syfers van die algemene verkiesing bewys dat die Nasionale Party sedert die algemene provinsiale verkiesing in 1936 'n geweldige groeikrag openbaar het. By daardie geleentheid het die "Gesuiwerdes" oral waar hulle kans gesien het, kandidate gestel en 'n totaal van 156 009 stemme is toe op die Nasionale Party uitgebring.[198] Met die verkiesing van 1938 het die aantal stemme wat ten gunste van die Nasionale Party uitgebring is, op 247 765 te staan gekom. Dit was 'n vermeerdering van 91 756.[199] 'n Tweede belangrike

---

196. Ibid.

197. The Star, 20/5/1938. The Friend, 21/5/1938.

198. Die Volksblad, 21/5/1938.

199. Ibid.

faktor wat die uitslag gekenmerk het, was dat die Nasionale Party meer as die helfte van die getal stemme wat op die Verenigde Party uitgebring is, gekry het, maar dat sy verteenwoordiging in die Volksraad nie in hierdie verhouding gestaan nie. Die totale aantal stemme vir die Verenigde Party was 448 982 en vir die Nasionale Party 247 765.[200] Indien die getal setels in verhouding tot die aantal stemme was, moes die Nasionaliste ongeveer 49 setels verower het.[201] Derdens het die verkiesingsuitslag die geweldige groei van die aantal stemme teen die Regering openbaar. In 1936 het 253 197 kiesers teen die Regering gestem, dog in negentien maande het hierdie teenstand met sowat 130 000 stemme tot 381 343 stemme aangegroei.[202] Hieruit kan dus afgelei word dat die hele samesmeltingsbeweging beslis nie op stewige fondamente berus het nie en dit sou trouens die daaropvolgende jaar totaal verbrokkel. Tot 'n ware eenheid kon die Verenigde Party nooit kom nie, selfs nie eens na die algemene verkiesing nie. Die onderlinge verdeeldheid binne die Regeringsparty het al dadelik sterk op die voorgrond getree toe die nuwe kabinet saamgestel moes word. Minister A.P.J. Fourie is in die kiesafdeling Gordonia, wat hy ongeveer tien jaar lank verteenwoordig het, met die algemene verkiesing verslaan en moes gevolglik van sy ministerskap afstand doen. Genl. Hertzog was egter vasbeslote om mnr. A.P.J. Fourie in die kabinet te hou aangesien hy een van sy trouste ondersteuners met koalisie en

---

200. Ibid.
201. Die Volksblad, 23/5/1938. Hoofartikel.
202. Die Volksblad, 21/5/1938.

samesmelting was. Die enigste alternatief was om mnr. Fourie as Senator vir die Naturelle Verteenwoordigende Raad te benoem[203] maar dit het op sy beurt aanleiding gegee tot die bedanking van ministers F.C. Sturrock en J.H. Hofmeyr. Min. Hofmeyr se besware in dié verband was naamlik dat mnr. Fourie nie bekwaam genoeg was om die belangrike betrekking te beklee nie. Na die bedanking van bogenoemde twee ministers, is mnr. Fourie nie as Senator nie, maar wel as Minister van Handel en Nywerheid op 11 September 1938 beëdig.[204]

Waar die verdeeldheid in die Verenigde Party nou so ooglopend was, het baie Afrikaners hulself die vraag begin stel of dit nie in volksbelang sou wees om die Nasionaliste en die volgelinge van genl. Hertzog te probeer herenig nie. Die dreigende oorlogstoestand in Europa het as 'n verdere aansporing gedien om dié taak aan te pak. Indien die Afrikanervolk onverdeeld en verenig gestaan het, sou dit miskien makliker gewees het om uit die branding van 'n toekomstige oorlog te bly.[205] Hierdie twee groot vraagstukke, naamlik neutraliteit en hereniging, sou die hoofsake word waarmee die Afrikanervolk hom onmiddellik na die verkiesing sou besig hou.

---

203. Die Volksblad, 10/9/1938. Vergelyk ook hoofartikel. Die Transvaler, 10/9/1938.

204. Die Transvaler, 11/9/1938.

205. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.381.

HOOFSTUK VII

DIE NEUTRALITEITSVRAAGSTUK EN DIE OORLOGSVERKLARING

1. NEUTRALITEITSVRAAGSTUK

In die jare 1933 tot 1939 was die neutraliteitsvraagstuk een van die brandendste geskilpunte tussen die Nasionale Party en die Verenigde Party. Na die aanname van die Statuut van Westminster in 1931 en die Suid-Afrikaanse Statuswette in 1934 kon daar geen twyfel meer bestaan het nie dat die Unie wetlik die reg gehad het om ingeval van 'n oorlog waarin Engeland betrokke geraak het, neutraal te bly. Die Unie was 'n soewerein onafhanklike staat en die Koning kon slegs op advies van die Uniekabinet, die Unie tot 'n internasionale verpligting bind. Indien die kabinet dus besluit om nie aan 'n oorlog deel te neem nie, kon Suid-Afrika neutraal bly.

In die debat oor die Statuswette is hierdie situasie nie as vanselfsprekend aanvaar nie. Beskouings en vertolkings het drasties uiteengeloop. In die Suid-Afrikaanse Party-geledere het veral ministers J.C. Smuts, J.H. Hofmeyr en P. Duncan dit sterk betwis of Suid-Afrika oor die reg beskik het om neutraal te bly indien Brittanje in 'n oorlog betrokke sou raak.[1] Daarenteen was die Nasionaliste oortuig dat daar geen rede tot twyfel oor die Unie se reg

---

1. Kyk hoofstuk III.

tot neutraliteit bestaan het nie. Suid-Afrika se soewereine onafhanklikheid, soos deur die Statuswette bekragtig, was die Unie se waarborg vir neutraliteit.

Met samesmelting tussen die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party het die neutraliteitsvraagstuk 'n belangrike struikelblok geword. Genl. Hertzog, die argitek van die Statuswette, het die standpunt gehuldig dat die Unie die reg tot neutraliteit het, terwyl genl. Smuts dit bly betwis het. Om samesmelting nie te verongeluk nie, het die twee generaals besluit om oor die vraagstuk te verskil. Volgens hulle was dit 'n "akademiese" vraagstuk waaroor hulle nie geroepe was om nou al uitsluitsel te gee nie.[2] In sy vooropgestelde Program van Beginsels het die Verenigde Party dan ook ten opsigte van sy buitelandse beleid slegs verklaar dat hy geen buitelandse verpligtinge sal aanvaar wat met die belange van die Unie in stryd is nie.[3]

'n Groot deel van die Nasionale Party het gevoel dat hierdie artikel nie genoegsame waarborg vir die neutraliteitsbeginsel bied nie. Hulle het gevoel dat die onderlinge verskille oor die uitleg van die Unie se reg op neutraliteit, Suid-Afrika weer eens soos in 1914 in ellende sou dompel. Daarom het hulle, alvorens samesmelting goed te keur, daarop aangedring dat die Party hom beslis uit alle Europese aangeleenthede, waarmee Suid-Afrika niks te

---

2. Kyk hoofstukke I en III in dié verband.

3. D.W. Kruger., South African Parties and Policies, 1910 -1960. A Select Source Book. p.86.

doen het nie, sal hou. "Die wêreld sal dan weet waar Suid-Afrika staan en sal dan meer geneig wees om ons onsydigheid te respekteer as nou, want tans verkeer almal onder die indruk dat Suid-Afrika in elk geval aan Engeland se kant gaan veg as die stryd losbars,"[4] het Die Volksblad na aanleiding hiervan verklaar. Dr. Malan het dit ook voor samesmelting herhaaldelik beklemtoon dat die reg van neutraliteit wat een van die hoekstene van die Nasionale Party se beleid was, deur die Unioniste in die koalisie-regering ontken word. "Genl. Hertzog swyg: dit word steeds duideliker dat genl. Hertzog hom as gebind beskou, terwyl Smuts koning kraai,"[5] het dr. Malan gesê. Op die Kaaplandse Nasionale Party Kongres wat die samesmeltingsgedagte finaal verwerp het, het dr. Malan genl. Smuts se verklarings benadruk dat die Unie nie die reg tot neutraliteit het nie en hom in geval van oorlog gevolglik aan die kant van Engeland sal moet skaar. Hy het onder meer opgemerk dat genl. Hertzog, ongeag die Unionistiese beleidsverklaringe van genl. Smuts, weier om enige positiewe verklaring met betrekking tot Suid-Afrika se neutraliteitsreg te maak of om Smuts te weerspreek. "Die aanduidings is daar dat ons reeds gekompromitteer is om aan 'n oorlog deel te neem. En genl. Hertzog bly stil en weerlê genl. Smuts nie."[6] Genl.

---

4. Die Volksblad, 12/6/1934. Hoofartikel.

5. Die Burger, 16/7/1934. Verslag van sy toespraak op Calvinia. Vergelyk ook Die Burger, 3/9/1934. Verslag van sy toespraak op Caledon.

6. Die Burger, 27/7/1934. Die Burger, 12/11/1934. Hoofartikel.

Hertzog het op die Nasionaliste se kritiek oor sy houding ten opsigte van die neutraliteitsvraagstuk, op 'n vergadering te Smithfield soos volg gereageer: "As daardie mense wat met die oorlogsgogga te koop loop, dit uit onkunde doen, dan bejammer ek hulle, maar ongelukkig is hul hele doel om die huidige politieke toestand uit te buit om hul eie selfsugtige doel te bereik .... Hulle is bedoel om agterdog en tweedrag te wek. Ek verbaas my dat die Skeurders die verwaandheid het om die intelligensie van die volk so te beledig."[7]

Die belangrikheid van die neutraliteitsvraagstuk as rede waarom die "Gesuiwerde" Nasionaliste nie die samesmeltingsbeweging van genls. Hertzog en Smuts wou steun nie, blyk duidelik uit 'n verklaring van dr. Malan op Stellenbosch: "Die ou Sappe verkondig openlik en in teenwoordigheid van genl. Hertzog dat ons verplig is om aan 'n Engelse oorlog deel te neem. Geen Nasionale smelter het nog die moed gehad om te sê: Nee, dit is nie ons beleid nie. Hulle het dus nie alleen versuim om die beginsels van die Nasionale Party in die nuwe party te handhaaf nie, maar hulle het hul onderwerp aan die opvattings van die ou Sappe en Unioniste. Die enigste ding wat deur samesmelting gewaarborg is, is ons deelname aan 'n Engelse oorlog....."[8]

Na samesmelting het die "Gesuiwerde" Nasionale Party 'n baie

---

7. Die Burger, 18/5/1936. Hoofartikel. Uittreksel van 'n toespraak wat genl. Hertzog in 1934 gelewer het.

8. Die Burger, 25/3/1935. Sien ook Die Volksblad, 16/5/1935. Hoofartikel.

beslister standpunt oor die samewerking tussen die Unie en Brittanje ingeneem. Artikel tien van sy nuwe Program van Beginsels het onder meer bepaal: "Die Party eis dat ons buitelandse politiek volkome onder ons eie beheer sal staan en dat Suid-Afrika se belange in geen enkele opsig ooit aan dié van enige ander land ondergeskik gemaak of opgeoffer sal word nie. Hy weier om enige verbintenis of bondgenootskap (hetsy staatkundig, militêr of andersins) met enige ander volk of groep van volke, insluitende die Britse Gemenebes van Nasies, te erken, wat nie vooraf uitdruklik deur die Parlement goedgekeur is nie."[9] Die standpunt en uitsprake van die Nasionale Party en sy hoofleier oor hierdie beleidspunt was dus duidelik en onomwonde: Suid-Afrika moes hom uit Engeland se oorloë en die twiste in Europa hou.

In die jare wat nou op samesmelting gevolg het, het die "Gesuiwerdes" nie met die Verenigde Party ten opsigte van die neutraliteitsvraagstuk tot 'n wapenstilstand gekom nie. Inteendeel, na gelang die jare dertig gevorder het, het die stryd tussen die "Gesuiwerdes" en die Verenigde Party in intensiteit toegeneem. Die bitterheid van hierdie stryd moet gesien word teen die agtergrond van die gespanne Europese toestande in hierdie jare. Die oorlogswolke wat sedert 1935 oor Europa saamgepak het, het alles daarop gedui dat die mensdom op die vooraand van 'n Tweede Wêreldoorlog gestaan het. Vroeg in 1935 het Duitsland aangekondig dat hy weer gaan bewapen. In dieselfde jaar het die Italiaanse aanval op Abessinië

---

9. Program van Beginsels van die Nasionale Party. Artikel 10.

in Noord-Afrika plaasgevind. In 1936 het Duitsland die Ryngebied beset en in dieselfde jaar het die Spaanse burgeroorlog uitgebreek en Europa is in twee vyandelike kampe verdeel. In 1937 het die gespanne internasionale toestand verder versleg toe Brittanje bekend gemaak het dat hy verplig is om ook tot die bewapeningswedloop toe te tree. Dié onrus is verder verhoog toe Japan in die Verre Ooste teen Sjina oorlog verklaar het. In 1938 was die uitbreek van 'n nuwe Wêreldoorlog feitlik onvermydelik toe Hitler op alle voormalige Duitse kolonies, onder andere ook Suidwes-Afrika wat 'n mandaatgebied van die Unie was, aanspraak gemaak het en toe hy Oostenryk by Duitsland ingelyf het.

In hierdie periode het veral vier insidente die neutraliteitsvraagstuk op die voorgrond gedwing: die Simonstad-ooreenkoms met Brittanje; die Italiaans-Abessiniese veldtog; die Oostenrykse krisis en die Suidwes-Afrika-situasie.

A. Die Simonstad-ooreenkoms.

In 1921 is die sogenaamde Smuts-Churchill-ooreenkoms gesluit. Daarvolgens sou alle Britse militêre besittings in Suid-Afrika aan die Unie-regering oorgedra word. Andersyds het hierdie ooreenkoms bepaal dat die Britse admiraliteit die beskikking oor die vlootbasis by Simonstad sou hê, maar dat die Unie-regering hom verbind om dit teen moontlike aanvalle van die land te beskerm.[10] Vir

---

10. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.338.

die Nasionaliste het hierdie ooreenkoms in die praktyk beteken dat die Unie sy neutraliteitsreg verpand het en outomaties in al Engeland se oorloë betrokke sal wees, want daardeur het die Unieregering sy bereidwilligheid te kenne gegee om as 'n saak van "eer en plig" Simonstad doeltreffend vir "Imperiale doeleindes" te verdedig.[11]

Die vraagstuk van die verdediging van Simonstad het in 1935 op die Volksraadsitting ter sprake gekom en wel toe 'n wetsontwerp oor die besitreg op die Kaapse strande ingedien is. Dit sou nou staatseiendom word, maar onder artikel 13 van die wetsontwerp is 'n uitsondering gemaak waardeur die Britse admiraliteit sy regte op die kusstrook by Simonstad sou behou.[12] Tydens die derde lesing van die Strand-wetsontwerp het dr. Malan die aandag daarop gevestig dat die voormalige Nasionale Party-regering nooit dié ooreenkoms met die Britse regering oor die verdediging van Simonstad aanvaar het nie, inteendeel, die Nasionale Party-regering het dit verwerp.[13] Hy het onder meer verklaar dat genl. Hertzog as Eerste Minister van die Nasionale Party-regering nie een keer nie, maar herhaaldelik verkondig het dat die Unie die onbetwisbare reg van neutraliteit besit. "Die Eerste Minister het nooit 'n geheim daarvan gemaak dat dit sy sienswyse is dat ons, as Engeland

---

11. Neutraliteit: Die Nasionale Party en die Simonstadooreenkoms. Pamflet uitgegee deur die Hoofkantoor van die Nasionale Party in Kaapland.

12. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.338.

13. Hansard. Deel 24. kol. 913.

in oorlog gedompel word en Simonstad is ook daarin begrepe, neutraal kan wees. Die reg van neutraliteit van Suid-Afrika het hy onvoorwaardelik geëis."[14] Dr. Malan het die vraag aan genl. Hertzog gestel dat indien hy as Eerste Minister 'n verklaring namens die Kabinet wil doen om hul standpunt insake die neutraliteitsbeginsel en die Simonstadooreenkoms te stel, daar volop geleentheid voor is. "Ek wil hierdie standpunt van die Eerste Minister herhaal - ek wil hier herhaal wat die standpunt van die Nasionale Regering was. Ek staan nog altyd op daardie standpunt, maar wat ons nie van die Ministers kan kry is wat hul standpunt vandag is nie. Ons kan nie van hulle kry of hulle nog daar staan nie."[15] Genl. Hertzog het nie op hierdie vraag van dr. Malan geantwoord nie. Die Burger het verklaar dat die Kabinet en trouens die hele Verenigde Party oor daardie saak net so hopeloos verdeeld is as oor 'n hele reeks van ander belangrike vraagstukke. "Die Eerste Minister weet dit beter as iemand anders - daarom bly hy stil. Die eenheid van die nuwe party kan geen rondborstige beleidsverklarings verdra nie. Die behoud van eenheid, al is dit dan 'n skyneenheid, weeg vandag by die Regering en by die Verenigde Party baie swaarder as die belange van die Unie."[16] Die koerant het in 'n hoofartikel melding gemaak dat die Simonstadooreenkoms die Unie hande en voete aan Brittanje se oorlogspolitiek vasbind.

---

14. Hansard. Deel 24. kol. 915. Vergelyk ook wat Dr. N.J. van der Merwe hieroor gesê het. Ibid. kol. 924-925.

15. Hansard. Deel 24. kol. 917-918.

16. Die Burger, 1/2/1935.

Dit is vervolgens die dure plig van die Regering om aan die Volksraad en die volk te verklaar wat sy beleid in verband met Simonstad is. "Maar met geen span osse is so 'n beleidsverklaring uit die Regering te kry nie. Uit so 'n houding kan net een ding afgelei word: Die Regering is ten gunste van die voortbestaan van die oorlogsooreenkoms met Brittanje."[17]

Kol. C.F. Stallard, leier van die Dominiumparty, het tydens die debat 'n voorstel ingedien dat die Unie in tye van vrede en oorlog 'n integrale en onafskeidbare deel van die Britse Ryk moet uitmaak en gebonde is aan die verpligtinge wat deur daardie status teweeggebring word.[18] In die bespreking wat op hierdie voorstel gevolg het, is die posisie van Simonstad en hoe dit Suid-Afrika se neutraliteitsreg geraak het, weer eens geopper en genl. Hertzog het nou sy persoonlike standpunt insake neutraliteit en die Simonstadooreenkoms duidelik gestel: "Ek sê weer en ek verklaar beslis wat my sienswyse is aangaande die wetlike gevolge in verband met Simonstad, wat voortspruit uit ons soewerein-onafhanklike status waarby ingesluit is die reg en die volste reg om neutraal te bly. Dit was altyd my standpunt en dit is nog my standpunt."[19]

Dit was egter nie 'n beleidsverklaring namens die Kabinet nie en op 'n vraag van kol. Stallard of hierdie verklaring van die Eerste Minister die algemene beleid van die Regering is, het genl. Hertzog geantwoord: "Nee. Dit sal 'n saak van kabinetsverantwoor-

---

17. Ibid. Hoofartikel.

18. Hansard. Deel 24. kol. 1821.

19. Hansard. Deel 24. kol. 1836.

delikheid word wanneer ons moet besluit oor 'n beleid."[20] Vir die Nasionaliste in die Volksraad het hierdie verklaring van genl. Hertzog dan ook sy hele betekenis verloor omdat hy dit nie as 'n beleidsverklaring van die Regering gestel het nie. Trouens Die Burger het opgemerk: "Inteendeel het hy die totnogtoe onbekende leer verkondig dat die Eerste Minister oor 'n derglike saak gedagtes kan uitspreek wat bloot persoonlik is en sy kabinet nie bind nie."[21]

Dr. Malan kon hom egter nie weerhou om 'n woord van gelukwensing aan kol. Stallard te rig nie omdat hy daarin kon slaag om van die Eerste Minister 'n verklaring in verband met die Unie se neutraliteitsreg te kry: "Dit het twee jaar geneem voordat ons 'n verklaring van hierdie aard gekry het,"[22] het hy gesê. As amendement op Stallard se voorstel het Malan nou voorgestel dat: "Hierdie Huis ondubbelsinnig verklaar (a) dat kragtens sy soewereine onafhanklike status, soos neergelê in die Statuswet van 1934, die Unie die reg van neutraliteit besit in die volle internasionale betekenis van die woord, en (b) dat, behoudens sy verpligtings as lid van die Volkebond, die Unie hom streng behoort te onthou van enige inmenging in die twiste van ander volke .... Die Regering word derhalwe eerbiediglik versoek om sonder versuim die nodige stappe te doen om die bestaande ooreenkoms tussen die Unie en die Britse admiraliteit in verband met Simonstad .... te

---

20. Hansard. Deel 24. kol. 1836-1938.

21. Die Burger, 20/2/1935.

22. Hansard. Deel 24. kol. 1845.

wysig."[23] Dr. Malan, as leier van die Opposisie, het by die indiening van hierdie amendement klem gelê op die behoefte aan 'n onomwonde verklaring deur die Regering van sy buitelandse beleid. Hy het onder meer gesê dat die buiteland onder die huidige omstandighede slegs die gevolgtrekking kan maak dat Suid-Afrika nie van plan is om sy neutraliteitsreg uit te oefen nie.[24]

Adv. F.C. Erasmus het as sekondant van die voorstel 'n lewendige toespraak gelewer wat telkens teenwerpsels van ministers en ander lede van die Regeringsparty uitgelok het veral toe hy daarop gewys het dat die ooreenkoms insake Simonstad deur die Regering aanvaar is as 'n deel van sy beleid waardeur hy die reg op neutraliteit gerepudieer het.[25]

Uit bogenoemde debat was dit baie duidelik dat daar binne die Verenigde Party-geledere onenigheid oor die uitleg van Suid-Afrika se neutraliteitsreg en die Simonstadooreenkoms bestaan het. Hierdie verskil van mening sou in 1938 pertinent gestel word. In teenstelling met wat genl. Hertzog nou in die Parlement gesê het, het min. F.C. Sturrock in 1938 tydens 'n vergadering op Roodepoort verklaar: "Ons sal Simonstad verdedig afgesien van watter gevolge dit ookal in die Unie kan hê."[26] Op dieselfde vergadering het dr. Hjalmar Reitz gesê: "Ons moet in die tyd van oorlog die

---

23. Ibid. Dié voorstel van dr. Malan is net so opgeneem in Die Nasionale Party se Program van Aksie. Artikel 1.

24. Hansard. Deel 24. kol. 1845-1851.

25. Hansard. Deel 24. kol. 1852-1858.

26. Die Transvaler, 3/5/1938.

kant van ons goeie vriend, Engeland, kies en as ons dit nie doen nie, sal daar Burgerkryg in die land wees."[27]

In die lig van bostaande verklarings is dit te begrype dat die vernaamste beswaar van die Nasionaliste teen genl. Hertzog was dat hy geweier het om 'n besliste en duidelike beleidsverklaring namens die Regering oor die Unie se neutraliteitsreg en oor die Simonstadooreenkoms uit te vaardig. Die Eerste Minister het wel sy eie persoonlike standpunt duidelik gestel, maar dit was beslis nie die siening van die meerderheid van sy kabinet nie. Die Burger het dit in rake woorde soos volg opgesom: "Die Smeltersregering durf nie tussen groot beginsels kies nie. Dan spat hy uitmekaar. Daar is blykbaar net een beginsel wat deur die hele parlementêre Smeltersparty gehuldig word: Bly bymekaar, dan bly ons aan bewind."[28]

Die Nasionale Party het in die daaropvolgende jare dikwels op 'n verandering van die Simonstadooreenkoms aangedring, maar ewewel sonder enige sukses. Vir die Nasionaliste was die handhawing van Suid-Afrika se neutraliteit 'n vraagstuk van praktiese politiek en nie "akademiese" verskille nie en hy het gevolglik die Regering se gebrek aan openhartigheid in die verband ten sterkste veroordeel.

---

27. Ibid.

28. Die Burger, 20/2/1935. Hoofartikel.

B. Die Italiaans-Abessiniese veldtog.

Die Simonstadooreenkoms was maar slegs een van die Nasionaliste se besware teen die Unieregering se verdedigingsbeleid waardeur die neutraliteitsreg van Suid-Afrika geskend is. Die steeds toenemende samewerking met die Britse regering op internasionale gebied sou die verset al hoe meer laat oplaai. Dit blyk maar al te duidelik uit die optrede van die Nasionale Party in verband met die Unieregering se samewerking met Brittanje in die Italiaans-Abessiniese kwessie. In Europa het die besetting van Abessinië deur Italië 'n uiters gespanne situasie geskep. Mussolini se optrede is beskou as 'n openlike uitdaging aan die Volkebond en die gevaar het bestaan dat dit kon lei tot 'n Europese botsing waarin al die groot moondhede betrokke sou raak. Brittanje veral was direk in hierdie stryd betrokke omdat die Italiaanse optrede Engeland se belange in Egipte bedreig het. Gevolglik het hy die Volkebond nie slegs teen Italië gesteun nie, maar hom aangespoor tot die besluit om ekonomiese sanksies teen Italië toe te pas. Engeland is hierin sterk gesteun deur die Unieregering wat op sy beurt van die standpunt uitgegaan het dat die Italiaanse optrede 'n bedreiging vir Suid-Afrika se belange was. In die toepassing van die sanksies sou groter samewerking tussen die Unie en Brittanje noodwendig wees omdat volgens adv. O. Pirow, minister van Verdediging, die Unie nie onverskillig kan staan teenoor wat in ander

Britse besittings in Afrika gebeur nie.[29]

Teen hierdie beleid van die Hertzog-Smuts regering het die Nasionale Party hom met alle mag verset. Op 31 Januarie 1936 het dr. Malan in die Volksraad voorgestel : "Dat, met die oog op die Italiaans-Abessiniese oorlog en die toestand van onrus en onsekerheid in die wêreld, hierdie Raad sy onwrikbare gehegtheid aan 'n beleid van vrede beklemtoon, hom teen enige stappe, insluitende die toepassing van militêre of ekonomiese sanksies verklaar, wat daartoe mag strek om aan daardie oorlog 'n wyer omvang te gee en sy oortuiging uitspreek dat, behoudens sy plig tot selfverdediging in geval hy aangeval word, Suid-Afrika hom streng sal onthou van deelname aan enige oorlog."[30] Hierdie mosie van dr. Malan het veral drie versoeke aan die Regering gestel. Eerstens moet hy sy onwrikbare gehegtheid aan 'n beleid van vrede beklemtoon. Tweedens moet die Regering verklaar dat hy geen stappe, insluitende sanksies, sal doen wat daartoe sal lei om dan die reeds bestaande oorlog 'n wyer omvang te gee nie, en derdens, het die leier van die Opposisie 'n verklaring van die Regering verlang waarin hy aan die wêreld te kenne gee dat hy hom nougeset van 'n deelname aan enige oorlog tussen ander

---

29. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.338. Vergelyk ook E.A. Walker., A History of South Africa. p.683.

30. Hansard. Deel 26. kol. 31.

volke sal onthou.[31] In sy betoog het die leier van die Opposisie onder meer opgemerk: "Vir 'n lang tyd het die Regering met betrekking tot die kwessie van oorlog en vrede ..... tot ons houding in verband met die wêreldposisie in 'n skulp gesit en hulle wou eenvoudig uit daardie skulp nie uitkom nie .... Daarom sê ek dat die beleid van die Regering - of die gebrek aan beleid - was 'n beleid van geen beleid. Hulle het eenvoudig alle verantwoordelikheid vir 'n beleid van hulle afgeskuif en op die Parlement gesit wanneer eenmaal oorlog sou uitbreek ..... iedereen kan nie anders as tot die gedagte kom dat daardie houding ingeneem was alleen om te bedek die innerlike verdeeldheid oor die vraagstuk wat bestaan tussen die twee seksies van die regerende party."[32] Dr. Malan het in besonder verwys na die beskouinge wat 'n groot aantal lede van die Verenigde Party gehuldig het dat die Unie konstitusioneel verplig is om hom aan die kant van Engeland te skaar. "Maar ek vind dat diegene wat altyd 'n ander sienswyse gehad het (hier bedoelende genl. Hertzog) vandag daardie sienswyse nie meer op die voorgrond stel nie, dat hulle die teenoorgestelde sienswyse nie publiek bestry nie, maar dat aan die ander kant uitdrukkings kry soos dié van die Eerste Minister by verskillende geleenthede, dat ons aan alle vriendskap - bedoel met Engeland - in sulke internasionale moeilikhede as die wêreld deurmaak, vaster moet hou

---

31. Die Volksblad, 3/2/1936. Hoofartikel.

32. Hansard. Deel 26. kol. 34.

as ooit te vore."[33] Dr. Malan het hier verwys na wat genl. Hertzog by 'n vroeëre geleentheid gesê het, naamlik dat Engeland Suid-Afrika se grootste vriend geword het en "die Britse vloot is vir my net so geliefd as vir die Engelsman in Engeland .... want die vryheid van my volk is net so daarby betrokke as dié van Engeland self."[34]

Dr. Malan het in sy mosie die standpunt van die Nasionale Party in dié verband baie duidelik uiteengesit. "Die doel van my mosie is ..... om duidelik te maak dat ek en lede wat saam met my aan hierdie kant van die Raad sit, nie glo in oorlog om oorlog te beëindig nie en dat daarom, watter maatreëls daar ook geneem mag word ... die maatreëls in ieder geval nie moet insluit militêre maatreëls of maatreëls wat in enige geval aan die oorlog 'n wyer omvang sal gee nie. Ons glo verder dat in die toestand waarin die Volkebond vandag hom bevind, dit in die belang van Suid-Afrika is om 'n beleid van neutraliteit te volg en dat ons nie as 'n land ons moet bemoei of moet deelneem aan 'n oorlog wat in die eerste instansie ons nie aangaan nie."[35] Dr. Malan het verder in sy betoog die Regering gevra waarom hy hom nie aan die belofte gehou het wat hy aan die volk gegee het nie: "Ons het altyd uit die mond van Ministers die gerusstellende woorde ver-

---

33. Ibid. kol. 35.

34. Die Volksblad, 16/3/1935. Hoofartikel.

35. Hansard. Deel 26. kol. 36.

neem: "Ons sal in geval van oorlog eers die volk raadpleeg. En tog het die Regering heengegaan om sanksies, wat tot oorlog kan lei, toe te pas sonder om die Parlement bymekaar te roep."[36]

Van Nasionale kant is hierdie voorstel van dr. Malan deur dr. N.J. van der Merwe gesekondeer. In besonder het hy verwys na die outokratiese en diktatoriale optrede van die Regering deurdat hy nie die Parlement geraadpleeg het oor die toepassing van ekonomiese sanksies teen Italië nie. Hy het verder opgemerk dat die Unie groot gevaar loop om in 'n oorlog gedompel te word as die Regering voortgaan om Suid-Afrika in hierdie verband aan Engeland en sy optrede te koppel: "Waar ons deur daardie handelswyse saam met Engeland op die voorpunt staan, spreek dit vanself dat as Engeland in 'n oorlog gewikkeld raak, ons nie daaruit kan bly nie. Britse staatsmanne het daar geen geheim van gemaak dat die toepassing van ekonomiese sanksies oorlog tot gevolg sal hê nie."[37] Dr. Van der Merwe het onder andere verklaar dat genl. Smuts nog konsekwent staan by sy beleid dat die Unie hom onder alle omstandighede aan die kant van Engeland moet skaar. "Hy (genl. Smuts) het reeds van te vore getoon dat hy gewillig is om Suid-Afrika se neutraliteitsreg en Suid-Afrika se selfstandigheid te lê op die altaar van Britse imperialisme."

---

36. Die Volksblad, 3/2/1936. Hoofartikel.

37. Hansard. Deel 26. kol. 48.

Hy het verder gesê dat hierdie houding van genl. Smuts beslis nie verbasend is nie, maar wel "dat die Eerste Minister saam met diegene wat altyd voorstanders was van ons neutraliteitsreg en wat in die verlede altyd die beleid van neutraliteit vir Suid-Afrika verkondig het, dat hulle hul vandag vereenselwig met daardie beleid van die man wat so bang is vir die "disruptive influences" in die Britse Ryk....."[38] Die leier van die Vrystaatse Nasionaliste het duidelik laat blyk dat Suid-Afrika, soos Switserland, 'n beleid van algehele neutraliteit moet volg teen enige militêre optredes of ekonomiese sanksies wat die Unie in gevaar kan stel. Ook adv. J.G. Strijdom het verklaar: "Ons wil nie in 'n oorlog gesleep word om die belange te bevorder van 'n paar groot moondhede wat agter die Volkebond sit nie."[39]

Genl. Hertzog het in sy antwoord op die Nasionaliste se betoog twee argumente ter verdediging van die Unie se beleid aangevoer: Die Unie was lid van die Volkebond en Italië se optrede was 'n bedreiging vir die Unie se belange.[40]

Oor eersgenoemde het genl. Hertzog gesê: "Die Regering is in die posisie dat hy hoof is van 'n staat wat lid geword het van die Volkebond en wat hom plegtig neergelê het by sekere verpligtings wat hy op hom geneem het om na te kom, en aangesien dit so is, is hy ook verplig om hom te onderwerp aan die verpligtings."[41]

---

38. Hansard. Deel 26. kol. 50.

39. Hansard. Deel 26. kol. 102.

40. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.348.

41. Hansard. Deel 26. kol. 55.

Genl. Hertzog het die mosie wat dr. Malan ingedien het, voorgehou as 'n poging om die Parlement te oorreed om 'n uitspraak te lewer waarby hy sy verpligting teenoor die Volkebond sal repudieer. Hy het dit beklemtoon dat die Unieregering vir 'n beleid van vrede staan, 'n beleid wat hand aan hand met die handhawing en beskerming van die vryheid en die belange van Suid-Afrika gaan. Volgens hom was dit ook die beleid van die Volkebond en "daarom gaan die beleid van die Regering in die eerste plaas gepaard met getroue handhawing van die verpligtings wat hy op hom geneem het as lid van die Volkebond." Voortgaande het genl. Hertzog gesê: "Dit is nie 'n beleid van weghardloop wanneer die dag moet kom om jou plig te doen ...."[42]

Uit hierdie verklaring van genl. Hertzog en ook na aanleiding van dit wat dr. Malan en dr. Van der Merwe gesê het, blyk dus duidelik dat die Unie se lidmaatskap van die Volkebond beskou is as 'n belangrike faktor waarom die hele neutraliteitsvraagstuk gewentel het. Nasionaliste het dit duidelik laat blyk dat hulle ten gunste daarvan was dat die Unie sy lidmaatskap van die Volkebond opsê.

Oor die tweede argument wat genl. Hertzog ter verdediging van die Unie se beleid aangevoer het, het hy onder andere gesê: "Dit is nie alleen terwille van ons verpligtinge aan die Volkebond nie dat ons gedwonge is om hierdie beleid van vrede, gepaardgaande met die eerbare beskerming van ons vryheid en van die

---

42. Hansard. Deel 26. kol. 56.

belange van die staat, te volg nie. Die kwessie van die optrede van Italië in verband met Abessinië is myns insiens een van die grootste bedreigings vir ons vryheid en die belange van Suid-Afrika wat nog ooit in die afgelope 40 - 50 jaar plaasgevind het."[43] Daarom, so het Hertzog betoog, het die Regering dit nie nodig geag om die Parlement vooraf oor sy optrede teen Italië te raadpleeg nie, omdat hy geweet het wat die volk se houding is en omdat hy besef dat hy in Suid-Afrika se belang handel.[44]

Genl. Smuts het genl. Hertzog se verklaring heelhartig gesteun. Hy het onder meer opgemerk dat alvorens die Unie aan die repudiëring van sy verpligtinge kragtens die Volkebondverdrag kan dink, Suid-Afrika eers sy lidmaatskap van die Volkebond sal moet opsê: "Daar bestaan geen veiligheid in hierdie wêreld as deur samewerking nie. Daar is geen koöperasie nie anders as met vriende wat deur dik en dun by ons sal staan nie. Dr. Malan se voorstel van 'n alleenstaande verdediging is 'n droombeeld, 'n hersenskim."[45] Hy het voortgegaan en gesê dat daar geen ander keuse vir die Unie is as om die Eerste Minister se amendement te aanvaar nie en die Regering se beleid ter uitvoering van die ekonomiese sanksies teen Italië te onderskryf nie. Daarmee betuig die Unie sy trou aan sy woord en sy lojaliteit aan die Volkebond. Genl.Smuts het dit deurgaans beklemtoon dat Suid-

---

43. Hansard. Deel 26. kol. 57-58.

44. Hansard. Deel 26. kol 59-60.

45. Die Vaderland, 4/2/1936. Rand Daily Mail, 4/2/1936.

Afrika as 'n klein land nie op sy eie verdediging kan staatmaak nie en gevolglik nie die Volkebond kan verlaat nie: "Ons beleid lê in die behoud van vriendskap en in samewerking ter versterking van die Volkebond. So alleen kan ons Suid-Afrika vir die nageslag verseker en beveilig."[46] Hy het na aanleiding van die Opposisie se waarskuwings dat die Italiaans-Abessiniese veldtog op 'n wêreldoorlog kan uitloop, opgemerk: "This war talk is merely bluff, and to some extent successful bluff."[47] Die gevolg was dat dr. Malan se voorstel deur 98 teenoor 14 stemme verwerp is.[48]

Hierdie verklarings van genls. Hertzog en Smuts moes noodwendig 'n skerp reaksie van die Nasionale Party-pers uitlok. Die Burger het onder meer opgemerk dat genl. Hertzog se verklaring eenvoudig daarop neerkom dat die Regering dit nie nodig geag het om die Parlement vooraf oor sy buitelandse beleid te raadpleeg nie, selfs al sou daardie politiek op 'n oorlog uitgeloop het: "Die storie dat die volk vooraf geraadpleeg sal word, is daarmee in al sy heiligheid aan die kaak gestel."[49] Min het die koerant geweet hoe juis hy in sy siening was, want drie en 'n half jaar later het die Regering hierdie belofte nie gestand gedoen nie, maar saam met Brittanje oorlog teen Duitsland verklaar bloot op 'n beslissing van die Parlement. In Die Volksblad het dr. A.J.R van Rhyn geskryf:

---

46. Ibid.

47. Rand Daily Mail, 4/2/1936. The Friend, 4/2/1936.

48. Hansard. Deel 26. kol. 170-171. Vergelyk ook The Star, 4/2/1936. Hoofartikel.

49. Die Burger, 3/2/1936. Hoofartikel.

"Wat beteken ons onafhanklikheid as ons Regering nie 'n eie buitelandse beleid kan volg nie? As sake so ontwikkel, kan ons maklik 'n herhaling van die gebeure van 1914 kry. Die Regering stuur daarop af. Kan die volk nie hierdie dinge sien nie."[50]

Na aanleiding van hierdie situasie skryf dr. G.D. Scholtz: "Hoe moet 'n mens hierdie houding van genl. Hertzog rym met die houding wat hy op 4 September 1939 aangeneem het? Oor die houding wat hy op laasgenoemde datum aangeneem het, sal die Afrikaanse volk sy nagedagtenis altyd eer, maar het sy houding van 31 Januarie 1936 en ander datums nie die stemming van 4 September 1939 onvermydelik gemaak nie? Die argumente wat hy steeds aangevoer het, is op daardie datum eenvoudig teen hom gedraai, toe hy 'n voorstel ten gunste van neutraliteit ingedien het. En indien Italië se houding in 1936 'n bedreiging van die Unie se belange was, hoe kon genl. Hertzog dan nog met enige reg op 19 Junie 1940 die versoek aan genl. Smuts gerig het om sowel met Duitsland as met Italië vrede te sluit. Hy het immers self die Italiaanse optrede 'n bedreiging van die Unie se belange genoem."[51]

Die mosie van dr. Malan is baie sterk in die Engelse pers aangeval en weerspreek. Die Rand Daily Mail het onder meer opgemerk: "Dr. Malan performed the most difficult delicate egg dance of his career ..... He laid down a Monroe doctrine without defining

---

50. Die Volksblad, 3/2/1936. Hoofartikel.

51. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.349.

it: he impugned the League's motives without examining them; and he accepted sanctions so long they remained innocuous."[52] Daarenteen het bogenoemde nuusblad genl. Hertzog se antwoord op dr. Malan se mosie soos volg aangeprys: "Dit is 'n baie duidelike verklaring namens Suid-Afrika oor die eerbare nakoming van die land se verpligtinge in die groter kring van wêreldpolitiek. Dit sou nie maklik gewees het om dr. Malan beter te antwoord nie."[53] Na aanleiding hiervan skryf Die Volksblad: "Genl., kyk hoe juig die Jingo-pers u toe, het ons nie die reg om aan te neem dat u hul politiek uitvoer wanneer ons sien hoe roerend eens hulle dit met u is oor hierdie kwessies nie?"[54] Ook dr. N.J. van der Merwe se verklaring dat genl. Smuts weer eens bereid is om Suid-Afrika se neutraliteitsreg op die altaar van Britse Imperialisme te lê, het 'n kwaai reaksie in die Engelse pers uitgelok. The Star het na aanleiding hiervan verklaar: "Dr. Van der Merwe is secretly sympathetic towards Fascism - or, for that matter Nazism...." Voortgaande het die koerant geskryf dat dr. N.J. van der Merwe se toespraak en oortuigings "sheer flatulent nonsense" is."[55]

Teen ongeveer die helfte van 1936 het die spanning oor die Italiaans-Abessiniese kwessie geleidelik afgeneem en talle moondhede wat lid van die Volkebond was, het hul bereidwilligheid te kenne gegee

---

52. Rand Daily Mail, 1/2/1936. Vergelyk ook The Friend, 4/2/1936. Hoofartikel. The Star, 4/2/1936. Hoofartikel.

53. Rand Daily Mail aangehaal in Die Volksblad, 5/2/1936. Hoofartikel.

54. Die Volksblad, 5/2/1936. 14/2/1936. Hoofartikels.

55. The Star, 4/2/1936. Hoofartikel.

om die ekonomiese sanksies teen Italië op te hef. Op 16 Junie 1936 het dr. Malan in die Volksraad verklaar dat die beleid van ekonomiese sanksies teen Italië hoegenaamd geen sukses gehad het nie. Na aanleiding hiervan het hy dit ten sterkste betwyfel of die Regering die regte beleid gevolg het: "Hul verklarings dat Suid-Afrika met sanksies gaan volhou is nie uit staatsmanskap of gevoel vir Suid-Afrika gedoen nie, maar net eenvoudig omdat hul skaamkwaad is dat hul beleid geen sukses gebaar het nie."[56] Die leier van die Opposisie het genl. Hertzog die vraag gestel of die Regering sy beleid met betrekking tot sanksies teen Italië gaan volhou aangesien daar aanduidings is dat Brittanje die sanksies teen Italië gaan laat vaar. Hy het dit beklemtoon dat Suid-Afrika groot belang in Italië se situasie het, omdat dit vir die Unie die poort na die wêreldmarkte van Suid- en Sentraal Europa is en dat die Regering se optrede in die verband die Unie ongetwyfeld op die swart lys van die Italiane geplaas het. Genl. Hertzog se antwoord hierop was soos volg: "Wat die Unie betref, ek sal tot die laaste daarvoor staan dat dit die plig is van individuele lede van die Volkebond en dus ook van Suid-Afrika, om hul verpligtinge na te kom, al is dit ook met oorlog."[57]

Ook buite die Parlement is in hierdie tyd die botsende standpunte oor die neutraliteitsvraagstuk by herhaling gestel. Op 'n vergadering wat dr. Malan op Rietbron toegespreek het, het hy die Nasionale Party standpunt insake neutraliteit weer eens baie duidelik gestel

---

56. Die Burger, 17/6/1936.

57. Ibid. Vergelyk ook Hoofartikel.

naamlik dat hulle hul onder geen omstandighede met Europese twiste wil inmeng nie. Hy het onder meer opgemerk: "Die Unie Regering sit verdeeld tussen twee seksies wie se standpunte hemelsbreed van mekaar verskil en 'n besliste verklaring onmoontlik maak. Die voorwendsel word versagtend voorgehou dat hy aan geen oorlog sal meedoen sonder goedkeuring van die volk en die Parlement nie. Groot gevaar lê hierin opgesluit om die verantwoordelikheid vir die beleid op die volk af te skuif."[58] Die versekering van die Regering: "die Parlement sal beslis," hou vir die Nasionaliste nie die minste waarborg in nie, want indien hy werklik begerig was, soos hy beweer het, om Suid-Afrika uit Europa se twiste te hou, dan was dit sy plig om dit duidelik en vroegtydig te sê.[59] Daarom, so het Malan betoog: "Wat myself betref en wat die Nasionaal-voelende deel van die volk betref, staan ons daarop dat ons ons nie inlaat met die twiste van ander volke nie ..... Die Nasionale Party staan internasionale neutraliteit voor en hy sal inmenging met Duitsland se rusies met hand en tand beveg."[60]

Aan die ander kant het genl. Smuts in sy openbare toesprake konsekwent sy oortuiging gehandhaaf dat dit die "eer en plig" van die Unie is om Brittanje by te staan in geval van oorlog. Dit was sy standpunt vóór die samesmelting tussen die twee partye en dit sou sy houding ná samesmelting bly.[61] Dit was trouens

---

58. Die Burger, 2/6/1937.

59. Die Volksblad, 20/3/1937. Hoofartikel.

60. Die Burger, 2/6/1937.

61. Vergelyk voetnote 1.

die aanvaarde beleid van die Suid-Afrikaanse Party. Op die Kaaplandse Suid-Afrikaanse Party kongres in Augustus 1934, waar ten gunste van samesmelting besluit is, het genl. Smuts as leier verklaar: "My boodskap aan u is: dra oor na die nuwe party die gees van die Suid-Afrikaanse Party. Dis 'n aansteeklike gees. U sal links en regs aansteek."[62] Met hierdie voorneme het die Sap-Unioniste tot die nuwe party toegetree en soos dit herhaaldelik uit toesprake geblyk het, het hulle geensins 'n veranderde houding oor die Unie se deelname aan Brittanje se oorloë ingeneem nie. Daarom was die meerderheid van die Verenigde Partylede nie ten gunste van 'n neutraliteitsverklaring nie. Dit is bevestig toe genl. Smuts op die Natalse Verenigde Party kongres van 9 September 1937 gesê het dat indien daar 'n wêrelduitbarsting sou plaasvind, die Unie homself nie sal kan isoleer nie, maar in die midde van die stryd sal staan: "As ons ons vriende verlaat, kan ons verwag dat hulle ons sal loslaat en in isolasie sal ons lot die lot van Abessinië wees."[63] Dit is verder deur hom bevestig toe hy op 2 Desember 1937 op die Verenigde Party se Uniale Kongres verklaar het: "Dr. Malan sê dat die Verenigde Party Suid-Afrika hande en voete aan die Ryk vasbind .... Die feit is dat dr. Malan gedeeltelik reg is. Daar is meer opregte samewerking tussen die Britse Gemenebes en Suid-Afrika as ooit te vore. Maar die samewerking is nie gedwonge, soos dr. Malan sê nie. Dit is vrywillig."[64]

---

62. Die Burger, 6/1/1938. Hoofartikel.

63. Die Burger, 10/9/1937.

64. Die Burger, 6/1/1938. Hoofartikel.

Om die beleid van uitgesproke steun aan Brittanje, in geval van oorlog te regverdig, het Verenigde Party sprekers op vergaderings herhaaldelik daarna verwys dat Suid-Afrika se minerale rykdomme die Unie 'n begeerlike buit vir ander lande maak. Op 'n vergadering te Germiston het genl. Smuts opgemerk: "Suid-Afrika bevind hom in 'n posisie van groot gevaar .... Die buitegewone minerale rykdom van Suid-Afrika maak ons 'n Nabotswingerd waarna groot volke gretig verlang." Juis om hierdie rede, het hy vervolg, kan die Unie nie sy vriende, veral Brittanje verlaat nie, want, "isolement is gevaarlik. In die wêreld van vandag soek almal na bondgenote. In die Britse Statebond het ons so 'n hand van vriendskap."[65] Genl. Smuts was, soos reeds voorheen genoem, oortuig dat die Unie met sy beperkte verdedigingsmiddele nie in staat was om homself teen 'n grootskaalse aanval van buite te verdedig nie. Daarom was dit noodsaaklik om Brittanje te steun sodat Suid-Afrika andersyds weer op die steun van Brittanje kon reken: "Ons het deur ons posisie in die Britse Ryk 'n groot skild .... 'n beskutting teen aanvalle..... Hoe kan ons nou neutraliteit bepleit."[66] Deur hierdie verklaring het genl. Smuts onteenseglik groot staatsmanwysheid aan die dag gelê, want daarin het hy 'n juiste opsomming gegee van die werklike posisie waarin die Unie hom sou bevind indien oorlog sou uitbreek. Hy het ook van die standpunt uitgegaan dat die Unie se lidmaatskap van die

---

65. Die Burger, 26/6/1937.
66. Die Burger, 17/3/1938. Hoofartikel. Aanhaling uit die toespraak wat genl. Smuts op 16/3/1938 op Paarl gelewer het. Vergelyk ook Die Transvaler, 16/3/1938. Hoofartikel.

Volkebond hom geen keuse in die saak laat nie en dat hy dus verplig sou wees om Brittanje by te staan wanneer laasgenoemde onder die Volkebondstatuut oorlog sou verklaar.

In teenstelling met die verklarings soos hierbo genoem, het die "Gesuiwerde" Nasionaliste al hoe sterker daarop aangedring dat die Regering 'n neutraliteitsbeleid moet verklaar soos Noorweë, Swede, Denemarke, Holland, België en Switserland. Dr. Malan het op 'n vergadering op Clanwilliam die voorbeeld van Holland en België genoem wat hulle internasionaal neutraal verklaar het en Suid-Afrika moes volgens hom dieselfde doen. Daarenteen weier die Regering om so 'n verklaring uit te reik en skuif gevolglik sy verpligtinge op die volk en die Parlement af deur te sê dat die volk en die Parlement oor die Unie se deelname aan 'n oorlog sal besluit. "Dit is 'n hopeloos swak standpunt, wat as dit deur 'n ander nasie ingeneem word, dit hom bespotlik sal maak."[67]

In 1938, twee dae voor die Volksraad ontbind het met die oog op die algemene verkiesing,het dr. Malan in 'n toespraak oor die gespanne internasionale verhoudinge, nogmaals die Nasionale Party se standpunt oor Suid-Afrika se neutraliteit ingeval van 'n Europese oorlog gestel. Hy het 'n beroep op die Regering gedoen om op die vooraand van die algemene verkiesing sy standpunt ten opsigte van

---

67. Die Burger, 16/9/1937. Vergelyk ook dr. Malan se toespraak op Uitenhage. Die Burger, 19/8/1937. Dr. Malan het wel die voorbeeld van België en Holland opgehaal wat hulself neutraal verklaar het, maar hierdie neutraliteit van hul is later geheel en al misken toe Duitsland hulle binnegeval het.

Suid-Afrika se neutraliteit duidelik aan die volk van Suid-Afrika te stel. Hy het weer eens verwys na die betekenislose versekerings soos "die Parlement sal besluit" en "ons gaan alleen in 'n oorlog as dit in ons belang is."[68] Hierdie verklarings, het dr. Malan beweer, is geen beleid nie; dit is eenvoudig 'n spel met woorde.

In sy antwoord het genl. Smuts die aandag daarop gevestig dat die Volkebond nie dood en impotent is soos dr. Malan beweer het nie. Hy het aangehaal: "I think the very plight in which the world is today, the menacing situation which has arisen, the realisation of the tremendous dangers in our path, ... will help the nations to realise that there is a better way, and that better way is in the League." Voortgaande het hy verklaar: "I have lost no faith in the League, because I know there is no other way if our human race and our civilisation is to be saved."[69] W.K. Hancock skryf hieroor: "On foreign policy Smuts reiterated three linked propositions: South Africa could not isolate herself, but needed friends; her best friends were Britain and the other nations of the Commonwealth; she could not count on staying neutral."[70] Op die vraag, watter verpligtings die Unie in die huidige, gespanne wêreldtoestand moes aanvaar, het genl. Smuts geantwoord dat dit van die omstandighede sal afhang of Suid-Afrika daadwerklik aan enige oorlog sal deelneem.[71] Dit sou volgens genl. Smuts altyd

---

68. Hansard (Engels). Deel 31. kol. 1603-1604.
69. Hansard. Deel 31. kol. 1608.
70. W.K. Hancock., Smuts, The Fields of Force. p.316.
71. Hansard. Deel 31. kol. 1611.

'n ope vraag bly, want "no wise man today will say how the interests of South-Africa may be affected by any future development."[72] Genl. Smuts se verklaring in verband met die Volkebond was vir Die Volksblad, "'n blote skuifmeel wat die smeltleier gebruik om, in belang van sy imperialisme, 'n onsydigheidsverklaring namens die Unie te weier."[73] Opmerklik was veral dat genl. Hertzog nie aan die bespreking deelgeneem het nie. Die Eerste Minister, het in teenstelling met genl. Smuts, hom nie veel oor die neutraliteitsvraagstuk uitgelaat nie. Hy het deurgaans die standpunt gehandhaaf dat indien Suid-Afrika se belange deur 'n oorlog bedreig word, sal dit die taak van die Parlement wees om te besluit of die Unie neutraal gaan bly al dan nie. Die swye van genl. Hertzog in die verband kan daaraan toegeskryf word dat hy ten alle koste die eenheid van sy party wou handhaaf en hy het gehoop dat hierdie vraag naamlik of die Unie wel aan Brittanje se oorloë moet deelneem, so lank as moontlik op die agtergrond geskuif kan word. G.D. Scholtz skryf hieroor: "Indien daar enige verwyt tot genl. Hertzog en sy ondersteuners in die Verenigde Party gedurende die jare 1934 tot 1939 gerig word, sal dit wees dat hulle oor die vraagstuk van neutraliteit geen duidelike en besliste standpunt ten gunste van die een of die ander kant wou inneem nie."[74] Daarenteen het genl. Smuts en sy volgelinge deurgaans positief en

---

72. Ibid.

73. Die Volksblad, 17/3/1938. Hoofartikel.

74. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.343.

duidelik hul standpunt gestel wat hulle van plan was om te doen indien Engeland in 'n oorlog betrokke sou raak.

In die 1938-verkiesingsveldtog het dit duidelik geblyk dat Regeringswoordvoerders ernstig oor die neutraliteitsvraagstuk verskil het.[75] Genl. Smuts het telkens daarna verwys dat die Unie 'n onafskeidbare deel van die Britse Ryk uitmaak en dus moreel verplig is om Brittanje op elke gebied van staatkundige optrede te ondersteun. Op 'n vergadering te Oos-Londen het hy aangehaal: "Daar bestaan geen twyfel hoegenaamd dat as Engeland in gevaar is, elke vrygewes soos in 1914 sy plig sal doen nie. Wanneer die geleentheid daar is, sal daar geen aarseling wees nie. As Engeland of enige ander vrygewes werklik in gevaar verkeer, sal ons groep soos in die verlede saamstaan."[76] In welke mate die Unie en Brittanje op verdedigingsvlak sou saamwerk, het genl. Smuts op 'n vergadering in Kaapstad duidelik uiteengesit. Hy het verklaar dat die beleid van die Verenigde Party onder meer bepaal het dat (a) dit sal sorg dat Suid-Afrika gereed is om te voldoen aan die toenemende eise van strategiese belang wat aan hom gestel sal word; (b) dat die Simonstad-ooreenkoms ten volle nagekom sal word, en (c) dat Suid-Afrika sy plig teenoor Brittanje op verdedigingsvlak sal doen. Hy het verder verklaar: "Wanneer 'n vyandelike moondheid ooit 'n skoot op Simonstad skiet, sal hy tien skote van ons terugkry. Dit is wat ons neutraliteit betref."[77]

---

75. Raadpleeg hoofstuk oor die algemene verkiesing van 1938.
76. Die Burger, 4/5/1938.
77. Die Volksblad, 28/4/1938 soos aangehaal in G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.342.

C. Die Oostenrykse en Tsjeggo-Slowaakse krisis.

Die gespanne Europese toestand het in 1938 telkemale gedreig om tot 'n uitbarsting te lei. Dit was veral die geval tydens die Oostenrykse-krisis toe Hitler sy geboorteland, Oostenryk, by Duitsland ingelyf het en Hitler se eise dat aan die Duitsers in Tsjeggo-Slowakye selfbeskikkingsreg toegeken word. Onder die "Gesuiwerdes" het daar 'n groot onrus oor die toestand geheers, want dit was baie duidelik dat genl. Smuts en sy volgelinge trou aan Engeland gesweer het en dat die Smuts-standpunt ten opsigte van deelname aan 'n oorlog eenvoudig die situasie oorheers het veral omdat genl. Hertzog, soos reeds gesê, die swye bewaar het deur geen besliste verklaring te doen nie.[78]

Toe die Parlement vir 'n kort reses na die algemene verkiesing van 1938 byeengekom het, het dr. Malan, as leier van die Opposisie, die neutraliteitsvraagstuk weer eens pertinent na vore gebring. Hy het daarop aangedring dat die Regering onomwonde moet verklaar wat sy optrede in geval van oorlog gaan wees. "Ons wil weet wat die beleid van die Regering is met betrekking tot deelname aan Engeland se oorloë. Ons het in vorige jare probeer om agter die beleid van die Regering te kom ..... Die Regering het meermale verklaar dat hulle nie 'n beleid neerlê nie, hulle sal wag tot die oorlog daar is en dan sal die Parlement bymekaar geroep word en die Parlement sal besluit. Ek moet sê dat as ons die verklarings

---

78. M.C.E. van Schoor., J.J. van Rooyen., Republieke en Republikeine. p.214.

van die Regering moet aanneem wat gemaak is by die laaste verkiesing, dan is die beleid van die Regering niks anders as dat, as Engeland in oorlog is, Suid-Afrika ook in oorlog is en dat dit die beleid van die Regering is om so te handel."[79] In die Volksraad het dr. Malan aangehaal wat genl. Smuts voorheen in sy toesprake in Port Elizabeth en King William's Town gesê het en hom gevra om dit te ontken of te bevestig. Op King William's Town het genl. Smuts onder meer gesê: "Julle kan maar gerus slaap. As Engeland weer in oorlog betrokke raak, sal Suid-Afrika nie op hom laat wag nie en net soos in 1914 bystand verleen, nie omdat ons verplig is daartoe nie, maar uit ons eie wil, volgens ons eie besluit en keuse."[80] Hierdie openlike uitdaging van dr. Malan aan genl. Smuts het vir eers geen reaksie uitgelok nie. Dr. Malan het hierdie uitdaging op 25 Augustus aan genl. Smuts herhaal en ter gelyker tyd aan genl. Hertzog gevra of hy die mening en uitsprake van die Minister van Justisie onderskryf. "Ek sê weer dat die Minister van Justisie met gesag spreek en om sekere redes miskien met meer gesag as die Eerste Minister self. Ons moet op hierdie stadium veral weet wat die antwoord op hierdie vraag is."[81] Genl. Smuts het hierop geantwoord dat dit die beleid van die Regering is dat Suid-Afrika kragtens sy verpligtinge aan die Volkebond nie outomaties op enige wyse in 'n oorlog gedompel sal word nie, maar dat die Unie alleen sal deelneem, aan enige oorlog

---

79. Hansard. Deel 32. kol. 1111-1112.

80. Hansard. Deel 32. kol. 1112

81. Hansard. Deel 32. kol. 1676.

indien die Parlement sodanige besluit neem.[82] Voortgaande het hy verklaar dat die vraag aan hom gestel is wat sy sienswyse in verband met die neutraliteitsreg is en wat die Parlement in die geval behoort te besluit indien Engeland werklik aangeval word. Sy mening hieromtrent het hy duidelik gestel: "By my is daar geen twyfel, ... dat dit vir my baie duidelik is dat, as Groot Brittanje aangeval word en in werklike gevaar kom, ... Suid-Afrika hom sal help nie."[83] Hierdie verklaring van genl. Smuts het sy houding duidelik verklaar en 'n jaar later het hy dan ook presies gehandel soos hy belowe het. Op 'n vraag van mnr. S.P. le Roux of die Eerste Minister hierdie standpunt van hom onderskryf, het genl. Smuts geantwoord dat dit nie 'n kwessie van beleid is nie, maar slegs sy eie persoonlike mening. Dr. Malan het na aanleiding van hierdie verklaring van genl. Smuts gesê dat dit baie duidelik is dat genl. Smuts sedert 1914 nooit van standpunt verander het nie.[84] Die leier van die Opposisie het pertinent daarna verwys dat genl. Hertzog en sy volgelinge in die minderheid is en dat dit eintlik genl. Smuts is wat leiding in verband met die neutraliteitsvraagstuk in die Kabinet gee.[85] Dr. Malan het ná hierdie uitlatings van genl. Smuts die direkte vraag aan genl. Hertzog gestel, of hy as Eerste Minister saamstem met daardie mening van sy Adjunk-Premier. Genl. Hertzog het hierop

82. Hansard. Deel 32. kol. 1685-1687.

83. Hansard. Deel 32. kol. 1687.

84. Hansard. Deel 32. kol. 1688.

85. Hansard. Deel 32. kol. 1690. Vergelyk ook wat adv. F.C. Erasmus in dié verband gesê het, kol. 1692-1693.

geantwoord: "Die agb. Leier van die Opposisie het nooit veel verstand getoon wanneer dit kom by kwessies van hierdie aard nie ... hy (genl. Smuts) het die reg om dit te sê as hy meen dat dit die mening van Suid-Afrika sal wees om te gaan om vir Engeland in sulke omstandighede te help. Hy is volkome geregtig daartoe net soos die Leier van die Opposisie geregtig is om te sê dat hy die volk sal aanraai om vir Duitsland te gaan help ....." Voortgaande het genl. Hertzog gesê: "Die Regering loop op niks vooruit nie. Dit is nie die taak van die Regering om hipotetiese gevalle op te stel en dit te beantwoord nie."[86] Genl. Hertzog het dus nie verklaar wat sy standpunt was nie.

Die uiteenlopende verklarings soos hierbo genoem, het 'n wye reaksie in Nasionale nuusblaaie en in die Engelse pers uitgelok. Die Transvaler het in 'n hoofartikel geskryf dat genl. Hertzog deur genl. Smuts verneder en neergehaal is. Terwyl genl. Smuts met die grootste openhartigheid verklaar wat die Unie se posisie volgens sy sienswyse in 'n toekomstige oorlog behoort te wees, het genl. Hertzog konstant geweier om te sê wat sy standpunt is. "Nou is dit genl. Smuts wat onomwonde verklaar watter standpunt die Regering na sy beskouing teenoor 'n vraagstuk moet aanneem. Genl. Hertzog durf egter nie vandag nie meer sy mening ronduit verkondig nie. Die verste wat hy kan kom in verband met die deelname van die Unie aan 'n oorlog van Engeland is om te sê

---

86. Hansard. Deel 32. kol. 1690-1691.

dat, die volk sal beslis."[87] Die Burger het opgemerk dat Suid-Afrika daarvan seker kan wees dat genl. Smuts sy invloed sal gebruik en dat die Verenigde Party sal besluit om aan die volgende groot oorlog waarin Brittanje betrokke raak, deel te neem.[88]

Die Engelse nuusblaaie se reaksie was presies die teenoorgestelde as die van die Nasionale nuusblaaie. The Friend het gesê dat genl. Smuts glo en genl. Hertzog stem met hom saam, dat Suid-Afrika in enige oorlog waarin Brittanje vir sy bestaan veg, nie kan en sal afsydig bly nie.[89] The Star was dus ook oortuig dat indien Groot Brittanje in 'n oorlog betrokke sou raak, Suid-Afrika alle hulp aan Engeland moet en sal verleen.[90] Die Rand Daily Mail het bevestig dat dit onmoontlik is om aan 'n oorlog te dink waarin Brittanje betrokke sal raak, wat nie ook die belange van die Statebondgemeenskap as geheel sou bedreig nie. Dit is presies om hierdie rede dat genl. Smuts daarvan oortuig is dat indien Engeland in 'n oorlog betrokke sou raak, Suid-Afrika nie sy hulp sal onthou nie.[91]

In September 1938 het Die Volksblad 'n beroep op sy lesers en

---

87. Die Transvaler, 27/8/1938, 29/8/1938. Hoofartikels. Vergelyk ook Die Burger, 30/8/1938. Hoofartikel.

88. Die Burger, 1/9/1938. Hoofartikel.

89. The Friend, 27/8/1938. Hoofartikel. Vergelyk ook die Cape Times, 26/8/1938 soos aangehaal in Die Burger, 1/9/1938, wat opmerk: "Dit is die persoonlike sienswyse wat hy (genl. Smuts) huldig, en dit is duidelik dat die Eerste Minister in groot mate saamstem."

90. The Star, 26/8/1938. Hoofartikel.

91. Rand Daily Mail, 27/8/1938. Hoofartikel.

die volk as 'n geheel gedoen om met die grootste beslistheid teen die Regering se planne te protesteer om Suid-Afrika goedsmoeds in 'n herhaling van 1914 en 1918 te sleep.[92] Aan hierdie oproep is onmiddellik gehoor gegee toe die "Gesuiwerdes" 'n groot protesvergadering in die Paarl gereël het om neutraliteit vir Suid-Afrika te eis. Die vergadering is onder andere deur dr. D.F. Malan, Dr. N.J. van der Merwe en adv. J.G. Strijdom toegespreek. Dr. Malan het verklaar dat die vergadering byeengeroep is met die doel om die bal aan die rol te sit ten einde Suid-Afrika te red van die ramp wat hom bedreig as gevolg van genl. Smuts se imperialistiese verklarings.[93] "Vanaand is ons in die posisie om te sê dat alles waarvoor ons gevrees het, bevestig is. Ons het hier gekom om protes aan te teken teen die oorlogsbeleid van die Regering."[94] het Malan gesê. Die vergadering het gevolglik 'n mosie van wantroue in die Regering aangeneem en in 'n kragtige protesbesluit hul afkeur in die Regering se oorlogsbeleid uitgespreek.

Op 24 September 1938, die heel laaste dag van die Volksraadsitting, het dr. Malan weer 'n poging aangewend om 'n besliste verklaring van die Eerste Minister te verkry. Hierdie keer het genl. Hertzog op 'n dubbelsinnige wyse die standpunt van genl. Smuts onderskryf. Genl. Hertzog het onder meer die volgende uitlatings gemaak: "Ek herhaal dat ons 'n vrye volk is en dit is vir ons in hierdie Parlement en vir die volk van Suid-Afrika om te sê of ons gaan deel-

---

92. Die Volksblad, 2/9/1938. Hoofartikel.
93. Die Burger, 7/9/1938.
94. Ibid.

neem ..... indien daar 'n oorlog uitbreek." Voortgaande het hy verklaar: "Ons is 'n vrye volk maar alle vrye volkere het verpligtings, ook teenoor ander volkere, en ons het ook verpligtings, en die verpligtings, of dit is teenoor Engeland of Duitsland of Amerika, of wie ook, sal nagekom word."[95] Genl. Hertzog het dr. Malan besonder kwaai aangeval en die aandag daarop gevestig dat die leier van die Opposisie telkens poog om 'n verdraaide weergawe van genl. Smuts se verklaring te gee. "Het die Minister van Justisie nie oor en oor gesê nie dat alleen in daardie geval ..... wäar Engeland aggressief aangeval word..... , dat dit dan sy plig sou wees om te sê vir Suid-Afrika dat ons Engeland moet byspring?" Op 'n vraag van adv. F.C. Erasmus of genl. Hertzog hierdie sienswyse met genl. Smuts deel, het Hertzog onomwonde verklaar: "Ek stem daarmee saam as lid van die Volkebond, indien vir niks anders nie."[96] Hierdie verklaring van die Eerste Minister het die onrus in Nasionale geledere verder verhoog. Voorheen het Hertzog gesê dat dit genl. Smuts se persoonlike mening is dat indien Brittanje aangeval en in gevaar verkeer, Suid-Afrika behoort te help.[97] Nou het hy egter saamgestem dat Suid-Afrika, kragtens sy verpligtinge as lid van die Volkebond, verplig is om Engeland by te staan indien dit die belange van Suid-Afrika wesenlik raak. Die Nasionaliste was nou oortuig dat hul in alle erns moet voortgaan om die volk se steun

---

95. Hansard. Deel 32. kol. 3579-3580.

96. Hansard. Deel 32. kol. 3580-3581.

97. Vergelyk voetnote 86.

vir 'n algehele neutraliteitsbeleid te verkry. 'n Sterk volksteenstand teen oorlogsvoering sal vir Suid-Afrika die beste beveiliging bied.[98]

Die Tsjeggiese krisis van September 1938, toe Hitler geëis het dat Tsjeggo-Slowakye by Duitsland ingelyf moet word, het die Regering oor die kwessie van neutraliteit verdeeld gevind. Die kragtige nasionale gevoel, gebore uit die eeufeesvierings van die Groot Trek asook die algemene oortuiging dat die Sudete-Duitsers en Tsjeggo-Slowakye "'n saak gehad het," het die Nasionaliste se neutraliteitstrewe gesterk. Ten tye van die Tsjeggo-Slowakye-krisis van September 1938 het generaals Hertzog en Smuts tot 'n hoogs vertroulike ooreenkoms geraak. Albei het ooreengekom dat Suid-Afrika se belange nie hierdeur geraak word nie en het genl. Smuts, blykbaar sonder die wete van sy kollegas in die ou Suid-Afrikaanse Party, ingestem om 'n neutrale houding te steun as Engeland oor Sudeteland in 'n oorlog betrokke sou raak. Hierdie inligting het eers 'n jaar later bekend geraak nadat Suid-Afrika reeds oorlog teen Duitsland verklaar het.[99] Van hierdie ooreenkoms is destyds niks in die pers vermeld nie en dit is sterk te betwyfel of die Nasionaliste enigsins daarvan bewus was. Dit laat onteenseglik die gedagte of die swye van genl. Hertzog oor die neutraliteitsvraagstuk gedeeltelik nie hieraan toegeskryf kan

---

98. Die Burger, 26/9/1938. Hoofartikel.

99. F.S. Crafford., Jan Smuts. p.303. Kyk ook O. Pirow., James Barry Munnik Hertzog. p.227. G.H. Calpin., There are no South Africans. p.274.

word nie.

Die neutraliteitsvraagstuk het gaandeweg in intensiteit en momentum toegeneem en dit is grotendeels toe te skrywe aan die Ossewatrek van 1938 wat so 'n geweldige emosionele belading gehad het en so 'n nasionale ontwaking teweeggebring het. Ook die Regering se herhaalde beklemtoning in die voorafgaande debatte in die Parlement en veral in toesprake deur genl. Smuts dat hy Brittanje ingeval van 'n oorlog sou bystaan, het as 'n kragtige stimulus vir die vryheidsideaal en die republikeinse gedagte gedien. Op die groot Uniale kongres wat in November 1938 in Bloemfontein gehou is, het die Nasionale Party nogmaals sy neutraliteitsbeleid duidelik gestel. Dr. Malan het die volgende voorstel ingedien en dit is eenparig aanvaar: "Met die oog op die voortdurende onrus in Europa en die koorsagtig versnellende bewapening wat daarmee gepaard gaan, verklaar hierdie kongres hom beslis ten gunste van 'n beleid van neutraliteit vir Suid-Afrika, as synde in die beste belang sowel van ons inwendige vrede as van ons veiligheid en van ons vriendskap met ander nasies. Hy protesteer ten sterkste teen die imperialistiese Smuts-beleid wat die Regering en sy party beheers en wat saam met al die opofferings wat van hom geverg word, die Unie tot 'n slaafse onderdeel maak van die Britse Buitelandse politiek. Hy spreek ook sy sterkste afkeuring uit van die twee - slagtige, teenstrydige en dikwels ontduikende en onopregte verklarings oor die Regering se oorlogsbeleid wat klaarblyklik ten doel het om die volk te paai deur hom te mislei."[100] Adv. Eric

100. Die Transvaler, 10/11/1938.

Louw het vervolgens verklaar dat die Volkebond 'n wesenlike gevaar vir Suid-Afrika se neutraliteit inhou en dat enige besluite oor die neutraliteitsvraagstuk van nul en gener waarde sal wees solank as wat Suid-Afrika lid van die Volkebond is. Hierdie verklaring het dus baie sterk geïmpliseer dat Suid-Afrika sy lidmaatskap van dié wêreldorganisasie moet opsê. Hy het dit aan die kongres ter oorweging gegee dat die Nasionale Party in sy Program van Aksie 'n besluit moet opneem om as volgende stap op die weg na onafhanklikheid 'n grondwet te kry wat ooreenkom met dié van Ierland. "Die Nasionale strewe is na 'n republiek .... Ons wil 'n grondwet hê wat ons neutraliteit bo alle twyfel stel en wat protesvergaderings soos hierdie onnodig sal maak. Dit sal ons nader bring aan ons republikeinse ideaal."[101] Hierdie verklaring van adv. Louw was 'n juiste vertolking van die nasionale oplewing wat in hierdie tyd plaasgevind het, want die behoud en handhawing van die sogenaamde Britse konneksie soos deur die Regering voorgestaan, is inderdaad as struikelblok nommer een in die weg van die Unie se neutraliteitstrewe gesien.

D. Suidwes-Afrika.

Op bogenoemde Uniale Kongres het die "Gesuiwerdes" na aanleiding van Hitler se aansprake op al die voormalige Duitse kolonies ook sy beleid ten opsigte van die posisie van Suidwes-Afrika as 'n mandaatgebied van die Unie duidelik uiteengesit. Die Kongres se besluit in die verband het soos volg gelui: "....dat die Duitse

---

101. Ibid.

koloniale vraagstuk wat die laaste oorblywende verstorende nalatenskap is van die verdrag van geweld en onreg, die beste opgelos sal word, ook vir sover dit ons belange raak, nie deur Suid-Afrika borg te stel vir Ryks- of ander belange nie en nog minder deur groot praterige dreigemente, maar deur vriendskaplike onderhandeling en samewerking met daardie land." [102]

Die Regering sowel as die Opposisie het gevoel dat dit ongehoord sou wees om die Afrikaanssprekendes wat so 'n gewigtige rol in die ontginning van Suidwes-Afrika gespeel het, aan Duitsland te oorhandig. Alhoewel albei hieroor eens was, het hulle grootliks verskil oor die wyse waarop die probleem benader moes word. Die Hertzog-kabinet het deurgaans van die standpunt uitgegaan dat die Unie sy reg as mandaathouer van Suidwes-Afrika met geweld sal handhaaf.[103] Daarteenoor het die "Gesuiwerdes" die standpunt gehuldig dat hulle die vraagstuk by wyse van vriendskaplike onderhandeling met Duitsland moet oplos. In 'n briefwisseling met mnr. J.D. Lardner-Bourke, voorsitter van die Suidwes-Afrikabond, het dr. Malan dan ook die beleid van sy party duidelik gestel, naamlik dat die toekoms van Suidwes-Afrika by die Unie gesoek moet word, dat dié mandaatgebied ook neutraal moet bly ingeval van 'n oorlog en dat die probleem van Suidwes-Afrika en Duitsland se aanspraak daarop slegs deur direkte en vriendskaplike onderhandelinge tussen die Unie en Duitsland bygelê moet word en geensins deur geweld

---

102. Ibid.

103. G.H. Calpin., There are no South Africans. p.268.

nie.[104] Hy het verklaar dat sy party baie sterk en definitief 'n beleid van neutraliteit vir die Unie en Suidwes-Afrika voorstaan: "Vir sover ons konneksie met Suidwes daarby betrokke is, kan hierdie neutraliteitsbeleid alleen groter krag en betekenis verkry deur die feit dat dit die duidelike bedoeling en voorwaarde van die mandaat is dat die gebied nooit vir die militêre doeleindes van enige besonder volk gebruik mag word nie, selfs ook nie vir dié van die mandaathouer nie." Daarom beskou die Nasionale Party dit as sy plig, "om elke poging te weerstaan om daardie konneksie te gebruik as 'n middel of voorwendsel om ons land in oorlog te dompel."[105] Selfs indien geen vriendskaplike oplossing met Duitsland gevind kan word nie en laasgenoemde Suidwes sou aanval, moet Suid-Afrika nog neutraal bly sodat hierdie gebied die Unie nie in 'n oorlog sou dompel nie.[106]

Die leier van die Opposisie het dit telkens duidelik gestel dat die Duitse koloniale vraagstuk, waarvan Suidwes 'n klein onderdeel uitgemaak het, op die slagvelde van Europa en nie op die grense van die Unie beslis sou word nie. Indien Duitsland 'n oorwinning in die Europese oorlog sou behaal, sou dit volgens hom uiters

---

104. A.H. Jonker-versameling. P.V. 42 Afskrif van dr. Malan se brief aan mnr. Lardner-Bourke. Raadpleeg ook Die Transvaler, 17/5/1939. Die Burger, 17/5/1939. Vergelyk ook Hansard. Deel 31. (Engels). kol. 1601.

105. Ibid. Vergelyk ook dr. Malan se skrywe aan die mense in Suidwes-Afrika soos gepubliseer in Die Suiderstem, 29/9/1939.

106. Ibid. Verklaring van mnre. L. Taljaard, I. Cronje en M. Maier, afgevaardigdes uit Suidwes-Afrika, na onderhandelinge met mnr. P. Sauer, hoofsweep van die Nasionale Party gevoer en gepubliseer in Die Suiderstem, 15/6/1939. Die Burger, 15/6/1939.

dwaas van die Regering wees om hom teen daardie beslissing te verset en sodoende ter gelyker tyd nasionale selfmoord te pleeg, want Suid-Afrika is te swak om teen die Duitse Ryk op te staan.[107] Daarom was dit des te belangriker dat dié saak vooraf deur vriendskaplike onderhandelinge met Duitsland opgelos moet word. Dit was dus baie duidelik dat die "Gesuiwerdes" bereid was om Suidwes-Afrika aan Duitsland terug te gee, solank dit die neutraliteit van Suid-Afrika kon waarborg, want vir dr. Malan was die handhawing van die neutraliteitsreg 'n heilige plig in belang van die volk.[108] Op 'n vergadering te Piketberg het hy gesê: "Al wat ons vandag in 'n oorlog kan sleep, is Suidwes; dit word ons kwalik geneem dat ons nie ons laaste druppel bloed vir Suidwes wil stort nie. Suidwes behoort nie aan ons nie, maar aan die Volkebond .... Ons gaan nie 'n vyand maak van Duitsland nie. Ons wil met hom onderhandel en ons sal die standpunt inneem dat Suidwes by die Unie behoort."[109] G.H. Calpin skryf hieroor soos volg: "Dr. Malan, conscious of the danger to peace in the colonial settlement at Versailles, has at all times advanced the justice of negotiating with Germany over South West Africa. By letter and speech he has risked the confidence of many Afrikaners in his advocacy of the German claims. Neither General Hertzog nor Mr. Pirow was

---

107. Ibid. Dr. Malan se skrywe aan die mense in Suidwes-Afrika, soos gepubliseer in Die Suiderstem, 29/9/1939. Die Burger, 29/9/1939. Die Transvaler, 16/6/1939. Hoofartikel.

108. Ibid.

109. Die Burger, 23/6/1939.

willing to consider its return."[110]

Die kloof tussen die twee hoofpartye ten opsigte van die neutraliteitsvraagstuk het gaandeweg al hoe wyer geraak namate die Europese toestand verder versleg het. Dit was ook heel duidelik dat versoening tussen die twee partye oor hierdie vraagstuk onmoontlik was, want hul uiteenlopende beleidsverklarings het hul lynreg teenoor mekaar gestel. Teen die einde van 1938 het veral die Afrikaner hom al hoe meer afgevra wat die houding van die Unie gaan wees ingeval die kruitvat in Europa sou ontplof. Die beleid van die Nasionale Party het geen twyfel gelaat nie, want dit was onomwonde ten gunste van neutraliteit, maar deurslaggewend was per slot van rekening die houding van die Verenigde Party, die regerende party. Oor daardie deel van hierdie party onder leiding van genl. Smuts was daar geen twyfel nie, want hul het by herhaling gesê dat die Unie ingeval van oorlog Engeland sou steun. Dit was egter oor die houding en optrede van genl. Hertzog waaroor daar die grootste onsekerheid was aangesien hy nog nie van te vore 'n beslisste verklaring gemaak het wat enigsins 'n aanduiding kon gee van wat van hom verwag kon word nie. In hierdie toestand van onsekerheid het die Afrikanervolk die rampspoedige jaar 1939 ingegaan.

II. DIE OORLOGSVERKLARING 6 SEPTEMBER 1939

Vroeg in 1939 het die gebeure in Europa breekpunt bereik toe

---

110. G.H. Calpin., There are no South Africans. pp. 267-268. Vergelyk ook E.A. Walker., A History of South Africa. p.687.

Duitsland in Maart Tsjeggo-Slowakye binngeval en geannekseer het. Hitler het vervolgens geëis dat die Poolse korridor wat Oos-Pruise van Duitsland skei, asook die vrystad Danzig, weer by Duitsland ingelyf moes word. Pole was hiertoe nie bereid nie. Hierdie toenemende eise van uitbreiding van die Duitse Ryk het Brittanje grootliks verontrus. Duitsland was geleidelik besig om die een na die ander klein Europese landjie in te palm en dit het weer op sy beurt die magsewewig ernstig versteur. Engeland het op hierdie stadium daadwerklik begin herbewapen en naarstiglik na militêre bondgenote teen Duitsland gesoek. Engeland was vasbesl ote om geen verdere Duitse uitbreiding toe te laat nie en het saam met Frankryk aan Pole 'n militêre waarborg teen enige Duitse aanval gegee.[111] D.W. Kruger skryf hieroor: "The Anglo-Polish and Franco-Polish agreements made it clear that Hitler's next act of agression would mean a major war. Such a war could not be localised for there was every indication that Italy would take the field on the side of her northern neighbour."[112] Brittanje en Frankryk het ook gepoog om 'n nie-aanvalsverdrag met Rusland te sluit, maar dit is verydel deur die onverwagte Duits-Russiese alliansie van Augustus 1939. Brittanje het egter ten spyte van hierdie Duits-Russiese verdrag nogtans by sy versekering aan Pole gebly. "The question of the Polish corridor would be the final test, the last ditch. If Britain backed down

---

111. A.J.H. van der Walt, e.a., Die Geskiedenis van Suid-Afrika. p.544.

112. D.W. Kruger., The Making of a Nation. p.195.

again, everything would be lost,"[113] skryf prof. Kruger.

Teen die agtergrond van hierdie gebeure het dr. Malan op 12 April 1939 in die Volksraad genl. Hertzog weer eens versoek om 'n duidelike verklaring oor die beleid van die Regering in verband met die dreigende toestande in Midde-Europa te maak. Dr. Malan het verwys na die implikasies van die veranderde Britse beleid waardeur Pole se onafhanklikheid en onskendbaarheid gewaarborg is. "Waar daardie radikale verandering gekom het in die buitelandse politiek van Engeland, daar dink ek dat die tyd gekom het dat ons weer en met groter, met sterker aandrang by die Eerste Minister moet vra om 'n duidelike, heldere verklaring aan hierdie Raad en aan die land te gee, wat sy standpunt is met betrekking tot hierdie saak."[114] Die leier van die Opposisie het onder meer aan genl. Hertzog gevra of hy reken dat 'n aanval op 'n bondgenoot van Engeland, byvoorbeeld Pole, ook as 'n aanval op Brittanje gereken kan word en dat Suid-Afrika volgens die verklarings van genl. Smuts, dus aan so 'n oorlog moet deelneem.[115] Genl. Hertzog het weer eens bevestig dat die algemene beleid van die Regering insake Europese situasies een van vrede teenoor ander volkere is. Genl. Hertzog het dr. Malan verwyt dat hy 'n spesifieke beleid vir 'n spesifieke saak wou hê. "Wat het ons te doen met Pole? Wat sal ons ons neus insteek in verband met Pole ... Ek het gesê wat ons algemene beleid is, maar wat wil die agb.

---

113. Ibid.

114. Hansard. Deel 34. kol. 2768.

115. Hansard. Deel 34. kol. 2769-2770.

lld meer hê, 'n verklaring in verband met vraagstukke waarmee ons niks te doen het nie." Voortgaande het genl. Hertzog gesê dat dr. Malan reg is as hy sê dat die Regering wat dit betref, geen besondere beleid het nie. "Solank hy getrou staan by sy algemene beleid en hom hou uit Europese vraagstukke wat ons nie raak nie, sal dit die houding moet wees .... Dit sal die houding wees totdat die belange van Suid-Afrika bedreig word."[116] Hy het verder verduidelik dat die Britse Dominiums en dus ook Suid-Afrika in kennis gestel is van Brittanje en Frankryk se waarborge aan Pole. Hy het egter beklemtoon dat hierdie ooreenkoms onder geen omstandighede die Unie raak nie en dat die Regering nie bereid is om hom oor 'n beleid van neutraliteit uit te spreek, alvorens oorlog nie eers werklik uitgebreek het nie.[117] "'n Verklaring soos hy (dr. Malan) van my verwag, is ek nie bereid om te doen nie,"[118] het Hertzog gesê. Dr. Malan het opgemerk dat genl. Hertzog se optrede in die verband duister is, want hoekom kan die Unie nie die voorbeeld van Noorweë, Swede, Denemarke, Holland, België en Switserland volg nie wat hulle in die geval van enige oorlog neutraal verklaar het.

Dr. N.J. van der Merwe en adv. J.G. Strijdom het van Nasionale kant sterk kritiek op dié verklarings van genl. Hertzog uitgespreek. Hulle was dit eens dat genl. Hertzog vanweë die uiteenlopende beskouinge wat daar binne sy eie party gehuldig is,

---

116. Hansard. Deel 34. kol. 2773.

117. Ibid.

118. Ibid.

dit nie sou kon waag om 'n beleid neer te lê waardeur die Unie sy neutraliteit openlik verklaar nie.[119] Die Volksblad het in 'n hoofartikel opgemerk dat genl. Hertzog homself in 'n uiters belaglike en vernederende posisie oor die neutraliteitsvraagstuk bevind. Aan die een kant wil hy die nasionaal-voelende volksdeel wat Suid-Afrika uit Europa se twiste wil hou, bevredig en aan die ander kant probeer hy om die Sap-Unioniste te bevredig en tussen hierdie twee groepe word hy na willekeur rondgegooi.[120]

In plaas van hul nader aan mekaar te bring, het die dreigende Europese situasie genl. Hertzog en sy volgelinge steeds verder van die "Gesuiwerdes" weggedryf. In April 1939, net voor Hitler se verjaarsdag, het genl. Smuts aansienlike polisieversterkings na Windhoek gestuur. Later het hy verduidelik dat die opgeleide Hitler Jeug- en Nazi-organisasies in die mandaatgebied op die punt was om 'n staatsgreep uit te voer. "Oostenryk en ander klein state," het hy verklaar, "is binnegeval onder die voorwendsel dat hulle nie die binnelandse orde kon handhaaf nie, maar die Unie sal hom nooit op daardie gronde aan 'n inval blootstel nie."[121] Volgens O. Pirow het genl. Hertzog hierdie optrede van genl. Smuts goedgekeur.[122] Hyself kon hom egter nie daarmee versoen nie en het aan genl. Hertzog gesê: "General, the police are mostly Afrikaners and some are bound to be killed because we know the menta-

---

119. Hansard. Deel 34. kol. 2785-2787. Vergelyk ook Die Transvaler, 14/4/1939. Hoofartikel.

120. Die Volksblad, 15/4/1939. Hoofartikel.

121. F.S. Crafford., Jan Smuts. p.304.

122. O. Pirow., J.B.M. Hertzog. p.243.

lity of these young Nazis.... If a number of policemen get shot you will never hold the Afrikaners, certainly not the young fellows, to a policy of neutrality."[123]

Die Opposisie het hierdie aangeleentheid in die Volksraad te berde gebring. Dr. Malan het die stap om polisieversterkings na Suidwes te stuur as 'n uitdaging beskou en was van mening dat Suidwes-Afrika, soos in 1914, gebruik kan word om die Unie des te makliker in 'n Europese twis en oorlog te betrek.[124] Dr. N.J. van der Merwe het die optrede van die Regering 'n "tergende beleid van provokasie" genoem. "Die Regering is besig, soos dit soms uitgedruk word, om skoor te soek in Suidwes met Duitsland en as daar moeilikheid kom, dan het die Regering .... gevoelens so opgesweep dat hulle met diegene wat hulle ondersteun, ... klaar staan om oorlog te maak met Duitsland. Dit is nie omdat ons gekant is teen die handhawing van wet en orde nie, maar omdat ons Suid-Afrika uit 'n oorlog wil hou, dat ons verplig voel om ons te verset teen hierdie skoorsoekery met Duitsland en dat ons ons verset teen die wyse waarop daar nou deur die Regering gehandel word."[125] Adv. J.G. Strijdom het onder andere opgemerk dat genl. Smuts in gebreke bly om voldoende redes te verstrek wat die Regering se optrede in die verband kon regverdig. "Hy (genl. Smuts) wil 'n toestand in Suidwes skep om so 'n atmosfeer te skep onder die mense hier wat nie aan 'n oorlog wil deel-

---

123. Ibid.

124. Hansard. Deel 34. kol. 3168.

125. Hansard. Deel 34. kol. 3187.

neem nie, dat daar by hulle 'n gevoel van gevaar geskep word en dat daar vyandskap teen die Duitsers opgewek word. In hierdie opsig is hy heeltemal getrou aan homself, want dit is net soos hy in 1914 gedoen het." [126] Ondanks die Opposisie se protes was die stuur van polisieversterkings volkome geregverdig, want soos die verdere verloop van sake bewys het, is sterk Nazi-organisasies in die Unie en Suidwes later ontdek.[127]

In Afrikanergeledere het die vraagstuk van neutraliteit en oorlog in 1939 'n daaglikse onderwerp van bespreking geword, want die koerante was vol daarvan en sprekers op openbare vergaderings het gedurig daarna verwys. In April 1939 is 'n versoekskrif wat in Pretoria sy oorsprong gehad het, onder die opskrif "Hou Suid-Afrika Neutraal" onder lede van alle politieke partye vir onderteken verspreid. Alhoewel die verspreiders duidelik gemaak het dat die versoekskrif nie in belang van een of ander party opgestel is nie, was die inhoud daarvan baie sterk Nasionaal geïnspireerd. Dit het verklaar: "Ons eis egter dat die Unie nou verklaar dat hy neutraal sal bly in oorloë wat die vryheid en die onafhanklike bestaan van die Unie nie bedreig nie, en alleen sal veg as hierdie onafhanklikheid en vryheid in gevaar verkeer."[128] Die Transvaler het trouens sy lesers daadwerklik aangemoedig om hierdie versoekskrif te onderteken.[129] Dit was 'n sprekende bewys dat daar onder

---

126. Hansard. Deel 34. kol. 3192.

127. F.S. Crafford., Jan Smuts. p.304.

128. Die Transvaler, 22/4/1939.

129. Die Transvaler, 8/5/1939. Hoofartikel.

'n groot deel van die Afrikanervolk 'n groeiende verset teen die onsekere beleid van die Regering begin posvat het. Alhoewel alle tekens reeds daar was dat die Unie vir Brittanje in geval van oorlog sou help, het die Hertzog-Smuts Regering geen definitiewe verklaring hieroor gemaak nie.

Die "Gesuiwerde" Nasionale Party het in hierdie tyd van spanning toe die betrekkinge tussen Duitsland en Pole al hoe meer kritiek geraak het, 'n kragtige oproep tot die volk gerig. In 'n verklaring wat onderteken is deur dr. D.F. Malan, dr. N.J. van der Merwe, adv. J.G. Strijdom en mnr. A.J. Nel, het die vier provinsiale leiers van die Nasionale Party die volgende beroep op die volk van Suid-Afrika gemaak: "Ons wil geen herhaling van 1914 hê nie. Ons is oortuig daarvan dat die oorgrote meerderheid van die bevolking van Suid-Afrika en ..... alle nasionaal-voelende elemente, afgesien van ras of party, in werklikheid 'n besliste neutraliteitsbeleid begeer en die insleep van ons land in 'n verwoestende Europese oorlog verafsku en verwerp. ..... Ons vra ons volk daarom nou om teen die oorlogspropaganda en teen die houding van die Regering te protesteer en om daarteenoor 'n duidelike en besliste neutraliteitsbeleid te eis. Dit kan die beste geskied op protesvergaderings spesiaal vir die doel byeengeroep en deur die tekening van die neutraliteitspetisie uitgaande van 'n verteenwoordigende nie-party-politieke kring in Pretoria, wat alreeds gesirkuleer word."[130]

---

130. Die Transvaler, 13/5/1939. Vergelyk voetnote 128. Kyk ook Die Transvaler, 15/5/1939. Hoofartikel.

Daar is geesdriftig aan hierdie versoek van die vier provinsiale leiers van die Nasionale Party meegedoen en is daar vir die volgende maande protesvergaderings regdeur die land gereël. Kragtige protesmosies het gevolg waarin ernstige besware aangeteken is teen die beoogde Regeringsbeleid om "Britse belange te verdedig met Afrikanerbloed."[131] Sonder twyfel was daar heelparty Afrikaner-Verenigde Partylede wat net soos die Nasionaliste aan geen oorlog van Engeland wou deelneem nie. Daarenteen was die oorgrote meerderheid van die Engelssprekendes met weinige uitsonderings ten gunste van die Unie se ondersteuning aan Brittanje. Sentiment het in dié besondere tydsomstandighede 'n beslissende rol gespeel. Daarom het Die Transvaler geskryf: "Die huidige houding van die Regering beteken niks anders nie as dat hierdie Engelse en Engelsgesinde rigting binne die Verenigde Party en die Regering sal triomfeer as oorlog ontstaan, en die Unie regstreeks of langs 'n ompad daarin sleep selfs teen gewone Afrikaneraanhangers se begeerte."[132]

Op 'n protesvergadering waar adv. E. Louw en adv. J.G. Strijdom die sprekers was, is die beleid van strenge neutraliteit ten opsigte van die onderlinge geskille van Europese moondhede baie duidelik onderskryf. Adv. Strijdom het kragtig beklemtoon dat Suid-Afrika net op een manier uit die oorloë van Europa kan bly en dit sal wees deur uit die Britse Ryk te tree. "Die Verenigde Party," het hy verklaar, "staan vir die handhawing van die Britse

---

131. Die Transvaler, 16/5/1939.

132. Die Transvaler, 25/5/1939. Hoofartikel.

konneksie en dit is duidelik wat hulle sal doen as daardie konneksie in gevaar kom!"[133] Die leier van die Transvaalse Nasionaliste het 'n beroep op die Afrikanervolk gedoen om meer positief en defensief op te tree indien hy homself wil handhaaf. "Die Afrikaner moet sy krag organiseer en mobiliseer om die Afrikanerstandpunt te laat seevier."[134]

In die Vrystaat het, soortgelyk soos in die ander provinsies, talle geesdriftige vergaderings plaasgevind. Algemene besluite het onder andere bepaal dat Nasionaliste sal toesien dat die bloed van geen jong Afrikaner vir die Empire gestort word nie. "Ons durf nie langer swyg oor die onverskillige en onbedagsame houding van die Eerste Minister nie en ons wil geni. Smuts waarsku om nie weer soos in 1914 'n speelbal van jong Suid-Afrika vir Engeland te maak nie. Ons eis strenge onsydigheid vir Suid-Afrika in die geval van oorlog."[135] Die Nasionale Party het deur hierdie optrede vir hom 'n magtige wapen gesmee toe hy hom tot die volk gerig het om daardeur kragte te monster teen die Regering se neutraliteitsbeleid. Dr. Malan het op 'n vergadering te Roodepoort die protesbeweging 'n kragtige stimulus gegee toe hy daarop aangedring het dat "Die Volk moet eis dat die Regering nou onmiddellik, al is dit ter elfder ure, die Parlement ontbind en oor die vraag van deelname aan 'n Europese oorlog al dan nie na die land gaan en sy saak aan die volk voorlê sodat die volk kan besluit. Anders het

---

133. Die Burger, 22/5/1939. Verslag van sy toespraak op Robertson.

134. Ibid.

135. Die Volksblad, 15/6/1939. Die Transvaler, 16/6/1939.

die Regering nie die reg om gehoorsaamheid van die volk te eis as hulle vir oorlog opgekommandeer word nie."[136] Hy het tereg opgemerk dat daar 'n groot aantal Verenigde Partylede is wat net soos die Nasionaliste oor die neutraliteitsvraagstuk voel en op hierdie lede van die Regeringsparty rus die verantwoordelikheid of Suid-Afrika aan 'n oorlog gaan deelneem al dan nie. Op 'n vraag van 'n toehoorder wat hy sou doen as hy opgekommandeer word om buite die grense van die Unie aan 'n oorlog deel te neem, het dr. Malan gesê dat, as die Regering weier om met die volkswil rekening te hou, die volk syns insiens die reg het om die Regering se bevele te verontagsaam: "Maar ek sê u", het hy verklaar, "dat indien dié deel van die volk wat teen die oorlog is - en hulle is in die meerderheid - hul plig doen en protesteer, dan sê ek u dat Suid-Afrika nie in 'n oorlog gesleep sal word nie."[137] Hierdie verklaring van dr. Malan sou egter nie bewaarheid word nie en die onenigheid oor die vraag van oorlogsdeelname het geleidelik al hoe groter geword, want al het 'n aansienlike aantal Verenigde Partylede die neutraliteitsmosie van die Nasionaliste ondersteun, het die ander groep oorlogsdeelname pertinent beklemtoon. Dit het duidelik uit min. C.F. Clarkson se toespraak geblyk toe hy op 'n vergadering te Pietermaritzburg gesê het: "Suid-Afrika kan nie 'n houding van afsydigheid aanneem nie. Suid-Afrika is 'n medeverantwoordelike lid van die Britse State-

---

136. Die Transvaler, 22/8/1939. Die Burger, 22/8/1939. Hoofartikel. Vergelyk ook Die Burger, 22/8/1939. Verslag van sy toespraak op Hartebeesfontein.

137. Ibid.

bond en enige gepraat om neutraal te bly, indien Engeland in oorlog verkeer, is blote onsin."[138]

Op 31 Augustus 1939 toe die spanning tussen Brittanje en Duitsland reeds breekpunt bereik het, het The Star in 'n hoofartikel geskryf dat Suid-Afrika onmoontlik in die komende stryd neutraal kan bly en wel op grond van oorwegings van selfbehoud en op grond van die eenheid van die koningskap wat 'n grondwetlike verpligting op die Unie lê.[139] Hierdie verklaring was die juiste standpunt van genl. Smuts en sy volgelinge wat agter die skerms van die Kabinet besig was om geleidelik 'n oorwinning te behaal vir die beleid dat indien Engeland in 'n oorlog betrokke raak, Suid-Afrika ook oorlog teen die vyande van Brittanje sou verklaar.

Die Europese oorlog het 'n werklikheid geword toe Duitsland op 1 September 1939 Pole binnegeval het. Brittanje het kragtens sy verdedigingsverbond met Pole 'n ultimatum aan Duitsland gestuur dat tensy hy sy troepe uit Pole terugtrek, Engeland teen hom oorlog sou verklaar. Op 3 September 1939 het die Britse ultimatum verval sonder dat Duitsland daaraan gehoor gegee het en vanaf daardie moment was die twee lande in 'n staat van oorlog. Daardeur is Suid-Afrika meteens voor die keuse gestel of hy aan die oorlog gaan deelneem dan wel of hy neutraal gaan bly. Die beslissing van die Parlement op 4 September sou 'n totale ommekeer in die Suid-Afrikaanse politiek bring en sou, soos in 1914 gepaard gaan

---

138. Die Transvaler, 24/8/1939.

139. The Star, 31/8/1939. Hoofartikel. Die Burger, 1/9/1939. Vergelyk ook Bond van Oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenis. Agter Tralies en Doringdraad. p.24.

met groot onrus, broedertwis en rasse-wrywing.

Die Unie parlement sou op 2 September 1939 in Kaapstad vir 'n spesiale sitting byeenkom met die doel om die lewe van die Senaat wie se termyn op 5 September verstryk het, met 'n paar weke te verleng.[140] Op die dag van die noodlottige 1 September het die Nasionale Party 'n koukusvergadering gehou. Vanselfsprekend was die allesoorheersende vraag op dié vergadering: Wat gaan Suid-Afrika in die komende oorlog maak? Omdat die koukus maar al te goed bewus was van die verskille binne die Verenigde Party oor hierdie vraag, is besluit om 'n brief aan genl. Hertzog te stuur, waarin die Nasionale Party aan hom sy steun beloof indien hy hom ten gunste van neutraliteit sou verklaar.[141] Dr. Malan het namens die Nasionaliste aan genl. Hertzog die skriftelike versekering gegee dat: ".... as u 'n beleid van neutraliteit aanvaar, u op ons heelhartige ondersteuning sal kan reken."[142]

Die volgende oggend, Saterdag 2 September, het genl. Hertzog dr. Malan laat roep en hom sy steun gevra om die Senaat-wetsontwerp sonder verset en so gou moontlik deur die Parlement te loods.[143] Volgens dr. G.D. Scholtz wou genl. Hertzog deur hierdie gebaar in werklikheid die weg voorberei vir die ondersteuning van die Nasionaliste vir 'n voorstel ten gunste van neutraliteit wat hy van plan was om by die Volksraad in te dien.[144]

---

140. M.J. Swart., Genl. Hertzog: 1939-1942 soos aangehaal in Gedenkboek: Generaal J.B.M. Hertzog onder redaksie van P.J. Nienaber en andere. p.75.

141. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.395.

142. D.F. Malan., Afrikanervolkseenheid. p.175. C.M. van den Heever., Generaal J.B.M. Hertzog. p.699.

143. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.395. Kyk ook C.M. van den Heever., Generaal J.B.M. Hertzog. p.697. Die Burger, 2/9/1939.

144. Ibid.

Dieselfde dag het dr. Malan as leier van die Nasionale Party en W.B. Madeley van die Arbeidersparty by die Eerste Minister daarop aangedring dat aangesien 'n oorlogstoestand reeds in Europa ingetree het, dit noodsaaklik is dat die Regering sy beleid in verband daarmee sonder versuim sal verklaar.[145] Genl. Hertzog het geantwoord dat sodra die Senaatswetsontwerp afgehandel is, hy 'n verklaring oor die Europese situasie namens die Regering sou maak.

Dieselfde dag egter het genl. Hertzog ook genl. Smuts oor Suid-Afrika se situasie in die oorlog tussen Groot Brittanje en Duitsland gespreek. J.C. Smuts (Jnr.) skryf: "Neutrality was no longer an academic question. It became immediately, a burning issue."[146] Genl. Hertzog wou hê dat die neutraliteitsooreenkoms waartoe hulle in September 1938 in verband met die Tsjeggo-Slowakye-krisis geraak het, nou ook sou geld. Hy was oortuig en het geglo dat dié ooreenkoms ook op die huidige situasie van toepassing is. Suid-Afrika se belange sou volgens hom nie in die gedrang wees nie. Prof. Kruger skryf hieroor soos volg: "Hertzog and very many South Africans viewed the general European situation in an altogether different light. They did not consider the rise of the Axis military power to be a direct threat to South Africa. For them Hitler's action against Poland was in the nature of a German attempt to correct the injustice of 1919, a frontier rectification."[147]

---

145. Hansard. Deel 36. kol. 4-5.

146. J.C. Smuts., Jan Christiaan Smuts. p.374.

147. D.W. Kruger., The Making of a Nation. p.196.

Na die Munich-ooreenkoms het genl. Smuts 'n gewysigde standpunt ingeneem. Dit het duideliker geword dat Hitler meer as bloot 'n hersiening van die Verdrag van Versailles beoog het en eerder na Europese en wêreldoorheersing begin streef het.[148] G.H. Calpin skryf hieroor: "For a year, therefore, it would seem that General Hertzog relied upon the understanding over die Czech dispute to guide him. It is impossible to escape the conclusion that during the year there was a lack of frankness between the two generals, and that each of them approached the challenge in the hope that it would disappear before they had to meet it."[149]

Wat nou juis tydens die onderhoud tussen Hertzog en Smuts plaasgevind het, is nie duidelik nie, maar soos Paton skryf, genl. Smuts "was now convinced that Hitler threatened the peace and liberty of the world; therefore he would oppose any neutrality."[150]

Nadat die Parlement op 2 September verdaag het, het min. O. Pirow in 'n onderhoud met genl. Hertzog dit ook duidelik gestel dat genl. Smuts onder geen omstandighede 'n neutraliteitsmosie sal steun nie. Volgens Pirow was Louis Esselen, die organiserende sekretaris van die Verenigde Party op daardie oomblik hard besig om stemme in die Volksraad teen genl. Hertzog se beoogde neutraliteitsmosie te werf. "This number included Labourites, Dominionites and Native Representatives,"[151] aldus Pirow.

---

148. G.H. Calpin, There are no South Africans. p.274. Kyk ook W.K. Hancock., Smuts, The Fields of Force. p.323. O. Pirow., James Barry Munnik Hertzog. p.245.

149. Ibid., p.275.

150. A. Paton., South African Tragedy. p.255.

151. O. Pirow., James Barry Munnik Hertzog. p.245. Raadpleeg ook W.K. Hancock., Smuts, The Fields of Force. p.320.

Genl. Hertzog se reaksie op hierdie mededeling en sy woorde aan Pirow was soos volg: "Well, Amice, it will now become clear whether our unity is sham or real."[152]

Die Sondag 3 September, nadat dit bekend geword het dat Duitsland die ultimatum van Engeland verwerp het, het die Unie-Kabinet tevergeefs verder beraadslaag. Genl. Hertzog het sy standpunt duidelik gestel: "Well, gentleman, war may be declared to-morrow. I take it we stand by the policy of neutrality so clearly laid down a year ago."[153] Genl. Smuts het dit op sy beurt duidelik laat blyk dat hy nie hierdie voorstel van sy Kabinetshoof onderskryf nie. Gevolglik is besluit om die saak voor die Parlement te lê. Die skeuring in die Kabinet was nou 'n voldwonge feit. Dit was duidelik dat genl. Smuts dit in Suid-Afrika se belang beskou het om diplomatieke betrekkinge met Duitsland te verbreek, dat Suid-Afrika daardeur sy eer sou behou en sy plig teenoor Engeland sou nakom. Genl. Hertzog het daarenteen beweer dat Suid-Afrika net 'n plig teenoor homself het en dat sy eer daarvan afhang. Sy belange was hoegenaamd nie gemoeid met Engeland se belofte aan Pole nie.[154] Pirow het dié situasie soos volg opgesom: "That Sunday afternoon's Cabinet Meeting not only killed Fusion; it also made it a certainty that when the political pendulum swung back again, as it was bound to do, Malan's extremists would take over and the Englishspeaking South Africans would become bywoners in

---

152. Ibid., p.245.

153. Ibid.

154. C.M. van den Heever., Generaal J.B.M. Hertzog. p.699.

their own country."[155] Hierdie woorde van Pirow is 'n duidelike sinspeling dat die ou vète tussen die Hertzogiete en Malanïete nie nou eenklaps beëindig sou word nie, al het die gebeure veel daartoe bygedra om die twee groepe nader aan mekaar te bring.

Daardie selfde môre van 3 September het 'n aantal Nasionaliste waaronder dr. N.J. van der Merwe by dr. Malan aan huis vergader om volgens 'n inskrywing in dr. Van der Merwe se dagboek te beraadslaag "hoe ons verder pressie op Hertzog vir neutraliteit kan uitoefen."[156] Gevolglik het hulle besluit om weer 'n brief aan genl. Hertzog te rig om hom hulle steun vir neutraliteit te belowe. Dr. Malan het soos volg aan genl. Hertzog geskryf: "Vir jare het u en ek al bei ondubbelsinnig die standpunt ingeneem dat Suid-Afrika die reg het om hom in 'n internasionale sin neutraal te verklaar, wat die posisie van Engeland of ander Vrygeweste ook al mag wees. Ek wil u op hierdie kritieke tydstip in ons volksgeskiedenis in bedenking gee of met die oog op die aard en die omstandighede van die oorsese stryd, sowel as met die oog op ons Suid-Afrikaanse belange, dit nie ons dure plig is om daardie reg nou ook praktïes uit te oefen nie ... Eenparig daarin gesteun deur my party het ek u daarom ... die skriftelike versekering gegee dat as u 'n beleid van neutraliteit aanvaar, u op ons heelhartige ondersteuning kan reken." Voortgaande het dr. Malan verklaar dat indien genl. Hertzog vir 'n beleid sou stem waardeur Suid-

---

155. O. Pirow., James Barry Munnik Hertzog. p.246.

156. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.396. Kyk ook M. Roberts, A.E.G. Trollip., The South African Opposition. pp. 19-20.

Afrika onsydig in die oorlog gehou sal word, "die weg myns insiens geopen sal wees vir vrugbare besprekings oor die moontlikheid van 'n wyere samewerking op vaste grondslag, wat deur die Eeufees-jaar geopenbaar is as die diepste verlange van ons volk."[157] Mnr. P. Sauer, hoofsweep van die Nasionale Party, het nog dieselfde middag die brief aan genl. Hertzog oorhandig. Die aand om kwart voor nege het genl. Hertzog vir dr. Malan na Groote Schuur ontbied om oor die neutraliteitsmosie te beraadslaag.[158] Dr. Malan het opgemerk: "Die opgewondenheid onder my geselskap was groot en was begryplik, en niemand wou weggaan voor my terugkoms nie. Groot dinge was nou blykbaar besig om te gebeur. Dit was ook so."[159] Dr. Malan het na die onderhandelinge met genl. Hertzog sy mede-Nasionaliste meegedeel dat genl. Hertzog die Volksraad die volgende dag, Maandag 4 September, sou vra om sy neutraliteitsbeleid goed te keur. Dit het nou ook geblyk dat behalwe genl. Hertzog nog vyf ministers die neutraliteitsvoorstel ondersteun het naamlik genl. J.C.G. Kemp, adv. O. Pirow, mnr. N.C. Havenga, mnr. A.P.J. Fourie en adv. H.A. Fagan.[160]

Op Maandag 4 September 1939, nadat die Senaatwetsontwerp afgehandel is, het genl. Hertzog aan die Volksraad voorgestel: "Dat

---

157. D.F. Malan., Afrikaner-Volkseenheid en My Ervarings op die Pad daarheen. pp. 174-175. C.M. van den Heever., Generaal J.B.M. Hertzog. pp.699-700.

158. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.396.

159. D.F. Malan., Afrikanervolkseenheid .... p.175. Kyk ook G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.396.

160. Ibid., p.175. Vergelyk ook C.M. van den Heever., Generaal J.B.M. Hertzog. p.700. F.S. Crafford., Jan Smuts. p.305.

die Raad as beleid van die Regering van die Unie goedkeur en aanvaar dat die bestaande verhoudings en betrekkings tussen die Unie van Suid-Afrika en die verskillende oorlogvoerende partye, vir sover die Unie betref, ongewysig sal bly voortbestaan en voortgesit word asof daar geen oorlog gevoer word nie: Met die verstandhouding ewewel dat die bestaande verhoudings, betrekkings en verpligtings tussen die Unie en Groot Brittanje, of enige ander van die lede van die Britse Gemenebes van Nasies, vir sover sodanige verhoudings, betrekkings of verpligtings die gevolge is van kontraktuele verpligtings aangaande die vlootbasis te Simonstad, of van sy lidmaatskap van die Volkebond, of vir soverre die verhoudings, ens. impliciter beskou moet word as voortvloeiende uit die vrywillige assosiasie van die Unie met die ander lede van die Britse Gemenbes, ongeskonde sal bly voortbestaan en deur die Unie gehandhaaf sal word; en dat niemand toegelaat sal word om die grondgebied van die Unie te gebruik vir die doen van enigiets wat bereken is om inbreuk te maak op genoemde verhoudings, betrekkings of verpligtings nie."[161]

Genl. Hertzog het geredeneer dat alhoewel Brittanje se belange in hierdie Europese krisis bedreig word, dit geensins die Unie se belange raak nie en as sodanig het hy herhaaldelik aan die volk van Suid-Afrika gesê dat die Unie in geen oorlog gedompel sal word tensy die belange van Suid-Afrika bedreig word. Hy het aangehaal dat indien Suid-Afrika tot hierdie oorlog sal toetree, dit 'n ramp vir die Afrikanerdom sal beteken. "Die Afrikanervolk het

---

161. Hansard. Deel 36. kol. 25.

nou al twee maal 'n poging aangewend om die Afrikaanssprekende deel van die bevolking en die Engelssprekende deel bymekaar te kry, saam te smelt tot een volk, en ek sê dat hierdie mislukking van die tweede poging genoegsaam is om die volk so diep te skok dat dit jare gaan neem voor ons weer tot herstel kom."[162] C.M. van den Heever skryf dat selde het die Eerste Minister met dieper oortuiging en krag gepraat as juis in hierdie toespraak nie, want alles wat hy al jare bepleit het, alles waarvoor hy met die hoogste toewyding gestry het, is hier, as gevolg van 'n oorlog wat op so 'n onmoontlike oomblik gekom het, op 'n swaar proef gestel.[163] Voortgaande het genl. Hertzog gesê dat alhoewel Suid-Afrika tot die Britse Gemenebes van Nasies behoort, daar beginsels is, waardeur die Unie hom moet laat lei naamlik dat Suid-Afrika 'n vrye onafhanklike land is en hierdie onafhanklikheid behoort op 'n verstaanbare wyse gehandhaaf en uitgeoefen te word. "Ons mag nie vergeet nie, ons het hier te doen met 'n oorlog waarby ons nie die minste belang het nie .... Dit is omdat Engeland sy verpligtings teenoor Pole wil nakom."[164] Genl. Hertzog het dit benadruk dat niks bewys kan word dat Hitler op wêreldoorheersing afstuur nie. "Wat ek hier sê het ek in 1935 gesê aan die Britse staatsmanne self en ek het hulle voorspel stap vir stap wat gaan geskied as hulle nie toesien dat die gedrog van die Traktaat van Versailles opsy gesit word, as hulle nie sorg dat herstel geskied teen-

---

162. Hansard. Deel 36. kol. 21.

163. C.M. van den Heever., Generaal J.B.M. Hertzog. p.701.

164. Hansard. Deel 36. kol. 22-23.

oor Duitsland van die onreg wat aangedoen is.... ek weet wat in die siel van Hitler omgaan, en in die siel van die hele Duitse volk. En ek het vir hulle gesê dat indien die kwaad nie herstel word wat in Versailles gedoen is nie, hy (Hitler) nooit sal toelaat dat daar vrede in Europa gaan kom nie."[165] Ten slotte het genl. Hertzog betoog dat indien Suid-Afrika in die oorlog gesleep word, sal dit die einde van die Unie se deelname aan die Britse Gemenebes van Nasies beteken.[166] Tereg merk D.W. Kruger op dat genl. Hertzog "made the great tactical mistake of trying to justify Hitler's actions at the same time. This laid him open to the accusation that he was pro-German and that his motion was inspired by anti-British sentiment instead of being based on his constitutional convictions."[167] W.K. Hancock verklaar hieroor: "Hertzog spoke with passionate conviction and his speech .... had a powerfull effect. He spoilt the effect by launching himself upon a tirade against "the monster of Versailles" and protesting his convictions of Hitler's innocence."[168] A. Paton skryf dat adv. L. Blackwell en kol. D. Reitz wat albei Smutsmanne was, erken het: "...that Hertzog might have won the day if he had confined himself to pleading for neutrality stemming from independence, or if he had pleaded for the continuance of fusion, which in his eyes meant more for the peace of South Africa than any righteous anger about Poland. But he did not. He embarked on a defence of

---

165. Ibid.

166. Hansard. Deel 36. kol. 25.

167. D.W. Kruger., The Age of the Generals. p.190. Vergelyk ook C.M. Van den Heever., Generaal J.B.M. Hertzog. p.703.

168. W. K. Hancock., Smuts, The Fields of Force. p.321.

Hitler and his invasions and blamed it all on the Treaty of Versailles."[169] Dit is ongetwyfeld waar dat genl. Hertzog sy saak vir Suid-Afrika se neutraliteit geskaad het, toe hy na Hitler en Duitsland verwys het, want sentimentele en politieke bande sou die finale deurslag gee.

Aan die ander kant het genl. Smuts in sy toespraak beklemtoon dat Hitler wêreldoorheersing beoog. Net soos Hitler Danzig opgeëis het, kan hy Suidwes-Afrika eis en dan sou die Unie se veiligheid weinig werd wees. Hy het aangevoer dat die Unie wat juis so swak verdedig en ryk aan minerale rykdomme is, selfmoord sou pleeg indien hy hom van sy vriende in die Britse Gemenebes van Nasies sou losmaak.[170] Genl. Smuts het die volgende amendement op die voorstel van genl. Hertzog ingedien: "die Raad verklaar dat die beleid van die Unie in hierdie krisis gebaseer sal wees op die volgende beginsels en oorwegings, naamlik: (1) Dit is in die belang van die Unie dat sy betrekkings met die Duitse Ryk verbreek moet word en dat die Unie moet weier om in hierdie stryd 'n houding van neutraliteit in te neem. (2) Die Unie behoort die verpligtings wat hy aangeneem het, na te kom en voort te gaan met sy medewerking met sy vriende en deelgenote in die Britse Gemenebes van Volke. (3) Die Unie behoort alle nodige maatreëls vir die verdediging van sy grondgebied en Suid-Afrikaanse belange te neem, en die Regering behoort nie, soos in die laaste oorlog, strydmagte

---

169. A. Paton., South African Tragedy. p.256.

170. Hansard. Deel 36. kol. 30-31.

oorsee te stuur nie. (4) Hierdie Raad is diep oortuig daarvan dat die vryheid en onafhanklikheid van die Unie in hierdie stryd op die spel is, en dat dit derhalwe in sy ware belang is om die gebruik van geweld as 'n nasionale beleidsmiddel te bestry."[171] Dr. Malan het genl. Hertzog se neutraliteitsmosie heelhartig gesteun en verklaar dat indien die Nasionale Party dit nie sou doen nie, dan sou hy ontrou wees aan die standpunt wat hy al die jare gehandhaaf het.[172] Malan het onder andere opgemerk dat hy persoonlik nooit aan die standpunt van die Eerste Minister en die van sy kollegas wat saam met hom staan, getwyfel het nie. "My beswaar in hierdie jare van koalisie en samesmelting was 'n ander gewees. Dit was dat dit onmoontlik was om samewerking te verkry tussen twee seksies met twee aparte en uiteenlopende en teenstrydige standpunte, soos die wat ons hier gehad het oor so 'n lewensbelangrike vraagstuk as die reg van Suid-Afrika om neutraal te bly, wanneer 'n situasie ontstaan soos die waarmee ons nou te doen het .... en dat dit wanneer die tyd van die toets kom, op 'n ramp moes uitloop op politieke gebied."[173] Hierdie verklaring van dr. Malan was 'n besondere en juiste omskrywing van die Nasionaliste se besware teen die samesmeltingsbeweging, want soos hy tereg beweer het, het die vraagstuk van neutraliteit 'n politieke ramp vir die Afrikanervolk geword. Ongeag die edeler motiewe wat die voormalige leier van die Nasionaliste met samesmelting beoog het, het die tyd van die toets onomwonde bewys op welke valse

171. Hansard. Deel 36. kol. 32-33.

172. Hansard. Deel 36. kol. 48.

173. Ibid.

grondslae dit berus het. Dr. Malan het voorts gesê dat indien Suid-Afrika deur "eer en plig" en "morele bande" in dié oorlog van Brittanje ingetrek word "... dan sê ek: Praat van vryheid soveel as u wil, maar ons is 'n land van slawe. Dan word ons lot bepaal nie deur onsself in hierdie land nie, maar deur 'n nasie oorsee. Ek dink dat die argument indien niks anders nie, 'n ondermyning is van ons vrye status wat ons in hierdie land verkry het en wat ons nie alleen in teorie nie, maar ook in die praktyk, toegepas wil sien."[174]

Na aanleiding van dr. Malan se verklaring, soos hierbo genoem, was dit heel duidelik dat nie omskrewe konstitusionele bande nie, maar wel onsigbare sentimentele en politieke bande die swaarste geweeg het toe 'n finale beslissing gemaak moes word oor Suid-Afrika se neutraliteitsreg. Dit was dan ook hierdie onsigbare sentimentele bande wat dr. Malan en sy Nasionale Party graag verwyderd wou sien, omdat hulle in die verwydering daarvan en die stigting van 'n Republiek 'n waarborg gesien het teen die deelname in toekomstige oorloë waarin Engeland gemoeid mag wees. Om nege uur op Maandagaand, 4 September, is daar gestem oor Suid-Afrika se deelname aan die oorlog en genl. Smuts se voorstel is met 80 teenoor 67 stemme aangeneem.[175] Met 'n meerderheid van dertien stemme is dus besluit om Suid-Afrika in 'n oorlog te dompel. Vier oud-Nasionaliste, te wete mnr. Louw Steytler, dr. Colin Steyn, mnr. Gert Heyns en dr. W.P. Steenkamp het

---

174. Hansard. Deel 36. kol. 55.

175. Hansard. Deel 36. kol. 103-104.

saam met genl. Smuts ten gunste van oorlog gestem. Ook die vier lede van die Arbeidersparty en al die lede van die Dominium-party het die oorlogsvoorstel gesteun.[176] Vir die eerste keer in die geskiedenis van die Unie is 'n premier in die Parlement verslaan.[177] Dr. Malan het nietemin dadelik genl. Hertzog se hand geneem en hom om verskoning gevra dat hy en sy groep hom ooit van ontrouheid aan die Afrikaner verdink het, want so is Hertzog se optrede met eenwording met Smuts in 1933-1934 deur baie Afrikaners vertolk.[178]

Genl. Hertzog het na afloop van die Parlementsitting die Goewerneur-generaal versoek dat die Parlement ontbind moes word en 'n algemene verkiesing uitgeskryf word.[179] Hierdie versoek is egter geweier. Sir. P. Duncan het opgemerk: "There is a general feeling, which I share, that a general election at the present moment would lead to great bitterness and even violence. The situation must, however, be accepted if there is no constitutional alternative."[180] Genl. Hertzog het gevolglik op 5 September as Eerste Minister bedank alhoewel hy nie met die Goewerneur-generaal se beslissing saamgestem het nie, het hy hom daarin berus. . Deur

---

176. Die Transvaler, 5/9/1939. Hoofartikel.

177. M.J. Swart., Genl. Hertzog: 1939-1942. p.75. Raadpleeg ook D.W. Kruger., The Making of a Nation. p.198.

178. Ibid.

179. Die Burger, 5/9/1939. 6/9/1939.

180. O.Pirow., James Barry Munnik Hertzog. p.248. Vergelyk ook Die Volksblad, 5/9/1939. Die Burger, 6/9/1939.

Nasionaliste en hul Partymondstukke is hierna die vraag gestel of die Goewerneur-generaal nie onkonstitusioneel gehandel het deur die versoek van sy Eerste Minister om die Parlement te ontbind en 'n algemene verkiesing uit te roep, te weier nie. Sir Patrick Duncan het egter te regte gesê dat genl. Hertzog hom in die verlede dikwels teenoor die volk gekompromitteer het toe hy gesê het dat "die Parlement sal besluit" indien daar oor oorlogsdeelname besluit moet word.[181] Genl. Hertzog het egter genoeg rede gehad om te glo dat die Parlement met inagneming van sekere kontraktuele verpligtings sy aanbeveling om in 'n Europese oorlog neutraal te bly, sou aanvaar. Daarenteen het die Parlement egter met 'n klein meerderheid besluit om tot die oorlog toe te tree. Regeringsondersteuners het hul toe beroep op genl. Hertzog se uitlating en ook daarop dat die Parlement die hoogste wettige gesag is en dat sy besluite dus uitgevoer moet word.

Dr. Malan skryf dat genl. Smuts as regsgeleerde later sy sienswyse oor hierdie kwessie gegee het. Daarvolgens moes genl. Hertzog nadat die geskil tussen hulle twee ontstaan het en onoorbrugbaar geblyk het, sy bestaande Kabinet ontbind het deur self te bedank. Daarna kon hy dit weer saamgestel het, maar met die weglating van genl. Smuts. So 'n kabinetskrisis sou hom dan die reg op die ontbinding van die Parlement gegee het en die Goewerneur-generaal sou dit dan nie kon geweier het nie.[182]

---

181. D.F. Malan., Afrikanervolkseenheid. p.177.

182. Ibid.

Die Burger was oortuig dat indien 'n verkiesing oor die vraagstuk van die Unie se deelname aan 'n Europese oorlog gehou is, genl. Smuts en sy volgelinge 'n besliste nederlaag sou gely het.[183] The Round Table skryf in sy Desemberuitgawe van 1939: "If an election or referendum were to be held today then it is more than probable - especially as regards a general election - that a majority will approve of the policy of the ex-Prime Minister."[184]

Op versoek van die Goewerneur-generaal het genl. Smuts 'n nuwe Kabinet saamgestel en op 6 September het Suid-Afrika amptelik teen Duitslandoorlog verklaar.[185] F.S. Crafford skryf hieroor: "Smuts het dus in sy sewentigste jaar die vrugte gepluk van jare-lange beplanning, toegewing en kompromis: die omverwerping van neutraliteit ter elfder ure, die gevolglike behoud van die Gemenebes se samehorigheid en terloops die premierskap. Dit was 'n meesterstuk van strategie. Dit was 'n triomf van diplomasie."[186] Die roem van genl. Smuts is ook deur die Londen se Star besing: "Op die ouderdom wanneer die meeste staatsmanne hulle tot 'n lewe van gerief teruggetrek het, veg die grootste imperialis van ons eeu, genl. Jan Smuts nog vir die solidariteit van die Unie agter die Ryk."[187] In alle erkentlikheid het genl. J.C.G. Kemp na die oorlogsverklaring opgemerk dat hy in 1934 saamgesmelt het omdat hy gemeen het dat dit die beste ding vir die land was, maar: "Dr. Malan was reg. Hy het die dolk in Jannie Smuts se hand

---

183. Die Burger, 6/9/1939.
184. Aangehaal in O. Pirow., James Barry Munnik Hertzog. p.249.
185. Die Burger, 7/9/1939. Die Transvaler, 7/9/1939.
186. F.S. Crafford., Jan Smuts. p.306.
187. Die Transvaler, 6/9/1939.

gesien. Ons het net die hand van vriendskap gesien."[188]

Genl. Hertzog se biograaf skryf dat die gebeure van 4 September vir die Eerste Minister 'n geweldige skok was en hy het tot aan sy dood hierdie houding van genl. Smuts as onwaardig teenoor hom beskou. "Dit was vir hom die verbreking van 'n belofte; dit het hom blootgestel aan veroordeling van sy eie mense, maar sy teenstanders het beweer dat hy hom blind staar op Suid-Afrika in sy isolasie en nie die vlamme sien wat daarop aanspring nie. Op daardie oomblik, so was sy standpunt tot sy dood toe, is die neutraliteitsvraagstuk deur genl. Smuts en die ministers wat hom gesteun het, nie op suiwer meriete behandel nie."[189] G.D. Scholtz skryf onder andere dat die weg waarop die Unie hom in die oorlog begewe het, sedert samesmelting, deeglik voorberei was terwyl daar vir 'n neutrale houding niks gedoen is nie. Die pogings wat genl. Hertzog op die laaste oomblik aangewend het, was tevergeefs. "Die regte oomblik om vir 'n beleid van neutraliteit te sorg, was nie op 4 September 1939 nie, maar dit was op 22 Junie 1934 toe die Federale Raad van die Nasionale Party oor genl. Hertzog se program van beginsels vir die nuwe party beraadslaag het. Het hy op laasgenoemde datum die voorstel aanvaar dat die nuwe party ten gunste van 'n neutrale houding moes wees, sou die geskiedenis van Suid-Afrika 'n ander verloop gehad het."[190] M.P.A. Malan

---

188. J.C.G. Kemp., Die Pad van die Veroweraar. p.409.

189. C.M. van den Heever., Generaal J.B.M. Hertzog. p.699.

190. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.396. Die skrywer maak geen melding van die ooreenkoms wat tussen die twee generaals aangegaan is tydens die 1938-krisis oor Tsjeggo-Slowakye nie.

verskil in hierdie opsig en beweer dat Hertzog se optrede hier in ooreenstemming met die beleid was wat hy altyd voorgestaan het. Op die Transvaalse Kongres van die Verenigde Party het Hertzog op 7 Oktober 1936 in die teenwoordigheid van Smuts gesê: "Die Regering het geen oorlogsbeleid nie, behalwe dat die Regering geen oorlog wil hê nie. Die Regering se beleid is een van vrede." Genl. Smuts het hierdie stelling onderskryf naamlik: "Dit is die standpunt van die Verenigde Party en niks kan daaraan toegevoeg word nie."[191] Hertzog het dus hier opgetree in terme van die Verenigde Party beleid soos hy dit altyd vertolk het en dit was genl. Smuts wat met sy oorlogsverklaring van die standpunt afgewyk het.[192]

Die oorlogsverklaring en die skeuring wat dit in Afrikaner politieke kringe veroorsaak het, was 'n ramp, maar daarenteen was daar in Afrikanergeledere tog ook 'n mate van tevredenheid omdat dit weer bymekaar gebring het wat op politieke gebied deur innerlike oortuiging bymekaar gehoort het. Dit het die einde van die samesmeltingsbeweging beteken en 'n totale veranderde politieke reoriëntering na vore gebring.

---

191. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party van Suid-Afrika. pp. 187-188.

192. Ibid. Kyk ook J.C.G. Kemp., Die Pad van die Veroweraar. p.440.

HOOFSTUK VIII

HERENIGINGSPOGINGS EN DIE FINALE BREUK

Die besluit van die Unieparlement op 6 September 1939 onder leiding van genl. J.C. Smuts om saam met Groot Brittanje tot die Tweede Wêreldoorlog toe te tree, het vir die Afrikanerdom op politieke gebied onberekenbare betekenis ingehou. Belangrik veral was dat dit aan die Afrikaner se republikeinse strewe 'n nuwe dimensie gegee het en dat die skeuring wat daar in die Verenigde Party ontstaan het, nou weer die politieke vereniging van die Afrikaner 'n moontlikheid gemaak het. Hierdie hereniging tussen die Hertzog- en Malanvolgelinge sou egter nie eensklaps geskied nie, maar sou inteendeel met veel wrywing en wroeging gepaard gaan.

Die samesmelting van 1934 het verdeeldheid en daarmee onderlinge bitterheid en wantroue onder die Afrikanervolk gebring en ses jaar was lank genoeg om die beskouinge en geestelike ingesteldheid van elke groep teenoor landsvraagstukke so te kondisioneer dat dit byna onversoenbaar geword het. Die bittere antagonisme tussen die twee groepe kon dus nie oornag verwyder word nie en in baie opsigte sou hulle mekaar nog net so hewig bestry as in die voorafgaande jare. Daarenteen is binne Afrikanergeledere egter vas geglo dat hierdie skeuring tussen genls. Hertzog en Smuts noodsaaklik was vir groter en ware Afrikanereenwording. Die samesmelting van 1934 het hom self bewys as 'n gedwonge, kunsmatige eksperiment en die Eeufeesvieringe van 1938 het as't ware die holheid daarvan blootgelê. Hereniging met die Hertzoggroep is dus aan die een kant bemoeilik deur gevestigde opvattings en geykte

politieke venyn, maar aan die ander kant is dit uit hoofde van natuurlike affiniteite en politieke noodsaaklikheid as 'n behoefte aangevoel.

Die nuwe situasie wat nou uit die Afrikanervolk se verset teen oorlogsdeelname ontstaan het en die drang na grotere politieke eenwording wat daaruit voortgevloei het, het dr. Malan soos volg saamgevat: "..... dat in 'n bond van samewerking ons nou bymekaar het wat bymekaar tuishoort. Die onderlinge stryd is finaal op 'n end en eendragtig en beslis keer ons ons teen dieselfde gemeenskaplike vyand .... Van albei kante word gevoel dat ons innerlike eenheid onvermydelik ook tot volkome uiterlike eenheid sal lei."[1] Dienooreenkomstig het genl. Hertzog na sy bedanking as Eerste Minister opgemerk: "Gelukkig, ewewel, sal hierdie stap van genl. Smuts ook die gevolg hê dat die eenheid onder die Afrikaanssprekendes, waarna vir soveel jare reeds 'n vurige verlange bestaan, sodanig bevorder word dat ons met vertroue die spoedige verwesenliking daarvan kan tegemoet sien."[2]

Die drang na volkseenheid wat so skielik onder druk van omstandighede tot stand gekom het, het in 'n simbolïese daad uiting gevind toe daar op 9 September 1939 'n skare van vyftigduisend by die Voortrekkermonument vergader het om oor die nuutgevonde eenheid van die Afrikanervolk te juig. Dit het in die eerste plaas uitgeloop op 'n magtige demonstrasie van vreugde oor die her-

---

1. Die Burger, 7/9/1939. Die Transvaler, 8/9/1939.
2. Ibid. Die Transvaler, 7/9/1939.

eniging van die Afrikanerdom en van troubetuiging aan die Voortrekkerbeginsels. By sy aankoms in Pretoria het genl. Hertzog hom soos volg uitgelaat: "Nog nooit in die geskiedenis van Suid-Afrika .... het ek so 'n spontane openbaring van volkseenheid beleef nie. Spontaan het die Afrikanervolk ineengevloei en saamgesmelt .... Nog nooit was die Afrikanerdom so sterk verenig en gekonsolideer nie."[3] Genl. Hertzog en dr. Malan het as sprekers tydens hierdie byeenkoms opgetree. Prof. J.C. van Rooy het die hoofrede gelewer. Die woord "Republiek" was vir die skare 'n towerwoord en toe prof. Van Rooy en dr. Malan 'n republiek as eindbestemming van die Afrikanervolk gestel het, is hulle toegejuig. Prof. J.C. van Rooy het onder andere verklaar: "Gaan voort volk van Suid-Afrika op die pad wat lei tot algehele selfstandigheid, die pad wat lei na 'n republiek van Suid-Afrika."[4]

Dr. Malan het in sy toespraak verwys na die gebeure wat hierdie samesnoering bewerkstellig het en betoog dat Suid-Afrika eenvoudig geen belang by dié oorlog het nie. "Suid-Afrika is in sulke omstandighede nie veilig nie ... Ons enigste veiligheid lê daarin dat ons 'n vrye en onafhanklike republiek moet verkry."[5] Daarenteen het genl. Hertzog egter geen melding van 'n republiek in sy toespraak gemaak nie, maar wel opgemerk: "Dit was my duidelik van die eerste oomblik dat die Afrikanerdom ontwaak het

---

3. Die Transvaler, 9/9/1939.

4. Die Transvaler, 11/9/1939.

5. Ibid.

soos nooit tevore in sy geskiedenis nie en dat die Afrikanerdom hom nie laat keer om die volste vrugte van sy vryheid te geniet nie."[6] Genl. Hertzog se toespraak was vir sommige van die teenwoordigers 'n teleurstelling, want hulle wou eerder gehad het dat hy hom openlik ten gunste van 'n republiek moes uitspreek. Hy het dit ook duidelik laat blyk dat hy nie ten gunste daarvoor was dat Suid-Afrika uit die Britse Gemenebes van Nasies moes tree nie soos wat baie Nasionaliste voorgestaan het. M. Roberts en A.F.G. Trollip skryf hieroor soos volg: "The theme of Hertzog's speech was Moderation; his watchword was Caution; and he refrained from adverting to the republican issue. Malan, on the other hand, devoted much space to the coming Republic, and roundly declared for the speedy severance of all connection with Britain. The difference was as yet one of emphasis only, but it was indicative of troubles to come."[7] Roerende oomblikke het hierop gevolg toe Totius die volksgelofte voorgelees het en duisende hande in die lug opgegaan het om die gelofte te verseël: "Dat ons mekaar se hand gryp op die Pad van Suid-Afrika om dit nooit weer te los nie."[8] Monumentkoppie het toe later geblyk nie die plek van die altaar te wees nie, plegtig soos die groot samekoms en die gelofte-afleggings was.[9]

---

6. Ibid.

7. M. Roberts., A.F.G. Trollip., The South African Opposition 1939-1945. p.21. Raadpleeg ook L. Marquard., The People and Policies of South Africa. p.142.

8. Die Transvaler, 11/9/1939.

9. P. Meiring., Ons Eerste Ses Premiers ... 'n persoonlike terugblik. p.80.

Die verset teen die deelname aan die oorlog het die gedagtes van alle Afrikaners op die republikeinse ideaal en die konkrete inhoud daarvan toegespits. Die Republiek as die enigste versekering van die Afrikaner se geestelike en ekonomiese selfstandigheid het in die oorlogsatmosfeer nie meer na 'n verafgeleë droombeeld gelyk nie, maar het 'n onmiddellike werklikheid en praktiese vereiste geword.[10] Met groot beslistheid het dr. Malan op 6 September in 'n onderhoud aan Die Transvaler verklaar: "Van nou af is ons koers reguit sonder ophou na een doel: Die Republiek van Suid-Afrika - die enigste status waaronder ons waarlik as 'n land selfbeskikkingsreg sal beoefen. Die einde van die saak moet en sal wees republikeinse onafhanklikheid."[11] By 'n vorige geleentheid het dr. Malan die behoud van die Republikeinse ideaal as beginsel nommer een gestel waar enige onderhandeling tot hereniging aangeknoop mag word. "Diep in die siel van die Afrikaner sit die ideaal van 'n vry onafhanklike nasie ...Moenie die Nasionalis vra om van die republikeinse ideaal en strewe 'n tittel en jota af te gee nie. As ons dit vandag doen, dan voorspel ek dat daar môre 'n afsonderlike republikeinse party in die lewe geroep sal word en dan kry ons meer verbrokkeling en is die doodsklokke van hereniging van jare gelui ... Enige leier van die Afrikanerdom wat die republikanisme afsweer, sal deur die volk gerepudieer word."[12]

---

10. Bond van Oud-gefinteneerdes en Politieke Gevangenis., Agter Tralies en Doringdraad. p.25.

11. Die Transvaler, 6/9/1939.

12. Die Volksblad, 20/3/1939. 22/8/1939. Verslag van sy toesprake te Kaapstad en Krugersdorp.

Ooreenkomstig het dr. H.F. Verwoerd in 'n hoofartikel in Die Transvaler geskryf dat Republikanisme nou skerper as ooit teenoor Imperialisme te staan gekom het en dit het beteken dat die dag van verwesenliking van daardie ideaal oneindig veel nader gebring is. "Die oorlog is verklaar, maar waar dit ellende en nood aan die volke van die wêreld kan besorg, groei uit die saad van Imperialisme in die Unie nuwe hoop op veel spoediger verkryging van republikeinse vryheid as andersins."[13]

Die vraag het ontstaan of genl. Hertzog en sy volgelinge die republikeinse beginsel sou aanvaar soos die Nasionale Party dit in hierdie stadium as deel van sy wese en bestaan aanvaar het. Gedurende 1934 het duisende Nasionaliste geweier om tot die Verenigde Party toe te tree, omdat hulle nie van die republikeinse ideaal afstand wou doen nie. Vanaf 1934 tot 1939 het die republikeinse ideaal soveel dieper in die harte van die Nasionaliste ingedring. Hulle sou dus geen Nasionaliste gewees het, indien hulle ook nie republikeine was nie. Nasionalis en republikein was in 1939 reeds sinonieme terme.[14] Sedert samesmelting het genl. Hertzog die Nasionaliste op hierdie punt kwaai aangeval en beveg. Daarom was daar binne Nasionale geledere onsekerheid of so 'n skielike verandering van beginsels nou by die Hertzogvolgelinge moontlik kon wees. Van die kant van die Nasionaliste kon daar dus slegs tot hereniging oorgegaan word, indien die volgelinge

---

13. Die Transvaler, 6/9/1939. Hoofartikel.

14. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.400.

van genl. Hertzog ook bereid was om die republikeinse beginsel te aanvaar. Heel gou het dit ook geblyk dat die republikeinse beginsel die onderhandelinge tussen die Hertzogiete en Malanlete erg sou bemoeilik het.

Dr. H.F. Verwoerd, hoofredakteur van Die Transvaler het veral beklemtoon dat die herenigingspogings beslis moet gepaardgaan met die voortbestaan van die Nasionale Party met sy volle beleid en al sy ideale. "Die Afrikaner is een, maar in die blydskap van die nuwe samesnoering van sy kragte moet nie een van sy Voortrekkerbeginsels vergete of agterweë bly nie. Die Afrikaner se stryd lê voor, maar in die nastrewing van sy ideale moet al sy groot beginsels, soos die behoefte aan 'n Republiek ... steeds voor oë gehou word. Afrikanereenheid sonder doelbewuste bevordering van die ideale van die Voortrekkers sou betekenisloos wees. Daarom wil ons waarsku teen enige verwatering van die beginsels waaroor die stryd tot dusver gevoer is."[15] Op 'n vergadering te Wolmaranstad het adv. J.G. Strijdom dienooreenkomstig verklaar: "Die Afrikanereenheid moet gesmee word op die grondslag van die Voortrekker ideale en ons mag nimmer meer afwyk van daardie pad van die Voortrekkers nie."[16] Hieruit blyk dus baie duidelik dat die Nasionaliste nie daartoe bereid was om ten opsigte van die republikeinse ideaal en ander beginsels enige kompromis aan te gaan nie. M. Roberts en A.E.G. Trollip skryf

---

15. Die Transvaler, 9/9/1939. 11/9/1939. Hoofartikels.

16. Die Transvaler, 11/9/1939.

onder andere dat adv. Strijdom en dr. Verwoerd beslis nie ten gunste van hereniging met genl. Hertzog was nie. "Not merely did they disbelieve in the possibility of Hereniging, but they were also sceptical as to its desirability. And from their own point of view they were right. Either the Nationalist Party was based on principle, or it was nothing. An alliance with Hertzog (unless Hertzog were to abandon Hertzogism) must be founded on a compromise ... and they saw no reason to purchase him as an ally at the price of partial acceptance of the Hertzog-beginsels."[17]

Die drang na politieke eenwording het na die byeenkoms op Monumentkoppie egter sterker en sterker gegroei. Takvergaderings van die Hertzogiete en die Nasionaliste het orals besluite geneem waarin op eenheid aangedring is en in die Nasionale nuusblaaie het briefskrywers daarom gepleit. Kenmerkend was veral die geesdrif wat daar vir 'n republiek geheers het en die pleidooie om alle bande met Engeland te verbreek. Die Afrikanerdom het nou onder die diepe indruk gekom dat die enigste moontlik vrywaring van deelname aan Brittanje se oorloë, alleen deur 'n Republiek in Suid-Afrika gewaarborg kan word.

Die Nasionale Party het intussen sy gewone jaarlikse kongresse laat plaasvind. Die Transvaalse Nasionale Party kongres het op 26 September plaasgevind. Dit was die eerste partykongres sedert

---

17. M. Roberts., A.E.G. Trollip., The South African Opposition, 1939-1945. p.28.

die oorlogsverklaring en die eenheidsbetoging by die Voortrekker-monument. Dr. Malan het in sy toespraak beklemtoon dat wat die Nasionale Party betref, sal en kan daar geen verandering van sy program van beginsels plaasvind sonder 'n aanbeveling van die vier provinsiale kongresse nie. Met verwysing na genl. Hertzog en sy ondersteuners, het dr. Malan gesê: "Hulle weet dat ons nog maar dieselfde beginsels van die ou Nasionale Party handhaaf en dat ons die naam "Nasionale Party" wil behou.[18] Voortgaande het Malan verklaar dat die politieke verandering wat nou so skielik plaasgevind het dit vir 'n groot deel van die twee groepe uiters moeilik sal wees om hulle by die nuwe situasie aan te pas. Daarom het hy 'n beroep op alle Nasionaliste gedoen om kragtig mee te werk om die eenwording van die geskeurde Afrikanerdom so gou as moontlik te konsolideer. Die republikeinse strewe het hy besonder sterk op die voorgrond gestel, toe hy uitgeroep het: "Die Britse konneksie het vir ons geen beskerming opgelewer nie, maar 'n positiewe gevaar. Afgesien van sentiment kan ons dus niks anders sê as weg met die Britse konneksie, ons wil 'n republiek wees."[19] Dr. Malan het onder meer bekend gemaak dat ten einde samesprekings met genl. Hertzog en sy groep te voer, het die Nasionale Party 'n komitee, bestaande uit die vier provinsiale leiers, gekies. Hierdie komitee sal dan verslag doen aan die Federale Raad wat die grondslag van beoogde samewerking aan die vier provinsiale kongresse sal voorlê sodat die kongresse oor

---

18. Die Burger, 27/9/1939. Die Transvaler, 27/9/1939. Die Transvaler, 29/9/1939. Hoofartikel.

19. Ibid. Vergelyk ook Die Volksblad, 28/9/1939. Hoofartikel.

dié beoogde grondslag sal kan oordeel. Van Dr. N.J. van der Merwe het ook die versekering gekom dat hoewel party van die wonde wat in die afgelope jare geslaan is, nog seer is, sal geen bitterheid die Nasionaliste van hulle koers bring nie om die eenwording van die Afrikanerdom te bewerkstellig nie.

Op die daaropvolgende Natalse Nasionale Party kongres het mnr. A.I. Nel in sy openingsrede opgemerk dat die ideaal van 'n vrye onafhanklike republiek nie meer in die verskiet lê nie. Terselfdertyd het hy gewaarsku dat die Nasionaliste sorg moet dra om die herenigingspogings nie te skaad nie, want "as ons praat van die Afrikanerdom, dan sluit ons ook Engelssprekendes in wat Suid-Afrika as hul le enkele vaderland aanvaar het."[20] Hierdie verklaring van mnr. Nel was duidelik 'n teregwysing aan die Transvaalse leier van die Nasionale Party en ook aan die hoofredakteur van Die Transvaler. Adv. Strijdom het dit eenmaal onomwonde gestel: "As ek praat van volkseenheid dink ek aan die eenheid van die Boerenasie en nie aan die eenheid van alle rasse in Suid-Afrika nie."[21] Ook het dr. H.F. Verwoerd geskryf: "Die diepe gevolg van die volksversameling was gebore uit die blydskap dat die Afrikaanssprekende Afrikaners wat volgens innerlike oortuiging bymekaar behoort, mekaar kon vind."[22] Dit is reeds genoem dat daar binne Nasionale Partygeledere nie volkome eensgesindheid oor die wenslikheid van pogings tot hereniging met genl. Hertzog

---

20. Die Transvaler, 29/9/1939.

21. Die Transvaler, 11/2/1939. Verslag van sy toespraak op Bethal. Die Transvaler, 14/2/1939. Verslag van sy toespraak op Pretoria.

22. Die Transvaler, 11/9/1939. Hoofartikel.

en sy groep was nie. Provinsialistiese verskille en tweedrag sou veral, soos later aangetoon word, die weg tot hereniging baie bemoeilik het.

Dit het gaandeweg al hoe duideliker geword dat die Nasionale Party hom nie blindelings in 'n hereniging met die Hertzoggroep sou dompel nie, want 'n hereniging waarin hy nie sy beginsels kon uitleef nie, sou tot 'n mislukking gedoem wees. In sy openingsrede voor die Vrystaatse Nasionale Party kongres het dr. N.J. van der Merwe hom soos volg hieroor uitgelaat: "Ons sal geen steen onaangeroerd laat om bymekaar te bring wat bymekaar hoort nie. Dit sluit nie Engelssprekendes wat saam met ons voel, uit nie. Maar met imperialiste kan ons nie saamwerk nie. Ons doel gaan ook wees die verwesenliking van 'n Republiek want dit alleen sal 'n einde aan rassehaat maak." Hy het verder betoog: "Ek wil hier duidelik sê dat ek geen stap wil doen wat die Nasionale Party weer gaan skeur nie. Ons party het die afgelope jare om beginsels geveg en ons kan nie toelaat dat dit weer verwater word nie .... Met die kennis wat ons het van hoe ons mense voel, sal ons kyk wat ons kan doen met die volgelinge van genl. Hertzog."[23] In sy toespraak het dr. Malan dit weer eens baie duidelik gestel dat geensins van die Nasionale Party se beleid en beginsels terwille van hereniging afgesien sal word nie.

Op die Kaaplandse kongres van die Nasionale Party in die Paarl op 1 November het dr. Malan bekend gemaak dat onderhandelinge

---

23. Die Transvaler, 18/10/1939. Die Volksblad, 18/10/1939.

met die Hertzoggroep op 23 November voortgesit sal word sodra die skeuring in die Verenigde Party finaal voltooi is. Die uitslag en beslissing van die Verenigde Party se Unitale kongres wat op 2 November sou plaasvind, moes eers afgewag word. Vervolgens het dr. Malan aangekondig dat hy bereid is om sy leierskap neer te lê en genl. Hertzog as leier van die herenigde Nasionale Party te aanvaar. "Ons sal genl. Hertzog as hoofleier van die herenigde Nasionale Party aanneem. Ons sal hom ondersteun en net soos tevore hom ons volle vertroue gee."[24] Die algemene verwagting wat dr. Malan gekoester het, was blykbaar dat daar na die 1933-stadium van die Nasionale Party teruggegaan sou word. Genl. Hertzog en sy volgelinge sou dus net weer by die Nasionaliste aansluit en die Nasionale Party sal soos voorheen, bly voortbestaan. Dr. Malan se aankondiging dat hy bereid was op genl. Hertzog as hoofleier van die Party te aanvaar, het ook daarop gedui dat dit die gedagte was.[25] Ten spyte van dr. Malan se grootmoedigheid om die leierskap aan genl. Hertzog aan te bied, het die begeerde eenheid steeds buite bereik gebly. Die republikeinse doelstelling, soos dit spoedig geblyk het, was die vernaamste struikelblok.

Die skeuring in die Verenigde Party was finaal toe die Sentrale Hoofbestuur van die Verenigde Party met 28 teen 18 stemme ten gunste van genl. Smuts se oorlogsbeleid besluit het. Genl. Hertzog

---

24. Die Volksblad, 2/11/1939. Sien ook Hoofartikel.

25. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party van Suid-Afrika. p.190.

wat voorsitter van die Hoofbestuur was, het daarna met 'n handdruk van genl. Smuts afskeid geneem en die skeuring was 'n voldonge feit.[26] Volgens die verslag van die Rand Daily Mail het genl. Hertzog nou finaal van die Suid-Afrikaanse politieke toneel verdwyn "Voortaan sal hy min of meer 'n geskiedkundige soewenier wees, 'n politieke museumvoorwerp wat te voorskyn gehaal sal word as en wanneer die geleentheid dit pas. Die aktiewe politieke leierskap het oorgegaan in die hande van die geslepe en berekende dr. Malan."[27]

Op 4 November 1939 het genl. Hertzog sy jaarlikse vergadering op Smithfield gehou. Dit het heel duidelik geblyk dat van dr. Malan se aanbod om hom as hoofleier van die herenigde Nasionale Party te aanvaar, niks sou kom toe Hertzog verklaar: "Vooras-nog wens ek nie om onder hierdie kategorie van persone getel te word nie" dit wil sê "diegene wat alle bande met Groot Brittanje en die Statebond verbreek wil sien."[28] Voortgaande het hy onder meer strenge voorwaardes vir samewerking met die Engelse volksdeel gestel. Dr. N.J. van der Merwe het hierop reageer deur sy steun aan genl. Hertzog en die herenigingspogings toe te sê, maar "daar is net een weg om Suid-Afrika te verlos en dit is om die Britse konneksie vir goed en vir altyd te breek."[29] Hierdie anti-republikeinse uitlating van genl. Hertzog het veral skerp reaksies van Die Transvaler uitgelok. Die koerant het geskryf dat daar geen twyfel mag bestaan nie dat die Nasionaliste

26. Die Volksblad, 2/11/1939. Die Transvaler, 4/11/1939.
27. Rand Daily Mail, 3/11/1939, soos aangehaal in Die Transvaler, 4/11/1939.
28. Die Volksblad, 4/11/1939. Die Transvaler, 6/11/1939. Die Vaderland, 6/11/1939.
29. Die Volksblad, 6/11/1939. Vergelyk ook Die Transvaler, 8/11/1939. Hoofartikel.

uit en uit strewe na 'n republiek en dat hulle doelbewus ywer en werk om alle bande met Brittanje en die Britse Statebond te verbreek sodat die Unie 'n volle, ondubbelsinnige onafhanklikheid in republikeinse vorm mag verkry. Die Nasionale Party kan hom daarom alleen onder die leierskap skaar van persone wat voluit hierdie oogmerke met hulle deel.[30] Volgens Die Transvaler het genl. Hertzog se toespraak op Smithfield sterk verontrusting by Nasionaliste teweeggebring. Uit verskeie dele van die Rand en Transvaal het sterk besware hom bereik van Nasionaliste wat sê dat hulle slegs bereid is om saam te kom onder 'n leier wat 'n erkende voorstander van 'n republiek is. Ook beklemtoon hulle dat al die gejuig oor die eenheid wat gaan kom, gebore is uit die oortuiging dat die jongste gebeurtenisse die lede van die Hertzog-groep republikeine gemaak het, selfs in die geval van diegene wat tevore vir die behoud van die Britse verbond was. Nie eenheid teen elke prys nie, maar eenheid alleen op Voortrekkerbeginsels: "As dit nie kan verkry word nie, dan word ons net so 'n innerlik verdeelde Nasionale Party as die gewese Verenigde Party was, en dan sal Afrikanerdom net in skyn ook op politieke gebied verenig wees, maar in werklikheid verswak deur innerlike geskille en tweedrag. Dan wil ons liewer geen partye-vereniging hê nie."[31] Hierdie politieke geloofsbelydenis het laat blyk dat geen poging tot die skepping van 'n Afrikanerparty sal slaag tensy die republikeinse beleid in 'n onverwaterde vorm en in ondubbelsinnige woorde

---

30. Die Transvaler, 6/11/1939. Hoofartikel. Die Volksblad, 8/11/1939.
31. Die Transvaler, 7/11/1939. Hoofartikel.

aanvaar word as een van die eerste grondbeginsels daarvan nie. Indien genl. Hertzog nie bereid sou wees om as leier die republikeinse strewe volmondig te aanvaar nie, dan sou hy die kanse op politieke eenwording vernietig. Insgelyks het die Nasionale Party kongresse in al vier die provinsies die republikeinse beleid beklemtoon as dié voorwaarde waarop eenwording moes geskied. Die enigste heil op politieke gebied was vir die Nasionaliste in 'n uitgesproke republikeinse party.

Dr. N.J. van der Merwe se biograaf het onder andere geskryf dat genl. Hertzog deur sy uitlating oor die republikeinse ideaal op Smithfield hom vir duisende Nasionaliste as leier onaanneemlik gemaak het. "Die uitwerking van sy selfopofferende daad van 4 September is in groot mate vernietig deur sy uitlatings van 4 November." Volgens G.D. Scholtz was hierdie uitlatings van genl. Hertzog die eerste stap op die weg wat hom presies 'n jaar later sy rug op die gesamentlike kongres van die Nasionaliste en sy volgelinge sal laat keer.[32] Of genl. Hertzog se onwil om in hierdie stadium tot 'n Herenigde Nasionale Party toe te tree, uitsluitlik aan die republikeinse grondbeginsel toegeskryf moet word, is te betwyfel.[33] Van sy eie volgelinge, soos genl. J.C.G. Kemp, Piet Grobler en adv. O. Pirow het hulle sterk ten gunste van 'n republiek uitgelaat. Op Bloemhof het genl. Kemp byvoorbeeld gesê dat die nuwe "Afrikaner" party uit en uit na 'n republiek sal streef.[34] Op 'n latere geleentheid het Kemp gesê: "Ek gaan nog verder as wat die Nasionale Party gegaan het, want hulle het altyd gesê dat hulle nie 'n republiek sou stig voor-

32. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.402. Sien ook C.M. van den Heever., Generaal J.B.M. Hertzog. p.713.
33. F.A. van Jaarsveld., G.D.Scholtz., Die Republiek van Suid-Afrika. p.176.
34. Die Transvaler; 8/11/1939.

dat die meerderheid van die Engelssprekendes ten gunste van 'n republiek is nie ... ek sê dat 'n republiek gestig behoort te word sodra ons 'n blote meerderheid in die Parlement verkry het."[35] Hierdie eertydse anti-republikeine wat die Nasionale Party toe so heftig aangeval het, het nou die voorste gestoeltes ingeneem onder diegene wat die republikeinse beginsel bepleit het. Adv. J.G. Strijdom het in 'n brief wat hy aan Die Transvaler geskryf het, genl. Kemp sterk daaraan herinner dat hy die totstandkoming van 'n republiek heeltemaal verkeerd vertolk het, want die Nasionale Party sal alleen 'n republiek tot stand bring indien die meerderheid van die bevolking daartoe besluit het en nie slegs die Parlement nie.[36]

Met groot verwagting is uitgesien na die konferensie tussen die Hertzoggroep en die Nasionale Party wat op 23 November 1939 in Pretoria sou plaasvind. In menige Afrikanerhart het die vraag ontstaan: sou die onderhandelinge tot 'n spoedige ooreenkoms oor die groot beginselvraagstukke lei of sou die verskil van mening wat in die voorafgaande ses en 'n half jaar geheers het, so groot wees dat 'n ooreenkoms nie bereik kon word nie?

Die Nasionale Party is op die konferensie verteenwoordig deur dr. Malan, dr. N.J. van der Merwe, adv. C.R. Swart, adv. J.G. Strijdom, mnr. A. Nel, adv. F.C. Erasmus en ds. C.W.M. du Toit. As verteenwoordigers van die Hertzoggroep was daar genl. Hertzog, mnr. N.C. Havenga, adv. O. Pirow, sen. A.P.J. Fourie, genl. J.C.G. Kemp, mnr. B.J. Schoeman, sen. W.J.C.

35. Die Vaderland, 9/11/1939.
36. Die Transvaler, 14/11/1939.

Brebner, genl. E.A. Conroy en mnr. J.H. Viljoen.[37]

Op 22 November het die afgevaardigdes van die Nasionale Party in Pretoria byeengekom om vooraf tot 'n verstandhouding in verband met die onderhandelinge te kom. Die Nasionaliste was dit almal eens dat daar geen verwatering van die kardinale beginsels van die Nasionale Party, soos die republikeinse ideaal, kon wees nie en dat die party-identiteit behou moes word.[38]

Die konferensie het twee dae geduur. Daar is oor kleinere punte tot eenstemmigheid gekom, maar oor die republikeinse strewe en die naam van die nuwe party het die twee groepe ernstig verskil. Met die aanvang van die besprekinge het genl. Hertzog die vraag gestel wat die naam van die nuwe party moet wees. Die Nasionaliste was nie ten gunste van enige naamsverandering nie. Omdat geen eenstemmigheid bereik kon word nie, is die saak toe voorlopig uitgestel vir latere bespreking. Die republikeinse strewe het geblyk die groot struikelblok te wees. Genl. Hertzog en mnr. N.C. Havenga was dit eens dat van die herenigde party geen republikeinse party gemaak moet word nie. Genl. Hertzog se besware teen 'n suiwer republikeinse party was dat baie Afrikaners en Engelse sou weier om lid van so 'n party te word.[39] Albei het gereken dat die republikeinse beginsel omskryf moes word soos in die ou Nasionale Party program van beginsels voor samesmelting toe individuele lede toegelaat was om binne die party propaganda daarvoor of daarteen te maak. Baie Afrikaners, het hulle gereken,

---

37. Die Transvaler, 25/11/1939.

38. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.403.

39. Ibid., p.405.

was geen oortuigde Republikeine nie, al kon hulle genl. Smuts se oorlogsbeleid nie steun nie. Die nuwe party moes daarom juis so saamgestel word dat ook hierdie potensiële Nasionaliste daarby betrek kan word. Aan die ander kant het die Nasionaliste op 'n suiwer onvervalste formulering van die republikeinse strewe aangedring. Die verwesenliking van 'n vrye onafhanklike Republiek was vir hulle die belangrikste ideaal en beginsel wat verwesenlik moes word.

'n Komitee bestaande uit adv. O. Pirow, mnre. J.H. Viljoen en B. Schoeman van die Hertzoggroep en adv. J.G. Strijdom, dr. N.J. van der Merwe en ds. C.W.M. du Toit van die Nasionale Party is saamgestel om 'n formulering van die republikeinse strewe te vind wat vir albei groepe aanvaarbaar sou wees.[40] Dr. Van der Merwe het die volgende voorstel geformuleer: "Die Party is daarvan oortuig dat die republikeinse staatsvorm afgeskei van die Britse Kroon, hom die beste aanpas by die tradisies, omstandighede en aspirasies van die Suid-Afrikaanse volk, en tewens die enigste doeltreffende waarborg is dat Suid-Afrika nie meer in Groot Brittanje se oorloë ingesleep sal word nie. Die Party sal hom dus in hierdie rigting beywer deur alle ongerymdhede wat die volste uitlewing van ons volksvryheid belemmer, uit die weg te ruim...."[41] Dr. Van der Merwe het verduidelik dat "in hierdie rigting" die

---

40. M. Roberts., A.E.G. Trollip., The South African Opposition, 1939-1945. p.23.

41. Ibid.

Republikeinse doelstelling beteken en dat die verwydering van "ongerymdhede" die verwydering van die Britse Kroon beteken. Adv. Pirow het hom met hierdie formule vereenselwig, maar adv. Strijdom het beswaar gemaak dat hierdie formule nie in ooreenstemming met die opvatting van die Nasionale Party is nie. Sy besware het gegaan teen die woorde "in hierdie rigting" wat "nie noodwendig beteken dat jy enduit sal gaan nie."[42] Hierdie omskrywing is egter later deur die hele komitee aanvaar. In die samesprekings wat daarop tussen dr. Malan en dr. Van der Merwe gevolg het, het eersgenoemde sy bedenkinge oor dié formulering uitgespreek, omdat dit te veel skuiwergate vir verkeerde interpretasies gelaat het.[43] Toe die voorgestelde formule aan die konferensie voorgelê is, het genl. Hertzog botweg geweier om dit te aanvaar. Dr. N.J. van der Merwe het in sy dagboek die verskil soos volg opgeteken: "Genl. Hertzog het gemeen dat ons die ongerymdhede kon wegruim en tog onder die Britse Kroon en lid van die Britse Gemenebes bly, terwyl ek bedoel het afskeiding van die Kroon en Gemenebes. Genl. Hertzog het verklaar dat hy, net soos in 1927, die reg wil hê om my te bestry, as ek vir 'n republiek propaganda maak. Hier het ons dus vasgesteek."[44] Die samesprekings het gedeeltelik misluk by gebrek aan 'n aanneembare omskrywing van die republikeinse strewe. Die volgende verklaring is na afloop van die konferensie aan die pers uitgereik: "Hoewel

---

42. Ibid. Sien ook G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.403. Voetnote 42.
43. Ibid.
44. Ibid., p.404.

op die meeste beginselvraagstukke in die algemeen eensgesindheid bestaan, is veral wat betref die Republikeinse doelstelling en die naam van die Party nog nie eenstemmigheid bereik nie."[45] Om die werk van die afgelope konferensie voort te sit, en om hegter samewerking tussen die twee groepe te bewerkstellig, is 'n Skakelkomitee met adviserende magte in die lewe geroep. Die Skakelkomitee het bestaan uit die twee hoofleiers, genl. Hertzog en dr. Malan en vier leiers uit elke provinsie. In Kaapland was dit dr. K. Bremer, sen. A.P.J. Fourie, adv. H.A. Fagan en adv. F.C. Erasmus; in die Vrystaat sen. W.J.C. Brebner, dr. N.J. van der Merwe, mnr. N.C. Havenga en adv. C.R. Swart; in Transvaal genl. J.C.G. Kemp, adv. J.G. Strijdom, ds. C.W.M. du Toit en mnr. B. Schoeman en in Natal mnre. A. Nel, A.T. Spies, J.J. van Schalkwyk en C.R. Pienaar.[46]

Na die teleurstellende onderhandelinge te Pretoria is die beginselverskille verder in die openbaar uitgetrap. Die Volksblad skryf: "Wat die republikeinse doelstelling betref, wil ons ronduit verklaar dat daar, wat die Nasionale Party betref, nie so iets as 'n kompromis kan wees nie .... Die republikeinse doelstelling vorm die voetstuk waarop die hele Nasionale Party in die afgelope ses jaar opgebou is. Wie aan daardie doelstelling peuter, ruk die fondamentstene onder die gebou uit."[47]

---

45. Die Vaderland, 25/11/1939. Die Transvaler, 25/11/1939.

46. Ibid.

47. Die Volksblad, 27/11/1939. Hoofartikel.

Daarenteen het N.C. Havenga op 'n vergadering op Trompsburg bevestig dat die republikeinse doelstelling een van die verskilpunte was, waarom die onderhandeling misluk het. Hy het dit duidelik gestel dat die republiek as doelstelling van die party weggelaat moes gewees het, hoewel aan individuele lede volle vryheid gegun moes word om hul republikeinse beskouings te verkondig. "Daar is ook tienduisende Afrikaners wat voel dat dit nie in belang van Suid-Afrika is om die Britse konneksie af te knip nie. Ek pleit vandag dat daar ook vir daardie Afrikaners plek in die nuwe Party gemaak moet word."[48] Daarmee het hy gemeen sou die party 'n groter eenheid onder die Afrikaners bewerkstellig, want dit sou diegene wat teen die republikeinse doelstelling gekant is, geleentheid gee om hulle ook by die party aan te sluit. Volgens die Nasionaliste was hierdie sienswyse van mnr. Havenga onaanvaarbaar want diegene wat teen 'n republiek gekant was, het hulle vierkantig agter genl. Smuts en sy oorlogsbeleid geskaar. Hulle was ook oortuig dat indien aan genl. Hertzog se eise toegegee word, die Nasionale Party op sy beurt in twee sal skeur deur die stigting van 'n aparte republikeinse party. Dan was die hereniging van die Afrikanerdom finaal gedoem. Adv. E. Louw het die Nasionale standpunt teenoor die van Havenga pertinent gestel, toe hy verklaar het: "Daar is egter een kardinale beginsel wat ons nie kan en mag prysgee nie, en dit is die strewe van 'n vrye en onafhanklike Suid-Afrika in die toekoms."[49] Die Transvaler

---

48. Die Vaderland, 28/11/1939.

49. Die Oosterlig, 27/11/1939. Toespraak op Uitenhage. Aangehaal in E.H. Louw-versameling. P.V. 4.

het onder meer geskryf: "Die hele redenering van die gewese minister toon bloedweinig van die nuwe uitkyk wat die ervaring van mislukking van samesmelting sou gebring het. Inteendeel, hy argumenteer weer oor eenheid bo alles met behoud van groot botsinge van beginsels, wat dan maar blou-blou gelaat moet word, wat juis kenmerkend was van die ou Suid-Afrikaanse Party, en later die nou mislukte Verenigde Unionistiese Party. Die Nasionalis staan egter nog rotsvas op een gedagte, nieteenstaande alle begeerte na 'n eenheid van soveel Afrikaners as moontlik. Dit is dat sekere fundamentele beginsels diegene moet saambind wat wil saamwerk. Daaruit sal hul krag spruit."[50] Dit was dan ook so, want die republikeinse gedagte het onder die Afrikaners 'n bindende en aaneensnoerende krag geword soos nog nooit tevore nie.

Ook adv. J.G. Strijdom het op 'n vergadering in Pretoria verduidelik dat genl. Hertzog en mnr. Havenga hulle nie met 'n republikeinse party kan vereenselwig nie, want hul standpunt is dat dit nie in die belang van Suid-Afrika is om van die Britse Ryk af te skei nie. Volgens hom was dit 'n onbetwisbare feit dat die oorgrote meerderheid van genl. Hertzog se volgelinge, onder andere, genl. J.C.G. Kemp en adv. O. Pirow, net so sterk republikeinsgesind is as die Nasionaliste. "Ons kan alleen terwille van ons groot volksaak hoop dat hulle daarin sal slaag om genl.

---

50. Die Transvaler, 28/11/1939. Hoofartikel. Die Volksblad, 28/11/1939. Hoofartikel.

Hertzog te oortuig dat die redding van ons volk in 'n republiek lê."[51]

Ook dr. Malan het die verskil beklemtoon in 'n personderhoud waarin hy drie redes genoem het waarom die onderhandelings misluk het. "Ten eerste, die prysgee van ons party-identiteit, wat 'n opoffering van ons kant alleen is omdat die Hertzoggroep hul party in ieder geval noodgedwonge moes prysgee. Ten tweede, die verlies van die naam van die party; Genl. Smuts het die naam van die Verenigde Party ook behou. Ten derde, die prysgee van die republikeinse doelstelling."[52] Omdat die twee partye nie eenstemmigheid oor die republikeinse doelstelling van die Nasionale Party kon bereik nie, is die onderhandelinge tydelik gestaak.

Op 'n vergadering van die Federale Raad van die Nasionale Party wat op 1 Desember 1939 in camera in Bloemfontein gehou is, het die Raad sy goedkeuring geheg aan die verslag van die afgevaardigdes wat die Nasionale Party by die onderhandelings met die Hertzoggroep verteenwoordig het.[53] Terwyl die Raad sy spyt te kenne gegee het dat ooreenstemming nie reeds op die Pretoria-konferensie bereik kon word nie, is besluit dat daar nog verdere pogings aangewend sal word om hereniging tot stand te bring.[54]

---

51. Die Transvaler, 1/12/1939. Die Transvaler, 2/12/1939. Hoofartikel.

52. Die Burger, 4/12/1939 soos aangehaal in G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe, p.406. Sien ook Die Transvaler, 4/12/1939.

53. Vergelyk voetnote 46.

54. Verslag van die Federale Raad van die Nasionale Party. Maart 1940. Aangehaal in M.P.A. Malan-versameling. P.V. 34. Sien ook Die Transvaler, 2/12/1939.

Intussen het 'n groot gedeelte van die Transvaalse Hertzoggroep ook die Republikeinse beginsel onderskryf. Reeds teen die einde van November het genl. J.C.G. Kemp bekend gemaak dat sy groep 'n kongres in Pretoria sal reël om 'n konstitusie en 'n program van aksie op te stel.[55] Hierdie verklaring het daarop gedui dat die Hertzoggroep in Transvaal 'n afsonderlike party gaan stig. Op 8 Desember het hierdie groep dan ook agter geslote deure in Pretoria onder voorsitterskap van genl. Kemp vergader. Op hierdie kongres is 'n nuwe party, die Volksparty met 'n eie konstitusie en program van beginsels gestig.[56] Genl. Hertzog was nie op hierdie kongres teenwoordig nie. Dié kongres het eenparig besluit om alle moontlike pogings aan te wend ten einde die eenwording van die twee partye te bewerkstellig. Volgens adv. Pirow is die nuwe party gestig juis met die vooropgesette doel om die eenwording van die ganse nasionale Afrikanerdom te bevorder, sodat daar met geslote geledere opgetree kan word teen die gemeenskaplike politieke vyand, naamlik die Britse imperialisme. Gevolglik het die kongres 'n baie sterk standpunt oor die republikeinse beginsel ingeneem. Genl. Kemp het in sy voorsittersrede verklaar: "Ek glo dat 'n republikeinse regeringsvorm, geheel en al afgeskei van die Britse Ryk, die enigste vorm is wat tevredenheid aan die Afrikaners gaan gee en ek gaan my daartoe beywer wat die teenstanders van 'n republiek ook al mag sê."[57] Dit was

---

55. Die Vaderland, 25/11/1939. Die Transvaler, 25/11/1939.

56. Die Volksblad, 8/12/1939. Die Transvaler, 9/12/1939.

57. Ibid.

dus duidelik dat die Hertzoggroep in Transvaal baie besig is met hul leier, genl. Hertzog oor die republikeinse vraagstuk verskil het en hul volkome met die Nasionaliste ten opsigte van die republikeinse ideaal vereenselwig het. Met uitsondering van genl. Hertzog en mnr. Havenga het feitlik al die leiers van die Hertzoggroep hulle sedert die oorlogsverklaring sterk ten gunste van die republikeinse doelstelling uitgelaat.

Die stigting van die Volksparty op republikeinse grondslag was dus 'n groot stap in die rigting van hereniging want die Nasionaliste was nie bereid om van hierdie doelstellinge af te sien nie. In sy slotrede het adv. Pirow gesê: "Wat die konstitusie betref, sal daar tussen dié van die Volksparty en dié van die Nasionale Party nie maklik verskille ontdek word nie."[58] Die Volksblad het onder andere geskryf dat daar ten opsigte van die republikeinse doelstelling daar in wese geen verskil tussen die Volksparty van Transvaal en die Nasionale Party is nie. "Albei partye staan op suiwer nasionale grondslag, albei stuur af op 'n onafhanklike republiek, afgeskei van die Britse Ryk en Kroon."[59]

Die vraag was of genl. Hertzog hierdie optrede van sy Transvaalse volgelinge sou goedkeur, veral omdat die konstitusie van die Volksparty op so 'n sterk republikeinse grondslag berus het. Volgens 'n persverklaring van adv. Pirow, wat in hoofsaak verantwoordelik was vir die opstel van dié party se konstitusie, het

---

58. Ibid.

59. Die Volksblad, 11/12/1939. Hoofartikel.

daar geen twyfel oor genl. Hertzog se houding teenoor die republikeinse beginsel bestaan nie. Volgens Pirow het genl. Hertzog die strewe na 'n republiek, soos vervat in die beginsels van die Volksparty goedgekeur, maar wil hy nie dat iemand gedwing moet word om republikeinse propaganda te maak nie. "Genl. Hertzog beweer dat 'n groot deel van die Afrikaans- sowel as Engelssprekende bevolking van die nuwe Party verdryf sal word indien hulle van lidmaatskap uitgesluit word omdat hulle nie oortuigde republikeine is nie."[60]

Die opvattings van sommige Nasionale Party leiers ten opsigte van 'n republiek het egter teen hierdie tyd so ontoegeeflik begin word dat dit op 'n grootskaalse botsing en finale skeuring met genl. Hertzog moes uitloop indien hy nie die republikeinse doelstelling sou aanvaar nie. Adv. J.G. Strijdom het by verskeie geleenthede gewaarsku dat hereniging slegs op 'n republikeinse grondslag gevind kan word. In sy Kersboodskap aan die Transvaalse Nasionaliste het hy gesê: "Ons wil 'n republiek hê. Ons wil dit ook reguit vra sonder enige dubbelsinnigheid van politieke formules wat op verskillende maniere uitgelê kan word. Eerlik en openlik - reg op ons doel af - 'n Blank Suid-Afrika, 'n republiek op Christelike Nasionale grondslag."[61] Op 'n vergadering te Morgenzon het hy herhaal: "As die leiers van die Nasionale Party egter sou instem om ter wille van eenheid die republikeinse grondslag te verwater, sal daar slegs 'n erger

---

60. Die Volksblad, 12/12/1939.

61. Die Transvaler, 20/12/1939.

skeuring en verdeeldheid kom as wat tans die geval is. As dit sou geskied, sou daar onmiddellik 'n nuwe republikeinse party in die lewe kom."[62] Omdat adv. Strijdom baie ongeduldiger was op die pad na 'n republiek, het daar soms meningsverskil tussen selfs die leiers van die Nasionale Party ontstaan.[63] Ook dr. N.J. van der Merwe het in sy Nuwejaarsboodskap gesê: "As hereniging met die Hertzoggroep misluk, sal dit slegs aan een feit toegeskryf kan word, naamlik genl. Hertzog se weiering om die Republikeinse ideaal aan te neem."[64]

Nogtans het dit gelyk asof die Nasionaliste en die Hertzogiete nader aan mekaar beweeg het en daar is selfs gespekuleer dat genl. Hertzog en mnr. Havenga tot die oortuiging gekom het dat hereniging slegs op 'n republikeinse grondslag moontlik was. Hierdie gedagte word ook bevestig deur 'n verklaring van genl. Hertzog se nuusblad, Die Vaderland, wat opgemerk het dat Hertzog die republikeinse ideaal onderskryf en goedkeur. "Al wat genl. Hertzog nie wil doen nie is dat hy nie sy party as 'n republikeinse party wil verbind tot die uitroep van 'n republiek wanneer hy aan die bewind mag kom nie." En dan verduidelik die blad verder: "Maar die wanneer en die hoe moet afhang van die breë volkswil en van 'n opdrag daartoe van die volk; nie van 'n blote parlementêre oorwinning met 'n paar setels wat net na 'n volgende verkiesing weer omvergegooi kan word nie."[65] Vir Die Vaderland

62. Die Volksblad, 9/1/1940. Sien ook Die Transvaler, 1/1/1940. Strijdom se toespraak op Vereniging.

63. P. Meiring., Ons Eerste Ses Premiers. p.81. By 'n vorige geleentheid is ook daarna verwys toe dr. Malan en adv. Strijdom in 1936 onderling veel verskil het oor die juiste formulering van die Republikeinse beginsel.

64. Die Transvaler, 1/1/1940. 4/1/1940. Hoofartikel.

65. Die Vaderland, 3/1/1940. Hoofartikel soos aangehaal in Die Burger, 10/1/1940. Hoofartikel.

kon die republikeinse doelstelling geen verdere struikelblok in die weg tot hereniging wees nie. Trouens in die Nasionale Party se program van beginsels was duidelik neergelê dat 'n republiek tot stand gebring kan word alleen ingevolge 'n spesiale en besliste opdrag van die volk en nie bloot as gevolg van 'n parlementêre meerderheid wat by 'n gewone algemene verkiesing verkry mag word nie.

By die aanvang van die Parlementsitting in Januarie 1940 is onderhandelinge tussen die twee groepe dadelik hervat en daar is veral probeer om 'n oplossing vir die republikeinse doelstelling te vind. Die besluite wat deur die Volksparty van Transvaal geneem is, het ongetwyfeld 'n groot rol by die besprekinge gespeel, want die Transvaalse Hertzoggroep het nou saam met die Nasionale Party in al vier die provinsies sterk standpunt ten gunste van 'n republiek ingeneem. Die Volksparty het ook by die aanvaarding van 'n naam van die nuwe party ongetwyfeld 'n belangrike rol gespeel, want die naam waarop besluit is, was die Herenigde Nasionale Party of Volksparty.[66] Die eindresultaat was die gepubliseerde Kaapstadse Parlementêre Ooreenkoms van 29 Januarie 1940 waarvan die inleiding soos volg gelees het: "Die hoofleiers, genl. Hertzog en dr. Malan, daarin gesteun deur hul respektiewe parlementêre koukusse, het ooreengekom om die volgende basis van ooreenkoms aan te beveel aan hul respektiewe partye wat langs

---

66. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party van Suid-Afrika. p.195. Sien ook Die Transvaler, 29/1/1940.

wettige weg finaal daaroor sal besluit, en om op grond daarvan alreeds dadelik met hul respektiewe volgelinge as 'n eenheids-party in die Parlement op te tree."[67] Die ooreenkoms het onder andere verder bepaal dat die lede van die twee groepe gesamentlik aan die verrigtinge van een parlementêre koukus sou deelneem en dat die nuwe party twee hoofswepe sou hê, naamlik mnre. Tom Naude en Paul Sauer, wat die onderskeie groepe sou bedien. Die republikeinse doelstelling is in die ooreenkoms soos volg geformuleer: "Die Party is daarvan oortuig dat die republikeinse staatsvorm, afgeskei van die Britse kroon hom die beste aanpas by die tradisies, omstandighede en aspirasies van die Suid-Afrikaanse en tewens die enigste effektiewe waarborg is dat Suid-Afrika nie weer in Groot Brittanje se oorloë ingesleep sal word nie."[68] Verder sal die Party hom beywer om alle ongerymdhede wat die bereiking van daardie volksvryheid belemmer, uit die weg te ruim. So 'n republiek sou egter slegs op grondslag van die breë volkswil en met die getroue inagneming van die gelyke taal- en kultuurregte van die twee seksies van die blanke bevolking tot stand gebring kan word en wel slegs ingevolge 'n spesiale en besliste opdrag daartoe van die stemgeregtigde blanke bevolking en nie bloot as gevolg van 'n parlementêre meerderheid wat by 'n gewone verkiesing verkry mag word nie.

Vir die Nasionaliste was dit 'n triomf dat genl. Hertzog en mnr.

---

67. Die Burger, 29/1/1940. Die Transvaler, 29/1/1940. Sien ook Die Burger, 29/1/1940. Hoofartikel.

68. Ibid.

Havenga op hierdie manier beweeg kon word om die republikeinse ideaal so te omskryf en daarom was dit vir die Nasionaliste aan die ander kant nodig om aan genl. Hertzog en mnr. Havenga toe te gee dat in die respektiewe provinsiale konstitusies van die Party die kwalifikasie om lidmaatskap, soos volg omskryf word: "Lidmaatskap van die Party sal nie ontsê of geweier word nie aan 'n Nasionaalgesinde Afrikaner wat gereed is om hom aan die partyverpligtings te onderwerp, maar wat nie oortuig is van die wenslikheid om onder bestaande omstandighede 'n republiek daar te stel nie."[69]

Die Kaapse Parlementêre Ooreenkoms het ook voorsiening gemaak vir die nodige maatreëls om die tydperk te oorbrug tot tyd en wyl die stigting van die nuwe party deur die verskillende provinsiale kongresse goedgekeur is en hereniging 'n voldonge feit is. Die Herenigde Nasionale Party of Volksparty het, soos die Nasionale Party, op 'n federale grondslag berus en "die ... Konstitusie van elke Provinsiale afdeling het by die Kongres van daardie afdeling berus." Die respektiewe kongresse van die twee groepe in elke provinsie sou "hul Hoofbesture magtig om as 'n gesamentlike Hoofbestuur vir daardie Provinsie op te tree totdat die betrokke Herenigde Partykongresse self hul Hoofbesture sal gekies het." Verder is bepaal "dat die Kongresse insgelyks deur ooreenkoms 'n Raad sal saamstel om as Federale Raad te ageer totdat die Federale Raad van die Herenigde Party kan fungeer,

---

69. Ibid. Sien ook voetnote 60.

en wel met opdrag om 'n Konsep Program van Beginsels en 'n Konsep Program van Aksie op te stel .... om aan die respektiewe Provinsiale Kongresse van die Verenigde Party voorgelê te word."[70] Dr. D.F. Malan maak in sy werk Afrikanervolkseenheid melding daarvan dat 'n verdere toegewing aan genl. Hertzog gemaak was, naamlik dat as hy van die voorgelegde Program van Beginsels mag verskil, hy dan as hoofleier die reg sou hê om daarteenoor sy eie formulering te stel.[71] Versterk deur hierdie ooreenkoms, wat die Afrikaner - Nasionaliste op 'n stewige grondslag geplaas het, was daar egter binne Nasionale geledere verdeeldheid oor die wyse waarop hereniging plaasgevind het. W.K. Hancock skryf die volgende hieroor: "The name was patchwork on a fifty-fifty basis; the statement of aim was a victory for Malan; the definition of means was a victory for Hertzog. Beneath the facade of unity, the basic conflicts of principle between Hertzog's followers and Malan's remain unresolved."[72] Dr. H.F. Verwoerd het byvoorbeeld duidelik sy misnoeë te kenne gegee oor die naam van die nuwe Party. Hy het in 'n hoofartikel opgemerk dat heel party Nasionaliste ongelukkig voel oor die voorgestelde naam, naamlik Herenigde Nasionale Party of Volksparty. "Hulle treur daaroor dat die naam wat 'n 25-jarige tradisie het en van so 'n enorme waarde is in die stryd teen imperialisme, nie sonder meer deur almal

70. Verslag van die Federale Raad van die Nasionale Party. Maart 1940. Sien ook G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.410.

71. D.F. Malan., Afrikanervolkseenheid en my ervarings op Pad daarheen. p.183.

72. W.K. Hancock., Smuts, The Fields of Force. p.336.

met geesdrif en blydskap aanvaar is nie. Die naam "Herenigde Nasionale Party" alleen sou ons insiens voldoen het aan die begeerte van die Hertzogvolgelinge dat die indruk nie geskep moet word dat hulle ingesluk of verneder word nie."[73] Andersyds was daar ook Nasionaliste, soos onder andere adv. J.G. Strijdom en adv. C.R. Swart, wat die beginsel gehandhaaf het dat persone wat nie oortuigde Republikeine was nie, uit die party geban moes word. Die kompromis wat dus in die ooreenkoms ingesluit is dat lidmaatskap aan nie-republikeinsgesindes nie ontsê sal word nie, het ten alle tye nie hul goedkeuring weggedra nie. Volgens 'n persverklaring van sen. C.J. van R. Smit in Die Vaderland was adv. Swart, wat nie die samesprekings in Kaapstad bygewoon het nie, erg ontevrede toe hy verneem het dat 'n herenigingsooreenkoms tussen dr. Malan en genl. Hertzog gesluit is. Adv. Swart, sou vervolgens, self gesê het dat hy hom nie met hereniging kan vereenselwig nie.[74]

Onenigheid en tweedrag, die Afrikanervolk se swakte, het nou weer 'n belangrike rol gespeel en sou uiteindelik die volkome hereniging van die Afrikanerdom noodlottig getref het. M. Roberts en A. Trollip skryf onder andere: "The Hereniging Agreement was, if not a victory for Hertzog, at least a defeat for Strijdom. The membership clause had still further strengthened the Two-Stream element in the compromise, and if the Hertzogites has

---

73. Die Transvaler, 31/1/1940. Hoofartikel.

74. Die Vaderland, 21/12/1940. Sien ook M. Roberts., A.E.G. Trollip., The South African Opposition. p.35.

advanced to an acceptance of a Republic as "the most suitable form" of government, they had even yet refused to accept explicity Republicanism as one of the formal principles of the new Party." Voortgaande verklaar hulle: "Strydom and Verwoerd were now placed in a difficult situation. It was not easy to disguise the fact that they had decidedly drawn the shorter straw. The best they could do was to pretend to be satisfied, to affect to have been convinced by arguments which they were conscious of having demolished."[75] Adv. Strijdom het vervolgens Die Transvaler gemagtig om te berig dat hy persoonlik bereid is om by die Nasionale Party van Transvaal aan te beveel dat eenwording onder dié ooreenkoms aangegaan word. Daarenteen het hy laat blyk dat daar punte was wat hy graag anders gestel of opgelos sou wil gehad het, maar die verskil tussen wat die Nasionalis sou begeer en wat verkry is, was nie so groot dat dit die verwerping van eenheid sou regverdig nie. "Die republikeinse doelstelling en strewe wat van so 'n eersterangse belang is vir die Afrikaner," het hy gesê, "is ondubbelsinnig uitgedruk en dus veilig beskerm."[76]

Die provinsiale kongresse van die Nasionale Party en die Hertzog-groep wat die parlementêre ooreenkoms en die stigting van die groter party, die Herenigde Nasionale Party of Volksparty, moes goedkeur, is in die eerste helfte van 1940 afgehandel.[77] Daarna sou die Hertzog- en Malanvolgelinge weer in elke provinsie in kongres saam

---

75. Ibid. p.35.

76. Die Transvaler, 30/1/1940. Hoofartikel. Die Transvaler, 25/3/1940.

77. Die Transvaler, 29/3/1940. 30/3/1940. Die Volksblad, 23/3/1940. 29/3/1940. 30/3/1940.

vergader om die nuwe herenigde party te konstitueer en sy program van beginsels goed te keur. In al die ander provinsies het die herenigingsplanne vlot verloop, maar in die Vrystaat was dit duidelik dat daar 'n sterk mate van onderlinge verdeeldheid geheers het. Tydens die Vrystaatse kongres van die Hertzoggroep wat op 23 Maart 1940 in Bloemfontein plaasgevind het, het genl. Hertzog die volgende beswaar aangeteken: "Daar word soms gepraat van die Afrikanerdom wat moet regeer en dan word deur sommiges daarmee bedoel dat dit net Afrikaanssprekendes moet wees. Dit was nog nooit die bedoeling nie. Ek het nog altyd gestaan vir die Afrikaner of hy van Hollandse- of Engelse afkoms is .... Dit moet dan ook een van die eerste beginsels vir hereniging wees dat elke Engelssprekende wat wil saamwerk met die Afrikanerdom vir die belange van Suid-Afrika welkom moet wees."[78] Hierdie verklaring van genl. Hertzog was 'n juiste teregwysing want binne die nuwe Party was daar elemente teenwoordig wat die eenheid van die Afrikanerdom as alleen vir Afrikaanssprekendes beskore beskou het.[79] Dit moes gevolglik op 'n botsing met genl. Hertzog uitloop, veral omdat hy op daardie tydstip, in die oë van baie, nog steeds vir die Engelssprekendes wat hom so in die steek gelaat het, in die bresse getree het.[80]

Na aanleiding van genl. Hertzog se verklaring oor die Engelssprekende en die republikeinse doelstelling, het dr. N.J. van der Merwe

---

78. Die Volksblad, 23/3/1940.

79. Vergelyk voetnote 21.

80. N.G.S. van der Walt., Die Republikeinse Strewe.... p.157.

met hom saamgestem dat dié bevolkingsgroep nie uit die nuwe Party geban moet word nie. Dit het egter nie gegeld vir die Engelssprekende wat so met die "Union Jack geblinddoek is dat hy nie die pad van vryheid en ware belang van Suid-Afrika kan raaksien nie."[81]

Die Afrikanerverset teen die deelname aan die oorlog het die republikeinse ideaal nou helderder as ooit te vore laat uitstaan. As ou man het genl. Hertzog ongetwyfeld nie die entoesiasme vir die republikeinse doelstelling en die verwesenliking van die ideaal met die jong Nasionaliste gedeel nie. Hy het eerder van die standpunt uitgegaan dat die samewerking en gelykberegtiging van die twee bevolkingsgroepe die belangrikste voorvereiste was vir die totstandkoming van 'n republiek, en voordat dit nie bereik was nie, kon 'n republiek nie uitgeroep word nie. Daarenteen was die sienswyse van die Nasionaliste dat die verwesenliking van die republikeinse ideaal juis die andersdenkendes sal oortuig dat dit in hul eie belang sou wees om dan saam te werk. L. Marquard merk hieroor op: "He was no longer, politically, at home in a party that had begun to think in terms of domination by the Afrikaners."[82]

Intussen is daar met die reëlings vir die amptelike stigting van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty voortgegaan. Teen die einde van die laaste sitting van die Parlement het die koukus van

---

81. Die Volksblad, 29/3/1940. Die Transvaler, 30/3/1940. Sy toespraak op die Nasionale Party Kongres in Bloemfontein.

82. L. Marquard., Peoples and Policies of South Africa. pp. 142-143.

die herenigde party 'n komitee bestaande uit twee persone van elke groep uit elke provinsie aangewys om 'n voorlopige program van beginsels op te stel. Hierdie ontwerpprogram sou dan later deur die voorlopige Federale Raad bestudeer word om daarna aan die herenigde party kongresse vir goedkeuring voorgelê te word. Die komitee het bestaan uit dr. D.F. Malan, A.J. Werth, adv. J.G. Strijdom, sen. P. le Roux van Niekerk, A. Nel, J.J. Serfontein en J.J. Haywood vir die Nasionale Party en sen. A.P.J. Fourie, P.J. du Plessis, O. Pirow, genl. J.C.G. Kemp, sen. A. Spies, J.H. Viljoen en genl. E.A. Conroy vir die Hertzoggroep.[83] Kort na die sluiting van die Parlementsitting het hierdie komitee in Pretoria vergader en 'n voorlopige program van beginsels en aksie vir die Herenigde Nasionale Party of Volksparty opgestel.

'n Voorlopige Federale Raad is benoem en dit het uit die volgende persone bestaan: Kaapland: dr. D.F. Malan, sen. A.P.J. Fourie, mnr. A.J. Werth, adv. F.C. Erasmus, mev. E. du Toit, mnr. P.J. du Plessis, mev. G. Malherbe, mnr. D.T. du P. Viljoen en mnr. F. Bekker; Transvaal: adv. O. Pirow, adv. J.G. Strijdom, mnr. P.G.W. Grobler, genl. J.C.G. Kemp, mev. S. Moerdyk, mev. K. Malherbe, mev. E.R.P. Vermeulen, ds. C.W.M. du Toit, dr. H.F. Verwoerd, mnr. B.J. Schoeman; Vrystaat: mnr. J.J. Serfontein, sen. M.J. Vermeulen, mev. E.S.

---

83. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party van Suid-Afrika. p.196. Sien ook F.D. du Toit., Amptelike Verklaring oor Gebeurde op Bloemfonteinse Kongres. Pamflet. p.2.

de Villiers en mev. M.H. van Rhyn; Natal: Prof. A.E. du Toit, mnre. A.T. Spies, Pienaar, Fourie en Van Rooyen. Genl. Hertzog se groep in die Vrystaat het om onverklaarbare redes geen verteenwoordigers benoem nie. Volgens die Hertzoggroep se amptelike notule van hul kongres wat op 23 Maart 1940 in Bloemfontein vergader het, is besluit dat hulle Hoofbestuur "gemagtig sal wees om ingeval van die instelling van 'n Federale Raad van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty 'n aantal verteenwoordigers te benoem wat gelyk sal staan aan die aantal verteenwoordigers deur die Nasionale Party in die O.V.S. of in enige provinsie daarop benoem."[84] M.P.A. Malan skryf dat hierdie weiering van die Hertzoggroep in die Vrystaat nog onverklaarbaarder is as gelet word op 'n versoek van mnr. N.L. van der Walt, sekretaris van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty in Transvaal, dat die hoofbesture van die Party en die ander drie provinsies saam met Transvaal moet vra dat die Federale Raad dadelik sal vergader om "'n ontwerp-program van beginsels en 'n ontwerp-program van aksie op te stel met inagneming van die Kaapstadse ooreenkoms om aan die respektiewe kongresse van die Herenigde Nasionale Party of Verenigde Party-kongresse voor te lê."[85] 'n Soortgelyke brief is aan mnr. J.J. Kok, sekretaris van die Hertzoggroep in die Vrystaat gestuur.[86]

---

84. Ibid., p.197. Sien ook N.J. van der Merwe-versameling. P.V. 110. Brief van dr. N.J. van der Merwe aan genl. J.B.M. Hertzog, 1 Mei 1940. (Afskrif).

85. Ibid.

86. F.D. du Toit., Amptelike verklaring oor Gebeurde op Bloemfonteinse Kongres. p.1.

'n Volgehoue briefwisseling tussen genl. Hertzog en dr. Malan is intussen oor die wyse van eenwording en die stigting van die nuwe party gevoer. Op 15 April het 'n ontmoeting tussen die leiers van die Nasionale Party en genl. Hertzog plaasgevind om oor die nuwe party te beraadslaag. Tydens hierdie samesprekinge het genl. Hertzog en dr. Malan tot die ontnugtering gekom dat hulle van mekaar radikaal verskil oor die aard van die nuwe party.

Genl. Hertzog het die skepping van 'n unitale party beoog, terwyl dr. Malan die totstandkoming van die party op 'n federale grondslag as vanselfsprekend beskou het. Dit was die basis waarop die Nasionale Party nog altyd georganiseerd was. Bowendien was daar tydens die "Parlementêre Ooreenkoms" geen sprake van iets anders as 'n federale konstitusie vir die nuwe party nie, en trouens die beginsel was reeds deur die provinsiale kongresse van die twee partye aanvaar toe hulle die "Parlementêre Ooreenkoms" goedgekeur het.[87] Na 'n baie lang geredekawel het genl. Hertzog uiteindelik toegestem dat die nuwe party op 'n federale grondslag georganiseer sal word en toe maar slegs omdat die Kaaplandse Nasionale Party die gevaar geloop het om die sogenaamde Beyers-legaat te verbeur indien die party op unitale basis georganiseer word. Hierdie Beyers-legaat was 'n bemaking deur adv. F.W. Beyers van een veertiende van die jaarlikse inkomste op sy nagelate boedel

---

87. D.F. Malan., Afrikanervolkseenheid..... p.204.

aan die Kaaplandse Nasionale Party op voorwaarde dat die Party sy identiteit behou.[88]

Dr. D.F. Malan is van oordeel dat die datum 15 April 1940 in die geskiedenis van die Nasionale Party sowel as in dié van genl. Hertzog beslissend was en wel hoofsaaklik as gevolg van die betekenis wat genl. Hertzog aan die samesprekinge van daardie dag gegee het - 'n betekenis buite alle verhouding tot die werklikheid. Genl. Hertzog sou naamlik later van die standpunt uitgaan dat daar op hierdie dag tot 'n plegtige nuwe ooreenkoms rakende die konstitusie van die nuwe party gekom is. Volgens hom was die oorspronklike bedoeling dat die nuwe party op 'n unitale grondslag sou berus, maar om Kaapland in verband met die Beyers-legaat tegemoet te kom, het hy en Malan daarvan afgestap en besluit om 'n federale grondslag vir die party te aanvaar.[89] Vir genl. Hertzog het dit veronderstel dat elke provinsiale afdeling van die Party nou die reg gehad het om onafhanklik van die ander sy eie program van beginsels op te stel. Daarom het genl. Hertzog vir homself nou die reg voorbehou om sy eie program van beginsels teenoor die van die Federale Raad op te stel en dit aan die Vrystaatse kongres vir goedkeuring en aanname voor te lê. So 'n prosedure was ondenkbaar en 'n botsing tussen hom en die Vrystaatse Nasionaliste kon nie uitbly nie.

In die korrespondensie wat nou tussen dr. N.J. van der Merwe,

---

88. Ibid., p.201. Sien ook M.P.A. Malan., Die Nasionale Party ... p.198. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.412.

89. Ibid., p.202. Vergelyk voetnote 87.

partyleier van die Nasionale Party in die Vrystaat, en genl. Hertzog gevolg het, het hul le botsende standpunte ingeneem. Dr. N.J. van der Merwe het konsekwent van die standpunt uitgegaan dat die program van beginsels deur die Federale Raad opgestel moet word, terwyl genl. Hertzog oortuig was dat die samesprekings van 15 April hom die reg gegee het om sy eie program van beginsels op te stel. Dr. N.J. van der Merwe het soos volg aan genl. Hertzog geskryf: "Volgens ek van u verstaan, ag u dit nie nodig om die tussentydse gesamentlike Federaleraad te laat bymekaar kom vir die finale formulering van die Program van Beginsels wat voor die verskillende Provinsiale-Kongresse sal gelê word en is u voornemens om die saak heeltemal in die hande van elke provinsie te laat sonder voorafgaande advies van die gemelde Federale Raad." Voortgaande verklaar dr. N.J. van der Merwe: "Ek vrees dat hierdie prosedure wat u voorstel baie groot moeilikhede gaan oplewer. Aan ons Kongres en ook aan die ander Kongresse van ons Party is daar voorgelê die prosedure soos ooreengekom deur u en Dr. Malan volgens die dokumente wat dr. Malan aan ons oorhandig het .... In daardie dokument staan daar "dat die Kongresse 'n raad sal saamstel om as Federaleraad te ageer totdat die Federaleraad van die Herenigde Party kan fungeer en wel met opdrag om 'n Konsepprogram van Beginsels en 'n Konsepprogram van Aksie op te stel om aan die respektiewe Provinsiale -Kongresse van die Herenigde Party voorgelê te word."
Op grond hiervan het ons Kongres opdrag gegee aan onse lede van die Federaleraad om met inagneming van die Program van Beginsels van die Volksparty as basis en die Program van Aksie van die

Nasionale Party as basis aan hierdie plan uitvoering te gee. Die eengeworde Kongres sal dan bymekaar geroep word sodra hierdie gemeenskaplike programme as grondslag vir die vier gefedereerde Partye geformuleer is." Vervolgens het dr. Van der Merwe dit duidelik gestel dat hy nie kans sien om saam te werk nie, indien daar van die prosedure soos hierbo uiteengesit, afgewyk word. Ten slotte het hy aanbeveel: "dat u Dr. Malan en 'n paar vriende van weerskante ontmoet om te kyk of ons nie 'n oplossing kan vind nie anders lyk dit of ons voor 'n dooie punt te staan kom."[90]

In sy antwoord op die skrywe van dr. Van der Merwe het genl. Hertzog dit onomwonde gestel: "ek (kan) onmoglik daarin toestem dat die finale formulering van die Program van Beginsels vir die Vrystaat - wat ook al die ander Provinsies mag doen - geformuleer sal word deur 'n liggaam wat in geen verband hoegenaam sal staan, of kom te staan met die Vrystaat nie." Verder verklaar hy: "Ons staan dus vandag, as gevolg van die ooreenkoms van 15 April, waarby die federale basis in plaas van die unitale basis wat vroeër gekontempleer was, aangeneem is vir die nuwe Herenigde Nasionale Party of Volksparty, op 'n grondslag gevestig wat geen inmenging van buite gedoog nie, en waar enige inmenging van buite ook totaal futiel moes wees, omrede dat die Kongres van die Provinsie oppermagtig is en enige inmenging kan verydel. Dit spyt my dus seer dat ek u nie in u moeilikheid

---

90. N.J. van der Merwe-versameling. P.V. 110. Brief van dr. N.J. van der Merwe aan genl. J.B.M. Hertzog. 26 April 1940. (Afskrif).

tot hulp kan kom soos deur u versoek nie. U Kongres het 'n besluit geneem waaraan onder die gewysigde omstandighede voortspruitende uit die ooreenkoms van 15 April nie voldoen kan word nie." Genl. Hertzog was onverbiddelik: ".... dit mag nie van my verlang word dat ek die volk van die Vrystaat sal aanraai om iets te doen nie, of dat ek tot iets sal toestem, waardeur die onafhanklikheid en gesag van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty van die Vrystaat gaan prys gegee word nie. Deur afstand te doen van die uniale beleid terwille van die legaat aan die Nasionale Party het ek en my party baie vergegaan."[91]

As gevolg van genl. Hertzog se houding was dit duidelik dat die herenigingspogings in die Vrystaat op 'n onvermydelike ramp afgestuur het, want die Vrystaatse Nasionaliste het tot hereniging toegestem op voorwaarde dat die Federale Raad die program van beginsels moes opstel. Indien genl. Hertzog hierdie liggaam nie wou erken nie, en die reg eis om self die program van beginsels op te stel, kon 'n botsing nie uitbly nie.[92] Alle verdere pogings, onderhoude en briefwisselinge kon die diepgaande meningsverskille tussen genl. Hertzog en dr. Van der Merwe aangaande die prosedure wat vir die eenwording gevolg moes word, nie oplos nie.[93] Elkeen van die bogenoemde persone het onwrikbaar sy standpunt gehandhaaf: Dr. N.J. van der Merwe dat die samesprekings van

---

91. Ibid. Brief van genl. J.B.M. Hertzog aan dr. N.J. van der Merwe. 29 April 1940.

92. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.415.

93. N.J. van der Merwe-versameling. P.V.110. Van der Merwe aan Hertzog. 1 Mei 1940. Hertzog aan Van der Merwe. 6 Mei 1940. Van der Merwe aan Hertzog. 9 Mei 1940.

15 April nie die karakter van die nuwe party verander het nie, inteendeel dat reeds in die parlementêre ooreenkoms bepaal is dat die nuwe party 'n federale party sou wees en dat die program van beginsels deur die Federale Raad opgestel sou word. Genl. Hertzog aan die ander kant was oortuig dat die samesprekings van 15 April van die nuwe party 'n federale party gemaak het en dat hy derhalwe die reg gehad het om die program van beginsels vir die Vrystaat alleen op te stel. Oor hierdie kardinale vraag, naamlik wie die reg sou hê om die program vir die Vrystaat op te stel - die Federale Raad of genl. Hertzog self - het die groot meningsverskil ontstaan.[94]

Nog 'n uiterste poging is aangewend om te probeer verhoed dat die herenigingsideaal in die Vrystaat skipbreuk ly. Op 25 Junie 1940 is 'n gesamentlike vergadering van die Vrystaatse Hoofbesture van die Hertzoggroep en die Nasionale Party in Bloemfontein gehou.[95] Die teenstrydige standpunte van genl. Hertzog en dr. N.J. van der Merwe oor wie die program van beginsels vir die Vrystaatse Party sou opstel, het die vergadering op 'n dooie punt laat uitloop. Met die hoop om tot 'n oplossing tussen die twee groepe te raak, het die vergadering die volgende besluit geneem: "Dat 'n komitee van vyf lede van elke party benoem word om die Program van Beginsels vir die Herenigde Nasionale Party of Volksparty in die Oranje Vrystaat, te bespreek en aanbevelings daarom-

---

94. G.D. Scholtz., Dr. N.J. van der Merwe. p.420.

95. Notule van 'n Gesamentlike vergadering van die Hoofbesture van die Hertzoggroep en die Nasionale Party 25 Junie 1940.

trent te doen ter voorlegging aan die kongres, en ook die Ontwerp-konstitusie en Statute soos opgestel deur die daartoe benoemde komitee, na te sien en waar nodig, verbeterings aan te bring.[96] Die "Komitee van Tien" moes verslag doen aan die hoofleier, genl. Hertzog en aan dr. Van der Merwe, en 'n datum bepaal waarop die Vrystaatse Stigtingskongres van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty sou plaasvind.

Op hierdie vergadering het die republikeinse doelstelling ook ter sprake gekom. In antwoord op 'n vraag hieroor deur adv. C.R. Swart het genl. Hertzog uitdruklik gesê dat hy hom nie daartoe sal leen om 'n republiek onder die huidige omstandighede te bepleit nie en alleen 'n gek kon daaraan dink.[97]

Verhoudinge was nou hoogsgespanne en skaars 'n maand na hierdie vergadering het dit tot 'n openlike breuk gekom. Die Afrikaner-proteste teen die voortgesette oorlogsbeleid van genl. Smuts het algaandeweg in krag toegeneem. Adv. J.G. Strijdom het die algemene gevoel van 'n groot deel van die Afrikaanssprekende bevolkingsgroep juis omskryf toe hy uitgeroep het: "Die wagwoord van die Afrikanervolk moet in hierdie dae wees: Weg met genl. Smuts, weg met die Britse imperialisme om plek te maak vir die Republiek van Suid-Afrika."[98] D.W. Kruger skryf hieroor: "They were bent on establishing a purely Afrikaner Republic, excluding British

---

96. Ibid. Sien ook F.S. du Toit., Amptelike verklaring oor Gebeurde op Bloemfonteinse Kongres. p.1.

97. Ibid. Die Vaderland, 21/12/1940. Persverklaring van sen. C.J. van R. Smit.

98. Die Transvaler, 29/6/1940.

and Jews and based on a German victory ... Without becoming Nazis a large section of Afrikanerdom had begun to pin their hopes for a Republic on the event of a German victory."[99] Die gedagte het by 'n aantal leierspersoonlikhede van die Vrystaatse Nasionale Party ontstaan om 'n groot republikeinse monstervergadering byeen te roep, waar die anti-oorloggesinde volksdeel hul wens vir 'n republiek kon lug. Op 10 Julie 1940 het dr. N.J. van der Merwe in 'n persverklaring alle republikeinsgesindes opgeroep tot so 'n monstervergadering wat op 20 Julie in Bloemfontein sou plaasvind. Hy het verklaar: "Die tyd het aangebreek dat die volk van Suid-Afrika hom moet klaarmaak om die stigting van 'n vrye republiek vir Suid-Afrika, afgeskei van die Britse Kroon en Ryk te eis. Die doel van hierdie vergadering is om die noodsaaklikheid van die stigting van 'n republiek te beklemtoon en om stappe te doen ten einde langs konstitusionele weg daadwerklik op te tree vir die verwesenliking van hierdie groot ideaal."[100] In hierdie oproep is dr. N.J. van der Merwe heelhartig ondersteun deur 'n sogenaamde "Komitee van Aksie," bestaande uit adv. C.R. Swart, mnr. Jim Fouché en mnr. D.C. de Wet Krige.[101] In 'n onderhoud met Die Transvaler het adv. C.R. Swart verklaar dat 'n afvaardiging van 'n vyftiental vooraanstaande Afrikaners uit die vier provinsies hom genader het om 'n republikeinse monstervergadering te belê en

---

99. D.W. Kruger., The Age of the Generals. pp. 198, 203.

100. Die Volksblad, 10/7/1940. Die Transvaler, 11/7/1940.

101. Die Transvaler, 16/7/1940. Sien ook N.L. van der Walt., Hoe Hereniging getorpedeer en Genl. Hertzog uitgeskinder is. Onthullings omtrent Leuenagtige Vrymesselaarsbriewe. Pamflet. p.2.

aldus die algemene gevoel van die partylede aan die amptelike leiers van die Party oor te dra.[102]

Namens die "Komitee van Aksie" het adv. Swart in 'n persverklaring Die Volksblad meegedeel dat die doel van dié vergadering is om die Vrystaatse Afrikanerdom die geleentheid te gee om sy stem op besliste en ondubbelsinnige wyse te laat hoor. "Talle van ons voormanne verkondig voortdurend die republikeinse strewe vanaf die openbare verhoog. Hierdie betoging en die besluite wat daar geneem sal word, wil hulle hande sterk ...." Verder het hy gesê: "Op allerduidelikste wyse word hier beklemtoon dat dit geen nuwe beweging is nie, dat daar geensins die bedoeling bestaan om die erkende republikeinsgesinde leiers verby te gaan nie .... Inteendeel wil die volk deur sy erkende politieke organisasie sy doel bereik. Dit is ook die vooropgestelde bedoeling om die besluite van die betoging aan die erkende leiers as die uitgesproke standpunt en verlange van die volk oor te dra om die leiers krag te gee om verder voort te gaan."[103] Deur hierdie optrede van die Vrystaatse Nasionaliste het die gevaar van 'n grootskaalse botsing binne die geledere van die Herenigde Nasionale Party wesenlik geword. Dit was 'n openlike uitdaging vir genl. Hertzog se leierskap en vir sy houding teenoor die republikeinse beginsel. Hy het dan ook die byeenkoms as "uiters ongewens en onverstandig beskou ... en ek weier om enige deel daaraan te hê."[104]

---

102. Die Transvaler, 16/7/1940. Sien ook Hoofartikel.

103. Die Volksblad, 17/7/1940.

104. Die Vaderland, 16/7/1940. Die Transvaler, 16/7/1940.

Die Nasionale nuusblaaie het dit betreur dat genl. Hertzog dit nodig geag het om die republikeinse monstervergadering in sulke sterk taal te repudieer.[105] Adv. J.G. Strijdom het op 'n vergadering te Springs duidelik te kenne gegee dat hy en die Transvaalse Nasionaliste hulle nie by hierdie Vrystaatse aangeleentheid wil inlaat nie. Wat die Transvaalse Nasionaliste betref, sal daar egter by elke vergadering die republikeinse strewe op die voorgrond gestel word, want dit is die allesoorheersende ideaal. "Dit is nie nou tyd om te swyg nie en as iemand nie met sy hele hart en siel ten gunste van 'n republiek is nie, is daar geen plek vir hom in die Herenigde Nasionale Party nie."[106] Hierdie woorde van adv. Strijdom was ongetwyfeld op die persoon van genl. Hertzog gemik.

Die optrede van die Vrystaatse Nasionale leiers was nie onberispelik nie. Hulle het inderdaad genl. Hertzog as hoofleier van die Party, nie slegs verbygegaan nie, maar die doel waarmee hierdie vergadering belê is, was in stryd met die "Parlementêre Ooreenkoms."[107] Daarvolgens sou so 'n republiek egter slegs op grondslag van die breë volkswil en met die getroue inagneming van die gelyke taal- en kultuurregte van die twee seksies van die blanke bevolking tot stand gebring kan word en wel slegs ingevolge 'n spesiale en besliste opdrag daartoe van die stemgeregtigde blanke bevolking. 'n Magtige skare van ongeveer 70 000 republikeinsgesinde

---

105. Die Volksblad, 17/7/1940. Hoofartikel.

106. Die Transvaler, 17/7/1940. Die Volksblad, 18/7/1940.

107. N.G.S. van der Walt., Die Republikeinse Strewe.... p.158.

Afrikaners het op 20 Julie by die Nasionale Vrouemonument vergader om ten gunste van 'n republiek te betoog. Die vergadering is onder voorsitterskap van mnr. J. Fouché gehou en is onder meer deur dr.N.J. van der Merwe en adv. C.R. Swart toegespreek. In sy toespraak het dr. N.J. van der Merwe verklaar: "As ons dit eerlik meen met ons republikeinse strewe, dan moet ons bereid wees om rekenskap te gee van die geloof wat in ons is. Ons moet aan die wêreld toon wat ons bedoel met 'n republiek en ons moet bewys lewer dat ons bereid is om die volle verantwoordelikheid van 'n onafhanklike republiek van Suid-Afrika te aanvaar. Hy (genl. Hertzog) kan my dit ook nie misgun as ek hier openlik aan die wêreld verklaar dat ek die tyd ryp, ja meer as ryp, ag vir daadwerklike toepassing van ons konstitusionele reg om 'n republiek uit te roep en af te skei van die Britse kroon en ryk ... Daar word beweer dat ons, deur die stigting van 'n republiek .... nie voldoende rekening hou met die gevoelens van Engelssprekendes wat hulle vandag vir die behoud van Engeland en die Britse Ryk opoffer nie ... My antwoord is in die eerste plek dat ek my te bekommer het oor die heil en welvaart van Suid-Afrika en nie oor die gevoelens van mense wat meer maak van die Empire en Engeland as van Suid-Afrika. Waarom moet die gevoelens van die meerderheid van die volk geweld aangedoen word terwille van die minderheid, wat bestaan uit die onnasionale en on-Suid-Afrikaanse elemente .... As ons om partypolitieke redes moet swig vir die gevoelens van die imperialis en die jingo, dan sal Suid-Afrika nooit weet wat waaragtige vryheid is nie." Voortgaande het dr. Van der Merwe gesê: "Daar (is) onmiskenbare aanduidings dat

Brits-Joodse invloede alweer besig is wat besef dat Suid-Afrika sy heil sal moet soek in 'n republiek as Engeland die onderspit delf in hierdie oorlog. Hul plan is kortweg dit: genl. Smuts moet, as die oomblik aanbreek, die republiek uitroep. Dit moet ook Rhodesië en moontlik ander Britse State in Afrika insluit. Op hierdie wyse hoop hulle om die Afrikaner onder te hou. Hulle is reeds besig .... om elders die drade te trek en hulle reken dat hulle op die steun van genl. Hertzog en mnr. Havenga vir hierdie plan sal kan reken."[108]

Hierdie verklaring van dr. N.J. van der Merwe het ongetwyfeld die volksvertroue in genl. Hertzog geskok. Dit was sterk taal en die duidelike insinuasie dat genl. Hertzog en mnr. Havenga by 'n saak betrokke was wat die Afrikaner se republikeinse doelstelling wou doodsmoor deur die stigting van 'n Britse republiek in Suid-Afrika, het verhoudinge verder laat versleg.

Adv. C.R. Swart het die volgende voorstel ingedien wat eenparig deur die vergadering aanvaar is: "(1) Dat die tyd nou aangebreek het vir die omskepping van die Unie van Suid-Afrika tot 'n vrye Republiek, afgeskei van die Britse Kroon en Ryk; (2) dat dit 'n Republiek sal wees wat ten volle ooreenstem met en aanpas by die godsdiens, geskiedenis en tradisies van die Boerevolk...(3) derhalwe word hierby so sterk moontlik by die hoofleiers en bestuursliggame van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty aangedring om onmiddellik op die allerduidelikste en mees ondubbelsinnigste

---

108. Die Volksblad, 20/7/1940. Die Transvaler, 22/7/1940.

wyse wêreldkundig te verklaar dat ... die volk 'n Republiek ... eis."[109] Onder meer is ook besluit dat 'n "Komitee van Aksie" benoem sal word om uitvoering aan bogenoemde besluite te gee en om as 'n afvaardiging na die amptelike leiers te gaan om die besluite van die byeenkoms aan hulle oor te dra.

Die groot betekenis van hierdie Republikeinse Volksbetoging was dat dit die volk weer opnuut bewus gemaak het van die republikeinse ideaal. Hoewel daar spoedig daarna 'n geweldige skeuring in die geledere van die Afrikaner gekom het, was die republikeinse ideaal die enigste gemeenskaplike faktor wat die Afrikanerdom as volksorganisasie nog gebind het.

Deur hierdie byeenkoms is die republikeinse staatsvorm nie slegs as die allesoorkoepelende ideaal gestel nie, maar ook die inhoud en karakter daarvan is baie duidelik omskrywe. Volgens die eenparige besluit sou dit " 'n Boere-republiek" wees en gelyke politieke regte aan die Engelssprekende bevolkingsgroep kon gevolglik nie daarmee gerym word nie. Hierdie besluit het dus regstreeks gebots met die opvattinge van genl. Hertzog wat gelyke regte in alle opsigte aan die Engelstaliges as 'n <u>sine qua non</u> beskou het en word die vorming van 'n suiwer Afrikanerblok ten sterkste afgekeer het. Die beeld van " 'n Boererepubliek" is soos volg deur dr. H.F. Verwoerd geskets: "Dié Republiek sal op politieke gebied daardie staatsinstellings wat uit die aard en wese van die Afrikanerdom gegroei het, oorheers. Dit sal 'n republiek wees

---

109. <u>Ibid</u>.

wat gebou is op die ideale en opvattings van manne soos Piet Retief, Paul Kruger en Marthinus Steyn wat geglo het dat die Voorsienigheid vir die Afrikanervolk 'n spesiale taak as 'n vrye en onafhanklike volk het." Hy skryf verder, naamlik "Die gees van mense wat te bang is om oor 'n republiek te praat, sal in hierdie republiek ook geen ingang vind nie."[110]

Die verdeeldheid binne die geledere van die Hertzoggroep en die Nasionaliste in die Vrystaat het onmiddellik na die republikeinse volksbetoging verder versleg toe die sogenaamde Vrymesselaarsbriewe in 'n kissie ontdek is en die inhoud daarvan landswyd bekend gemaak is.[111]

Die republikeinse volksbetoging in Bloemfontein op 20 Julie met die doel om aktiewe en onmiddellike konstitusionele maatreëls te tref vir die verwesenliking van die republikeinse ideaal, het ook dr. Malan diep verontrus. Op 'n vergadering te Worcester het hy baie beslis teen rebellie en geweld gewaarsku. Die benoeming van die Aksiekomitee het ook nie sy goedkeuring weggedra nie. Die Republiek moet langs konstitusionele weg verwesenlik word, het hy beklemtoon. "As ons 'n republiek verkry het, sal ons nie die taal en regte van die Engelssprekendes vertrap nie. Ons sal hulle die dae gun wat die Afrikaanssprekendes in die verlede nie gegun was nie." Hy het vervolgens gewaarsku dat as daar besluit word om stappe te neem om 'n Republiek tot stand te bring, daar

---

110. Die Transvaler, 23/7/1940. Hoofartikel.

111. Die Vrymesselaarsbriewe as 'n faktor wat die herenigingspogings laat misluk het, word later bespreek.

moet dit in oorleg met die partyleiers en bestuursliggame gedoen word. "As die partyleiers nie in die eerste instansie daartoe meewerk nie, kry jy verdeelde leiding en dis noodlottig."[112] Op vergaderings wat hierna gevolg het, is die republikeinse strewe en doelstellings sterker as ooit tevore beklemtoon. Hiertoe het die republikeinse monstervergadering ongetwyfeld veel bygedra. Op 'n vergadering te Wolmaranstad het adv. E. Louw, genl. J.C.G. Kemp en mnr. J.J. Serfontein gesê dat die "Afrikanderdom moeg en sat (is) van huigelary en geveinsdheid." Volgens dié sprekers moes daadwerklik georganiseer word om "ons republikeinse ideaal te verwesenlik" en "die Britse konneksie moet vir eens en vir altyd verbreek word."[113] Op 'n daaropvolgende vergadering te Braamfontein het adv. Louw en mnr. Ben J. Schoeman gesê: "Die republikeinse doelstelling wat in die parlementêre ooreenkoms tussen die Hertzoggroep en die Nasionale Party vervat is, moet nie net 'n papier-ideaal wees nie. Daardie beginsels moet duidelik en onomwonde gestel word. Vir 'n man wat geen oortuigde republikein is nie, is daar geen plek binne die Herenigde Nasionale Party nie."[114] Op Heidelberg het adv. O. Pirow gesê: "Die koms van 'n republiek is so onherroeplik en onmiddellik dat dit self nie eens nodig is om vergaderings daarvoor te hou nie. Ek verstout my om te sê dat dit die sienswyse is van elke leier en elke partylid van die party."[115] Ooreenkomstig het dr. Malan op Citrusdal gesê: "Die enigste moontlike weg uit die moeilikheid waarin

---

112. Die Transvaler, 26/7/1940. Die Transvaler, 27/7/1940. Hoofartikel.
113. Die Transvaler, 29/7/1940.
114. Die Transvaler, 2/8/1940.
115. Die Transvaler, 17/8/1940.

genl. Smuts, Suid-Afrika gedompel het, lê in 'n Republiek. Die Britse konneksie is vir ons 'n positiewe gevaar en hoe gouer ons 'n republiek kry, hoe beter sal dit vir ons wees. Die grootste struikelblok is egter genl. Smuts - en ons eerste taak sal wees om van hom ontslae te raak."[116]

Die uitslag van die onderhandelinge wat die afvaardiging uit die republikeinse volksbetoging met die hoofleiers van die Herenigde Nasionale Party gevoer het, het adv. C.R. Swart in 'n persverklaring weergegee. In die uitvoering van sy opdrag, het die Aksiekomitee genl. Hertzog heel eerste genader, maar hy het geweier om die afvaardiging te ontmoet.[117] Aldus het genl. Hertzog hom finaal van die Afrikaner se republikeinse ideaal gedistansieer. Dr. Malan het die afvaardiging op 7 Augustus in Kaapstad ontmoet. Hy het hom met die uiting en beklemtoning van die republikeinse gevoel en strewe vereenselwig en sy goedkeuring daaraan geheg dat oorweging aan stappe ter verwesenliking daarvan op die regte en beste wyse geskenk word. Met betrekking tot die partyleiding het dr. Malan egter gewaarsku teen die gevaarlike neiging om leiers en volk sodanig van mekaar te onderskei en selfs sodanig teenoor mekaar te stel dat druk in die een of ander rigting op die leiers uitgeoefen moet word hetsy van binne die party of selfs van buitekant af.[118] Daarom het hy voorgestel dat daar 'n "leierskap-inrade" moet wees, met ander woorde, die partyleiding moet nie in die hande van een of twee persone setel nie, maar moet berus by

---

116. Die Volksblad, 5/8/1940. Die Volksblad, 6/8/1940. Hoofartikel.
117. Die Volksblad, 10/8/1940. Die Burger, 12/8/1940. Die Transvaler, 12/8/1940.
118. Ibid.

'n komitee wat uit die leiers van die verskillende provinsies bestaan. Spesiale voorsiening vir die verskaffing van sodanige leiding het volgens sy mening nou dringend noodsaaklik geword. Dié komitee moet die beste gebruik kan maak van nasionale kragte buitekant die party-grense en in die algemeen namens die party moet kan handel en optree.[119] M. Roberts en A.E.G. Trollip skryf soos volg hieroor: "This, one may remark, is probably the only occasion in the history of political parties upon which it has been argued that the leadership of a single person makes for confusion, while that of a committee makes for simplicity. But whatever the practical merits or demerits of the suggestion, it should hardly have come from Malan as long as he still nominally owned to Hertzog as his chief."[120] Volgens bogenoemde skrywers was dit veral op die aandrang van adv. J.G. Strijdom en dr. H.F. Verwoerd dat dr. Malan aan die hand gedoen het dat die leierskap van die Party in die hande van 'n "leierskap-in-rade" geplaas moet word.[121] Die Transvaler het die optrede van genl. Hertzog, naamlik sy weiering om die Aksiekomitee van die republikeinse monstervergadering te spreek, ten sterkste afgekeur. "Dis 'n tydperk van die hoogste krisis vir ons volk. Binne 'n maand, enkele maande, kan 'n oomblik van handeling vir die verkryging van 'n republiek op konstitusionele wyse voorkom soos in miskien geen honderd jaar weer

---

119. Ibid. Die Volksblad, 15/8/1940. 26/9/1940. Hoofartikels. Die Transvaler, 15/8/1940. Hoofartikel.

120. M. Roberts., A.E.G. Trollip., The South African Opposition. p.45.

121. Ibid., p.44.

nie. Hoe op aarde kan 'n hoofleier in sulke omstandighede weens kleinlike oorwegings weier om 'n afvaardiging van tienduisende getroue partylede te ontvang en met hulle sake te bespreek of geskille uit die weg te ruim? Dis mos 'n kans vir 'n leier om eensgesindheid te probeer bewerkstellig vir die krisis. Die bot weiering het 'n diep skok in die land veroorsaak."[122]

In 'n poging om verdere verdeeldheid binne hul eie geledere te bekamp, het die koukus van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty voor die verdaging van die Parlementsitting in September besluit, "dat omtrent alle kwessies waaroor daar in die verlede verskil van mening bestaan het tussen die twee groepe wat tans die party vorm, individuele lede van die koukus die reg sal hê om hul sienswyse daaromtrent te bly behou, maar nie geregtig sal wees om sulke sienswyse in die openbaar te verkondig as die sienswyse of beleid van die party nie, tot tyd en wyl dat die kongresse van die party 'n geleentheid gehad het om hierdie vraagstukke behoorlik te oorweeg en tot 'n definitiewe beleid daaroor besluit het."[123]

Die voorlopige Federale Raad van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty, het op 15 en 16 Oktober in Pretoria onder voorsitterskap van dr. Malan vergader. Dit het bestaan uit verteenwoordigers van albei groepe uit al die provinsies, met uitsondering van die verteenwoordigers van die Hertzoggroep van die Vrystaat alhoewel laasgenoemde volle reg van sitting gehad het.[124] Soos

---

122. Die Transvaler, 15/8/1940. Hoofartikel.
123. Die Volksblad, 9/9/1940.
124. F.D. du Toit., Amptelike Verklaring oor Gebeurde op Bloemfonteinse Kongres. Pamflet. p.2.

deur die kongresse van Maart 1940 gelas, het hierdie Raad die ontwerpprogram van beginsels en aksie opgestel ter voorlegging aan die hereniging-kongresse wat in die verskillende provinsies sou plaasvind.[125] Die Federale Raad se program het op 28 Oktober in die pers verskyn.[126]

Die opstel van 'n program van beginsels, was inderdaad een van die belangrikste, maar ook een van die neteligste take wat die hernuwingsooreenkoms van 15 April op die partyleiding gelê het. Hiervolgens het die Herenigde Nasionale Party op 'n federale grondslag berus. Intussen het genl. Hertzog nou ooreenkomstig sy opvatting van die sogenaamde hernuwingsooreenkoms ook 'n konsep-program opgestel.[127] 'n Konsep-program van beginsels wat deur genl. Hertzog self opgestel is vir die Herenigde Nasionale Party of Volksparty van die Vrystaat en wat deur hom aan die stigtingskongres van die Party voorgelê sou word, het op 21 Oktober in die pers verskyn.[128] Die "Komitee van Tien" wat saamgestel is met die byeenkoms van die Hoofbesture van die twee Vrystaatse groepe op 25 Junie 1940, het gevolglik op 23 Oktober ver-

---

125. Ibid. Sien ook M.P.A. Malan., Die Nasionale Party..... p.198. M. Roberts., A.E.G. Trollip., The South African Opposition. p.46.

126. Die Burger, 28/10/1940. Die Transvaler, 28/10/1940. Die Volksblad, 28/10/1940. Sien ook Die Transvaler, 28/10/1940. Hoofartikel. Die Volksblad, 29/10/1940. Hoofartikel.

127. Raadpleeg voetnote 90, 91, 92 en 93.

128. Die Burger, 21/10/1940. Sien ook O.V.S. Nasionale Party-versameling. P.V. 21: Ontwerp Program van Beginsels van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty van die Oranje Vrystaat, soos opgestel deur genl. J.B.M. Hertzog.

gader om die program van beginsels vir die Vrystaatse Kongres te bespreek. Na beraadslaging is die volgende voorstel aangeneem: "Hierdie vergadering besluit, dat verteenwoordigers van die Hertzoggroep afgevaardig word namens hierdie vergadering na genl. Hertzog, ten einde aan hom die posisie te verduidelik en van hom te verneem, of dit nie moontlik vir hom is om in te stem dat die Federale Raad se program van beginsels en van aksie met eenparige ondersteuning voor die kongres sal gelê word."[129] Die onderhandelinge wat hierna met die hoofbestuur van die Hertzoggroep plaasgevind het, het op 'n dooie punt uitgeloop. Op 5 November het mnr. J.C. Buys van die Hertzoggroep die Nasionale Party in kennis gestel dat die hoofbestuur besluit het om generaal Hertzog se program van beginsels te aanvaar as die basis, omdat dit die enigste program is waarvan die hoofbestuur amptelik kennis dra.[130]

Die Federale Raad se program van beginsels sou vervolgens ook aan die vier Stigtingskongresse van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty vir goedkeuring voorgelê word. Dit was 'n veel meer omvattende dokument as dié van genl. Hertzog se konsep-program van beginsels en het op sekere punte daarmee verskil. Dié verskille was op hierdie tydstip nie van die allergrootste belang nie, maar wel belangrik was die feit dat die Federale Raad vasbeslote was om sy program van beginsels teenoor die van genl. Hertzog op die Vrystaatse kongres te stel.

---

129. F.D. du Toit., Amptelike Verklaring ..... p.2. Sien ook M.P.A. Malan., Die Nasionale Party. p.199.

130. Ibid.

Voordat die Vrystaatse kongres sou plaasvind, het die stigtingskongres van die Kaaplandse Herenigde Nasionale Party of Volksparty op Cradock die Federale Raad se Program van Beginsels eenparig aanvaar. In sy toespraak het dr. Malan verklaar: "Ek het met die vorming van groepe binne ons party geen geduld nie. Ek hoop dat daar met die aanname van hierdie program 'n einde, en finaal 'n einde, sal kom aan die bestaan van aparte seksies in die party."[131] Die republikeinse strewe het dr. Malan nog nooit so kragtig geformuleer as juis nou nie. By verwysing na die ontwerpprogram van aksie, het hy verklaar dat deur hierdie program te aanvaar, die Herenigde Nasionale Party vir goed te kenne gee dat hy vasbeslote is om 'n republiek in die lewe te roep. "In ons program gaan ons reeds ver in die rigting van die invoering van 'n nuwe orde .... Eers moet die republiek verkry word en die republikeinse regering sal 'n tydlank volmag moet kry om die republiek te vestig. Die Afrikanderdom sal hom verwelkom, maar 'n groot deel sal hom alleen onder dwang aanneem."[132] M. Roberts en A.E.G. Trollip merk tereg op: "Die breë grondslag van die volkswil was thrown overboard for good, and the doctrine of the snap majority, the coup d'état, and the groep-diktatuur was frankly embraced in public. Or, to put it more abstractly, Malan had at last been brought to realise that Krugerism could not be allied to Hertzogism without sacrificing its essential tenets."[133]

---

131. Die Volksblad, 31/10/1940. Sien ook Hoofartikel. Die Transvaler, 31/10/1940.

132. Ibid.

133. M. Roberts., A.E.G. Trollip., The South African Opposition. p.49

Die stigtingskongres van die Vrystaatse Herenigde Nasionale Party of Volksparty het op 5 en 6 November 1940 in Bloemfontein plaasgevind. In sy openingsrede het genl. Hertzog verwys na wyle dr. N.J. van der Merwe se verklaring tydens die republikeinse volksbetoging toe hy beweer het dat genl. Hertzog vir genl. Smuts sou steun as laasgenoemde 'n Engelse republiek in Suid-Afrika, met Suid en Noord Rhodesië ingelyf, sou uitroep om daardeur die Afrikaner se begeerte na 'n republiek te verydel. Hierdie gedagte is verder versprei deur die ontdekking van die sogenaamde Vrymesselaarsbriewe waarin voorgegee word dat genl. Hertzog en mnr. N.C. Havenga die totstandkoming van 'n Engelse republiek sou steun. Hierop het genl. Hertzog gesê: "Ek is dit aan myself, aan die party en die Afrikanerdom verskuldig om te sê dat die verklaring 'n infame leuen is. Dit is die gemeenste leuen wat nog ooit vertel is. Nóg mnr. Havenga, nóg ek het ooit gedroom van so 'n walglike en gemene daad. Hoe kan u verwag dat ek moet saamwerk met mense wat sulke verhale versprei?" Voortgaande het hy verklaar: "Tensy hierdie soort ondermyning ophou, sal die Afrikanerdom nog baie jare in die woestyn moet deurbring .....By hierdie kongres sal bewys gelewer moet word van die mate waarin ek nog die steun van die Afrikanerdom geniet. Ek gee u die versekering dat ek geen minuut later sal bly van 'n Afrikanerdom wat geen vertroue in my het nie."[134]

Dr. Malan wat na genl. Hertzog die woord gevoer het, het opgemerk

---

134. Die Vaderland, 6/11/1940. Die Transvaler, 6/11/1940. Die Volksblad, 6/11/1940.

dat indien die Afrikanerdom in hierdie tyd nie in staat is om sy kragte in 'n eenheid saam te snoer nie, daar vir hom in die toekoms geen hoop is nie. Hy het onder andere die versekering gegee dat daar geen beginselverskille tussen die twee groepe bestaan nie, maar dat slegs persoonlike kwessies nou nog die hereniging van die Afrikanervolk kan verongeluk. "As ons verskil is dit dan bloot oor persoonlike geskille en laat ons dan groter wees as die eie ek, persoonlike griewe vergeet en die oog vestig op net een doelwit, naamlik die Afrikanervolk."[135]

Adv. C.R. Swart, waarnemende leier van die Vrystaatse Nasionaliste, het in sy toespraak alle Afrikaners wat die Nasionale Party sedert samesmelting verlaat het, terugverwelkom.[136] Baie duidelik het hy dit gestel dat indien die herenigingspoging wil slaag, moet daar regstreeks aksie wees, gegrond op 'n duidelike en ondubbelsinnige uiteensetting van die doelwitte wat nagestreef word: "Aksie, en nie 'n gepraat en 'n slaafse navolging van leiers nie. Ons moet wegbreek van persoonlikhede," was sy betoog. Spreker het ook ten velde getrek teen die sogenaamde "loyal Dutch" en diegene wat hulle volk vir "silwerlinge" verkoop. Wat die Engelssprekendes betref, het hy gesê, sal hulle in die komende republiek dieselfde behandeling ten opsigte van regte van taal en die beskerming van hul kultuur geniet, as wat hulle die Afrikaners in Rhodesië gun. "Daar begin ontstaan 'n sterke drang dat ons hier in die Republiek van

---

135. Ibid.

136. Adv. C.R. Swart het die leier van die Vrystaatse Nasionale Party geword, na die skielike dood van dr. N.J. van der Merwe, op 11 Augustus 1940.

Suid-Afrika moet hê: net een volk, een taal, een vlag, een volkslied, een onverdeelde trou."[137] Laasgenoemde verklaring van adv. Swart het duidelik impliseer dat 'n botsing met genl. Hertzog onvermydelik was.

Toe die kongres sy verrigtinge op 6 November hervat het, het genl. Hertzog voorgestel dat 'n voorsitter vir die kongres gekies word. Sen. W.J.C. Brebner en sen. M.J. Vermeulen, onderskeidelik voorsitters van die Hoofbestuur van die Hertzoggroep en die Nasionale Party, is voorgestel. Sen. Vermeulen is hierna met 'n groot meerderheid tot voorsitter gekies. Dit het genl. Hertzog se misnoeë onmiddellik gewek toe sy lewenslange vriend, Jack Brebner, nie tot voorsitter gekies is nie.[138] Genl. Hertzog het die volgende voorstel ingedien: "Dat die ontwerpprogram van beginsels, soos deur genl. Hertzog opgestel en aan die afgevaardigdes uitgestuur is, as basis van bespreking aangeneem sal word, en dat dit artikelwyse behandel word."[139] Ter verduideliking van sy voorstel het Hertzog gesê dat die oorspronklike idee 'n eenheidsparty was, maar dat sedert die moeilikheid in Kaapland in verband met die Beyers-legaat en veral sedert sy samesprekings met dr. Malan op 15 April, die posisie heeltemal verander het en daarom lê hy sy eie program vir die Vrystaat voor. Adv. C.R. Swart het daarna die volgende voorstel namens die Nasionale Party ingedien: "Dat die konsep-program van beginsels, soos opgestel deur die Federale

---

137. Die Volksblad, 6/11/1940.
138. C.M. van den Heever., Generaal J.B.M. Hertzog. p.723.
139. F.D. du Toit., Amptelike Verklaring oor Gebeurde op Bloemfonteinse Kongres. p.2.

Raad, voorgelê en aanbeveel word aan die kongres vir behandeling."[140] Weer eens het genl. Hertzog die kongres gevra om sy konsep-program te bespreek, en desnoods te wysig. Deur dit te doen, kon die vertroue in sy leierskap duidelik getoets word.[141] Mnr. N.C. Havenga het hom gesteun en verklaar dat dit hier gaan om 'n kwessie van vertroue. Indien genl. Hertzog se ontwerp-program nie as basis van bespreking aanvaar word nie, sal dit as 'n mosie van wantroue beskou word.[142] Van alle kante is nou om 'n oplossing gesoek. Verskeie voorstelle is ingedien en daar was selfs 'n voorstel van mnr. J.G. van der Merwe dat albei ontwerp-programme as grondslag vir bespreking aan die kongres voorgelê word. Genl. Hertzog het hom egter teen so 'n prosedure verset.[143] Alle pogings om die kloof te oorbrug, was vrugteloos en die kongres het besluit om tussen die voorstelle van genl. Hertzog en adv. Swart te stem. Die voorstel van adv. Swart dat die Federale Raad se program as grondslag vir die bespreking dien, is met 'n groot meerderheid aanvaar.[144] Daarna is die ontwerp-program van die Federale Raad vir bespreking oopgestel.
Genl. Hertzog het onmiddellik beswaar gemaak dat daar in die Federale Raad se program geen voorsiening vir die gelykberegtiging van Engels- en Afrikaanssprekendes gemaak is nie soos byvoorbeeld

---

140. Ibid.
141. C.M. van den Heever., Generaal J.B.M. Hertzog. p.723.
142. Die Transvaler, 7/11/1940.
143. Ibid. Sien ook F.D. du Toit., Amptelike Verklaring. p.3.
144. Die Transvaler, 7/11/1940. Die Vaderland, 7/11/1940.

in artikel twee van sy program nie: "Die Party .... stel ten doel die ontwikkeling van 'n kragtige gevoel van Suid-Afrikaanse volkseenheid gegrondves op die gelyke regte van die Afrikaans-sprekende en Engelssprekende dele van die bevolking, gepaard met die erkenning en waardering van elk ander se kulturele erfreg."[145] Adv. Swart het ten antwoord verwys na artikel drie van die ontwerp van die Federale Raad wat soos volg lui: "Die Party .... beoog die aankweking van 'n kragtige besef van nasionale selfstandigheid en onafhanklikheid sowel as die bevordering van 'n sterk gevoel van nasionale eenheid, gegrond op 'n gemeenskaplike en onverdeelde toewyding aan Suid-Afrika en sy belange en op die erkenning van die gelyke taal- en kulturele regte van albei seksies van die Blanke bevolking."[146]

Genl. Hertzog het hierop geantwoord dat hy net na die oorlogskrisis sy eise vir samewerking met die Nasionale Party gestel en verklaar het dat hy geen deel wil hê aan 'n politieke party wat nie absolute gelykheid aan Engels- en Afrikaanssprekendes waarborg nie. Nou word daar egter voorgestel dat slegs die taal- en kultuurregte van die Engelssprekendes gewaarborg word, terwyl gelykberegtiging op politieke- en statusgebied heeltemal geignoreer word. Gelyke taal- en kulturele regte, het hy gesê, is maar nog 'n klein onderdeel van volkome gelykberegtiging van die Afrikaans- en Engelssprekende dele van die bevolking.[147] Voortgaande het genl. Hertzog verklaar: "Dit is vir my baie duidelik dat ons hier

---

145. Die Burger, 21/10/1940. Genl. Hertzog se Program van Beginsels. Die Transvaler, 7/11/1940.
146. Die Burger, 28/10/1940. Ontwerp-Program van Beginsels van die Federale Raad. Die Transvaler, 7/11/1940.
147. Die Vaderland, 7/11/1940. Die Transvaler, 7/11/1940.

staan by 'n gemis aan daardie vertroue wat nodig is om sukses van die Party te maak ..... U kan nie verwag dat ek my met so 'n Party moet assosieer nie ..... Daar is geen sukses te behaal as almal wat Engels praat, uitgesluit moet word van die regte wat hulle vandag met die Afrikaanssprekende deel nie. Kan ons hoop om op so 'n basis die medewerking te kry ... van die Engelssprekendes. Daardie rigting voer na die woestyn en bedreig die Afrikanerdom." Hierna het genl. Hertzog te kenne gegee dat hy die kongres gaan verlaat. "Ek lê nou neer my leierskap van die Vrystaat en daarmee ook my lidmaatskap van die Party in die Vrystaat."[148] Roerende oomblikke het hierna aangebreek toe genl. Hertzog, gevolg deur mnr. N.C. Havenga, sen. S. van Rensburg, sen. C.J. van R. Smit en genl. E.A. Conroy en ander die kongres verlaat het. Daarmee was die hoop waarop die Afrikanervolk vyftien maande lank geteer het, meteens verydel. Die Vaderland het die gebeure in 'n berig soos volg opgesom: "Genl. Hertzog se houding was beslis dat 'n leier vertroue moet geniet en daardie vertroue wil hy toets. Hy het die kwessie van die basis vir bespreking dus 'n vertrouesaak gemaak. Toe sy konsep verwerp word, het hy die verderflikheid van die Federale Raad se basis aan die kaak gestel met 'n enkele verwysing na hulle verontregting van Engelssprekendes, gewaarsku dat daardie weg na minstens 25 jaar in die woestyn lei en die Kongres verlaat met aflegging van alle verbintenisse daarmee."[149] 'n Groot getal van genl. Hertzog se volgelinge het egter

148. Ibid.
149. Aangehaal in M.P.A. Malan., Die Nasionale Party van Suid-Afrika. p.200.

geweier om die kongres te verlaat. Almal het hul gehegtheid aan genl. Hertzog te kenne gegee, maar rondborstig verklaar dat hulle nie kans sien om terwille van "prosedure" of persoonlikhede te skeur nie. Hieroor het adv. C.R. Swart opgemerk: "Ek voel trane van blydskap oor die volgelinge van genl. Hertzog wat hier op die verhoog by ons agtergebly het en wat voel dat ons nie durf skei oor persoonlikhede en die regte van die Engelssprekendes nie."[150]

By die hervatting van sy werksaamhede het die Kongres die ontwerp-program van beginsels van die Federale Raad eenparig goedgekeur. Adv. C.R. Swart is ook eenparig tot leier van die Herenigde Nasionale Party in die Vrystaat gekies en mnr. J.C. Buys tot onder-leier. Voor die afsluiting van die kongres, is die volgende voorstel sonder teenstem aangeneem: "Hierdie kongres betuig sy innige dank aan genl. Hertzog vir wat hy as leier in die verlede vir die Afrikanerdom gedoen het."[151] Genl. Hertzog en sy ondersteuners het nadat hulle die kongres verlaat het, in die Oranje-koffiehuis vergader. Hier het genl. Hertzog te kenne gegee dat hulle nie onmiddellik 'n nuwe party gaan stig nie, maar die ontwikkelinge sal afwag om te sien waartoe dit lei. Verder het hy onder meer bekend gemaak dat sedert die oorlogsverklaring 'n skinderveldtog van intrige en ondermyning teen hom op tou gesit is. Dit was volgens genl. Hertzog nie teen hom alleen gemik nie, maar in 'n groot mate ook teen dr. Malan. Hierdie agitasieveld

---

150. Ibid.

151. F.D. du Toit., Amptelike verklaring .... p.3.

kon volgens Hertzog, met vier belangrike persone binne die Nasionale Party verbind word en adv. C.R. Swart was een van hulle. "Vanaf 1933 wou hierdie man niks met nasionale samewerking te doen gehad het nie. Hy was een van die vier persone wat in 1933, na die politieke vrede, verklaar het dat, afgesien van wat ook al in belang van volkseenheid gedoen word, hulle opsy gaan staan. .... Sedertdien het adv. Swart nog altyd die pad van verdeeldheid bewandel tot hede."[152] Adv. Swart, het genl. Hertzog verklaar, was meer as enigiemand anders verantwoordelik vir die houding wat die kongres aangeneem het en die toestand wat daar ontstaan het.[153] Verder het hy meegedeel dat adv. Swart hom voor die begin van die kongres versoek het om nie in sy openingstoespraak na die republikeinse betoging van Julie 1940 te verwys nie. Ongeag hierdie versoek het genl. Hertzog aan adv. Swart meegedeel dat hy wel daarna sal verwys om sy saak reg te stel en 'n verskoning te eis vir die afskuwelike leuen wat by dié betoging versprei is.[154]

Genl. Hertzog se verwysing na "skinderstories, intriges en ondermyning" het ongetwyfeld betrekking gehad op die sogenaamde Vrymesselaarsbriewe.[155] Op 'n daaropvolgende vergadering op Rouxville wat genl. Hertzog toegespreek het, het hy gesê dat adv. C. R. Swart die gerug in verband met twee briewe wat in 'n Vrymes-

---

152. Die Vaderland, 7/11/1940.
153. Ibid.
154. Ibid.
155. Sien voetnote 134.

selaarslosie sou gevind gewees het, na Transvaal versprei het. Die gerug het as doel gehad dat genl. Hertzog en mnr. Havenga as verraaiers van die republikeinse ideaal van die Afrikanerdom aangemerk moes staan.[156] Adv. Swart het dié bewerings van genl. Hertzog in 'n persverklaring ten sterkste ontken. Volgens adv. Swart het hy in 'n persoonlike onderhoud met genl. Hertzog, nog vóór die Vrystaatse kongres, 'n laaste poging aangewend om die persoonlike geskille wat daar tussen hom en Hertzog bestaan het, uit die weg te ruim. In die onderhoud het hy dit baie duidelik aan genl. Hertzog gestel dat dit onwaar is dat die storie van die Vrymesselaarsbriewe by hom ontstaan het en dat hy enigsins iets met die verspreiding van die gerug te doen gehad het. Volgens adv. Swart se verklaring was genl. Hertzog nie bereid om sy verduidelikings en uiteensettings te aanvaar nie en die onderhoud is op 'n uiters onaangename wyse afgesluit.[157]

Die geval van die Vrymesselaarsbriewe lewer uiteraard besondere probleme vir die geskiedskrywer en dit is te betwyfel of daar tot die volle waarheid gekom kan word.

Na genl. Hertzog se bedanking uit die Herenigde Nasionale Party of Volksparty het spanninge so opgelaai dat 'n krisiskomitee deur die Parlementêre koukus aangestel is om die aangeleentheid van die briewe sowel as Hertzog se breuk met die Nasionaliste te

---

156. Die Transvaler, 11/11/1940.

157. Die Volksblad, 11/11/1940. Die Transvaler, 12/11/1940. Die Burger, 12/11/1940.

ondersoek.[158] Genl. Hertzog is in die eerste instansie uitgenooi om in die voorgestelde kommissie van vyf sy eie persoonlike verteenwoordigers te benoem. Die Generaal het egter geweier.[159] Die kommissie het bestaan uit prof. J.C. van Rooy, voorsitter, adv. O. Pirow, mnr. J.C. de Wet wat genl. Hertzog verteenwoordig het en mnr. P.O. Sauer en mnr. J.J. Serfontein wat deur die Vrystaatse hoofbestuur van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty benoem is.[160] Die kommissie het op 31 Maart 1942 sy verslag in die pers bekend gemaak.

Na 'n grondige en onpartydige ondersoek het die kommissie tot die gevolgtrekking gekom: "....dat die Vrymesselaarsbriewestories, nie soos in toesprake en in koerantartikels reeds herhaaldelik beweer is, beskou mag word as die primêre oorsaak van die breuk op die Herenigde Nasionale Party of Volksparty-kongres in die Vrystaat nie. As sodanige bewering wel gemaak word, dan is dit 'n eensydige en verwronge voorstelling van die saak."[161] Die kommissie het dit egter bevestig dat bogenoemde aangeleentheid 'n groot mate van misverstand en verwarring, en in sekere gevalle agterdog en verdenking, laat ontstaan het. Dit het gevolglik 'n atmosfeer geskep wat die wedersydse vertroue wat onmisbaar vir die totstandkoming van gesonde hereniging was, ernstig belemmer

---

158. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party...p.202. D.F. Malan., Afrikanervolkseenheid....p.200. M. Roberts., A.E.G. Trollip., The South African Opposition. pp.201-205. Die Transvaler, 2/12/1940.

159. D.F. Malan., Afrikanervolkseenheid ...p.200. Sien ook N.L. van der Walt., Hoe Hereniging Getorpedeer en Genl. Hertzog uitgeskinder is; Onthulling omtrent Leuenagtige Vrymesselaarsbriewe. Pamflet. pp.1-4.

160. Die Transvaler, 31/3/1942. Die Burger, 31/3/1942.

161. Ibid.

het. Dit het die poging tot hereniging skadelik beïnvloed.[162]

Die kommissie se bevinding op die vraag of genl. Hertzog voldoende rede gehad het om die betrokke Vrystaatse leiers, naamlik dr. N.J. van der Merwe en adv. C.R. Swart, as medepligtig aan die verspreiding van die storie kon beskou, was: "..... dat hy nie anders kan nie as om beslis ontkennend te antwoord."[163]

In verband met die redes vir die skeuring op die Vrystaatse kongres, het die kommissie soos volg gerapporteer: "Die Kommissie kan nie anders as om op grond van die sameloop van omstandighede soos gestaaf deur die voorgelegde getuienis, waarvan die grootste gedeelte dokumentêr is, tot die gevolgtrekking te kom nie dat dit van die begin af die bedoeling was om die nuwe party op 'n federale basis saam te stel en dat die besprekings van 15 April 1940 geensins die bestaande posisie kon verander het nie. Gestel dat daar op genoemde datum wel sou besluit geword het tot 'n verandering in die bestaande posisie, dan sou sowel genl. Hertzog as dr. Malan, saam met die ander persone wat aan die samesprekings deelgeneem het, hulle skuldig gemaak het aan verontagsaming van die kongresbesluite, wat toe reeds geval het en waaraan hulle almal op 15 April reeds gebonde was."[164]

Die kommissie het verder in sy verslag bevestig dat die kongresbesluite 'n bekragtiging was van die "Parlementêre Ooreenkoms"

---

162. Ibid.

163. M.P.A. Malan., Die Nasionale Party ... p.202.

164. Ibid., pp. 202-203. Sien ook D.F. Malan., Afrikanervolkseenheid... p.206. Dr. Malan se skriftelike getuienis aan prof. J.C. van Rooy, 17 Desember 1940.

"So ook was volgens bevinding van die kommissie die hoofbestuur van die Nasionale Party van die Oranje-Vrystaat tot en met 5 en 6 November 1940 by geleentheid van die stigtingskongres gebonde aan die bepalings van dieselfde ooreenkoms, as mede aan die besluite van sy eie kongres."[165] Volgens die kommissie se verslag is as redes vir die breuk tussen genl. Hertzog en die Kongres, die volgende aangegee: (a) die misverstand wat by genl. Hertzog bestaan het insake die vorm wat die nuwe party moes aanneem en (b) 'n gevoel wat by hom ontstaan het dat die aanvaarding van die program van beginsels van die Federale Raad kon vertolk word as gebrek aan vertroue in sy persoon.[166] Dit was dan ook die algemene oortuiging van die Nasionaliste dat genl. Hertzog bedank het omdat die kongres die Federale Raad se program van beginsels aanvaar het, terwyl hy daarop aangedring het dat die kongres die program van beginsels deur homself opgestel, vir dié doel moes aanvaar het.[167]

Die stigtingskongresse van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty in die ander provinsies, het na die teleurstellende gebeure in die Vrystaat glad verloop. Die kongres van die Herenigde Nasionale Party in Transvaal het die Federale Raad se program van beginsels onveranderd en eenparig aanvaar.[168] Adv. J.G. Strijdom en genl. J.C.G. Kemp is tot leiers van die Party verkies. Van

---

165. Ibid., p.203.
166. Ibid.
167. Die Volksblad, 7/11/1940. 9/11/1940. 11/11/1940. 13/11/1940. 19/11/1940. Hoofartikels. Die Transvaler, 18/12/1940. Adv. Strijdom se verklaring waarom genl. Hertzog bedank het.
168. Die Transvaler, 4/12/1940. Die Volksblad, 4/12/1940. Die Burger, 4/12/1940.

besondere belang was die voorstel van genl. J.C.G. Kemp en die kongresbesluit dat die Republiek deur 'n meerderheidsbesluit van Parlement tot stand gebring sal word en dat Jode nie lede van die Party in Transvaal sal word nie.[169] Hiermee is die stigting van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty, wat in wese dieselfde as die voormalige "Gesuiwerde" Nasionale Party was, finaal afgehandel.

Die politieke verdeeldheid onder die Afrikaners wat hulle teen die oorlog verset het, het 'n voldonge feit geword toe genl. Hertzog en mnr. N.C. Havenga besluit het om onderskeidelik as Volksraadslede vir Smithfield en Fauresmith te bedank. In 'n brief aan die pers skryf hulle dat hulle tot hierdie stap gedwing is weens die gebrek aan vertroue wat die Vrystaatse kongres van die Party aan die dag gelê het en wat ook "so duidelik tot uiting gekom het op die Transvaalse kongres van die Party." Hulle verklaar verder dat die besluite wat op altwee genoemde kongresse geneem is, "die bewys gelewer het dat die Party op 'n koers is wat, volgens ons sienswyse, noodwendig moet lei tot die ondergang van die Afrikanerdom ... Die orige van ons lede sal ons nog steeds getrou vind in diens van ons volk, dog buite alle party-verbindinge."[170] Die Transvaler het soos volg hieroor geskryf: "Genl. Hertzog het die Afrikanerdom 'n groot diens bewys deur juis op hierdie oomblik terug te tree uit die aktiewe politieke lewe. Laat dit ruiterlik deur

---

169. Die Burger, 5/12/1940. Die Transvaler, 5/12/1940. Verslag van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty Kongres van Transvaal, 9 Desember 1940. Aangehaal in Nasionale Party van Transvaal-versameling. P.V.2

170. Die Vaderland, 12/12/1940. Die Volksblad, 13/12/1940. Die Transvaler, 13/12/1940. Die Burger, 13/12/1940.

vriend en teenstander erken word. Die volk wil, en sal, nie uitmekaar gaan nie, maar die innige vasgroei aanmekaar kon lank belemmer gewees het deur gereelde geskille om die persoon van 'n vername leier. Nou verval ook dié gevaar."[171]

Dr. D.F. Malan het die volgende telegram aan genl. Hertzog gestuur: "Betreur baie diep u bedanking onder pynlike omstandighede. Ten spyte van alles sal Afrikanerdom u bly eer en u getroue selfopofferende diens van baie jare in blywende en dankbare herinnering hou."[172]

Hereniging het misluk omdat dit nie van die begin af op die grondslag van gesonde beginsels en wedersydse vertroue berus het nie, "And so the idea, always present in the minds of many Afrikaners since the dark day of Fusion, that sometime the two halves of the old Nationalist Party might come together again, was demonstrated to be an illusion."[173] Skeuring in ele geledere, teleurstelling en wrede ontnugtering het dwarsdeur die land getrek, soos ses jaar van te vore toe die samesmeltingsbeweging die Afrikanervolk in twee geskeur het. Nieteenstaande die groot teleurstelling dat die poging om alle Afrikaners in een politieke party te herenig, misluk het, het die Herenigde Nasionale Party of Volksparty op die weg na eenwording voortgegaan, want hulle het geglo dat die breuk tussen die Afrikaners wat in alle opsigte bymekaar gehoort het, nie onherstelbaar was nie.

---

171. Die Transvaler, 13/12/1940. Hoofartikel.

172. Die Burger, 14/12/1940. Die Transvaler, 14/12/1940.

173. M. Roberts., A.E.G. Trollip., The South African Opposition. p.61.

SLOT

Die onversoenbaarheid van Hertzogisme en Malanisme het in 1934 'n noodlottige skeuring in die politieke geledere van die Afrikaner gebring. Vir genl. J.B.M. Hertzog was dit in hierdie stadium duidelik dat hy nie aan bewind kan bly sonder die steun van die Engelstalige bevolkingsgroep nie. Dit was vir hom ewe duidelik dat dit in belang van die Afrikanerdom is dat hy aan bewind moet bly liewer as om genl. J.C. Smuts 'n tweede geleentheid te gee om sy beleid van 'n holistiese "Empaaier" uit te werk. Samesmelting was egter vir genl. Hertzog nie bloot 'n gerieflike metode om sy eie premierskap te verleng nie. Hy was oortuig daarvan dat die tyd ryp was vir die vereniging van die Afrikaans- en Engelssprekende "Afrikaners". So 'n vereniging moes berus op 'n beleid van volkome gelykberegtiging van die twee bevolkingsgroepe op staatkundige en kulturele gebied. Hy het in die tweede plek geglo dat sy verkryging van die soewereine onafhanklikheid van Suid-Afrika deur die Statuut van Westminister en die Statuswette, die republikeinse strewe van die Afrikaner oorbodig gemaak het. Bowendien kon die Afrikaner se republikeinse ideaal nie verwesenlik word sonder die medewerking van die Engelssprekende bevolkingsgroep nie. Enige poging om 'n republiek in Suid-Afrika tot stand te bring, teen die wil van die meerderheid, sou alleen rampspoedige gevolge vir die Unie kon meebring. Om hierdie rede het genl. Hertzog dit in belang van Suid-Afrika geag om binne die Britse Gemenebes van Nasies te bly. Daarom word dan ook in

die Program van Beginsels van die Verenigde Party bepaal dat die bestaande verhouding van die Unie tot die Britse Gemenebes van Nasies gehandhaaf sal word.

Hierteenoor het dr. D.F. Malan en sy "Gesuiwerde" Nasionaliste van die standpunt uitgegaan dat om on-nasionale elemente en persone wat teenstrydige politieke beginsels daarop nagehou het, in een party te verenig, slegs die Afrikanervolk se nasionale aspirasies sou verswelg en sy eie en besondere identiteit sou skaad. Daarom het hulle in die eerste instansie nie geglo aan samewerking tussen genl. Hertzog en genl. Smuts nie. Dr. Malan het trouens herhaaldelik gesê dat hy genl. Smuts vanweë sy Brits-Imperialistiese uitkyk nooit vertrou nie en onder geen omstandighede met hom in een party sou saamwerk nie. Dit is herhaaldelik deur die Nasionaliste bevestig dat Hertzog deur Smuts uitoorlê sal word. Die verloop van sake in 1939 het Malan in hierdie opsig tot 'n groot mate gelyk gegee. In die tweede plek het hulle nie aan samewerking tussen Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes geglo nie, omdat die Verenigde Party nie die meerderheid van die Afrikaanssprekende Afrikanerdom ingesluit het nie.

Die "Gesuiwerdes" was daarenteen ook deurgaans republikeinsgesind en hulle het geglo dat die vryheid van Suid-Afrika slegs te vind is in 'n "Republiek afgeskei van die Britse Ryk en Kroon" en die verwydering van alle konstitusionele bande met Engeland wat die weg na Republiekwording belemmer. Daarom het die "Gesuiwerdes" 'n beleid van HERENIGING gepropageer, met ander woorde, bring bymekaar diegene wat deur innerlike oortuig-

ing bymekaar hoort. Aan die beleid van die "Gesuiwerde" Nasionale Party in Opposisie gedurende 1934 tot 1940, is dan ook koers en inhoud gegee deur die republikeinse strewe en die ideaal om die Afrikaner weer te herenig.

Die kragtige oplewing van die republikeinse strewe as verset teen die handhawing van die sogenaamde Britse konneksie is dan ook die deurslaggewende faktor wat die politieke verdeling sedert 1934 gekenmerk het. Die republikeinse strewe het op sy beurt daadwerklik meegewerk tot die oplewing van Afrikanernasionalisme wat in die Eeufeesjaar 'n hoogtepunt bereik het en wat die bewuswording van die fundamentele eenheid van harte by alle Afrikaanssprekendes laat posvat het. Hieruit is gebore die eerste poging tot hereniging van die Afrikanerdom, maar genl. Hertzog het hierdie eenheidspoging van sy seun, dr. Albert Hertzog, van die hand gewys omrede die vorming van 'n suiwer Afrikanerblok regstreeks ingedruis het met die beleid van Hertzogisme wat volkome gelykberegtiging van die twee blanke groepe altyd vooropgestel het.

Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 het die langverwagte ideaal van Afrikanereenheid veel nader aan volvoering gebring as ooit te vore.

Die oorgrote meerderheid van genl. Hertzog se volgelinge was nou egter by die Herenigde Nasionale Party of Volksparty, met dr. Malan as die hoofleier. Alhoewel Nasionaliste daarop geroem het dat die Afrikanervolk in 'n groot mate herenig was, was dit nie hereniging in die ware sin van die woord nie. Hereniging het eventueel in 'n partystryd ontaard. 'n Stryd waarin die volgelinge

van genl. Hertzog die onderspit gedelf het. Hulle was voor die bittere keuse gestel, óf om saam met genl. Hertzog weg te breek óf om hulle by die meerderheid wat van Hereniging oorgebly het, te skaar.

Die mislukking van Hereniging en die herhaalde krisisse binne die herenigde geledere was grotendeels te wyte aan onsekere leiding en die gebrek aan basiese beginsels. In hierdie verband het die Nasionaliste veel daartoe bygedra om na die oorlogsverklaring aan te neem dat genl. Hertzog ingesien het dat hy 'n misstap begaan het toe hy met genl. Smuts in 1934 saamgesmelt het. Gevolglik het talle van hulle geredeneer dat die verskille wat die Afrikanervolk sedert 1934 verdeel het, na die krisis van September 1939 iets van die verlede was. Dat dit nie die geval was nie, het spoedig daarna geblyk. Die onderhandelinge wat hierna gevolg het, het duidelik openbaar dat genl. Hertzog nie van die beginsel wou afsien dat Afrikaans- en Engelssprekendes gelyke regte in alle opsigte binne 'n verenigde Afrikanerdom moet geniet nie. Indien daaraan nie reg sou geskied nie, kon hereniging in die ware sin van die woord nie plaasvind nie. Lynreg hierteenoor het sommige leierspersoonlikhede van die "Gesuiwerdes" die botsende standpunt ingeneem dat hereniging en konsolidering van die Afrikanerdom slegs van toepassing op die Afrikaanssprekende bevolkingsgroep sou wees. Hereniging was vir adv. J.G. Strijdom, dr. H.F. Verwoerd, adv. C.R. Swart en in besonder mate ook wyle dr. N.J. van der Merwe, 'n eksklusiewe Afrikanerideaal. M. Roberts en A.E.G. Trollip skryf soos volg hieroor: "Hereniging had failed; and it

had failed because it had never from the beginning, found a solid basis of principle .... it was not possible to found a Party merely upon community of race and language: it was not possible to collaborate when an unbridgeable gulf existed between the ultimate political ends. The differences of opinion between Strijdom on the one hand and Hertzog on the other had turned out to be hardly less than those which separated Strijdom from Smuts."[1]

Die anti-oorlogse Afrikaners se eenheidsfront het nou in 'n aantal bewegings verval wat almal basies met dieselfde ywer besiel was, maar wat onderling nie geredelik kon saamwerk nie. Dit het ingesluit, die Herenigde Nasionale Party of Volksparty, die Hertzog-groep, die Afrikaner Party en die Ossewa Brandwag. Op die skouers van dr. D.F. Malan, die hoofleier van 'n Party wat oorwegend die ideale van die Afrikaanssprekende bevolkingsgroep verteenwoordig het, het nou die onus berus om weer orde en dissipline in die politieke en semi-politieke wêreld van die Afrikanerdom te herstel. Dit alles in ag genome en vanuit 'n breër politieke oogpunt beskou, was die volk van Suid-Afrika van die dertiger en veertiger jare nog nie vir politieke eenwording bestem nie.

---

1. M. Roberts., A.E.G. Trollip., The South African Opposition. p.61.

BIBLIOGRAFIE

1. ARGIVALE BRONNE

A. Instituut vir Eietydse Geskiedenis, U.O.V.S., Bloemfontein

L. Blackwell-versameling.	P.V.3
E.G. Jansen-versameling.	P.V.94
J.D. Jerling-versameling.	P.V.158
A.H. Jonker-versameling.	P.V.42
E.H. Louw-versameling.	P.V.4
M.P.A. Malan-versameling.	P.V.34
Nasionale Party van Natal-versameling.	P.V.55
Nasionale Party van Oranje-Vrystaat-versameling.	P.V.21
Nasionale Party van Transvaal-versameling.	P.V.2
J.F.T. Naude-versameling.	P.V.23
H.J. Otto-versameling.	P.V.156
D.J. Potgieter-versameling.	P.V.107
W.P. Steenkamp-versameling.	P.V.60
C.R. Swart-versameling.	P.V.18
D.P. van der Merwe-versameling.	P.V.5
M.C.G.J. van Rensburg-versameling.	P.V.23
A.J.R. van Rhyn. Persoonlike herinneringe van dr. A.J.R. van Rhyn. Getikte kopie van bandopname.	
Volksblad-versameling.	P.V.22
L.T. Weichardt-versameling.	P.V.29

B. Vrystaatse Argief, Bloemfontein

N.J. van der Merwe-versameling. P.V.110

II. LETTERKUNDIGE BRONNE

A. Offisiële Staatspublikasies

Unie van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad. Deel 20-36. (1933 - 1939). (Kaapstad, Nasionale Pers).

Unie van Suid-Afrika. Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika en van Basoetoland, Betsjoeanaland Protektoraat en Swaziland. nrs. 17-20. (Pretoria, Staatsdrukkers).

Verenigde Vergadering van albei Huise van die Parlement insake Naturelle Verteenwoordigings - Wetsontwerp, 1936. Deel 2 en 3. (Kaapstad, Nasionale Pers Bpk).

B. Periodieke publikasies

(a) Koerante:

Dagbreek en Sondagnuus. Spesiale feesbylae. 1 November 1964.

Die Burger, 1933-1940 en Maart 1942.

Die Transvaler, 1937-1940 en Maart 1942.

Die Vaderland, 1934-1940.

Die Volksblad, 1933-1940.

Die Waarheid, 1938.

Natal Mercury, November 1935.

Rand Daily Mail, 1936-1940.

The Friend, 1934-1940.

The Star, 1933-1940.

(b) Tydskrifte:

Die Taalgenoot. Desember 1968.

Die Volkshandel. Maart 1940.

III. LITERATUUR

A. Gepubliseerde Werke

Abercrombie, H.R., — Afrika se Gevaar; Die Kleurling-probleem. (Kaapstad, Die Burger-boekhandel, 1938).

Adamastor., — White man Boss; Footsteps to the South African Volk Republic. (London, Victor Gollancz, 1950).

Blackwell, L., — African occasions; reminiscenes of thirty years of Bar, Bench and politics in South Africa. (London, Stuchinson, 1938).

Bond van Oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenis, — Agter Tralies en Doringdraad. (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953).

Botha, L.L.N., — Die Maatskaplike Sorg van die N.G. Kerk in Suid-Afrika, 1928-1953. (Paarl, 1956).

Broughton, M., — Press and politics of South Africa. (Cape Town, Purnell, 1961).

Bruwer, A.J., — Kapitalisme, Party-Politiek en Armoede. (Bloemfontein, Nasionale Pers Bpk, 1934).

Calpin, G.H., — There are no South Africans. (London, Thomas Nelson, 1941).

Carnegie Kommissie, — Die Armblanke vraagstuk in Suid-Afrika; verslag van die Carnegie kommissie. Volume I, II en V. (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1932).

Coetzee, A.J., — Die Opkoms van die Afrikaanse Kultuurgedagte aan die Rand, 1886-1936. (Johannesburg, Afrika Pers, 1938).

Coetzee, G., — Hans Strydom; lewensloop en beleid van Suid-Afrika se vyfde premier. (Kaapstad, Tafelberguitgewers, 1958).

Coetzee, J.A., — Nasieskap en politieke groepering in Suid-Afrika, 1652-1968. (Pretoria Transvaalse Uitgewersmaatskappy, 1969).

A. Gepubliseerde Werke .... (vervolg)

Coetzee, J.A., Oppergesag van die Unie-Parlement en die verskanste artikels. (Pretoria, Transvaalse Uitgewers-maatskappy, 1953).

Coetzee, J.H. Verarming en oorheersing. (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1942).

Coetzee, L.I., 'n Pleidooi vir die Afskaffing van die Appél na die Geheime Raad. (Pretoria, Universiteitspublikasies, 1939).

Crafford, F.S., Jan Smuts: 'n biografie. (Kaapstad, Edina Works, g.d.)

Cronje, G., Afrika sonder die Asiaat; Die blywende Oplossing van Suid-Afrika se Asiatevraagstuk. (Johannesburg, Publicité, 1946).

Cronje, G., 'n Tuiste vir die Nageslag: Die Blywende Oplossing van Suid-Afrika se Rassevraagstukke. (Johannesburg, Publicité, 1945).

Du Plessis, W., Die Goue draad; op die trekpad van 'n nasie. (Johannesburg, A.P.B., 1970).

Du Toit, P., (samesteller) Verslag van die Volkskongres oor die Armblankevraagstuk gehou te Kimberley, 2 tot 5 Oktober 1934. (Kaapstad, Nasionale Pers).

Gedenkboek: Generaal J.B.M. Hertzog; (onder) redaksie (van) P.J. Nienaber, en ander (Pretoria, S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1965).

Gedenkboek van die Ossewaens op Pad van Suid-Afrika; Eeufees : 1838 - 1938. (Uitgegee deur die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (S.A.S. en H.) (Kaapstad, Nasionale Pers, 1940).

Hancock, W.K., Smuts: The Fields of Force, 1919 - 1950. (Cambridge, University Press, 1968).

Hopkins, H.C., Maar één soos hy; die lewe van kommandant C.A. van Niekerk. (Kaapstad, Tafelberg, 1963).

A. Gepubliseerde Werke ....(vervolg)

Jonker, Abr. H., — The Scapegoat of History. (Central News Agency, 1941).

Joshi, P.S., — The Tyranny of Colour: a study of the Indian Problem in South Africa. (Durban, E.P. Commercial Printing Co., 1942).

Kemp, J.C.G., — Die Pad van die Veroweraar; 'n vervolg op, Vir Vryheid en vir Reg. 2de druk. (Kaapstad, Nasionale Pers, 1946).

Kestell, J.D., — My Nasie in Nood. (Bloemfontein, Nasionale Pers Bpk., 1941).

Kruger, D.W., — South African Parties and Policies 1910 - 1960; a select source Book. (Cape Town, Human and Rousseau, 1960).

Kruger, D.W., — The Age of the Generals; a short political history of the Union of South Africa, 1910-1961. (Johannesburg, Dagbreek, 1958).

Kruger, D.W., — The Making of a Nation; a history of the Union of South Africa, 1910-1961. (Johannesburg, Macmillan, 1969).

Malan, D.F. — Afrikaner-volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen. (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1961).

Malan, M.P.A. — Die Nasionale Party van Suid-Afrika; sy stryd en sy prestasies. 1914-1964. (Nasionale Handelsdrukkery Beperk, Elsiesrivier, 1964).

Marquard, L., — The People and Policies of South Africa. 3de druk. (London, O.U.P., 1962).

Meiring, P., — Ons Eerste Ses Premiers; 'n Persoonlike Terugblik. Kaapstad, Tafelberg Uitgewers Bpk., 1972).

Mulder, C.P., Cruywagen, W.A., — Die Eerste Skof van die Nasionale Party in Transvaal, 1914-1964. (Johannesburg, Voortrekkerpers, 1964).

A. Gepubliseerde Werke .....(vervolg)

Muller, C.F.J. — Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis. (Pretoria, Academica, 1968).

Neame, L.E., — General Hertzog, Prime Minister of the Union of South Africa since 1924. (Hurst and Blackett, Ltd., 1938).

Parlementêre Register, 1910-1961. Uitgegee deur die Volksraad. (Kaapstad, Nasionale Handelsdrukkery, 1970).

Paton, A., — South African Tragedy; the life and times of Jan Hofmeyr. (New York, Scribner, 1965).

Pienaar, S.W., — Glo in u volk; D.F. Malan as Redenaar, 1908-1954. (Kaapstad, Tafelberg Uitgewers, 1954).

Pirow, O., — James Barry Munnik Hertzog. (Cape Town, Howard Timmins, 1957).

Pistorius, P.V., — Die Trek is Verby. (Central News Agency, 1957).

Roberts, M., Trollip, A.E.G., — The South African Opposition, 1939-1945; an essay in contemporary history. (London, Longman, 1947).

Robins, E., — This man Malan. (Cape Town, S.A. Scientific Publishing Co., 1953).

Scholtz, G.D., — Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe 1888-1940. (Johannesburg, Voortrekkerpers, 1944).

Scholtz, G.D., — In Swart Suid-Afrika? (Johannesburg, Nasionale Boekhandel, 1964).

Smuts, J.C. (Jnr.) — Jan Christiaan Smuts. (London, Cassel and Co., 1952).

Tatz, C.M., — Shadow and Substance in South Africa; a study in land and franchise policies affecting Africans, 1910-1960. (Pietermaritzburg, University of Natal. 1962).

A. Gepubliseerde Werke .....(vervolg)

Van den Heever, C.M., Generaal J.B.M. Hertzog. (Johannesburg, A.P.B., 1943).

Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A., Geyer, A.L., Geskiedenis van Suid-Afrika. Tweede Uitgawe, derde druk. (Kaapstad, Nasou Beperk, g.d.).

Van Jaarsveld, F.A., Van Van Riebeeck tot Verwoerd, 1652-1966. (Johannesburg, Voortrekkerpers, 1971).

Van Jaarsveld, F.A., Scholtz, G.D., Die Republiek van Suid-Afrika: agtergrond, ontstaan en toekoms. (Johannesburg, Voortrekkerpers, 1966).

Van Rooyen, J.J., Die Nasionale Party; sy opkoms en oorwinninge - Kaapland se aandeel. (Kaapstad, Hoofraad van Kaaplandse Nasionale Party, 1956).

Van Schoor, M.C.E., Van Rooyen, J.J., Republieke en Republikeine. (Johannesburg, Nasionale Boekhandel, 1960).

Vatcher, W.H., White Laager; the rise of Afrikaner Nationalism. (London, F.A. Praeger, 1965).

Walker, E.A., A History of Southern Africa. (London, Longmans, 1965).

B. Ongepubliseerde Werke en Verhandelinge:

Botha, C.J., Die Geskiedenis van die Nasionale Party van Natal. Aangehaal in M.P.A. Malan-versameling. Lêer 6. P.V.34.

Jonck, L.M., Afrikaner-Republikanisme. (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1955).

Juta, C.J., Aspects of Afrikaner Nationalism, 1900-1964. (D. Phil. proefskrif, Universiteit van Natal, 1966).

B. Ongepubliseerde Werke en Verhandelinge ....(vervolg)

Van der Walt, N.G.S., — Die Republikeinse strewe: Dryfvere en Probleme binne die Suid-Afrikaanse Partypolitiek. (D. Phil. proefskrif, P.U. vir C.H.O. 1968).

Van Rensburg, M.C., (Basie) — Kort Oorsig van die Geskiedenis van die Vrystaatse Nasionale Party: Aangehaal in M.C.G.J. van Rensburg-versameling. Lêer 185. P.V.28

Van Wyk, A.C., — Die Geskiedenis van die Nasionale Party in Transvaal. Aangehaal in M.P.A. Malan-versameling. Lêer 6. P.V.34.

C. Pamflette en Vlugskrifte:

Cilliers, A.C., — Britse Holisme of Suid-Afrikaanse Nasionalisme. (Stellenbosch, 1938).

Cilliers, A.C., — Die Stryd om Volkseenheid. (Stellenbosch, 1941).

Cilliers, A.C., — Ex Unitate Vires. (Stellenbosch, g.d.).

Cilliers, A.C., — Generaal Hertzog en Hereniging. (Stellenbosch, 1940).

Cilliers, A.C., — Hertzogisme en die Handel. (Stellenbosch, 1941).

Cilliers, A.C., — 'n Nuwe Belofte; 'n Vyfpunt basis vir Volkseenheid. (Stellenbosch, 1941).

Cilliers, A.C., — Voete van Klei. (Stellenbosch, 1940).

Cilliers, A.C., — Volkseenheid. (Stellenbosch, 1940).

Cilliers, A.C., — Quo Vadis. (Stellenbosch, 1939).

De Villiers, W.B., — Die Kleurlinge in die Politiek. (Kaapstad, g.d.).

C. Pamflette en Vlugskrifte ....(vervolg)

Diederichs, N., Die Reddingsdaadfonds; sy doel, vordering en werksaamhede tot op 30 September 1942.
Uitgegee deur die Ekonomiese Instituut van die F.A.K. (g.d.).

Diederichs, N., Die Reddingsdaadstrewe. (1940).

Die Groot Beslissing; Die Afrikanerdom en die Kleurvraagstuk. Dr. D.F. Malan se Rede op die N.P. Uniale Kongres te Bloemfontein op 8 November 1938.
Uitgegee deur die Federale Raad van Nasionale Party. (Johannesburg, 1938).

Die Jodevraagstuk in Suid-Afrika - Toespraak gelewer deur Eric H. Louw, L.V. in die Volksraad op 24 Februarie 1939. (Kaapstad, 1939).

Die Nasionale Koalisie - Regering 1939 - 1942; sy werk vir oorlog en vrede.
Uitgegee deur die Algemene Sekretaris van die Verenigde Party. (Pretoria, g.d.).

Die Nasionale Party se Verkiesingsmanifes; Algemene Verkiesing 1938. Uitgegee deur die Federale Raad van die Nasionale Party. (Kaapstad 1938).

Die Nasionale Party en Joodse Immigrasie.
Uitgegee deur die Hoofkantoor van die Nasionale Party. (Kaapstad 1937).

Die Nasionale Party en Neutraliteit: die Simonstadooreenkoms.
Uitgegee deur die Hoofkantoor van die Nasionale Party. (Kaapstad, 1937).

Die Nasionale Party van die O.V.S. Verslag van die een en twintigste jaarlikse kongres, gehou op 29 en 30 Oktober 1935. (Bloemfontein, 1935).

Die Nasionale Party van die O.V.S. Verslag van die twee en twintigste jaarlikse kongres, gehou op 11 en 12 November 1936. (Bloemfontein, 1936).

Die Ossewabrandwag - Konstitusie. (Bloemfontein, g.d.).

Die O.B. Vanwaar en Waarheen. Skrywer anoniem. (g.p. en g.d.).

Die Wrange Vrug van Koalisie en Samesmelting, 1933-1935.
Uitgegee deur die Hoofkantoor van die Nasionale Party in Kaapland. (Kaapstad g.d.).

C. Pamflette en Vlugskrifte ....(vervolg)

Du Toit, C.W.M., — Arbeidersparty se verwyte en die Kleurvraagstuk. (Johannesburg, g.d.). Herdruk uit Die Transvaler, 5 April 1938.

Du Toit, F.D., — Laat die feite praat. (Bloemfontein, 1935).

Du Toit, F.D., — Amptelike Verklaring oor Gebeurde op Bloemfonteinse Kongres. (Bloemfontein, 1940).

Du Toit, F.D., Van Rhyn, A.J.R., — Die Verenigde Party en die Kleurlinge. (Bloemfontein, g.d.).

Erasmus, F.C., — Die Nasionale Party weer een; nou mag ons nie verslap nie. (Kaapstad, 1934).

Erasmus, F.C. — Die Twee Basisse vergelyk; albei beoog volkseenheid; verskil in karakter en beleid. (Kaapstad, 1934).

Erasmus, F.C., — Die Verskil; Die Nasionale Party en Verenigde Party. (Kaapstad, g.d.).

Erasmus, F.C., — Dr. Malan se antwoord waarom Genl. Hertzog die Broederbond aanval. (Kaapstad, 1935).

Erasmus, F.C., — Staan Bymekaar; Dr. D.F. Malan oor Basis en Program van Aksie. (Kaapstad, 1934).

Fourie, A.P.J. — Die Beskuldiginge van Kontrakbreuk deur dr. Malan gemaak teen Genl. Hertzog. (Pretoria, 1934).

Generaal Hertzog se Bolmakiesie- Naturelle behou stemreg. Uitgegee deur Federale Raad van die Nasionale Party van die Unie. (Kaapstad, 1936).

Generaal Hertzog se Bolmakiesie in verband met die Volkslied. (g.p., g.d.).

Gesuiwerde Bewerings Weerlê. Uitgegee deur die Sentrale Hoofbestuur van die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party. (Kaapstad, g.d.).

C. Pamflette en Vlugskrifte ....(vervolg)

Haywood, J.J., Buitelandse Sake IV. (Bloemfontein, g.d.).

Haywood, J.J., Grondverskaffing aan Naturelle; Die twee beleide. (Bloemfontein 1938).

Haywood, J.J., Naturell esake - Segregasie-Wetsontwerp. (Bloemfontein, g.d.).

Haywood, J.J., Naturellesake II - Naturelle- Grondkoop. (Bloemfontein, g.d.).

Haywood, J.J., Verkwisting sonder end. (Bloemfontein, 1938).

Hoe Generaal Hertzog verander het - Toe en Nou. Skrywer anoniem. (g.p., g.d.).

Kotzé, C.R., Die O.B., Sy ontstaan, ontwikkeling en botsing. (g.p., g.d.).

Kriek, J.C., Die Uitbarsting teen Leraars en Opvoeders. (Bloemfontein, 1935).

Malan, D.F., Is die Ooreenkoms verbreek. (Kaapland, 1934).

Nel, M.D.C. de W., Nasionalisme bring oorwinning. (Johannesburg, g.d.).

Ons Leier wys op Gevare van genl. Smuts se studeerkamer-oorlog.
Uitgegee deur die Hoofkantoor van die H.N.P. of Volksparty van Transvaal. (Pretoria, 1940).

Program van Beginsels van die Nasionale Party van die Unie.
Uitgegee deur die Federale Raad van die Nasionale Party. (Kaapstad, 1936).

Reddingsplan vir die Boer. Uitgegee deur die Hoofkantoor van die Nasionale Party van die O.V.S. (Bloemfontein, 1935).

Swart, C.R., Oorlog of Onsydigheid. (Bloemfontein, g.d.).

Van der Merwe, N.J., Liewer roubeklag as 'n oorwinningsfees - treurige waarheid oor naturelle stemregwet. (Bloemfontein, g.d.).

Van der Merwe, N.J., Waarskuwing teen Party wat Huigel met Kafferboeties. (Bloemfontein, g.d.).

C. Pamflette en Vlugskrifte ....(vervolg)

Van der Walt, N.L., — Hoe Hereniging Getorpedeer en Genl. Hertzog uitgeskinder is; Onthullings omtrent leuenagtige Vrymesselaarsbriewe. (Johannesburg, g.d.).

Van Rhyn, A.J.R., Du Toit, F.D., — Die Gekleurde Lidmaatskap. (Bloemfontein, g.d.).

Verdere Vrugte van Samewerking.
Uitgegee deur die Sentrale Hoofbestuur van die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party. (Pretoria, 1937).

Waarom u nasionaal moet stem.
Uitgegee deur die Hoofkantoor van die Nasionale Party. (Kaapstad, 1938).

Werth, A.J., Swart, C.R., Haywood, J.J., Serfontein, J.J., — Nasionalisme in die Krisis. (Bloemfontein, 1933).

U.O.V.S.—U.O.F.S. BLOEMFONTEIN BIBLIOTEEK-LIBRARY